8

# MAATSKAPLIKEWERK-DIENSTE VAN DIE NG SENDINGKERK IN SUID-AFRIKA:

'n Evaluatiewe Studie oor die Rol van Maatskaplike Werkers in Diens van die Kerk, met Spesifieke Verwysing na die Gebruik van Gemeenskapsontwikkeling in die Bekamping van Gemeenskapsarmoede in Wes-Kaap

deur

SAMUEL GERT PICK

Proefskrif ingelewer vir die graad Ph.D

in die

Faculty of Social Science and Humanities
aan die Universiteit van Kaapstad

PROMOTOR: PROFESSOR B HELM

APRIL 1988

The University of Cape Town has been given the right to reproduce this thesis in whole or in part. Copyright is held by the author.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

University of Cape Town

NAME AND ADDRESS OF AUTHOR:

SAMUEL GERT PICK
72 OLIENHOUT AVENUE
NEW ORLEANS
PAARL
7646

TITLE AND DATE OF THESIS: APRIL 1988

Maatskaplikewerk-dienste van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika: 'n Evaluatiewe studie oor die rol van maatskaplike werkers in diens van die Kerk, met spesifieke verwysing na die gebruik van gemeenskapsontwikkeling in die bekamping van gemeenskapsarmoede in Wes-Kaap.

The Social Work Services of the NG Sendingkerk in South Africa: An Evaluative study of the role of Social Workers in the employ of the Kerk with special reference to community development in combatting poverty in the Western Cape.

OUTLINE OF THE CONTENT OF THE STUDY

The study relates the work done by social workers in the employ of the NG Sendingkerk to the community development needs of those communities that the NG Sendingkerk serves. The social workers concerned are trained by the Kerk itself. The study seek answers to the following questions:

1. What modern models of community development would be applicable to communities such as those served by the NG Sendingkerk and its social workers? What world view do such models of community development represent?

2. What are the principal features of the communities served by die NG Sendingkerk that are relevant to community development?

3. Relating (1) and (2) above, what criteria for optimum community development can be laid down for the Communities served by the NG Sendingkerk?

4. How do social workers trained by the NG Sendingkerk perceive the communities in which they work? What world view influences their perception? How does (4) relate to (2) above?

5. What is the programme of training followed by the NG Sendingkerk for its social workers? (A distinction is to be made between the intention of the training programme and the results of the training programme as perceived by the trainees).

6. If appropriate models of community development were to be applied to the communities which the NG Sendingkerk serves, to what extent does the Kerk's social work training equip its social workers with both the knowledge and the tools that these models require?

7. What proposals can be made for (1) modifying models of community development appropriate to the communities served by the NG Sendingkerk, (2) additional or different tools for the Kerk's social workers, (3) alteration of tie perceptions of the communities within their existing world view?

## METHODS USED IN THE STUDY

Where appropriate, the historical method is used, such as when tracing the development of the NG Sendingkerk's social work services and the background to the underdevelopment of the communities it serves. The survey method is followed for obtaining data about training and professional orientation of social workers at present in the employ of the kerk. Face-to-face interviews, as appropriate, have been utilized. All qualified social workers in the employ of the NG Sendingkerk in the Western Cape who are involved in actual field work have been interviewed, with a detailed interview schedule as guideline. Statistical analysis of the data thus gathered is made.

## SOURCES

Secondary sources are widely used. Field data have been gathered as described above.

---oOo---

## DANKBETUIGING

In die eerste instansie gaan my dank aan my Hemelse Vader vir Sy gawes van genade en krag om die navorsing te kon voltooi. Dit is my innige wens dat die Kerk met dié navorsing verder diensbaar sal wees teenoor die wat vasgeknel is in die greep van armoede en aanverwante maatskaplike probleme.

Verder gaan my opregte dank en waardering uit teenoor my geagte promotor, Prof Brunhilde Helm. Ek bly haar innig dankbaar om as my supervisor te kon optree, selfs toe sy na Mafikeng verhuis het. Ek dank haar vir vakkundige leiding, openhartige kritiese evaluering, vriendelike intense belangstelling en onverdrote hulpvaardigheid wat ek tydens my supervisiesessies van haar ontvang het.

Ek is ook groot dank verskuldig aan die Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste van die N G Sendingkerk in Suid-Afrika vir twee-en-'n-half maande se studieverlof, goedgunstig toegestaan ten einde my studies te voltooi.

Ek is innig dank verskuldig aan die Zending van die Gereformeerde Kerken in Nederland vir finansiële hulp verleen vir koste verbonde aan navorsing. Dit is veral deur die toedoen van my vriend en kollega, ds Anton Vos, dat dié finansiële hulp bekom is. Ek sal hom altyd dankbaar bly.

Verder wil ek my opregte waardering betuig teenoor die supervisors en maatskaplike werkers van Diakonale Dienste wat die vraelyste tydens die onderhoude vir die ondersoek voltooi het. Sonder hulle samewerking sou die ondersoek nie moontlik gewees het nie.

Ek dank mevv A Petersen en CA Stokes vir die tikwerk wat met soveel noukeurigheid gedoen is.

Aan my gesin, my dierbare eggenote Edna en dogters Liesl en Melody, is ek veel dank verskuldig vir hulle voortdurende inspirasie, onderskraging en liefde tydens die jare van studie. Dikwels moes hulle saam met my vakansies opoffer ter wille van die tyd wat aan die studie gewy is.

S G PICK
APRIL 1988

# I N H O U D S O P G A W E

## HOOFSTUK 1

Bladsy

1. Doel van Ondersoek 1
2. Omvang van Ondersoek 2
3. Metode van Ondersoek 2
4. Tydperk van Ondersoek 4
5. Omskrywing van Begrippe 4
6. Navorsingsverslag 4

AFDELING A

HOOFSTUK 2

ARMOEDE AS MAATSKAPLIKE VERSKYNSEL

1. Definisie van Armoede 6
2. Meting van Armoede 14
3. Enkele Perspektiewe oor Armoede 17
4. Begeleidende Verskynsels tot Armoede 23
5. Armoede in die Derde-wêreldlande 34
6. Samevatting 44

HOOFSTUK 3

DIE KLEURLINGBEVOLKING IN SUID-AFRIKA

1. Etniese Samestelling van die Kleurlingbevolking 55
2. Die Ontwikkeling van die Kleurlingbevolking Tussen 1652 en 1910 64
3. Die Kleurlingbevolking Tussen 1910 en 1948 70
4. Die Kleurlingbevolking nå 1948 84
5. Samevatting 98

Bladsy

## HOOFSTUK 4

## DIE GEMEENSKAPSARMOEDE BY DIE KLEURLING

Inleiding 106

1. 'n Sosiaal-ekonomiese Indeling van die Kleurling 107

2. Kenmerke van die Toestand van Kroniese Gemeenskapsarmoede 109

3. Verskillende Benaderings tot die Probleem van Kroniese Gemeenskapsarmoede by die Kleurling 119

4. Ongunstige Omstandigheidsfaktore wat moontlik bygedra het tot Gemeenskapsarmoede 122

5. Implikasies van Verskynsels wat met Gemeenskapsarmoede verband hou 137

6. Samevatting 210

## HOOFSTUK 5

## DIE WELSYNSDIENSTE VAN DIE NG SENDINGKERK

1. Historiese Ontwikkeling 224

2. Die Welsynstruktuur 245

3. Maatskaplikewerk-dienste 254

4. Opleiding van Maatskaplike Werkers 259

5. Kritiese Evaluering van die NG Sendingkerk se Welsynsdienste 267

6. Samevatting 272

## AFDELING B

## HOOFSTUK 6

## GEMEENSKAPSONTWIKKELING BINNE 'N MAATSKAPLIKEWERK-PERSPEKTIEF

1. Gemeenskapsontwikkeling as Omvattende Strategie 283

2. Die Filosofie en Beginsel waarop Gemeenskapsontwikkeling berus 285

3. Doelstellings en Gemeenskapsontwikkeling 287

4. Benaderings in Gemeenskapsontwikkeling 293

5. Gemeenskapsontwikkeling en Maatskaplike Werk 297

Bladsy

6. Gemeenskapsontwikkelingstrategie in Suid-Afrika 312

7. Die Bevolkingsontwikkelingsprogram (BOP) 320

HOOFSTUK 7

DIE ROL VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER IN GEMEENSKAPSONTWIKKELING

1. Die Gebruik van die Probleemoplossende-proses in Gemeenskapswerk ten opsigte van Gemeenskapsontwikkeling 340

2. Die Rolle van die Maatskaplike Werker binne die Gemeenskapsontwikkelingsproses 365

3. Samevatting 371

AFDELING C

HOOFSTUK 8

OPNAME VAN MAATSKAPLIKE WERKERS IN DIENS VAN DIE KERK

1. Die Ondersoek of Opname 378

2. Bevindings van die Opname 380

3. Gevolgtrekkings van die Opname 396

4. Samevatting 410

HOOFSTUK 9

GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS EN FINALE OORSIG

1. Gevolgtrekkings 412

2. Aanbevelings 416

3. Finale Oorsig 421

BIBLIOGRAFIE 424

BYLAE

---o0o---

# TABELLE

Bladsy

## HOOFSTUK 4


4.1 Gemiddelde Kontantloon aan Manlike Plaaswerkers van Verskillende Streke en Jare 130

4.2 Getalle Afgeronde Jaarlikse Gemiddelde Loonvlakke in Kontant aan Plaaswerkers 130

4.3 Jaarlikse Gemiddelde Kontantlone van Manlike Gereelde Werkers vir Verskillende Poste 1980 en 1982 131

4.4 Die PHSL en HSL vir Huishouding van Vyf Persone Gebaseer op Maart 1985 131

4.5 Buite-egtelike Geboortes onder Kleurlinge 1960 - 1980 161

4.6 Vergelyking van Buite-egtelike Geboortes onder Kleurlinge, Blankes en Asiërs vir 1980 161

4.7 Geboortes aan Tiener Moeders in Kaapse Stadsraadsgebied 1975 162

4.8 Groeitempo p.a. van Verskillende Bevolkingsgroepe 1980 164

4.9 Geboortes van Blankes, Kleurlinge, Asiërs 1981 - 1985 per 1 000 van die Bevolking 165

4.10 Misdaad in Kaapse Skiereiland in Kleurlingwoonbuurtes 1980 167

4.11 Aanranding van Ouers op Babas in Kaap Provinsie 1981/82 168

4.12 Daaglikse Gemiddelde Gevangenisbevolking (1969 - 1970) per 100, 000. 169

4.13 Sentenced and Unsentenced Prisoners Daily Averages 169

4.14 Persentasie Drankmisbruik in Verskillende Bevolkingsgroepe 1985 174

4.15 Aantal Alkoholiste Onder Verskillende Bevolkingsgroepe 1985 174

4.16 Persentasie van Suid-Afrikaanse Bevolking wat Een tot Drie Drankies per week Nuttig 174

4.17 Werkloosheidsyfer in Suid-Afrika 1984/85 191

4.18 Aantal Werkloses onder Kleurlinge in Suid-Afrika 1975 - 1985 192

4.19 Aantal Werkloses onder Kleurlinge in Suid-Afrika: 1985 per maand 192

4.20 Bevolking van Kleurlingskole in die RSA 1964 - 1980 200

4.21 Persentasie Leerlinge onder Kleurlinge wat St 4 (dws funksionele geletterdheid) en St 10 Bereik in die Verskillende Rassegroepe 1973 - 1990 201

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 4.22 | Per Capito Besteding aan Leerlinge in Rand per Jaar | 203 |
| 4.23 | Beraamde Onderwysbesteding aan Skole in Miljoen Rand | 203 |
| 4.24 | Persentasie van Staatsbesteding aan Bevolkingsgroepe | 208 |


## HOOFSTUK 5


| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Aantal Pasiënte in die Toevlug Rehabilitasie-Sentrum Opgeneem Vanaf 1978 - 1986 | 233 |
| 5.2 | Aantal Takke en Maatskaplike Werkers 1970 - 1974 | 238 |
| 5.3 | Aantal Takke in Provinsies 1982 - 1986 | 239 |
| 5.4 | Aantal Maatskaplikewerk-poste vanaf 1982 - 1986 | 255 |
| 5.5 | Aantal Poste by Inrigtings 1986 | 255 |
| 5.6 | Gevalle Behandel in 1984/85 | 256 |
| 5.7 | Aantal Gevallewerk-verslae 1984/85 | 256 |
| 5.8 | Aantal Onderhoude Gevoer 1984/85 | 257 |
| 5.9 | Klassifikasie van Gevalle Behandel 1984/85 | 257 |
| 5.10 | Aantal Vergaderings Gereël en Bygewoon 1984/85 | 257 |
| 5.11 | Aantal Groepe en Groepwerksessies Hanteer in Groepwerk 1984/85 | 258 |
| 5.12 | Gemeenskapsbehoeftes en Fasiliteite deur Takke Geïdentifiseer 1984/85 | 258 |


## HOOFSTUK 6


| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Bevolkingsgetalle in Miljoene | 321 |
| 6.2 | Optimale Bevolkingsgetalle in Verhouding tot Beskikbare Water-Hulpbronne | 322 |
| 6.3 | Hoë en Lae Projeksies vir die Suid-Afrikaanse Bevolking (in miljoene) | 323 |
| 6.4 | Besteding Onderwys: Gesondheid en Behuising in Miljoene Per Rand Per Jaar | 323 |

Bladsy

HOOFSTUK 8


| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | Geslag van Maatskaplike Wekers | 380 |
| 8.2 | Opleidingsinrigtings waar Maatskaplike Werkers Kwalifikasie verwerf is | 381 |
| 8.3 | Basiese Akademiese Kwalifikasies Wat Verwerf is | 381 |
| 8.4 | Jaar Waarin Kwalifikasie Verwerf is | 382 |
| 8.5 | Tydperk van Bekleding van Huidige Pos | 384 |
| 8.6 | Aandeel Persentasie van Tyd Bestee aan Gevallewerk | 385 |
| 8.7 | Aandeel Persentasie van Tyd aan Groepwerk Bestee | 387 |


---o0o---

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1. DOEL VAN ONDERSOEK

Gemeenskapsarmoede is een van die knellendste maatskaplike probleme waarmee Kleurlinggemeenskappe in Suid-Afrika gekonfronteer word. Talle ander probleme staan ook in noue verband met armoede. Baie probleme wat by individue en gesinne binne die bepaalde gemeenskappe voorkom, kan nie, soos buitestaanders neig om te beweer, bloot aan persoonlikheidsfaktore toegeskryf word nie.

Die swak sosio-ekonomiese omstandighede waarin 'n groot persentasie van dié bevolkingsgroep hulle bevind, is meestal buite hul beheer en gee aanleiding tot wydverspreide probleme en gedragsafwykings.

Gemeenskapsarmoede onder die Kleurlinge het nie slegs negatiewe implikasies vir persone wat self arm is nie maar raak feitlik alle sisteme waarmee hulle verbind is. Die probleme werk dus stremmend in op die maatskaplike funksionering van almal wat daarmee in aanraking kom. Ten einde dit te kan bekamp, moet aksies dus op verskeie fronte in die samelewing aangedurf word - ekonomies, polities en maatskaplik. Hierdie verhandeling bepaal hom egter hoofsaaklik tot maatskaplike optredes, te wete dié wat eie is aan die beroep maatskaplike werk. Om effektief te wees, moet die maatskaplike werk 'n benadering vind wat op verskeie terreine kan ingryp. Meer nog, alle sisteme wat deur die slagoffers van gemeenskapsarmoede geraak word, behoort by die strategie betrek te word.

Die NG Sendingkerk in Suid-Afrika is een van die oudste en grootste kerkgenootskappe in die Kleurlinggemeenskap. Die Kerk beskik oor uitgebreide welsynsdienste wat veral op armoede en sy verwante verskynsels gerig is. Dit is egter duidelik dat die huidige dienslewering van die Kerk, wat grootliks op gevallewerk toegespits is, nie daarin slaag om dié probleem suksesvol te bekamp nie. Gemeenskapsarmoede soos dit by die Kleurling voorkom, is gekompliseerd. Die NG Sendingkerk se welsynsdienste behoort dit, sover moontlik, te benader deur almal in die gemeenskap daarby te betrek.

Die doel van hierdie ondersoek is om aan te toon dat gemeenskapsontwikkeling binne 'n maatskaplikewerk-perspektief hom uitstekend leen tot die bekamping en behandeling van gemeenskapsarmoede en dat armoede en aanverwante maatskaplike probleme alleen suksesvol uitgeskakel kan word deur die samewerking en koördinering van aksiesisteme in die gemeenskap.

Die gemeenskap word gehelp om sy eie kragte te ontdek, te ontwikkel, en aan te wend en deur aktiewe deelname in die gemeenskapswerk-proses word sy maatskaplike funksionering bestendig.

Met die ondersoek is verder gepoog om aan te toon dat, indien die Kerk gemeenskapsontwikkeling as nuwe benadering en strategie in die bekamping van armoede beoog, krities gekyk moet word na (i) die opleiding en toerusting van sy maatskaplike werkers (ii) sy huidige maatskaplikewerk-dienste en (iii) sy welsynstruktuur. Dit is belangrik dat maatskaplike werkers oor die nodige kennis en vaardighede moet beskik om gemeenskapsontwikkeling te kan gebruik en dat die struktuur van die Kerk se welsynsdienste dit moontlik sal moet maak dat gemeenskappe meer verteenwoordig en betrokke by die hele aksie sal wees.

## 2. OMVANG VAN ONDERSOEK

Die ondersoek bestaan uit twee afdelings, naamlik 'n literatuurstudie of teoretiese ondersoek en 'n praktiese ondersoek wat onderneem is met maatskaplike werkers in diens van die Diakonale Dienste van die NG Sendingkerk in Wes-Kaapland.

Die literatuurstudie het hom toegespits op armoede as maatskaplike verskynsel. Daarna word die historiese ontwikkeling van die Kleurlingbevolking in Suid-Afrika, bestudeer, gevolg deur 'n studie van die aard en omvang van armoede soos dit binne die Kleurlinggemeenskap waargeneem word. Dan kom daar 'n beskrywende en kritiese studie oor die welsynsdienste van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika. Die bydrae wat gemeenskapsontwikkeling binne die maatskaplikewerk-perspekteif kan lewer, is hierna behandel, opgevolg deur die rol van die maatskaplike werker in die gemeenskapsontwikkelingsprogram.

By die praktiese ondersoek is slegs maatskaplike werkers wat veldwerk in Wes-Kaapland doen, betrek. Daar is tans 52 maatskaplike werkers in hierdie streek in diens van die Kerk, maar 22 is nie betrek nie aangesien hulle by Kerklike inrigtings werk of keuringsposte beklee. Die universum het dus uit 30 veldwerkers bestaan. Die gebied van Wes-Kaapland sluit die Kaapse Skiereiland, die Boland, die Weskus en Breërivier in.

## 3. METODE BY ONDERSOEK GEVOLG

Die metode wat gevolg is, was histories en beskrywend van aard. Waar dit

die opname aangaan, is van standaardprosedures gebruik gemaak, naamlik deur middel van onderhoude met 'n aantal respondente. (Vir besonderhede word die leser na hoofstuk 8 verwys).
Om op te som: die ondersoek bestaan uit 'n literatuurstudie wat o.a. die ontstaan, die omvang en die kompleksiteit van die armoede-probleem nagaan, gevolg deur 'n opname wat gemaak is onder maatskaplike werkers wat in diens van die Kerk is.

### 3.1 Literatuurstudie

Ter aanvang is 'n studie gemaak van armoede as maatskaplike verskynsel. Aandag is gegee aan die definisie en die meting van armoede terwyl daar ook gelet is op sekere perspektiewe tot armoede. Dit is opgevolg deur sekere verskynsels wat armoede begelei, in te sluit. Voorts is die verskynsel van armoede soos dit in die Derde-wêreldlande voorkom, bestudeer ten einde te bepaal watter ooreenkomste dit met die van die Kleurlinge in Suid-Afrika toon.

Die ontwikkeling van die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika vanaf die volkstigting in 1652 tot op die hede is gedek ten einde vas te stel watter faktore tot die probleem van armoede bygedra het. Gemeenskapsarmoede soos dit by die Kleurlingbevolking voorkom, geniet hierna aandag, gevolg deur 'n beskrywende en kritiese bespreking oor die welsynsdienste van die NG Sendingkerk. Daar is gepoog om vas te stel watter leemtes in die dienste voorkom, en om te bepaal of gemeenskapsontwikkeling binne die dienslewering tot sy reg kom.

Aandag word voorts gegee aan gemeenskapsontwikkeling binne 'n maatskaplikewerk-perspektief. Die verband tussen die beroep maatskaplike werk en gemeenskapsontwikkeling asook die bydrae wat eersgenoemde tot laasgenoemde kan lewer, word bespreek. Ten slotte is breedvoerig gefokus op die rol van die maatskaplike werker in die gemeenskapsontwikkelingsproses.

### 3.2 Ondersoek met Maatskaplike Werkers

#### 3.2.1 Die Vooronderseok

Die skedule (d.i. riglyne) vir 'n onderhoud met die maatskaplike werkers is in 'n aantal onderhoude uitgetoets en met die maatskaplike werkers bespreek ten einde te bepaal of dit geskik sou wees vir die doel van die ondersoek.

#### 3.2.2 Opstelling van 'n Skedule om Data te bekom

'n Skedule wat uit die literatuurstudie ontwikkel het, is opgestel om as basis te dien vir die onderhoude wat met die maatskaplike werkers gevoer

sou word. Drie fasette van die NG Sendingkerk se welsynsdienste is in die skedule opgeneem, naamlik die maatskaplike werkers, die maatskaplikewerk-dienste en die welsynstruktuur. Die skedule het voorsiening gemaak vir die ontwerp, evaluering en wysiging van riglyne vir optrede in die praktyk.

## 4. TYDPERK VAN ONDERSOEK

Die ondersoek het plaasgevind gedurende die periode van Mei 1984 tot Junie 1987. Vanaf Mei 1984 tot September 1986 is aandag gegee aan die literatuurstudie, terwyl vanaf einde 1986 tot Maart 1987 die navorsingsdata versamel en verwerk is. Die skryf van die navorsingsverslag het daarna gevolg.

## 5. OMSKRYWING VAN ONDERSOEK

Die hoofbegrippe wat in die studie gebruik word, sluit **Armoede, Gemeenskapsontwikkeling en Gemeenskapswerk** in. Die omskrywing en verduideliking van hierdie begrippe word onderskeidelik in hoofstukke 2, 6 en 7 behandel.

## 6. NAVORSINGSVERSLAG

Soos die inhoudsopgawe aandui, word die verslag in vier afdelings aangebied.

### Afdeling A

Hierdie afdeling sluit hoofstukke 2, 3, 4 en 5 in. Hoofstuk 2 bevat 'n teoretiese bespreking van armoede as maatskaplike verskynsel, terwyl hoofstuk 3 oor die ontwikkeling van die Kleurlingbevolking in Suid-Afrika handel. Hoofstuk 4 fokus op gemeenskapsarmoede soos dit by die Kleurling voorkom. In hoofstuk 5 volg 'n oorsig van die welsynsdienste van die NG Sendingkerk.

### Afdeling B

Hierdie afdeling bevat hoofstukke 6 en 7. Hoofstuk 6 word gewy aan gemeenskapsontwikkeling binne 'n maatskaplikewerk-perspektief, terwyl daar in hoofstuk 7 aandag gegee word aan die rol van die maatskaplike werker in gemeenskapsontwikkeling.

### Afdeling C

Dit bestaan uit hoofstuk 8, waarin aandag gegee word aan die opname wat gemaak is onder die maatskaplike werkers in diens van die Kerk.

### Afdeling D

Die laaste gedeelte van die verslag bestaan uit hoofstuk 9 waarin die

gevolgtrekkings, aanbevelings en 'n finale oorsig aangebied word.

---oOo---

AFDELING A

HOOFSTUK 2

# ARMOEDE AS MAATSKAPLIKE VERSKYNSEL

## INLEIDING

Armoede is miskien so oud soos die mens self. Die bekende woorde van Jesus van Nasaret: "Want die armes het julle altyd by julle" (Matt 26: 11) dui op 'n wydverspreide werklikheid, want armoede is en bly een van die wêreld se knellendste sosiale probleme. Die sosiale geskiedenis van byna elke bevolking is 'n verhaal van voortdurende worsteling met die verskynsels van verarming en armoede. Dit is nie net verskynsels van die moderne tyd nie.

Verskillende vakdissiplines het hulle oor die jare met die problematiek rondom armoede besig gehou. Armoede en sy aanverwante verskynsels kom bykans in elke land van die teenswoordige wêreld voor, ten spyte van geweldige ontwikkeling op tegnologiese gebied. Die vorm wat armoede aanneem, verskil wel van tyd tot tyd en van gemeenskap tot gemeenskap, maar nieteenstaande verskille in uiterlike vorm en intensiteit, bly die essensiële aard van armoede duidelik uitkenbaar. Elke gemeenskap het sy proporsie van verarmdes gelewer, van die vroegste tye tot nou toe nog en met die groeiende kompleksiteit van die samelewing het dié sosiale verskynsel toegeneem in ingewikkeldheid.

In hierdie hoofstuk word eerstens gepoog om te bepaal wat onder die begrip armoede verstaan moet word. Vir dié doel het die ondersoeker enkele definisies beoordeel wat hom in staat gestel het om die verskynsel te omskryf soos hy dit verstaan. Die fokus val hierna op die meting van armoede, gevolg deur 'n bespreking van enkele perspektiewe wat betrekking het op armoede. Die bespreking oor die verskynsel van armoede word hierna van die meer teoretiese na die praktyk gebring waar aandag gegee word aan die faktore en verskynsels wat in verband staan met, of 'n invloed het op armoede. Dit was verder nodig geag om na die verskynsel van armoede te gaan kyk soos dit in die Derde-wêreld voorkom ten einde te bepaal watter ooreenkomste dit met die armoede in die Kleurlinggemeenskap het.

## 1. DEFINISIE VAN ARMOEDE

Armoede is 'n veeldimensionele maatskaplike verskynsel daarom bestaan daar 'n wye reeks van definisies en benaderings. Die onderskeie definisies beklemtoon dan ook verskillende fasette. Dit is nie moontlik om binne die bestek van dié studie op al die verskillende definisies in te

gaan nie. Daar sal slegs na enkeles van die definisies gekyk word om 'n beter begrip te kry van die verskynsel soos dit in die Kleurling-gemeenskap voorkom.

Net soos rykdom en welvaart, is armoede 'n relatiewe begrip. In die een gemeenskap of kultuurperiode word 'n persoon as arm beskou wat in 'n ander gemeenskap of kultuurperiode nie as sodanig beskou word nie. Terreblanche (1) se mening is dat enige definisie van armoede subjektief is. Hy beweer verder dat dit wat as armoede beskou word van land tot land verskil, asook van een tydperk na 'n ander. Alles hang af van die standaarde wat toegepas word, die stadium van ekonomiese ontwikkeling, die verskille tussen die lewenstandaard van ryker en armer lede van die gemeenskap, en die verskille tussen ryker en armer bevolkingsgroepe in dieselfde land. Hy verwys na 'n getuie wat voor 'n gekose komitee van die Amerikaanse Senaat (The Select Committee on Poverty of the Committee of Labour and Public Welfare, 88th Congress) hom oor armoede soos volg uitgespreek het:

> To all too many people poverty means merely the absence of money... (It) must... be remembered that poverty is not merely a question of food, or of money, or of deprivation, for poverty deprives the individual not only of material comfort butalso of human dignity and fulfilment... (Poverty) has today become a complex interlocking set of circumstances caused by and in turn reinforcing each other, that combine to keep the individual without money without help, without work. (2)

Dié siening word ook deur Rip (3), Zeeman (4) en Van Eeden (5) onderskryf. Volgens Sen (6) is die "biologiese benadering" een van die oudste. Hy verwys na die bekende studie van Seebohm Rowntree (1901) in York. Laasgenoemde het in sy studie bepaal dat gesinne in "primary poverty" verkeer omdat hulle inkomste nie voldoende was om in hulle noodsaaklike lewensbehoeftes te voorsien nie, en hy het stappe gedoen om "noodsaaklike lewensbehoeftes" noukeurig te identifiseer.
Coetzee beklemtoon veral dié benadering as hy daarop wys dat armoede in die algemeen beskou moet word as 'n toestand waarin 'n persoon verkeer wat nie oor die noodsaaklike lewensmiddele beskik nie. Hy definieer dit soos volg:

> Armoede beteken dat die betrokkene nie genoegsame stoflike vermoëns besit om sy liggaam te voed, en

> aan die mees elementêre vereistes van sy samelewing ten opsigte van behuising en kleding te voldoen nie. (7)

Die omskrywing van Zeeman oor armoede beklemtoon ook die gebrek aan die nodige stoflike middele om in 'n persoon se noodsaaklike lewensbehoeftes te voorsien.

> ... 'n toestand van voortdurende gebrek aan bevredigingsmiddele; 'n toestand waarin iemand verkeer wat nie oor die nodige stoflike middele beskik om gereeld in sy noodsaaklike lewensbehoeftes te voorsien nie. (8)

Die probleem met beide die definisies is egter dat daar slegs na die stoflike behoeftes verwys word.

Die begrip "noodsaaklike lewensmiddele" is uiters moeilik om te bepaal. Behoeftes verskil van een gemeenskap na 'n ander. So verskil behoeftes van 'n bepaalde gemeenskap ook van tyd tot tyd. Die sedes en gebruike van een gemeenskap of een tydperk, stel eise en skep behoeftes wat aan 'n ander onbekend is. Die toestand van verarming sal in albei gevalle derhalwe nie dieselfde wees nie. Daar is egter in enige gemeenskap 'n algemene aanduiding waarvolgens bepaal kan word of 'n persoon oor genoegsame voedsel of voldoende behuising beskik.
'n Ander aspek wat ook belangrik is, is dat 'n mens naas die stoflike ook geestelike behoeftes het. 'n Persoon mag oor 'n oorvloed van stoflike middele beskik en tog geestelik nie in staat wees om homself te versorg nie. Armoede word 'n probleem wanneer dit 'n persoon aan stoflike behoeftes ontbreek; dit is nog meer problematies as geestelike en stoflike behoeftes gelyktydig voorkom.
Armoede kan 'n ernstige maatskaplike probleem word wanneer 'n persoon se geestelike besit tot verval kom, sy persoonlikheid vernietig en sy selfstandigheid ingeboet word. In so 'n toestand word 'n persoon geheel en al afhanklik van ander en van sy gemeenskap.
Dit is veral Harrington wat in haar definisie na die sielkundige aspek van armoede vewys.

> Poverty should be defined in terms of those who are denied the minimal level of health, housing, food and education that our present stage of scientific knowledge specifies as necessary for life as it is now in the United States... Poverty should be defined psychologically in terms of those whose place in society is such that they are internal exiles who, almost inevitably, develop attitudes of defeat and pessimism and who are therefore excluded from taking advantage of new opportunities. (9)

Dit is dus duidelik dat armoede die totale mens raak. Dit beïnvloed die persoonlikheidstruktuur van diegene wat in armlastigheid gebore word en hulle lewens daarin moet slyt. Met verloop van tyd druk dit 'n blywende stempel op die arme se lewenstyl af. Die lewenstyl en gedrag wyk gewoonlik drasties af van die standaarde van die middelstand.

Die definisie het baie raakpunte met die siening van die voorstanders van die teorie oor die "subkultuur van armoede." Volgens hulle ontwikkel die arme wat in 'n "subkultuur van armoede" verkeer 'n negatiewe selfbeeld en toon sterk gevoelens van hulpeloosheid, afhanklikheid en minderwaardigheid.

Dit is interessant dat Wilkes (10) melding maak van die feit dat die beroep maatskaplike werk besorg moet wees oor die mens in sy totaliteit. "Social work concern," sê sy, "is not with the physical body alone but with human nature in all its dimensions: spirit, body and mind."

Gillin se definisie oor armoede laat die klem val op twee omstandighede waaraan die toestand toegeskryf kan word, nl onvoldoende inkomste en wanbesteding. Volgens Gillin is armoede:

> ...that condition in which a person, either because of inadequate income or unwise expenditure, does not maintain a scale of living high enough to provide for his physical and mental efficiency and to enable him and natural dependants to function usefully according to the standards of the society of which he is a member. (11)

Die probleem met Gillin se definisie is dat dit ook nie 'n aanduiding gee van watter standaard hoog genoeg is om in 'n persoon se fisiese en psigiese behoeftes te voorsien nie. Daar word wel twee belangrike sake uitgelig, nl dat armoede deur onvoldoende inkomste enersyds, en wanbesteding andersyds, veroorsaak word. Rip (12) het op die benadering voortgebou en onderskeid gemaak tussen primêre en sekondêre armoede. Volgens hom is primêre armoede 'n toestand waarin 'n persoon verkeer weens onvoldoende inkomste om in sy minimum lewensbehoeftes te voorsien. Sekondêre armoede weer, is 'n toestand van armoede waarin 'n persoon verkeer weens 'n mate van wanbesteding van die inkomste wat hy wel het.

Rip het vermoedelik sy terme **primêre** en **sekondêre** armoede aan die werk van Seebohm Rowntree (waarna reeds verwys is) ontleen. Rowntree se omskrywing was egter ietwat anders. Primêre armoede het hy gedefinieer as 'n toestand waar 'n persoon of gesin oor onvoldoende inkomste be-

skik om sy primêre lewensbehoeftes te voorsien nie. (Die primêre lewensbehoeftes word deur Rowntree geïdentifiseer en in sy "Poverty Datum Line" ingesluit). Sekondêre armoede is 'n toestand waar 'n persoon of gesin wel voldoende inkomste het om in sy primêre behoeftes te voorsien, maar verkies om sy inkomste deels aan ander dinge te bestee, sodat van sy primêre behoeftes nie gedek word nie. Rowntree beskou laasgenoemde optrede nie noodwendig as **wanbesteding** wat spandabelrigheid en onverantwoordelikheid impliseer nie, maar eerder doelbewuste **keuse** wat gemaak word omdat ander behoeftes belangriker is. 'n Snoepery vir jou siek kind, of 'n paar blomme vir jou vrou wat so pas geboorte geskenk het, mag vir jou as broodwinner belangriker wees as een van die dinge op Rowntree se lys van broodbenodigdhede.
Beide Gillen en Rip onderskei tussen armoede, afhanklikheid en armlastigheid. **Afhanklikheid** in die breë sin van die woord hou geen verband met armoede nie. Kinders van ryk ouers is ook afhanklik. Afhanklikheid word 'n maatskaplike probleem wanneer 'n persoon armlastig is. **Armlastigheid** dui op 'n chroniese toestand waar 'n mens nie net arm is nie, maar voortdurende materiële hulp moet ontvang van ander mense of van welsynsinstansies. Gillin sien 'n armlastige as 'n persoon wat gedeeltelik of in die geheel afhanklik is van ander wat nie vir sy natuurlike of wetlike onderhoud verantwoordelik is nie.

Rip (13) verwys ook na **verarming**. Hy beskou dit as 'n proses wat tot armoede aanleiding gee. Volgens hom moet 'n persoon eers 'n proses van verarming deurloop voordat hy in 'n toestand van armoede beland. 'n Persoon se inkomste word al kleiner of hy spandeer sy inkomste so onoordeelkundig dat hy later nie meer in staat is om in die minimum lewenstandaard te voorsien nie. Hierdie siening rym nie met die omstandighede van talle Kleurlinge wat in armoede gebore is nie. Die armoedetoestand strek reeds oor geslagte heen en het 'n bose kringloop geword waaruit hulle nie kan ontsnap nie.

Dit is dus duidelik dat armoede nie bloot dui op 'n lae inkomste nie. Dit kan ook voortspruit uit wanbesteding van 'n soms lae relatiewe hoë inkomste. Omgekeerd kan 'n mens met 'n relatiewe lae inkomste deur oordeelkundige besteding 'n goeie bestaan maak en dan geen gebrek ly nie. Dit wil voorkom asof die waarde-oriëntasie van 'n persoon hier 'n rol speel. 'n Persoon met bv **rasionele** waarde-oriëntasie sal waarskynlik sy inkomste oordeelkundig aanwend en noukeurig beplan, terwyl 'n persoon met 'n hedonistiese waarde-oriëntasie sy inkomste aanwend vir sy bevrediging van die behoeftes van die oomblik sonder om bekommerd te wees oor die toekoms. Laasgenoemde is duidelik sigbaar by 'n groot aantal armes in die Kleurlinggemeenskap wat met chroniese armoede worstel (sien hoofstuk 3 afd 2.3). Wanneer

oor verarming gepraat word, bied die sogenaamde "armblankevraagstuk" in Suid-Afrika 'n goeie voorbeeld. Die droogte en ekonomiese depressie van die twintiger- en dertigerjare het baie Afrikaners in armoede gedompel. Talle het hul plase verloor en moes na die stede verhuis om 'n bestaan te maak. Van 'n bevoorregte posisie het hulle in armoede verval. Die Anglo-Boereoorlog (1899 - 1902) het ook tot verarming bygedra. Groot verwoesting is meegebring en relatief voortvarende boere is in ellendige omstandighede gedompel. Daar moet egter nooit vergeet word dat dit nie net blanke eienaars was wat op plase gewoon het nie. Talle Swart- en soms ook Kleurlinggesinne is daar gehuisves en is aldus ook deur die verarming getref.

Die definisie van Bromley en Gerry oor armoede bespreek ander aspekte wat aandag behoort te geniet. Hulle definieër armoede soos volg:

> ... poverty is fundamentally a relative rather than an absolute condition, and is therefore conditional upon the existence of substantial degrees of inequality. (14)

Volgens die outeurs is armoede die gevolg van 'n bestaande of vorige proses van verarming wat veroorsaak is deur die ontneming van die bronne, geleenthede en ekonomiese voordele van die betrokke armes of hulle voorgeslagte. Armoede word dan gewoonlik van die een geslag na die ander oorgedra. Hulle verwerp die teorie dat armes 'n afsonderlike kultuur of subkultuur uitmaak. Armoede word eerder gesien as 'n gevolg van gemeenskapsprosesse wat nie deur die toedoen van armes daargestel is nie. Volgens Bromley en Gerry kan die toestande van armes alleen binne 'n totale sisteem beoordeel word en nie as 'n afsonderlike gemeenskap of subkultuur nie. Dit moet in terme van die verhoudings tussen ryk en arm gesien word.

Die definisie het beslis ooreenkomste met die benadering van Townsend oor armoede. Laasgenoemde definieër dit soos volg:

> Poverty must be regarded as a general form of relative deprivation which is the effect of maldistribution of resources. (15)

Townsend maak melding van die magte in 'n sisteem wat beheer het oor die verdeling van bronne in 'n bepaalde gemeenskap of land. Weens die wanverdeling van die bronne ontstaan ongelykheid, wat dit vir 'n bepaalde groep in die gemeenskap onmoontlik maak om die nodige voedsel en ander lewensmiddele te verkry wat die betrokke gemeenskap vereis. Hy stel dit soos volg: "Their resources are so seriously below those commanded by the average individual or family that they are,

in effect, excluded from ordinary living patterns, customs and activities." (16)

Bogenoemde standpunte oor armoede toon duidelik raakpunte met skrywer se beskouing oor armoede soos dit by die Kleurlinggemeenskap voorkom, waar dit verband hou met 'n proses van verarming wat van geslag tot geslag oorgedra is. Die proses kan nie losgemaak word van die ontneming van die basiese politieke regte en die ekonomiese uitbuiting wat met verloop van baie dekades plaasgevind het nie. Naas historiese, maatskaplike en ekonomiese faktore, kan armoede, soos dit vandag by die Kleurling voorkom, toegeskryf word aan diskriminerende wetgewing wat die Kleurling prakties uitgesluit het van die welvaart en die rykdom van die land. Strukture is op bykans elke samelewingsterrein geskep wat die uitwerking gehad het dat een groep ten koste van 'n ander bevoordeel is. Die oorsake van armoede moet dus in 'n groot mate by dié strukture gesoek word. Enige strategie wat daarop gemik is om armoede in die Kleurlinggemeenskap aan te spreek, sal noodwendig ook verandering aan die strukture van die land moet insluit.

In die lig van bogenoemde bespreking en vir die doel van die studie word armoede soos volg omskryf:

> Armoede is fundamenteel 'n relatiewe toestand waarin 'n persoon verkeer vanweë 'n gebrek aan voldoende inkomste om hom in staat te stel om gereeld in sy basiese lewensbehoeftes te voorsien.
>
> Die toestand van armoede hou verband met 'n proses van verarming wat binne samelewingstrukture voorkom en wat mense van lewensbronne, wat nodig is om in hul noodsaaklike lewensbehoeftes te voorsien, uitsluit.
>
> Die toestand raak die totale mens, naamlik sy stoflike en sielkundige behoeftes asook sy menswaardigheid.
>
> Stoflike behoeftes verwys na 'n minimum standaard van gesondheid, behuising, voedsel en kleding. Wanneer aan sielkundige behoeftes nie voldoen kan word nie, het ons met 'n toestand te doen waarin 'n persoon as 'n uitgeworpene beskou word, onvermydelik 'n fatalistiese en pessimistiese houding ontwikkel en dus grootliks verhinder word om nuwe geleenthede aan te gryp.
>
> Die menswaardigheid van 'n persoon kom in die gedrang wanneer hy met onregverdige en onderdrukkende strukture te make het wat hom in die proses sy basiese menseregte (soos vryheid, menslikheid, deelname en geregtigheid) ontneem.

Die term **gemeenskapsarmoede** word veral deur die Theron-kommissie (hoofstuk 22) en later deur Terreblanche gebruik om armoede in die Kleurlinggemeenskap te beskryf. In sy bespreking oor die toestand van chroniese gemeenskapsarmoede by die onderste groep in die Kleurling-

gemeenskap, wat volgens die Theron-verslag uit 40% van die betrokke gemeenskap bestaan (sien hoofstuk 4 Afdeling 2.1), wys Terreblanche (17) daarop dat, om die begrip armoede te vereenvoudig, gebruik gemaak kan word van die omskrywing wat Webster's **New Dictionary of Synonyms** daarvan gee: "poverty... typically implies such deficiencies of resource that one is deprived of many of the necessities and all the comforts of life." Volgens hom kan die **bronne** in die definisie nie te make hê net met die hoeveelheid **private** bronne tot die beskikking van individue en huishoudings nie, maar moet die hoeveelheid en die kwaliteit van **openbare** bronne tot die beskikking van die huishoudings van 'n bepaalde gemeenskap of bevolkingsgroep ook in berekening gebring word. Indien die peil van inidividuele inkomste van 'n bepaalde groep gedurende 'n tydperk konstant sou bly, terwyl die hoeveelheid en gehalte van **gemeenskapsgeriewe** en **dienste** (openbare bronne) ter beskikking van die gemeenskap as geheel aanmerklik sou verbeter of verswak, sal dit 'n betekenisvolle verandering in die relatiewe peil van armoede in die gemeenskap bewerkstellig. Dit bly egter moeilik om die hoeveelheid en gehalte van die openbare bronne ter beskikking van die huishoudings van 'n gemeenskap kwantitatief te meet.

Die openbare bronne wat in meerdere of mindere mate tot beskikking van 'n gemeenskap is en 'n belangrike invloed op die betrokke huishoudings se relatiewe peil van armoede het, sluit 'n groot reeks van gemeenskapsfasiliteite en dienste in, bv die algemene standaard van huisvesting; die omgewing van woonbuurtes; die beskikbaarheid en gehalte van onderwys-, vervoer-, en ontspanningsgeriewe; die standaard en beskikbaarheid van mediese dienste; en die mate waarin openbare veiligheid gehandhaaf, misdadigheid bekamp en die menslike waardigheid gerespekteer word. Alhoewel dit haas onmoontlik is om die beskikbaarheid en gehalte van genoemde gemeenskapsgeriewe te meet, sou dit 'n ernstige mistasting wees om die invloed van die ontoereikendheid van die openbare bronne op die relatiewe armoede van 'n gemeenskap buite rekening te laat.

Terreblanche wys verder daarop dat die toestand van chroniese gemeenskapsarmoede 'n moderne benadering tot armoede verteenwoordig van 'n agtergeblewe en maatskaplike versonke gedeelte van die bevolking in geïndustrialiseerde en verstedelike lande. Na die Tweede Wêreldoorlog het Westerse lande die aandag in die besonder gefokus op 'n maatskaplike verskynsel wat in byna al die groot industriële stede voorgekom het, nl die bestaan van agterbuurtes of slumtoestande, waar ver-

armde subgemeenskappe 'n lewenshouding en gedragsneiging openbaar wat in baie opsigte afwyk van die gewone in die middelstand.

Uit bogenoemde word dit duidelik dat gemeenskapsarmoede nie alleen dui op 'n toestand waarin individue en huishoudings van 'n bepaalde gemeenskap verkeer weens gebrekkige inkomste (private bronne) om in hul lewensbehoeftes te voorsien nie, maar wat ook in verband staan met 'n gebrek aan die hoeveelheid en kwaliteit van die gemeenskapsfasiliteite en dienste. In gevalle waar geriewe en dienste in 'n relatiewe arm gemeenskap opvallend ontoereikend is, word benewens huishoudings wat onder die minimum lewenstandaard leef, ook ander huishoudings in die gemeenskap as arm beskou vanweë die ontoereikendheid van die gemeenskapsdienste. Met verloop van tyd ontwikkel die verarmde subgemeenskap lewenshoudings en gedragsneigings wat in belangrike opsigte afwyk van die standaarde en norme wat die gewone middelstand tipeer.

## 2. METING VAN ARMOEDE

Aangesien armoede as 'n relatiewe begrip beskou word, is die meting daarvan 'n probleem. Rip (18) wys bv daarop dat in vergelyking met mnr Harry Oppenheimer alle salaristrekkers arm is dog in vergelyking met werkloses is hulle ryk. Van Eeden (19) meen dat daar in der waarheid slegs een wyse is waarop armoede gemeet word. In terme van dié beskouing word aangeneem dat ongeveer die "onderste vyfde" van 'n sosio-ekonomiese stratum of klas altyd as "arm" beskou kan word in vergelyking met die besondere stratum of klas as geheel. Die rede is dat hulle, ongeag hulle inkomste of sosio-ekonomiese status, relatief tot hulle vergelykbare klasgenote minder bevoorreg is.
'n Ander benadering tot die meting van armoede beweer dat daar 'n absolute maatstaf gevind kan word vir armoede. Dit is die sogenaamde "Poverty Datum Line."

Meeste definisies van armoede wys daarop dat dit 'n toestand is waarin 'n persoon verkeer weens 'n tekort aan voldoende inkomste sodat nie aan die minimum lewensstandaard voldoen kan word nie. Die definisies sê egter nie watter standaard hoog genoeg is om 'n persoon in staat te stel om in sy fisiese en psigiese behoeftes te voorsien nie. Professor Edward Batson, direkteur van die "Social Survey of Cape Town," destydse hoogleraar in "Social Science", en deesdae professor emeritus van die Universiteit van Kaapstad, het egter gepoog om 'n standaard te omskryf met die "Poverty Datum Line." Dié baanbrekerswerk van Batson word vervolgens kortliks uiteengesit.

**Poverty Datum Line**

Batson se "Poverty Datum Line" (PDL) wat die werk van veral Rowntree en Bowley in Engeland binne die Suid-Afrikaanse opset uitgebou het, was vir die eerste maal in Suid-Afrika gebruik tydens die Tweede Wêreld-oorlog. Gedurende diê jare het daar in Suid-Afrika grootskaalse verstedeliking, armoede en maatskaplike onrus geheers. Prof Batson het met sy ondersoeke in Kaapstad gedurende 1940 tot 1946 gepoog om dmv die PDL die omvang van armoede onder die bevolking van Kaapstad te meet. Hy het die PDL soos volg gedefinieer:

> The Poverty Datum Line is an estimate of the income needed by any individual household if it is to attain a defined minimum level of health and decency. (20)

Wat is nodig om 'n minimum standaard te handhaaf? Batson het die volgende genoem:

* **Voedsel:** Die hoeveelheid en verskeidenheid voedsel wat genoegsame kalorieë, proteïne, vette en vitamine bevat om gesondheid te verseker. Die ouderdom, geslag en beroep van die gesinslede, asook die voedsel wat gewoonlik in die gemeenskap gebruik word, moet in aanmerking geneem word.
* **Huishuur:** Die "Poverty Datum Line" moet voorsiening maak vir die huur vir 'n huis wat 'n gesin in die praktyk mag bekom.
* **Vervoer:** Alleen vir die broodwinner tussen sy huis en werk.
* **Klere:** Die minimum om die gesin se gesondheid te verseker en aan basiese gemeenskapsgebruik te kan voldoen.
* **Brandstof en Beligting:**
* **Skoonmaakmateriaal** soos seep vir persoonlike en huishoudelik doeleindes.

Batson het onderskei tussen die "Available Household Income Datum Line" en die "Poverty Datum Line." Hy stel dit soos volg:

> Available Household Income Datum Line of a household is defined as that household's total income from all sources including the value of payments in kind; less the actual house rental paid by the household and the actual cost of transport of its earning members to and from work.
>
> The Poverty Datum Line applicable to a given household is that expenditure which is necessary to procure, at the current prices of the district, those quantities of food, clothing, fuel and lighting, and cleaning materials which are essential for the health and decency of the

> members of the household. A household whose Available Income Exceeds this expenditure is "above the Poverty Datum Line;" a household whose "Available Income" falls short of the expenditure level is below the "Poverty Datum Line," or, popularly, in poverty. (21)

Ten einde die voorkoms van armoede te meet, word "Die "Poverty Datum Line" soos volg gebruik. Eerstens word die pryse van alle benodigdhede, om 'n minimum lewenstandaard te kan handhaaf, bereken. Dit sluit in voedsel, kleding, brandstof, beligting en skoonmaakmateriaal. Behuising en vervoer word nie ingesluit nie. Vervolgens word die "Available Income" bereken. Dit is die totale inkomste van die huisgesin waarvan **die huishuur en vervoer van alle werkers** na en van die **werkplek afgetrek word.** Die "Available Income" word uitgedruk as 'n persentasie van die "Poverty Datum Line", bv indien die inkomste wat benodig word R100 is om aan die "Poverty Datum Line" te kan voldoen, maar die inkomste van 'n gesin is slegs R75, dan het die gesin 75% van die verlangde inkomste om die minimum lewenstandaard te kan handhaaf, bv:

Available Income: R 75

Poverty Datum Line Income: R100

$$= \frac{75}{100} \times \frac{100}{1}$$

$$= 75$$

Enige syfer minder as 100 toon aan dat die gesin onder die "Poverty Datum Line" is. Alle gesinne wat 'n "Available Income" het wat nie aan die "Poverty Datum Line" gelyk is nie, is dus in 'n toestand van armoede. Nie net identifiseer die PDL die huisgesinne wat volgens 'n objektiewe maatstaf in armoede verkeer nie, maar dit verreken **hoe arm die huisgesin is** en kan dus vergelykend gebruik word. 'n Huisgesin wat bv 40% van die inkomste het wat die PDL aandui, is tweekeer so arm as 'n huisgesin met 80%.

Die "Poverty Datum Line" kan beskou word as 'n ideale instrument om die voorkoms van armoede in 'n gemeenskap te meet. Daar moet egter daarteen gewaak word dat dit nie misverstaan word nie. Dit is slegs 'n objektiewe maatstaf om lewenstandaarde te kan meet en is geensins 'n ideale minimum nie, of 'n "basic human needs" standaard nie.

Die groot leemte in dië metode om armoede te meet, is daarin geleë dat dit nie rekening hou met sekondêre armoede nie. Dit is wanneer 'n gesin oor genoegsame inkomste beskik om die PDL te bevredig, maar dit anders bestee sodat daar in werklikheid nie in die minimum lewen-

standaard voorsien kan word nie. Ondanks die feit dat "Available Income" gelyk met "Poverty Datum Line" mag wees, kan 'n gesin steeds in armoede leef weens alternatiewe of wanbesteding. 'n Verdere gevaar mag ook ontstaan, nl dat die "Poverty Datum Line Income" as 'n genoegsame inkomste beskou kan word. Dit was nooit die bedoeling nie.

Ander leemtes is die feit dat prysskommelings, devaluasie van geldeenhede, en afwesigheid van prysbeheer in die markekonomie dit onmoontlik maak om 'n absolute maatstaf van wat die "broodlyn" nou eintlik is, te ontwikkel. Die bestaande minimum bestaansvlakke fluktueer selfs in een en dieselfde jaar aansienlik en verskil van stad tot stad en selfs van dorp tot dorp.

Ten spyte van sy leemtes, bied dië tipe van meting 'n objektiewe metode waarvolgens armoede in verhouding tot 'n spesifieke standaard op 'n bepaalde tyd in 'n bepaalde gemeenskap gemeet kan word.

## 3. ENKELE PERSPEKTIEWE OOR ARMOEDE

Soos die geval met alle sosiale verskynsels, is dit ook so dat verskillende perspektiewe armoede op verskillende wyses interpreteer en verklaar. Vir die doel van dié studie word aandag gegee aan vier benaderings wat sekere raakpunte het met armoede soos dit by die Kleurlinggemeenskap voorkom.

### 3.1 Armoede as Subkultuur

Die begrip "kultuur van armoede" (culture of poverty) is die eerste keer deur die sosiale antropoloog, Oscar Lewis, in 1959 in sy boek Five Families: Mexican Case Studies in the Culture of Poverty, gebruik. Sedertdien word die begrip vryelik gebruik. Lewis het die begrip aangewend om die lewensomstandighede, lewenstyl, gedrag en persoonlikheidstipes van groepe of gemeenskappe wat in armoede en slumtoestande leef, te beskryf. Hy het dit gedoen aan die hand van hipotetiese stellings en dit duidelik gestel dat meer studies in ander kultuurverbande nodig sou wees.

Lewis skryf soos volg:

> The culture of poverty is both an adaptation and a reaction of the poor to this marginal position in a class-stratified, highly individuated capitalistic society. (22)

Hierdie kultuur van armoede, hierdie reaksie en aanpassing, vind dus gestalte in 'n lewensgesteldheid, lewenshouding en in persoonlikheidstipes.

Dit kan volgens Lewis oor streeks-, landelike-, stedelike-, etniese en nasionale grense heen strek. Dit is 'n leefwyse wat egter nie noodwendig by alle armes aangetref word nie.
Die toestande waaronder hierdie subkultuur sou ontwikkel, is deur Lewis soos volg uitgespel:

(1) cash economy, wage labour and production for profit;

(2) a persistently high rate of unemployment and under-employment for unskilled labour;

(3) low wages;

(4) the failure to provide social, political and economic organization, either on a voluntary basis or by government imposition, for the low-income population;

(5) the existence of a bi-lateral kinship system rather than a unilateral one; and finally

(6) the existence of a set of values in the dominant class which stresses the accumulation of wealth and property, the possibility of upwards mobility and thrift, and explains low economic status as the result of personal inadequacy or inferiority. (23)

In die proses van sosialisering in die gesinslewe word hierdie subkultuur van geslag tot geslag voortgeplant. Onder die genoemde omstandighede ontwikkel daar 'n kringloop waarin fisieke en materiële lewensomstandighede, lewensbeskouinge en ingesteldheid ineenstrengel. Vir Lewis gaan dit om arm mense wie se houdings en reaksies binne 'n bepaalde historiese konteks en sosio-politieke posisie gesien moet word.

Du Toit het die presiese kenmerke van hierdie subkultuur, soos deur Lewis bestudeer en beskryf, soos volg saamgevat:

(1) Die verhouding van die subkultuur tot die groter samelewing, word veral gekenmerk deur die gebrek aan effektiewe deelname en integrasie met die vernaamste instellings van laasgenoemde. Een van die kern-gedagtes in dié verband word vervat in die volgende hipotetiese stelling van Lewis: "People with a culture of poverty are aware of middle-class values, talk about them, and even claim some of them as their own, but on the whole they do not live by them. Thus it is important to distinguish between what they say and what they do."

(2) Op die vlak van die gemeenskapslewe as sodanig, word die lewensomstandighede gekenmerk deur swak behuising, oorbewoning en 'n minimum van georganiseerdheid (formele organisasies) buite die kring van die gesins- en familielewe. Informele, tydelike en vrywillige assosiasie soos in die vorm van jeugbendes is 'n tipiese kenmerk

van die maatskaplike lewe buite die gesin. Volgens Lewis is dit veral die gebrek aan organisasie wat aan die kultuur van armoede en dié soort gemeenskap sy marginaliteit en anachronistiese kwaliteit verleen in 'n hoogs komplekse, gespesialiseerde en georganiseerde samelewing.

(3) Op die vlak van die gesinslewe beskryf Lewis die volgende kenmerke: 'n relatief kort kinderstadium en vroeë inlywing in seks, 'n hoë mate van buite-egtelike geboortes en saam-leef huwelike, hoë voorkoms van verlating deur die vader, en 'n sterk matrifokale ingesteldheid in die gesins- en familielewe.

(4) Op die individuele vlak word die mens van die kultuur van armoede ideëltipies soos volg beskryf: daar is 'n sterk gevoel van marginaliteit, van hulpeloosheid, van afhanklikheid en van inferioriteit. Anders gestel: die mens van die kultuur van armoede het 'n betreklik negatiewe selfbeeld. In dié verband wys Lewis op die rol wat rasse- of kleurdiskriminasie speel in gevalle waar die lede van die subkultuurgroep almal swart is. Bogenoemde selfbeeld en gevoelens word deur kleuronderskeidings verder versterk.

Volgens Lewis het mense binne die kultuur van armoede 'n uiters beperkte siening van die lewe en die wêreld om hulle, openbaar weinig toekomsbeplanning en is in hulle gedrag gerig op die bevrediging van die onmiddellike behoeftes. "They know only their own troubles, their own local conditions, their own neighbourhood, their own way of life." (24)

Volgens Schiller (25) was daar andere wat Lewis se opvattings gedeel het en verdere kenmerke, soos 'n onvermoë om vir die toekoms te beplan en ongemotiveerdheid om uit die omstandighede van armoede te ontsnap, bygevoeg het. Hy wys egter daarop dat daar ander sosiaal-wetenskaplikes was wat die teorie nie aanvaar het nie. Hulle was van oordeel dat kulturele verskille bloot op waarneming gegrond is. Lewis se metode van studie en sy hipotetiese stellings is bevraagteken. Basiese vrae in dié verband is of die werk empiries voldoende verantwoord is, en in welke mate die teoretiese model van 'n subkultuur aanvaarbaar is. Daar is ook geoordeel dat gedragsverskille verduidelik behoort te word deur ander faktore (soos verskille in omstandighede en geleenthede) ook in aanmerking te neem. As voorbeeld dien kinders van armes wat vroeër die skool verlaat as ander. Dit hoef nie juis 'n gedragsverskil te wees nie, want dikwels is skole in die armbuurt swak toegerus en nie altyd in staat om die kind se belangstelling genoegsaam te hou nie. Ouers van kinders uit die armklas beskik ook dikwels nie oor die geld om die kind langer op skool te hou nie.

Skrywer vind duidelike ooreenkomste tussen die kenmerke van die opvatting van Lewis oor die mense wat in 'n subkultuur van armoede leef en mense wat in chroniese gemeenskapsarmoede in die Kleurlinggemeenskap leef. Die kenmerke word volledig in hoofstuk 4 bespreek. Ten spyte hiervan verkies skrywer eerder om armoede, soos dit by die Kleurling voorkom, toe te skryf aan 'n wisselwerking van ongunstige omstandighede en interne sosialisering. Ongunstige omstandighede, diskriminerende praktyke en gebrek aan geleentheid, speel beslis 'n rol in die bestendiging en voortplanting van armoede by die Kleurling. Aan die anderkant het die toestand van armoede reeds etlike geslagte 'n beslag gekry en is sedertdien deur 'n interne proses van sosialisering voortgeplant en bestendig. Beide die ongunstige omstandighede en die internalisering van die "armoede-mentaliteit" is dus verantwoordelik vir die totstandkoming en voortplanting van die betrokke lewenstyl van chroniese armoede by die "laagste groep" in die Kleurlinggemeenskap.

### 3.2 Ras - Minderwaardigheidsteorie en Armoede

Schiller (26) verwys na die arm Swartes van die VSA aan wie talle beloftes in die verlede gemaak was om hulle posisie te verbeter. Van die talle beloftes is weinig tot uitvoering gebring. Die gevolg hiervan was dat die Swartes sinies en met huiwering gereageer het op verdere beloftes en programme wat aangebied is. Wit Amerikaners het die gebrek aan entoesiasme by die Swartes as gebrek aan motivering en inisiatief gesien. Volgens Schiller het hulle die minderwaardige sosio-ekonomiese posisie van die swartes aanvaar as 'n natuurlike gevolg van 'n inherente onvermoë wat eie is aan dié bepaalde rassegroep.

Schiller se ondersoek oor die siening van Wit Amerikaners teenoor hul arm swart landgenote het hom tot die gevolgtrekking laat kom dat dit op 'n wanopvatting berus. Hy het o.a. vasgestel dat die gemiddelde gesinsinkomste in 1977 van 'n swart gesin $12,000 p.a. was teenoor die gemiddelde inkomste van $19,000 p.a. van 'n wit gesin. Een uit elke vier Swartes was arm, terwyl daar slegs een uit elke elf Wittes arm was. Hy stel dit duidelik dat daar geen noodwendige verband tussen ras en armoede is nie. Swartes is nie vanweë hul fisiese, geestelike of kulturele vermoëns arm nie, maar vanweë die wyse waarop die gemeenskap teenoor hulle optree. In 'n studie in 1978 oor houdings teenoor rasse, godsdientige minderhede, en vroue (New York National Conference of Christians and Jews, 1978) is volgens Schiller (27) gevind dat een uit elke twee Wit Amerikaners van oordeel was dat Swartes minder

ambisieus as Wittes is, terwyl minder as een uit elke ses Wittes rasse-diskriminasie as 'n ernstige probleem beskou.

Ten spyte van die opvattings dat Swartes vanweë hul afkoms, minderwaardig sou wees, het Schiller aangetoon dat daar geen wetenskaplike bewyse vir dié siening bestaan nie. Daar bestaan geen duidelike en afdoende bewys dat daar 'n verskil in intelligensie tussen swart en wit is nie. Die genetiese verskille tussen Swartes en Wittes het geen invloed op die sosio-ekonomiese status van die groepe nie. Om swart te wees beteken dus nie inherent om arm te wees nie.

Skrywer deel bogenoemde siening omdat daar so baie faktore is wat 'n rol speel by die ontwikkeling van armoede. 'n Mens se velkleur of sy afkoms en selfs die groep aan wie hy behoort, is nie vanselfsprekend bydraende faktore tot sy armoedetoestand nie. Dit is gewoonlik die eksterne faktore in die samelewing waaroor die groep geen beheer het wat tot sy posisie van armoede bydra. Hierdie faktore kan van politieke aard wees soos selfsugtige en diskriminerende wetgewing, uitbuiting en selfs onderdrukking. Die minderwaardige sosio-ekonomiese situasie waarin talle swart Suid-Afrikaners verkeer, is nie 'n natuurlike gevolg van hul inherente onvermoë vanweë hul rasse-afkoms nie. Verklarings hiervoor moet in maatskaplike strukture en funksies gesoek word, in die hede en in die verlede.

### 3.3 Struktureel - Funksionele Beskouing

Die benadering wat ook die Parsoniese benadering genoem word, beskou armoede as 'n sosiale probleem wat aanleiding gee tot afwykende gedrag wat presies die omgekeerde is van konformering, aanpassing, of handeling wat funksioneel is vir die gemeenskap of samelewing waarin dit voorkom. Van Eeden (28) wys op die armes se tekortkominge wat volgens dië benadering tot sekere afwykende gedrag aanleiding sou gee:

(1) 'n gebrek aan beheer oor 'n persoon se impulse en begeertes om te werk, te spaar, vooruit te beplan en om iets in die lewe te bereik;

(2) 'n gebrek aan bevoegdheid om rolverwagtinge na te kom;

(3) 'n beperkte rolreikwydte wat die moontlikheid van armes beperk om aan te pas by veranderde omstandighede;

(4) 'n afwykende geestelike opset as gevolg van 'n gebrekkige sosialisering, 'n beperkte vatbaarheid vir nuwe idees en 'n onvermoë om tussen menslike verhoudinge te normaliseer.

Sodra 'n redelike groot proporsie in die samelewing hierdie kenmerke vertoon, word die funksionering van die samelewing aan bande gelê en ondervind dit veral ekonomiese probleme.

Volgens Van Eeden (29) het Jack Roach, Parsons se teorie probeer toepas om armoede in die Amerikaanse samelewing te verstaan. Toegepas op die "laer strata" in 'n samelewing, het Roach die volgende veralgemenings gemaak.

(1) Value system - The behaviour of lower-class persons is basically outside the mainstream of cultural regulation. They lack identification with their own groups as well as with groups and institutions beyond their immediate circle. Status values play little part in lower-class behaviour.

(2) Motivational state - Lower-class behaviour is more closely related to impulse and immediate feeling than to normative planning. There is little capacity or inclination to defer gratification.

(3) Role repertory - Lower-class persons have a restricted repertory of roles. Lower-class men, in particular, have no clearly roles because of frequent unemployment and minimal involvement in life.

(4) Role skills - Lower-class persons have limited role skills. They lack subleties in roleplaying and have difficulty in shifting perspectives.

(5) Self-system - The self-system of lower-class persons is poorly integrated and characterised by weak ego controls. Lower-class persons are not inclined towards introspection and are deficient in ability to conceptualise the self.

(6) Mental functioning - Lower-class persons have little energy for, or interest in, new thoughts or ideas. Their level of general psychological functioning is low. They have difficulty in handling abstractions, relationships, and categories. Knowledge of the outside world is hazy, critical decisions are made with little comprehension of alternatives or implications.

Dit is duidelik dat, indien die kenmerke in 'n aansienlike mate in 'n samelewing manifesteer dit aanleiding sal gee tot wanfunksionering van die persoonlikheidsisteem en sal kulmineer in die disekwilibrium van die sosiale sisteem as geheel.

Hierdie benadering leen hom besonder daartoe om 'n beter begrip te kry van die patrone en verskynsels van armoede soos dit by die onderste laag van Kleurlinge voorkom.

### 3.4 Marxistiese Beskouing

Die bydrae van Karl Marx gedurende die 19de eeu is van besondere sosiologiese belang omdat dit sedertdien 'n geweldige invloed op die wêreldgeskiedenis gehad het. Dit het ook groot invloed op die menslike denke gehad, veral op vakgebiede soos ekonomie, sosiologie, filosofie en geskiedenis. Waar dit skrywer se onderwerp aangaan, is Marx se besinning oor armoede relevant. Een van die hoekstene van die Marxistiese ideologie verduidelik die koers van die geskiedenis in terme van die sogenaamde klasseleer. In die Kommunistiese Manïfes (1848) sê die outeurs Marx en Engels hieroor die volgende:

> The history of all hitherto existing society is the history of class struggles. Freeman and Slave, patricitian and plebeian, lord and serf, guildmaster and journeyman - in a word oppressor and oppressed, stood in constant opposition to one another and carried on an uninterrupted, now hidden, now open, fight. (30)

Die geskiedenis van die samelewing word volgens Marx gekenmerk deur 'n dialektiese polarisasie van die **bourgeoisie** (adel en rykes) en die **prolektariat** (arbeiders), omdat eersgenoemde laasgenoemde eksploiteer. Die basiese tema van Marx se siening is gebaseer op 'n klassestryd. Hy identifiseer drie klasse op grond van hulle bronne van inkomste. Die eerste klas is die **bourgeoisie** of kapitaliste, wat 'n klein bevoorregte groep uitmaak en, vanweë hul sosiale dominante posisie, mag besit. Hulle is in beheer van industrieë en nywerhede en is in genadelose kompetisie met mekaar ten koste van die arbeiders. Die tweede klas is die **proletariat**, die groot massa werkers, wat die instrumente in die hande van kapitaliste is en wat in die proses uitgebuit word. Die laaste klas is die grondeienaars. Marx het hom egter hoofsaaklik met twee klasse besig gehou nl die **bourgeoisie** en die **proletariat.** (31)

Vir Marx is armoede inherent aan die kapitalistiese sisteem. Vanweë die toename in rykdom (kapitaal) en die uitbreiding van industrialisasie, word 'n toenemende vraag na produksie geskep. In hierdie stadia van groei word 'n surplus arbeidsmag benodig. Stagneer die uitbreiding, is daar 'n surplus van arbeiders wat afgedank moet word en daarom in armoede verval. Hierdie bose sirkel word weer herhaal sodra daar

opbloei in die ekonomie is. Goedkoop arbeid is dan weer maklik beskikbaar.

Die oorsprong van armoede in 'n kapitalistiese samelewing word soos volg deur Marx verklaar. Die waarde van produksie-goedere is slegs 'n funksie van wat die arbeid bygedra het tot die produksie van daardie goedere. Hiertoe het die kapitaliste niks bygedra nie. Profyt is dus basies die surpluswaarde van dié van die produksie-goedere wat deur eksploitasie uit die arbeider ontgin is.

Volgens Marx is die kapitalis, wat in beheer van die industrieë en nywerhede is, ook in beheer van die politieke mag. Hy beskik oor die instrumente om te onderdruk en om die werkerklas te eksploiteer. Die oorheersing en uitbuiting word deur die onderdrukte klas (arbeider) veral op twee vlakke geopponeer, nl op ekonomiese vlak om hul werks-omstandighede te verbeter en te verander en die beheer oor die verdeling van die vrug van arbeid te verkry en op politieke gebied - stryd om die politieke mag te bekom. In 'n kapitalistiese samelewing vind daar dus 'n stryd plaas tussen die bourgeoisie en die prolektariat wat in revolusie eindig. Die revolusie sal uiteindelik die kapitalistiese samelewing vernietig, omdat kapitalisme die saad van sy eie ondergang in hom hou. Die dialektiese polarisasie is 'n historiese noodwendigheid wat homself in die geskiedenis voltrek, tot sosialisme en uiteindelik tot 'n kommunistiese samelewing sal lei. Die arm geëksploiteerde arbeiders is die revolusionêre subjek wat altyd die gang van die geskiedenis sy natuurlike gang sal laat gaan (vir Marx is revolusie "natuurlike gang"). (32)

'n Sleutelelement in die Marxistiese Sosiologie van eksploitering is die konsep van vervreemding. Volgens Marx word die proletariat as klas gekenmerk deur 'n valse bewustheid van die omstandighede en posisie waarin hulle hul in die samelewing bevind. Dit lei tot 'n toestand van vervreemding wat op verskeie vlakke manifesteer. Die arbeider word vervreemd van homself, sy sosiale omstandighede, die produkte wat hy vervaardig en uiteindelik van sy ware menswees. Om dié rede vorm die proletariat 'n revolusionêre subjek, want hulle het niks om te verloor nie, "slegs die kettings wat hulle bind." Inteendeel, hulle het alles om te wen.(33)

In watter mate is Marx se ontleding van die klassestryd en sy siening van die onafwendbaarheid van revolusie op die gemeenskapsarmoede van die Kleurling van toepassing?

Word 'n antwoord op hierdie vraag gesoek, kan die volgende gesê word.

In die eerste plek was Marx se ontleding gebaseer op die hoogs-geïndustrialiseerde en verstedelikte situasie van Duitse, Franse en veral Britse werkers. Soos skrywer se studie inderdaad egter uitwys, kom gemeenskapsarmoede onder Kleurlinge egter in sy ergste vorm hoofsaaklik onder landelike plaaswerkers voor. (Stadswerkers spring dit tog nie heeltemal vry nie). Armoedetoestande onder die Kleurlinge word as tipies van die Derde-wêreld gesien. Hoe relevant is Marx se ontleding vir die Derde-wêreld? Glad nie, sê sommige. Heeltemal, sê party sogenaamde "neo-Marxiste." Op sosiaal-wetenskaplike basis kan hierdie teenstrydigheid egter nie uitgemaak word nie. Die revolusie wat Marx as onafwendbaar beskou het, het bv in Engeland (waar sy studie hoofsaaklik uitgevoer is) nooit gebeur nie. Tog is ingrypende maatskaplike verbeteringe aan die werkerstand daar aangebring. Skrywer is 'n voorstander van 'n hervormingsproses in die samelewing waar evolusie in stede van revolusie sal plaasvind en 'n bestel geskep word waar daar gelyke kanse en geleenthede aan almal gebied word. Revolusie, ten spyte van die beeld wat dit dra, verander per slot van rekening baie min, want dit vervang een groep leiers (soms oornag) met 'n ander. Maar dit verander nie die sosialisering wat die leiers self (en die generasie wat hulle verteenwoordig) deurgemaak het nie; 'n waarheid wat miskien in besonder op die persone van toepassing is wat in die "kultuur van armoede" grootgeword het. Aan die ander kant kan 'n revolusie maatskaplike veranderinge, opsig self altyd 'n stadige proses, 'n stoot vorentoe gee, want binne 'n krisis kom gedagteverandering vinniger na vore.

In die tweede plek is, volgens skrywer, die posisie in Suid-Afrika, alhoewel dit baie eienskappe toon wat met Marx se analise klop, nie tipies van Marx se ontleding nie. Daar bestaan wel klasse, maar dwarsoor die klasseskeiding kom in Suid-Afrika rasseskeiding voor. 'n Kleurling kan bv volgens Marx se kriteria, 'n **bourgeois** wees, maar in terme van Suid-Afrika se rasse-stratifikasie moet hy altyd laer wees as die armste witman wat volgens Marx se ontleding aan die **proletariat** sou behoort.

Verandering van die Kleurling se gemeenskapsarmoede moet dus langs ten minste twee weë gesoek word. Die kapitalistiese uitbuiting moet bekamp word, maar sonder dat rassediskriminasie ook aangeval word, is bloot ekonomiese maatreëls onvoldoende.

## 4. BEGELEIDENDE VERSKYNSELS TOT ARMOEDE

Dit is van belang vir die maatskaplikewerk-beroep om te weet op welke wyse armoede individue en groepe raak, derhalwe sal die aandag gevestig word op faktore en verskynsels wat in verband staan met, of 'n invloed het op armoede in die praktyk.

Dit is moeilik om te bepaal watter faktore oorsake of gevolge van armoede is. Sommige faktore wat as 'n gevolg van armoede beskou word, kan net so goed ook 'n oorsaak wees. Dit sal veiliger wees om te sê dat as armoede voorkom, daar ook ander verskynsels teenwoordig is. Sulke verskynsels staan dikwels in noue verband met armoede of kan 'n invloed op armoede hê. Skrywer verkies dus om na begeleidende verskynsels te verwys, eerder as om van oorsake en gevolge te praat. In die volgende afdeling sal op enkele begeleidende verskynsels gelet word ten einde te bepaal in watter verband hulle tot armoede staan (vgl veral Coates en Silburn se ondersoek by St Ann's in Nottingham: 1970, pp. 39 - 136).

### 4.1 Werkloosheid en Armoede

Daar is 'n duidelike verband tussen werkloosheid en armoede. Die eerste ding wat gebeur wanneer 'n broodwinner sy werk verloor, is verlies aan inkomste. Indien hy geen geld gespaar het nie, ondervind sy gesin byna onmiddellik ontbering. Daar kan verskillende tipes "werkloosheid" geïdentifiseer word, naamlik die werklose, nie-werkende, die ontmoedigde werker, die onderbetaalde werker of die werker wat op 'n laer peil in diens geneem is as wat sy vermoëns en kwalifikasies sou regverdig.

#### 4.1.1 Die Werklose

Die werklose is 'n persoon wat fisies in staat is om te werk, graag wil werk, maar weens ekonomiese of ander toestande in die samelewing nie werk kan vind nie. Daar is beide die eksterne en interne faktore wat werkloosheid tot gevolg het. Wat die eksterne faktore betref, is daar byvoorbeeld ekonomiese resessies en boikotte. Die werklose het oor sulke faktore geen beheer nie. Gedurende ekonomiese resessies is fabrieke en maatskappye verplig om hul personeel te verminder deur mense af te dank. Produksie word ingekort en talle mense word in die proses ontslaan. Ontwikkeling op tegnologiese gebied, veral die aanwending van nuwe tegnieke en masjiene, het dikwels tot gevolg dat minder mannekrag benodig word. Van die bestaande personeel word

ontslaan; minder mense word in die toekoms in diens geneem. Nie alleen lei tegnologiese ontwikkeling tot werkloosheid deurdat die mens deur die masjien vervang word nie, maar vind maatskappye met verouderde masjiene dit moeilik om hul produkte teen mededingende pryse van die hand te sit. Ontwikkelinge op landbougebied het ook 'n groot vermindering van mannekrag tot gevolg gehad. Landbou-implemente het so gesofistikeerd geraak dat masjiene feitlik al die werk wat voorheen met die handgedoen is, oorgeneem het. Die behoefte aan ongeskoolde arbeid het hiermee aansienlik afgeneem.

Seisoenwerk hang af van die seisoene van die jaar. Voorbeelde hiervan kan onder vissermanne gevind word, of op vrugteplase (plukkers of pakkers) en op skaapplase. Buite-seisoen is sulke arbeiders werkloos.

Wat interne faktore betref, is gebrekkige onderwys en opleiding een van die redes waarom mense werkloos is. Dit is nie alleen vir so 'n persoon moeilik om werk te vind nie, maar, sou hy werkloos word, vind hy nie maklik 'n nuwe werk nie. 'n Werker met 'n drankprobleem of gesondheidsprobleem verloor, weens afwesigheid maklik sy werk en kry moeilik weer 'n ander.

Werkloosheid bly een van die belangrikste oorsake van armoede. Na alles, as 'n mens nie werk nie is daar geen inkomste nie en word jou lewenstandaard onmiddellik geraak. Volgens Schiller (34) was daar in die VSA in 1977 6,9 miljoen mense werkloos, terwyl daar 25 miljoen armes was. Dit kan miskien gesê word dat slegs 'n klein persentasie werkloses arm is. Dit kan dus wel waar wees dat alle werkloses nie onder die armes tel nie, maar die voorveronderstelling dat werkloosheid armoede in die hand werk is tog seker korrek. Verder sluit die arm bevolking nie alleen die hoof van 'n gesin in nie, maar al sy afhanklikes. Daarenteen sluit die werkloosheidsyfer nie die afhanklikes in nie. Veral onder die lande van Europa wat welsynstate is, is werkloses nie noodwendig arm nie. Skrywer is egter van mening dat, wat die Kleurling in Suid-Afrika betref, waarvan, volgens die Theron-kommissieverslag meer as die helfte in armoede verkeer, kan werkloosheid verreikende gevolge vir talle gesinne inhou. As die broodwinner sy werk verloor, is sy gesin verplig om die lewenstandaard drasties te verander. Ongeskoolde werkers is weens swak lone nie in staat om te spaar nie, wanneer hulle dus hul werk verloor, word hulle in die grootste ellende gedompel.

By 'n werklose vind daar gewoonlik 'n proses van ekonomiese agteruitgang plaas. Hoe langer hy werkloos is, hoe groter word die moontlikheid

dat hy in armoede sal verval. Selfs die werklose wat aanvanklik nie arm was nie, se bronne word met verloop van tyd uitgeput. Sy spaargeld word opgebruik en soos die werkloosheid toeneem, word hy desperaat, verkoop sy huis en is verplig om by familie te gaan inwoon.

### 4.1.2 Die Nie-werkende

Persone wat nie werk nie, is gewoonlik van ander afhanklik. Hulle deel dan meestal die inkomste van hul gesinslede. Baie van die nie-werkendes is te oud om te werk en leef van 'n maatskaplike pensioen wat dikwels onvoldoende is. Daar is ook talle wat afgetree het en geen familielede het by wie hulle kan gaan inwoon nie. Onder die nie-werkendes word ook 'n groot aantal siekes gevind wat fisies ongeskik is om te werk. Onder hulle is diegene wat wel nog sekere werk sou kon verrig, maar wat glo dat hulle nie geskikte werk sal vind nie, of wat dit daadwerklik nie kan vind nie. Ongeskiktheidstoelae, waar ontvang, is selde toereikend.

Daar is egter talle nie-werkendes wat soms **wel mag werk** as hulle in staat is. Hulle bly nie altyd in 'n permanente staat van werkloosheid nie, maar vind soms werk as hulle fisiese toestand verbeter of as hulle geskikte werk kan vind. Een van die kenmerke van dié tipe persone is dat hulle 'n hoë mate van mobiliteit in die arbeidsmark toon. Hulle beweeg voortdurend in en uit die arbeidsmark, maar bly tog die meeste van die tyd werkloos. Alhoewel ons hier miskien met 'n tydelike toestand van werkloosheid te doen het, lewer dit tog 'n groot bydrae tot armoede-toestande.

### 4.1.3 Die Ontmoedigde Werker

Werkloosheid raak nie net die ekonomiese welsyn van 'n gesin nie, maar raak ook die emosionele toestand van die werklose. Soos die werkloosheidsyfer toeneem, so verhoog die frustrasie van die werksoeker. Werksgeleenthede word dan skaarser, aansoeke word afgekeur, tot die werklose sy soeke na werk staak. 'n Uitlating van 'n werklose wat werk gesoek het, beskryf die gemoedstoestand van die werklose treffend.

> I'll tell you, man I go to the Catholic Charities, to the youth centre, down by the employment people -- a couple of weeks ago I try to buy a job -- I talk to the social workers... you go from place to place, you know, and you get tired. I guess you get bored. Guys say no work, no nuthin, and then you say, "to hell with it. Let the job come to me." (35)

Ontmoedigende werkers word dikwels onder vroue gevind. Waar die vrou die man gehelp het met die gesinsinkomste, word sy uiteindelik moedeloos vanweë haar onsuksesvolle pogings om werk te vind. Dit verhoog die gesin se kanse om in armoede te verval.

### 4.1.4 Onderbetaalde Werker

Wanneer 'n gesin swaarkry as gevolg van die werkloosheid van die broodwinner neem laasgenoemde dikwels enige werk om iets te kan verdien om sy gesin te kan onderhou. Hy kan dus nie sy volle potensiaal verwesenlik nie. Dit het tot gevolg dat hy gefrustreerd en ongelukkig in sy werksituasie is. Dit gebeur heel dikwels dat 'n werker op 'n laer peil in diens geneem word as wat sy vermoëns en kwalifikasies sou regverdig. Werkgewers buit dan die situasie uit, veral wanneer daar 'n skaarste aan werksgeleenthede is. Die werker het geen keuse as om die werk teen 'n laer vergoeding te aanvaar nie. Dit veroorsaak dikwels 'n gevoel van verontregting by die werker. Uit bogenoemde bespreking word dit duidelik dat werkloosheid met gepaardgaande verskynsels tot armoede bydra. Talle mense is dus arm, nie omdat hulle nie wil werk nie, maar omdat hulle glad nie werk kan kry nie, of nie gereeld kan werk nie. Die maatskaplike en ekonomiese posisie van die meeste gesinne word negatief geraak in gevalle waar werkloosheid voorkom.

## 4.2 Ouderdom, Gesondheidstoestand en Armoede

### 4.2.1 Ouderdom en Armoede

Volgens Schiller (36) was 14% van die land in 1977 in die VSA se bejaardes arm. Daar is bereken dat hierdie sosio-ekonomiese toestande met die tyd sal toeneem, soos die verhouding van mense oor die ouderdom van sestig jaar in die bevolking toeneem. Die lewensverwagting in die VSA het van gemiddeld 49 jaar in 1900 tot 73 jaar in 1977 toegeneem, 'n verhoging van ongeveer 50% sedert die begin van die eeu.

Die inkomste van die meeste bejaardes is skraal omdat hulle nie in die arbeidsmark bly nie. Die wat werk soek, is gewoonlik onsuksesvol. Inkomste wat deur werk verdien word, bepaal in die meeste gevalle die ekonomiese status van 'n persoon.

Baie bejaardes tree nie vrywillig uit die arbeidsmark nie. Wanneer 'n bejaarde werker se dienste beëindig word, bv weens vermindering in produksie, is sy kanse om weer werk te kry gering. Werkgewers sien

dikwels geen voordeel daarin om selfs 'n bejaarde werker wat oor sekere vaardighede beskik, te hou wanneer daar 'n personeelbesnoeiing is nie.

Alhoewel daar soms alternatiewe inkomste vir bejaardes wat uittree, in die vorm van verskillende pensioene is, is dit selde onvoldoende. Die meeste pensioene hou nie genoegsaam rekening met die lewenskoste nie. Geld wat deur die jare in 'n pensioenfonds gespaar is, kan dikwels nie in die behoeftes van die bejaarde voorsien nie.

Hoe ouer 'n persoon word, hoe groter is die risiko van siekte en fisiese ongeskiktheid. Sy mediese koste neem drasties toe hoe ouer hy word. Die bejaarde met beperkte inkomste en stygende uitgawes geniet min ekonomiese sekuriteit. Armoede staar baie bejaardes in die gesig.

Dit kan gevra word in watter mate persone vooraf vir hulle oudag kan sorg. Is die armoede van oues-van-dae toe te skryf aan die gebrek aan die versameling van lewensbronne vir die oudag? Dan moet daar rekening gehou word met die voortdurende styging van lewenskoste, bowendien het baie bejaardes nie slegs verarm weens hulle ouderdom nie, maar was hulle hele lewe arm. Hulle toestand van armoede het tydens die bejaardefase slegs toegeneem. Was die oorsake van armoede vroeër aangepak, sou dit moontlik nie in die bejaardefase voorgekom het nie.

### 4.3 Gesondheidstoestand en Armoede

Swak gesondheid kan 'n vernietigende uitwerking hê op die ekonomiese sekuriteit van 'n gesin. Dit is onmoontlik vir 'n siek of fisies ongeskikte gesinshoof om 'n voldoende bydrae tot die inkomste van sy gesin te lewer. In die meeste gevalle is so 'n sieke 'n las, want sy siektetoestand lei tot verdere uitgawes. Koste aan hospitalisasie en medikasie laat 'n groot las op 'n gesin.

Volgens Schiller (37) was die verlies aan inkomste in 1977 in die VSA deur siekte veroorsaak, bereken op $50 biljoen, terwyl $160 biljoen aan gesondheidstoestande bestee is. Dit werk uit op 'n gemiddelde verlies van $65 per werker en 'n gemiddelde uitgawe van $740 per persoon vir mediese koste. Siekte of ongeskiktheid, hoe gering ook al, kan 'n arm persoon se inkomste aansienlik benadeel.

Ten opsigte van swak gesondheid as 'n bydraende faktor noem Rip die volgende:

> Because of the ill-health of the breadwinner he may be absent from work so often that his earnings are reduced to below the level where he has sufficient means to provide his family with the minimum standard. Should he lose his employment due to ill-health, he would be still less able to provide his family with the minimum standard. The family may have to incur medical and other debts to such an extent that even when the breadwinner regains employment they will not have sufficient means because of the necessity to pay the debts. (38)

Etlike sosiaal-wetenskaplikes wys daarop dat, net soos siekte 'n vernietigende uitwerking op 'n gesin se inkomste het en tot armoede aanleiding gee, so kan armoede ook siektetoestande tot gevolg hê. 'n Arm gesin se gesondheidstoestand kan aansienlik negatief geraak word deur swak voedsel en onhigiëniese toestande. 'n Arm persoon is makliker vatbaar vir siekte, gevolglik is die voorkoms van siekte by arm gesinne baie hoër as by meer gegoede gesinne. Afwesigheid van die werk weens siekte kom ook meer dikwels onder armes voor.

Siekte kan dus tot armoede lei en armoede kan op sy beurt tot swak gesondheid aanleiding gee. Dit is moeilik om in hierdie verband van oorsaak en gevolg te praat. Daar is statisties 'n positiewe korrelasie tussen die twee verskynsels. Die verhouding tussen siekte en armoede is egter nie noodwendig in dieselfde rigting ewe sterk nie. Dit is moeilik om te bepaal hoeveel mense arm geword het as gevolg van siekte. Daar is talle mense wat arm was voordat hulle siek geword het, daarom kan dit nie beweer word dat siekte vir húlle armoede verantwoordelik was nie. Wát wél gesê kan word, is dat dit die posisie van die siekes wat arm is verder verswak.

### 4.4 Onderwys en Armoede

Daar is afdoende bewys dat persone met hoë opvoedkundige kwalifikasies hoër inkomstes het as diegene met lae opvoedkundige kwalifikasies. Volgens syfers deur Schiller (39) verstrek, was daar in 1977 in die VSA 'n duidelike verband tussen die inkomste en die kwalifikasies van mans. Die gemiddelde inkomste van mans wat nie meer as 8 jaar onderwys ontvang het nie, was $8 505 per jaar, dié wat die hoërskool verlaat het, was $9 292, diegene met hoërskool kwalifikasies was $12 092 per jaar en dié met 'n universiteitsgraad se gemiddelde inkomste was $20 223 en meer. Höer opvoedkundige kwalifikasies beïnvloed 'n persoon se inkomste op verskillende manier, bv dit verhoog 'n persoon se produktiwiteit

omdat hy oor meer kennis en vaardighede beskik, werkgewers ook sy hoër opvoedkundige kwalifikasies as 'n bewys van sy deursettingsvermoë en ywer beskou. Diplomas, ongeag hul inhoud open derhalwe deure vir beter werksgeleenthede.

Ten opsigte van ontoereikende opleiding en onderwys noem Rip die volgende:

> Where the worker has a low standard of general education and no training for a specific occupation, he must perforce engage in work of an unskilled and often casual nature with the result that the family income is both low and irregular, which is often the case with families whose income is insufficient. (40)

Volgens hom is dit die ongeskoolde werkers wat tydens ekonomiese resessies eerste afgedank word. Dikwels is hulle die kinders van ouers wat in dieselfde posisie was en nie in staat was om hul kinders 'n beter skoolopleiding te gee nie. Die meeste moes weens armoede so gou as moontlik gaan werk om die gesinsinkomste aan te vul.

Mense met lae opvoedkundige kwalifikasies vind moeilik werk en indien hulle wel werk sou vind, is dit hûlle wat eerste hul werk verloor. Dit is gewoonlik ook hûlle wat vir langer periodes werkloos is.

### 4.5 Landboukundige Faktore en Armoede

Droogtes, watervloede en plae kan oeste vernietig sodat boere in ernstige probleme beland. Nie alleen boere en hulle werkers word geraak nie, maar ook die fabrieke en hulle werkers wat die landbouprodukte verwerk. 'n Tekort aan landbouprodukte het gewoonlik tot gevolg dat pryse skerp toeneem omdat die aanvraag neig om konstant te bly. Gesinne wie se inkomste aanvanklik genoegsaam was, moet met die styging in pryse van landbouprodukte ontdek dat hulle sekere dinge nie langer kan bekostig nie. Gesondheidstoestande kan hierdeur geraak word. Daar is dikwels talle boere wat weens droogtes van hulle plaaswerkers afdank. Hulle mag selfs uiteindelik die boerdery staak. Sulke gesinne beland dan in 'n ernstige toestand van armoede. Die sogenaamde "arm-blanke vraagstuk" in Suid-Afrika hou hiermee verband. Wat dikwels nie in ag geneem word nie, is dat met die verstedeliking van Blankes, weens die ineenstorting van hulle boerdery, aansienlike getalle

plaaswerkers (wat nie wit is nie) in dieper armoede gedompel is. Waar daar in die twintigerjare 'n staatsbeleid ontstaan het om die posisie van die "arm-blanke" te probeer ophef, is geen beleid ingestel om die "arm-nie-blanke" ook te probeer ophef nie.

### 4.6 Industriële Faktore en Armoede

Stakings, afdankings en disinvestering kan 'n bydrae lewer tot grootskaalse werkloosheid. Werkers en gesinne uit die laer groep word dikwels die swaarste getref. Die pryse van lewensmiddele styg gewoonlik wat dit vir die werkloses nóg moeiliker maak om 'n menswaardige bestaan te kan voer. Armoede kan in sulke omstandighede geweldig toeneem.

### 4.7 Alkoholisme en Armoede

Wanneer 'n broodwinner 'n drankprobleem ontwikkel, word sy hele bestaan dikwels alkohol-gesentreerd. Dit het gewoonlik tot gevolg dat hy sy werk verwaarloos en uiteindelik verloor. Voordat hierdie kritieke situasie bereik word, is daar talle finansiële laste wat oor vele jare met alkoholgebruik verband hou en wat die gesin in 'n swak finansiële posisie plaas. Indien die broodwinner 'n drankprobleem het en sy vrou geen buitenshuise arbeid kan verrig nie, kan dit tot 'n toestand van afhanklikheid en sorgbehoewendheid lei.

Dit word algemeen aanvaar dat die vader met 'n ernstige drankprobleem 'n potensiële swak broodwinner is. Sy gesin ly as gevolg daarvan gebrek en sy kinders loop gevaar om aan materiële verwaarlosing blootgestel te word.

### 4.8 Groot Gesinne

Die aantal kinders in 'n gesin het 'n betekenisvolle invloed op die lewensstandaard van 'n gesin. Hoe groter die aantal kinders, hoe groter is die fisiese behoeftes en die finansiële uitgawes. Die feit dat soveel kinders versorg moet word, verhoed dikwels die moeder om te gaan werk. Wil 'n moeder van 'n groot gesin wél gaan werk, moet sy onkoste aangaan om die kinders te versorg. Gesinne met groot getalle kinders word dus dikwels gekonfronteer met meer behoeftes en minder inkomste. Minder gesinne sou dus arm gewees het as hulle minder kinders gehad het. Gesinsbeplanning kan beslis 'n bydrae tot die vermindering van armoede lewer. Wêreldwye ervaring toon egter dat, selfs waar grootskaalse pogings aangewend word om gesinsbeplanning in arm lande of arm gemeenskappe in te voer of aan te moedig, vrugte maar baie stadig afgewerp word.

## 4.9 Ontoereikende Behuising, Oorbewoning en Armoede

Ontoereikende behuising is een van die grootste knelpunte in arm gemeenskappe. 'n Arm gesin word gedwing om die behuising te gebruik wat hulle kan bekostig. Plakkershuise en slumtoestande is menigmaal hul enigste uitweg. In talle lande word behuising vir armes deur regerings- of plaaslike owerhede verskaf. Die standaard van sulke huise is relatief swak en gaan meestal mank aan basiese geriewe. Vertrekke is klein en ventilasie swak. Suid-Afrika se behuisingskemas, veral vir die swart bevolkingsgroepe, bied 'n goeie voorbeeld. Die uiters swak konstruksie van veral die sub-ekonomiese wooneenhede is die belangrikste punt van kritiek deur die meerderheid inwoners. Die huise word oor die algemeen van vooraf-vervaardigde betonkonstruksies en sementstene gemaak. Dit ontbreek dikwels aan die basiese geriewe soos elektrisiteit, warm water en binnetoilette. Mure is nie altyd afgepleister nie, terwyl plafonne en binnedeure, of bedekking van vloere, ontbreek.

Afgesien van die fisiese ongerief kom oorbewoning in die meeste gevalle ook voor. Oorbewoning tas die sielkundige en emosionele eenheid van die gesin aan. Daar is weinig sprake van privaatheid. Kinders van wisselende ouderdomme en geslagte word geforseer om met mekaar en met volwassenes 'n slaapvertrek te deel. Hierdeur kom kinders ten nouste in aanraking met die gedragsvorme van volwassenes. Dit kan lei tot gevalle van onsedelikheid en bloedskande. Vroeë swangerskappe is baie keer die gevolg.

Oorbewoning kan ook ernstige gesondheidsprobleme tot gevolg hê. Siektes soos tuberkulose, asma en meningitis kom algemeen voor by persone in oorbewoonde huise. Aansteeklike siektes vind hier 'n gesonde teelaarde. Beide die maatskaplike funksionering en die fisiese en geestesgesondheid van 'n arm gesin word deur swak en oorbewoonde behuising aangetas.

## 4.10 Maatskaplike Probleme en Armoede

Enkele maatskaplike probleme wat eie is aan armoede word vervolgens kortliks bespreek.

### 4.10.1 Verbrokkelde Gesinslewe

Arm ouers met groot gesinne, woonagtig in 'n oorbewoonde en ontoereikende huis, vind dit moeilik om hulle kinders behoorlik te versorg. Waar beide ouers moet werk, word kinders vry algemeen aan hul eie lot oorgelaat. Dissipline binne die gesin is dikwels swak en gesins-

bande neig om los te wees. Benewens die fisiese verwaarlosing, word arm kinders ook blootgestel aan geestelike en sielkundige verwaarlosing. In hul kritieke vormingsjare ontbeer sulke kinders meermale ouerlike versorging en liefde. Allerlei afwykings kan dus by die armer kind voorkom. Hy verlaat dikwels die skool in 'n vroeë stadium en word bv lid van 'n bende wat gou met die gereg bots. Vroeë skoolverlating hang saam met lees- en leerprobleme en swak skoolvordering. Die kind ontwikkel 'n negatiewe selfbeeld en het soms geen jeugjare in die normale sin van die woord nie. In 'n vroeë stadium moet hy die verantwoordelikheid van 'n volwassene aanvaar, terwyl hy nie daarvoor toegerus is nie.

Die gesin, en spesifiek die ouers, is gewoonlik vir die kind die sterkste sosialiseringsagente. Sosialisering is onder andere die geleidelike aanleer van volwasse gedrag. Kinders boots gewoonlik die gedrag van hulle ouers na en kinders uit arm gesinne is geen uitsondering op dié reël nie. Ook hulle slaan ag op die gedragsprobleme van hulle ouers en neem dit in die meeste gevalle oor deurdat hulle hul met hul ouers identifiseer. Gedrag wat dikwels binne die subkultuur van armoede voorkom, soos ongemotiveerdheid en 'n geneigdheid tot misdadigheid en wetteloosheid, het 'n sterk invloed op die kind wat dit as "normaal" kan beskou.

**4.10.2 Buite-egtelike, Onbeplande Geboortes en Armoede**

Van Regenmortel en Van Harte het die volgende stelling gemaak:

> Demographic and other students have indicated that people in undeveloped and poor countries tend to have more children than people in economically developed countries and that within people in economically developed countries, lower socio-economic groups tend to have larger families than the more privileged groups. (41)

Genoemde skrywers het in hul ondersoek in die Kleurlinggemeenskap gevind dat die meeste tiener-swangerskappe voorkom by meisies uit arm gesinne. In hul eie ouerhuise ontvang hulle dikwels geen liefde of begrip nie en soek dit dan buite by 'n mansvriend. Hulle probeer om die onaangename omstandighede van die armoedetoestand in die gesin te ontsnap deur 'n halsoorkop huwelik vanweë die swangerskap aan te gaan. In die meeste gesinne ontvang jong meisies geen seksvoorligting nie. Gebrekkige finansiële sekuriteit vanweë armoede staan in nou verband met grootskaalse voorkoms van buite-egtelikheid by jong meisies.

Die hoë voorkoms van onbeplande geboortes is eie aan mense wat deel uitmaak van die "armoede kultuur." Mense in die omstandighede het dikwels geen toekomsverwagting nie en leef net vir die oomblik. Hulle beplan dus nie hul gesinne nie en is nie betrokke by geboorte-reëlingsprogramme nie.

### 4.10.3 Misdaad

Volgens Rip (42) is daar sedert die begin van die eeu omvangryke studie gedoen oor die verband tussen die voorkoms van misdaad en die gesinslewe. Navorsers het bevind dat 'n aansienlike persentasie jeugmisdadigers uit gebroke gesinne afkomstig is. Daar is gelet op die rol wat egskeidings en verlatings, asook ander ontwrigtende faktore soos onenigheid en spanning, in die huwelik- en gesinslewe speel. Daar is ook aandag gegee aan invloede soos die gebroke gesin, armoede in die gesin en die moeder wat buitenshuis werk. Ten opsigte van misdaad by jeugdiges is daar bevind dat dit verband hou met gebrekkige ouerliefde, 'n swak vaderfiguur, gebrekkige ouer-kind-kommunikasie, swak huislike atmosfeer en gebrekkige dissipline. Dit is interessant dat al hierdie aspekte gewoonlik teenwoordig is in 'n gesin waar armoede voorkom.

In die jongste verlede is daar in Suid-Afrika twee belangrike ondersoeke ten opsigte van die verband tussen misdaad en armoede gedoen. Beide toon duidelik dat sosio-ekonomiese omstandighede tot die voorkoms van misdaad aanleiding gee. In 1980 het Mana Slabbert, van die "Institute of Criminology" by die Universiteit van Kaapstad, 'n ondersoek gedoen waarvan die verslag **Repetitive Cycles: Analyses of Socialisation and Institutionalisation Patterns and Discussions of Crime Prevention, Intervention and Diversion Strategies** getitel is. Sy het bevind dat die onrusbarende hoë misdaadvoorkoms by Kleurlinge verband hou met die swak sosio-ekonomiese posisie waarin die gemeenskap vasgevang is. Gebrekkige inkomste, ontoereikende behuising en swak woonbuurtes asook verbrokkelde gesinslewe het almal daartoe bygedra.

Die tweede ondersoek is deur Roy Gentle gedoen. Sy verslag is getitel **Crime and Poverty** (April 1984) en maak deel uit van die Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in South Africa. Die verskillende woonbuurtes in die Kaapse Skiereiland is bestudeer. Gentle het bevind dat die hoë misdaadvoorkoms verband hou met grootskaalse armoede in die gebied.

Uit bogenoemde bespreking word dit duidelik watter negatiewe

effek armoede op die lewens van mense het. Die verskynsel het nie slegs negatiewe implikasies vir persone wat self arm is nie, maar raak feitlik alle sisteme waarmee hulle verbind is. Ten einde die probleem aan te spreek, word 'n strategie benodig wat die probleem op alle vlakke van die samelewing sal bekamp.

## 5. ARMOEDE EN DIE DERDE-WêRELDLANDE

Daar word dikwels na die RSA verwys as 'n land met beide die Eerste en Derde-wêreldse toestande. Dat daar dan ook bepaalde ooreenkomste is tussen die verskynsel van armoede soos dit in die ontwikkelende lande voorkom en soos dit by sekere nie-blanke bevolkingsgroepe gevind word, is nie te betwyfel nie. Vir die doel van dié studie word dit nodig geag om die verskynsel van armoede onder oë te neem soos dit in die Derde-wêreldlande voorkom.

Die term Derde-wêreld verwys na die lande wat meestal na die Tweede Wêreld-oorlog uit koloniale gebiede onafhanklikheid verkry het. Die lande het dan ook onverbonde gestaan teenoor Westerse lande en Kommunistiese Oosbloklande. Eerste-wêreldlande is saamgestel uit Noord-Amerikaners en Wes-Europese lande wat gedomineer was deur 'n kapitalistiese ekonomiese stelsel en wat 'n politieke en militêre blok gevorm het teen die Tweede-wêreldlande wat grootliks bestaan uit Sowjet Rusland en ander Oos-Europese lande. Die Derde-wêreldlande is meestal die minder-ontwikkelde groep met talle probleme wat met onderontwikkeling gepaardgaan. Die oorspronklike betekenis van die term "Derde-wêreld" het met verloop van tyd heeltemal verlore gegaan sodat dit vandag grootliks in verband gebring word met "armoede" en onderontwikkeling eerder as met politieke konnotasies.

### 5.1 Aard en Omvang van Armoede in die Derde-wêreld

Beide die Brandt-kommissieverslag (43) en Midgley (44) huldig die mening dat die soort armoede en gepaardgaande maatskaplike probleme waarmee die Derde-wêreld gekonfronteer word in 'n groot mate verskil van die ontwikkelde lande. Tereg sê die Brandt-kommissieverslag "Many hundred of millions of people in the poorer countries are pre-occupied solely with survival and elementary needs." (45) Die verskynsel van armoede en gepaardgaande probleme is o.a. 'n kombinasie van probleme soos wanvoeding, hongersnood, siektes, werkloosheid, ongeletterdheid, onvoldoende behuising en 'n hoë voorkoms van kindersterftes. Volgens die Wêreldbank is daar 800 miljoen mense in die Derde-wêreld wat in armoede verkeer. (46) Die grootste omvang van armoede kom meestal

in die landelike gebiede van dié lande voor. Die ekonomiese data wat inligting bied, bv die per capita inkomste in dië lande, is 'n belangrike aanwysing van die armoede wat in die Derde-wêreld voorkom. In 1976 was 29 van die lande se per kapita inkomste minder as $200 en in sommige gevalle onder $100. In dieselfde tydperk was die per capita inkomste in lande in Europa en Noord-Amerika meer as $7000 en in Oos-Europa $2 700. (47) Ten spyte van die verwagte ekonomiese groei in hierdie lande word bereken dat daar teen die einde van die eeu steeds 600 miljoen mense in armoede sal verkeer.

Armoede in dië lande is soos 'n bose kringloop wat van een geslag na 'n ander oorgedra word. Hieroor laat Harrison hom soos volg uit:

> Poor people never reach their full human potential in physical strength, intelligence and wellbeing. They are trapped in a pattern of overlapping vicious circles. Hunger leads to sickness and sickness to malnutrition, in a spiral that can end in death or permanent disablement. (48)

Voorts word aandag gegee aan verskynsels wat verband hou met armoede of 'n invloed uitoefen op armoede soos dit in die onderontwikkelde lande voorkom.

### 5.1.1 Die Landbou en Onderontwikkeling

Die probleem van onderontwikkeling kom in 'n groot mate voor in die gebiede rondom die trope, ongeveer dertig grade noord en suid van die ewenaar. Die reënval wissel tussen uiterstes, naamlik 'n baie hoë reënval aan die een kant en droogtes aan die ander kant. In die hoë reënval gebiede is die vrugbaarheid van die grond baie laag vanweë die hoë temperature wat verrotting te vinnig laat plaasvind. Die grond is nie baie geskik vir landbou nie. Die geweldige hitte in die gebiede dra by tot die florering van peste en siektes wat 'n gevaar inhou vir beide die mens en gesaaides. Daarbenewens het die geweldige hitte 'n effek op die produktiwiteit van die werkers. Die gebiede word ook dikwels geteister deur natuurrampe soos stortreëns, siklone, aardbewings en droogtes. Nie alleen gaan dit gepaard met hoë lewensverlies nie, maar veroorsaak groot skade aan die grondbodem en eiendom. Alles dra direk by tot 'n toename van armoede.

Dit is veral die Afrika-lande wat met groot probleme op die landbouterrein te kampe het en wat 'n direkte bydrae lewer tot die probleem van armoede. Landbougrond word dikwels oorbenut, terwyl die gebrek aan moderne landboumetodes en bemesting die grond verarm en die

oeste benadeel. Die gebrek aan landbougrond en waterbronne wat onderskeidelik veroorsaak word deur 'n swak reënval en droogtes, het met gepaardgaande toenemende groei van die bevolking, katastrofiese nagevolge vir die land.

In die nie-kommunistiese lande in Asië is die omstandighede anders. Die probleem daar is die ongelykheid tussen die klein getal ryk grondeienaars en die groot massa arm kleinboere. Eersgenoemde beskik oor ekonomiese en politieke mag waarmee hulle die arm kleinboere uitbuit. Aangesien laasgenoemde nie oor ekonomiese bronne beskik nie, is hulle grootliks afhanklik van die ryk boer en moet hulle die arbeid verrig. Die ryk grondeienaar word ryker, terwyl die arm boer en werker armer word.

In Latyns-Amerika hou die posisie van armoede en die probleme op die gebied verband met die lande se koloniale verlede. Arbeid op landbougebied is van die vroegste tye voorsien deur slawe uit Afrika en inheemse inboorlinge. Dit het tot gevolg dat 'n klein minderheid rykes die grondbesitters geword het ten koste van 'n groot meerderheid arbeiders en klein grondbesitters wat dikwels nie eers hul gesinne behoorlik kon versorg nie. In 1966 het die "International Commission for Agricultural Development" gevind dat in die verskillende Suid-Amerikaanse lande die grootste persentasie gesinne in die lande deel uitmaak van arm boeregemeenskappe. Die gewone plaasarbeiders word gewoonlik op 'n skandelike wyse gruwelik uitgebuit deur ryk grondbesitters wat meestal baie lae lone betaal. Armoede en gepaardgaande maatskaplike probleme is 'n algemene verskynsel by die meeste plaaswerkers.

Harrison vat die probleme op landbougebied en die verband wat dit het met armoede in die Derde-wêreld soos volg saam:

> In rural Africa, the roots of poverty lie in the soil and man's relationship with it, the fatal impact of population and farming methods on a poor land. In Asia, poverty and growing inequality are the inevitable outcome of population growth, land shortage and the dynamics of rural society. But in Latin America the origins of poverty and inequality are in the ancient and continuing inhumanity of man to man in naked ruthless and often violate exploitation. (49)

### 5.2 Verstedeliking en Armoede

Die verskynsel van verstedeliking is 'n algemene tendens in die meeste Derde-wêreldlande. Die platteland is besig om te ontvolk, terwyl die bevolking in stede vinniger groei as die beskikbare werksgeleenthede

en die voorsiening van behuising. Die meeste armes verhuis na die stede omdat die inkomste in die Derde-wêreldstede oor die algemeen twee-en-'n-half-maal hoër is as dië in landelike gebiede. Die groot verskil in die voorsiening van dienste wat deur die owerhede verskaf word soos mediese versorging, sanitasie, skoonwater en onderwysfasiliteite het 'n besliste invloed op die mense wat na die stede verhuis. Die verhuising na die stede het dikwels 'n negatiewe uitwerking op die plattelandse gebiede in dië sin dat laasgenoemde dikwels hul besopgeleide mannekrag verloor.

Die toenemende verstedeliking in die Derde-wêreld gee egter aanleiding tot 'n veelheid van ander probleme wat verband hou met die verskynsel van armoede. Enkeles word bespreek.

### 5.2.1 Voldoende Behuising en Oorbewoning

Volgens Midgley (50) word daar tans 400 miljoen wooneenhede benodig om in die minimum standaard van behuising in die Derde-wêreld te kan voorsien. Die gebrek aan voldoende behuising is een van die grootste probleme daar. Dit het tot gevolg dat krotbuurtes, plakkerskampe en ghettos soos paddastoele verrys. Meer as twee-vyfdes van die bevolking van die groot Derde-wêreldstede woon in sulke gebiede, wat dikwels geleë is in die armoedigste buitewyke van die stede en swak voorsien is van skole, klinieke, paaie en sanitasie. Geen stad in die wêreld, hoe ryk ook al, kan in behuising en ander geriewe voorsien teen die tempo waarop mense na die stede in ontwikkelende lande stroom nie. Saam met die probleem van voldoende behuising kom oorbewoning in die meeste gevalle voor. Dit het nie alleen geestelike en fisiese ongerief tot gevolg nie, maar hou 'n ernstige gesondheidsrisiko vir die inwoners in. In die gevalle waar plaaslike owerhede behuising voorsien, is die huise dikwels swak en met minderwaardige materiaal gebou. Die Brandt-kommissieverslag (51) wys op opnames wat getoon het dat slegs een-derde tot twee-derdes van alle gesinne in stede soos Admedabad, Hong Kong, Madras en Nairobi in staat was om die goedkoopste huise te kan bekostig. Die meeste plakkerskampe en nuwe woonbuurtes in die ontwikkelende lande is verafgeleë van die industrieë waar die mense werk. Dit het tot gevolg dat die wat reeds arm is 'n groot deel van hul inkomste aan vervoer moet bestee. Dit benadeel hul armoede-omstandighede verder.

### 5.2.2 Werkloosheid

In 1977 het die "International Labour Office" vasgestel dat 331 miljoen

mense in die Derde-wêreld werkloos is. Werkloosheid in dié lande is 'n probleem wat nóú verbonde is aan die verskynsel van armoede. Ten einde vir armes in dié lande werk te verskaf, en ten einde hulle in staat te stel om in hul basiese behoeftes te voorsien, word bereken dat daar teen die einde van die eeu meer as een biljoen werksgeleenthede geskep moet word. Die arbeidsmag in die Derde-wêreld het in die vroeë sestigerjare met 1.66% per jaar gestyg en in die vroeë sewentigerjare met 1.97%, terwyl dit tussen 1980-1985 met 2.1% per jaar gestyg het. Dit word bereken dat dit uiteindelik tot 2.23% per jaar sal styg. (52) Die toenemende verstedeliking kan katastrofiese gevolge vir talle armes in dié gebiede inhou omdat daar net nie genoeg werksgeleenthede is nie.

### 5.3 Bevolkingsaanwas en Armoede

Die voortdurende bevolkingstoename het 'n meer verwoestende uitwerking as die gewone bose kringloop waarin talle armes in die ontwikkelende lande verkeer. Dit is soos 'n spiraal waarop die armes wat meer kinders het, afsak en die met minder kinders opstyg. Dit word bereken dat die bevolking van die Derde-wêreldlande drie-kwart van die wêreld se bevolking uitmaak en dat dit in die jaar 2000 vier-vyfdes sal wees. Die steeds stygende toename in geboortes in die lande word 'n ernstige probleem. Die meeste Derde-wêreldlande se bevolking neem jaarliks met omstreeks 2% toe. Tussen 1970 en 1975 was dit bv 2.3% per jaar in vergelyking met ontwikkelde lande waar dit 0.8% per jaar was. (53)

In die meeste gevalle hou die toename in geboortes verband met opvattings en instellings wat in sekere sosiale strukture in die lande ingebou is. In baie gemeenskappe kom vroeë huwelike voor, word 'n vrugbare vrou hoog aangeslaan en word manlikheid gemeet aan die aantal kinders in 'n gesin. 'n Groot getal seuns word as 'n ekonomiese en sosiale voordeel beskou. Kinders is vir 'n arm gesin 'n toekomstige bron van addisionele inkomste. Hoe meer kinders, hoe beter is die kanse vir 'n groter gesinsinkomste.

Al hierdie opvattings is egter irrasioneel en gevaarlik. Toename in geboortes het 'n uitwerking op sake soos noodsaaklike hulpbronne, water, behuising, dienste en werksgeleenthede. Voordat mense se opvattings ten opsigte van groot gesinne nie verander nie, kan gesinsbeplanningsprogramme in die ontwikkelde lande nie slaag nie. In talle Derde-wêreldlande is godsdienstige opvattings dikwels die oorsaak dat gesinsbeplanningsprogramme nie slaag nie. Dit is veral Islam in

Noord-Afrika en Suid-Wes Asië, en die Rooms Katolisisme in Sentraal- en Suid-Amerika wat afwysend teenoor gesinsbeplanningsprogramme staan. Geboortes in die gebiede is aansienlik meer as in ander areas.

Die voortdurende toename van die bevolking maak dit moeilik vir die Derdewêreldlande om aan algemene ontwikkeling aandag te gee omdat hulle verplig is om hulle inkomste aan te wend om nuwe skole, hospitale en fabrieke op te rig om die ekstra mense op te lei, te versorg en van werk te voorsien. Al sou gesinsbeplanningsprogramme in die meeste lande ingestel word en selfs verpligtend gemaak word, sal die bevolkingsgroei steeds vir minstens 50 jaar voortgaan omdat die huidige generasie oorwegend uit jongmense bestaan wat nog moet opgroei, trou en kinders kry. In die hele proses is dit veral die armes wat die meeste ly.

**5.4 Wanvoeding en Armoede**

Van alle menslike behoeftes en regte is dié van voldoende voedsel basies. Midgley (54) verwys na Donaldson wat hom hieroor soos volg uitgelaat het "...being poor, the chances are that you will spend the rest of your life being rather hungry." In die vroeër sewentigerjare is bereken dat daar meer as 455 miljoen mense in die Derde-wêreld is wat minder as die minimum vereiste voedsel ingeneem het om 'n menswaardige bestaan te maak. Die Brandt-kommissieverslag (55) meen dat een-vyfde van die hele Derde-wêreld, dit is tussen 500 en 600 miljoen en selfs soveel as een biljoen, aan wanvoeding ly of nie genoeg het om te eet nie. Die getalle mag selfs hoër wees as die haglike omstandighede in lande soos Ethiopië, Mosambiek en Angola in gedagte gehou word. Die mees algemene siekte wat verband hou met wanvoeding is Protein Energy Malnutrition (PEM). Dit word bereken dat meer as 300 miljoen kinders onder vyf jaar in die Derde-wêreld aan een of ander graad van PEM ly.

Wanvoeding en gepaardgaande siektetoestande het verrykende gevolge vir 'n gesin, 'n gemeenskap en 'n land. Dit het veral 'n vernietigende uitwerking op die ekonomie. 'n Honger werker is gewoonlik minder produktief, vanweë sy onproduktiwiteit loop hy gevaar om afgedank te word. Wanvoeding het dus menigmaal werkloosheid tot gevolg. Die feit dat 'n werker sy werk verloor, gee weer aanleiding dat hy oor geen inkomste beskik om voedsel te koop nie, met die gevolg dat die arme wat aan wanvoeding ly, vasgevang is in 'n kringloop van armoede en wanvoeding.

Vanweë die probleem van wanvoeding, is kinders in onderontwikkel-

de lande kleiner as . kinders in ontwikkelde lande. Wanneer 'n verwagtende moeder ondervoed is, beïnvloed dit die ontwikkeling van die ongebore kind. Die ontwikkeling van die menslike brein is in 'n groot mate afhanklik van voedsel voor en na geboorte. Kinders wat dus voor geboorte en kort daarna aan wanvoeding ly, ontwikkel later leerprobleme en sal skolasties nie normaal kan vorder nie. As gevolg van wanvoeding is kinders in die Derde-wêreld gedoem tot 'n lewe van armoede wat hulle weer op hulle beurt na hul kinders oordra.

Daar is 'n duidelike verband tussen wanvoeding en siektes. Wanvoeding verlaag die mens se weerstand teen siekte en siekte op sy beurt vererger wanvoeding. Wanvoeding is verantwoordelik vir bykans 50% van alle siektes en dood van kinders in die Derde-wêreld. In Latyns-Amerika sterf 8% van alle kinders tussen 6 maande en 2 jaar aan direkte oorsake van ondervoeding, terwyl 41% van alle siektes verband hou met wanvoeding. (56)

**5.5 Siekte en Armoede**

Die soort siektes wat in die Derde-wêreld voorkom, verskil grootliks van dié in ontwikkelde lande. Dié soort siektes is meestal aansteeklik en parasieties van aard en het ook te make met die asemhalingsisteem. Hulle is vir ongeveer 44% van alle sterftes verantwoordelik. Wat sterftes onder kinders in dié lande betref, word bereken dat tussen 40 en 200 van elke duisend voor hul eerste verjaarsdag sterf.

Siekte en armoede is nou verbonde aan mekaar. Kroniese siekte het armoede tot gevolg, terwyl armoede 'n ideale broeiplek vir siektes is. Siektes het nie alleen ekonomiese uitgawes vir die individue of gesin tot gevolg nie, maar raak ook die hele land. Dit verlaag die produktiwiteit van die sieke, wat weer 'n invloed op sy inkomste het. Verder het dit ook tot gevolg dat 'n land veel meer moet spandeer aan die mediese versorging van sy burgers.

Daar is afdoende bewyse dat, naas ongebalanseerde en swak voedselinname, onsuiwer water en swak sanitêre geriewe in 'n groot mate verantwoordelik is vir die siektes wat in die Derde-wêreldlande voorkom. Midgley verwys na 'n verslag van die Verenigde Volke Organisasie wat dit soos volg saamvat:

> Health cannot be taken for granted when 75% of the world's inhabitants are without an adequate and safe supply of water, when 85% depend on the most primitive methods for the disposal of excreta and refuse. (57)

Dit word bewys dat tussen 20 en 25 miljoen kinders jaarliks in dië lande sterf aan siektes wat verband hou met onsuiwer water en swak sanitêre geriewe. (58) Swak mediese dienste en 'n tekort aan medici in die landelike gebiede dra by tot die vernietigende uitwerking van siektes op die inwoners in die Derde-wêreldlande.

**5.6 Onderwys en Armoede**

Ongeletterdheid in die Derde-wêreld raak nie alleen 'n persoon se inkomste nie, maar gaan veel dieper. Dit is in die meeste gevalle vir 'n arm persoon of groep 'n ernstige struikelblok op politieke en kulturele gebied. Ongeletterdheid is 'n persoonlike tragedie vir 'n arm persoon omdat dit 'n magtige wapen is om teen hom te diskrimineer, hom uit te buit en te onderdruk.

Gedurende die sestigerjare was 59% van alle volwassenes in die ontwikkelende lande ongeletterd. Dit het tien jaar later na 50% gedaal. Vanweë die styging van die bevolking het die getal ongeletterdes sedertdien egter weer toegeneem. Volgens die UNESCO verslag (waarna Midgley verwys, soos reeds bo vermeld) is bereken dat daar in 1960 740 miljoen ongeletterdes in die Derde-wêreld was. Die getal het volgens die verslag in 1970 toegeneem met 'n verdere 80 miljoen mense. Dieselfde verslag meld ook dat 45% van die wêreld se kinders in dieselfde tydperk geen skoolopleiding ontvang het nie. (59)

Ongeletterdheid kom in 'n groot mate in landelike gebiede voor. In 1971 was slegs 50% volwassenes in die stede van die Derde-wêreld ongeletterd, teenoor 88% in die landelike gebiede. In El Salvador bv was een uit elke drie inwoners in die stedelike gebiede ongeletterd teenoor twee uit elke drie op die platteland. Ongeletterdheid kom in die meeste gevalle by die laer inkomstegroep voor. Veertig persent van die manlike persone in die Derde-wêreld is ongeletterd teenoor 60% vroue. (60)

Ongeletterdheid is dus in 'n groot mate 'n bydraende faktor tot die kroniese armoede-toestande waarin so 'n groot persentasie van die mense in die ontwikkelde lande verkeer.

Ten spyte van die feit dat arm lande 'n groot deel van hul begroting aan onderwys toegesê het, is daar op dié terrein baie geld gemors grootliks vanweë die hoë druipsyfer in skole en kinders wat te vroeg die skool verlaat het. Die bydraes wat regerings maak ten opsigte van die onderwys het 'n toenemende las geword. Die hoë druipsyfer

bring mee dat 'n skoolkind meer jare op die skoolbanke moet deurbring voordat hy kan matrikuleer. Dit beteken groter onkoste. Die ekonomiese onvermoëns van dië arm lande sal dan ook met verloop van tyd die onderwys benadeel omdat geld nie vir die doel beskikbaar sal wees nie. Daar moet 'n gedagte gehou word dat, in verhouding tot die bruto inkomste van lande, bestee die Derde-wêreld relatief meer aan opvoeding as die ontwikkelde lande.

Daar is veral twee redes wat dit vir armes in landelike gebiede in die Derde-wêreldlande bemoeilik het om die onderwysfasiliteite te benut, naamlik gebrek aan geld en die afstand na skole. Landelike gebiede beskik oor minder skole en gebrekkiger fasiliteite en onderwyspersoneel. Kinders in verafgeleë gebiede moet dikwels teen hoë koste na die naaste skole reis. Die meeste sekondêre skole is gewoonlik in die stede, wat dit vir die arm plattelandse kinders nog moeiliker maak om verder te studeer. Die meeste ouers is ook gewoonlik nie in staat om enige bydrae te lewer tot die opvoeding van hulle kinders nie. In baie gevalle is die toestand van armoede so groot dat ouers verplig is om hul kinders uit die skool te neem om te gaan werk ten einde die gesinsinkomste te help aanvul. Soos vroeër genoem, het wanvoeding 'n uitwerking op die ontwikkeling van 'n kind se brein. Kinders uit arm gesinne is nie alleen swak ontwikkel nie, maar het ook voortdurend te make met wanvoedingstoestande, terwyl hulle weinig gestimuleer word. Dit het 'n onbetwiste uitwerking op hul akademiese vordering. In die lig van bogenoemde is dit dus vir die arme in die Derde-wêreld uiters moeilik om deur middel van die onderwys uit sy armoedetoestand te ontsnap. Omdat onderwys en akademiese prestasie die sleutel tot ekonomiese ontwikkeling en 'n hoër inkomste is, is die arme in die Derde-wêreldlande gedoem tot 'n lae verdienste en gevolglik 'n toestand van armoede waaruit hy kwalik kan ontsnap.

Ondersoeker is van mening dat daar bepaalde ooreenkomste is tussen die verskynsel van armoede soos dit in die Derde-wêreldlande voorkom en soos dit by talle nie-blankegroepe, die Kleurlingbevolking ingesluit, gevind word. Alhoewel daar graadverskille bestaan ten opsigte van die omvang van sekere verskynsels wat verband hou met armoede, is daar tog duidelike raakpunte wat waargeneem kan word. Die verskynsel van gemeenskapsarmoede in die Kleurlinggemeenskap word breedvoerig in hoofstuk 4 bespreek, derhalwe word nou slegs kortliks aandag gegee aan die ooreenkomste met die verskynsels in die Derde-wêreldlande.

* Armoede in die Kleurlinggemeenskap is soortgelyk aan dié in die Derde-wêreld, 'n verskynsel wat oor verloop van 'n lang tydperk by 'n sekere groep in die onderskeie gemeenskappe ontwikkel het. Dit is 'n bose kringloop wat van een generasie na 'n volgende oorgedra is en hou verband met die ontneming van mense se regte deur strukture in die samelewing. Mense wat eenmaal in die kringloop beland het, vind dit moeilik om daaruit te ontsnap.

* Die omstandighede van die plaaswerkers in die Kleurlinggemeenskap toon ooreenkomste met dië in die Derde-wêreldlande. Eersgenoemde is ook 'n uitgelewerde groep wat dikwels die prooi is van gewetenlose ryk grondbesitters wat hulle uitbuit.

* Die verskynsel van verstedeliking het ook vir die massas arm Kleurlinge wat in die lãät twintigerjare en vroeë dertigerjare na die stede gestroom het katastrofiese gevolge gehad. Onvoldoende en swak behuising gepaardgaande met oorbewoning asook 'n toename in werkloosheid, was die gevolg wat die meeste gesinne, wat van die platteland afgekom het in die gesig gestaar het. Die situasie is in 'n groot mate vandag dieselfde of slegter.

* Soortgelyk aan die Derde-wêreldlande hou die huidige **hoë bevolkingsgroei** onder die onderontwikkelde deel van die Kleurlinggemeenskap verreikende maatskaplike implikasies vir hulself en die land in. Indien dit nie bevredigend aangespreek word nie, mag dit tot ekonomiese chaos en onvoorspelbare ontwrigting lei.

* Verskynsels soos **wanvoeding en siektetoestande** wat verband hou met armoede en veral die hoë persentasie kindersterftes in die Kleurlinggemeenskap toon duidelike ooreenkomste met die onderontwikkelde lande. Alhoewel die omvang van die verskynsel soos dit by die Kleurlinggemeenskap voorkom, graadverskille mag hê met die ontwikkelende lande, is daar tog duidelike waarneembare ooreenkomste.

* Die **onderwys** in die Kleurlinggemeenskap, in vergelyking met talle Derde-wêreldlande, is meer ontwikkel. Tog het die gemeenskap ook met probleme soos ongeletterdheid, vroeë skoolverlatings en 'n hoë druipsyfer te doen.

* Soos in die geval by die Kleurlingbevolking, kom gemeenskapsarmoede by die meeste arm gemeenskappe in die Derde-wêreldlande voor. Individue en huishoudings in die bepaalde gemeenskappe ondervind toestande van armoede wat veroorsaak word deur gebrekkige inkomste (private

bronne) en gaan ook mank aan die hoeveelheid en kwaliteit van gemeenskapsfasiliteite en dienste. Ontoereikende behuising, onderwys en mediese dienste kom in die algemeen voor. Die toestand het ook daartoe bygedra dat die verarmde subgemeenskappe lewenshoudings en gedragsneigings ontwikkel het wat afwyk van die gewone middelstand.

**SAMEVATTING**

Die literatuurstudie oor armoede as maatskaplike verskynsel toon dat daar 'n groot verskeidenheid definisies oor die fenomeen bestaan vanweë sy veeldimensionele aard. Die onderskeie definisies beklemtoon verskillende fasette van die verskynsel afhangend van die analisering daarvan. Daar is op enkele van die definisies van armoede ingegaan ten einde 'n beter begrip van die verskynsel te verkry wanneer armoede in die Kleurlinggemeenskap bestudeer word.

'n Paar belangrike sake het uit die literatuur na vore gekom wat na ondersoeker se oordeel belangrik is ten einde armoede te kan begryp. Dit is duidelik dat armoede 'n relatiewe saak is en die meting van die verskynsel is 'n ingewikkelde probleem. Armoede is 'n toestand wat hoofsaaklik verband hou met gebrekkige inkomste sodat persone of groepe nie in staat is om in hul basiese lewensbehoeftes te voorsien nie.

Die toestand hou verband met 'n proses van verarming. Die proses kom voor binne samelewingstrukture en ontneem dikwels mense van lewensbronne wat noodsaaklik is om in hul lewensbehoeftes te voorsien. Dié proses van verarming wat binne samelewingstrukture voorkom, word van een geslag na 'n ander oorgedra. Die ontneming van mense se basiese politieke en ekonomiese regte hou verband met die proses. Ten einde armoede suksesvol te bekamp, behoort die samelewingstrukture ook aangespreek te word. Die toestand van armoede raak gewoonlik die totale mens, naamlik sy stoflike en sielkundige behoeftes asook sy menswaardigheid.

Gemeenskapsarmoede dui nie alleen op 'n toestand waarin individue en huishoudings van 'n bepaalde gemeenskap verkeer weens gebrekkige inkomste nie, maar staan ook in verband met 'n gebrek aan die hoeveelheid en kwaliteit van gemeenskapsfasiliteite. In gevalle waar geriewe en dienste in 'n relatiewe arm gemeenskap opvallend ontoereikend is, word benewens huishoudings wat onder die "broodlyn" leef, ook

ander huishoudings in die gemeenskap as arm beskou vanweë die ontoereikendheid van gemeenskapsdienste. Met verloop van tyd ontwikkel die verarmde subgemeenskap lewenshoudings en gedragsneigings wat in belangrike opsigte afwyk van die gemiddelde standaard en norme van die gewone middelstand. Volgens ondersoeker se mening verkeer 'n groot deel van die Kleurlinggemeenskap in 'n toestand van gemeenskapsarmoede. 'n Bespreking oor die verskynsel van chroniese gemeenskapsarmoede soos dit by die onderste groep van die Kleurlinggemeenskap voorkom word in hoofstuk 4 aangebied.

Die benadering dat daar 'n objektiewe maatstaf gevind kan word tot die meting van armoede, word deur die "Poverty Datum Line" verteenwoordig. Dit bied empiriese maatstawwe waarvolgens armoede in verhouding tot 'n spesifieke standaard op 'n bepaalde tyd in 'n bepaalde gemeenskap bepaal kan word. Ten spyte van die pogings om gesofistikeerde metingstegnieke vir armoede te ontwikkel, bestaan daar tog leemtes. Prysskommelings evaluasie van geldeenhede en die gebrek aan prysbeheer maak dit moeilik om 'n absolute maatstaf van wat die "broodlyn" eintlik is, te ontwikkel.

Die verskillende perspektiewe oor armoede, o.a. die teorie oor die "**kultuur van armoede**" en die ras-minderwaardigheidsteorie, bly omstrede. Alhoewel daar bv duidelike ooreenkomste is tussen die kenmerke wat in die "kultuur van armoede" bespreek word en wat by die onderste laag Kleurlinge wat in chroniese armoede verkeer, voorkom, verkies ondersoeker om die armoede van laasgenoemde eerder toe te skryf aan **'n wisselwerking van ongunstige omstandighede en interne sosialisering.** Die **ras- en minderwaardigheidsteorie** van armoede word verwerp as onwetenskaplik. 'n Mens se velkleur of afkoms is nie vanselfsprekend 'n bydraende faktor tot sy armoedetoestand nie. Die **struktureel-funksionele** beskouing leen hom in besonder daartoe om beter begrip te kry van heelwat patrone en verskynsels soos dit by die onderste laag van die Kleurlinge voorkom. Die Marxistiese ontleding bied 'n interessante en belangrike beskouing oor armoede wat reeds in hierdie hoofstuk bespreek is (vide pp. 23 - 25). Die kernvraagstuk is in watter mate die Marxistiese leer van toepassing op die Kleurlingbevolking se maatskaplike posisie is en watter implikasies Marx se stellinge vir maatskaplike werk inhou, dit wil sê maatskaplike werk wat daarop gerig is om gemeenskapsarmoede te bekamp. Word Marx sonder meer aanvaar, moet die maatskaplikewerk-beroep verdwyn. Skrywer onderskryf nie hierdie benadering nie.

Die etiek van sy beroep vereis dat aan menslike ellende of lyding aandag gegee moet word; ook dat menseregte beskerm moet word. Die vernietiging van eiendom, regte en menselewens kan nooit deur die beroep voorgestaan word nie; in sover as wat die Marxistiese leer revolusie as die inherente oplossing sien, kan dit nie aanvaar word nie. Marx se ontleding bied egter baie belangrike insigte in sekere aspekte van armoede, veral wat die begrip vervreemding aangaan. Hierna sal later verwys word.

Aangesien dit moeilik is om te bepaal wat die verhouding is tussen die faktore wat die oorsaak of die gevolg van armoede is, verkies ondersoeker om van dié sulke as "begeleidende verskynsels" tot armoede te praat. Sulke verskynsels staan in noue verband met armoede of kan selfs 'n invloed op armoede hê. Dit sluit verskynsels soos werkloosheid, ouderdom, gesondheidstoestande, gebrekkige onderwys en opleiding, landboukundige en industriële faktore, alkoholisme, groot gesinne en behuising in. Maatskaplike probleme soos verbrokkelde gesinslewe, buite-egtelikheid, onbeplande geboortes en misdade is ook geïdentifiseer.

In die bestudering van die verskynsel van armoede in die Derde-wêreldlande het dit duidelik geword dat daar bepaalde ooreenkomste is met armoede soos dit by die Kleurlinggemeenskap voorkom. Daar is wel graadverskille, maar duidelike raakpunte kan waargeneem word. Daar kan dus ten opsigte van armoede gesê word dat die Kleurlinggemeenskap 'n Derde-wêreldsituasie verteenwoordig. In die bekamping van die probleem en in die daarstelling van strategie moet die maatskaplikewerk-beroep hierdie basiese feite in gedagte hou. Ondersoeker wil in 'n groot mate saamstem met Midgley as hy dit soos volg saamvat: "It is dufficult to accept that social work's convential approach can be applied effectively to deal with problems of mass poverty in the Third World; the problems of underdevelopment have their roots in political, economic and social factors and not in the minds of individuals or in their maladjustments." (61)

In die volgende hoofstuk sal die klem meer direk op die Kleurlingbevolking as sulks val. Daar sal, wat gemeenskapsarmoede betref, bepaal word watter rol historiese gebeure en politieke en ekonomiese faktore gespeel het.

---oOo---

## VERWYSINGS


1. Terreblanche, S. 1977. Gemeenskapsarmoede: Perspektief op Chroniese armoede in die Kleurlinggemeenskap na aanleiding van die Erika Theron-verslag. Tafelberg, Kaapstad. pp. 61 - 62.
2. Ibid., p. 62.
3. Rip, CM. 1970. Contemporary Social Pathology. Academica, Pretoria Cape Town. p. 6.
4. Zeeman, MTS. 1937. Die Armsorgwerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. SACUM, Bloemfontein. p. 54.
5. Van Eeden, IJ. 1982. Armoede in Sosiologiese Perspektief, NG Kerk-boekhandel, Pretoria. p. 7.
6. Sen, A. 1982. Poverty and Famines: An Essay on Entitlement and Deprivation. Clarendon Press, Oxford. p. 11.
7. Coetzee, JH. 1942. Verarming en Oorheersing. (Tweede Druk). Nasionale Pers Bpk, Kaapstad. p. 8.
8. Van Eeden, op.cit., p. 4.
9. Osler, SM et al. 1987. Definition and Measurement of Poverty. Volume 1. Westview Press, Boulder Colorado. p. 18.
10. Wilkes, R. 1981. Social Work with Undervalued Groups. Tavistock Publications, London and New York. p. 123.
11. Gillin, JL. 1970. Social Pathology. Appleton - Century, New York & London. p. 66.
12. Rip. op.cit., p. 66.
13. Loc. cit.
14. Bromley, R & Gerry, C. 1979. Casual Work and Poverty in Third World Cities. John Wiley and Sons, Toronto. p. 11.
15. Townsend, P. 1977. The Concept of Poverty. Heinemann, London. p.2
16. Townsend, P. 1973. The Social Minority. Allen Lane, London, p. 16.
17. Terreblanche, op.cit., pp. 62 - 64.
18. Rip, op.cit., p. 64.
19. Van Eeden. op.cit.,p. 7.
20. Batson, E. 1941. The Poverty Datum Line. Social Survey of Cape Town, Report No. 55, 3. p. 1.
21. Batson, E. 1942. "A Contribution to the Study of Urban Coloured Poverty." Race Relations: Volume IX, No. 1. p. 1.
22. Lewis, O. 1975. "The Culture of Poverty" in Thomas Weaver (Ed): To see Ourselves: Anthropology and Modern Social Issues. Scott, Foreman and Co, Glenview. p. 235.

23. Loc. cit.

24. Du Toit, JB. 1977. "Armoede as Subkultuur." Maatskaplike Werk/Social Work. Jaargang 13 No.1. pp. 34 - 35.

25. Schiller, B. 1980. Economics of Poverty and Discrimination (Third Edition). Prentice Hall, Englewood Cliffs, N.Y. p. 101.

26. Ibid., p. 107.

27. Loc. cit.

28. Van Eeden; op.cit., p. 14.

29. Ibid., p. 14.

30. Wilczynski, J. 1981. An Encyclopedia Dictionary of Marxism, Socialism and Communism. MacMillan Press. London. p. 80.

31. Aron, R. 1965. Main Currents in Sociological Thought. Penguin Books. Middlesex. Engeland. pp. 116 - 119.

32. Wilczynski, op.cit., p. 80.

33. Sills, DL. 1968. International Encyclopedia of Social Sciences. Vol. 15. The MacMillan Company. New York. p. 300.

34. Schiller, op.cit., p. 48.

35. Ibid., p. 50.

36. Ibid., p. 76.

37. Ibid., p. 84.

38. Rip, op.cit., pp. 66 - 67.

39. Schiller, op.cit., p. 116.

40. Rip, op.cit., p. 67.

41. Van Regenmortel, PL & Van Harte, E. 1977. Family Planning in the Greater Cape Town Area: A Background Study. Institute for Social Development, University Western Cape. p. 38.

42. Rip, op.cit., p. 69.

43. International Commission on International Issues. 1980. North - South: A Program for Survival. MIT Press, Cambridge (Mass), p. 49. (Hierdie verslag is deesdae alombekend as die Willy Brandt-kommissie se verslag).

44. Midgley, J. 1981. Professional Imperialism: Social Work in the Third World. Heinemann Educational Books, London. p. 117.

45. Brandt Commission, op.cit., p. 49.

46. Ibid., p. 50.

47. Midgley, op.cit., p. 108.

48. Harrison, P. 1978. Inside the Third World: The Anatomy of Poverty. Harvester Press, London. p. 213.

49. Ibid., p. 105.

50. Midgley, op.cit., p. 112.

51. Brandt Commission, op.cit., p. 56.

52. Harrison, op.cit., p. 213.

53. Midgley, op.cit., p. 113.

54. Ibid., p. 111.

55. Brandt Commission, op.cit., p. 55.

56. Harrison, op.cit., p. 267.

57. Midgley, op.cit., p. 112.

58. Brandt Commission, op.cit., pp. 55.

59. Midgley, op.cit., pp. 112 - 113.

60. Harrison, op.cit., p. 305.

61. Midgley, op.cit., p. 116.

---o0o---

# HOOFSTUK 3

# DIE KLEURLINGBEVOLKING IN SUID-AFRIKA

Die Kleurlingbevolking vorm 'n belangrike deel van die totale Suid-Afrikaanse samelewing. Die bydrae wat die groep gelewer het tot die ontwikkeling van die land word dikwels nie na waarde geskat nie. Ten spyte van die feit dat die Kleurling reeds so te sê vanaf die volkstigting deel uitgemaak het van die Suid-Afrikaanse samelewing, is hy vandag nog steeds in 'n ondergeskikte posisie.

Differensiasie op grond van ras en kleur speel reeds sedert die sewentiende eeu 'n rol in die sosiale, ekonomiese, kulturele en politieke lewe in Suid-Afrika. Sedert die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 is toenemend van owerheidsweë maatreëls getref om verhoudings tussen Blankes en ander bevolkingsgroepe op 'n gesegregeerde grondslag te plaas. Veral sedert 1948 is daartoe oorgegaan om hierdie verhoudings op 'n omvattende landswye skaal ooreenkomstig die beleid van afsonderlike ontwikkeling te reguleer. Laasgenoemde beleid, wat daarop ingestel was om eiesoortige behoeftes en inspirasie van verskillende bevolkingsgroepe te erken en onderlinge dominansie van groepe uit te skakel, was nooit aanvaarbaar by die meeste Kleurlinge nie. Die beleid van afsonderlike ontwikkeling het bepaalde implikasies vir die Kleurling se ontwikkeling gehad.

Skrywer kan hom hoegenaamd nie vereenselwig met die benaming "Kleurling" nie. Die omskrywing van 'n "Gekleurde" volgens die Bevolkingsregistrasiewet (Wet 30 van 1950) is uiters negatief. 'n "Gekleurde" word volgens die wet omskryf as 'n persoon wat nie 'n Bantoe of 'n Blanke is nie. Ingevolge artikel 5 (1) en (2) van die Wet is Gekleurdes in die volgende groepe verdeel: Kaapse Kleurling, Maleiers, Griekwas, Sjinese, Indiërs en "ander" Asiate. 'n Kleurling is dus nie 'n lid van 'n inboorlingstam (soos die Swartes) of ras (soos 'n Blanke) nie. Daar word dikwels na die Kleurlinge as "Bruinmense" verwys. Dié beskrywing is ook nie aanvaarbaar nie, want die huidkleur van die groep wissel van wit tot swart. Weliswaar is die groot massa nie-blank, maar ook nie swart nie. Daar is ook baie Blankes wat donkerder is as 'n groot aantal Kleurlinge, en tog nie om dié rede hulle plek in die Blanke-gemeenskap ontsê word nie. Kleur word dus te veel beklemtoon en dit skep die indruk van 'n minderwaardige groep.

Die onbevredigende pogings om aan hierdie "groep" mense 'n oortuigende naam te gee spruit uit maatskaplike doelwitte. Biologies is die grense

van die "groep" feitlik onbepaalbaar. Fisiese verskille kry slegs maatskaplike betekenis deur hulle aan ideologiese (of ander maatskaplike verskynsels) te koppel. Wanneer die ideologie van apartheid verwerp word, soos skrywer dit verwerp, volg dit dat differensiëring wat die benaming meewerk ook verwerp word.

Skrywer se beswaar teen die benaming "Kleurling" of "bruinmense" is vanweë die diskriminasie wat daarmee gepaardgaan veral binne die Suid-Afrikaanse samelewing. Mense word beoordeel en geklassifiseer op grond van hul velkleur wat volgens skrywer se Christelike oortuiging nie aanvaar kan word nie.

Per slot van rekening bewoon die Kleurling dieselfde grondgebied as die Blankes (met plaaslike woonbuurtskeiding), praat dieselfde taal of tale as die Blankes, meer nog die grootste persentasie, nes die Blankes, bely die Christelike geloof. Op kulturele gebied in sover dit taal, godsdiens en leefwyse aangaan, is die Kleurling ongetwyfeld saam met die Blanke deelgenote van die Westerse beskawing. Die feite toon dat in kerk, skool, arbeid, ontspanning, kunste, ekonomie en politiek die Kleurling dieselfde goedere as die Blanke hanteer en sy waardes deel.

Weliswaar is daar groot graadverskille in die mate waarin afsonderlike groepe onder die Kleurling die waardes geassimileer en in hul gedragspatrone uitgewerk het. Kwantitatief dus, is daar 'n verskil tussen die meerderheid Kleurlinge en die meerderheid Blankes wat hulle kulturele ontwikkeling betref, maar kwalitatief het ons met 'n verwerking van dieselfde kultuurgoedere te doen.

Een van die wangevolge van apartheid se groepsverdelinge is om Suid-Afrikaners te laat dink en optree, asof byvoorbeeld alle Kleurlinge eners is. Stratifikasie binne die geledere is egter baie groot - groter sou skrywer sê as onder Blankes.

Aangesien mense in die Suid-Afrikaanse samelewing egter inderdaad op grond van kleur en ras geklassifiseer en gegroepeer word, het skrywer geen ander keuse as om in hierdie ondersoek na die bepaalde groep wat as Kleurlinge bekend staan, as sulks te verwys nie, al is beide die term en die redes daarvoor vir hom verwerplik.

Die doel van hierdie hoofstuk is om aan die hand van die etniese samestelling en ontwikkeling van die Kleurlingbevolking sedert die volkstigting aan te toon watter faktore 'n bydrae gelewer het tot die probleem van

armoede, soos deur Kleurlinge ondervind word.

Aandag word eerstens gegee aan die etniese samestelling van die Kleurlingbevolking soos dit vandag daar uitsien, veral aan die verskillende komponente waaruit dit saamgestel is. Hierna word daar na die verskillende periodes in die Kleurlingbevolking se ontwikkeling gekyk. Drie periodes word geïdentifiseer, naamlik vanaf die volkstigting in 1652 tot en met Uniewording in 1910; voorts vanaf 1910 tot in 1948 toe die Nasionale Party aan bewind gekom het; en ten slotte vanaf 1948 tot op die hede.

## 1. DIE ETNIESE SAMESTELLING VAN DIE KLEURLINGBEVOLKING:

Geskiedskrywers en volkekundiges is dit eens dat die Kleurlingbevolking sy oorsprong het uit die elemente wat oorspronklik in Suid-Afrika woonagtig was en elemente wat die land later binnegekom het. Die elemente wat hier ter sprake is, is die Hottentotte, Boesmans en Swartes in Suid-Afrika en die Blankes en hul slawe wat later na die land gekom het.

Aandag sal eerstens gegee word aan die inheemse komponente (Hottentotte en Boesmans) en daarna na die ingevoerde slawe. Ten slotte sal daar gekyk word na die vermenging van hierdie verskillende elemente met onder andere die Blankes en Swartes.

### 1. DIE HOTTENTOTTE:

Die Hottentotte word eerste behandel omdat hulle die eerste mense was met wie die Blankes in Suid-Afrika in aanraking gekom het en met wie hulle later vir 'n lang periode in noue kontak verkeer het.

Volgens Coertze (1) is die jongste getuienis dat die Hottentotte hulle oorsprong het uit 'n Afro-Mediterreense Kaukasoiëde volk wat uit Oos-Afrika oor die oostelike hooglande suidwaarts beweeg het, en hulle uiteindelik in Suid-Afrika kom vestig het. Hulle moes baie vroeg reeds met verteenwoordigers van die Kapoiëde stamras in aanraking gekom en met hulle vermeng het. Hieronder ressorteer die Boesmans (Sanoiëde) wat vandag nog in klein getalle in Suid-Afrika aangetref word. Die Hottentotte (wat veeherders

was) en die Boesmans (wat jagters was) was voortdurend met mekaar in stryd. Laasgenoemde het onder die veetroppe van die Hottentotte gejag, 'n handeling wat verstaanbaar vir ons is, maar vir die Hottentotte onvergeeflik. Soos dit vroeër oral gebruiklik was, was vroue en kinders ook vir hulle oorlogsbuit. Langs dié weg het die Hottentotte geneties stelselmatig verboesman (versan). Hulle het in toenemende mate dieselfde fisieke eienskappe van die Boesman vertoon sodat hulle volgens hulle fisieke voorkoms naderhand soms moeilik van mekaar onderskei kon word. Dit spreek vanself dat die Boesman langs hierdie weg ook deur die Hottentotte beïnvloed is. Die fisieke verskille tussen die Boesman en Hottentotte is gering. Beide kan onder die Kapoiëde stamras tuisgebring word, terwyl daar via die Hottentotte ook nog 'n Kaukasoiëde inslag aanwesig is.

Toe Vasco Da Gama in 1498 om die Kaap geseil het, het hy reeds Hottentotte by St Helenabaai en by Mosselbaai teëgekom. (2) Vanaf hierdie datum tot by die landing van Jan van Riebeeck, het Portugese, Engelse en Hollanders op verskillende punte van St Helenabaai af tot by Mosselbaai gereeld met Hottentotte in aanraking gekom.

Die benamings Hottentotte en Khoe-Khoen (afgekort na Khoen) is versamelname wat dien om 'n hele reeks stamme van kleiner en groter omvang wat 'n ooreenstemmende kultuurpatroon besit en bygevolg ook dieselfde soort taal gepraat het en in Suidwes-Afrika/Namibië nog gepraat word, aan te dui. Hulle oorspronklike verspreiding in Suid-Afrika was van die suide van Suidwes en die Westelike oewers van die Oranjerivier, langs die weskus af suidwaarts tot by die huidige Oos-Londen. (3) MacMillan wys daarop dat die Hottentotte vanaf Tafelberg tot by die Visrivier gewoon het. (4)

Verskeie Hottentotstamme het met die aanvang van die blanke volksplanting in die omgewing van die Kaap gewoon. Die belangrikste van hierdie stamme is volgens Coertze (5) die Goringhaikona (Strandlopers - hulle was Herrie se mense), Goringhaikona (Kaapmans), Gorachoukwa (Tabakdiewe), Cochakwa (Saldanhars), Klein en Groot Charigurikwa, Chainoukwa en Hancumkwa. Bruwer noem weer drie groepe, naamlik:

(1) Die **Kaapse Groep** bekend as die Kaapmans en Saldanhars. Die Saldanhars het volgens hom in die huidige Wes-Kaapland met hul veetroppe rondgetrek.

(2) Die **Oostelike Groep** wat langs die Suidkus tot by die Groot Visrivier en na die binneland tot by die huidige Prins Albert en Aberdeen-distrik gewoon het.

(3) Die **Noordelike Groep** wat veral die streke van Klein en Groot Namakwaland suid en noord van die Oranjerivier gewoon het. (6)

'n Paar stamme het voor die einde van die sewentiende eeu hulle beeste gevat en na die binneland getrek. Dit was die Gorachoukwa, gevolg deur die Goringhaikwa, Cochakwa en die Chainoukwa.

Die Gorachoukwa het hulle in die omgewing van die huidige Victoria-Wes gaan vestig en hier het die ander by hulle kom aansluit. 'n Nuwe, groter etniese eenheid het hier sy ontstaan gehad wat bekend geword het as die Korauna en hulle woonplek was aanvanklik die gebied tussen die Nuweveldberge en die Oranjerivier. (7) In 1775 het hulle reeds bestaan uit 'n hele aantal klein stammetjies. Met die koms van die trekboere het hulle padgegee en noordwaarts oor die Oranjerivier getrek. Die Korauna was 'n baie lewendige groepie stamme wat later vreemde elemente in hulle geledere opgeneem het, maar uiteindelik in 1879 finaal deur die Kaapse regering verslaan en onderwerp is.

Die Hottentotte wat in die omgewing van die Kaap gebly woon het, was nie so gelukkig nie - hulle etniese bestaan, en ook in 'n groot mate hulle menslike bestaan, is ernstig versteur. Die pokke-epidemies van 1713 en 1755 was hiervoor verantwoordelik.

Die epidemie van 1713 het 'n groot slagting onder al die lede van die bevolking aan die Kaap veroorsaak - onder die Hottentotte was dit die grootste. Net een uit elke tien het bly lewe. Die epidemie van 1755 het 'n groter tol in die binneland geëis. Dit is duidelik dat die pokke verantwoordelik was vir die

vernietiging van 'n groot aantal Hottentotte. Die normale sosiaal-organisasie - eenheid waarin hulle as sodanig bestaan het, het vir 'n groot aantal Hottentotte verdwyn.

Alle Hottentotstamme is egter nie verwoes nie. Volgens Coertze (8) was die Gonakwa in die Oos-Kaap, die Nama suid en noord van die Oranjerivier in die Weste en die Koravna nie deur die pokkies gedesorganiseer nie. Die Gonakwa het egter as etniese eenheid in die negentiende eeu verdwyn, terwyl die Nama- en Oorlams-Hottentotte vandag nog in Suidwes-Afrika/Namibië woon.

Na die vernietigende pokkie-epidemies het talle Hottentotte 'n heenkome en beskerming as arbeiders in diens van Blanke trekboere gevind. Die Hottentotte aan die Kaap wat die pokkies oorleef het, het in diens van die Blankes getree en die Westerse leefwyse oorgeneem. Ontneem van hul grond en veetroppe het die Hottentotte aan die Kaap uit en uit van die genade van die Blanke geleef. Die Hottentotte wat deur die trekboere in die binneland aangetref was, was in hierdie stadium reeds, vanweë die groot slagting veroorsaak deur die pokke-epidemie, gedesorganiseer. Hulle het, om te kon voortbestaan in diens van die Blankes getree.

Daar was egter nog brokstukke van stamme wat oorgebly het. So was Zuurbraak (later Suurbraak - naby Swellendam) die woonplek van die oorblywende Attakwa, terwyl Hoogekraal (naby George), later herdoop na Pacaltsdorp, die woonplek van die oorblywende Outenikwa geword het. In Genadendal was weer oorblywende Hessekwa woonagtig. (9) In die Weste het die Karigurikwa (die klein Seemense) ook in gewysigde vorm bly voortleef. Ook hulle het gedeeltelik in diens van die Blanke getree. Die Hottentotte was nooit deur die Hollandse regering aan die Kaap beskou as deel van die wordende Blanke-volk nie. Hierna verwys Theal soos volg:

> The theory of Dutch law was that they were a free people entitled to govern themselves and to come and go when and where they liked except on private property. Their personal liberty had never been interfered with, except in the instance

> of children of Hottentot mothers and slave fathers, born and reared upon farms, who could be claimed as apprentices upon reaching the age of eighteen months, and in the instance of a small number of individuals of both sexes who lived in a disreputable manner on the Cape Flats and in the outskirts of the town who were placed under strict surveillance by the resolution of the council of the policy on the 29th of June 1987. They were regarded as subject to the colonial courts into cases where the interests of white people were affected. They paid no taxes and could not be called out for public services as white men were. (10)

Daar sal in 'n latere bespreking stilgestaan word by die 1809 proklamasie van Graaf Caledon toe die Hottentotte hul vryheid ontneem is. Die proklamasie is egter in 1828 herroep en die Hottentotte is gelyk gestel aan die Blankes. Die bekende 50ste Ordonnansie was 'n keerpunt, want dit was die einde van die "Hottentot-status" en die begin van die status as vry "Kaapse Kleurlinge."

**1.2 Die Boesmans (San)**

Die Boesmans vorm saam met die uitgestorwe Boskopmense die suidelike verteenwoordigers van die Kapoïede stamras. Vandag is hulle hoofsaaklik woonagtig in Botswana en Suidwes-Afrika/Namibië. Coertze (11) wys daarop dat Pieter van Meerhof in 1661 Boesmans in die omgewing van Riebeeck-Kasteel aangetref het. In 1685 is die naam Bosjemans of Bosjemans-Hottentotte, die eerste keer vir hulle gebruik. Gedurende die agtiende eeu is hulle nog beskou as 'n soort Hottentot wat nie beeste aanhou nie.

Die Boesmans het weer in die binneland gewoon en het vir die Blankes eintlik eers in die agtiende eeu 'n probleem geword. Daar word gemeld dat die Boesmans op groot skaal uitgeroei is. Volgens Marais (12) was die Boesmans die mees primitiewe groep. Hulle was meestal jagters. Sedert 1770 het hulle gereeld die trekboere groot skade begin berokken. Vee is geroof, somaar net vermink of sinneloos gedood, en veewagters is dikwels uitgemoor. Dit was so erg dat strafkommando's teen hulle georganiseer is. Die mans is doodgeskiet terwyl vroue en kinders soos slawe na die plase geneem is.

Hoewel baie Boesmans gedood is, is hulle nie uitgedelg nie. Talle het in diens van die boere getree. Volgens Patterson (13) was daar in 1824 in Cradock alleen 952 volwassenes en 825 kinders. Die meeste het op boerplase gewoon en as arbeiders gewerk. Volgens Coertze (14) het

'n groot groep Boesmans in 1789 na Kaapland gestroom. Hulle het nie alleen in die kolonie kom kos soek nie, maar ook beskerming. Hulle was deur ander inboorlinge gehaat omdat hulle geen kans laat verbygaan het om vee te steel nie. Hulle is veral deur die Koraunas Griekwas vervolg en sonder genade doodgemaak. Hulle was verplig om na die Kolonie te vlug. Die meeste Boesmans is binne die Hottentotte-groep opgeneem.

### 1.3 Slawe

Voordat slawe van ampsweë na Suid-Afrika ingevoer is, was daar reeds 'n paar aanwesig. Volgens Coertze (15) het Wylant die "Krankebesoeker" en die hoofgeneesheer Vetteman onderskeidelik oor 'n slavin en 'n slaaf beskik. Van Riebeeck en sy vrou het twee uit Arabië en drie uit Malgassie in hul diens gehad. In 1656 is daar 'n slavin uit die Ooste na die Kaap verban.

Patterson (16) wys daarop dat daar twee hoofbronne van slawe was, naamlik Asië en Oos-Afrika. Sy sê ook dat die meeste slawe uit Oos-Afrika afkomstig was. Die oorgrote meerderheid van die slawe wat aan die Kaap gebring was, was afkomstig van Mosambiek (Masbiekers) en Malgassie (Malgasse). Die Masbiekers het 'n swarttaal gepraat en was Negroïed. Die slawe afkomstig van Malgassie was mense wat gemeng, Negroïed en Palemongoloïed (Maleis), in hulle samestelling was. Die oostelike deel van die eiland was sterker Maleis, terwyl die westerse deel deur Negroïede bewoon was. Die slawe van die Ooskus was ook duurder as die wat van die Weskus afkomstig was. Die slawe uit Asië was almal Maleis en in hulle rassesamestelling Palemongoloïed.

Volgens Boëseken (17) het die Here XVII in 1657 aan Van Riebeeck toestemming verleen om slawehandel by Madagaskar of die Weskus te onderneem. Met twee seilskepies, Maria en Hasselt, is slawe van Madagaskar en die Weskus van Afrika na die Kaap gebring. Intussen het 'n ander skip, Amersfoort, 174 Angolese slawe by die Kaap aan land gesit. Die slawe is van 'n Portugese skip wat op pad na Brasilië was gebuit. Baie van die slawe was siek en uitgehonger en omtrent tagtig het op reis na die Kaap gesterf. Die Guiness slawe wat in 1658 na die Kaap gebring is, was nie bestand teen die koue winter nie en talle het gesterf. Baie van die slawe het ook weggeloop en om verdere drostery te voorkom, is hulle met kettings aan mekaar gebind. Daar kan aangeneem word dat die drosters aansluiting by Hottentotstamme gevind het.

Volgens Coertze (18) was die slawebevolking van die Kaap in hul rassesamestelling uiters heterogeen. Hulle het genetiese eienskappe gehad van minstens vier stamrasse van die mensdom, nl Kaukasoïed (argaïes) Astroloïed, Mongoloïed en Negroïed. Volgens Marais (19) was daar in 1754 6 200 slawe in die Kaap en, met die vrystelling van slawe in 1834, 3 900. Volgens Coertze was daar 3 902 slawe met die vrystelling. (20)

Daar was ook slawe wat vroeg reeds vrygemaak is vanweë hoë ouderdom, siekte, goeie diens en ook met die oog op 'n huwelik. Sulke slawe het as "vry swartes" bekend gestaan en in 1819 was daar 1883 sodanige Swartes aan die Kaap. (21)

### 1.4 Vermenging

Die Kleurlingbevolking soos dit vandag daar uitsien strek die vermenging van Hottentot, Boesman, slawe en Blankes oor 'n lang tydperk. Die onderlinge kontak het 'n belangrike invloed gehad op die fisieke vorming van die Kleurling. Daar sal nou kortliks gelet word op die vermenging van die verskillende groepe. Aangesien die Hottentot en Boesman raskundig na aan mekaar verwant is, sal die vermenging tussen hulle nie verder bespreek word nie.

#### 1.4.1 Slawe en Hottentotte

Daar was baie min slawe-vroue onder die slawe-gemeenskap in die Kaap en die slawe-mans het hulle tot die Hottentotte gewend. Theal verklaar ook dat die slawe verkeer gehad het met die Hottentotte wat aan die Kaap oorgebly het. Daar was van hulle "with whose blood that of negro slaves has been mixed sufficiently to give them stamina." (22) Vanweë die vermenging tussen die Hottentotte en die slawe het 'n Hottentot-slaaf-bastergeslag aan die Kaap ontstaan. Dieselfde proses het later ook in die binneland ontstaan. Dit het tot gevolg gehad dat talle slawe gedros het en hulle as Hottentot-basters voorgedoen het. Hulle het op dié wyse die status van vrymense verkry en is so in die Hottentotgroep opgeneem.

Na die vrystelling van die slawe in 1834 het hulle hul tussen die Hottentotte gaan vestig en uiteindelik deel geword van die latere Kleurlingbevolking.

Oor die verarming van slawe en Hottentotte skryf Marais soos volg:

> It is safe to say that in the Coloured population of today the slave strain is more important than the Hottentot. At the same time it need not to be assumed that the Coloured people form one homogeneous whole. In those of them who live in the Western Cape the slave admixture is probably of much greater importance than those inhabiting the midlands and the northern districts, where Hottentot and Bushman labour was much more important than slave. The Hottentot Dutch "Bastards" again tended to concentrate along the Orange River where their descendants may still be found today in quite large numbers. (23)

### 1.4.2 Blankes en Hottentotte

Aanvanklik was daar min kontak tussen Blanke-mans en Hottentot - vroue. Met verloop van tyd het dit egter toegeneem grootliks vanweë 'n tekort aan vroue. Marais (24) wys bv daarop dat die Hottentotte in die eerste jare nie slegs met slawe vermeng het nie, maar ook met die Blankes. So was in die eerste 20 jaar aan die Kaap 75% van alle geboortes dié van verbasterde kinders.
Daar is veral drie gevalle van omgang deur Blanke-mans met Hottentot-vroue. Marais (25) en Coertze (26) verwys na Eva, 'n diensmeisie van Maria van Riebeeck, wat met Pieter van Meerhof getroud is. Sy het egter na die dood van haar man vier kinders buite die huwelik in die lewe gebring. Coertze maak ook melding van Sara en Cornelia wat in die sewentiende eeu met Blanke-mans omgang gehad het. In die agtiende eeu het dit meer dikwels voorgekom dat Blanke-mans met Hottentot-vroue omgang gehad het en selfs getrou het.

Dit was veral in die buitewyke waar verkeer tussen Blanke-mans en Hottentot-vroue vrylik voorgekom het. Coertze verwys hier na die verskillende tipe Blanke-mans wat met Hottentot-vroue verkeer het o.a.

> ...drosters en voortvlugtiges wat hulle onder die Hottentotte gaan vestig het en ten slotte veeboere op die buiteposte wat in isolasie verval en verarm het. (27)

Die Hottentotte met wie die trekboere in die gebied in aanraking was, was die Karigutikwa of die Griekwas soos hulle vandag bekend staan. So het die "Bastergemeenskap" ontstaan. Hulle was gewoonlik trots op hulle "Blanke-bloed" en het hulle as meerderes van die Hottentotte beskou. Die groep het later noordwaarts getrek en hulle in die Kamies- en Kareeberge gaan vestig.

In die Kaap se omgewing, sowel as in die buiteposte (in die Noordweste), het daar dus 'n bastergeslag sy verskyning gemaak. In die Noordweste was die omgang egter anders as wat dit in die Kaap was. Die groep in die Noordweste het 'n eie ondertrouende gemeenskap gevorm wat hulself nie as deel van die Blanke-gemeenskap beskou het nie. Hulle het onder mekaar getrou en so vermeerder. In die Kaap was die basters kinders van soldate en matrose wat gekom en gegaan het. Hulle word mettertyd deel van die groter gekleurde groep in die Kaap.

### 1.4.3 Blankes en Slawe

Die verkeer tussen Blankes en slawe was grootliks vanweë die tekort aan Blanke-vroue aan die Kaap. Huweliksverbintenisse tussen Blanke-mans en vrygestelde slawe-vroue het algemeen voorgekom. 'n Blanke persoon kon egter nie met 'n slavin trou nie, want iemand met die status van 'n slaaf kon nie 'n wettige huwelik aangaan nie.
Heese verwys na huwelike tussen Blanke-mans en slawe-vroue soos volg:

> Gedurende en ook na die afloop van die Kompanjebewind aan die Kaap het huwelike tussen Blanke-immigrante, burgers en verbyvarendes met gewese slavinne op 'n gereelde basis plaasgevind. (28)

In 1671 het Kommissaris Isbrand Goske onder andere aanbeveel dat daar geen omgang tussen Blanke-mans en slawe-vroue mag wees nie. In 1685 word huwelike tussen Blanke-mans en vrygestelde slavinne verbied, maar daar was geen verbod op huwelike tussen Blanke-mans en die dogters van Nederlandse vaders by sulke vroue nie. Dié nakomelinge is egter in die Blanke-gemeenskap opgeneem en kom nie in aanmerking vir die behandeling van die ontstaan van die Kleurling nie.

Buite-egtelike geslagsgemeenskap tussen Blanke-mans en slawe-vroue het vry algemeen voorgekom. Dit was veral die soldate en matrose wat die geselskap van slawe-vroue opgesoek het. Tereg merk Marais op:

> Female slaves are always ready to offer their bodies for a trifle; and towards evenings one can see a string of soldiers and sailors entering the Company slave lodges where they misspend their time until the clock strikes nine. (29)

Alhoewel omgang in 1678 met slawe-vroue streng verbied is, het dit nooit die geslagsverkeer tussen slawe-vroue en Blanke-mans beëindig nie. Dit is duidelik dat hier aan die Kaap 'n Basterbevolking naas die Blankes gegroei het wat sy oorsprong gehad het uit Hottentotte wat hier agter gebly het, Slaaf-Hottentot-basters en slavinne, met wie Blanke-mans omgang gehad het.

### 1.4.4 Swartvolke

Die slawe, Hottentotte en Blankes vorm die hoofbestanddele in die bloedvermenging van Kleurlinge, maar daar is 'n vierde bestanddeel wat nie onbelangrik is nie en wat toe te skryf is aan aanraking met Swartes. Alhoewel die Kleurling en die Swartvolke tot 'n groot mate aardrykskundig geskei was, was daar aansienlike gebiede veral in die Ooste waar hulle in aanraking gekom het.

Coertze (30) wys egter daarop dat Swartes vroeg reeds Weswaarts beweeg het. Die Kaapse regering het in 1829 ongeveer 350 Xhosa-sprekendes te Schietfontein (Carnarvon) gevestig. Hulle moes as buffer dien teen die Boesmans wat die Kolonie kon binneval. In 1839 is ongeveer 500 naby Pramberg (Suidoos van Carnarvon) geplaas en in 1885 is hulle na Schietfontein verplaas. In 1858 was daar 810 Xhosa-sprekendes in hierdie omgewing, maar 'n groot deel het weggetrek en hulle naby Prieska gaan vestig. In 1863 is daar egter nog van hulle by De Tuin aangetref waar hulle saam met Basters, Boesmans en Hottentotte by boere gewerk het. Talle Kleurlingvroue het met verloop van tyd met Swartmans verkeer wat daartoe bygedra het dat verswarting ingetree het.

Uit die voorafgaande bespreking word dit duidelik dat die Kleurlingbevolking soos dit vandag daar uitsien, biologies sowel as kultureel betrag, uiters heterogeen van aard is. Dit is duidelik dat die komponente waaruit die Kleurling saamgestel is uit Hottentotte, Boesmans, slawe en ander verwante ingevoerde gekleurdes, en 'n bymenging van Blankes en Swartvolke bestaan. Die groot bevolking van slawe, Hottentotte en in 'n mindermate Boesmans, vorm dus die basis van die Kleurlingbevolking.

## 2. DIE ONTWIKKELING VAN DIE KLEURLINGBEVOLKING TUSSEN 1652 EN 1910

Daar kan basies nie van 'n Kleurlingbevolking met die volkstigting in 1652 gepraat word nie. Die eerste Blankes het slegs met Hottentotte en Boesmans kontak gemaak. Die slawe, wat later 'n belangrike element van die Kleurlingbevolking uitgemaak het, het eers in 1658 by die Kaap aangekom, dit is ses jaar na Van Riebeeck en sy manskappe se landing.

### 2.1 Eerste Kontak tussen Hottentotte en Blankes

Die Hottentotte was die eerste vreemde stam met wie die eerste Blankes aan die suidpunt van Afrika kontak gemaak het. Hulle was woonagtig vanaf Tafelberg ooswaarts tot by die Visrivier, noordwaarts tot by die suide

van Suidwes-Afrika/Namibië, en langs die oewer van die Oranjerivier suidwaarts. Volgens MacMillan was hulle getalle moeilik bepaalbaar. (31) Marais het hulle op 2 000 geskat. (32)

Volgens Elphich (33) was die hoofdoel van die Hollandse Oos-Indiese Kompanje met die halfwegstasie aan die Kaap om vars voorrade vir die skepe na die Ooste te voorsien. Die handel met die Hottentotte was 'n baie belangrike opdrag aan Van Riebeeck. Die Hottentotte was veeboere en die eerste Blankes het met hulle handel gedryf deur koper en tabak vir vee te verruil.

Stadig maar seker het die veetroppe van die Blankes gegroei terwyl die Hottentotte se veevoorrade stelselmatig uitgedun is. Aanvanklik was die Hottentotte as vrymense toegelaat om soos vroeër met hul veetroppe rond te trek. Dit het egter nie lank so gebly nie, want in 1657 is werkgewers van die Kompanje toegelaat om hul eie plase te begin. Hulle het bekend gestaan as Vryburgers en het hulle veral toegelê op landbou. Botsing tussen die Hottentotte en die Vryburgers was onafwendbaar. Elphich verwys daarna soos volg:

> As soon as the freeburgers first put their land to the plough the Peninsula Khoikhoi realised that the European presence at the Cape would be permanent and most probably expensive. Khoikhoi resented not only the loss of exceptional pastures near Table Mountain, but also the way the new farms blocked their access to watering areas in the Cape Peninsula. (34)

In Mei 1659 vind die eerste Khoikhoi-Hollandse oorlog plaas wat aanleiding daartoe gee dat die twee hoofstamme, die Goringhaiqua en Gorachouqua, vrede met die Kompanje sluit. Tussen 1673 en 1677 word die Hottentotte finaal deur die Vryburgers verslaan.

Vanaf 1672 tot 1701 het die meeste Hottentotte in die Kaapse Skiereiland gedeeltelik of geheel afhanklik geword van die Blanke gemeenskap. Hulle het nie alleen hul vee verloor nie, maar het ook geen grond meer besit nie.

## 2.2 Die Hottentotte en die Trekboere tussen 1700 en 1770

Daar was veral drie faktore wat Hottentotte in die vroeë 18de eeu geraak het, nl die uitbreiding van die nedersetting noordwaarts, die verslapping van die Kompanje se beheer oor die Vryburgers en die vernietigende pokke-epidemie.

Teen 1700 is die nedersetting aan die Kaap uitgebrei tot by die Land van Waveren (Tulbagh). Die gebied was veral geskik vir veeboerdery en gemengde boerdery. Gedurende diē tyd was daar veral strooptogte van Boesmans wat die Hottentotte groot verliese laat ly het. Die vestiging van die Blankes in die gebied van die Hottentotte en die meëdoenlose aanvalle van die Boesmans het die Khoikhoi-stamme verder verswak. Groot getalle trek die binneland in of word arbeiders by Blankes.

Die tweede slag wat die Hottentotte getref het, was die verslapping van die Kompanje se beheer oor die Vryburgers. Van Februarie 1700 tot Oktober 1702 en later in Julie 1704 was die Vryburgers toegelaat om in die binneland te gaan boer. (35) Dit het verdere spanning tussen die Blanke boere en die Hottentotte tot gevolg gehad. Groot troppe vee is deur die Vryburgers van die Hottentotte geroof. Tereg verwys Elphich daarna soos volg:

> The livestock holdings of the colonists jumped dramatically, in part at least because of trade and theft. (36)

Die derde en finale slag het die Hottentotte in 1713 getref met die groot pokke-epidemie. In Februarie 1713 het 'n besoekende skip sy wasgoed na die land gestuur om deur die slawe gewas te word. Dit het 'n pokkekiem gehad wat honderde Blankes en slawe se dood tot gevolg gehad het. Die pokke-epidemie het egter veral vir die Hottentotte vernietigende gevolge gehad. Die epidemie het uit die Kaap na afgeleë plattelandse gebiede onder die Hottentotte versprei en 'n groot tol geëis. Een uit elke tien Hottentotte het die epidemie oorleef. Dit was ook die begin van disintegrasie van die Hottentotte. Marais (37) verwys na 'n tweede pokke-epidemie van 1755 wat 'n nog groter tol in die binneland geëis het.

Hierdie gebeure het daartoe aanleiding gegee dat groot getalle Hottentotte swerwers en arbeiders in die land van hul voorvaders geword het. Aan die einde van die 18de eeu het hulle die meeste van hul grondgebied aan Blankes afgestaan en was hulle hoofsaaklik veewagters in diens van die koloniste. Die meeste boere was self arm en die lone aan hul Hottentot-werkers was oor die algemeen swak. (38) Wat belangrik was, was dat die Hottentotte (of hulle plaasarbeiders was of nie) as vry mense beskou was wat grond besit, vrylik kon beweeg en geregtigheid in howe kon gaan soek en as gelyke van die Blanke beskou was.

## 2.3 Die Slawe aan die Kaap

Soos reeds aangetoon, speel die slawe 'n baie belangrike rol in die etniese samestelling van die later ontwikkelde Kleurlingbevolking in Suid-Afrika. Tydens die bewind van die Hollandse Oos-Indiese Kompanje aan die Kaap was die arbeid hoofsaaklik deur slawe verrig. Met die ontstaan van die Vryburgers is slawe vir arbeid aan hulle beskikbaar gestel. Hulle is veral in die landbousektor gebruik.

Die slawe in diens van die Vryburgers was volgens Armstrong (39) meestal as huiswerkers en arbeiders in die landbou gebruik. Sommige het ook as skaapwagters opgetree, maar gewoonlik was dit Hottentot-arbeiders wat die diens verrig het. Daar was ook sekere slawe wat gespesialiseerde beroepe of ambagte soos meubelmakery, ystersmeewerke en kleremakery beoefen het. Volgens Armstrong was daar in 1795 16 389 en in 1798 25 754 slawe aan die Kaap. (40)

In 1807 is die invoer van slawe na die Kaap verbied. Dit het ernstige arbeidsprobleme vir die koloniste tot gevolg gehad, want hulle was nou verplig om Hottentotte in hul diens te neem. In teorie was die Hottentotte vry om hul arbeid te verkoop op eie terme. In die praktyk het die Hottentotte egter geen grondgebied, geen woonregte en geen ekonomiese reserwes gehad nie. Met die druk op die boere teen die gebruik van slawe en hul latere vrystelling, het die boere die Hottentotte as die outomatiese plaasvervanger van die slawe gesien.

Vanaf 1826 is strenger regulasies ten opsigte van slawe-arbeid uitgereik. Die regulasies het die aanhou van slawe baie moeilik gemaak. In 1834 is die slawe vrygestel. Daar was talle slawe wat geen heenkome gehad het nie en hulle het steeds op plase bly woon. Die houding van die meeste Blanke koloniste het ook nie teenoor die vrygesteldes verander nie. Tereg merk MacMillan op:

> ...the convential attitude of the colonists, both to slaves and later to the free people of colour, remained that of the slave-master. (41)

Hy gaan voort en sê:

> After 1833 the question enters a new phase, which continues to our own day. In South Africa, if the black is no longer a slave, what are his rights and his status, economic, social, political, in the society of which he has become a part? (42)

Na die vrystelling van die slawe het menige hulle tussen die Hottentotte gaan vestig en so deel geword van die Kleurlingbevolking.

## 2.4 Die Sendinggenootskappe en die Invloed van die Filantropiese Denke

Na die vestiging van die Vryburgers en veral na die einde van die Hollandse Oos-Indiese Kompanje, was die Hottentotte sonder enige vee en grondbesit en het hulle die arbeiders van die koloniste geword. Voor die afskaffing van slawerny het die Hottentotte nie 'n belangrike rol op die ekonomiese terrein gespeel nie, want hulle was meestal veeboere wat vir hulle eie bestaan gesorg het. Toe hulle hul grond en vee verloor het, het hulle meestal rondgeswerf en van diefstal geleef. Lone was baie laag omdat die boere self arm was. Die beste manier om die arbeiders te vergoed was deur hulle van vee te voorsien. Patterson (43) wys daarop dat:

> ...the Hottentots were notoriously improvident, and seldom made the best bargain when selling their labour.

Volgens Marais (44) was die meeste Hottentotte in die 18de eeu in dieselfde posisie as slawe. Dit was in Graaff-Reinet waar die posisie van die Hottentotte eerste aandag gekry het. Koloniste het hulle nie veel aan die wette gesteur nie. Slawerny het hier gefloreer, maar omdat slawe-arbeid baie beperk was, het die koloniste die Hottentotte soos slawe behandel. Landdros Maynier het probeer om vir die Hottentotte in te tree en is deur die koloniste daaroor kwalik geneem.

Dit was veral gedurende dié tyd dat die Sendinggenootskappe op die voorgrond getree het en die Hottentotte se belange behartig het. Die Morawiese Sendinggenootskap het in 1737 onder leiding van Georg Schmidt by Baviaanskloof (later bekend as Genadendal) met 'n Sendingstasie begin. Hy het egter nie lank gebly nie, want in 1743 verlaat hy die land. Volgens Marais (45) verlaat hy die land vanweë die houding van die koloniste wat nie van die idee gehou het dat die Hottentotte gedoop word en onderwys ontvang het, want dit het daartoe gelei dat hulle hul arbeiders verloor het. Groot getalle Hottentotte het hul op die Sendingstasie kom vestig. Na 1795 het hulle houding teenoor die werk van die Morawiese Sending aansienlik verander. Dit was die eerste maal dat daar vir die Hottentotte, wat teen dié tyd meestal swerwers was, iets gedoen is.

Dit was veral die Londendse Sendinggenootskap wat in 1801 onder leiding van Van der Kemp en Read op Bethelsdorp begin werk het, wat groot spanning met die koloniste tot gevolg gehad het. Hulle sendingmetodiek het ten doel gehad totale vryheid, gelykheid en broederskap. Die Sendinggenootskap was nie net besorg oor die geestelike lewe van die Hottentotte nie, maar het ook in hulle ander behoeftes voorsien. Naas die onderwys het die sendelinge ook aandag gegee aan die algemene

maatskaplike posisie van gekleurdes. Dit het aanleiding gegee tot spanning met die Blanke koloniste.

Die Hottentotte was vry mense en deur die wet beskerm tot in 1809 met die proklamasie van Graaf Caledon. Met dié proklamasie is die Hottentotte se politieke vryheid ontneem. Volgens dié en latere proklamasies was die Hottentotte verplig om 'n pas te dra en 'n verpligte dienskontrak te sluit. Verder was die Hottentotte onderhewig aan 'n inboekstelsel en beperking van beweging. Daar was hewige kritiek van die kant van die Sendelinge teen dié wetgewing. Dit was veral dr Philip wat die wetgewing aangeval het en beweer het dat dit 'n berekende plan was om Hottentotte te dwing om op boereplase te gaan werk en wat hulle beweging aan bande sou lê om beter werksgeleenthede en beter besoldiging elders te gaan soek. Die lone van Hottentotte was baie laag.

Onder die invloed van die filantropiese en humanistiese denke, veral dié van dr Philip van die Londense Sending, is die bekende Ordonnansie 50 van 1828 deur die Britse bewind uitgevaardig. Die proklamasie van 1809 is herroep en die Hottentotte is gelyk gestel met die Blankes. Die verhouding tussen die werker en die werkgewer is in die wetgewing beskryf. Die werker is beskerm teen uitbuiting en lyfstraf van sy Blanke werkgewer. Kinders van Hottentotte kon volgens die wet alleen met die toestemming van hul ouers in diens geneem word.

Die feit dat Suid-Afrika in sy beginjare slawerny bedryf het, het daartoe aanleiding gegee dat Hottentotte indirek slawe geword het. Ordonnansie 50 van 1828 het hulle egter vry gemaak na baie jare van verslawing en uitbuiting. Dié wet (dit is Ordonnansie 50 van 1828) was kleurblind. Vir die eerste maal is Hottentotte deur wetgewing gelyk gestel met Blankes. In 1834 met die vrystelling van die slawe was ook hulle gelyk gestel voor die wet. Toe die Kaap in 1853 sy eie parlement gekry het, was alle burgers, ongeag hul kleur of herkoms, gelyk gestel.

Volgens Marais (46) het Ordonnansie 50 van 1828 en die invloed van die Sendinggenootskappe en die filantropiese gees wat die Britse-bewind in die Kaap beïnvloed het, aanleiding gegee tot die stigting van 'n politieke party, bekend as die Afrikaner Bond. Dit alles sou volgens hom bygedra het tot die Groot Trek in 1836. Hieroor skryf Patterson soos volg:

> The Great Trek was the reaction of several thousand (mainly Boere)farmers to official policy, which had since the beginning of the century been encroaching on their freedom as employers of labour, whether slave or free. (47)

Oor die uitwerking van die Groot Trek op die Kleurling gaan Patterson voort:

> The irreconcilable settlers took their prejudices and grievances with them to the new Republics which they finally established in the North. In their Republics there was to be no equality between people of colour and the white inhabitants either in Church or State. (48)

Cilliers verwys na die hele beleid van differensiasie wat deur die twee Boere-Republieke daargestel is:

> With the establishment of the two Republics North of the Orange River during the nineteenth century, a new pattern was introduced. The pattern of social differentiation of the Cape was maintained in these new states, but was further coupled with a policy of political differentiation. The Constitutions of these Republics explicitly excluded Coloureds from participation in political rights even though only small numbers of these people had accompanied the whites on the Northward Trek. (49)

Met die Uniewording in 1910 is die verskille in rassebeskouings tussen die noorde en suidelike gebiede nie uitgewis nie. Kleurlinge en Swartes het geen politieke regte in die noorde gehad nie. Die patroon van afskeiding wat die noordelike gebied gekenmerk het, het al sterker en sterker inslag gevind in die res van die Unie. Dit het later die hele nasionale lewe van die land geraak.

## 3. DIE KLEURLINGBEVOLKING TUSSEN 1910 EN 1948

Die ontwikkeling wat na Uniewording begin toeneem het, het o.a. verstedeliking meegewerk. Talle Kleurlinge het hulle in die stede gaan vestig, meestal in die Westelike Provinsie en gewoonlik in die swakste dele van die stede en dorpe. Grond is van die plaaslike owerhede gehuur en enige tipe huis is opgerig. Die woongebiede van die Kleurlinge was dus oor die algemeen swak, met min geriewe.

Voorts sal daar, wat die periode tussen Uniewording en die politieke ommekeer in 1948 betref, gelet word op die politieke, ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling van die Kleurling.

### 3.1 Politieke Ontwikkeling

By die totstandkoming van die Unie was die posisie van die Kleurlinge kortliks soos volg:

(i) In die Kaapprovinsie het hulle volle stemreg geniet.

(ii) Op 'n dergelike wyse was daar ook in Natal geen konstitusionele onderskeid tussen Kleurlinge en Blankes nie. St Helenabaaiers en Mauritane is as Blankes geregistreer. Die Swartes was deur Wet no 11 van 1865 en die Indiërs deur Wet no 8 van 1896 uitgesluit van politieke regte en voorregte. (50)

In die Parlement wat na Uniewording saamgestel is, is slegs voorsiening gemaak vir Blankes om verkies te word. Die Senaat het uit 48 lede bestaan waarvan 4 benoem was op grond van hulle kennis van die Kleurlinge. Hulle moes die belange van die Kleurling in die Senaat behartig. Op 'n vergadering van die "African Political Organization" (APO) wat in April 1909 in Kaapstad gehou is, is ernstig beswaar gemaak teen die invoering van die Kleurslagboom in die Konsep van die Suid-Afrika-Wet. In 'n besluit van die organisasie is die owerheid versoek om in dié wet voorsiening te maak vir die uitbreiding van die stemreg tot alle kwalifiserende Kleurlinge in die voorgestelde Unie en dat die Kleurslagboom uit Klousule 25 en 44 van die Konsepwet verwyder moet word.

Die besluit is aan die Eerste Ministers van die verskillende Parlemente, die Hoë Kommissaris en die Sekretaris van Kolonies en Nasionale Konvensie deurgestuur.

Die protes het geen vrugte afgewerp nie, want die Suid-Afrika-Wet is sonder enige wysigings aangeneem en die oorspronklike Kleurslagboomklousule is behou. Die Kleurlinge, asook alle ander nie-blankes in die Kaapprovinsie, is die reg ontneem om as 'n lid van die Volksraad of Senaat van die Unie-Parlement verkies te word. In 1922 het die Kleurlinge 'n beroep op die Parlement gedoen om die Kleurslagboom uit te wis. 'n Petisie is deur 50 000 Kleurlinge van die Unie onderteken en aan Generaal Smuts, die destydse Eerste Minister, oorhandig. Die petisie is deur die Parlement verwerp. (51)

In 1930 is die Vrouestemreg-wet (no 18 van 1930) aangeneem. Dié wet het slegs vir Blanke-vroue voorsiening gemaak om as kiesers geregistreer te word en by verkiesing as lede van die Volksraad, die Senaat en die Provinsiale Raad gekies te word.

Volgens Patterson (52) was dit die begin om die stemreg van die Kleurling te verminder. Hierna volg 'n hele aantal ander wette wat die Kleurling se stemreg verder beperk het. Dit sluit in die Stemreg-wet vir Blanke Manlike Persone (Wet no 41 van 1931) wat stemreg aan elke volwasse Blanke manlike persoon sonder enige kwalifikasie gegee het; Naturelle Verteenwoordigende Wet (no 12 van 1936); en die Verkiesing Konsolideringswet (no 46 van 1946).
Die stemreg van Kleurlinge kon volgens die Provinsiale Kieserswet hierna betwis word as 'n persoon nie aan sekere akademise kwalifikasies voldoen nie.

Die politieke posisie van die Kleurlinge in die Kaapkolonie voor die Unie was op gelyke grondslag met die Blanke. Die eerste verandering is deur die Uniewet teweeggebring wat bepaal het dat geen Kleurling 'n lid van die Volksraad of Senaat kon word nie. Die volgende stap was die uitbreiding van die stemreg tot alle Blanke-vroue gevolg deur die stemreg aan alle Blanke-manlike persone oor 21 jaar sonder kwalifikasie. Dit het beslis 'n gevoel van verontregting by die meerderheid van die Kleurlinge laat ontstaan.
Volgens Patterson (53) het die Verkiesings Wysigingswet van 1948 verder die Kleurling as stemgeregtigde benadeel.

Alle Kleurlingmans wat hulself as kiesers wou registreer moes hulle aansoek voor 'n landdros, polisieman of verkiesingsbeampte voltooi. Daar was groot verskille van siening oor die geleerdheidskwalifikasie waaraan die voornemende kiesers moes voldoen. Die beamptes op die platteland het in 'n groot mate die rassistiese sieninge van die breë Blanke gemeenskap gedeel en die aansoeke dus baie streng gekeur. Kleurlingpersone wat aansoek gedoen het om as 'n kieser geregistreer te word, is dikwels deur polisiebeamptes geïntimideer terwyl verkiesingsbeamptes aansoeke afgekeur het.

## 3.2 Ekonomiese Posisie van die Kleurlingbevolking

In die laaste helfte van die 19de eeu was die meeste Kleurlinge plaasarbeiders met min besittings. Die wat op die Sendingstasies gewoon het, het in beter omstandighede geleef. Die Sendinggenootskappe was die enigste instelling wat die ekonomiese posisie van die Kleurling wou verbeter. Die invoering van masjinerie en toenemende omheining van plase, die beter geleenthede vir arbeid en maatskaplike lewe in die stede, en 'n toenemende begeerte vir beter opvoeding van hulle kinders het baie van die plattelandse Kleurlingbevolking daartoe gebring

om 'n bestaan in stedelike sentrums te soek. Gedurende periodes van ernstige ekonomiese druk is ongeskoolde en los arbeiders die eerste wat getref word. Die posisie van die Kleurling is dus aan twee kante bemoeilik, enersyds deur die Swartes wat vir 'n laer loon kon werk, en andersyds deur die Blanke wat in staat was om die posisie op so 'n manier te beïnvloed dat hy die Kleurling van verskillende moontlikhede van arbeidsgeleenthede uitgeskakel het.

Daar was by talle werkgewers eenstemmigheid dat die Swartwerkers beter in staat was om die spanning van harde handearbeid te hanteer as die Kleurling. Verder is bevind dat Swartarbeiders aansienlike aanleg vir melkboerdery het vanweë 'n tradisionele liefde vir beeste. Dit het tot gevolg gehad dat die Kleurling as arbeider deur die Swartarbeider in die melkboerdery in die Westelike Provinsie en die Skiereiland in die dertigerjare verdring is. In 1936 was daar in Kaapstad by Langa 4 800 Swartes terwyl etlike duisende elders in die Skiereiland gewoon het. (54)

Teen die middel van die twintigerjare asook in die dertigerjare het talle Blankes weens plaaslike droogtes en internasionale ekonomiese depressie in armoede verval. Baie was verplig om na die stede en dorpe te gaan om 'n bestaan te kon maak. Hulle was verplig om as ongeskooldes die arbeidsmark te betree en het dus onmiddellik die moontlikheid en arbeidsgeleenthede wat voorheen uitsluitlik deur Kleurlinge benut was, bemoeilik. Vir baie jare het die Blankes geen ander geleentheid aan Nie-Blankes gegee as die van arbeider nie. Hulle houding het verander toe hulle uit hul bevoorregte posisie deur armoede uitgedryf was. Talle arm-blankes was werkloos.

Die Regering het egter ingegryp om 'n beter bedeling vir die arm-blanke ten koste van die Kleurling en Swarte te beding. Die Nasionale Arbeids-Koalisie van 1920 het hom veral beywer om die posisie van die arm-blanke in die arbeidsmark te bevorder. Dit het gelei tot die beleid van "Beskaafde Arbeid" ("Civilized Labour Policy"). Die omskrywing van beskaafde arbeid is soos volg vasgestel:

> Beskaafde arbeid moet beskou word as die arbeid wat verrig word deur persone wie se lewenstanddaard ooreenkom met die standaard wat oor die algemeen vanuit die gewone standpunt van die Blanke as bestaanbaar erken word. Onbeskaafde arbeid moet beskou word as die arbeid wat verrig word deur persone wie se doel beperk is tot die blote vereiste van die noodsaaklike lewensbenodigdhede soos onder barbare en onontwikkelde volke bestaan. (55)

Die beskaafde arbeidsbeleid is deur 'n omsendbrief, wat deur die Eerste Minister se kantoor op 31 Oktober 1924 uitgestuur is, ingevoer. Dit het verklaar dat dit 'n saak van definitiewe beleid was dat, waar uitvoerbaar, alle arbeid in verband met werkverskaffing deur die regering vervang word. Die omsendbrief is aan alle staatsdepartemente gestuur as 'n instruksie wat die beleid van die regering in verband met werkverskaffing deur staatsdepartemente aangedui het. Volgens Patterson (56) het die verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie (1938) duidelik getoon dat dië beleid die arbeidsgeleenthede van die Kleurling geraak het. Dit was algemeen aanvaar dat Blankes in die "beskaafdë" arbeidsklas is, maar dat dit nie so algemeen die geval met die Kleurlingarbeider is nie. Daar is betoog dat as loonkoerse op bestaande lewensstandaarde moet berus, die Kleurling nie aan die lewenstandaard voldoen nie. Die belangrikste voorbeeld van die toepassing van die beleid van beskaafde arbeid het by die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens voorgekom. Laasgenoemde was die grootste werkgewer van ongeskoolde en hälfgeskoolde arbeiders. Die Kleurlingbevolking was verder veral geraak deur die "Kleurwet" (Mines and Works Amendament Act) van 1926. Die wet is op aandrang van die blanke mynwerkers daargestel na hul staking in 1922 oor die groot aantal nie-blankes in geskoolde werk ten koste van Blankes. Die wet het die geskoolde Blanke-werker teen die kompetisie van die Nie-Blanke beskerm.

In die middel dertiger tot middel veertigerjare was daar maar 'n baie klein groepie Kleurlinge in die staatsdiens. By die Spoorweë en Hawens was in 1936 ongeveer 6 000 Nie-blankes in diens. Met enkele uitsonderings kon gegradeerde betrekkings slegs deur Blankes beklee word. In die Dept. Posterye en Telegrafie was 447 Kleurlinge in diens, hoofsaaklik briewebestellers en gewone arbeiders. (57)

Vanaf 1945 tot Maart 1947 is 507 nuwe poste vir Kleurlinge in die Staatsdiens geskep nadat die Smuts-regering pogings aangewend het om Kleurlinge in die Staatsdiens werksgeleenthede te bied.

In die middel van September 1948, kort nadat die Nasionale Party aan die bewind gekom het, het die Eerste Minister opdrag gegee dat alle Swartes deur Blankes in die Staatsdiens vervang moet word.

Die posisie van die Kleurlingwerker in die gewone ope arbeidsmark was aansienlik beter as in die Staatsdiens alhoewel die "beskaafde arbeidsbeleid" ook daarna uitgebrei is. Daar is veral drie wette

wat 'n besliste invloed op die Kleurlingwerker gehad het, nl die Vakleerlingwet in 1922, die Nywerheids-konsolidasiewet van 1924 en die Loonwet van 1925.

**(i) Die Vakleerlingwet** van 1922

Die wet eis vakleerlingskap as 'n voorwaarde om 'n aangewese ambag in die gebied waarop die wet van toepassing is, te leer. Die toetredingskwalifiaksies vir vakleerlinge onder die wet maak 'n verskil tussen diegene (nl Blankes) op wie verpligte onderwys van toepassing is en diegene (nl Nie-blankes) op wie verpligte onderwys nie van toepassing is nie.

Die opvoedkundige vereistes wat deur die Wet neergelê is, het baie Kleurlinge verhinder om vakleerlinge te word, veral in die boubedryf.

**(ii) Nywerheidskonsiliasiewet** van 1924

Die wet was nie van toepassing op boerdery, huisbediendes en staatsamptenare nie. Die Nywerheidsraad wat uit werkgewers en vakbondunies bestaan het, het die mag gehad om ooreenkomste aan te gaan ten opsigte van lone, werksure en werksomstandighede. Aangesien Kleurlinge nie tot alle werkunies toegelaat was nie, was hulle nie altyd goed verteenwoordig op die Raad nie. Hulle posisie was dus baie swak.

**(iii) Loonwet** van 1926

Die Loonraad was nie toegelaat om aanbevelings te maak ten opsigte van "onbeskaafde" lone nie, behalwe as die Minister toestemming gegee het. Die posisie van die lone van ongeskoolde arbeiders (waarvan die meeste Kleurlinge was) het dus nooit die aandag van die betrokke Raad ontvang nie, terwyl die wetgewing die belange van die Blankes beskerm en bevorder het.

Kleurvooroordele in die nywerheid, of dit die Blanke medewerker of Blanke werkgewer was, het dikwels die ambisie van Kleurlingwerkers gedemp. Daar was geen aansporing nie omdat daar weinig hoop tot bevordering vir 'n Kleurlingwerker in die arbeidsmark was. Die Kleurlingwerker moes voortdurend 'n minderwaardige rol in die nywerheid speel omdat hy nooit oor 'n Blanke aangestel kon word nie. Geriewe vir die verskillende bevolkingsgroepe by fabrieke was 'n vereiste van die wet. Sommige werkgewers het liewer Kleurlingwerkers afgedank as om koste vir aparte geriewe vir kleurling en blanke werkers aan te gaan.

Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog was 30.9% van alle Kleurlinge op plase werksaam. (58) Sedert die periode van slawerny en die latere gebruik van Hottentotte in slawe se plek, het die swak ekonomiese posisie van die plaasarbeider nie veel verander nie.

Die dopstelsel het vrylik voorgekom veral op wynproduserende plase sowel as in die graanproduserende streke. Arbeiders het gedurende werksure goedkoop alkoholiese drank ontvang om hul te motiveer om hul werkverrigting te verbeter. In 1946 was daar tussen 15 000 en 20 000 plaasarbeiders wat die "dop" ontvang het. Die stelsel was algemeen beskou as die oorsaak vir die grootskaalse voorkoms van drankmisbruik deur die Kleurlingplaasarbeiders en het groot kritiek van die Kerk en Kleurlingleiers ontvang. (59)

Huisdiens was in 1936 die grootste werksgeleentheid vir Kleurlingvroue. Tien jaar later, in 1946, het slegs 3.4% (8 385) mans, maar 50% vroue (60 010) as huishulpe gewerk.

Die lone op die platteland was aansienlik laer as dié in die stedelike gebiede. Die woonkwartiere van die betrokke werkers was oor die algemeen swak. (60)

### 3.3 Die Kleurling en Sy Maatskaplike Ontwikkeling

Ten opsigte van die Kleurling se maatskaplike ontwikkeling tussen 1910 en 1948, sal kortliks gekyk word na aspekte soos die onderwys, behuising en gesondheidsdienste en welsyn.

#### 3.3.1 Onderwys

Die eerste plan vir onderwys vir gekleurdes in Suid-Afrika is in 1649 deur die Here Sewentien daargestel. Die doel was om Hottentotte as bediendes op te lei en hulle vir die Christelike godsdiens te wen. Toe opgemerk is dat die Hottentotte nie veel daarin belangstel nie, is die plan laat vaar. In 1737 het die Morawiese sendeling, Georg Schmidt, weer eens pogings aangewend om met onderwys vir Hottentotte by Genadendal te begin. Na sy vertrek, ses jaar later, is niks op onderwysgebied gedoen nie, tot eers in 1792 toe die Morawiërs weer na Genadendal teruggekom het. Die boere en Koloniste was nie baie geneë tot die skool vir Hottentotte nie, want dit het hul arbeidsbron bedreig. In die tyd toe slawe vrygestel is, was die meeste skole deur kerkgenootskappe bestuur. Hoewel die kerkgenootskappe baie vir Kleurlingonderwys gedoen het, was die skole oor die algemeen minderwaardig teenoor die staatskole

van die Blankes. Die staat het dit as sy taak gesien om eerstens voorsiening te maak vir die kinders van Blanke koloniste.

Na Uniewording in 1910 is primêre en sekondêre skole onder beheer van die Provinsiale Administrasie geplaas, terwyl hoër en spesiale onderwys deur die sentrale regering bestuur was. Na 1910 is daar met afsonderlike skole vir Blankes en Kleurlinge begin. Die meeste kerkskole was deur blanke predikante bestuur wat dikwels die plaaslike blanke-gemeenskap se houding teenoor gekleurdes gedeel het. Die blanke skoolbestuurders het geen teenstand teen die bestaande maatskaplike siening van skeiding geduld nie. Die onderwys vir die Kleurlinge sedert 1910 was grootliks in die hande van die NG Kerk. Laasgenoemde was 'n voorstander van skeiding van die verskillende groepe op grond van hul velkleur. Die Provinsies was nie bereid om die minderwaardige kerkskole oor te neem nie, aldus Patterson (p. 95). Terselfdertyd was die meeste kerkgenootskappe onwillig om hul beheer oor die onderwys van die Kleurling prys te gee. Volgens Van der Ross (61) was die volgende Sendingskole in 1910 vir Kleurlinge beskikbaar.

| | | |
|---|---|---|
| Morawiese Sendinggenootskap | : | Genadendal, Mamre, Enon, Elim en Goedverwacht. |
| Londense Sendinggenootskap | : | Bethelsdorp, Katrivier, Zuurbraak, Hankey, Pacaltsdorp, Theopolis, Steinkopf. |
| Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap: | : | Zoar, Kaapstad, Stellenbosch,en Paarl |
| NG Sendingkerk | : | Clanwilliam, Ladysmith, Swellendam en Graaf-Reinet. |
| Rynse Sendinggenootskap | : | Saron, Steinthal, Williston, Wupperthal, Komaggas, Pella en Concordia. |

Die primêre doel van die Sendinggenootskappe was, volgens Van der Ross, om die Kleurlingkinders (voorheen Hottentotte en slawe) die Bybel te leer lees en hulle te wen vir die betrokke geloofsoortuigings. Hy vervolg:

> Even as late as 1920 (and possibly later) there were many instances of Coloured persons who themselves believed that no more reading ability was needed than to be able to read the Scriptures. (62)

Die kerk se houding ten opsigte van die opvoeding van Kleurlingkinders het intussen verander. Tog het die onderwys minderwaardig gebly. In 1920 was daar nie meer as 'n halfdosyn Kleurlinge wat oor

'n universiteitsgraad beskik het nie. Hoër onderwys vir Kleurlinge het skaars bestaan. 'n Afsonderlike Kleurling Universiteitskollege is reeds in 1937 deur die Kommissie van Ondersoek na Kleurlinge in die Unie bepleit.
In 1910 het aparte skole vir afsonderlike bevolkingsgroepe 'n werklikheid geword. Van der Ross (63) verwys hier na 'n saak in die Hooggeregshof in 1911 na 'n aksie teen die Keimoes A 3 Skool deur mnr Carel Pieter Moller wie se kinders toelating geweier was op grond van hul kleur. Die hof het bevind dat die Skoolkomitee die reg gehad het om die Kleurlingkinders se toelating te weier.

Die subsidie wat die staat aan Kleurlingskole betaal het, was veel minder as dié aan blanke-skole. Van der Ross (64) gee die volgende syfers:

| | | | |
|---|---|---|---|
| * | 1909: | Kleurlingkind | R 1 76 per jaar |
| | | Blanke kind | R11 35 per jaar (1ste klas skool) |
| | | Blanke kind | R 7 59 per jaar (plaasskool) |
| | | Blanke kind | R 4 95 per jaar (2de klas skool) |
| * | 1923: | Blanke kind | R31 60 per jaar |
| | | Kleurlingkind | R 6 34 per jaar |

* 1923: het die Provinsiale Finansiële Kommissie 'n ondersoek gedoen en die skole verdeel in blanke-, kleurling-en swartskole en die volgende aanbeveel:

| | |
|---|---|
| Blanke kind | R28 00 per jaar |
| Kleurlingkind | R 6 52 per jaar |

* Na Wet no 46 van 1925, was die subsidie die volgende:

| | |
|---|---|
| Kleurlingkind in alle Provinsies | R10 50 per jaar |
| Blanke kind in Kaapprovinsie | R28 00 per jaar |
| Blanke kind in noordelike Prov. | R32 00 per jaar |

In 1925 is die beginsels ten opsigte van onderwys in die Unie vasgelê deur wetgewing en deur die howe. Dit het die volgende behels:

(a) Alle onderwys in primêre en sekondêre skole moet onder beheer van die Provinsies wees;

(b) Skole van blanke en Kleurlinggroepe moet geskei wees;

(c) Die onderwys moet deur die Provinsies gefinansier word met subsidies van die sentrale regering;

(d) Subsidies is betaalbaar aan verskillende skole vir onderskeie bevolkingsgroepe.

Skole vir Kleurlinge is geskei en die standaard van die onderwys

was nie gelyk nie. Die geboue, voorrade, opleiding van onderwysers en skoolvoedingskemas was baie swakker in vergelyking met dié van die Blanke onderwys. Die swak ekonomiese posisie van die Kleurlinge het 'n hoë druip- en skoolverlatingsyfer tot gevolg gehad. Van der Ross wys hierop soos volg:

> Thus as late as 1930 of all Coloured children in schools no less than 35,49% were in the first (Sub-standard A), 16,73% in the second year (Sub B) and 14,99% in the first three years of primary school. Only 2,29% were in Secondary schoool of which 0,03% were in the final year of high school. (St X). (65)

Statistieke van Kleurlingskole het eers in 1921 beskikbaar geword. Die vordering van kinders na die sekondêre skole is deur 'n wye reeks faktore beïnvloed. Van der Ross vat dit so saam:

> Because of a number of factors, including poverty, distance from school, lack of compulsory education, lack of positive encouragement, the percentage of Coloured children continuing to secondary school has always been disproportionately low. (66)

In 1935 was daar slegs sewe sekondêre skole vir Kleurlingkinders in die Kaapprovinsie, een in Transvaal, en een in Natal. Slegs 6% van die kinders in st 6 in 1931 het in 1935 st 10 in die Kaapprovinsie bereik. In Transvaal was daar in 1935 geen kinders in st 9 en 10 nie. Van die st 6 leerlinge in 1933 het slegs 36% st 8 in 1935 bereik. In Natal was daar ook geen st 9 en 10 in 1935 nie. Van die st 6 leerlinge in 1933 het slegs 6% in 1935 st 8 behaal. Die inskrywings van sekondêre leerlinge het egter van 1935 tot 1958 vanaf 6 015 tot 36 995 gestyg. (67)

In 1915 was daar twee onderwyserskolleges vir Kleurlingonderwysers, nl Zonnebloem en Wesley Opleidingskole. Teen 1940 het dit egter tot agt toegeneem. Die opleiding van onderwysers het in 1922 begin met 'n laer primêre kursus (st 6 en drie jaar) en is in 1924 uitgebrei met 'n hoër primêre kursus (st 8 en twee jaar). In 1926 is 'n spesiale kursus vir die laer primêre onderwysers ingestel met 'n ekstra eenjaar opleiding. Die laer primêre kursus is egter in 1936 beëindig. In 1941 is 'n gevorderde onderwyskursus met twee jaar opleiding by Hewat in Kaapstad begin met st 10 as 'n vereiste vir toelating.

Daar was dus beslis vordering ten opsigte van die ontwikkeling van die Kleurling op onderwysgebied tussen 1910 en 1948. Alhoewel die Kleurlingonderwys minderwaardiger was as dié van die Blanke-bevolking, het die Kleurlinge tōg meer sekondêre onderwys begin ontvang aldus is die

die kwalifikasies van die onderwysers aansienlik verhoog.

Die periode toon 'n algehele skeiding tussen Kleurling- en Blanke onderwys. Afsonderlike onderwysunies het ook gedurende dië tydperk tot stand gekom. Die South African Teachers' Association (SAT) en die Suid-Afrikaanse Onderwysers Unie (SAOU) was vir Blankes alleen, terwyl die Kleurlingonderwysers verdeel was tussen die Teachers' League of South Africa (TSLA) en die Teachers' Educational and Professional Association (TEPA) (vanaf 1944).

### 3.3.2 Behuising

Die verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kleurlingbevolking van die Unie het die behuisingsposisie van die Kleurling in 1938 soos volg beskryf:

> Die behuisingstoestande as 'n geheel geneem waaronder die Kleurlinggemeenskappe vandag dwarsdeur die Unie lewe, kan slegs as betreurenswaardig beskryf word. (68)

Die Kommissie het tot die ontdekking gekom dat slegs 5% van die Kleurlinggesinne in die Unie oor bevredigende huisvesting beskik het. Die oorgrote meerderheid het in huise met een of twee kamers gewoon, wat as die relatief groot Kleurlinggesinne in ag geneem word, op grootskaalse oorbewoning dui. In baie gevalle het meer as een gesin in dieselfde kamer gewoon.

Veral op die platteland het Kleurlinggesinne in uiters swak omstandighede gewoon. Talle het in matjieshuise, riethuise of pondokke (gebou met platgeslane kanne en petrolblikke) en sakhuise gewoon. Water is oor groot afstande na die lokasies gedra van 'n fontein, 'n put of windpomp af. Die meeste huise het geen houtvloere gehad nie en is met beesmis gesmeer. Die gemeenskaplike toilette was oor die algemeen primitief en onhigiënies.

Die behuising in groter dorpe en stede was heelwat beter. Die meeste dorpe se Kleurlingbevolking was in twee groepe verdeel. Daar was 'n klein groepie gegoede mense met bevredigende huisvesting. Die ander groep, wat die meerderheid uitgemaak het, het in huise wat met roustene gebou en uiters vervalle was, in die dorpswyke gewoon. Talle van die huise is met hout en sink gemaak. Die meeste van die huise was ook oorbewoon. Die sanitêre dienste was oor die algemeen onbevredigend. Selfs in die groter stedelike gebiede was die toestande swak. Die Kommissie stel dit in sy verslag soos volg:

> Oor die algemeen kan verklaar word dat die oorgrote meerderheid van Kleurlinge wat nie in geskoolde of halfgeskoolde ambagte werksaam is nie en wat nie meer as £4 per maand verdien nie, sleg gehuisves is en onder onhigiëniese toestande lewe met veels te veel mense in die huis. (69)

Die Kommissie het dan ook in sy verslag aanbeveel dat grond vir woongebiede vir Kleurlinge áfgesonder word en dat die Kleurlinge van die Swartes geskei behoort te word; ook dat die sanitêre dienste ernstig aandag vra om die vuil en onhigiëniese toestande uit te skakel. Die voorsiening van water vir drink- en wasdoeleindes behoort dringend aandag te geniet. Voorts is aanbeveel dat behuisingskemas wat nie deur plaaslike besture onderneem kan word nie aan Kleurlinge beskikbaar gestel word om hulle eie huise te kan oprig.

In stedelik gebiede behoort ook dringend aandag gegee te word aan die voorsiening van 'n behuisingskema onder die ekonomiese peil.

**3.3.3 Gesondheidsdienste en Welsyn**

**3.3.3. Gesondheidsdienste**

Die swak toestande waarna in bostaande paragraaf verwys word, het tot gevolg gehad dat Kleurlinge met groter gesondheidsprobleme te doen gekry het as die Blankes. Die armoedetoestande gepaardgaande met die grootskaalse drankmisbruik het hul weerstand teen veral aansteeklike siektes verminder.

Die Kommissie van Ondersoek na die Kleurlingbevolking van 1938 het die volgende ten opsigte van die gesondheidstoestande by die Kleurling bevind.

(i) Die gemiddelde Kleurlingkind is 'n bietjie ligter in gewig as die Blankekind. Die Kommissie is van oordeel dat die gebrekkige lewenstoestande van die ouers en die heersende ondervoeding wat van 'n min of meer chroniese aard is daartoe kon bydra.

(ii) Daar heers besliste wanvoeding onder die Kleurling, hoofsaaklik as gevolg van ondervoeding. Tesame met omgewingsinvloede en swak behuising en lewenstoestande het dit 'n uiters nadelige uitwerking op gesondheidstoestande.

(iii) Die swak weerstandsvermoë teen siektes van die Kleurling in vergelyking met die Blanke kan hoofsaakik toegeskryf word aan die groter mate van ondervoeding en onbevredigende omgewingstoestande.

(iv) Die hoër sterftesyfer in vergelyking met dié van die Blankes is hoofsaaklik die gevolg van maatskaplike en ekonomiese verskille.

(v) Die Kommissie verklaar verder dat hy nie in staat was om die gebrek aan uithouvermoë en weerstandsvermoë teen siektes aan erflikheid of 'n minderwaardige stamboom by die Kleurling te kan toeskryf nie, voordat die omgewings- en voedingstekortkominge uitgeskakel is of in elke geval verbeter is tot die peil van die Blanke nie. (70)

Kleurlingvrouens moes gedurende hierdie periode hoofsaaklik gebruik maak van ongekwalifiseerde vroedvroue met geboortes. Die meeste kon nie die dienste van 'n geneesheer of opgeleide verpleegster bekostig nie. Voorgeboorte klinieke, waar dit bestaan het, is oor die algemeen swak gebruik.

Die Kommissie van 1938 wys daarop dat kindersterftes in die dertigerjare drie maal so hoog was as dié onder Blankes. Die hoë geboortesyfer en heersende armoede, die omstandighede waaronder geboorte geskenk word, gepaardgaande met die onhigiëniese omstandighede en wanvoeding, dra gewoonlik by tot die hoë syfer van kindersterftes. (71)

Dit was veral die plattelandse Kleurlingbevolking wat tevrede moes wees met onvoldoende dienste. Pasiënte moes dikwels ver reis om die naaste mediese praktisyn te raadpleeg. Die vervoerkoste was duur en die meeste Kleurlinge op die platteland kon dit nie bekostig nie.

Die meeste hospitale op dorpe en in stedelike sentra het afsonderlike afdelings vir die onderskeie bevolkingsgroepe tot stand gebring. Hospitale was gewoonlik oorvol en die dienste nie altyd beskikbaar nie. Patterson (72) wys daarop dat in 1946 daar slegs 23 593 hospitaalbeddens vir 9 miljoen Nie-blankes beskikbaar was teenoor 32 889 beddens vir 2½ miljoen Blankes. Die hospitale in die Kaap kon ook nie voorsien in die behoeftes van die steeds groeiende bevolking nie.

In die twintiger- en dertigerjare het tuberkulose onder Kleuringe toegeneem. Dit is grootliks veroorsaak deur oorbewoning, swak behuising en gebrekkige gesondheidstoestande. In 1947 is bereken dat in Kaapstad 4 % van die Nie-blankebevolking (meestal Kleurlinge) lyers

of draers van tuberkulose was. In 1948 is 19 947 gevalle van pasiënte met geslagsiektes onder die Nie-blankebevolking gevind. Dienste vir gestremdes soos blindes, dowes en fisiese gestremdes is grootliks deur private organisasies behartig.

### 3.3.3.2 Welsynsdienste

Die Kommissieverslag van 1938 oor die Kleurlingbevolking in die Unie het in die afdeling oor maatskaplike vraagstukke daarop gewys dat "'n aansienlike deel van die Kaapse Kleurlinge behoort tot wat die maatskaplike versonke bevolking genoem kan word." Die Kommissie meen dat die buitengewone ongunstige omstandighede wat dikwels vir geslagte aaneen op hulle ingewerk het, daarvoor verantwoordelik is. Die Kommissie bespreek baie breedvoerig tendense wat by die Kleurlingbevolking gevind word, soos skadelike huislike invloede en kinderverwaarlosing; die hoë voorkoms van buite-egtelikheid, drankmisbruik, daggarokery en diefstal. Al hierdie maatskaplike afwykings is egter tipies van mense wat met kroniese armoede worstel. Dit is interessant dat die verslag nêrens verwys na enige maatskaplike werkdienslewering aan die bepaalde groep nie. Dit is ook vreemd dat daar nêrens enige aanbeveling gemaak word ten opsigte van enige ontwikkelende en voorkomende dienslewering op die welsynsterrein om die genoemde maatskaplike probleme aan te spreek nie.

Wat die welsynsdienste gedurende die periode betref, verklaar Patterson soos volg:

> Like the health services, the social welfare services are faced with the impossible task to relieve the injustices and inequalities of the existing socio economic system. (73)

Voor 1928 was private welsynsorganisasies en kerke grootliks verantwoordelik vir die welsynsdienste aan die onderskeie bevolkingsgroepe. Ten spyte van die feit dat die nood onder die nie-blankebevolkingsgroepe baie groter was as by Blankes het 75 persent van die 400 welsynsorganisasies onder die Blankes gewerk, terwyl slegs 8 persent onder Kleurlinge gewerk het. (74)

Nege jaar later was daar 1 000 bekende welsynsorganisasies in die Unie. Hulle het veral in stedelike gebiede gefunksioneer, derhalwe was daar eintlik niks gedoen op klein plattelandse gebiede nie. Dit was veral hier waar groot armoede en maatskaplike nood onder die Kleurlingbevolking tussen 1910 en 1948 geheers het.

## 4. DIE KLEURLINGBEVOLKING NA 1948

Na die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party het 'n nuwe era in die ontwikkeling van die Kleurlingbevolking in Suid-Afrika begin. Die verhouding tussen blanke en ander bevolkingsgroepe is landswyd ooreenkomstig die beleid van apartheid, later afsonderlike ontwikkeling genoem, gereguleer. Op 26 Mei 1948 het die kiesers van die land na die stembus gegaan. Die Nasionale Party en die Afrikanerparty het 'n verkiesingsooreenkoms gehad. Toe die uitslae bekend was, het dit geblyk dat die Nasionale Party en die Afrikanerparty gesamentlik 'n meerderheid van vyf oor die ander partye behaal het. Die beginsels vervat in die verkiesingsmanifes van 1938 het die praktiese politiek van die land geword. Die regering het onmiddellik gebruik gemaak van sy magte om rasseskeiding op sosiale gebied af te dwing.

Vervolgens sal aandag gegee word aan die ontwikkeling van die Kleurlingbevolking na 1948 met spesifieke verwysing na politieke, ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling.

### 4.1 Politieke Ontwikkeling

Na die beleidsverandering van 1948 het die politieke momentum vinnig versnel om die Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike kieserslys te verwyder. In 1951 is die Kleurlingkiesers in die Kaapprovinsie van die gewone kieserslyste verwyder en op 'n afsonderlike kieserslys geplaas met die oog op die verkiesing van vier blankes as Kleurlingverteenwoordigers in die Volksraad en twee in die Kaapse Provinsiale Raad. (75) Voorsiening is ook gemaak vir die benoeming van een blanke senator om die belange van die Kleurlinge in die Kaapprovinsie te bevorder. (76)

In 1968 is die afsonderlike verteenwoordiging van Kleurlinge in die Parlement afgeskaf en die Verteenwoordigende Kleurlingraad (VKR) gestig. Op 24 September 1969 het die vier partye, nl die Arbeiders Party, Federale Party, Republikeinse Party en die Nasionale Party, kandidate gestel in die eerste algemene verkiesing om die 46 verkose lede aan te wys. Die finale stand van die partye was: Arbeiders 26, Federale Party 11, Republikeinse Party 1, Nasionale Party 1 en 1 onafhanklike. Daarop het die regering 20 ondersteuners van die Federale Party benoem om aan die party 'n meerderheid in die Raad en beheer oor die Uitvoerende Raad te besorg. Dit het groot ontevredenheid by die meerderheid Kleurlinge veroorsaak omdat die Arbeiders eintlik

die verkiesing gewen het. Die benoeming van die 20 addisionele ondersteuners van die Federale Party was 'n slim set van die regering om die Arbeiders, wat die beleid van apartheid verwerp het, hok te slaan. Die regering is egter in die verleentheid gestel toe verskeie lede van die Federale Party oorstap na die Opposisie en aan die begin van die sitting van 1974 het die Federale Party 'n mosie van vertroue verloor.

In die volgende algemene verkiesing wat in Maart 1975 gehou is, het die Arbeiders weer die meerderheid van die verkose setels gewen. Verskeie Arbeiderondersteuners is daarna tot die Raad benoem om die party 'n stewige meerderheid te besorg. Met mnr Sonny Leon as leier het die party geen geheim daarvan gemaak dat hulle teen die beleid van die regering ten opsigte van die Kleurlinge, en selfs teen die VKR,gekant is nie. Hulle sou die VKR slegs gebruik om hulle teen die apartheidsbeleid te verset. Toe die begroting van die VKR in November 1975 ingedien word, het die Arbeidersparty geweier om dit goed te keur. Na 'n dooie punt van etlike weke het die regering die begroting by wyse van 'n proklamasie goedgekeur,mnr Leon van sy pos onthef, en mev Alathea Jansen, 'n benoemde lid van die VKR en politiek onverbonde, as voorsitter van die Raad aangewys.

Intussen is die Kommissie van Ondersoek na aangeleenthede rakende die Kleurlinggemeenskap (die Theron-kommissie) aangestel wat aan die einde van die VKR-sitting in 1976 'n uitvoerige verslag oor die sosio-ekonomiese en politieke situasie van die Kleurlinge uitgebring het. Die verslag is in die Volksraad ter tafel gelê en het die regering in 'n Witskrif te kenne gegee dat hy die meeste voorstelle aanvaarbaar vind.

Die regering het onder meer te kenne gegee dat 'n nuwe grondwetlike bestel vir die Kleurling uitgewerk moet word om aan hulle 'n regmatige aandeel in die politieke bestel van die land te gee.

Die verslag van die Grondwetlike Kommissie van Ondersoek, onder leiding van mnr A L Schlebusch, destydse Minister van Binnelandse Sake, wat in Mei 1980 in die Parlement ter tafel gelê is, het gelei tot die stigting van die Presidentsraad. Laasgenoemde het in 1981 met sy werksaamhede begin.

Die VKR is op 1 April 1980 ingevolge wetgewing van die Parlement ontbind. Die twee belangrikste redes was dat al die vernaamste politieke

partye van die Kleurlinge op die ontbinding van die Raad aangedring het omdat dit oor geen werklike magte beskik het nie en weens die feit dat 'n nuwe grondwetlike bestel voor die deur was. Aanvanklik was die regering voornemens om 'n nuwe Kleurlingraad in die lewe te roep waarvan 50 lede deur die Staatspresident benoem sou word, maar weens die algemene verset van die Kleurlingleiers is die plan laat vaar.

Die Arbeidersparty het steeds onversetlik gebly in sy verwerping van die nuwe grondwetlike voorstelle, met inbegrip van die Presidentsraad. Teen die einde van 1979 is 'n bittere dooie punt bereik in beraadslagings tussen die Eerste Minister en die leiers van die Arbeidersparty toe laasgenoemde geweier het om getuienis voor die Kommissie van Ondersoek na die grondwet af te lê.

Gedurende Desember 1983 besluit die Arbeidersparty tydens sy kongres te Eshowe om die nuwe grondwetlike bedeling te betree. As die grootste politieke party in die Kleurlingbevolking het dit verreikende gevolge gehad vir die betrokke groep. Daar was onmiddellik 'n groot persentasie uit die groep wat teen die besluit gekant was. Dit het daartoe aanleiding gegee dat verskillende protesgroepe hulle verenig het en deel geword het van die United Democratic Front. Laasgenoemde was die grootste teenstander van die sogenaamde nuwe bedeling. Dit was duidelik dat die Arbeiders groot teenstand uit die gemeenskap gekry het. Die belangrikste punt van kritiek teen die besluit van die party was dat die Swartes van die nuwe bedeling uitgesluit is en dat die bedeling bloot "apartheid" in 'n nuwe kleed was.

In die Kleurling- en Indiërverkiesings in Augustus 1984 het meer as 80% van die groepe die verkiesing geboikot. Die nuwe bedeling het tot gevolg gehad dat elke groep oor sy eie sake sou besluit terwyl die drie groepe oor algemene sake sou beslis. Die Arbeidersparty se leier het lid van die Kabinet geword en deel gehad in besluite wat die beleid van apartheid verder uitgebou het. Die Raad van Verteenwoordigers wat oor die Kleurlinggroep se sake moes besluit, kon nie hulle eie diskriminerende wetgewing wysig nie. Toe die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike en die Ontugwet in 1985 geskrap is, het die Arbeidersparty onmiddellik daarop aanspraak gemaak dat hulle vir die skrapping van die betrokke kweswette verantwoordelik was. Die Kleurlingbevolking daarenteen het die afskaffing van die twee wette nie as enige fundamentele verbetering van hul algemene posisie in die land gesien nie.

Vir die doel van die studie is dit belangrik om daarop te let dat sekere aspekte van maatskaplike welsyn in terme van die nuwe bedeling as eie sake gesien word, terwyl maatskaplike welsynsbeleid as 'n algemene saak beskou word (soos verdediging en die algemene begroting van die land).

Die nuwe bedeling wat die maatskaplike welsyn van die land betref, was nog steeds op 'n rassegrondslag van skeiding bedryf. Die driekamerstelsel was in 1987 reeds drie jaar oud en daar was nog geen fundamentele verandering in die welsynsbeleid nie. Die begroting van 1985 het wel 'n klein verhoging ten opsigte van die maatskaplike pensioene getoon, maar die gaping tussen die Blanke en Kleurling pensioene bly voortbestaan. Die verhoging vir alle groepe was R14-00 per persoon per maand. Blanke-pensioenarisse ontvang nou R180-00 per maand, Kleurlinge en Indiërs R117-00 en Swartes R79-00.

Die Arbeidersparty, wat nou as die "junior vennoot" van die Nasionale Party beskou word, se gewildheid het by die Kleurlingbevolking afgeneem omdat dit basies napraters van die regerende blanke party geword het. Die hantering van die skoleboikotte tydens die noodtoestand waar duisende mense sonder verhoor aangehou is en etlike beseer en gedood is, het getoon dat die Arbeidersparty magteloos is en slegs opdragte van die wit regering uitvoer.

Die party sou baie moeilik weer sy aansien kon herwin veral as 'n mens na die volgende syfers kyk. Volgens die S A Instituut vir Rasse Aangeleenthede het, tussen 22 Julie en 22 Oktober 1985, 322 mense in onluste gesterf. Volgens amptelike syfers het 2 612 mense tussen Januarie en 17 Oktober 1985 gesterf.

Skrywer is van mening dat die politieke ontwikkeling van die Kleurlingbevolking in die jongste tyd geen drastiese veranderings vir die groep getoon het nie. Solank as die beleid van apartheid nie ten volle vernietig en verwyder word uit die Suid-Afrikaanse samelewing nie, sal daar geen fundamentele veranderings in die land plaasvind nie. Die rassewette wat die pilare van apartheid is, sal moet plek maak vir 'n oop samelewing.

**Diskriminerende Wetgewing**

Nadat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, het hy onmiddellik gebruik gemaak van sy magte om rasseskeiding op sosiale gebied af te dwing. Deur proklamasies is apartheidsregulasies afge-

kondig vir die spoorweë, die poskantoor en staatsbeheerde openbare plekke. Die Bewegingsvryheid van die Kleurlinge is deur die maatreëls ingekort. Op die voorstedelike treindienste byvoorbeeld is sekere eersteklaswaens vir Blankes gereserveer. Geen Kleurlinge mag in 'n wa gereis het wat vir Blankes afgesonder is nie, dog Blankes kon reis in watter wa hulle wou.

Dit was duidelik dat die Regering 'n frontaanval wou loods teen alle kleurvermenging op onbeheerde sosiale gebiede. 'n Hele reeks wette is op die wetboek geplaas wat sekere vorms van sosiale omgang tussen Blankes en Nie-blankes strafbaar maak. In 1949 het die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike alle huweliks tussen Blankes en Nie-blankes verbied sonder om ook huweliks tussen Nie-blanke rassegroepe te verbied. Dit is dus duidelik dat dit alles daarop gemik was om die Blanke van die Nie-blanke te skei en sosiale kontak te verbied.

Hierdie wet is in 1950 opgevolg met die Ontugwysigingswet wat geslagtelike omgang tussen Blankes en Kleurlinge strafbaar gemaak het. Aangesien die staat dit dikwels baie moeilik gevind het om ontug in terme van die wet te bewys, het wysigingswette gevolg waarvan dié van 1957 'n konsolidasiewet was. Uitlokking en poging tot ontug was toe ook strafbaar en enige Blanke en Nie-blanke wat in verdagte omstandighede aangetref is, kon aangekla word. (Die twee wette is in 1985 van die wetboek geskrap).
Daar is verskillende wette en maatreëls gemaak wat sosiale skeiding tussen Blankes en Kleurlinge verpligtend gemaak het, soos byvoorbeeld die Wet op Nywrheidsversoening van 1956, die Wet op Staatsondersteunende Inrigtings (Wysigingswet) van 1957, die Wysigingswet op Motortransport van 1955 wat weer in 1959 gewysig is, die proklamasie onder die Wet op Groepsgebiede van 1951 met sy talle wysigingswette, die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding van 1959 en die Wet op Verpleging van 1957. Kleurlinge en Blankes is haas op elke terrein geskei. Die Wet op Verpleging bied interessante voorbeeld vir die standpunt van die regering dat geen Blanke persoon ooit aan die gesag van 'n Nie-blanke onderwerp mag word nie. Bekwaamheid of opleiding speel geen rol hoegenaam nie, maar slegs en alleenlik die kleur van 'n persoon se vel. Daarom mag geen Blankeverpleegster, kraamverpleegster of student in diens geneem word onder beheer en toesig van enige Nie-blanke verpleegster nie, behalwe in noodgevalle.

Die indrukwekkende lys van wetgewing van 1948 was dan ook om Blankes

en Kleurlinge op haas elke terrein van die lewe te skei. Daar was skeiding in die vervoer, in die bediening van staatskantore, skeiding by hysers, toonbanke, plekke van vermaak, ingange tot openbare plekke, duikweë en so meer. Ook op die arbeidsterrein is 'n skeiding afgedwing. Die verplegingsprofessie was verplig om hul blanke- kleurling en swart verpleegster afsonderlik te organiseer terwyl die Raad wat die beroep verteenwoordig het, slegs uit Blankes bestaan het. Nywerheidswetgewing het bepaal dat daar skeiding tussen vakbonde moes wees en dat die Minister ook werksafbakening vir die verskillende bevolkingsgroepe kon afkondig. Die wetgewing op motortransport het ook skeiding gemaak wat blanke en nie-blanke bestuurders, kaartjiesondersoekers en taximanne betref. 'n Kleuring-taxiryer mag byvoorbeeld volgens proklamasie geen Blankes vervoer het nie.

Daar was veral twee maatreëls wat die regeringsbeleid van apartheid ten grondslag gelê het, nl die Wet op Groepsgebiede en die Bevolkingsregistrasiewet, alhoewel sekere wetlike maatreëls wat die konsep "groepsgebied" vooruitgeloop het, reeds in 1946 op die Wetboek geplaas is. Eergenoemde wet is die grondplan waarvolgens die rekonstruksie van die gemeenskap moet geskied ten einde totale kleur- en rasseskeiding te bewerkstellig. Die tweede wet roep die tegniek in die lewe waarvolgens die identifisering van mense op rassegrondslag maklik kan geskied. Die toepassing van die Wet op Groepsgebiede het aangetoon hoe verweef die Kleurlinge en die Blankes se gemeenskapsbelange werklik is. In die Kaapse Skiereiland en groot Bolandse dorpe het gebiedskeiding onmeetbare en pynlike ontwrigting tot gevolg gehad. In die meeste gebiede is letterlik eeue van tradisie opgebou, maar die Blankes het feitlik alles geëis en die Kleurlinge moes al hul tradisies prysgee en is na nuwe gebiede verskuif. Ten spyte daarvan dat die Groepsgebiedewet gemik was om "rasse wrywing" te verhoed, sê Botha die volgende:

> Daar kan nie ontken word nie dat die Groepsgebiedewet tot nog toe hopeloos misluk het in sy doelstelling om beter verhoudings tussen blanke en nie-blanke te bevorder. (77)

Die betrokke wet is die mees gehate een omdat dit 'n direkte bydrae gelewer het tot die Kleurling se verdere armoedetoestand. Dit was die vooruitstrewende deel van die Kleurlingbevolking wat die hoogste offers moes bring. Dit was mense wat eiendomme besit het. Dit was die Kleurling-middelklas, die leierskorps, wat die swaarste getref

is. 'n Ongekende bitterheid en wantroue teenoor die owerheid en die meeste Blankes was die gevolg van hierdie "wrede en gehate" wet. Dit was egter nie alleen die gegoede deel wat gely het nie - selfs die armer deel van die Kleurlinggemeenskap is diep geraak. Die meeste Kleurlingskole het gedurende die tyd aan die kerklike gemeenskap behoort - daarby was daar groot getalle kerkgeboue en sale. Die verskuiwing in 'n gebied waar gevestigde belange bestaan het, het op 'n finansiële ramp vir die meeste gemeentes uitgeloop. Kerkgeboue in die hele land, asook talle skole, het hulle as gevolg van die toepassing van die wet in Blanke-gebiede bevind, terwyl die gemeentes en gemeenskappe verafgeleë moes woon. Vir die Kleurlinge was dit 'n geweldige slag, want skool- en kerkgemeenskappe wat geslagte lank bestaan het, het sterk gevoelsbande met die verlede gehad.

Die wetgewing was daarop gemik om die Blanke gesag oor die Kleurlinge te verseker, terwyl dit Blankes met nougesetheid teen enige vorm van Kleurlinggesag beskerm het.

Dit was veral die NG Sendingkerk, wat een van die grootste organisasies onder die Kleurlinge was, wat baie swaar getref is deur die Groepsgebiedewet. Volgens 'n skrywe (98) van die Kerk aan die destydse Minister van Gemeenskapsbou (mnr PW Botha, huidige Staatspresident), word dit genoem dat 71 van die 150 gemeentes deur die wet geaffekteer is. Van die 71 gemeentes is 49 voor 1930 gestig. Hulle was byna sonder uitsondering die oudste, mees bevestigde, en selfstandigste gemeentes van die Kerk. Volgens 'n konserwatiewe berekening is die vervanging van die kerkgeboue van die 49 gemeentes op R2½ miljoen bereken. Dit sluit nie eers die skole en kerksale in nie.

In die meeste dorpe is die meeste woongebiede van die Kleurlinge ver van hul kerkgeboue en skole gevestig. Die meeste eienaars van eiendomme wat verskuif is, kon nie hulle eiendomme van die hand sit nie aangesien Blanke kopers nie te voorskyn gekom het nie.

Dit word duidelik dat die apartheidswetgewing nie alleen die Kleurlingbevolking van sy demokratiese reg ontneem nie, maar ook 'n bydrae gelewer het om hom van sy besittings en eiendom te ontneem. Naas historiese, maatskaplike en ekonomiese faktore kan die armoede waarin so 'n groot deel van die Kleurlingbevolking vandag verkeer, toegeskryf word aan wetgewing wat daarop gemik was om te verseker dat die Kleurling geen of net 'n geringe deel in die verdeling van die rykdom van die land kon kry.

Dit kon nie anders dat die NG Sendingkerk by sy Sinode van 1982 apartheid as 'n sonde verklaar het nie en 'n staat van belydenis uitgeroep het nie.

Volgens die verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing wat in 1985 verskyn het ("Suid-Afrikaanse Samelewing en Toekomsmoontlikhede"), is dit duidelik dat apartheid misluk het om Suid-Afrika se rassevraagstuk op te los. Die navorsers wys daarop dat Suid-Afrika 'n plurale gemeenskap nodig het waarin groepsgegronde diskriminasie verwyder is en individuele regte gewaarborg word. Hulle beklemtoon die volgende ses basiese vereistes: vryheid van assosiasie, die reg om aan die besluitnemingsproses deel te neem, gelyke geleenthede, die stigting van betroubare en aanvaarbare openbare instellings en die erkenning van die menswaardigheid van alle mense se groepsidentiteit.

Dit is egter ondenkbaar dat dit nou eers na al die jare van onderdrukking, ontwrigting, ongeregtigheid en lyding ontdek word dat die onmenslike beleid misluk het. Die armoede-toestand waarin die grootste deel van die Kleurlingbevolking hul tans bevind, is in baie opsigte direk die oorsaak van die bose, onmenslike en veragtelike beleid. Daar lê 'n baie lang pad voor om die gemeenskap uit die wurggreep van armoede te bevry.

### 4.2 Ekonomiese Ontwikkeling

Ten spyte van diskriminerende wetgewing, het die Kleurlingbevolking sedert 1948 op die ekonomiese gebied vooruitgang getoon. Volgens Cilliers (79) was een-derde van die Kleurlinggemeenskap in 1960 ekonomies aktief. Die totale Kleurlingarbeidsmag was 548 282 persone of 36,33% van die totale Kleurlinggemeenskap. Wanneer die Kleurlingbevolking met die Blankebevolking vergelyk word, vind ons dat daar, wat ekonomiese aktiwiteite betref, verskille bestaan. Minder as die helfte (49,18%) van die Kleurlingmans was ekonomies aktief teenoor 55,15% van die Blanke-mans. By die Kleurlingvroue was 23,60% ekonomies aktief teenoor 18,82% Blanke-vroue.

Meer Kleurlinge wat ekonomies aktief is, is by die landbou betrokke as enige ander ekonomiese bedryf. In die sestigerjare was die syfer 30,86% (teenoor 32,96% in 1951). Daar was verder 16,84% Kleurlinge betrokke by die fabriekswese, 11,14% by ander dienste, 10,70% by die boubedryf en 8,91% in die handel. Die meeste vroue was in die sestigerjare huishulpe, nl 55,79%. Baie vroue het egter daarna in die fabrieke gaan werk.

Die per capita inkomste in 1956/57 van die Blanke was volgens Cilliers R876 p.a. teenoor R132 vir Kleurlinge. Dit beteken dat die per capita inkomste vir Blankes vir die tydperk 6.64 maal hoër was as dié van die Kleurlinge. 'n Ondersoek wat gedurende dié tyd gedoen is, het bevind dat 54,8% van die Blankes wat in die arbeidsmark was, 'n jaarlikse inkomste van R200 of minder verdien het. Die gemiddelde inkomste vir 'n Blanke was R1 538-90 per jaar in vergelyking met R198-90 van 'n Kleurlingwerker. (80) Dit moet egter duidelik gestel word dat die inkomste van die twee bevolkingsgroepe beoordeel moet word in die lig van die tipe werk en die vergoeding wat daarmee gepaardgaan. Blankes het gewoonlik professionele en administratiewe beroepe beklee. Die Theron-verslag van 1976 het getoon dat die per capita-inkomste per jaar van die Kleurling van R281 in 1959/60 tot R496 in 1974/75 gestyg het en so na verwagting R633 in 1979/80 gewees het. Daar is verder aangetoon dat, terwyl die per capita-inkomste van die Blankes in die sestigerjare met ongeveer 16% gestyg het, dié van die Kleurling met 19,6% in 1974/75 gestyg het, en na verwagting met 23% in 1979/80 sou styg. Die hoë geboortesyfer en die relatiewe jeugdigheid van die Kleurling het egter 'n invloed op die per capita-inkomste, sodat, as daar vir die bevolkingstruktuur gestandardiseer word, die vergelyking tussen Blanke en Kleurling- per capita-inkomste dan die Kleurling in 'n relatief gunstiger posisie sou plaas. Die per capita-inkomste van Kleurlinge sal egter relatief stadiger styg as die hoë geboortesyfer gehandhaaf word, aldus die Theron-verslag. (81)

Die inkomste van Kleurlinghuishoudings was volgens die Theron-verslag soos volg:

Die gemiddelde huishoudingsinkomste in stedelike gebiede was in 1974 meer as R2 500 per jaar, terwyl die plattelandse dorpe gewissel het van R2 250 in die Paarl tot R1 345 in Beaufort-Wes en R863 in die Calvinia-distrik. Volgens 'n beraming van die inkomsteverspreiding het 21.5% van die stedelike huishoudings in 1975 'n huishoudingsinkomste van meer as R4 050 per jaar ontvang, 55% minder as R2 700, en sowat 24% minder as R1 600. (82)

Die Kommissie het verder bevind dat 19,2% van die huishoudings se inkomste laer as die minimum lewenspeil was, en 30,1% laer as die aangevulde lewenspeil. Die persentasie plattelandse huishoudings se inkomste was laer as die minimum en aanvullende lewenspeil van

die stedelike huishoudings - respektiewelik 39,2% en 57,8% teenoor respektiewelik 13,2% en 22,0%. Die gesinsgrootte en opvoedingspeil speel 'n deurslaggewende rol om 'n Kleurlinghuishouding onderkant die lewenspeil te plaas. (83)
Dit is interessant dat die Theron-Kommissie die Kleurlinggemeenskap in drie groepe verdeel op grond van hul sosio-ekonomiese posisie. (84) Die Kommissie het bevind dat ongeveer 20% van die Kleurlinge as 'n sogenaamde "boonste groep" ingedeel kan word. Hierdie "boonste groep" bevat hoofsaakik huishoudings waarvan die broodwinners werkgewers (bv boere en sakelui) en professionele persone is en diegene wat geskoolde kantoorwerk doen. Die groep handhaaf oor die algemeen 'n lewenstyl en -houding wat baie ooreenstem met dié van die blanke middelstand. Volgens die Kommissie vorm sowat 40% van die Kleurlingbevolking 'n breë onderlaag, d.i. 'n "laer stand". Hierdie groep word saamgestel uit 'n groot deel van die Kleurlinge in die landbousektor en uit stedelike huishoudings waarvan die broodwinners nie vaste en identifiserende betrekkings beklee nie. Hierdie "laer groep" verkeer in 'n toestand van chroniese gemeenskapsarmoede. Die oorblywende 40% vorm volgens die Kommissie 'n middelgroep wat nie in sosiaalekonmiese terme so duidelik soos die boonste groep geïdentifiseer kan word nie. Die middelste groep bestaan uit 'n spektrum wat strek van die byna middelstand aan die een uiterste en chroniese gemeenskapsarmoede aan die ander. Die middelste groep word weer verdeel in 'n boonste en onderste helfte. Die boonste helfte beskik oor die potensiaal om binne tien of meer jare ook tot die middelstand te vorder.

### 4.3 Maatskaplike Ontwikkeling

Wat die maatskaplike ontwikkeling van die Kleurlingbevolking na 1948 betref, sal die fokus val op onderwys, behuising, gesondheids- en welsynsdienste.

#### 4.3.1 Onderwys

Tot 1957 het die onderwys van die Kleurlingbevolking onder die onderskeie Provinsies geressorteer. Op 6 Junie van daardie jaar het die Kaapse Provinsiale Raad besluit om die Sentrale Regering te versoek om die onderwys van die Kleurlingbevolking oor te neem. Die bestaande Kleurlingonderwysersverenigings was teen die besluit gekant en het dit as 'n politieke set beskou, naamlik om die beleid van apartheid verder gestalte te gee. Ten spyte hiervan het die Parlement in 1963 besluit

om die onderwys van die Kleurlingbevolking oor te dra na die Departement van Kleurlingsake. Wet no 47 van 1963 het wye magte aan die Minister van Kleurlingsake gegee ten opsigate van Kleurlingonderwys.

Met die totstandkoming van die Verteenwoordigende Kleurlingraad in 1969 is die Administrasie van Kleurlingsake in die lewe geroep en het die beheer van die Kleurlingonderwys sÿ verantwoordelikheid geword. Die Verteenwoordigende Kleurlingraad is op 1 April 1980 ontbind en is vervang met die Suid-Afrikaanse Kleurlingraad. Vanaf dië datum het die Administrasie van Kleurlingsake en die Departement van Kleurlingbetrekkinge een departement geword. Op 1 Junie 1980 verander dit na die Departement van Kleurlingsake.

Voor 1964 het die Kleurlinge geen beheer gehad oor die administrasie van hulle eie skole nie. Die meeste skole was onder beheer van skoolbestuurders in diens van kerkgenootskappe. Teen 1963 was die meeste bestuurders van Kleurlingskole nog Blankes. Selfs binne-in die skole was baie van die hoogste onderwysposte soos hoofde van onderwyserskolleges, opleidingskole en selfs hoër- en middelbare skole deur Blankes beklee. Daar was ook geen Kleurlinge in die onderwysinspektoraat nie. In 1969 is die onderwys deur 'n Onderwysdirektoraat oorgeneem. 'n Direkteur van Onderwys is aan die hoof van die Direktoraat van Onderwys. Op plaaslike vlak is die vakkundige en administratiewe dienste vanuit streekkantore behartig. Streekkantore in 13 streke is tot stand gebring met Streekshoofinspekteurs aan die hoof. Die skole onder die beheer van elke Streekkantoor is weer in 'n aantal inspeksie-kringe ingedeel. By elke streekkantoor is 'n Streeksraad deur die minister daargestel wat die funksie van skoolrade oorgeneem het. Die raad het hoofsaaklik uit Kleurlingleiers bestaan.

Skoolkomitees bestaande uit ouers is by alle staat- en staatsondersteunende skole ingestel en het beheer uitgeoefen oor die betrokke skool waaraan hulle verbonde was. Hierdie stelsel bestaan steeds.

Sedert 1964 is skole in meeste plattelandse dorpe uitgebrei en plaasskole het al minder geword. Dit het egter bygedra dat skole oorvol geword het en dubbelskof-klasse tot stand gebring is. Ten spyte van die talle nuwe skole, worstel die onderwys vir Kleurlinge steeds vandag met grootskaalse akkommodasieprobleme om die steeds groeiende Kleurlingkindertalle te huisves. Verpligte onderwys vir Kleurlingkinders is intussen ingestel. Dit het in 1974 begin met kinders tussen die ouderdomme 7 tot 14 jaar en is in 1980 uitgebrei na 16 jaar.

Die Kleurlingonderwys maak vandag voorsiening vir voorskoolse onderwys, primêre en sekondêre onderwys asook tegniese en volwasse onderwys.

### 4.3.2 Behuising

Volgens Cilliers was daar na die Tweede-wêreldoorlog 'n groot toestroom van die platteland na die stede. Dit het aanleiding gegee tot groot behuisingsnood. Alhoewel daar van staatsweë baie gedoen is om die nood van Blanke-gesinne te verlig, was daar eintlik weinig vir die Kleurlingbevolking gedoen. In 1960 was daar volgens hom 'n tekort van 45 000 huise vir stedelik Kleurlinggesinne. Hy verwys soos volg daarna:

> Research in the Western Cape has shown that at least one third of all Coloured households in towns and cities at present still live under unsatisfactory housing conditions. (85)

(Die navorsing verwys na HL Watts se Survey of the Housing Requirements of Coloureds in Towns of the Western Cape, 1962).

Hy wys daarop dat die Groepsgebiedewet 'n verdere rol gespeel het in die tekort van huise vir Kleurlinge. Reeds in die sestigerjare was die gebrek aan behuising vir Kleurlinge een van die ernstigste maatskaplike probleme waarmee die land geworstel het.

Die Theron-verslag het in 1976 die volgende ten opsigte van huisvesting van Kleurlinge gesê:

> Die tekort aan huisvesting vir Kleurlinge is een van die vernaamste knelpunte, terwyl sekere aspekte van die behuisingsbeleid van die staat asook van die Wet op Groepsgebiede en van die toepassing daarvan bitterheid en frustrasie veroorsaak. Die groot bevolkingsaanwas by die Kleurlinge vererger die probleem. (86)

Die Groepsgebiedewet het veral die Kleurlinge die hardste geslaan. Volgens Groenewald is daar tot aan die einde van 1982, 123 718 gesinne ingevolge die Wet verskuif. Van hulle was minder as 2% Blankes (87) Die uitlating van 'n segsman van die regering in 1977 toon duidelik hoe oor die Wet gevoel is:

> Ons vra nie om verskoning vir die Wet op Groepsgebiede en vir die toepassing daarvan nie. En as 600 000 Indiërs en Kleurlinge geaffekteer word deur die implementering van hierdie Wet, vra ons ook nie eens daarvoor om verskoning nie. Ek meen die wêreld moet dit net eenvouding aanvaar. Die NP het in 1948 aan bewind van sake gekom en gesê hy sal woonbuurt-skeiding in Suid-Afrika implementeer... Ons het daardie Wet op die Wetboek geplaas en daarvolgens het ons

> hier in Suid-Afrika, uit die chaos wat geheers het toe ons aan bewind gekom het, orde geskep en behoorlik afgesonderde woonbuurtes vir ons mense daargestel. (88)

Die woningnood in die Kleurlinggemeenskap bly steeds in die tagtigerjare 'n ernstige maatskaplike probleem. Dit het 'n vernietigende uitwerking op beide die maatskaplike funksionering en fisiese- en geestelike gesondheid van 'n groot persentasie van Kleurlinggesinne. Vir die grootste persentasie Kleurlinge is dit onmoontlik om hul eie huise op te rig. Hulle is dus in 'n groot mate afhanklik van behuising wat deur plaaslike owerhede daargestel is.

In die jongste tyd is grootskaalse pogings in Kaapstad aangewend om die probleem rondom behuising vir Kleurlinge onder die knie te kry. Die Staat het fondse vir sub-ekonomiese en ekonomiese behuising beskikbaar gestel en huurders kan nou eienaars van hul eie huise word. Individuele bou- en kooplenings is ook vir die doel ingestel. Die ekonomiese verhuur/verkoopskemas vind deurgaans byval, veral omdat wonings aan huurders verkoop kan word. Talle Kleurlinge uit die laer inkomstegroepe kan nou hul eie huise bekom. Die Kleurlinggemeenskappe behoort egter in 'n groter mate betrek te word by behuisingsaangeleenthede op plaaslike, streeks- en nasionale vlak.

Doeltreffende welsynsdienste verbonde aan die verskillende behuisingskemas in die Kaapse Skiereiland is 'n baie groot behoefte. Nuwe gemeenskappe soos Mitchell's Plain en Atlantis ervaar ernstige maatskaplike probleme. Daar is 'n onrusbarende toename aan diefstal en aan geweld. Hierdie verskynsels kan slegs bekamp word deur gemeenskapsaksie. Vir die maatskaplike werk beteken dit gemeenskapsorganisasie en gemeenskapsontwikkeling.

**4.3.3 Gesondheids- en Welsynsdienste:**

In 1960, so verklaar Cilliers, (89) was daar 'n merkbare verbetering te bespeur ten opsigte van die gesondheidstoestande van die Kleurlinge. Dit word toegeskryf aan die uitbreiding van gesondheids- en welsynsdienste. Die gesondheidstoestand van die Blankes was egter veel beter omdat hulle dienste van 'n hoër standaard was.
Tuberkulose het gedurende die sestigerjare 'n hoë voorkoms by Kleurlinge gehad. Die algemene swak maatskaplike omstandighede en die lae lewenstandaard, gepaard met oorbewoning, ondervoeding en swak higiëniese omstandighede, was in 'n groot mate daarvoor verantwoordelik.

Die Theron-verslag van 1976 toon dat, alhoewel tuberkulose steeds by Kleurlinge voorgekom het, het dit sedert 1960 met 31% gedaal. Kindersterftes by Kleurlinge was in 1976 egter steeds opvallend hoog. Vanaf 1955 tot 1960 was dit 119,8 per 1 000 geboortes en vanaf 1970-1975 118,0. Met ander woorde dit het skaars 'n daling getoon in 25 jaar. (90)

Vanweë sy relatiewe swakker sosio-ekonomiese agtergrond is die Kleurling in 'n groot mate afhanklik van armesorg en is op openbare gesondheidsdienste aangewese. Vanaf 1948 is gesondheidsdienste landswyd feitlik gratis of vir 'n nominale koste aan die Kleurlingbevolking beskikbaar gestel. Dienste is veral in die stede na die Kleurlingwoonbuurtes uitgebrei. Orals is daghospitale opgerig. Hospitaalakkommodasie het sedert die veertigerjare vir Kleurlinge uitgebrei. Oor die algemeen het die hospitale en aanverwante mediese dienste vir Kleurlinge landswyd groter vordering getoon as twee dekades terug. Spesiale gesondheidsdienste is vandag vir Kleurlinge beskikbaar onder andere gesondheidsopvoeding en voorligting, dienste aan liggaamlik en geestelike gestremdes, skoolverpleging en gesinsbeplanningsprogramme. Sedert die nuwe politieke bedeling word gesondheid as 'n eie saak gesien. 'n Gedeelte van gesondheidsdienste wat spesifiek aan Kleurlinge gelewer word, word deur die Huis van Verteenwoordigers se Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn behartig.
'n Interessante stuk navorsing deur prof B Helm (van die "School of Social Science", Universiteit van Kaapstad) in 1962 toon die destydse stand van welsynsdienste aan verskillende bevolkingsgroepe in Kaapstad. Volgens haar was daar in 1960 min Blankes wat in armoede geleef het, terwyl 'n derde van die Kleurlinggemeenskap en 'n helfte van die Swartes in armoede verkeer het. In 1960 was die totale bevolking van Kaapstad 731 484. Hiervan was 52% Kleurlinge; 38% Blankes; 9% swartes en 1% Asiërs.

Genoemde navorsing het die volgende aantal vrywillige welsynsorganisasies geïdentifiseer wat verskillende dienste aan verskillende bevolkingsgroepe in Kaapstad lewer:

* Blankes 215
* Kleurlinge 186
* Asiërs 150
* Swartes 146

Met ander woorde, die aantal welsynsorganisasies waartoe Blankes hulle kon begeef, was 215, Kleurlinge 186 ens. Slegs ongeveer twee-derdes

van die organisasies wat vir Blankes oop was, was vir Swartes ook oop.

Uit die ondersoek het geblyk dat, ondanks die skeiding in gemeenskappe (veroorsaak deur die diskrimenerende wetgewing, godsdiens en taal verskille, verskille in lewenstandaard, tradisies en die beleid van apartheid) was 42 persent van die welsynsorganisasies wel bereid om alle bevolkingsgroepe te bedien. (94) Helm wys egter duidelik daarop dat al sou 42% van die welsynsorganisasies (in Kaapstad en omgewing werksaam) alle bevolkingsgroepe bedien, beteken dit nie dat die dienste, soos aangebied, presies van dieselfde kwaliteit was vir alle groepe nie of dat ras geen rol in hulle werksaamhede gespeel het nie.

Die Departement van Volkswelsyn (1937), later die Departement Volkswelsyn en Pensioene, het voorheen alle bevolkingsgroepe bedien. In 1958 is die welsynsdienste vir Kleurlinge oorgeneem deur die Administrasie van Kleurlingsake en is 'n Direktoraat van Gemeenskapswelsyn en Pensioene ingestel.

Welsynsdienste vir Kleurlinge is egter sedert 17 September 1984 onder die beheer van die Administrasie van die Huis van Verteenwoordigers se Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn geplaas. Die betrokke departement voorsien die welsynsdienste in vennootskap met private welsynsorganisasies.

Die huidige administrasie is in samewerking met privaatwelsynsorganisasies verantwoordelik vir gesinsorgdienste in die Kleurlinggemeenskap. Sy beleid is om gemeenskappe direk by gemeenskapsontwikkelingsprogramme te betrek. Daar is tans ses streekswelsynsrade vir Kleurlinge wat die betrokke Minister oor welsynsaangeleenthede adviseer en die gemeenskappe aktiveer om meer betrokke by eie opheffing te wees.

## SAMEVATTING

Die omstandighede wat 'n oorsaaklike rol gespeel het in die totstandkoming en handhawing van die toestand van gemeenskapsarmoede onder Kleurlinge kan nie in terme van die huidige omstandighede beoordeel word nie, maar het 'n historiese perspektief. Die etniese groepe waaruit die Kleurlingbevolking bestaan, grootliks die Hottentotte, Boesmans en vrygestelde slawe, het hom reeds vroeg in 'n ongunstige posisie geplaas. Sedert die eerste kontak met die Blanke het die Hottentotte hul veetroppe begin verloor. Soos ook met die Boesmans die geval was, moes hulle hul grondgebiede mettertyd prysgee. Die stelselmatige

uitdunning van veetroppe, die feit dat hulle van grondbesit beroof is en die feit dat die wild waarop hulle vir hul bestaan gereken het op 'n baie meer effektiewe wyse deur Blankes gejag kon word, het direk daartoe aanleiding gegee dat groot getalle Hottentotte en Boesmans gedeeltelik of geheel van Blankes afhanklik geword het. Dit was die begin van 'n toestand van armoede wat van een geslag na die ander oorgedra is. Die vernietigende pokke-epidemies en voortdurende botsings met Blanke Vryburgers het nie alleen groot getalle uitgewis nie, maar die oorblywendes heeltemal ekonomies afhanklik en ondergeskik aan die Blankes gemaak. Die slawe is vanweë hul posisie, as minderwaardige wesens beskou en dikwels van alle menswaardigheid ontneem. 'n Onderdanigheid- en afhanklikheidsverhouding is dus van vroeg af deur die Kleurling aanvaar. Die meester-kneg-verhouding tussen Blankes en "gekleurdes" het laasgenoemde tot 'n werkerstand met 'n beskeie lewenspeil gedwing.

Die politieke gebeure rondom die ontwikkeling van die Kleurling het duidelik tot die hedendaagse posisie van hierdie mense bygedra. Reeds van die begin van die Unie van Suid-Afrika in 1910 is bewustelike pogings aangewend om "gekleurdes" van Blankes te skei. Die kleurslagboom wat in die Suid-Afrika-wet met Uniewording opgeneem is, het die weg gebaan om die Kleurling stelselmatig van sy politieke regte te ontneem. Dit het die Kleurling se bedingingsmag ernstig benadeel. Dit was egter veral die "apartheidsbeleid" wat met die Nasionale Party se bewindsaanvaarding in 1948 in werking getree het, wat die Kleurling van feitlik alle politiekeregte ontneem het. In 1951 word die Kleurlingkiesers van die gewone kieserslys verwyder en in 1968 word 'n afsonderlike Verteenwoordigende Kleurlingraad in die lewe geroep. Laasgenoemde Raad het geringe wetgewende gesag gehad. Die ontneming van regstreekse verteenwoordiging in besluitnemingsliggame vir die Kleurling het daartoe bygedra dat hy nie op ekonomiese gebied kon beding nie. Op owerheidsgebied kon 'n relatiewe lae peil van openbare besteding ten opsigte van die Kleurlinge gedoen word sonder dat Kleurlinge effektief dit kon teenstaan. Dit het agterstande op bykans alle openbare fasiliteite en dienste tot gevolg gehad. Agterstande ten opsigte van onderwys, mediese en welsynsdienste, behuising en gemeenskapsfasiliteite het ontwikkel. Dit het bygedra tot verdere ontwikkeling van gemeenskapsarmoede. Diskriminerende wette soos die Groepsgebiedewet het na 1948 'n direkte bydrae gelewer om hom van sy besittings en eiendomme te beroof. Die huidige drie-kamerstelsel het ook nog geen fundamentele verandering vir die Kleurling se armoedetoestand bewerk nie.

Naas historiese en politieke faktore het die ongunstige ekonomiese posisie van die Kleurling 'n bydrae gelewer tot die toestand van gemeenskapsarmoede. Dië ongunstige ekonomiese posisie van die Kleurling is nou ineenverstrengel met die historiese en politieke faktore in die land.

Na Uniewording was dit veral op die arbeidsterrein waar die Kleurling op ekonomiese gebied in 'n baie ongunstige posisie geplaas is. Faktore soos die groot depressie, die ontwrigting van die internasionale betalingsmeganisme, groot droogtes plaaslik en die agteruitgang van boederye het 'n indirekte bydrae gelewer tot 'n toestand van chroniese armoede by 'n groot persentasie Kleurlinge. "Apartheidswetgewing" soos die Werkreserveringswet en ander wette soos die Vakleerlingwet van 1922 en die Loonwet van 1926 het die Kleurling se posisie op die arbeidsmark verder aansienlik benadeel met ernstige implikasies vir sy lewenstandaard.

Saam met ontoereikende gemeenskapsfasiliteite en dienste soos onderwysdienste en fasiliteite, mediese- en welsynsdienste, behuising en ander gemeenskapsgeriewe het allerlei maatskaplike probleme, soos misdaad en hoë geboorte-aanwas by die onderste groep in die Kleurlinggemeenskap bly voortbestaan.

Die armoedetoestand onder Kleurlinge het, wat veral die 40% van die "laer groep" betref, oor die jare 'n bose kringloop geword wat van een geslag na 'n ander oorgedra is. Dië toestand werk stremmend in op die hele gemeenskap omdat dit met ander maatskaplike verskynsels gepaardgaan.

Die Marxistiese interpretasie van die geskiedenis is besonder behulpsaam as 'n realistiese beeld van die probleme wat hulle ondergeskiktheid vir Kleurlinge meebring na regte moet gewaardeer word. Die stelling "the present is contained in the past" word aan Karl Marx toegeskryf. Vir die maatskaplike werker wat poog om landsbeleid te beïnvloed vanuit die insigte van sy beroep, is dit belangrik om op 'n diepgaande vlak te besef dat die daaglikse kenmerke en simptome van gemeenskapsarmoede onder die Kleurlingbevolking nie uit die weg geruim kan word deur by grootskaalse of drastiese ingryping met groot somme geld soos wat soms in ander lande deur middel van "foreign aid" gebeur nie. Die voetspore van die verlede lê diep en lê orals. Die hede moet nie net in die lig van die verlede verstaan word nie, maar moet ook in die lig van die verlede behandel word. Gemeenskapswerk is die enigste metode wat die beroep kan aanwend om die veelvuldigheid van

die probleme te probeer hanteer. Uit gemeenskapswerk (as dit reg aangewend word) sal ook vir die maatskaplike werker en sy kliënte gedurig nuwe insigte, wat aan die begin nie duidelik was nie, ontstaan. Dis die geskiedenis wat die situasie so ingewikkeld maak; besef die maatskaplike werker dit weens die breë basis van sy kennis, sal hy nie na snelle oplossings reik nie maar sy strategieë kan beplan volgens die realiteite van die omstandighede. 'n Strategie om die probleme aan te spreek sal voorts in die studie aandag kry.

In die volgende hoofstuk val die soeklig meer bepaald op die verskynsel van gemeenskapsarmoede soos dit in die Kleurlinggemeenskap voorkom.

---oOo---

## VERWYSINGS


1. Coertze, PJ. 1982. Die Afrikanervolk en die Kleurlinge. HAUM, Pretoria. p. 109.
2. Theal, GM. 1902. The Beginning of South African Hisotry. Maskew Miller, Cape Town. pp.137 - 141.
3. Coertze, op.cit., p. 110.
4. MacMillan, WM. 1927. The Cape Coloured Question. Faber and Gwyer London. p. 27.
5. Coertze, op.cit., p. 110.
6. Bruwer, JP. 1964. "Ontstaansgeskiedenis" uit Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika onder redaksie van E Theron en JM Swart, Universiteit Uitgewers, Stellenbosch. p. 28.
7. Coertze, op.cit., p. 111.
8. Ibid., p. 112.
9. Ibid., p. 115.
10. Theal, AM. 1915. History of South African since 1795, I and II, Allen and Unwin, London. 1915. p. 235.
11. Coertze, op.cit., p. 19
12. Marais, JS. 1968. The Cape Coloured People 1652 - 1937. Witwatersrand University Press, Johannesburg. 1968. p. 19
13. Patterson, S. 1953. Colour and Culture in South Africa. A Story of the Status of the Cape Coloured People within the Social Structure of the Union of South Africa. Routledge and Kegan Paul, London. p. 17.
14. Coertze, op.cit., p. 117.
15. Loc. cit.
16. Patterson, op.cit.,p. 16.
17. Boëseken, A. 1952 Drie Eeue. Die Verhaal van ons Vaderland. Nasionale Boekhandel, Kaapstad. pp. 52 - 53.
18. Coertze, op.cit.,p. 119.
19. Marais, op.cit.,p. 20.
20. Coertze, op.cit.,p. 119.
21. Loc. cit.
22. Theal 1915, op.cit., p. 230.
23. Marais, op.cit.,p. 31.

24. Ibid., p. 10.

25. Loc. cit.

26. Coertze, op.cit., p. 121.

27. Ibid., p. 122.

28. Heese, HF. 1984. Groep sonder Grense. Die rol en status van die gemengde bevolking aan die Kaap 1652 - 1795. Wes-Kaaplandse Instituut vir Historiese Navorsing. Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville. p.5.

29. Marais, op.cit., p. 10.

30. Coertze, op.cit., p.132.

31. MacMillan, op.cit., p. 27

32. Marais, op.cit., p. 2.

33. Elphick, R. Giliomee, H. 1979. The Shaping of South Africa 1652 - 1820. Longman Penguin, Southern Africa Cape Town. pp. 11 - 12.

34. Ibid., p. 12.

35. Elphick and Giliomee, p. 22.

36. Loc. cit.

37. Marais, op.cit.,p. 7.

38. Elphick and Giliomee, op.cit., p. 28.

39. Elphick and Giliomee, op.cit., p. 90.

40. Ibid., p. 93.

41. MacMillan, op.cit., p. 81.

42. Ibid., p. 82.

43. Patterson, op.cit., p. 66.

44. Marais, op.cit.,p. 112.

45. Ibid., p. 135.

46. Marais, op.cit.,p. 125.

47. Patterson, op.cit.,p. 27.

48. Ibid., p. 28.

49. Cilliers, SP. 1963. The Coloured of South Africa. A Factual Study. Banier Publishers, Cape Town. p. 13.

50. Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie. 1938. Staatsdrukker, Pretoria. 1938. UG no 54. p. 239.

51. Kommissie ondersoek 1938, op.cit., p. 224.

52. Patterson, op.cit., p. 234

53. Ibid., p. 37.

54. Loc. cit.

55. Ibid., p. 39.

56. Patterson; op.cit., p. 68.

57. Kommissie ondersoek 1938, op.cit., p. 45.

58. Patterson, op.cit., p. 81.

59. Ibid., op.cit., p. 82.

60. Loc. cit.

61. Loc. cit.

62. Van der Ross, RE. 1973. The Political and Social History of the Coloured 1880 - 1970. Part 2 and 3. University of Western Cape (Unpublished) p. 658.

63. Ibid., p. 660.

64. Loc. cit.

65. Ibid., p. 673.

66. Ibid., pp. 677 - 678.

67. Ibid., p. 680.

68. Kommissie ondersoek 1938, p. 115.

69. Ibid., p. 128.

70. Ibid., p. 99.

71. Kommissie ondersoek 1938, p. 102.

72. Patterson, op.cit. p. 109.

73. Ibid., p. 113.

74. Ibid., p. 117.

75. Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolking. 1976. Staatsdrukker, Pretoria. RP 38/1976, p. 337. (genoem die Theron-verslag).

76. Suid-Afrika 1985 Amptelike Jaarboek van die RSA. Amptelike Uitgewers Chris van Rensburg, Johannesburg. p. 193.

77. Botha, DP. 1960. Die Opkoms van ons Derde Stand. Human en Rousseau. Kaapstad. p. 119.

78. Memorandum insake geldelike skade aan Kerk vir verlies gely as gevolg van verskuiwing onder die Wet op Groepsgebiede - aangebied aan die Minister van Gemeenskapsbou deur die NG Sendingkerk. 1958. (Ongepubliseerd)

79. Cilliers, op.cit., p. 41.

80. Ibid., pp. 46 - 47.

81. Theron-verslag. op.cit., p. 60.

82. Loc. cit.

83. Ibid., p. 49.

84. Ibid., p. 463.

85. Cilliers, op.cit., p. 32.

86. Theron-verslag, op.cit., p. 225.

87. Groenewald, J. 1986. "Die Uitwerking van Apartheid. Sosiologiese Aspekte" uit: Die NG Kerk en Apartheid onder redaksie van J Kinghorn. MacMillan Suid-Afrika, Johannesburg. p. 28.

88. Ibid., pp. 28 - 29.

89. Cilliers, op.cit., p. 30.

90. Theron-verslag, op.cit., pp. 228 - 229.

91. Helm, B. 1962. Social Work in a South African City. University of Cape Town Board of Sociological Research, Cape Town. pp. 38 - 39.

---oOo---

# HOOFSTUK 4
# GEMEENSKAPSARMOEDE BY DIE KLEURLING

## INLEIDING

Die verskynsel van gemeenskapsarmoede soos dit by die Kleurling voorkom, strek oor baie geslagte. Dit het 'n inherente momentum aangeneem wat dit onwillekeurig van een geslag na 'n ander oorgedra het. Die talle maatskaplike probleme wat by individue en gesinne binne die Kleurlinggemeenskap voorkom, kan dus nie bloot aan persoonlikheidsfaktore toegeskryf word nie. Dit is veral die swak sosio-ekonomiese omstandighede waarin 'n groot persentasie van die bevolking hul bevind, en wat ook dikwels buite hul beheer is, wat vir talle maatskaplike probleme en gedragsafwykings verantwoordelik is.

'n Groot persentasie van die slagoffers van armoede in die Kleurlinggemeenskap het reeds 'n fatalistiese ingesteldheid ontwikkel. Hulle het nie meer die wilskrag of strewe om aan die onaangename omstandighede te ontsnap nie. Die gevolge van armoede by die Kleurling het nie alleen negatiewe implikasies vir individue en gesinne nie, maar raak alle sisteme in die gemeenskap met wie hulle verbind is. Die probleem werk stremmend in op die maatskaplike funksionering van die slagoffers self sowel as die gemeenskap en die land as geheel.

In hierdie hoofstuk word gefokus op die verskynsel van armoede soos dit by die Suid-Afrikaanse Kleurlinggemeenskap voorkom. Ter aanvang moet dit egter duidelik gestel word dat nie alle Kleurlinge in armoede verkeer nie. Die studie bepaal hom dus grootliks by die laagste groep uit die gemeenskap. In die bespreking word aan die volgende fasette van gemeenskapsarmoede, soos dit by die Kleurling voorkom, aandag gegee:

* 'n Sosiaal-ekonomiese indeling van die Kleurlinggemeenskap;
* Kenmerke van die toestand van kroniese armoede;
* Verskillende benaderings tot die probleem van kroniese armoede by die Kleurling;
* Ongunstige omstandighede wat moontlik bygedra het tot gemeenskapsarmoede by die Kleurling;
* Implikasies van verskynsels wat met gemeenskapsarmoede verband hou.

## 1. 'N SOSIAAL-EKONOMIESE INDELING VAN DIE KLEURLINGGEMEENSKAP

Beide die verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kleurlingbevolking van die Unie van 1938 (1) en die Theron-kommissieverslag van 1976, maak 'n duidelike onderskeid tussen die verskillende stande, strata of groepe in die Kleurlinggemeenskap.

Skrywer wil aan die hand van die Theron-kommissieverslag (hoofstuk 22) 'n oorsig gee van die sosiaal-ekonomiese indeling van die Kleurlinggemeenskap. Skrywer steun die volgende siening:

> Die Kommissie het die indruk dat sommige van die belangrikste misvattings wat rondom aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolking bestaan juis ontspring uit die geneigdheid om te veralgemeen omtrent "die Kleurlinge" asof hulle 'n homogene groep met dieselfde behoeftes is wat hulle eenders gedra. (2)

Die Kommissie het Kleurlinge in geïdentifiseerde groepe of strata ingedeel wat kortliks bespreek word.

### 1.1 Boonste Groep

Dit Theron-kommissie het bevind dat 20 persent van die Kleurlinge aan die boonste groep behoort. Dié groep het reeds 'n middelklas status bereik wat in lewenstyl en houding ooreenstem met dié van die blanke middelstand. Dié groep bevat hoofsaaklik huishoudings waarvan die broodwinners werkgewers (bv boere en sakelui) of professionele persone is en diegene wat geskoolde kantoorwerk doen. 'n Groot deel van die groep besit vaste eiendomme in die vorm van huise, besighede of plase. Die Theron-kommissie verwys na die groep as "ontwikkelde en beskaafde Westerse mense" wat slegs vanweë hul velkleur van die deursnee blankes in Suid-Afrika onderskei word.

### 1.2 Laagste groep

Volgens die Kommissie vorm die breë onderlaag in die Kleurlinggemeenskap 'n "laer laerstand" en bestaan uit 40 persent van die betrokke gemeenskap. Die groep word saamgestel uit 'n groot deel van die Kleurlinge in die landbousektor en uit stedelike huishoudings waarvan die broodwinner nie vaste en identifiseerbare betrekkings beklee nie. 'n Groot persentasie in die groep maak hulle volgens die Kommissie skuldig aan afwykende gesins- en egverhoudings en het nie stabiele gesinsverhoudings nie. By verskeie het geen formele huwelike plaasgevind nie en die persentasie buite-egtelike geboortes is hoog. Daar word verder in die Theron-verslag verwys na ernstige maatskaplike probleme waarmee die

groep worstel, o.a. gesinsverbrokkeling, misdaad, drankmisbruik, dwelmverslawing en werkskuheid.

Die Kommissie rapporteer ten opsigte van dié groep die volgende:

> Op grond van statistiese gegewens, getuienis en eie waarneming is dit vir die Kommissie duidelik dat hierdie onderste groep ... oor die algemeen 'n lewenstyl en -houding handhaaf wat opvallend afwykend en anders is as dit vergelyk word met die gedragsnorme van sowel die Blanke as die Kleurlingmiddelstand. (3)

Die Kommissie verwys na die anderse lewenstyl en -houding wat so afwykend is van dié van die middelstand, en so 'n duidelike waarneembare patroon het dat die laergroep klaarblyklik nie net in toestande van individuele en fisiese armoede verkeer nie, maar 'n laerstandleefwyse handhaaf. Daar bestaan so 'n liggaamlike en geestelike insinking dat hulle in 'n toestand van chroniese gemeenskapsarmoede leef.

## 1.3 Middelgroep

Die middelgroep van sowat 40 persent van die Kleurlinge kom volgens die Theron-Kommissie (4) nie in sosiaal-ekonomiese terme so duidelik na vore soos die boonste of die onderste groep nie.

Die boonste deel van die middelgroep het ongeveer die middelklasstatus van die boonste 20 persent bereik, terwyl die onderste deel van die middelgroep in 'n sekere sin ook onderworpe is aan die invloed van die subkultuur van armoede.

Aan die een kant is die middelste groep dus saamgestel uit daardie Kleurlinghuishoudings waarvan die broodwinner nie oor die inkomstepeil, die geskooldheid, die beroepstatus, huisvesting, ensovoorts beskik nie en ook nie konsekwent daardie lewenstyl en -houding handhaaf om as middelstandmense te kwalifiseer nie. Die middelgroep is aan die ander kant nie só arm en hul lewenswyse en -houding nie so volledig dat hulle by die onderste groep inpas nie.

Die boonste helfte van die middelgroep broodwinners doen gewoonlik semi-geskoolde werk en woon meestal in ekonomiese huurhuise of verkoophuise. Indien die groep van beter werksgeleenthede, gemeenskapsfasiliteite en opleiding voorsien word, beskik hulle oor die potensiaal om tot die boonste groep te vorder. Die onderste helfte van die middelste groep kom hoofsaaklik uit die landbousektor met toevoeging van 'n deel van die bruin stedelike bevolking. Die broodwinners is gewoonlik ongeskoolde werkers met 'n huishouding wat nie veel hoër is as die aangevulde lewenspeil nie. Die

grootste gedeelte van dié subgroep is wel in 'n eie huis gevestig, maar gewoonlik in 'n sub-ekonomiese huis.

Die indeling van die Theron-kommissie skets 'n baie donker prentjie want dit beteken dat tussen 40 en 60 persent van die Kleurlinggemeenskap vasgevang is in 'n greep van gemeenskapsarmoede. Hierdie persentasie kom hoofsaaklik uit die landbousektor, met ander woorde die gewone plaasarbeider en die ongeskoolde werker.

## 2. KENMERKE VAN DIE TOESTAND VAN CHRONIESE GEMEENSKAPSARMOEDE

Oor die kenmerke van chroniese gemeenskapsarmoede spreek die Theron-kommissie hom soos volg uit:

> Indien die norme en standaarde wat in die geledere van die middelstand geld, as verwysingsraamwerk geneem word, dan kom die afwykende gedrag van die onderste groep -- of ten minste 'n groot deel daarvan -- onder meer tot uiting in 'n kenmerkende gebrek aan motivering en dissipline; in hul hoë geneigdheid tot dronkenskap en kriminele gedrag; in hulle sterk teenwoordigheidsvoorkeur en die gevolglike onvermoë om vir die toekoms te beplan; in hulle onvermoë om die gemeenskapslewe vir meervoudige doeleindes te organiseer en in hulle onvermoë om 'n gesonde gesinslewe en 'n stabiele gesinsband in stand te hou. (5)

Skrywer gaan in sy ondersoek die kenmerke, soos deur die Theron-verslag beskryf, onder die soeklig bring.

### 2.1 Gebrek aan Motivering en Dissipline

Volgens skrywer se ervaring as predikant en maatskaplike werker vir die afgelope 22 jaar, bestaan weinig strewe by 'n groot deel van die onderste groep wat in die "subkultuur" van armoede verkeer om aan hul armlastige omstandighede te ontsnap. Die groep ontwikkel meestal net die vermoëns wat nodig is om te lewe. Hulle lewe net vir die oomblik en het geen ideale vir die toekoms nie. Hulle toon weinig belangstelling om vooruit te gaan en te presteer. Min inisiatief en motivering word by hulle gevind en hulle het 'n gebrek aan beroeps- en verbale vermoëns, terwyl leierskap heeltemal afwesig is. By hulle is die verwagtinge reeds so afgestomp dat hulle nie maklik oortuig word om van beweerde gunstige geleenthede gebruik te maak nie. Gebrek aan motivering is inderdaad in 'n lang reeks mislukkings gesetel. Weens die gebrek aan motivering en dissipline is hul arbeidsprestasie swak.

## 2.2 Geneigdheid tot Kriminele Gedrag en Drankmsibruik

Die hoë geneigdheid tot misdaad, geweld, wetteloosheid en drankmisbruik in 'n deel van die Kleurlinggemeenskap is waarskynlik die beste voorbeeld van die afwykende en semi-patologiese gedrag kenmerkend van mense wat in 'n sub-kultuur van armoede leef.

Gegewens in die Theron-Kommissieverslag (6) dui daarop dat die Kleurlinge se predisposisie tot kriminele gedrag groter is as dië van die ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Indien die veroordeeldes net in terme van die onderste 40 persent wat in gemeenskapsarmoede leef, uitgedruk kon word, sou die persentasie ontstellend hoog gewees het. Die Theron-verslag (7) wys daarop dat op enige dag van die jaar gemiddeld een uit elke 126 Kleurlinge in die gevangenis is teenoor een uit elke 210 Swartes, 1163 Blankes en 1250 Asiate onderskeidelik.

Wat jeugmisdaad betref, wys die Theron-verslag daarop dat die getal veroordelings by Kleurlingjeugdiges 15 keer so groot as as dië van Blankes. (8) Statistieke in die Theron-Kommissieverslag dui daarop dat misdadigheid by die Kleurlinge sedert 1960 buite verhouding gestyg het in vergelyking met dië van die ander drie bevolkingsgroepe.

Terreblanche sê dat daar spesiale redes daarvoor aangevoer kan word. As rede voer hy aan die verband tussen die misbruik van drank en misdadigheid by die Kleurling. Meer as die helfte van alle veroordelings van Kleurlinge is weens die misbruik van drank en verdowingsmiddels. In hoeverre die misbruik van alkohol en ander verdowingsmiddels ook die oorsaak van ander misdade (soos diefstal en aanranding) is, kan volgens Terreblance nie bepaal word nie; tog is hy van die vermoede dat dit betreklik hoog is. Hy is ook verder van oordeel dat die feit dat die onderste groep nie tot suksesprestasies in terme van die groter gemeenskap se norme en standaarde in staat is nie, waarskynlik aanleiding kan gee tot die ontstaan van 'n negatiewe selfbeeld, wat dikwels uiting vind in aggressiwiteit en selfs kriminele optrede teenoor die bevoorregte deel van die bevolking.

Skrywer is van oordeel dat die afwykende gedrag wat by 'n groot deel van die groep voorkom, toegeskryf kan word aan 'n gevoel van sosiale nutteloosheid en magteloosheid wat ervaar word weens die omstandighede van armoede waarin hul geslagtelank vasgevang sit.

## 2.3 'n Sterk Teenwoordigheidsvoorkeur en 'n Onvermoë om vir die Toekoms te Beplan

Die onderste groep, wat in die sub-kultuur van gemeenskapsarmoede verkeer, openbaar, volgens die Theron-Kommissie (9), in die reël 'n besondere sterk teenwoordigheidsvoorkeur en 'n hoë mate van spontaniteit en impulsiwiteit. Hulle oefen min bewuste selfbeheersing uit en gee die teuels aan hul begeertes en impluse. Omdat hulle klaarblyklik magteloos voel oor die alledaagse gang van gebeure, openbaar hulle 'n onvermoeë en 'n onwilligheid om hierdie gang van sake te beïnvloed of te verander. Hulle fatalistiese houding en die ervaring dat alles tog nutteloos is en om aan die toekoms te dink en doelbewus vir 'n bepaalde toekoms te beplan en te werk, geen sin het nie, het tot gevolg dat daar by hulle geen toekomsvisie of verwagting is nie. Hulle bekommer hul dus nie oor die dag van môre nie.

Probleme word gehanteer soos dit opduik op 'n ad hoc en impulsiewe basis van dag tot dag en selfs van oomblik tot oomblik. Plesier en erkenning word in die hede gesoek veral in konkrete en sensuale ervarings. Hulle openbaar 'n relatiewe gereedheid om in fisieke geweld betrokke te raak selfs onder die geringste provokasie.

Terreblanche (10) verwys na 'n wye reeks maatskaplike probleme, o.a. losse geslagtelike verkeer onder jeugdiges; misbruik van drank en verdowingsmiddels en 'n onverskillige houding teenoor gesinsbeplanning wat 'n hoë geboortesyfer tot gevolg het. Hierdie verkynsel illustreer die onvermoë van die onderste groep om hulle oor die dag van môre te bekommer en om vir die toekoms te beplan.

As verbruikers toon die groep ook 'n sterk geneigdheid tot oormatige, onbeplande en onoordeelkundige besteding. Terreblanche (11) verwys na 'n soort verbruikerseuforie wat die groep op betaaldag ervaar sonder enige kommer oor wat in die res van die week of maand gebeur. Hy sien die onoordeelkundige verbruiksbesteding as 'n poging om tydelik aan die eenselwigheid, die frustrasie en die magteloosheid van armoede te ontsnap.

Die afwykende gedrag is volgens skrywer 'n soort verdedigingsaanspassing om aan die spanning, frustrasie en gevoel van nutteloosheid te ontsnap. Daar is by dié mense 'n gevoel dat dit in elke geval nie slegter kan gaan as die omstandighede waarin hulle reeds verkeer nie.

## 2.4 'n Onvermoë en Onwilligheid om die Gemeenskapslewe vir Meervoudige Doeleindes te Organiseer

Die onvermoë en onwilligheid om die gemeenskapslewe vir meervoudige doeleindes te organiseer, kan blykbaar verbind word met lae aspirasies en 'n sterk teenwoordigheidsvoorkeur. Laasgenoemde kan as rede aangewys word waarom 'n duidelike begrip van die doelstellings, wat deur beplande en georganiseerde optrede verwesentlik kan word, by die onderste groep ontbreek. Die ervaring van goed georganiseerde optrede wat gewenste resultate oplewer, is ook nie deel van hulle lewe nie. Georganiseerde optrede van die verlede (indien daar wel was), het eerder deur die mislukte resultate die gevoel van frustrasie, fatalisme en magteloosheid verhoog.
Buite die gesinsverband, wat meestal gebroke en onvolledig is, vertoon hulle ook 'n minimum van georganiseerde optrede.
Terreblanche verwys verder na die gevolge van die onvermoë en onwilligheid tot georganiseerde optrede soos volg:

> Die lae peil van organisasie verleen aan die toestand van chroniese gemeenskapsarmoede sy rondstondige en anachronistiese kwaliteit. (12)

Omdat hulle 'n aanhangsel vorm van 'n hoogs georganiseerde middelstandkultuur, is die georganiseerde bestaan in 'n toestand van chroniese armoede soveel te meer 'n traumatiese ervaring.

Die afwesigheid van betekenisvolle organisasies in die Kleurlinggemeenskap en gebrek aan lidmaatskap van bestaande organisasie is volgens Terreblanche 'n duidelike demonstrasie van die mate waarin die verarmde groep reeds buite sy eie gemeenskap staan. (13) Hy maak verder 'n belangrike afleiding as hy die kinders en jeugdiges se onbeheersde en afwykende gedrag toeskryf aan 'n gebrekkige georganiseerde en geordende samelewing waar sosiale sanksies afwesig is. (14) Hy verwys na die toestand as 'n "lugleegte" vanweë die gedisorganiseerde sosiale omgewing wat 'n ontwrigtende uitwerking het op persone wat georganiseerde gedrag nastrewe, maar binne die ongeorganiseerde samelewingstruktuur dit mettertyd nie meer kan regkry nie. In die sosiale lugleegte word alle buitestaanders as 'n bedreiging beskou. Terreblanche (15) wys verder daarop dat die onderste groep geneig is om hulleself te isoleer en te verskans teen invloede van buite daarom word niemand van buite vertrou nie.

## 2.5 Onvermoë om Gesonde Gesinslewe en Gesinsverbande in Stand te hou

Die Theron-Kommissie (16) verwys na die onvermoë van die onderste laag om 'n gesonde gesinslewe en 'n stabiele gesinsverband in stand te hou. 'n Beson-

dere kenmerk van die toestand van chroniese gemeenskapsarmoede is die gebroke verhoudings binne die gesinsverband. Huwelike word dikwels nie gesluit nie en in sommige gevalle vind 'n huwelik eers plaas nadat een of meer kinders gebore is. Losse seksuele verhoudings kom dikwels voor na huwelike wat die buite-egtelike geboortesyfer verhoog. Seksuele losbandigheid word in die laer groep dikwels as "normaal" gesien. Die gevolg van dié tipe huwelik - en geslagsverhoudings is onwelkome swangerskap en groot gesinne. Kinders wat binne die gesinne gebore word, kan nie aanspraak maak op beskerming en versorging nie. Die hoë persentasie van alkoholmisbruik en misdaad onder die mans in die onderste laag van die Kleurlinggemeenskap het tot gevolg dat vroue die dominante rol in die gesin speel dus het baie huisgesinne 'n matriargale struktuur. Ten opsigte van die beeld van die moeder in genoemde matriargale gesinstruktuur, sê Terreblanche die volgende:

> Alhoewel die moeder dikwels 'n positiewe beeld het in al die gevalle waar die vader 'n negatiewe beeld het, is dit nie noodwendig so nie. Omstandighede bring mee dat die vrou in baie gevalle al die verantwoordelikheid vir die kinders en die huishouding moet dra, maar haar gedrag en persoonlikheidshoedanighede is dikwels sodanig dat sy nie die draer van 'n positiewe beeld kan wees nie. Gevolglik word baie kinders in intens verwarrende omstandighede groot, wat prakties daarop neerkom dat hulle ouerloos groot word -- dit wil sê sonder dissipline, sonder emosionele stabiliteit en sonder 'n navolgingswaardige voorbeeld. (17)

Skrywer se eie ervaring is dat in gevalle waar die vader 'n drankprobleem het, die moeders in die meeste gevalle die dominante figuur in die huishouding is. Dié vaders is dan dikwels onstabiele en verstote individue. Laasgenoemde neem ook in die meeste gevalle 'n minderwaardige plek in die gesinslewe in. Die afwesigheid van 'n sterk vaderfiguur het dan ook ongedissiplineerde kinders tot gevolg.

## 2.6 Die Theron-Kommissieverslag se Beoordeling van die Toestand van Chroniese Gemeenskapsarmoede by die Kleurling

In die bespreking van die kenmerke van chroniese gemeenskapsarmoede by die Kleurling wys die Theron-Kommissie (18) daarop dat dit nie toereikend is om op elkeen van die afwykings wat by die onderste groep voorkom in isolasie te konsentreer nie. Volgens die Kommissie is geeneen van die afwykings 'n deurslaggewende kenmerk van die toestand van chroniese gemeenskapsarmoede nie. Dit is veel eerder die onderlinge samehang tussen die afwy-

kende gedragsneigings en die funksionele ineenskakeling van hierdie afwykende gedragsneigings wat 'n vaste patroon en bepaalde lewenstyl skep. Afwykings soos dronkenskap, geweld, wetteloosheid, onsedelikheid en ongemotiveerdheid is nie feite van individue nie, maar 'n beskrywing van die onderste groep se lewenstyl vanweë omstandighede waarin hulle al in geslagte vasgevang sit. (19) Die afwykende gedrag van diegene wat armlastig en magteloos is, 'n gevoel van sosiale nutteloosheid het en hulle aan die een of ander vorm van afwykende gedrag skuldig maak, is nie 'n geïsoleerde aspek van hulle lewe nie, maar dikwels hulle hele lewe. Die Kommissie oordeel dat chroniese gemeenskapsarmoede te alle tye in hierdie globale aspek verstaan en beoordeel moet word.

Elkeen van die onvermoëns is soveel intenser vanweë die feit dat dit binne 'n globale netwerk van onvermoëns figureer. Dus word hierdie lewenstyl nie net deur armoede in materiële terme, maar ook in geestelike of kulturele terme, verteenwoordig.

Dit het tot gevolg dat 'n agtergeblewe subgemeenskap binne 'n moderne ontwikkelde en vooruitstrewende gemeenskap bestaan; of, om dit in vandag se populêre terminologie te stel, 'n Derde-wêreldsituasie binne 'n Eerste-wêreldgemeenskap. Spanning, frustrasie, vervreemding en fatalisme kom by die groep voor vanweë 'n gebrek aan finansiële middele, aan mag, en aan 'n gevoel van sosiale bruikbaarheid. Die afwykende gedrag moet dus gesien word as 'n verdedigende aanpassing by die spanning van die armoede lewensomstandighede van so 'n subgroep in 'n ontwikkelde gemeenskap. Die Kommissie kom tot die slotsom dat as hierdie lewenstyl eenmaal sy beslag gekry het, is die lewe vir die afsonderlike individu 'n soort doolhof wat nêrens heen lei nie en bly dit steeds 'n netwerk van onderlinge versterkende hindernisse en beperkings. Die verwydering van een van die beperkende faktore (bv verbetering van die huishouding se inkomste), sal geen invloed vir die korttermyn hê as die res van die globale situasie onveranderd bly nie. Die Kommissie (20) het verder gepoog om 'n antwoord te gee op die vraag of die onderste groep, vanweë die opvallende afwykings wat voorkom, se waardes en aspirasies afwyk van dié van die gemiddelde middelstandmens.

Dit was vir die Kommissie moeilik om 'n besliste antwoord op die vraag te gee, want laerstandmense het klaarblyklik nie dieselfde gebondenheid aan waardes wat middelstandkringe gewoonlik het nie. Die afwykende gedrag van die onderste groep kan nie beoordeel word vanuit die omstandighede en gesigspunte van die bevoorregte en ontwikkelde deel van die gemeenskap nie. Die Kommissie oordeel ook dat dit 'n **oorvereenvoudiging** sal wees om tot die gevolgtrekking te kom dat die onderste groep

onverskillig en opsetlik onkonformisties teenoor die Westerse waardes staan. Twee belangrike oorwegings wat in ag geneem behoort te word in hierdie verband word deur Terreblanche (21) bespreek.

*Hy wys eerstens daarop dat die Kleurling nog altyd as 'n onderdeel van die Westerse beskawing in Suid-Afrika beskou is. Met uitsondering van beperkte oorblyfsels van Oosterse invloede en Swartkultuur was die Kleurling aan geen ander kulturele waardeskema blootgestel as die tipiese middelstandswaardes van die Westerse Wêreld nie. Die onderte groep van die Kleurling het, ten spyte van hul posisie, 'n goeie kennis van die Westerse leefwyse vanweë die mag van die voorbeeld van diegene in die bevoorregte posisie, soos uitgedruk in die onderwysstelsel en massakommunikaisemedia. Weens die historiese oorsprong van die Kleurlinge en hulle ewelange verbondenheid aan die Blankes, maak hulle deel uit van die Westerse mense in Suid-Afrika.

*Tweedens was volgens hom, 'n groot deel van die Kleurlingbevolking nooit materieel in die posisie om aan die waardes en aspirasies, wat deur 'n middelstand leefwyse in die vooruitsig gestel word, te voldoen nie. Hulle verkeer reeds vir geslagte in 'n toestand van marginaliteit, minderwaardigheid en relatiewe sosiale en ekonomiese armoede. Alhoewel bewus van die middelstandwaardes, handel hulle nie daar dienooreenkomstig nie. Daar is 'n verskil tussen wat die betrokke groep bely en wat hulle doen.

Die verskil is groter as by ander stande en dit dui op die bestaan van dubbele waardestandaarde - dit is waardes en aspirasies wat verwesenlik kan word in armoede - omstandighede en waardes en aspirasies van die middelstandgemeenskap wat dikwels formeel aanvaar word, maar vanweë die omstandighede waarin die groep hul bevind nie verwesenlik kan word nie. Daar bestaan blykbaar 'n dubbelslagtigheid in die waardeoriëntasie van armlastige Kleurlinge vanweë die groot gaping tussen die ideale van die middelstandgemeenskap en die werklikheid van chroniese armoede. (22)

Ten opsigte van die toestand van marginaliteit by die Kleurling het Dickie-Clark 'n besonder interessante studie gemaak met betrekking tot Durban se Kleurlinge. Hy wys onder andere dat die Kleurling dwarsdeur die geskiedenis van Suid-Afrika deel uitgemaak het van 'n ondergeskikte minderheid. Vanaf die vroegste tye was die Blankes die dominante groep met die Hottentotte en slawe as die ondergeskiktes. Later het die Swartes die belangrikste ondergeskikte stratum geword met die Kleurling tussenby. (23)

Die presiese karakter van die marginale situasie van die Kleurling het van tyd tot tyd gevarieer soos dit ook in verskillende dele van die land gevarieer het. In die vroegste tye van die Kaapse Kolonie het godsdienstige beginsels gegeld om 'n marginale situasie vir die vryslawe en gekerstende Hottentotte tot stand te bring. Hulle is dan op grond daarvan binne die Blankegemeenskap opgeneem.

Later, toe kulturele ooreenkomste egter bereik is, is gekleurdes op grond van kleurvooroordele uit die Blankesisteem van sosiale verhoudings verwerp. Tot en met Uniewording in 1910 het die Kleurlinge in die Kaap en Natal wetlike gelykheid gehad, terwyl daar reeds op sosiale vlak ongelykheid voorgekom het. Dickie-Clark gaan verder en sê:

> From 1910 inconsistencies in the Coloured people's legal status were again introduced and were steadily increased until at the present time the marginal situation of the Coloured South African's colour hierarchy is the product of a high degree of cultural similarity with an inconsistently lower legal status and exclusion from social relationships with Whites. (24)

Die ondergeskikte posisie van die Kleurling, sê Dickie-Clark is grootliks deur andere bepaal. Daar was twee teenoorgestelde beskouings van gekleurdes, wat hulle ontstaan gehad het by die vroeë koloniste en by die Hollandse en Britse regerings aan die Kaap. Die Kaapse liberale tradisionele beskouing oor die Kleurling het voortgevloei uit die beskouing wat van buite bekend gestel is, terwyl die beskouing van die koloniste later deur die Afrikaners en die meeste Blankes oorgeneem is.

'n Ander tendens ten opsigte van die status van die Kleurling is die feit dat laasgenoemde dienstig was teenoor die Blanke groep wat hom gedomineer het. Toe die Blanke te staan gekom het voor die oormag van die Swartes, wat hulle as "heidens" en "onbeskaaf" beskou het, was die ooreenstemmende kultuur van die Kleurling en sy identifisering met die Blanke van aansienlike waarde op militêre en ekonomiese gebied. Die Kleurling is op grond hiervan 'n plek binne die Blankegemeenskap gegee. Dit het egter nie lank so gebly nie, want na 1910 het die Kleurling die status verloor.

Die Kleurling het baie gou in die "voorste linies" van rasseverhouding na vore getree. Aangesien daar geen kulturele verskille tussen die Blanke en Kleurling was nie, is daar toe groter klem op kleurverskille gelê en is daar bloot op kleurverskille teen die Kleurling gediskrimineer. Hieroor vervolg Clark:

> This marks the boundary between sheer, unadulterated colour prejudice and what might be rationalized as discrimination on the grounds of cultural differences. (25)

Die marginale toestand, gepaard met ondergeskiktheid en die gevoel van minderwaardigheid was dus van die vroegste tyde deel van die Kleurlinggemeenskap. Die gevolg was dat die groep met dubbele waardestandaarde gekonfronteer is, nl die waarde-oriëntasie van die armlastige groep aan die een kant en die middelstandgemeenskap aan die ander kant.

'n Tipiese kenmerk van die toestand van kroniese armoede is die opvallende ambivalensie in waarde-oriëntasie. Dit wil voorkom asof die onderste groep die middelstandwaardes aanvaar en onderskryf, maar in die konkrete lewensomstandighede die waardes "rek" om hul afwykende optredes as't ware te kondoneer. Alternatiewe waardes word nou ontwikkel wat die onderste groep in staat stel om makliker by hul ongunstige omstandighede aan te pas. Sosiale sanksies ten opsigte van byvoorbeeld misdadigheid en seksuele losbandigheid, raak dikwels afgestomp en die optredes word met begrypende verdraagsaamheid bejeën en selfs stilswyend goedgekeur, maar selde uitdruklik goedgepraat. In soverre die "gerekte" waardes geïnternaliseer is, voel die onderste groep blykbaar nie so gefrustreerd en verstote oor hul onvermoë om die gemiddelde Westerse waardes in stand te hou nie.

Ten opsigte van die gedrag van die onderste groep in terme van die "gerekte" waardeskema, oordeel die Theron-Kommissie volgens Terreblanche:

> ...dat dit eintlik nie billik is om die gedrag van die onderste groep as "afwykende" gedrag te bestempel nie. Hierdie "afwykings" het net bestaansruimte binne die verwysingsraamwerk van 'n tipiese middelstandgemeenskap. In die perspektief van die "gerekte" waardeskema moet 'n ander betekenis aan sommige van hulle gedragsneigings gehef word. (26)

Die Kommissie wys daarop dat dit nie sy bedoeling is om afwykings soos misdaad of dronkenskap goed te praat of te kondoneer nie, maar slegs om dit met groter begrip te bejeën. Aan die ander kant word die gedrag nie in isolasie gesien nie, maar verteenwoordig dit 'n lewenstyl wat eie is aan 'n verarmde subgemeenskap wat 'n onderdeel vorm van 'n ontwikkelde Westerse gemeenskap. In terme van hierdie Westerse gemeenskap is hierdie lewenstyl armoedig en oppervlakkig en omvat dit 'n groot mate van "Kultuur"— — armoede, leegheid, lyding en vervreemding vir diegene wat deel daarvan uitmaak.

Terreblanche (27) wys verder daarop dat vanweë die geestelike en kulturele armoede van die toestand van chroniese gemeenskapsarmoede ontbreek dit aan 'n basiskern wat aan 'n kultuur sy selfstandigheid verleen. Die onderste groep het nie 'n gevoel of 'n sin dat hulle behoort tot, of deel vorm van 'n identiteit wat inherent goed is, waarvoor hulle hul met oorgawe kan beywer en waaraan hulle trou kan wees nie. Indien daar wel iets is wat die verarmde Kleurlinge as inherent goed beskou, waarvan hulle graag deel wil vorm en waarna hulle wil streef, is dit die middelstandsleefwyse van die Blankes. Die toestand van chroniese gemeenskapsarmoede is nie iets waarna die verarmde Kleurlinge strewe of waarmee hulle hul graag vereenselwig nie.

Dit is bloot 'n stand van sake waarin diegene wat tot nog toe nie daaraan kon ontsnap nie, bly berus.

Terreblanche (28) maak 'n interessante afleiding as hy daarop wys dat 'n groot deel van die verarmde Kleurling wat in ooreenstemming met die "gerekte" waardes optree daarvan sal afsien as hulle lank genoeg stoflik in die posisie geplaas word om die middelstandwaardes te kon verwesenlik. Dit geld egter nie vir almal nie, veral nie vir diegene by wie die "gerekte" waardes min of meer volledig geïnternaliseer geraak het nie.

Om saam te vat, dit word duidelik dat die onderste laag van die Kleurlinggemeenskap gekenmerk word aan **gebrek aan motivering** om aan hulle neerdrukkende en onaangename omstandighede te ontsnap; 'n hoë **geneigdheid** tot **misdaad, geweld, wetteloosheid** en **drankmisbruik**; 'n sterk **teenwoordigheidsvoorkeur** en 'n onvermoë om vir die **toekoms te beplan** wat gepaardgaan met 'n **fatalistiese** houding dat dit nutteloos is om aan die toekoms te verander; 'n onvermoë en onwilligheid om die gemeenskapslewe vir meervoudige doeleindes te organiseer en 'n onvermoë om 'n gesonde gesinslewe en stabiele gesinsverband in stand te hou.

Die afwykende gedrag is in 'n groot mate toe te skryf aan omstandighede waarin die onderste laag vir geslagte vasgevang is. Die omstandighede het by die groot meerderheid 'n gevoel van magteloosheid en nutteloosheid tot gevolg gehad wat tot afwykende gedrag aanleiding gegee het en later hul lewenstyl geraak het. Mense wat in armoedige toestande leef, is mense met gebrekkige opleiding, gebroke gesinsbande, swak gesondheid, swak behuising, 'n lae peil van aspirasie en 'n hoë peil van emosionele verwardheid. Die afwykende gedrag is 'n soort verdedigende aanpassing by die spanning, frustrasie, vervreemding en fatalisme wat binne die armoedige lewensomstandighede voorkom. Die subkultuur van gemeenskaps-

armoede het reeds so 'n sterk momentum aangeneem dat dit vir 'n persoon nie maklik is om daaruit weg te breek nie.

## 3. VERSKILLENDE BENADERINGS TOT DIE PROBLEEM VAN CHRONIESE GEMEENSKAPS-ARMOEDE BY DIE KLEURLING

Die Theron-Kommissie (29) wys in sy verslag dat die toestand van chroniese gemeenskapsarmoede in die geledere van veral die onderste groep in die Kleurlinggemeenskap reeds vir geslagte bestaan en dat daar aanduiding is dat verskeie faktore hierdie toestand sal bestendig en gaan voortplant. Die Kommissie wys daarop dat daar in die literatuur groot verskil van mening is oor die aard van die faktore wat vir die totstandkoming, die bestendiging en die voortplanting van so 'n toestand verantwoordelik is. Hy onderskei in dié verband tussen drie **benaderings**, naamlik die benadering wat die chroniese armoede volledig aan **omstandigheidsfaktore** buite die betrokke mense se beheer wil toeskryf, 'n benadering wat die inburgering of sosialisering van die **laerstandlewenstyl** as voldoende verklaring ag en 'n benadering wat op die wisselwerking van ongunstige omstandigheidsfaktore en die interne sosialiseringsproses wys.

Terreblanche (30) bespreek die benaderings aan die hand van die Theron-verslag.

**(i) Omstandigheidsfaktore binne beheer van die Kleurlinggemeenskap**

Volgens dié benadering bestaan daar reeds 100 jaar of meer vir die Kleurlinggemeenskap sekere ongunstige omstandighede waarvolgens voldoende **geleenthede en lewensruimte** aan die meeste van hulle ontsê is en nog steeds ontsê word en waar hulle chronies in 'n toestand van fisieke en geestelike armoede vasgevang gehou word. Die voorstanders van die benadering beweer volgens Terreblanche dat die nadelige posisie van die Kleurling in die verlede en die hede primêr gehandhaaf word deur sowel die **gedrag** van die **bevoorregte Blanke** as die werking van die **ekonomiese en politieke stelsel**. Die Blankes se gedrag sou daarop gemik wees om hulle **bevoorregte posisie te beveilig** en met dié doel voor oë sou sowel die **politieke stelsel** as die **kapitalistiese ekonomiese stelsel** 'n geruime tyd al werktuie in die hande van die Blankes wees om hulle posisie te verskans en 'n herverdeling van mag, bronne en geleenthede ten gunste van die Kleurlinggemeenskap te belemmer. Volgens hierdie benadering word die swak posisie van die onderste groep aan 'n netwerk van faktore - wat strek van die Blanke se gesindheid tot die tradisionele ekonomiese organisasies en diskriminerende praktyke - wat "buite" die Kleurlinggemeenskap se invloedsfeer

lê, toegeskryf. 'n Groot deel van die Kleurlinge se onmag en verydeling sou juis daarin geleë wees dat al die hindernisse verhinder dat hulle volledig deelneem aan die sosiale en ekonomiese lewe en net 'n geringe sê in die besluitnemingsproses het. Dit sou dan ook die rede wees waarom die verarmde Kleurlinge tot nog toe nie hul potensiële bydrae op verskeie terreine en veral nie op kulturele en ekonomiese gebied kon lewer nie. Voorstanders van hierdie benadering pleit dan ook om ingrypende veranderinge van die totale gemeenskap om deur middel van veral gunstiger werk en inkome-geleenthede 'n beter verdeling van sosiale en ekonomiese bronne vir die Kleurlinggemeenskap te bewerkstellig. Die belangrike veronderstelling waarop die voorstanders van hierdie benadering hulle standpunte baseer, is dat daar 'n groot latente lewenskragtigheid in die onderste groep verskuil is en dat net eksterne of strukturele hindernisse tot nog toe verhinder het dat dit spontaan en tot voordeel van die hele gemeenskap tot ontplooiing gekom het.

**(ii) Sosialisering van Laerstandlewenstyl**

Die tweede benadering volgens Terreblanche is dat die toestand van chroniese gemeenskapsarmoede in die Kleurlinggemeenskap reeds etlike geslagte gelede 'n rudimentêre beslag gekry het en sedertdien deur 'n interne proses van sosialisering voortgeplant en bestendig is. Die verstedeliking by die Kleurlinggemeenskap die afgelope veertig jaar het 'n groot deel van die gemeenskap in 'n soort "stedelike - industriële proletariaat" laat verval waar 'n bepaalde lewenstyl al hoe meer ingeburger geraak het. Daar word veronderstel dat die onderste groep se lewenstyl 'n geslote eenheid met 'n inherente dinamika of 'n eie wetmatigheid vorm en lankal reeds 'n selfgenererende entiteit is. Die aanvanklike oorsaak moet in 'n tradisionele lewenswyse aan die Kaap gesoek word dat wat alle Gekleurdes tot die peil van 'n werkerstand beperk het. Sedertdien het die onderste groep se lewenstyl enersyds so geïnstitusionaliseer geraak dat dit outomaties deur die normale internaliseringsproses van geslag tot geslag voortgeplant word. Andersyds het dit reeds sulke negatiewe gesindhede, lewenswaardes en persoonlikheidsattribute by die onderste groep geïnternaliseer dat individuele ontsnapping vanweë die fisiese en psigo-sosiale onvermoëns van die betrokke lewenstyl geblokkeer word, selfs al word omstandighede aansienlik verbeter en gunstige geleenthede geskep. Uit 'n beleidsoogpunt, so glo die voorstanders van die benadering is 'n verbetering van omstandighede nie genoeg om die sindroom van chroniese gemeenskapsarmoede te deurbreek nie, maar sal dit net tot 'n verligting van die Kleurlinge se

armoede per se lei. Volgens hierdie beskouiing van sosiale verandering, is verbetering van sosiale en ekonomiese omstandighede 'n noodsaaklike, maar beslis nie voldoende voorwaarde vir die beëindiging van die toestand van chroniese gemeenskapsarmoede nie. Bo en behalwe die skepping van gunstiger inkomste en werksgeleenthede, is dit veel belangriker om die inherente dinamika van die sindroom van gemeenskapsarmoede te deurbreek deur omvattende rehabilitasie en opvoedkundige programme, wat daarop ingestel is om elke negatiewe aspek van die totale sindroom aan te val en te verwyder deur onder meer lewensomstandighede te skep wat nie bevorderlik sal wees vir die voortgesette inburgering van die betrokke lewenstyl en waardes nie.

(iii) **Wisselwerking van ongunstige omstandighede en die interne sosialiseringsproses**

Die Theron-Kommissie (31) verwys na 'n derde benadering waar sowel ongunstige omstandighede as die internalisering van die "armoede-mentaliteit" verantwoordelik is vir die totstandkoming en voortplanting van die betrokke lewenstyl van chroniese gemeenskapsarmoede by die Kleurling.

Alhoewel ongunstige omstandighede, diskriminerende praktyke en gebrek aan geleenthede nog steeds 'n rol speel in die bestendiging en voortplanting van hulle lewenswyse, was nóg die val van ongunstige omstandighede nóg die internaliseringsproses in sowel die verlede as die hede ooit so deurslaggewend as wat die vorige twee benaderings - elkeen op sy beurt genome - probeer voorgee nie.

Terreblanche (32) onderstreep die siening van die Theron-Kommissieverslag deur daarop te wys dat dit eerder die wisselwerking tussen internalisering enersyds en omstandigheidsfaktore andersyds wat van besondere belang was in die historiese proses wat geleidelik tot die totstandkoming van die toestand van chroniese gemeenskapsarmeode gelei het.

Die Theron-Kommissie (33) was dan ook van mening dat die eerste en tweede benaderings van die sindroom van chroniese gemeenskapsarmoede in die Kleurlinggemeenskap mank aan aan sowel eensydigheid as ekstremisme. Die Kommissie het die derde benadering meer aanvaarbaar gevind omdat dit 'n poging verteenwoordig wat sowel die eensydigheid as die ekstremisme van die ander twee benaderings oorkom.

(iv) **Biogenetiese Faktore**

Terreblanche (34) wys op 'n vierde benadering wat in die Theron-verslag deur die minderheidsgroep in hul kritiek oor die benadering van "subkultuur van armoede" behandel word, naamlik die benadering wat die agterblywendheid vir die Kleuringgemeenskap in 'n belangrike mate wil

toeskryf aan biogenetiese faktore en wel in die sin dat 'n bevolkingsgroep waarvan die velpigmentasie bruin of swart is, verstandelik en of liggaamlik minderwaardig sou wees. Volgens Terreblanche was die benadering deur die meerderheid van die Kommissie onaanvaarbaar omdat daar geen wetenskaplike gronde is wat so 'n benadering ondersteun nie.

Skrywer se mening is dat die omstandigheidsfaktore baie swaarder gewig dra en verantwoordelik is vir die toestand van die fisiese en geestelike armoede by die Kleurling. Omstandighede buite die beheer van die Kleurlinge het hulle verhinder om volledig deel te neem aan die sosiale en ekonomiese lewe. Die feit dat hulle van die besluitnemingsproses uitgesluit is, het hul posisie eerder verswak. Die tweede benadering van sosialisering van die laerstandleefwyse is juis die gevolg van baie ongunstige faktore buite die beheer van die Kleurlingbevolking. Die biogenetiese faktore-benadering word verwerp vanweë sy onwetenskaplikheid.

## 4. ONGUNSTIGE OMSTANDIGHEIDSFAKTORE WAT MOONTLIK BYGEDRA HET TOT GEMEENSKAPSARMOEDE

Daar is verskillende faktore wat moontlik 'n rol gespeel het in die ontstaan van gemeenskapsarmoede onder die Kleurlingbevolking. Aangesien die faktore in die vorige hoofstuk breedvoerig aandag gekry het, word slegs 'n samevattende bespreking hier aangebied.

### 4.1 Historiese Faktore

Gemeenskapsarmoede by die Kleurling moet in die lig van historiese perspektiewe beoordeel word. Die relatiewe ongunstige posisie van die Kleurlinggemeenskap op maatskaplike gebied strek ver terug in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Van vroeg reeds is van persone van gemengde afkoms verwag om hulle "plek" te ken en hierdie "plek" was 'n werkerstand met 'n beskeie lewenspeil. Die rigtinggewende beginsel wat aanvanklik vir stratifikasie of klasseverdeling gebruik is, was Christelikheid en velkleur. Omdat hierdie maatstawwe of onderskeidingsmetodes byna volledig saamgeval het en maklik waarneembeer was, is dit met verloop van tyd met groter beslistheid en onbuigsaamheid toegepas. Mettertyd het hierdie skeidslyn ook die maatstaf van beskaafdheid en opvoeding geword. Vroeg reeds het die "Gekleurdes" die onderstand uitgemaak en het dit 'n vaste tradisie in die Suid-Afrikaanse lewenspatroon geword.

Daar is verskeie ander faktore wat meegehelp het om die "Gekleurdes" in 'n onderdanige posisie te plaas en te hou. Die stelsel van slawerny en die wyse waarop dit afgeskaf is, het 'n belangrike rol hierin gespeel.

Hierna verwys die Theron-verslag soos volg:

> ŉ Lewenstyl wat later tipies van die onderste groep Kleurlinge sou blyk te wees, was reeds in embriovorm teenwoordig by die vrygestelde slawe. (35)

Die slawe was so gewoond aan ŉ afhanklikheids- en onderdanigheidsverhouding en die beskerming wat daaraan verbonde was dat hulle na die vrystelling die posisie van onderdanigheid met gelatenheid aanvaar het. Gevolglik is die meester-kneg-verhouding in die boeregemeenskap van die Kaapkolonie spontaan en in ŉ ontspanne atmosfeer in stand gehou. Die verhouding tussen die Blanke patriargestand en die "Gekleurde" onderhoriges is in die samelewingspatroon aanvaar en eerbiedig. (36)

Die Theron-verslag (37) meld dat eers nadat die tradisie dat "Gekleurdes" die laagste stand vorm ŉ vaste patroon aangeneem het, het die onderste stand kentekens van ŉ gebrek aan beskaafdheid, opvoeding en moraliteit begin toon. In die 19de eeu is bewustelik pogings aangewend om die "Gekleurdes" van die Blankes te skei. Hierdie stappe was onder meer die skeiding op kerklike gebied in 1857 toe die NG Kerk besluit het om ŉ aparte kerk vir gekleurdes te stig, skeiding op onderwysgebied en later groter skeiding op maatskaplike gebied.

Soos in hoofstuk 3 bespreek, het die wetlike inkorting van Kleurlingregte met Uniewording in 1910 ŉ aanvang geneem.
Dit was veral op die arbeidsmark en wel in die geskoolde en ongeskoolde werkgeleenthede wat tradisioneel aan hulle behoort het, dat die Kleurlinge vroeg in die 20ste eeu in ŉ heelwat ongunstige posisie geplaas is.

Die armblankevraagstuk, en die "Beleid van Beskaafde Arbeid", het tot gevolg gehad dat die Kleurling in die jare twintig en dertig met verskerpte diskriminerende optrede en kleurvooroordele te doen gekry het. Weens verarming het ŉ aansienlike deel van die Boerebevolking na die stede verhuis wat ŉ direkte mededinging met die Kleurlingarbeiders tot gevolg gehad het.

Met uitsondering van ŉ baie klein bolaag het die relatiewe armoede van die Kleurlinggemeenskap klaarblyklik nie betekenisvol in die eerste helfte van die twintigste eeu verminder nie. In sommige opsigte het hulle posisie moontlik selfs verswak. Volgens die Theron-verslag (38) was daar verskeie faktore wat in dié periode die sosiaal-ekonomiese ontwrigting van die Kleurlinge aansienlik vererger het. Hierdie faktore was onder andere die Groot Depressie, die ontwrigting van die internasionale betalingsmeganisme, die chroniese agteruitgang van die boerderybedryf en die swaar droogtes aan die begin van die dertigerjare.

Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog was 'n groot persentasie van die Kleurlinge fisies en geestelik reeds so verarm en was die omstandighede wat hulle toestand bestendig het, so lank aan die gang dat die toestand van chroniese gemeenskapsarmeode reeds sy beslag gehad het.

## 4.2 Politieke Faktore

Die politieke gebeure rondom die Kleurlinge het belangrike implikasies gehad. Die "apartheidsbeleid" veral het die posisie van die Kleurling in die vyftigerjare benadeel. Die beleid het tot gevolg gehad dat die Kleurling nie regstreekse verteenwoordiging of seggenskap in die besluitnemingsliggame gehad het nie. Dit het daartoe bygedra dat daar op owerheidsvlakke 'n relatiewe lae peil van openbare besteding ten gunste van die Kleurling gedoen was, veral as dit vergelyk word met die besteding wat ten behoewe van die Blankes gedoen was.

Agterstande in bykans alle openbare fasiliteite en dienste was die gevolg, veral in onderwysdienste- en fasiliteite, mediese en welsynsdienste, behuising, gemeenskapsfasiliteite, vervoerfasiliteite, polisiebeskerming, ensovoorts.

## 4.3 Ekonomiese Faktore

Volgens Terreblanche (39) kan die Kleurling se relatiewe armoede en sy onvermoë om dit te bowe te kom, verklaar word as daar rekening gehou word met die ekonomiese stelsel, die magsverhouding en die geleenthede wat daarin fungeer. In Suid-Afrika heers 'n dualistiese ekonomie met aan die een kant 'n hoogs ontwikkelde industriële ekonomie en aan die ander kant 'n byna primitiewe bestaansekonomie. Die Blanke en slegs die klein boonste groep uit die Kleurlingbevolking beskik oor ekonomiese mag, geleenthede, lewensgesteldheid en bedingingsvermoë. Daarteenoor voldoen 'n groot groep van die Kleurlinge nie aan die voorwaardes nie en is gevolglik uitgesluit om volledig deelgenote van die kapitalistiese ekonomie te wees.
Die sogenaamde Armblankes het in die dertigerjare in dieselfde omstandighede verkeer deurdat hulle nie aan die eise van die moderne kapitalistiese ekonomie voldoen het nie. Doelbewuste owerheidsbeleid van die Hertzog-bewind in 1923 maar veral met die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948, is die Blankes bo die Kleurlinge bevoordeel en uit hul armoede verlos. In 'n betreklik kort tydperk kon hulle hulle ekonomiese mag dus besonderlik uitbrei.

Die chroniese gemeenskapsarmoede waarin 'n groot deel van die Kleurlingbevolking verkeer, kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die ongunstige ekonomiese omstandighede wat geskep is omdat die groep nie voldoen het aan die eise wat die kapitalistiese ekonomie gestel het nie. Die groep bevind hulle vandag nog aan die verloorkant in die verbruikersmark en in die natuurlike arbeidsmark. Al die ekonomiese aktiwiteite is gewoonlik in die blanke stedelike en dorpsgebiede. Die ekonomiese mag is in die blanke hande en dit ontmoedig die Kleurling wat in die kapitalistiese ekonomie wil deelneem.

### 4.3.1 Faktore wat Indiensneming en Loonvorming op die Natuurlike Arbeidsmark Beïnvloed

Volgens die Theron-verslag (paragraaf 5.14) word ongeveer die helfte van die Kleurlinge op die sogenaamde institusionele arbeidsmark in diens geneem terwyl die ander helfte hul op die sogenaamde natuurlike arbeidsmark bevind. Ten opsigtae van laasgenoemde is daar geen betekenisvolle georganiseerde arbeidsreëlings en owerheidsinstelling nie. Die arbeiders is ongeorganiseerd en sowel indiensneming en loonvorming word deur die natuurlike spel van vraag en aanbod bepaal.

In sy ondersoek het die Kommissie verder bevind dat wydverspreide misstande op die natuurlike arbeidsmark bestaan. Ten opsigte van Kleurlingarbeid is chroniese onderbenutting, wanbenutting en onvoldoende indiensneming gevind. In gebiede van die land waar 'n relatiewe groot Kleurlingbevolking bestaan, het werkgewers met werklike en beweerde tekorte aan ongeskoolde en halfgeskoolde arbeiders te doen gehad. Binne die natuurlike arbeidsmark was aantreklike, swak besoldigde, onseker en wisselvallige werksgeleenthede, afdankings, bedankings, drostings, werksafwesigheid en ander wanpraktyke aan die orde van die dag. Die voorkoms hiervan kan toegeskryf word aan die chroniese armoedetoestand waarin die onderste groep van die Kleurlingbevolking hom bevind. Die relatief swak loon- en indiensnemingsposisie van die onderste groep Kleurlinge is 'n tipiese reslutaat van 'n onderling versterkende wisselwerking tussen die interne sosialiseringsproses en bepaalde omstandigheidsfaktore.

#### 4.3.1.1 Die Aanbod van Kleurlingarbeid op die Natuurlike Arbeidsmark

Die Theron-verslag (40) verwys na memoranda wat deur die georganiseerde handel en nywerheid en van verskillende werkgewersinstansies aan die Kommissie voorgelê is. Genoemde instansies het veral die klem baie sterk laat val op die negatiewe ingesteldheid teenoor arbeid by

die Kleurling uit die laergroep. Die gebrekkige arbeidsgewilligheid en prestasie asook die geneigdheid tot vrywillige werkloosheid, word toegeskryf aan persoonlike, institusionele en omstandigheidsfaktore.

* **Persoonlike faktore** sluit die volgende in: vrywillige werkloosheid, werkskuheid, 'n hoë omset van arbeid, ledigheid, onbetroubaarheid, gebrek aan noukeurigheid en betrokkenheid en swak motivering. Laasgenoemde word versterkend beïnvloed deur aspekte soos swak gesondheid, verkeerde eetgewoontes, dronkenskap, dwelmverslaafdheid en 'n hoë misdaadgeneigdheid wat tot lang en gereelde gevangenisskap lei.

Die swak arbeidsprestasie wat aan persoonlik faktore toegeskryf word, is natuurlik te wyte aan die chroniese gemeenskapsarmoede waarin 'n groot deel van die Kleurlinggemeenskap verkeer.

* **Institusionele en Omstandigheidsfaktore** wat die Kleurlinge se arbeidsprestasie en -gewilligheid beïnvloed en bovermelde persoonlike faktore versterk, sluit die volgende in:

* Swak behuising;
* Groepsgebiedvestiging wat meebring dat die woon- en werkplek ver van mekaar is;
* Ontoereikende vervoerfasiliteite en die hoë koste daaraan verbonde;
* Skolastiese en tegniese ongeskooldheid;
* Die gebrek aan indiensopleiding.

Dit is veral die statutêre werksreservering wat opwaartse beweging van die hoër klas Kleurlinggroep belemmer en vertraag het en indirek 'n negatiewe uitwerking op die arbeidspotensiaal van die laer Kleurlinggroep uitgeoefen het. Die wetgewing is intussen vanaf 1979 tot 1983 grootliks afgeskaf, maar dit sal waarskynlik baie jare duur voordat die nadelige uitwerking daarvan op Kleurlingwerknemers verdwyn. Aangesien daar teen die Kleurling op die arbeidsmark gediskrimineer word, is hy dikwels negatief teenoor sy werk ingestel. Blankes beklee gewoonlik die senior poste en moontlike bevordering vir die Kleurling is oor die algemeen minimaal. Die toedrag van sake het tot gevolg dat die werker hom nie met sy werk identifiseer en oor die algemeen onverskillig daarteenoor staan. Hy voel hy word uitgebuit en misbruik, vandaar die gebrek aan betrokkenheid, ongemotiveerdheid en onwilligheid om te presteer.

**4.3.1.2 Die Vraag na Kleurlingarbeid op die Natuurlike Arbeidsmark**

Probleme wat op die natuurlike arbeidsmark met die aanbod van ongeskoolde Kleurlingarbeid ondervind word, kan nie verklaar word as daar nie ook krities gekyk word na die gesindheid van die werkgewers nie. Die Theronverslag (41) meld dat daar volgens die werkgewers verskeie negatiewe

risikofaktore verbonde is aan die indiensneming van Kleurlinge wat in gemeenskapsarmoede leef. Die werkgewers wat op wins en doeltreffendheid ingestel is, is traag om Kleurlinge in diens te neem aan wie die risiko verbonde is dat hul werksku en ongemotiveerd is, of dat hulle drank misbruik of ander afwykende gedrag toon.
Skrywer betwyfel baie sterk die bevinding van die Theron-Verslag oor die onderlinge verhouding tussen die werkgewers en 'n groot deel van die Kleurlingarbeidsmark wat op 'n goeie en gesonde grondslag gebaseer sou wees tot voordeel van die werkgewer en sy werknemer. Die werkgewer mag die voordeel kry, maar beslis nie die werknemer nie. Die ongeskoolde werknemers in die Kleurlinggemeenskap en veral in die landbousektor ontvang hongerlone. Die chroniese armoedetoestand wat soos 'n bose kringloop van die een geslag na die ander oorgeërf word, is juis die oorsaak van die swak loon- en indiensnemingsposisie van die onderste groep Kleurlinge.

Die Theron-verslag (42) het ook aandag gegee aan die vraag in hoeverre die werkgewers verantwoordelikheid moet aanvaar teenoor hul Kleurlingarbeiders wanneer hulle werkslui of ongemotiveerd is of wanneer hulle drank oormatig gebruik en afwykende gedrag toon. Oor die gesins- en maatskaplike verantwoordelikheid van die werkgewer was daar groot meningsverskil.

*Die een groep werkgewers het tydens die ondersoek melding gemaak van 'n wye reeks diensvoorwaardes wat onder andere die volgende insluit: voedingskemas, langtermynkontrakte, aansporingslone, indiensopleidingsprogramme en 'n verbetering van arbeidsmilieu.

*Die ander groep werkgewers was van mening dat dit nie hulle verantwoordelikheid is om binne 'n kapitalistiese stelsel na die maatskaplike behoeftes van die werker om te sien nie. Sodanige verantwoordelikheid sal vir hulle 'n moeilike verhaalbare kostelas meebring.

Die Kommissie (43) het op grond van getuienis bevind dat die wanverhouding tussen vraag en aanbod van die natuurlike arbeidsmark op 'n soort "kommunikasiegaping"tussen werkgewer en Kleurlingwerknemer berus. Die agtergrond, waardes en norme van die twee partye verskil so drasties dat veral die werkgewer geen begrip vir die werker het nie. Die meeste stedelike werkgewers het geen begrip vir die Kleurlingwerker se omstandighede nie. Vandaar dat sy afwykende gedrag en die risikofaktore wat daarmee gepaard gaan, nie "inpas" by doelstellings wat op wins ingestel is nie. Dit het verder tot gevolg dat die werker nie oor die vermoë of die geleentheid beskik om sy kant van die saak te stel nie. Hy is dikwels in 'n posisie van ontmoediging, magteloosheid en hulpeloosheid.

Skrywer is van oordeel dat die werker vanweë sy magtelose posisie afwykende gedrag toon as 'n verdedigende meganisme om by onaantreklike omstandighede en spanning van die omgewingsfaktore aan te pas. Die diensvoorwaardes is gewoonlik so swak en die arbeid so veeleisend dat dit vir die werker onmoontlik is om positief daarteenoor ingestel te wees. Inteendeel, hy is gewoonlik vyandig en negatief vanweë die frustrasie en die gevoel dat hy uitgebuit word.

Die politieke opset van die land het 'n verdere invloed op die hele kwessie van vraag en aanbod in die arbeidsmark. Die werker sien sy werkgewer (wat meestal Blank is) as die bevoorregte ryke en hy koppel sy arbeid aan sy kleurgevoelens. Die Blanke is die besittersklas terwyl die Kleurling in wese die "slaaf" gebly het wat uitgebuit en misbruik word om die Blanke te verryk. Die Kleurlingwerker het deur die jare geen bevrediging en erkenning in die werksituasie bekom nie en 'n soort weerstand opgebou teen middelstandwaardes. Hy het sy toevlug geneem tot vorme van bevrediging wat afwykend is in terme van middelstandwaardes. Vanweë sy onaangename ervaring van die verlede is 'n soort wantroue en selfs 'n mate van vyandigheid teenoor die Blankewerkgewer ontwikkel.

Vanweë die werkgewers se versuim in die verlede ten opsigte van die Kleurlingwerker se gesins- en maatskaplike behoeftes het die Theron-verslag die aanbeveling gemaak dat:

> ...werkgewers (in sowel die private as die openbare sektor) van ongeskoolde en semi-geskoolde Kleurlingarbeiders aangemoedig word om deur beter werksomstandighede en aangepaste diensvoorwaardes (insluitend aspekte soos langtermynkontrakte, aansporingslone, indiensopleidingsprogramme, pensioen- en mediese skemas en maandelikse besoldiging) hierdie arbeiders tot beter en meer gereelde arbeidsprestasie te probeer dissiplineer. (44)

**4.3.1.3 Die Invloed van die Swartarbeid in die Wes-Kaap**

Volgens getuies voor die Theron-kommissie (45) word die indiensneming van 'n groot aantal Swartwerker as 'n faktor gesien wat 'n remmende uitwerking op die vraag van ongeskoolde Kleurlingarbeid sou hê. Die voorkeur van eersgenoemde bo laasgenoemde word weens finansiële redes aangedui. Daar is voor die Kommissie getuig dat die Swartarbeid in die Wes-Kaap relatief goedkoop arbeid is. Die gebruikmaking van duisende Swartwerker sou volgens die getuies baie nadelige sosiale en ekonomiese gevolge vir die Kleurlinggemeenskap inhou.

Volgens Terreblanche (46) sou werkgewers wat ten gunste van Swartarbeid was, geargumenteer het dat die Swartwerker sterker is as die Kleurlingwerker en gewillig is om enige soort werk te doen. Kleurlinge uit die onderste groep daarenteen sou volgens hulle liggaamlik swak en arbeidsonwillig wees. Swartwerkers is volgens hulle nog sterk onder die invloed van hul "primitiewe" kultuur en dus gevrywaar van die patologiese kenmerke van die toestand van chroniese gemeenskaps-armoede. Swartarbeid sou ook volgens hulle nie alleen goedkoper wees nie maar word ook gesubsidieerde arbeid.
Volgens Terreblanche (47) het diegene wat die indiensneming van Swartarbeid verdedig het, toegegee dat die toevloei van Swartes in die Wes-Kaap oor die lang termyn 'n nadelige effek op die sosiaal-ekonomiese posisie en gevolglik ook op die arbeidsvermoë en potensiaal van die armer gedeelte van die Kleurlingbevolking uitgeoefen het.

Die indiensneming van Swartwerkers wat wettig of onwettig na die Wes-Kaap stroom en verantwoordelik gehou word vir die nadelige sosio-ekonomiese posisie van die Kleurling moet voor die deur van die Regering gelê word. Daar is genoeg bewys dat die tuislande of sogenaamde nasionale state nie lewensvatbaar is nie en Swartes dus gedwing word om iewers anders 'n bestaan te gaan soek.

### 4.3.2 Die Posisie van die Plaasarbeider

Wat die lone van plaasarbeiders betref, stel hoofstuk 7 van die Theron-verslag dit duidelik dat die lone besonder laag is. 'n Baie insiggewende navorsingstuk oor die loonpeile van Kleurlingplaaswerkers is in November 1985 deur die Departement Sosiologie van die Universiteit van Stellenbosch voltooi. Die betrokke verslag is deur CJ Groenewald opgestel. (48)

Die gegewens in Tabel 4.1 is in 'n groot mate gebaseer op data deur Groenewald in bogenoemde stuk gegee, maar sekere wysiginge in die aanbieding is deur skrywer aangebring. In die tabel word die kontantlone van plaaswerkers volgens streek en jaartal onderskei en die gemiddeldes uitgedruk in weeklikse, maandelikse en jaarlikse terme. Die gegewens in die tabel is in sekere opsigte 'n bietjie verwarrend, veral waar dit die indeling van streke aangaan, maar ander bronne vir hierdie inligting kon nie opgespoor word nie.

TABEL 4.1

Gemiddelde Kontantloon aan Manlike Kleurling Plaaswerkers vir Verskillende Streke en Jare

| STREEK | JAAR | PER WEEK | PER MAAND (x 4,3) | PER JAAR (x 52) |
|---|---|---|---|---|
| Boland (Koue Bokkeveld, Franschhoek, Tulbagh) | 1984 | R23,67 | R101,78 | R1 230,84 |
| Phillipi | 1983 | R29,48 | R126,76 | R1 532,96 |
| Boland (onopgelei), (Worcester, Rawsonville, Paarl, Wellington, Stellenbosch) | 1982 | R23,50 | R101,05 | R1 222,00 |
| Wellington | 1982 | R17,00 | R 73,10 | R 884,00 |
| Gamtoosvallei | 1981 | R11,60 | R 49,88 | R 603,20 |
| Suidwes-Kaap | 1980 | R14,46 | R 62,18 | R 751,92 |
| Boland (onopgelei) | 1980 | R 8,00 | R 34,40 | R 416,00 |
| Karoo | 1975/76 | R 8,77 | R 37,71 | R 456,04 |
| Kaapland - 4 Streke | 1974 | R 8,12 | R 34,91 | R 422,22 |
| 1. Kaap en Boland | | R 9,34 | R 40,15 | R 485,49 |
| 2. Malmesbury, Caledon, Oudtshoorn | | R 5,90 | R 25,37 | R 306,80 |
| 3. George, Graaff-Reinet, Gordonia, Vredendal | | R 6,82 | R 29,31 | R 354,45 |
| 4. Calvinia | | R 4,60 | R 19,79 | R 239,31 |
| Stellenbosch | 1969 | R 5,23 | R 22,49 | R 271,96 |

(49)

Groenewald het verder besluit om die loonvlakgemiddeldes in terme van vyfjaarintervalle en afgeronde jaarlikse syfers voor te stel. Die resultaat daarvan verskyn in Tabel 4.2.

TABEL 4.2

Geskatte Afgeronde Jaarlikse Gemiddelde Loonvlakke in Kontant aan Plaaswerkers *

| DATUM | JAARLIKSE GEMIDDELDE | INDEKS |
|---|---|---|
| Voor 1970 | R 250 | 56 |
| 1975 | R 450 | 100 |
| 1980 | R 600 | 133 |
| 1985 | R1 250 | 278 |

(50)

*Gebaseer op Tabel 4.1

Volgens die afgeleide gegewens in Tabel 4.2 het die jaarlikse gemiddeldes oor die afgelope vyf jaar meer as verdubbel. Oor die laaste tien jaar het dit byna verdriedubbel.
Daar is verder gaan kyk na die jaarlike gemiddelde kontantlone van manlike gereelde werkers vir verskillende possoorte, 1980 en 1982. (Sien Tabel 4.3)

TABEL 4.3

**Jaarlikse Gemiddelde Kontantlone van Manlike Gereelde Werkers vir Verskillende Poste: 1980 en 1982**

| Possoort | 1980 | 1982 | % Styging |
|---|---|---|---|
| Onopgeleide Werker | R 416,00 | R1 222,00 | 193,75 |
| Opgeleide Werker | R 468,00 | R1 544,40 | 230,00 |
| Trekkerbestuurder | R 676,00 | R1 697,80 | 151,15 |
| Vragmotorbestuurder | R 884,00 | R2 103,40 | 137,94 |
| Toesighouer | R1 040,00 | R3 062,80 | 194,50 |

(51)

Die verslag is besonder insiggewend en dui onder andere daarop dat, ten spyte daarvan dat die lone van plaaswerkers in sekere gebiede verdubbel het die afgelope vyf jaar, is die gemiddelde loon nog steeds onder die HSL (Household Subsistance Level) en die PHSL (Primary Household Subsistance Level) syfers van die UPE soos vir Maart 1985 gepubliseer. (Dit is die minimum lewens- of bestaanspeil).
Die HSL is die metingsmeganisme wat deur die Universiteit van Port Elizabeth onder leiding van prof Potgieter ontwikkel is om die minimum lewenstandaard van 'n gesin binne die bestaande maatskaplike omstandighede te meet. Die HSL aan die Universiteit van Kaapstad ontwikkel is. Die items is voedsel, behuising, vervoer, klere, brandstof, was- en skoonmaakmateriaal.

Die PHSL en HSL vir so 'n gemiddelde huishouding word in Tabel 4.4 aangedui:

TABEl 4.4

**Die PHSL en HSL vir Huishouding van Vyf Persone, Gebaseer op Maart 1985 Waardes Geldig vir Kleurlinge in Kaapstad***

MAANDELIKS

| PHSL | Volwasse man | Volwasse vrou | Kind 7-10 | Kind 7-10 | Kind 11-3 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Voedsel | 41,32 | 36,18 | 36,45 | 36,45 | 24,48 | 174,88 |
| Klere | 13,30 | 10,26 | 5,13 | 5,13 | 2,57 | 36,39 |
| Persoonlik | 2,71 | 2,71 | 2,71 | 2,71 | 2,71 | 13,55 |
| Totaal | 57,33 | 49,15 | 44,29 | 44,29 | 29,76 | 224,82 |
| Plus Huishoudelike brandstof, beligting, was en skoonmaak | | | | | | 33,33 |
| PHSL Totaal | | | | | | 258,15 |
| HSL | | | | | | |
| Behuising | | | | | | 42,85 |
| Vervoer | | | | | | 21,95 |
| HSL Totaal | | | | | | 322,95 |

(52)

Die navorsing toon duidelik die volgende:

* Die gemiddelde lone van plaaswerkers het die afgelope vyf jaar toegeneem.
* Alhoewel die huidige loonvlakke die afgelope jare verhoog het, is dit nog steeds onder die minimum bestaanspeil.
* Verder is gevind dat 55% van die totale besoldiging verteenwoordig word deur 'n natura vergoeding. Laasgenoemde wissel van streek tot streek en sluit onder andere die volgende in: gratis behuising, voedselrantsoene, werksklere, drank en tabak.

Volgens skrywer se mening is dit duidelik dat die meeste Kleurling-plaaswerkers hongerlone ontvang. Die meeste word op plase gebore, ontvang weinig of geen skoolopleiding en is dan verplig om op die plaas te werk sodra hulle handearbeid kan verrig. Die armoede word van een geslag na die ander oorgedra. Dit is net die boer wat ryk word, terwyl die werkers, sy vrou en gesin uitgebuit word. Hul daaglikse roetine bestaan net uit werk, eet en slaap. Hulle het in die meeste gevalle geen sosiale uitlaatkleppe nie en kan ook nie hul vryetyd konstruktief benut nie.

Om aan die eentonigheid van hul bestaan te ontsnap en om vir 'n swak loon te kompenseer, wend plaaswerkers hulle tot drankmisbruik om hulle drukkende en onaangename omstandighede te ontvlug.

Die lewenstandaard van die plaasarbeider gaan gepaard met buite-egtelikheid, swak gesinsbeplanning asook swak higiëniese en gesondheidstoestande. Die oorbewoning van huise wat vry algemeen op plase voorkom, verhoog verder die voorkomingsyfer van siektetoestande. Kotzē (53) verwys na 'n studie op plase in die Wes-Kaap wat toon dat plaaswerkers oor die algemeen geen of gebrekkige skoolopleiding ontvang. As gevolg hiervan is hulle nie in staat om 'n gesonde gesinsbegroting op te stel of om hulle kinders se skoolwerk te kontroleer nie. Nog 'n nadelige gevolg van ongeletterdheid wat Kotzē noem, is die beperking wat dit op die werker se persoonlikheidsontwikkeling plaas. Vanweë die plaaswerker se swak sosio-ekonomiese posisie wat grootliks veroorsaak word deur karige lone, is die plaaswerker 'n geïsoleerde en vereensaamde mens. Die werker het geen geskrewe dienskontrak wat sy diensure en sy voordele uitspel nie. Hy is onseker van sy regte en voorregte derhalwe is hy blootgestel aan uitbuiting. Die plaaswerker is die mees uitgelewerde persoon in die Kleurlinggemeenskap. Die afleiding van Botha (54) dat Blankemense handearbeid assosieer met die slaweklas , kan ook op die Kleurlingplaasarbeider van toepassing wees.

Die meeste werkers het geen beskikkingsreg nie en is vir hulle voortbestaan in alles van die boer afhanklik. Volgens Edwards se verslag vir die "Carnegie Conference" (Kaapstad 1984) oor Phillipi Plase beheer die plaasboere die werker se persoonlike huislike lewe.

> Visitors are not allowed to come and go freely and those visitors who wish to stay overnight may only do so with the permission of the farmer. So great is the control by the farmer that at times even health and social workers are denied access to farm labourers...officials are chased off the farms at gunpoint.
> Somefarmers refuse to allow workers time off to receive medical treatment. A case in point was the chicken farm where 19 people were screened resulting in four diagnoses of venereal disease and five of TB. At this point the farmer refused to allow these workers time off for treatment. Although there is legislation compelling VD sufferers to obtain treatment, the medical authorities are powerless to enforce this. (55)

Met die uitsondering van 'n relatiewe klein minderheid van plase is die behuising onvoldoende en swak. In baie plaashuisies is daar geen toilet- en wasgeriewe nie, terwyl plafonne en elektrisiteit ontbreek en huise oorbewoon word. Dit alles vererger reeds bestaande onhigiëniese toestande en werk verder nadelig in op die waardesisteem van die werker. Sementvloere en huise se dakke wat lek, dra by tot siektetoestande onder plaaswerkers en hul gesinne.

Die "dopstelsel," alhoewel wetlik afgeskaf, kom nog steeds voor. Gedurende werksdae of saans na afloop van die werksdag, word alkoholiese drank aan werkers gegee om hul aan te spoor om harder te werk. Dit word as 'n soort bonus beskou. Diegene wat nie die goedkoop alkoholiese drank neem nie, word ekstra betaal. Die stelsel gee aanleiding tot die misbruik van drank deur plaaswerkers en tot alkoholisme.

Die plaasboer gebruik die dop om die werker te beheer want die werker glo met verloop van tyd dat hy nie sonder die "dop" kan werk nie. Die werker is later nie begaan om 'n hoër loon te beding nie solank hy gereeld sy "dop" kry. Hy bly dus 'n verarmde persoon sonder enige ideale met 'n fatalistiese ingesteldheid.

### 4.3.3 Faktore wat die Laerstand-Kleurling op die Verbruikersraad Benadeel

Volgens die Theron-Kommissieverslag (56) is daar heelwat getuienis ingewin wat daarop gedui het dat die verbruikersbesteding van veral die

armer gedeelte van die Kleurlinggemeenskap tot groot hoogte kortsigtig en onoordeelkundig is. Dit gaan gepaard met grootskeepse vermorsing en wanbesteding van inkomste. Die onoordeelkundige en irrasionele bestedingspatrone het tot gevolg dat die lewenstandaard van dié groep laer is as die peil van hul inkomste.

Alhoewel daar 'n verbetering in inkomste ingetree het, het dit in baie gevalle geen of geringe uitwerking gehad nie, omdat die addisionele inkomste op 'n manier bestee is wat geen verbetering in hul lewenstandaard bewerkstellig het nie.

Daar is verskeie redes waarom die armer Kleurlinge hulle in die swak posisie in die moderne verbruikersmark bevind. Enersyds beskik hierdie verbruikers nie oor die kennis, ervaring en sofistikasie om hul geld op 'n oordeelkundige manier te bestee nie en andersyds word hulle doelbewus geëksploiteer deur gewetenlose handelaars. Die onkunde van die armer Kleurlinge maak hulle weerloos teen die wanpraktykte in die verbruikersmark.

Naas die gewetenlose handelaars wat hulle wederregtelik bevoordeel deur dat hulle doelbewus die onkunde van Kleurlingverbruikers uitbuit, is daar ook die handelaars wat weinig begrip en geen simpatie met die armer groep het nie. Die groot aantal handelaars, meestal Blankes, doen geen moeite om die onkundige teen hulself te beskerm nie. Baie redeneer dat die kapitalistiese ekonomie nie 'n verantwoordelikheid op handelaars plaas om verbruikers teen hulle eie onkunde en onoordeelkundigheid te beskerm nie. Op 'n baie subtiele wyse sorg die handelaars dat die advertensies suggestief en misleidend is om onkundiges te lok en om hulle in die winkels te kry. Die mondelinge inligting omtrent die kwaliteit van die goedere, die pryse daarvan en die finansieringskoste is dikwels en doelbewus vaag, dubbelsinnig en onvolledig. Die armer verbruiker het dus 'n wanbegrip omtrent dit wat hy koop.

Die vernaamste vorme van uitbuiting volgens getuienis voor die Theron-Kommissie, staan in verband met die verskillende vorme waarin verbruikerskrediet verleen word en in die besondere wyse waarop die huurkoopstelsel aangewend word. Baie verbruikers uit die Kleurlinggemeenskap beskik nie oor die kennis of die vermoë om tussen 'n eenmalige kontantbetaling en 'n reeks paaiemente wat oor twee jaar mag strek, te onderskei nie. Voornemende kopers - en veral diegene wat vir die eerste keer 'n huis betrek - stel net daarin belang om die artikels te bekom en dat die weeklikse of maandelikse paaiemente nie te groot is nie. Baie handelaars maak dan ook misbruik van hierdie ingesteld-

heid deur net die weeklikse en maandelikse paaiemente in hul advertensies of mondelinge aanbod te vermeld sonder om die kontantprys, die finansieringskoste, die totale paaiementlas en die verskil tussen 'n kontant- en huurkoop aan die voornemende koper te verduidelik.

Dit is veral intrekkers in nuwe behuisingskemas wat die prooi word van verkoopsagente wat meubels en elektriese toestelle van deur tot deur verkoop. Duur elektriese toerusting is dikwels aan gesinne verkoop wie se huis of woonbuurt nie van krag voorsien is nie. Verkoopsmanne en -agente het in sulke gevalle die voornemende kopers meegedeel dat daar binnekort 'n kragaansluiting gaan plaasvind. Inwoners van subekonomiese huise is dikwels van hul huise ontneem omdat hulle vanweë die groot paaiementelas, nie hul huishuur kon betaal nie.
Mense word baie maal aangemoedig om goedere te koop teen maklike kredietterme sonder om seker te maak of hulle oor die vermoë beskik om te betaal. Veral diegene wat lank in krotte gewoon het en vir die eerste maal 'n huis betrek, kan dikwels nie die versoeking weerstaan om 'n hoeveelheid meublement te koop afgesien daarvan of hulle die huurkontrak kan nakom al dan nie. Sommige verbruikers beskik nie oor die vermoë om die huurkontrak se voorwaardes te lees nie.

Daar was getuienis voor die Theron-Kommissie oor die talle armer verbruikers wat nie hulle paaiementverpligting enduit volgehou het nie. 'n Belangrike rede hiervoor is dat daar aanvanklik op die totale inkomste van die huishouding (dws dié van die vader, die moeder, sommige van die kinders en selfs loseerders) staat gemaak word. Wanneer een van die verdieners in die huishouding sy werk verloor, of nie meer oortyd kan werk nie, of die huis verlaat, kan die res van die huishouding nie meer die paaiementverpligting nakom nie. Die verliese wat huishoudings ly wanneer die goedere teruggeneem word, is gewoonlik van so 'n aard dat hulle armoede vererger word, terwyl dit dikwels ook aanleiding gee tot groter frustrasie en ontwrigting van die gesinslewe. Die swaar finansiële las van die huurkooppaaiemente is dikwels die rede waarom jong kinders op 'n jeugdige ouderdom in die arbeidsmark beland. Dit gee aanleiding tot gesinsrusies, dronkenskap, diefstel, ens. Elke keer wanneer 'n gesin vir die soveelste keer die verloorder in 'n kredietransaksie is, word die fondament van wantroue gelê, word die selfvertroue en selfrespek nogeens afgebreek en word gevoel van vernedering en hopeloosheid ingeskerp. Die gevoel word verskerp omdat die verkoopsman baie vriendelik en behulpsaam is, terwyl die persone wat die paaiemente insamel of die goedere terugneem onsimpatiek en selfs ongenaakbaar optree. Die koop van goedere deur middel van 'n huurkoopkontrak en die eventuele

verlies daarvan wens wanbetaling van die paaiemente het by sommige reeds deel van hul lewenswyse geword. Daar is ook sommige uit die armer klas wat nie omgee dat byvoorbeeld hulle meubels of die radiogram weggeneem word nie, want vir 'n kort tydjie het hulle die genot geput om in "weelde" te leef.

### 4.3.4 Ekonomiese Verhouding tussen Kleurling en Blanke Dorpe

Die meeste Kleurlinggemeenskappe bevind hulle in 'n nadelige posisie op ekonomiese gebied vanweë die feit dat die "blankedorp" die ekonomie beheer. Die Kleurlingdorpe kry slegs op beperkte skaal voordeel uit die ekonomie terwyl die Blanke dorp die grootste ekonomiese voordele verkry. Die Kleurlinggemeenskap is net in 'n beperkte sin van die woord besitters, van produktiewe eiendom. Die grootste gedeelte van die Kleurlingdorpe bestaan uit subekonomiese huise en die dorpe self verkeer nie in die posisie om in selfstandige ekonomiese eenhede te ontwikkel nie. Daar is weinig vooruitsig dat hierdie Kleurlingdorpe in onafhanklik en finansieel selfonderhoudende munisipaliteite kan ontwikkel. (Pacaltsdorp is die uitsondering).

Die meeste bestuurskomitees in Kleurlingdorpe is afhanklik van die blanke munisipaliteit wat die finansiële bronne het en dit beheer.

Die vernaamste "uitvoerproduk" waaroor die armer en arbeidsintensiewe Kleurlingdorp beskik, is ongeskoolde en halfgeskoolde arbeid, wat teen relatief lae lone na die (kapitaalintensiewe) blankesektor "uitgevoer" word. Die vernaamste "invoerproduk " van die Kleurlingdorpe is relatief minderwaardige verbruikersgoedere hoofsaaklik deur blanke leweransiers - wie se winkels in die blanke dorpe en stede en op die grense en aanlooppaaie na die Kleurlingdorpe geleë is - voorsien word en wel teen pryse wat as gevolg van hoë finansieringskoste dikwels relatief hoog is. Die meeste van die goedere wat aangekoop word, is van minderwaardige gehalte en is dikwels aan onoordeelkundige en intensiewe gebruik onderworpe.

Kleurlingdorpe is swak ontwikkel in vergelyking met die blanke dorpe of stede. Die meeste huise is deur die Departement van Gemeenskapsontwikkeling en plaaslike owerhede gebou, terwyl die skole deur die staat opgerig word. Die blanke besigheidsfaktor kry groot voordeel uit die Kleurlinggebiede. Die 1985 onluste en die gepaardgaande verbruikersboikot van die Blanke besigheidsektor het getoon dat laasgenoemde in 'n groot mate afhanklik is van die Kleurlingverbruiker. Etlike besighede in die blanke dorp het gedurende dié tyd in duie gestort.

## 5. IMPLIKASIES VAN VERSKYNSELS WAT MET GEMEENSKAPSARMOEDE VERBAND HOU

Die negatiewe implikasies wat armoede vir die Kleurlinggemeenskap inhou is moeilik om met wetenskaplike presiesheid te bepaal. Nietemin word daar in die studie gepoog om aan te toon wat dit vir die betrokke gemeenskap, waarvan tussen 40 en 60 persent vasgeknel is in die greep van gemeenskapsarmoede, tot gevolg het. Aandag sal aan die volgende bestee word: behuising, gesondheidspeil, maatskaplike probleme, afwykende gedragsprobleme, gebrekkige gemeenskapsgeriewe en onderwys.

### 5.1 Behuising

'n Onrusbarende persentasie van die Kleurlinggemeenskap se behuising is ontoereikend. Dit het 'n ernstige uitwerking op beide sy maatskaplike funksionering en fisiese geestesgesondheid. Veral in die groot stede ly die onderste groep van die gemeenskap aan 'n grootskaalse tekort aan behuising.

Volgens die Theron-verslag is swak en ontoereikende behuising een van die grootste knelpunte by die Kleurling en word die taak van die behuisingsvoorsiening ernstig bemoeilik deur die hoë groeikoers van die bevolking. Meer as 90 persent van die Kleurlinge in stedelike- of dorpsgebiede woon in huise wat deur die staat of plaaslike owerhede opgerig is.

Reeds in 1975 rapporteer die Theron-Kommissie dat daar 'n tekort van 131 000 wooneenhede is.

> Uitgedruk as 'n persentasie van die totale stedelike gesinne het 39 persent van die gesinne nie voldoende huisvesting gehad nie. Van die gesinne wat nie bevredigend gehuisves was nie, leef volgens skatting 40 persent in plakkers- en slumtoestande, en 46 persent in toestande van oorbewoning en is 14 persent die gesinne wat nog gehuisves moet word. (57)

Drie wetenskaplike gevallestudies wat vir die "Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in South Africa" in 1984 gemaak is, het die Kleurlinggemeenskappe by Elsiesrivier, Worcester en Vrygrond, Lavender Hill en Phillipi gedek.

ELSIESRIVIER

Volgens die gevallestudie te Elsiesrivier was daar gedurende 1982/83 ongeveer 81 620 Kleurlinge in dië gebied woonagtig. Dit is 23,8% van die Kleurlingbevolking in die Kaapse Skiereiland en 13,07% van die totale bevolking van die Kaapse Skiereiland.

Van die 9 664 geboortes in 1982 onder die Kleurlinge was 2 600 in Elsiesrivier. Die geboortegroei was 3.19% p.a.

Volgens die verslag beskryf 'n bekende Kaapse koerantman Elsiesrivier soos volg:

> There isn't another black area in the greater Cape Town that has a make up quite like Elsies River. Certain black areas show upper- and middle-class opulence at a glance while in other areas, signs of poverty are obvious even, to a blind person by way of the stench of human degratation. Elsies River has both - almost like a scarred beauty. (58)

Die woonstelblokke deur die Afdelingsraad opgerig, het van so 'n swak gehalte blyk te wees, dat bewoners na hulle plakkershuisies terug verlang het. Sedert die herontwikkelingsprojek etlike jare in Elsiesrivier begin is, is 7 478 plakkershuisies afgebreek en 10 898 gesinne van wonings voorsien in drieverdiepingwoonstelle. Elsiesrivier het baie gou soos 'n "beton oerwoud" gelyk.

Van die 8 082 wonings wat beplan is, is slegs 5 775 in 1983 voltooi. Volgens die amptelike waglys by die Afdelingsraad was daar 4 813 gesinne met 28 000 mense wat steeds op wonings gewag het.

Sewentig persent van al die wooneenhede in Elsiesrivier is ekonomies of subekonomies. Daar is eintlik geringe verskille tussen die ekonomiese en subekonomiese wooneenhede. Laasgenoemde is vir 'n gesin waar die broodwinner minder as R150 verdien terwyl eersgenoemde vir die broodwinner is wat meer as R150 per maand verdien. Die standaard van die twee tipe huise is feitlik dieselfde. In sommige gevalle is die ekonomiese wooneenhede in 'n swakker toestand as dié van die subekonomiese as gevolg daarvan dat diegene wat in ekonomiese huise woon dikwels meer afhanklikes het.

Die feit dat slegs 20,6 persent van die huise in Elsiesrivier aan privaateienaars behoort, dui daarop dat baie inwoners in armoede mag verkeer.

Die statistiek tydens die opname was soos volg:

| | |
|---|---|
| * Totale aantal wonings | 9839 |
| * Totale aantal wonings onder beheer van die Afdelingsraad | 7811 |
| * Aantal wonings aan privaateienaars | 2027 |

Volgens die verslag was daar 'n agterstand van 6 000 huise in Elsiesrivier ten einde die mense te akkommodeer wat op die waglys is en dié wat in 1983/84 in die huwelik sou tree. Die beleid van die Afdelingsraad is egter om alleen voorsiening te maak vir diegene wat op die waglys is. (59)

*** Oorbewoning**

Die algemene tekort aan huise in Elsiesrivier lei tot **oorbewoning.**

Volgens genoemde verslag, woon 5 - 6 persone in 'n kamer. In sekere woongebiede digby, is dit baie hoër.

Oorbewoning veroorsaak ernstige gesondheidsprobleme soos dit dan ook blyk uit die jaarlikse gesondheidsverslae van die Afdelingsraad. Die meeste siektes het te make met die asemhalingsisteem en sluit onder ander siektes soos tuberkulose en asma in. Gedurende 1982/83 was daar byvoorbeeld 60 106 TB behandelingsessies in Elsiesrivier wat ongeveer 57,84% van die totale TB behandelingsessies in die hele Afdelingsraad-verteenwoordig. (Die totale aantal behandelingsessies vir TB in dië gebied van die Afdelingsraad was 103 992). Aangesien die syfer vir 1981/82 40 363 was, verteenwoordig die 1982/83 statistiek 'n toename van 32,85%. (60).

Die beleid van die Afdelingsraad om alternatiewe, maar nie addisionele behuising te voorsien nie, doen niks om die oorbewoningsyfer te verlaag nie.

* **Hoë Huishuur**

Volgens die verslag is die gemiddelde inkomste van die inwoners van Elsiesrivier besonderlik laag in verhouding met die huurgelde wat betaal word. Na aanleiding van die amptelike statistiek (1980) is die gemiddelde inkomste van die broodwinners in Elsiesrivier R2 077,17 per jaar (dit is R173,12 per maand). Die Afdelingsraad se syfers vir, van die geheel berekende gemiddelde, Kleurlinginkomste in Kaapstad is R183 per maand.

Voorts wys die verslag daarop dat die HSL (Household Subsistance Level), dit is die absolute minimum verbruik van voedsel, klere, brandstof, wasmiddels, huishuur en vervoer waarvan 'n gesin kan leef, in September 1981, R231,82 per maand was. Volgens die verslag oorleef van die inwoners van Elsiesrivier egter met 'n inkomste laer as die minimum HSL. (61)

Die skrywer van die verslag oor Elsiesrivier wys egter daarop dat die HSL as 'n aanwyser van armoede misleidend is. Die mees korrekte meting van die minimum wat nodig is om 'n bestaan te maak is die HEL (Household Effective Level) wat onder andere HSL plus 50 persent van sy waarde is. In September 1981 was HEL R347,73 per maand. (62)

Volgens hom is daar 'n stipulasie in die behuisingskode van die Afdelingsraadgebied dat 'n broodwinner nie meer as 25% van sy inkomste aan huishuur mag bestee nie. In die praktyk word daar nie aan die stipulasie in die Elsiesrivieromgewing uitvoering gegee nie. Die gevolg is dat groot getalle gesinne agter raak met hul huishuur. Gedurende

1980 was daar in die Afdelingsraad 100 993 kennisgewings van uitsetting bedien aan die bewoners van 16 419 wooneenhede. Elke huurder was volgens die verslag gemiddeld ses maal gedurende die jaar met hul huishuur agter.

*** Struktuur van Wooneenhede**

Die uiters swak konstruksie van veral die subekonomiese wooneenhede is 'n belangrike punt van kritiek deur die inwoners van Elsiesrivier. Die subekonomiese huise is oor die algemeen gemaak van vooraf-vervaardigde betonkonstruksies en sementstene. Die kamers is baie klein, die ventilasie swak, die aantal slaapkamers min (in sekere areas is daar slegs een), daar is geen afgepleisterde mure nie terwyl die hele huis swak beplan is (bv die toilette in die woonstelle is direk oorkant die eetkamer).

**WORCESTER**

Worcester is een van die grootste dorpe in die Boland en is omtrent 113km noordoos van Kaapstad geleë. Daar woon 30 000 Kleurlinge en Asiërs, volgens die 1980 sensus. Die belangrikste industriële aktiwiteite in die dorp is wynmakery, inmaakfabrieke, tekstielwerke en hoenderboerdery. Die Kleurlingwoongebiede is Roodewal, Esselen Park, Riverview, Parkersdam en View Park.

*** Munisipale Huise of Woonstelle**

In Worcester is daar 3118 wonings wat aan die Munisipaliteit behoort. Hiervan is 1 910 huise en 1 208 woonsteleenhede. Die behuising word in drie kategorieë verdeel naamlik subekonomies, laer-ekonomiese en hoër-ekonomies. Die plaaslike owerhede besluit self in watter kategorie 'n huis val.

* 'n Subekonomiese huis is 'n wooneenheid sonder elektrisiteit, warm water of 'n binnetoilet. Die mure is nie afgepleister nie en daar is ook geen plafonne, binnedeure of bedekking op die vloere nie.

* 'n Laer-ekonomiese huis het wel plafonne, binnedeure en twee slaapkamers, maar het geen omheining nie en is ook nie afgepleister nie.

* 'n Hoër-ekonomiese huis het al die fasiliteite van 'n gewone moderne huis met uitsondering van sekere ekstras.

Ongeveer 80 tot 85 persent van die huise in Worcester is óf subekonomies of laer-ekonomies.

*** Omgewing van Woongebied**

Volgens die verslag is een van die grootste punte van kritiek en ongelukkigheid van die inwoners by Worcester die swak omgewing waar die woongebiede opgerig is. Die gebied het 'n groot probleem met bendes, daar is geen gemeenskapsontwikkelingsgeriewe nie en die wooneenhede is oorbewoon. Die hele gebied maak 'n uitsonderlike arm omgewing uit.

Die gemelde verslag som verdere kritiek van die inwoners soos volg op:

(i) Dissatisfaction that the community wasn't getting enough in return for increased rents. Questions were raised as to the nature of the expenditure of the Committee's funds with a feeling that insufficient funds were being allocated to the community's most urgent needs.

(ii) The fact that residents had to pay for the repair of their own houses. It was felt that since they were merely tenants and not owners this function should be undertaken by the municipality.

(iii) Strong criticisms were voiced that many of the houses already constructed were inadequate. For instance, many houses lacked effective drainage systems (no gutters in the roofs) with the result that in winter tenants were constantly faced with "cascading waterfalls" ('water wat soos 'n waterval van die dak afstort').
The fact that floor levels in many of the houses were below ground levels with the result that houses were often under water in the winter, roads especially in Roodewal were still untarred after 8 years, outside toilets without full length doors - with the result that in winter wind and rain made occupancy almost unbearable, cracks and holes in roofs and walls provided insufficient protection against the harsh Boland winter climate.

(iv) It was often rhetorically asked how and where those on the waiting list for houses were to be accommodated in the interim period. Overcrowding and shortages were repeatedly emphasised, which was simply confirmation of official survey and visual evidence.

(v) The fact that old age pensioners were paying approximately 1/3rd of their pensions on rent and rates.

(vi) The fact that if tenants desired to have energy and power for their households this would cost them R1 500 (in Roodewal) ('for houses which they did not own').

(vii) The lack of amenities was raised and it was pointed out that for a population of 29 500 persons there were no play parks or sufficient community facilities for their children, who were forced to resort to stone-throwing as a form of entertainment ("heeldag klip

(viii) Finally it was felt that lack of adequate representation was a key factor for their predicament ("Geen seggenskap in die plekke waar besluite oor ons lewens gemaak word nie"). (63)

**VRYGROND EN LAVENDER HILL**

'n Sensus wat deur die Kaapse Stadsraad in Februarie 1981 opgeneem is, het getoon dat daar 14 070 Kleurlinge in Lavender Hill woon. Volgens die verslag oor die gebied woon daar 16 000 mense. Die rede vir die verskil is

blykbaar dat talle huurders nie die name van loseerders en ander inwoners tydens die sensus wou gee nie uit vrees vir vervolging of verhoging van huishuur. Die totale bevolking by Vrygrond is volgens beraming 2 608.

* Behuising

In 1983 was daar 326 huise in Vrygrond. Die tydelike konstruksies is vervaardig uit hout en yster. By Lavender Hill is 1 448 ekonmiese huise en 432 ekonomiese huise. Al die wooneenhede beskik oor elektrisiteit, maar geen warm water is beskikbaar nie. Beide die ekonomiese en subekonomiese huise beskik oor binnewater en toiletfasiliteite.

Die grootste deel van die bevolking van Lavender Hill het in Claremont, Distrik Ses en Steurhof gewoon waar 'n huurgeld van R5-00 per maand betaal is. Hulle was gedwing om te trek na Lavender Hill waar hulle huise en woonstelle moes huur teen R21-00 per maand - 'n verhoging van R15-00. Die wooneenhede was goedkoop opgerig en van minderwaardige materiaal. Die meeste gesinne het tydens die onderhoud wat gevoer is, bitterlik gekla oor die swak kwaliteit van die wooneenhede. Daar was onder andere klagtes oor voordeure wat nie behoorlik kon toemaak nie. Hieroor rapporteer die verslag verder:

> The doors are made of egg boxes with a piece of hardboard on either side. We have been told that all the doors in the Housing Estate are like this. When the residents of Bloemhof Flats were moved to Mitchell's Plain, one of the Lavender Hill residents took a front door of a Bloemhof Flat and exhanged her "egg box" front door with this solid door. (64)

'n Interessante uitlating van een van die inwoners van die gebied beskryf die wooneenhede in die gebied soos volg:

> The Group forced us to fill in papers. All the people who filled in papers were promised houses. My brother got a house in Parkwood and I got 'n house in Lavender Hill. When I moved to Lavender Hill, I found the new house was bug-infested, had no ceilings and the door could not close porperly. (65)

'n Ander klagte was dat die wooneenhede met "ash-bricks" gebou is. Weeluise broei in die mure uit en die gevolg is dat die huise deur weeluise verpes word wat uiters onhigiënies is.

PHILLIPI

Phillipi is ongeveer 14 km van die sentrale gebied van Kaapstad. Die gebied behels ongeveer 4 600 hektaar. Daar woon 23 470 mense waarvan 71 persent Kleurlinge is. Die grootste deel van die gebied is boerderygebied.

Wat die plaaswerker se behuising betref, wys die verslag daarop dat dit as deel van 'n werker se beloning en sy arbeid beskou word. As 'n werker nie langer in staat is om te werk nie is hy verplig om die plaas te verlaat. Dit het tot gevolg dat talle plaaswerkers begin plak. Volgens die verslag het die volgende gebeur:

> On one occasion a farmer and his two dogs charged into the house of a cancer sufferer who was no longer able to work and demanded that the man either work for him or pay him R45 per month for the hovel his family was occupying. (66)

Die verslag verwys na talle soortgelyke gevalle waar mense verplig was om vir hongerlone te werk teneinde hul huisvesting te verseker.

Die verslag verwys na die haglike omstandighede waaronder die mense leef. Die meeste huise beskik slegs oor twee kamers. Dit is sonder plafonne en bevat geen elektrisiteit of lopende water nie. Spoeltoilette en afgepleisterde mure ontbreek. Talle woon in hout en sink pondokke of herskepte varkhokke en stalle. Die waterkrane is vir gemeenskaplike gebruik.

Daar was een plaaseienaar wat verbeterings aangebring het vir sy werkers. Volgens die verslag het hy spoeltoilette geïnstalleer, huise geverf en 'n omheining aangebring wat hom R80 000 gekos het.

Die betrokke plaaseienaar is deur sy bure verkwalik omdat hy die verbeteringe aangebring het. Hulle het gevrees dat van hulle verwag sou word om sy voorbeeld te volg.

In die meeste gevalle is die huise tussen Port Jackson-bome en in vuil sand geleë. Die gebrek aan dreinering- en sanitasiegeriewe en die kompos en mishope naby die huise, het tot gevolg dat vlieë die huise verpes.

Die meeste huise is swak verlig en in baie gevalle is die venster net bedek met ystertralies wat herinner aan die vensters van 'n tronksel. By 'n sekere plaas waar besoek afgelê is, was die werkers se wooneenhede twee meters van die varkhokke afgeleë. Die huise was vol vlieë en die stank van die varkhokke was onuitstaanbaar. Die sinkplate, dieselfde as wat gebruik word om hokke op te rig, was vol gate, terwyl die vloere van kaal growwe sement was. Die gesin is geringe skuiling gebied teen die wind, reën en koue van die Kaapse winters.

Mense wat in dié omstandighede woon word maklik 'n prooi van tuberkulose en het weinig kans om dit te kan oorleef, al sou hulle mediese behandeling ontvang.

Die meeste plaaswerkers wat besoek is se meubels vertel 'n duidelike verhaal

van armoede. Die beddens staan gewoonlik op bakstene en die matrasse is oud en opgestop. In talle huise word enkele stoele, 'n tafel of 'n stukkende bank aangetref. In die meeste gevalle is die meubels gemaak van groente en vrugte houtkratte.

Soos reeds vroeër aangedui, is armoede die grootste rede waarom die grootste persentasie van die Kleurling nie in staat is om hul eie behuising te voorsien nie. Ten opsigte van die bestaande behuising wat deur die owerhede voorsien word, kom die volgende probleme dikwels navore:

(i) Gebrek aan ruimte en basiese fasiliteite. Die meeste subekonomiese huise is heeltemal onvoldoende om groot gesinne te akkommodeer. Hoër kwaliteit behuising vereis hoër huurgeld - iets wat die meeste nie kan bekostig nie. Die meeste huise gaan nie alleen mank aan ruimte nie, maar daar is ook gebrek aan basiese geriewe soos elektrisiteit, toilette, lopende water, plafonne en gepleisterde mure.

(ii) Die afwesigheid van variasie in bestaande behuising. In die meeste woongebiede lyk al die huise dieselfde en die inwoners het geen keuse ten opsigte van tipe behuising en die voorkoms daarvan nie. Dit het 'n neerdrukkende uitwerking op mense en beïnvloed hul selftrots negatief.

(iii) Gebrekkige inkomste het tot gevolg dat die meeste persone moeilik eienaars van huise word. Hierdie faktor gee aanleiding tot 'n gevoel van onsekerheid weens die moontlikheid dat hulle uit die huise gesit kan word. Gevoelens van vrees en onsekuriteit wat hiermee gepaardgaan het verdere negatiewe gevolge vir die gesinslewe.

(iv) 'n Tekort aan huise het verskeie implikasies vir sowel die individuele gesinne as vir die groter gemeenskap. Een van die ernstigste sosiale gevolge van die behuisingstekort is oorbewoning. Afgesien van die ooglopende fisiese ongegerief wat met oorbewoning gepaardgaan, word die sielkundige en emosionele eenheid van die gesin aangetas. Daar is weinig sprake van privaatheid en kinders van wisselende ouderdomme en geslagte word geforseer om met mekaar of met hul ouers of ander volwassenes 'n slaapvertrek te deel, ierdeur kom die kind ten nouste in aanraking met gedragsvorme van volwassenes wat traumaties vir hom kan wees. Gevalle van onsedelikheid, bloedskande en vroeë swangerskap is dikwels die gevolg.

(v) Behalwe die negatiewe sielkundige en maatskaplike probleme wat gepaardgaan met oorbewoning, het dit ook ernstige gesondheidsprobleme tot gevolg. De Beer verwys in 'n artikel in die verslag oor siekte en armoede, onder redaksie van Disler en Olver, na Casal en Irwin wat die verband tussen behuising, oorbewoning en swak gesondheid soos volg uitwys:

> There can be little disagreement that certain health conditions are directly determined by the physical structure of housing. The relationship of peeling lead paints to lead poisoning, of dilapidated structures to home accidents, the effect of inadequate heating, broken plumbing systems, the presence of insects and rodents, stagnant water in cellars and inadequate waste management and disposal are self-evident. (67)

Siektes soos tuberkulose, rumatiek, hartkwale, asma en meningitis is siektes wat ruimskoots by persone in oorbewoonde huise gevind word. Veral verspreiding van aansteeklike siektes word deur die oorbewoonde toestand aangemoedig.

Dit is dus duidelik dat die gebrekkige en uiterste swak behuising van die onderste groep van die Kleurlinggemeenskap daartoe bydra dat daar by dié groep weinig strewe om aan hulle armlastige omstandighede te ontsnap. Die swak behuisingsituasie het 'n direkte bydrae tot 'n hoë misdaadsyfer, gebroke gesinstrukture, hoë buite-egtelike geboortes, swak werkspotensiaal en 'n hoë voorkoms van alkohol- en dwelmmiddelmisbruik.

## 5.2 Gesondheidspeil

### Inleiding

Die gesondheidstoestand van individue, groepe en gemeenskappe hang ten nouste saam met hulle sosio-ekonomiese omstandighede. Gesondheid- en siekteverskynsels, die bestaande dienste en die benutting daarvan moet gesien word teen die agtergrond van lewensomstandighede en lewenstyl.

Die gesondheidspeil van die Kleurling word beïnvloed deur hul lae inkomste, swak eetgewoontes, karige kleding en uiters swak behuising. Ander faktore wat hiermee saamgaan is die lang werksure, gebrekkige sport- en ontspanningsgeriewe en die oormatige gebruik van alkoholiese drank. Direk en indirek word die gesondheidspeil op die vlak van die individuele en gesinslewe ook beïnvloed deur die geletterdheidspeil, onkunde of wanopvatting en soortgelyke ingesteldheid teenoor siektes, liggaamlike versorging en dienste wat beskikbaar is. Die duidelike verband tussen siekte en armoede word deur De Beer onderstreep wanneer hy sê:

> ...in the 1920's and 1930's when there was a substantial 'poor white' element, this section of the population showed a pattern of disease similar to Blacks in South Africa today. (68)

Voorts sal gekyk word na die verband tussen armoede en siektetoestand en daarna die verskillende siektetoestande soos dit by die Kleurling voorkom.

### 5.2.1 Armoede en Seiktetoestand

#### 5.2.1.1 Armoede, Ondervoeding en Siekte

Wanvoeding, en in die besonder ondervoeding, het 'n direkte verband met armoede. Ten spyte van die feit dat Suid-Afrika jaarliks groot hoeveelhede voedsel uitvoer, is daar tog groot aantalle van sy burgers wat aan wan- en ondervoeding ly. Baie van die kinders wat onder- en wanvoeding ly, is buite-egtelik of deur hul ouers verlaat.
Volgens Trudy Thomas (soos aangehaal deur De Beer) is die posisie in Swartgemeenskappe in tuislande soos volg:

> 60% of malnourished children are illegitimate.
> 80% of malnourished children have geen deserted by their fathers, most of whom are working in cities, but do not support their children.
> 10% have fathers who are sick, unemployed or dead.
> 10% receive support from their fathers. (69)

Volgend De Beer (70) het proff Moosa en Coovadia van die Durbanse Mediese Skool bereken dat daar jaarliks 30 000 kinders in RSA sterf weens siektes wat verband hou met ondervoeding. Die sterftes word in twee kategorieë verdeel. Daar is diegene wat bloot van honger sterf en diegene wat sterf van 'n siekte wat nie die kind se lewe kon bedreig het as hy welgevoed was nie. In laasgenoemde gevalle sterf die kinders bloot omdat hulle te swak is. 'n Goed versorgde kind wat masels kry, is vir 'n tydjie siek en dan herstel hy. In die geval van die ondervoede kind kan so 'n siekte maklik toeneem en tot dubbele longontsteking en die dood lei. Dieselfde kan gebeur met 'n kind met gastro-entiritis wat vir 'n ondervoede kind baie ernstiger gevolge inhou as vir 'n goed versorgde kind.

* Volgens Van Regenmortel en Van Harte (71) het die Kleurling van die hoogste kindersterftes in die RSA - omtrent 136 (manlikes) en 117 (vroulikes) per 1 000 (1970 - 1975) teenoor dié van 28 en 18 respektiewelik van die Blankes. Verdere toename word verwag soos die bevolkingstempo groei. Omtrent 70% van die kindersterftes by die Kleurlinge vind plaas tussen die ouderdom van 28 dae en 1 jaar en meer as die helfte word veroorsaak deur ondervoeding, onhigiëniese toestande en lae sosio-ekonomiese standaarde. In 1969 - 1971 was 30% van alle sterftes by die Kleurlinge kindersterftes.

#### 5.2.1.2 Behuising, Oorbewoning en die Omgewing

Die siektetoestand van 'n gemeenskap word in 'n groot mate beïnvloed deur swak behuising, oorbewoning en 'n swak omgewing. Soos reeds aangetoon ly die Kleurlinggemeenskap aan 'n chroniese tekort aan behuising. Volgens De Beer

(72) was daar in Suid-Afrika in 1981 'n tekort van 160 000 huise in stedelike gebiede en 260 000 in plattelandse gebiede. Die groot gebrek aan behuising lei daartoe dat mense plakkerskampe en pondokke oprig wat gewoonlik baie swak konstruksies het. As gevolg van die swak sanitasie en gebrek aan skoon water kom besoedeling in baie van die gebiede voor en word veral aansteeklike siektes wyd versprei.

Swak behuising en oorbewoning het ook 'n hoë graad van spanning tot gevolg. Dit word algemeen aanvaar dat mense wat gedurig aan spanning onderhewig is makliker 'n prooi van siekte word as ander. Die druk om kamers te deel (en die gepaardgaande gebrek aan privaatheid) onvoldoende fasiliteite en die hoë voorkoms van misdaad, lei tot geweldige gevoelens van vrees, spanning en onveiligheid. Mense onderhewig aan hierdie omstandighede is geneig om daaraan te ontsnap deur hulle aan alkoholiese drank te vergryp. Die Kleurlingbevolking worstel met 'n groot drankprobleem wat ongekende ellende en lyding in gesinslewe tot gevolg het. Alkoholisme veroorsaak ook 'n wye reeks van siektes. Van Staden merk hieroor soos volg op:

> Benewens hierdie spesifieke toestand is persone wat baie alkohol gebruik, onderworpe aan 'n abnormale hoë voorkoms van siekte en vroeë dood. Die lewensverwagting is in sulke gevalle verkort met 10 tot 12 jaar. Mens vra onwillekeurig die vraag of ons nie hier in werklikheid te doen het met 'n stadige vorm van selfvernietiging en selfmoord nie. (73)

Bogenoemde medikus wys verder op die newe effek van alkohol op die ongebore kind. Dit benadeel die embrio en die ontwikkelende fetus. Groeiafwykings (veral in lengte en gewig asook die groei van die brein) kom gewoonlik by sulke babas voor. Die ooglede, ken, bo-lip en die vel kan ook aangetas word.

### 5.2.1.3 Werk, Werkloosheid en Siekte

In kapitalistiese samelewing tel die ongeskoolde werker en die werkloses onder die armstes. Hulle is veral aan allerlei spanningstoestande onderhewig wat hulle gesondheid verder aftakel. As in aanmerking geneem word dat 'n groot persentasie Kleurlinge werkloos is, is dit 'n aanduiding dat swak gesondheidstoestande sal bestaan.

Die werksomstandighede van die ongeskoolde werker stel hom bloot aan verskeie ongesonde en gevaarlike toestande wat tot ongelukke lei. Dit is die geval in talle myne en fabrieke waar ook stof, geraas en chemiese of ander gifstowwe met verloop van tyd die liggame van werkers benadeel. Werkers word blootgestel aan stowwe soos ammoniak, benzien, lood, asbes-, silikaat- en katoenstof wat die liggaam op die lange duur ernstig benadeel.

### 5.2.2 Verskillende Siektetoestande soos dit In die Arm Kleurlinggemeenskappe Voorkom

#### 5.2.2.1 Ondervoeding

Protein Energy Malnutrition (PEM) is die algemene aanvaarde term wat gebruik word om wydverspreide ondervoeding van jong kinders te beskryf. Die siekte is die gevolg van 'n tekort by die inname veral van voldoende proteïne, maar ook van kalorieë, vitamiene, yster en kalsium. Daar is verskillende soorte van PEM soos marasmus en kwashiorkor. PEM word gekenmerk deur ondergewig en die teenwoordigheid van oedema (waar die liggaam van die pasiënt begin swel veral die gesig en die ledemate, weens die lae graad van proteïne in die bloed).

In die geval van PEM het die pasiënt minder as 60 persent van sy verwagte liggaamsgewig. Kwashiorkor word gevind wanneer daar nie genoegsame proteïne in die dieet is nie, terwyl marasmus voorkom vanweë 'n gebrek aan voedsel wat energie aan die liggaam voorsien.

Ondervoeding kom gewoonlik voor by kinders tussen die ouderdom wanneer die baba gespeen word tot 5 jaar. Dit is nie alleen die tyd wanneer die kind nie in sy eie behoeftes kan voorsien nie, maar is ook die tyd wanneer hy vinnig groei en groter hoeveelhede voedsel nodig het vir sy liggaamsgewig. Kinders wat onder 5 jaar is en wat aan ondervoeding ly, is maklik vatbaar vir diarree, ingewandskoors en tipiese kindersiektes soos masels en tuberkulose. Ondervoeding kom ook voor onder skoolgaande kinders. 'n Aantal studies in Suid-Afrika het getoon dat PEM meer algemeen voorkom onder skoolgaande kinders as onder voorskoolse kinders. Verwagtende moeders is ook in gevaar vanweë hulle groter behoefte aan voedselinname. Ondervoeding het 'n uitwerking op die gewig van die kind en beïnvloed ook die kind se hele ontwikkeling. Vroue wat as kinders ondervoed was, het dikwels kleiner babas. Bejaardes word ook baie keer ondervoed en is gevolglik maklik vatbaar vir siektes.

*** Omvang van Ondervoeding in Suid-Afrika**

Kwashiorkor is 'n siekte wat volgens wet aangemeld behoort te word. In 1968 was die voorkomingsyfer in Suid-Afrika soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| * | Blankes | 7 gevalle |
| * | Kleurlinge | 1 046 gevalle |
| * | Asiërs | 12 gevalle |
| * | Swartes | 9 765 gevalle (74) |

Ongelukkig kon skrywer nie jonger voorkomingsgegewens opspoor nie.

Op dié syfers reageer Ndaba soos volg:

> This is clearly an underestimate, and a survey of 20 000 children carried out by the Department of Health and Welfare in 1980 revealed that approximately 36% of Coloured, 44% of Asian, 27% of Blacks and 5% of White children between the ages of 6 and 9 years fell below the Boston 3rd percentile. (75)

Sy gaan voort en wys op die data oor ondervoeding van Vergnani wat aantoon dat, konserwatief bereken, daar 2,9 miljoen kinders onder 15 jaar in Suid-Afrika is wat of ondervoed is of tekens van ondervoeding toon. Van dié ly 1,5 miljoen aan 'n tweede graad van ondervoeding.

Volgens koerante is die omvang van ondervoeding in Suid-Afrika en die Nasionale State soos volg:

* Die "Jewish Times" van 5 April 1984 berig dat 89% van die kinders in Ciskei ondervoed is.
* Die "Daily News" van 5 November 1985 wys daarop dat 30% van alle Swart kinders in Suid-Afrika ondervoed is.
* Volgens die "Rapport" van 2 November 1985 sou mnr Chris April (Minister van Gesondheidsdienste en Welsyn van die Raad van Verteenwoordigers) gesê het dat 2,9 miljoen kinders in Suid-Afrika aan wanvoeding ly.
* Die "Rand Daily Mail" van 26 Januarie 1983 berig dat prof Allie Moosa, hoof van die Pediatriese Afdeling van die Universiteit van Natal, sou gesê het dat tussen 3 tot 4 kinders elke uur in Suid-Afrika aan ondervoeding sterf.
* Beide "The Argus" van 7 April 1983 en "Die Vaderland" van 23 Junie 1986 wys daarop dat byna 3 miljoen kinders onder 15 jaar in Suid-Afrika aan ondervoeding ly en 1,5 miljoen sal uiteindelik bykomende voeding moet kry.

  Die "Argus" verwys na Tania Vergnani van die Bureau vir Ekonomiese Navorsing van Stellenbosch wat haar soos volg uitgelaat het:

  > As current evidence strongly suggests, about a third of South Africa's Black, Coloured and possibly Indian children are malnourished - the long-term implications for the whole society can only be surmised. They are, however, grave enough to warrant immediate action.

* Die "Sunday Tribune" van 21 Augustus 1983 verwys na 'n verslag van prof Cyril Wyndham van die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad, waarin gemeld word dat meer as 800 000 Kleurlingkinders onder 5 jaar aan wanvoeding gesterf het tussen 1967 en 1971. Die berig meld soos volg:

> He says death in children from kwashiorkor and marasmus represents merely the tip of the iceberg of deaths related to poor nutrition.

Kinders wat ondervoed is, het 'n swak weerstand. Gewone kindersiektes kan lewensgevaarlik vir sulke kinders wees. Hulle sterf gewoonlik aan siektes soos diarree of longontsteking weens 'n wanbalans van water en elektroliete in die liggaam.

Volgens Ndaba (76) is na 11 jaar van navorsing bewys dat daar 'n verband is tussen ondervoeding van jong kinders en hulle later intellektuele ontwikkeling, opvoedkundige plasing en motivering. 'n Honger kind vind dit moeilik om in die klaskamersituasie te konsentreer. As in aanmerking geneem word dat die grootste persentasie kinders in Kleurlingskole uit 'n swak sosio-ekonomiese gesinslewe kom waar wanvoeding en ondervoeding aan die orde is, kan verstaan word waarom die druipsyfer dikwels so hoog is en die getal skoolverlaters toeneem.

Dit baat nie om oppervlakkige oplossings vir die probleem van ondervoeding te soek nie. Die ondersoek by Phillippi deur die "Carnegie Inquiry into Poverty and Development 1984" toon dat 70% van die kinders wat by die kliniek in Phillippi behandel word, aan ondervoeding ly. (77) Voedsel is 'n noodsaaklikheid, daarom behoort diegene wat die voedselvoorrade beheer aangespreek te word, met ander woorde die sisteem van die land moet ingrypend verander word.

Tuberkulose

Volgens Olver is tuberkulose een van die bekendste en gevaarlikste siektes onder die armes. Dit eis daagliks tussen 6 tot 10 lewens en is verantwoordelik vir meer as 6 persent van alle sterfgevalle by Swartes. (78)

Die leef- en werksomstandighede van armes maak tuberkulose 'n klassieke siekte onder hulle. Faktore soos swak voedselinname, oorbewoning, fisiese en emosionele spanning, lang werksure en swak werksomstandighede, hoë ouderdom en alkoholiese drank dra almal by tot vatbaarheid. Jong kinders wat nog nie 'n sterk weerstand opgebou het nie en wat aan wanvoeding ly, is besonder kwesbaar.

Sekere werksomstandighede (soos myne en fabrieke met talle gifstowwe) dra by tot die besmetting en ontwikkeling van tuberkulose by die werkersklasse. Die longe word gewoonlik geaffekteer waarna die siekte na ander dele van die liggaam versprei. Vyf-en-tagtig persent van TB-gevalle herstel gewoonlik heeltemal by inenting teen TB, maar in 15 persent van die gevalle word die kieme oorgehou en bly dit sluimerend. Dit word bereken dat daar in Suid-Afrika vandag tussen 5,5 tot 7 000 "latente" TB-pasiënte is. (79)

In later jare kom die siekte weer na vore. Persone tussen 20 en 30 jaar wat swak voedselinname, uitputtende werk en armoedige omstandighede beleef, ontwikkel weer tuberkulose. 'n Ander groep wat ook maklik weer die siekte ontwikkel, is bejaardes wat nie selfonderhoudend is nie en slegs van karige ouderdomspensioene moet leef. In sulke gevalle ontwikkel die siekte vinnig en sonder die regte mediese behandeling sal meer as 60 persent van dié tipe pasiënte sterf.

Simptome soos onophoudelike gehoes wat gepaard gaan met bloeding, afname in gewig, swakheid en buitengewone sweet in die nag, kom gewoonlik by sulke pasiënte voor. Geleidelik word die simptome erger. Daar is tans 45 000 aangemelde gevalle in Suid-Afrika; die ware aantal gevalle word egter op tussen 70 en 100 000 bereken. 'n Groot getal tuberkuloselyers word egter nie behandel nie omdat hulle hul nie self aanmeld nie.

Volgens verslae ingedien by die Tweede Carnegie Ondersoek na Armoede het gevallestudies getoon dat TB in die laer groepe van die Kleurling-gemeenskap algemeen voorkom. Besonderhede volg.

Elsiesrivier

Gedurende 1981/82 was die totale TB-behandelings in Elsiesrivier 40 363. 'n Jaar later, d.i. 1982/83, was die syfer 60 106, wat 57,84% is van alle TB-behandelings in die hele Afdelingsraadgebied. Die toename was 32,85%.

Die toestand word toegeskryf aan oorbewoning, swak en onvoldoende sanitasiegeriewe, nat mure en swak ventilasie van die huurhuise. (80)

**Phillippi**

Oor die gesondheidstoestande te Phillippi rapporteer die ondersoeker soos volg:

The most common diseases are TB, VD, Meningitis, Malnutrition and Alcoholism. (81)

**Worcester**

In die gevolgtrekking van die ondersoek oor gesondheidstoestande word 'n vergelyking gemaak van die verskillende siektetoestande onder Blankes en Kleurlinge. Dit word soos volg beskryf:

The disease profile would seem to indicate that Whites show the developed country pattern of mortality (cancer, heart and circulatory and respiratory disease predominating), "Coloureds" showing a high incidence of infections and parasitic diseases (especially pulmonary TB). (82)

Olver dui in 'n studie aan dat werkloosheid en lae lone belangrike faktore is wat tot hongersnood by nie-blankes gelei het. Laasgenoemde is die beste broeiplek vir tuberkulose. Die behandeling van TB-pasiënte het die afgelope dekades geweldig verbeter -- die probleem is egter dat persone wat van TB herstel, weer moet terug na dieselfde armoedige omstandighede wat in die eerste plek vir die siekte verantwoordelik was. Dit het tot gevolg dat groot getalle pasiënte wat gerehabiliteer is weer in die siekte terugval. Huidig het 38 persent van alle TB-pasiënte uit swak sosio-ekonomiese omstandighede 'n terugslag. Behandeling van die siekte self sal nooit die probleem oplos nie. Aandag sal gegee moet word aan beter behuising, voldoende salarisse en verbeterde werksomstandighede trouens, 'n grootskaalse opheffings- en opvoedingsprogram – die worteloorsaak van gemeenskapsarmoede moet derhalwe uitgeroei word.

**Diarree Siektes by Jong Kinders**

Diarree beteken die oormatige afgaan van 'n persoon se stoelgang. Dit gaan gepaard met braking en verlies van die water en soutinhoud van die liggaam. Dit word gewoonlik deur besmetting veroorsaak.

Diarree kom meestal voor by klein kinders van alle sosio-ekonomiese groepe. Dit kom egter in 'n baie erg graad voor by kinders uit 'n laer sosiale groep waar swak sanitasie voorkom en drinkwater nie suiwer is nie. Kinders wat met 'n bottel gevoed word, is makliker prooi van diarree en loop gevaar om daarvan te sterf. Diarree is nie alleen die siekte wat die mees algemeen by kinders gevind word nie, maar is ook een van die grootste moordenaars van kinders (60 persent van alle sterftes in Indië en Suidoos-Afrika is weens diarree.). Die syfers in die RSA is nie beskikbaar nie. (83)

Diarree is nie ernstig vir kinders wat goeie voeding ontvang nie. Kinders wat ondervoed is en wat nie goeie behandeling ontvang nie, verkeer in lewensgevaar as hulle die siekte onder lede kry.

**Geslagsiektes**

Dit word algemeen aanvaar dat geslagsiektes onder beide die arme en ryke in Suid-Afrika toegeneem het. Presiese syfers is egter nie beskikbaar nie. In 1983 was daar 600 000 mense wat die munisipale klinieke in Suid-Afrika besoek het. Daar kan aangeneem word dat onder hulle etlike duisendes is wat hulp gaan soek het vir geslagsiektes. (84)

Die meeste persone doen geslagsiektes op weens geslagsomgang met 'n besmette persoon. Mense wat alkohol misbruik, wat 'n algemene verskynsel by 'n groot persentasie Kleurlinge is en wat nie omgee om

seksuele verhoudings met enige persoon aan te knoop nie, is kwesbaar. Talle trekarbeiders wat in stede kom werk, kan draers van die besmetting word of self besmet word. Dit is maklik aansteeklik, veral waar huisvesting oorbewoon is en waar die sanitasiegeriewe swak is.

Rumatiekkoors

Rumatiekkoors kom gewoonlik by kinders tussen 8 en 15 jaar voor veral in die arm gemeenskappe. Bundred stel dit soos volg:

> Poverty and poor nutrition per se do not result in a higher susceptibility. but it is more common in poor communities as a result of environmental factors. Overcrowding is the most important of these environmental factors. The mechanism by which overcrowding leads to rheumatic fever is probably due to a higher incidence of streptococcal infection as a result of droplet spread between people living in close proximity. Schools in poorer areas also tend to be overcrowded and this further facilitates the spread of the organism in the community. (85)

Volgens Bundred ontwikkel 30 persent van alle pasiënte wat rumatiekkoors onder lede het, hartsiekte.

In Suid-Afrika kom dit in die algemeen voor in die omgewing van 7 per 1 000 by minderbevoorregte skoolkinders. Die syfer kan ook toeneem tot bykans 20 per 1 000 kinders in hul laat adolessente fase.

**Masels**

Masels is 'n algemene kindersiekte wat die meeste kinders tussen 4 en 5 jaar kry -- tog is dit ook die grootste moordenaar van kinders in arm gemeenskappe. In Suid-Afrika kry 15 000 kinders jaarliks masels en groot getalle sterf daaraan. Dit kom veral tussen Mei en September voor.

Baie kinders, veral uit die Blanke gemeenskap, word ingeënt teen masels. Al sou hulle dit onder lede kry, sal dit geen ernstige komplikasies inhou nie. By die arm Swart- en Kleurlinggemeenskappe gebeur dit nog dat kinders nie ingeënt word nie en ontwikkel hulle ernstige probleme wanneer hulle masels kry. So bv uit elke 1 000 kinders uit

die Blanke gemeenskap wat masels kry, slegs 2 sterf, terwyl 5 by die Asiërs, 18 by die Swartes en 28 by die Kleurlinge sal sterf. (86)

Aangesien masels hoog aansteeklik is, word dit maklik versprei waar oorbewoning voorkom. Die hoeveelheid kieme wat van een persoon na 'n ander oorgedra word, is veel hoër. Dit verklaar waarom Swart- en Kleurlingkinders maselaanvalle veel swaarder kry as die Blanke- en Asiërkind.

Dit is ook veral die jong ondervoede baba wat in lewensgevaar verkeer wanneer hy masels kry. Die longe kan soms permanent beskadig word, wat tot gevolg het dat die kind stadig sterf oor maande of selfs jare. Die spysverteringskanaal kan ook aansienlik geaffekteer word, wat 'n lopende magie tot gevolg het en aanleiding gee tot gewigsverlies en uiteindelik die dood.

Ten opsigte van die oorsake en verspreiding van masels sê Coovadia die volgende:

> When there are many people staying in the same room or house, the vaccine [sic] spreads rapidly and therefore all the children get measles at a very young age. Overcrowding also increases the amount of virus that is passed from one person to another.
> Both these factors, i e the young age and the amount of virus, can cause severe disease. These are two possible reasons why African and Coloured children get measles and not White and Indian children. (87)

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die swak sosio-ekonomiese omstandighede 'n betekenisvolle bydrae lewer tot die gesondheidstoestand en siekteverskynsel van die laer groep van die Kleurlinggemeenskap. Die lae gesondheidspeil en hoë sterftesyfer word direk beïnvloed deur die lae inkomste, swak eetgewoontes en ondervoeding, karige kleding, gebrekkige en ontoereikende behuising. Oorbewoning, onvoldoende sanitêre geriewe en besoedelde water dra by tot die verspreiding van aansteeklike siektes. Dit sal geen doel dien om die siektes te behandel en die persone terug te stuur na die omgewing wat die oorsaak van die siektetoestand is nie. Die worteloorsaak, naamlik armoede, moet beveg word. Dit kan alleen plaasvind met breed-opgesette en intensiewe gemeenskapsontwikkelingsprogramme van die kant van die gemeenskap, owerheid en welsynsinstansies.

## 5.3 Maatskaplike Probleme

Die maatskaplike probleme wat by individue en gesinne binne die Kleurlinggemeenskap voorkom, kan nie bloot aan persoonlikheidsfaktore toegeskryf word nie. Dit is veral die sosio-ekonomiese omstandighede waarin meer as die helfte van die bevolking hul bevind en wat buite hulle beheer is wat vir die talle maatskaplike probleme verantwoordelik is. Die toestand van ar-

moede wat reeds 'n sterk inherente momentum aangeneem het en van geslag tot geslag oorgedra is, het tot gevolg dat 'n fatalistiese ingesteldheid ontwikkel. 'n Groot deel van die gemeenskap het nie meer die wilskrag en die lus om vir die toekoms te beplan nie. Hulle het weinig strewe om aan die omstandighede te ontsnap. Chroniese armoede het tot gevolg dat 'n groot aantal ander maatskaplike probleme ook na vore kom en daar sal nou in hierdie studie verdere gekyk word na die volgende probleme:

Verbrokkelde Gesinslewe
Buite-egtelikheid en Onbeplande Geboortes
Misdaad
Drankmisbruik
Werkloosheid

### 5.3.1 Verbrokkelde Gesinslewe

Die Theron-Kommissie het oor die verband tussen chroniese gemeenskapsarmoede en verbrokkelde gesinslewe soos volg gerapporteer:

> Die lae lewenspeil waarop so 'n betrokke hoë persentasie Kleurlinge hulle bevind, is deur welsynsorganisasies en hulle getuienis as die grootste probleem by die Kleurling beskou. Hierdie chroniese armoedesituasie en lae lewenspeil speel dan ook 'n belangrike rol by gesinsverbrokkeling. Welsynswerkers het daarop gewys dat dit nie net gaan om min geld nie, maar dat hulle te doen het met gesinne en gemeenskappe wat vir geslagte op 'n lae peil leef. Daar is verklaar dat die mense hulle as't ware in 'n wurggreep bevind en net die vermoë het om van dag tot dag te beplan, maar nie die wilskrag en ambisie besit wat nodig is vir vooruitgang en prestasie nie. (88)

Die mense sal, volgens getuienis, na die raad en advies van maatskaplike werkers, verpleegsters en geestelike werkers luister, maar nie die waarde daarvan insien nie omdat dit nie deel van hul lewenspatroon en waardestelsel is nie. Hulle het ook nog nie gesien dat ander mense uit die "sogenaamde deugde" voordeel trek nie. In die gesinslewe word op 'n korttermyn beplan. Hulle dink nie daaraan om 'n huis te besit nie. Hulle kinders hoef nie te leer nie, want pa het goed genoeg klaargekom met 'n lae skoolopleiding. Hierdie mense is volgens die getuienis pessimisties en fatalisties wat tot openbaring kom in uitlatings soos volg:

> "Wat help dit tog alles, ons Bruinmense trek maar altyd aan die kortste ent", of
>
> "Vir ons is daar nie plek in die land nie, ons is net aan die verloor kant." (89)

Hulle neem aan dat hulle geen bedingingsvermoë het nie - - ander neem tog die besluite en hulle lê hul daarby neer. Aan die lewensopvatting en fatalistiese ingesteldheid wat primêr sentreer om onmiddellike behoeftes sonder enige toekomsverwagting, is ander maatskaplike verskynsels gekoppel. Van hulle word voorts bespreek.

### 5.3.1.1 Uiters los Gesinsbande

In die onderste groep van die Kleurlinggemeenskap is gesinsbande uiters los. Dissipline binne die gesinslewe is swak en ouers toon weinig of geen verantwoordelikheid vir die versorging van hul kinders nie. Dikwels is gesinne baie groot, veral waar beide ouers gereeld of oor die naweke drank misbruik. Kinders word binne die atmosfeer van dronkenskap en selfs misdaad groot. Onbeplande geboortes en talle swangerskappe, miskrame en aborsies het ook tot gevolg dat vrouens reeds in hul vroeë middeljare kragteloos en sieklik is en nie meer in staat is om hulle kinders behoorlik te versorg nie.

Ontoereikende behuising het 'n geweldig negatiewe uitwerking op die gesinslewe. Afgesien van die fisiese ongerief, tas dit ook die sielkundige en emosionele eenheid van die gesin aan. Daar is geen privaatheid nie en kinders van verskillende ouderdomme en geslagte moet dikwels saam met volwassenes 'n slaapvertrek deel. Binne sulke omstandighede is bloedskande, onsedelikheid en vroeë swangerskappe 'n gevolg.

Die posisie word nog hagliker as van die jongmense wil trou, maar geen woonplek kan vind en verplig is om by hul ouers in te woon of 'n gedeelte van 'n vertrek te huur.

### 5.3.1.2 Die Uitwerking op die Kinders

Die meeste kinders van die onderste groep word in gebroke en/of onvolledige gesinsverband groot. Reeds vanaf hul eerste lewensdag is hulle fisiese lewensomstandighede swak en heers daar wanvoeding en/of ondervoeding en geneigdheid tot siektes. Die liggaamlike, die intellektuele, die morele en die geestelike ontwikkeling van die kinders word belemmer.
Verwaarlosing in die voorskoolse jare is van besondere belang. In hulle kritieke vormingsjare word die betrokke kinders aan sulke negatiewe invloede blootgestel dat hulle selfs in gunstige omstandighede later nie die agterstand kan inhaal nie. Voorskoolse kinders word dikwels aan die sorg van ander kinders of ou mense oorgelaat -- ware sorg, dissipline en belangstelling is gewoonlik afwesig. Hierna verwys 'n verslag oor Elsiesrvier soos volg:

> Where families are fortunate or unfortunate to have both parents working, the children are left alone a lot of the time. They are left alone all day when they are too young to go to school and in the afternoons when they are old enough to go to school. They can't be locked up in the flats, and there are no big yards to play in, so they live in the streets. There is nobody who knows them but their friends. Here they are taught by older skollies the "law of survival". (90)

Weens die groot getal kinders en die swak huisvesting is dit vir die ouers 'n onbegonne taak om die kinders na wense op te voed en te dissiplineer. Die dissipline wat sporadies uitgeoefen word, is dikwels wreed en gaan willekeurig met swaar liggaamlike straf gepaard.

Waar beide ouers vanweë armoede moet werk, is die kinders dikwels aan hulle eie lot oorgelaat en kom allerlei afwykings onder skoolgaande kinders voor. Die gevallestudie by Elsiesrivier (91) verwys na die onrusbarende toename in die snuif van gom deur skoolkinders. Dit word toegeskryf aan spanning waaraan hulle onderhewig is en die gebrek aan ontspanning. Dit skyn 'n ernstige probleem te word, maar dit is moeilik om ouers en gemeenskapsleiers bewus te maak van die erns daarvan.

Bendevorming is 'n ander tendens wat toeneem binne woongebiede in die Kaapse Skiereiland. Ten opsigte van die ondersoek by Elsiesrivier oor die bepaalde aangeleentheid word die volgende gerapporteer:

> They experience similar problems in their respective homes viz financial problems which give rise to hunger, fear for eviction, alcoholic and drug abusing parents; no electricity, therefore no radio and TV, no playgrounds, overcrowded schools and pressures from gangs, etc. These children identify their parents and home situation as the problem and see to their own survival by forming groups ("gangs") of children of their own age, seeking their own fun, recreation and adventure. (92)

Rip wys na dieselfde tendens by kinders as hy die faktore buite die gesin bespreek wat bydra tot gesinsverbrokkeling.

> The members, especially the children, come under the influence of outside peer groups to a greater extent than was previously the case. This can lead to the child learning two sets of values: the familial set of values and the peer group set of values. While not necessarily so,it is possible for these two sets of values to clash, which can result in a conflict within the child. (93)

Terreblanche het in die verband die volgende te sê:

> Jeug en skolliebendes onder sowel seuns en dogters kom redelik algemeen in die armer woonbuurte voor waar hulle vir 'n skrikbewind verantwoordelik is. Vir baie van hulle is die "ontvlugting" na 'n bende, 'n sjebeen of 'n straathoek, 'n soort toevlugsoord waar 'n stelsel van gedeelde fiksie in swang is. Hierdie toevlugsoorde bied aan die betrokke individue 'n gevoel van erkenning en waardigheid wat bly voortbestaan solank die lede mekaar se gedrag en motiewe nie te deeglik ondersoek en bevraagteken nie .... As bendelede maak die jeugdiges hulle op georganiseerde wyse skuldig aan die misbruik van drank en verdowingsmiddels, aan geweldpleging en aan seksuele losbandigheid.(94)

Verbale kommunikasie tussen ouers en kinders is gewoonlik baie beperk, gevolglik is die kontrole hoofsaaklik fisies. Die werk van die ouers is dikwels vermoeiend en veeleisend. Hulle is derhalwe te uitgeput om, wanneer hul wel tuis is, aandag aan die kinders te gee. In hul vrye tyd mag hulle ook onder die invloed van alkoholiese drank wees. Indien hulle wel aandag aan die kinders gee, misbruik hulle telkemale die geleentheid deur hul mislukking, magteloosheid, frustrasie en dronkenskap op die kinders te wreek. Daar bestaan by die ouers dikwels geringe besef van die nodigheid van (en gevolglik ook geen poging om) 'n goeie voorbeeld vir die kinders te stel nie. Dus word geen doelbetrokkenheid of geloof in deugdelikheid of sukses by die kinders aangekweek nie. Die enigste doel wat vir beide ouer en kind bestaan, is om (in meer as een sin van die woord) "uit die moeilikheid te bly." Gevolglik raak die kinders georiënteer tot fatalisme, impulsiewe bevrediging van sensuele behoeftes en 'n sin van wantroue. In die jong gemoed ontstaan daar vroeg reeds vreeskomplekse en 'n negatiewe selfbeeld, terwyl defensiewe karaktereienskappe ontwikkel om hulle teen die fisieke en sielkundige spanninge van die ontwrigtende omgewing te verskans. In stede van positiewe waardes, word "gerekte" en selfs verwronge waardes in die jong gemoed ingeburger.

Baie van die kinders uit die onderste groep gaan nie skool nie. Op dié wat wel skoolgaan, het die skoolervaring soms ook nie die gewenste uitwerking nie. 'n Hoë persentasie is skoolverlaters, druipelinge, kinders met lees- en leerprobleme. Hulle vertoon 'n algemene onvermoë om hulle by die skoolsituasie aan te pas. Kinders uit die onderste groep se skoolprestasie sal breedvoerig onder oë geneem word wanneer die gevolg wat armoede op die onderwys het, behandel word. **(5.4 Onderwys)**

Vir baie van hierdie kinders is daar blykbaar geen jeugjare in die normale sin van die woord nie, omdat hulle verplig is tot 'n vroeë oorgang van kin-

derskap tot volwassenheid. Die omstandighede waarin die meeste leef het tot gevolg dat die kinders vroeg "volwasse" verantwoordelikheid moet aanvaar, soos die versorging van ander kinders en van bejaarde en siek familielede op 'n tydstip wanneer hulle allermins fisiek en geestelik ryp is. Soms word hulle aan hul eie lot oorgelaat en het geen keuse as om hulself op allerhande bedekte wyse te handhaaf nie. Swangerskap op 'n jeugdige ouderdom is vir baie dogters die rede waarom hulle in hul adolessente jare reeds volwasse verantwoordelikhede moet aanvaar. Weens gebrek aan lewensmiddels is dit dikwels maklik en voordelig vir ouers as kinders op 'n jeugdige ouderdom die skool verlaat en met peuselwerkies aanvullende kontant probeer verdien. Die skoolverlaters wat aanvanklik net sporadiese peuselwerkies doen,is gewoonlik gedwing om die res van hulle lewe ongeskoolde werk te doen. In hierdie vroeë volwassenheid neem die gedragspatroon van werkloosheid, werkskuheid, werkafwesigheid en chroniese werkverlating reeds 'n ontwrigtende patroon aan. Na die verwaarlosing en verspilling wat in die jeugjare plaasgevind het, is dit byna 'n uitgemaakte saak dat hulle ongeskoolde werkers sal bly en vir die res van hulle lewe nie permanente werk of bevorderingsgeleenthede sal hê nie.

Terreblanche praat van 'n aksioma van armoede en hy verduidelik dit so:

> ...die armes is arm omdat hulle hulle tussen arm mense bevind en omdat hulle inkomste laag en ongereeld is, terwyl hulle verdienvermoë laag en ongereeld is omdat hulle arm is en hulle hul tussen arm mense bevind. (95)

Die betrokke mense is dus vasgevang in 'n sindroom van onderlinge versterkende hindernisse. Op hierdie manier raak hulle immuun teen verbetering of rehabilitasie. Hierdie immuniteit is nie bloot 'n individuele en persoonlike aangeleentheid nie, maar die produk van sowel fisieke armoede as chroniese gemeenskapsarmoede, d.i. van die semi-patologiese omgewing waarin hulle gebore word, grootword en ook te sterwe kom. Daar bestaan dus 'n geslote kringloop waarvolgens die armoede en die armoedementaliteit van geslag tot geslag voortgeplant word. In hierdie voortplantingsproses speel die ontwrigte gesinslewe 'n belangrike rol.

### 5.3.1.3 Die Gesin en Ouers as Sosialiseringsmodel

Die gesin, en spesifiek die ouers, is vir die jeugdige uit die Kleurling middelklas die sterkste sosialiseringsagente.

Die ouers is op grond van hul status in die gesin, hul jarelange verbintenis met die jeugdige, hul groter lewenservaring, hul volwassenheid en hul aansien in die gemeenskap, die aanneemlikste model vir identifikasie vir hul kinders. Kinders vind dit normaalweg nie moeilik om die waardes en algemene ingesteldheid van hul ouers te internaliseer nie.

Die adolessente fase word gekenmerk deur emosionele rypwording van die individu, asook die aanleer van volwasse rolle en korrekte maatskaplike gedrag om van die adolessent 'n goed aangepaste en geïntegreerde individu in die samelewing te maak. Die proses van sosialisering kom neer op die aanleer van verskillende rolle van die volwassene. Soos hy ouer word, raak die kind se gedragspatroon in toenemende mate ooreenstemmend met dié van die volwassene. Die mate waarin die ouers en die gesin as geskikte sosialiseringsagente kan opereer, hang af van die mate waarin ouers hul rolle bevredigend kan hanteer en vervul asook van die maatskaplike funksionering en stabiliteit van die gesin as maatskaplike instelling.

As aangeneem word dat sosialisering die geleidelike bekendstelling aan, en die aanleer van, volwasse gedrag impliseer en dat die adolessent weens sy onduidelike selfbeeld en status in die gemeenskap voortdurend na volwasse gedrag aspireer en dit naboots, is dit logies en voorspelbaar dat die jeugdige groot ag sal slaan op die gedragspatroon van die volwassene.

Gedragspatrone wat binne die subkultuur van armoede voorkom, soos drankmisbruik, geneigdheid tot misdadigheid, geweld en wetteloosheid het 'n sterk invloed op die kinders.

Die ouers is die middelpunt van die kind se lewe. Hy identifiseer hom met hul leefwyse en aanvaar hul norme. Wanneer die leefwyse en norme tipies is van die armoede subkultuur, doen die kind nie genoegsame kennis en begrip op van die sedelike norme wat in die breër gemeenskap geld nie. Negatiewe invloede in die kritieke vormingsjare is dikwels onuitwisbaar en dan gaan die kind 'n volwasse lewe binne met 'n gedragspatroon en met waardes wat vir die samelewing as geheel nie aanvaarbaar is nie.

### 5.3.2 Buite-egtelikheid en Onbeplande Geboortes

Nou verwant aan die probleem van verbrokkelde gesinslewens is die hoë persentasie van buite-egtelike en onbeplande geboortes wat by Kleurlinge voorkom. Vir die doel van die studie is dit belangrik om na die twee tendense te kyk veral om te bepaal watter rol armoede daarin speel.

**Buite-egtelikheid**

Volgens gegewens deur die Suid-Afrikaanse Sentrale Statistiek Diens, is buite-egtelike geboorte by die Kleurling van die hoogste in Suid-Afrika:

TABEL 4.5

Buite-Egtelike Geboortes onder Kleurlinge 1960 - 1980

| JAAR | GETAL | PERSENTASIE VAN TOTALE GEBOORTES |
|---|---|---|
| 1960 | 25 386 | 36,3 |
| 1965 | 31 858 | 40,5 |
| 1970 | 32 704 | 43,1 |
| 1975 | 33 471 | 49,6 |
| 1976 | 33 743 | 51,04 |
| 1977 | 32 776 | 50,3 |
| 1978 | 32 887 | 49,21 |
| 1979 | 38 331 | 53,14 |
| 1980 | 37 189 | 50,96 |

* (Statistieke verkry van Sentrale Statistiekdiens, Pretoria)

Soos uit hierdie gegewens blyk, het die persentasie buite-egtelike geboortes die afgelope 20 jaar skerp toegeneem, vanaf 36,3 na 50,96. Volgens Schoombie (96) is die getal buite-egtelike geboortes in Suid-Afrika hoër as in Amerika. As die syfers van die Kleurling met die Blankes en Asiërs vergelyk word, lyk dit byvoorbeeld vir 1980 soos volg:

TABEL 4.6

Vergelyking Van Buite-Egtelike Geboortes Onder Kleurlinge, Blankes en Asiërs Vir 1980

| GROEP | AANTAL | % |
|---|---|---|
| Blankes | 3 437 | 4,6 |
| Asiërs | 2 461 | 12,4 |
| Kleurlinge | 37 189 | 50,96 |

'n Baie interessant vergelyking tussen die Blanke en Kleurling buite-egtelike geboortes is dat, alhoewel die Blankebevolking tweemaal so groot is as dié van die Kleurlinge, is die geboortes vir 1980 bykans dieselfde -- 74 000 teenoor 73 000. Hierteenoor is daar slegs 4,6 persent buite-egtelike kinders by die Blankes teenoor die 50,96 persent by die Kleurlinge. Buite-egtelike geboortes in die geval van die Kleurlinge dra in 'n belangrike mate by tot die hoë geboortesyfer by die Kleurlingbevolking.

Van Regenmortel en Van Harte (97) het bevind dat een van die demografiese karaktertrekke ten opsigte van die Kleurlinggemeenskap is dat vroue op 'n baie jeugdige ouderdom begin geboorte gee. Die onderstaande tabel wat in

1975 vir die Kaapse Stadsraadsgebied opgestel is, toon dit duidelik:

TABEL 4.7

Geboortes aan Tiener Moeders in Kaapse Stadsraadsgebied - 1975

| Ouderdom in Jare | Blankes | Kleurlinge |
|---|---|---|
| 14 | 3 | 10 |
| 15 | 13 | 60 |
| 16 | 45 | 241 |
| 17 | 66 | 504 |
| 18 | 135 | 698 |
| 19 | 126 | 845 |
| TOTAAL:- | 388 | 2 358 |

(98)

Bogenoemde skrywers wys daarop dat daar 'n verandering plaasgevind het in die ouderdom van puberteit. Tussen 1930 en 1960 het die puberteitsfase elke 10 jaar vier maande vroeër begin. Die toenemende opvoedkundige en ekonomiese omstandighede maak dit vir jonger mense onmoontlik om te trou, alhoewel hulle reeds biologies volwasse is. In 1974 was die gemiddelde ouderdom vir 'n Blanke vrou om te trou 22 jaar teenoor die 25 jaar van die Kleurlingvrou. Skrywer wil dit as hipotese stel dat ekonomiese faktore dit vir jong Kleurlingpare onmoontlik maak om vroeër in die huwelik te tree. Hieroor sê Van Regenmortel en Van Harte:

> The social and economic circumstances of a large proportion of coloured families make it imperative that their children become economically self-sufficient as early as possible and in many instances that they contribute to their parents' income. Thus marriage is delayed for as long as possible and many mothers prefer that their daughters remain at home with out-of-wedlock children, rather than that she marries and moves out of the home. Furthermore, many young couples simply cannot afford to marry and set up an independent family unit. (99)

Voorts noem die twee skrywers dat talle jong dogters in die Kleurlinggemeenskap swangerskap sien as 'n geleentheid om as 'n volwassene beskou te word. Voor haar swangerskap word die dogter as 'n kind beskou en so behandel. Ook is sy oningelig ten opsigte van die feite van seks en voorbehoedmiddels. Haar eerste seksuele verhouding is gewoonlik ook 'n geheim. Daar is bewyse dat die dogter gewoonlik onder druk is van haar mansvriend om seksuele omgang te hê. Wanneer sy swanger word, word haar status verander. Al sou sy deur ekonomiese redes verhinder word om in die huwelik te tree, word sy en haar kind deur haar familie en dié van haar mansvriend in die gemeenskap aanvaar. Swangerskap kan dus aan die jong paartjie die geleentheid bied dat hulle ongeoorloofde verhouding as "wettig" beskou word en aan

hulle 'n volwasse status verskaf. Dit is ook 'n rede waarom die jong dogter dikwels nie van voorbehoedmiddels gebruik maak nie en swanger word. Aan die een kant verwelkom sy die nuwe status wat verkry word deur swangerskap, maar aan die ander kant word 'n kind gebore vir wie daar nie beplan is nie.

Dit kom ook dikwels voor by jong meisies in die onderste groep dat hulle swak omstandighede (armoede, oorbewoning en gebrek) by hulle 'n behoefte aan liefde veroorsaak. In hul eie ouerhuise is daar nie warmte, liefde en begrip nie en hulle soek dit buite en vind dit by 'n mansvriend. Daar is gewoonlik by diesulkes 'n behoefte na volwasse status om aan hulle onaangename omstandighede te ontsnap. Die meisies beleef gevoelens van verwerping, asook angs oor hulle uiters moeilike omstandighede. Hulle oordeel dat hulle moontlik aan die omstandighede kan ontsnap deur 'n halsoorkophuwelik vanweë swangerskap.

Baie jong dogters het 'n vrees vir swangerskap maar word tog swanger weens 'n gebrek aan seksvoorligting. Dit moet onthou word dat die meisies deel is van gesinne wat 'n lae peil van formele onderrig aan hulle kinders gee. Die meeste ouers in die groep het baie min begrip, insig en aanvoeling vir die sosiale en sielkundige probleme waarmee die kinders worstel. Kontak en kommunikasie met hulle kinders is swak. Daar is slegs minimale volwasse leiding en gesosialiseerde kontrole in 'n gemeenskap waar daar reeds swak ontwikkelde normatiewe strukture teenwoordig is.

Seksvoorligting in die gemeenskap is nie na wense nie. Die meeste moeders is van oordeel dat kinders so min as moontlik behoort te weet. Dit sal hulle weerhou om betrokke te raak by ongewenste verhoudings ("ignorance means innocence"). Wanneer leiding gegee word, is dit gewoonlik vaag en bloot afwysend en negatief, soos byvoorbeeld: "dit is sonde om gemeenskap te hê voor die huwelik" of "wees versigtig vir seuns". Geen of weinig biologiese, tegniese of ander inligting oor seksualiteit word gegee nie. Ouvroustories en bygelowigheid ten opsigte van swangerskap en geboortes kom dikwels voor. (100) By die meeste skole word seksvoorligting nie toegelaat nie. As in aanmerking geneem word dat in 1970 slegs 11 persent van die Kleurlingleerlinge hoërskool toe gegaan het en die oorgrote meerderheid die skool op laerskoolvlak verlaat het, is dit duidelik dat slegs 'n klein persentasie seksvoorligting in die skool kon ontvang het.

Wat is die gevolge van buite-egtelikheid vir die Kleurlinggemeenskap? Die buite-egtelike kind word al te dikwels gebore binne 'n gesin wat nie in sy basiese behoeftes kan voorsien nie. Finansiële sekuriteit, veral die gebrek aan die vaderfiguur, is een van die grootste probleme. Die moeder is soms te jonk om te gaan werk, of is ongeskoold en het 'n karige inkomste.

Dit het dan ook ~~baiekeer~~ kinderverwaarlosing en onder- en wanvoeding en uiteindelik kindersterftes tot gevolg. Die feit dat die kind die manlikheid van 'n vaderfiguur in sy lewe ontbeer en waarskynlik nie binne 'n hegte gesinsverband opgroei nie, mag 'n baie belangrike oorsaak van jeugmisdaad wees. Daar is genoeg sosiologiese bewyse dat faktore soos die gebroke gesin, armoede in die gesin of 'n moeder wat buitenshuis werk, gepaardgaande faktore is vir jeugmisdaad. Daar is ook aanduidinge dat sulke kinders selde op skool presteer en aanpassingsprobleme ondervind vanweë emosionele behoeftes.

**Onbeplande Geboortes**

Onbeplande swangerskappe kom menigmaal voor by die onderste deel van die Kleurlinggemeenskap. ('n Onbeplande swangerskap is 'n swangerskap wat nie deur 'n vrou as sodanig beplan is nie). Volgens 'n studie in 1978 by die Tygerberg-Hospitaal is gerapporteer dat met 9 228 Kleurlingvroue nā-kraamonderhoude gevoer is. Van hierdie was 48% getroud en 52% ongetroud. Onder hulle was 6 289 (of 67,6%) wat gemeld het dat hulle swangerskap onbeplan was; slegs 3 009 (o 32,4%) het wel hul swangerskap beplan. Die 6 289 vroue wie se swangerskappe onbeplan was, is verder gevra of hierdie baba vir hulle welkom was of nie, 2 689 (42,8%) het gemeld dat die swangerskappe onbeplan was maar dat die baba tog welkom was terwyl 3 409 (54,2%) gemeld het dat die baba onwelkom was. 'n Groep van 191 (3,0%) was onseker. (101)

Demografiese en ander studies wêreldwyd het getoon dat mense in onderontwikkelde en arm lande gewoonlik meer kinders het as mense in ekonomies ontwikkelde lande. Die laer-ekonomiese groep het ook veel meer kinders. Die tendens maak deel uit van die "kultuur van armoede." (102) By die Kleurlingbevolking met sy gemeenskapsarmoede kom dié verskynsel voor.

As daar na die bevolking van Suid-Afrika gekyk word, het dit sedert 1904 van 5 miljoen na 30 miljoen in 1987 toegeneem. Terwyl die Blanke bevolkingsaanwastempo afgeneem het, het dié van die ander bevolkingsgroepe die hoogte ingeskiet. Volgens die sensusopname van 1980 was die groeitempo soos volg:

**TABEL 4.8**

**Groeitempo p.a. van Verskillende Bevolkingsgroepe 1980**

| | |
|---|---|
| * Blankes | 1,7 persent |
| Kleurlinge | 2,2 persent |
| Asiërs | 2,4 persent |
| Swartes | 2,5 persent |

(103)

Die jongste geboortesyfer van die Blankes, Kleurlinge en Asiërs sien soos volg daaruit:

TABEL 4.9

Geboortes van Blankes, Kleurlinge, Asiërs 1981 -1985
per 1 000 van die Bevolking

| JAAR | BLANKES | KLEURLINGE | ASIëRS | |
|---|---|---|---|---|
| 1981 | 79 061 (44,61) | 77 282 (43,60) | 20 882 | (11,78) |
| 1982 | 77 686 (43) | 81 539 (45,14) | 21 400 | (11,84) |
| 1983 | 81 139 (42,48) | 87 496 (45,81) | 22 354 | (11,70) |
| 1984 | 81 534 (42,14) | 89 486 (46,28) | 22 451 | (11,60) |
| 1985 | 79 858 (43,41) | 83 694 (45,49) | 20 394 | (11,08) |

*(Syfers verkry van die Sentral Statistiek-diens Pretoria).

* Die gegewens wys duidelik dat, in verhouding met dié van die Blankes en Asiërs, die Kleurling geboortes nie alleen die hoogste is nie, maar 'n groter groeikoers toon. Vanaf 1981 - 1985 het dit met 2,65% toegeneem, terwyl dit by die Blankegroep 'n afname toon van 2,47% en by die Asiër 0,18%. Die Kleurlingbevolking (2,5 miljoen) is aansienlik kleiner as dié van die Blanke. (4 miljoen). Die vrugbaarheidsyfer van die Kleurlingvroue tussen 15 en 19 was 114,6% per 1 000 vir die jare 1970 - 1975, teenoor die Blankevroue se 38 per 1 000. (104)

Volgens van Regenmortel en Van Harte het 'n gemeenskap wat deur die kultuur van armoede gekenmerk word, die volgende eienskappe:

> ...lower classes have a family structure which incorporates a sub-culture which is disorganized, matriachal, with high delinquentand crime rate, and low educational achievement and these characteristics are perpetuated through the family from one generation to the next. Furthermore, people who live in a "culture of poverty" are typified as responding to their environment by a tendency to apathy, fatalism and acceptance of the inevitability of their situation. (105)

Sonder toekomsverwagtinge beplan mense nie hul gesinne nie. Hulle leef net vir die teenwoordige tyd. Verantwoordelike ouerskap en beplanning van gesinne kan alleen plaasvind as die toestand van chroniese armoede verhelp word. Die voorsiening van voorbehoedmiddels en grootskaalse geboorte-reëlingsprogramme aan sosiaal-ekonomiese onderontwikkeldes in die gemeenskap is nie voldoende nie. Dit behoort gepaard te gaan met breed-opgesette en intensiewe opheffings- en opvoedkundige werk.

Die huidige struktuur van bevolkingsgroei onder die onderontwikkelde deel van die Kleurlinggemeenskap hou verreikende maatskaplike en ekonomiese implikasies in. Indien daar nie 'n bevredigende oplossing sou kom nie, mag dit tot ekonomiese chaos en onvoorspelbare ontwrigting lei.

Die Kleurlingbevolking het van die hoogste voorkoms van kindersterftes in Suid-Afrika, naamlik omtrent 136 (manlike) en 117 (vroulike) per 1 000 vir 1970 - 1975.

In 1969 - 1971 was die kindersterftes onder die Blankes 5 persent van die sterftes, teenoor die 18 persent by Asiërs en 30 persent by Kleurlinge. Die amptelike nasionale kindersterftes is 122 per duisend, terwyl die statistieke van die onderskeie streke grootliks wissel. In 1975 was dit in Kaapstad 39 per 1 000; Port Elizabeth 133 per 1 000; Johannesburg 62 per 1 000; en Bloemfontein 150 per 1 000. **(106)**

Onbeplande geboortes raak ook aspekte soos behuising en is grootliks verantwoordelik vir die groot probleem van oorbewoning. Dit het ook probleme ten opsigte van die onderwysfasiliteite tot gevolg.

As die getal kinders nie drasties verminder nie en die per capita besteding nie drasties vermeerder nie, wag daar 'n krisis vir die Kleurling ten opsigte van opvoedkundige fasiliteite. Dit skyn asof die skoleboikotte van 1976, 1980 en 1985 direk veroorsaak is deur die omstandighede in die skole. Die toenemende bevolkingsaanwas onder die Kleurlinge het beslis 'n nadelige uitwerking op werksgeleenthede. Soos die getalle toeneem, sal die vraag na werksgeleenthede ook toeneem. Die arbeidsmark sal spoedig versadig wees en grootskaalse werkloosheid sal ons in die gesig staar.

Daar is bereken dat die Kleurlingarbeidsmag tussen 1970 en 1980 met 300 000 toegeneem het en op meer as 1 000 000 te staan gekom het, met 'n jaarlikse toename van tussen 25 000 en 35 000 op die arbeidsmark. Werkloosheid en ongeskoolde arbeid is reeds 'n probleem in Suid-Afrika. Volgens die jongste syfer het die getal werkloses onder die Kleurlinge van 1975 tot 1985 vanaf 4 343 tot 26 247 gestyg. **(107)** As daar nie iets drasties gedoen word ten opsigte van die geboorte-aanwas by die Kleurling nie, kan ongekende ekonomiese chaos en onheil vir die totale Suid-Afrikaanse samelewing voorspel word.

Daar wag 'n geweldige groot opheffings- en opvoedingstaak waarby die res van die gemeenskap betrek moet word - anders sal die maatskaplike en ekonomiese probleme eskaleer. Grootskaalse en doelgerigte geboorte-reëlingsprogramme, wat gepaardgaan met gemeenskapsontwikkelingsprojekte met die doel om op te hef en op te voed, is waarskynlik die enigste oplossing van die probleem. Gemeenskapsarmoede sal uitgewis moet word.

## 5.3.3 Misdaad

### Inleiding

Onder die Kleurlingbevolking is daar 'n onrusbarende hoë voorkoms van misdaad.

Meeste sosiale wetenskaplikes is dit eens dat misdaad verband hou met 'n persoon se lewensomstandighede en sy lewenstandaard. Ten opsigte van die Kleurling wat in chroniese armoede leef, het Terreblanche die volgende te sê:

> Die hoë geneigdheid tot misdadigheid, geweld, wetteloosheid en dronkenskap in 'n deel van die Kleurlinggemeenskap is waarskynlik die beste voorbeeld van afwykende en selfs semi-patologiese gedrag kenmerkend vir mense wat in 'n subkultuur van armoede lewe. (108)

Volgens 'n analise wat deur du Toit, Steyn en Rip gemaak is van veroordelings en misdrywe by onderskeie bevolkingsgroepe is die volgende bevind:

> 'n Vergelyking van die onderskeie bevolkingsgroepe bring een element duidelik na vore: die misdaadstatistiek reflekteer in die eerste plek die verskille in lewensomstandighede en lewenstandaarde. In soverre afwykende gedrag as sodanig verband hou met strukturele en kulturele elemente in die samelewing, o a maatskaplike posisie, ontwikkelingspeil en lewensbeskouing, word dit ook baie duidelik in die differensiële voorkoms van misdaad by die onderskeie bevolkingsgroepe weerspieël. (109)

Die Theron-Verslag meld dat die meeste getuie dit beklemtoon het dat die ongunstige sosio-ekonomiese toestand vir die onrusbarend hoë voorkoms van misdaad verantwoordelik is. (110)

### 5.3.3.1 Omvang van Misdaad by die Kleurling

Volgens <u>Criminological Statistics</u>, 'n dokument opgestel deur die Instituut vir Kriminologie van die Universiteit van Kaapstad, is die volgende statistiese gegewens ten opsigte van misdaad by die Kleurling belangrik.

**TABEL 4.10 (111)**

**Misdaad in die Kaapse Skiereiland in Kleurlingwoonbuurte 1980**

**(a) Moord; (b) Roof; (c) Verkragting; (d) Ernstige aanranding; (e) Gewone Aanranding; (f) Diefstal; (g) Inbraak; (h) Kwaadwillige beskadiging van Eiendom**

| Gebied | (a) | (b) | (c) | (d) | (e) | (f) | (g) | (h) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Athlone | 22 | 385 | 73 | 279 | 359 | 756 | 566 | 315 |
| Bishop Lavis | 45 | 491 | 81 | 559 | 761 | 583 | 504 | 760 |
| Elsies River | 86 | 748 | 124 | 735 | 793 | 1 101 | 969 | 765 |
| Grassy Park | 31 | 259 | 66 | 333 | 361 | 584 | 575 | 299 |
| Manenberg | 30 | 532 | 79 | 328 | 537 | 658 | 457 | 701 |
| Mitchells Plain | 17 | 93 | 49 | 121 | 289 | 368 | 564 | 154 |
| Phillippi | 25 | 252 | 67 | 302 | 250 | 423 | 366 | 171 |

*Bogenoemde syfers is misdaad wat by verskillende polisiestasies in 1980 gerapporteer.

* Dit is duidelik dat Elsiesrivier die hoogste misdaadvoorkoms in die Skiereiland het. Volgens die Carnegie-Verslag het Elsiesrivier die hoogste misdaadvoorkoms in Suid-Afrika. (112)

In dié gebied woon 23,82% van die Kleurlingbevolking en 13,07% van die totale bevolking van die Kaapse Skiereiland. Meer as die helfte van die inwoners van Elsiesrivier leef onder die minimum lewens- of bestaanspeil.

* Roof, diefstal en inbraak kom die meeste voor, waaruit afgelei kan word dat armoedige lewensomstandighede en swak sosio-ekonomiese omstandighede 'n invloed het op die tipe misdaad wat gepleeg word.

TABEL 4.11 (113)

Aanranding van Ouers op Babas in die Kaapprovinsie 1981/1982

| Bevolkingsgroep | Getal | Gesterf | Ernstig Beseer |
|---|---|---|---|
| Blankes | 12 | 1 | 4 |
| Kleurlinge | 76 | 10 | 32 |
| Swartes | 33 | - | 13 |

* Kinderverwaarlosing wat gepaard gaan met ernstige liggaamlike aanranding toon 'n baie hoë voorkoms by Kleurlinggesinne in verhouding met die ander twee groepe.

Volgens Terreblanche het ouers in die onderste groep van die Kleurlinge min tyd vir hul kinders.

> Indien hulle wel aandag aan hul kinders gee, misbruik hulle dikwels die geleentheid deur hul mislukking, magteloosheid, frustrasie en dronkenskap op die kinders te wreek. (114)

Alhoewel kinderverwaarlosing dikwels voorkom, is dit skrywer se ondervinding dat die siening van Terreblanche te algemeen gestel word. Daar is talle ouers in die onderste groep wat, ten spyte van hul omstandighede, alles in hul vermoë doen om hulle kinders skoolopleiding te bied om aan die drukkende omstandighede van armoede op dié wyse te ontsnap. Bewonderenswaardige pogings word aangewend om goeie voorbeelde aan kinders te stel.

5.3.3.2 Gevangenisbevolking

Die hoë voorkoms van misdaad by die Kleurlinggemeenskap word duidelik wanneer die daaglikse gemiddelde gevangenisbevolking volgens bevolkingsgroep ontleed word. Die Theron-verslag toon die volgende ten opsigte van 1969 - 1970.

TABEL 4.12

Daaglikse Gemiddelde Gevangenisbevolking (1969 - 1970) per 100 000

| | |
|---|---|
| Blankes | 86 |
| Kleurlinge | 791 |
| Asiërs | 80 |
| Swartes | 476 |
| Alle rasse | 426 |

Dit beteken dat gemiddeld een uit elke 126 Kleurlinge op enige dag in die jaar in die gevangenis was teenoor een uit 210 Swartes, een uit 163 Blankes en een uit elke 1 250 Asiërs. (115)
Amptelike gegewens van die Staatsdepartement van Justisie vir die jaar 1981/82, soos deur die Universiteit van Kaapstad se Instituut vir Kriminologie gerapporteer, toon dieselfde tendens ten opsigte van die gevangenisbevolking en jeugdiges in gevangenisskap.

TABEL 4.13 (116)

Sentenced and Unsentenced Prisoners* Daily Averages
Report of the Department of Justice for the Period 1 July 1980 to 30 June 1981 and 1 July 1981 to 30 June 1982

| | Whites | | Blacks | | Asians | | Coloured | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | MALES | FEMALES | MALES | FEMALES | MALES | FEMALES | MALES | FEMALES | TOTALS |
| 1971/72 | 3 262 | 80 | 65 793 | 5 488 | 454 | 12 | 15180 | 984 | 91 253 |
| 1972/73 | 3 605 | 96 | 67 856 | 5 457 | 516 | 18 | 16494 | 972 | 95 014 |
| 1973/74 | 3 890 | 84 | 70 437 | 5 255 | 534 | 19 | 17611 | 1 021 | 98 851 |
| 1974/75 | 3 932 | 90 | 69 498 | 5 150 | 529 | 15 | 17913 | 921 | 98 048 |
| 1975/76 | 3 808 | 86 | 66 445 | 5 249 | 491 | 17 | 17770 | 995 | 94 861 |
| 1976/77 | 4 197 | 121 | 68 188 | 5 541 | 561 | 21 | 19296 | 1 060 | 98 985 * |
| 1977/78 | 4 143 | 132 | 67 850 | 5 335 | 589 | 18 | 20169 | 1 056 | 99 292 |
| 1978/79 | 4 096 | 133 | 67 436 | 5 013 | 523 | 16 | 20128 | 947 | 98 292 |
| 1979/80 | 4 109 | 116 | 69 083 | 4 828 | 531 | 20 | 20997 | 993 | 100 677 |
| 1980/81 | 3 937 | 102 | 69 318 | 4 514 | 533 | 17 | 21154 | 958 | 100 533 ** |
| 1981/82 | 3 391 | 118 | 59 845 | 3 805 | 502 | 15 | 18993 | 870 | 87 539 |

*Totals for South West Africa included up to and including 1976/77.
**Daily averages fluctuated more widely during 1980/81 than this figure indicates. In February 1981 the average daily figure was 104 622-- the highest monthly figure recorded. Steps were then taken to reduce the

population. By May 1981 the figure was 99 255. A general amnesty on 31 May 1981 further decreased the daily population.

CHILDREN IN PRISON

As on 17 July 1983 there were 743 unsentenced juveniles in prison. 96,9% were Black and of these 51,9% were Coloured and 47,9% Africans. 92,6% were male and 7,4% female. 52,4% were for economic crimes, 34,6% for violent crimes and 13% for "other."

As on 17 July 1983 there were 1 227 sentenced juveniles in prison. 98% were Black and of these 40,5% were Coloured and 59,1% Africans. 95,2% were male and 4,8% female. 50,6% were for economic crimes, 40,4% for violent crimes and 9% for "other."

**5.3.3.3 Oorsaak vir Hoë Misdaadvoorkoms by die Kleurlinge**

'n Baie belangrike stuk navorsing is in 1980 deur die Universiteit van Kaapstad se Instituut vir Kriminologie gedoen rondom misdaad by die Kleurlinggemeenskap. Sekere van die tendense en bevindings wat uit die ondersoek na vore gekom het, word kortliks hier saamgevat: Ten opsigte van die oorsake sê Slabbert die volgende:

> Causes of crime are seen as part of the process residing not merely in direct causal relationship (i.e. poverty, unemployment causing crime) but as relating to social institutions and political structures too. This is reflected in current research studies where emphasis is no longer on one causal theory or set of factors against another, but a multi-factor or multi-variant approach which looks at the total social structure of the society within which research is being conducted and from which the offender comes. (117)

Die benadering wat hierdie situasie aandui, het diepgaande implikasies vir die maatskaplikewerk-beroep in die behandeling van die oortreder. Die terrein waarop die maatskaplike werker hom begeef moet uitbrei, die omlyning van sy beroepsveld moet verbreed, en sy opleiding moet dienooreenkomstig verander.

**(i) Die Ondersoekgroep**

Die ondersoekgroep het bestaan uit 98% Kleurlinge (490) en 2% (10) Swartes; daarvan was 95% manlik met 'n gemiddelde ouderdom van 34 jaar. 'n Gelyke getal was getroud en ongetroud. Van laasgenoemde was 'n beduidende persentasie in 'n saamleef-verhouding. Meer as 60% het afhanklike kinders gehad. Die grootste persentasie het skoolopleiding onder st 5 gehad en was meestal ongeskoolde werkers.

**(ii) Agtergrond van Ondersoekgroep**

Dit is vasgestel dat meer as die helfte van die oortreders in hul

jeug in swak en ongunstige woongebiede gewoon het. Veertig persent was voorwerpe van onstabiele verblyfplek deurdat hulle gedwing was om van een tuiste na 'n ander te verhuis. Dit is wel bekend dat mense wat uit 'n ou gevestigde woongebied na 'n nuwe verskuif word meestal geen solidariteit het met laasgenoemde nie. Talle woongebiede is as gevolg hiervan sosiaal gedisorganiseer. Slabbert verwys na 'n uitspraak van dr R van der Ross (gewese Rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland) oor die bydrae van die woongebied van die Kleurling tot jeugmisdaad:

> We reach another dimension of community disorganisation <u>viz</u> the disorganisation which stems from the historic process where this history has been one of social, economic, political, and therefore personal degradation of the individual. This is clearly seen in the new townships of the Cape Flats where aggregations of people have been placed in houses after having been removed willy-nilly from a community background. In many cases, their previous lives were community lives; in most cases their new lives are not. The classic case is that of District Six which, although poor and beset with many social faults, yet was a community.
>
> Then suddenly all this was gone. A new address, a new house, new people next door. But no togetherness, no homeliness, no neighbourliness. And the youngsters look at their elders and realise their powerlessness. It adds to their lack of esteem for their parents, and it adds to their own disorganisation in that they are the more unable to find people to whom to turn for an anchor in their lives. (118)

Vanaf die inwerkingstelling van die Groepsgebiede Wet tot Desember 1978 (d.i. ongeveer 28 jaar) is 292 577 Kleurlinge in die Kaapprovinsie verskuif. Die beraamde Kleurlingbevolking in 1978 van dié Provinsie was 2 145 008. Ongeveer 14% van die groep in die provinsie was dus deur die Groepsgebiede Wet geraak.

Die Theron-verslag **(119)** wys daarop dat die toepassing van die Wet op Groepsgebiede, wat veral die Kleurlinggroep geraak het, volgens getuienis 'n belangrike faktor was tot die toename in misdaad in sekere Kleurlinggemeenskappe. Gesinne is uit gevestigde gemeenskappe verskuif na rou en onherbergsame gebiede. Mense uit verskillende omgewings en agtergronde, asook met ander lewenshoudings, is verplig om saam te woon. Volwassenes het hulle geïsoleer, terwyl jeugdiges met elemente kontak gemaak het wat 'n negatiewe invloed op hulle uitgeoefen het.

**(iii) Gesinstrukture en Verhoudings in Huislike Omstandighede**

Driekwart van die oortreders het opgegroei in gesinne wat deur hul moeder

gedomineer is. Waar daar wel 'n vader in die huis was, kon hulle slegs op 'n negatiewe wyse met die vaders identifiseer. Daar is ook 'n beduidende groep wat in gesinne groot geword het waar hul ouers hul heeltemal verwaarloos het en hulle by ander moes inwoon.

Die meeste kom uit groot gesinne waar daar geen stewige gesinsverbande was nie. Diegene wat wel 'n beduidende gesinsband ervaar het, het hulle aan minder ernstige oortredings skuldig gemaak. Die grootste persentasie (66,4%) van die ondersoekgroep se ouers het ernstige maatskaplike probleme ervaar soos werkloosheid of finansiële probleme en armoede. Ander probleme (soos dronkenskap, wetteloosheid en buite-egtelike geslagsverhoudings) het by die meeste vaders voorgekom, terwyl probleme soos fisiese swak gesondheid, alkoholisme en ontug by die moeders voorgekom het.

Die meerderheid van oortreders het aangedui dat hulle meer as een maal een of ander ernstige probleem ervaar het tydens hulle kinderjare.
Vervolgens word van die belangrikste probleme wat uit bogenoemde verslag van Slabbert na vore kom, hier opgesom:

(i) **Emosionele Onveiligheid**

Meer as 70% het gevoelens van onsekerheid en onveiligheid as kinders ervaar. Hierdie gevoelens is veroorsaak deur aggressiewe uitbarstings van vaders en fisiese aanrandings, geweldadigheid en aggressiewe gedrag tussen ouers, verwaarlosing deur hul ouers of verwerping van die seuns deur hul vader.

(ii) **Bendevorming**

62.2% van die oortreders het as kinders misdaad begin pleeg vanweë druk van hul peergroepe. Gebrek aan 'n vaderfiguur en ledigheid het 'n verdere bydrae gelewer tot aansluiting by bendes. Meer as die helfte (58%) het begin stokkiesdraai, die skool verlaat en by bendes aangesluit. Ongeveer 20% het aangedui dat hul by die skool begin stokkiesdraai het vanweë leerprobleme. Hierdie probleme mag miskien ervaar gewees het omdat die kinders nie aan die waarde-sisteem van die skool voldoen het nie, veral omdat hulle geen onderskraging en aanmoediging tuis van hul ouers ten opsigte van hulle skoolwerk ontvang het nie.

Ongeveer 33% van die ondersoekgroep het by bendes aangesluit, sommige reeds op die ouderdom van 8 jaar. Die meeste van die kinders kom uit gesinne waar hulle hul nie met hul vader kon identifiseer nie en die enigste wyse waarop hul vader met hulle kon kommunikeer was om hul aan te rand of met vloektaal te vermaan. Die meeste van die kinders was onbeheerbaar aggressief en geneig tot geweldadigheid.

(iii) **Verlaat Skool om die Gesinsinkomste aan te vul**

Omtrent 64% van die oortreders het nie 'n hoër skoolstanddaard as st 5 behaal nie. Meeste van hulle het die skool verlaat om te gaan werk om die inkomste van die gesin aan te vul. Dit het tot gevolg dat die meeste verplig was om slegs ongeskoolde arbeid te verrig. Uiteindelik het hulle weens gebrek misdaad gepleeg.

(iv) Ander probleme wat by die groep gevind was, was dat daar meer as 21% op vroeë ouderdom (9-10 jaar) begin gebruik maak het van drank en ander verdowingsmiddels. Swak gesondheid en geestesafwykings het ook voorgekom.

Uit die verskeie ondersoeke waarna bo reeds verwys is, blyk duidelik dat die onrusbarende hoë misdaadvoorkoms by die Kleurlinge verband hou met die groot armoede en swak sosio-ekonomiese posisie waarin die gemeenskap vasgevang is. Die gebrekkige inkomste, ontoereikende behuising en uiterste swak woongebiede, die afstootlike Groepsgebiede Wet, verbrokkelde gesinslewe en die negatiewe sosialiseringsmodel, dra almal by. Net soos met die ander maatskaplike probleme by die Kleurlinggemeenskap, kan die probleem van misdaad alleen opgelos en uitgeskakel word as daar aan die worteloorsaak nl gemeenskapsarmoede aandag gegee word. Dit is beslis 'n aanklag teen Suid-Afrika dat daar elke dag meer as 100 000 mense in gevangenis in die land is (120) en dat die land die hoogste gevangenebevolking in die wêreld het (bv 440 gevangenes per 100 000 van die bevolking teenoor Verenigde State 189, Israel 137, Finland 101, Kanada 95, Duitsland 81, Verenigde Koninkryk 75, Australië 70, Frankryk 52 en Nederland 21). (121)

Daar moet egter teen sulke internasionale vergelykings gewaarsku word. 'n Wetenskaplike benadering impliseer dat met die volgende gereken moet word: (a) landswette is nie dieselfde nie, (b) die gedrag van die polisie is nie dieselfde nie-- word 'n persoon gewaarsku of gearresteer? (c)die administrasie van justisie is nie dieselfde nie, en (d) die alternatiewe vir straf is nie eners nie.

### 5.3.4 Drankmisbruik

Die voorkoms van die gebruik van alkoholiese drank en veral die misbruik daarvan, het sorgwekkende afmetings aangeneem in die geledere van die Kleurlingbevolking. Dit word beweer dat die misbruik van drank een van die belangrikste faktore is vir die ekonomiese, fisiese en morele agteruitgang van 'n aansienlike gedeelte van die Kleurlingbevolking.

#### 5.3.4.1 Die Voorkoms van Probleemdrinkery by die Kleurling

Volgens die koerant "Rapport" van 22 September 1985, sien die statistiek ten opsigte van drankmisbruik in Suid-Afrika daaruit soos in onderstaande tabelle. (Die tabelle is deur skrywer opgestel uit gegewens wat die koerant gepubliseer het. Dus is die gegewens self, maar nie die formaat daarvan

nie, uit die koerant gehaal).

TABEL 4.14

Persentasie Drankmisbruikers in Verskillende Bevolkingsgroepe 1985

| | MANS | VROUE |
|---|---|---|
| Blankes | 82 | 67 |
| Kleurlinge | 61 | 26 |
| Swartes | 64 | 26 |
| Asiërs | 42 | 2 |

TABEL 4.15

Aantal Alkoholiste Onder Verskillende Bevolkingsgroepe - 1985

| | |
|---|---|
| Blankes | 202 000 |
| Kleurlinge | 67 287 |
| Swartes | 362 099 |
| Asiërs | 10 255 |

TABEL 4.16

Persentasie van SA Bevolkingsgroepe wat Een tot Drie Drankies per Week Nuttig

| GROEP | MANS | VROUE |
|---|---|---|
| Swartes | 63 | 52 |
| Asiërs | 60 | 0 |
| Kleurlinge | 57 | 44 |
| Blankes | 44 | 37 |

In 'n studie oor die behandeling van die probleemdrinker in die Kleurlinggemeenskap, wys skrywer daarop dat dit by die Kleurling moeilik is om 'n duidelike onderskeid te maak tussen 'n alkoholis (iemand wat beheer oor sy drankgebruik verloor het en fisies en psigies benadeel is en wie se maatskaplike funksionering belemmer is) en 'n persoon wat alkohol oormatig gebruik. (122)

Wat die Kleurling betref, verkies hy om liewers van probleemdrinkers te praat en definieer hy dit soos volg:

> ... 'n persoon wat alkoholiese drank in so 'n mate gebruik dat dit tot patologiese gedrag aanleiding gee in soverre dat dit die drinknorme van 'n gemeenskap oorskry. Vanweë sy oormatige drankgebruik ondervind hy, asook diegene met wie hy verbind word, ernstige probleme. Die probleme kan maatskaplik, fisies, sielkundig en ekonomies van aard wees. Onder die term probleemdrinkery word ingesluit die swaar drinker, voorverslaafde en die verslaafde of alkoholis. (123)

Hy verdeel die probleemdrinker by die Kleurling in twee kategorieë naamlik:

(a) Die Voorverslaafde

Dit is mense wat op die grenslyn is. Hulle is ongetwyfeld swaar drinkers en toon reeds die kenmerke van 'n verslaafde. Mense wat in die fase voortgaan met die misbruik van drank ontwikkel uiteindelik in verslaafdes. Daar is ongeveer 3.2% van die Kleurling in die voorverslaafde fase. Onder hulle word die volgende tipes geïdentifiseer:

(i) Die swaar drinkers wat met reëlmatige tydsverloop baie drink, maar word nie dronk of afhanklik nie. Hulle kan hulle uit vrye keuse aan alkohol onttrek sonder nadelige nagevolge, maar hulle lei nie 'n menswaardige bestaan nie omdat hulle te veel drink.

(ii) Die dronkaards wat nou verwant is aan die swaar drinkers en alhoewel hulle nie fisies of psigies deur alkohol-inname benadeel word nie, word hul verstand benewel. Hulle drink gewoonlik om spanning te verlig en toon 'n neiging om meer en meer alkohol te gebruik ten einde te kalmeer.

(b) Die Verslaafdes

Gillis het, in sy ondersoek oor alkoholisme by Kleurlinge in die Kaapse Skiereiland in 1965, 4% verslaafdes onder Kleurlinge gevind. (124) Hy gee toe dat dit moontlik is dat van die voorverslaafdes reeds ten volle verslaaf was, maar vanweë sy konserwatiewe evaluasie, plaas hy hulle onder die voorverslaafde. Hierdie bevinding van Gillis vergelyk gunstig met soortgegelyke ondersoeke in ander lande. Hy verwys in hierdie verband na Jellinek (1952) se bevinding dat voorverslaafdes en verslaafdes tussen 5% en 6% uitmaak van die alkoholgebruikers in enige land. Hierdie groep is, volgens Gillis, mense wat elke keer as hul drank gebruik dit sodanig misbruik dat hulle heeltemal beheer oor hul drankinname verloor. (125)

Volgens Higgins word persone in die verslaafde groep deur alkoholinname fisies benadeel. Dit beskadig veral die selle van die pankreas, lewer en brein en het simptome soos bewerasie, swak koördinasie, geheue en spigiese steurnisse. Fisieke skade ontwikkel oor 'n lang tydperk van oormatige alkoholgebruik. (126)

Gillis se ondersoek na die drinkpatrone van die Kleurling het bevind dat 4% van sy monster verslaafdes was en 32% voorverslaafdes, terwyl daar nog 15% is wat onder hierdie kategorie ingesluit sou kon word. Dit bring die totaal probleemdrinkers in totaal op 22% te staan.

5.3.4.2 Faktore wat 'n Rol Speel by die Ontwikkeling van Probleemdrinkery

Die vraag oor wat aanleiding tot probleemdrinkery gee, is gekompliseerd. Keller laat hom soos volg hieroor uit:

> Causes of alcoholism are unknown... Most probably the condition reflects a form or response to an interactive combination of psychological and sociological factors in an individual and his environment. (127)

Wat die probleem by die Kleurling betref, het skrywer, in sy MA Skripsie getitel: <u>Die Rol van die Maatskaplike Werker ten opsigte van die Gebruik van die Geïntegreerde Benadering in die Behandeling van die Probleemdrinker</u>, die volgende faktore aangetoon, soos in 5.3.4.2.1 - 5.3.4.2.4 vervolgens aangegee word.

5.3.4.2.1 Die Gesin en Ouers as Sosialiseringsmodel

Volgens 'n ondersoek deur die Instituut vir Sosiale Ontwikkeling van die Universiteit van Wes-Kaapland (1979) oor die omstandigheidsfaktore wat moontlik 'n invloed kon hê op die werkersklas-jeugdige in die Kleurlinggemeenskap se inisiëring tot alkoholiese drank, het die volgende na vore gekom:

(i) Die hoë voorkoms van drankmisbruik deur volwassenes en veral ouers in die laer werkersklas-gemeenskap skep 'n sosio-ekonomiese klimaat wat bevorderlik kan wees vir die ontwikkeling van 'n ongesonde en ongebalanseerde drinkpatroon by jeugdiges. Jong ontwikkelende jeugdiges wat voortdurend aan drankmisbruik en dronkenskap blootgestel word, sal dit oor 'n tyd heen as deel van aanvaarbare en navolgenswaardige normatiewe struktuur van die huishouding en gemeenskap sien.

(ii) Die hoogste voorkoms van dronkenskap onder vaders is gevind by die laer strata (47,8%) teenoor 11% van die professionele en klerklike groep. Die intensiteit van dronkenskap by laer statusgroepe is hoër as by die professionele groep.

(iii) Tieners uit werkersklasse wat reeds by geleentheid onder die invloed van drank was, was hoër as dié uit die hoër groep. Dit is duidelik dat jeugdiges uit die laer werkersklas 'n ander stel waardes en norme het as diegene uit die hoër klasse. Die verskille mag te wyte wees aan strenger ouerlike kontrole en leiding by jeugdiges met hoër ontwikkelde professionele ouers. Dit is egter duidelik dat daar 'n streng ooreenkoms tussen die vaders en kinders se drankmisbruik-patroon is. Hierdie verskynsel suggereer 'n moontlike sterk beïnvloeding van die jeugdige deur die vader. (128)

Die ouers as sosialiseringsmodel het dus 'n sterk invloed op die gemoed van die ontvanklike en opgroeiende kind in 'n drankgeteisterde gesin. Die ouers is die middelpunt van 'n kind se lewe en hy identifiseer hom met hul leefwyse. Hy aanvaar die ouer se norme en doen nie genoegsame kennis en begrip op van sedelike norme wat behoort te geld nie. Dit is voorspelbaar dat die invloed van ouers met 'n drankprobleem oorgedra word op die kinders. Die kind se houding jeens drankmisbruik word dus beïnvloed deur sy ouers se houding teenoor alkohol. Nabootsing en identifisering met die drinkpatroon van die ouer kan beslis 'n aanleidende oorsaak wees vir probleemdrinkery by die kind.

#### 5.3.4.2.2 Die Tipe Huishouding

Die ondersoek deur die Instituut vir Sosiale Ontwikkeling (1979) toon aan dat 24 van die 56 respondente uit die werkersklas aangedui het dat hul ouers of geskei of vervreemd was. Van die oorblywende 32 respondente, het 24 aangetoon dat hul moeders dominante figure in die huishouding was, met die vaders as ontoereikende, onstabiele en soms verstote individue. Een van die respondente in die ondersoekgroep som die rol van sy vader soos volg op:

> My father was really never a factor in the house ...
> He could have been a part of the furniture you know ...
> We only use him for his money ... he never gave me a hiding...
> He would never have dared to do anyway. (129)

Gillis laat hom soos volg uit oor die rol wat die vrou in die gesin speel:

> The men, particularly in poverty-stricken or socially disorganised families, bear less responsibility for the status and maintenance of their dependants... and as a consequence the women take on a more important providing and arranging role for the safeguarding of the children is the ultimate necessity, and a most important factor in keeping the family together. (130)

Gillis se ondersoek dui verder daarop dat die meeste vroue uit die Kleurlingwerkersklas genoodsaak is om te gaan werk omdat die mans gewoonlik ongeskoolde arbeiders is wat min verdien en van hulle inkomste aan drank bestee. Die dominerende rol wat die vrou begin speel het, het die man meer afhanklik gemaak en daartoe gelei dat hy 'n minderwaardige plek in die gesin ingeneem het. Gewoonlik het die minderwaardigheid tot groter oormatige drankmisbruik aanleiding gegee. Die man is tevrede om net die geld af te gee en die verantwoordelikheid van sy gesin aan sy vrou oor te laat.

'n Ander faktor in hierdie tipe huishouding is dat daar minimale effektiewe kontak en/of kommunikasie binne gesinsverband is.

Die uitlating van die leier van 'n bende wat bekendheid met hul afwykende gedrag verwerf het, is 'n voorbeeld van die vorm wat hierdie huishouding aanneem:

> My "dad" en ma wietie van my "moves" af nie ... hulle "question" my "moves" never ... ek is like "independent".
>
> Ja, ek het baie "tjommies like" ... ek is "like die leader"... dan is daar Derrick (16 jaar oud), Davy (14 jaar oud), Cameron (18 jaar oud), Cecil (12 jaar oud), en nog 'n paar "minders" ... Ek is 17 en die wit (Mandrax tablette) vat ons saam. (131)

Bogenoemde aanhalings illustreer hoe gebrek aan 'n positiewe ouermodel, asook die tipe huishouding wat by die werkersklas onder die Kleurlinge voorkom, 'n betekenisvolle bydrae lewer tot die ontwikkeling van probleemdrinkery.

Kinders wat in dié milieu gesosialiseerd raak, word gekonfronteer met 'n algemene patologiese drankmisbruik-patroon wat veral onder die mans teenwoordig is. Die hoë voorkoms van drankmisbruik by die ouers skep 'n bevorderlike klimaat vir die ontwikkeling van 'n ongesonde, ongebalanseerde drinkpatroon by die jeugdige self.

Die jeugdige kan drankmisbruik sien as 'n meganisme waardeur hy homself identifiseer met die volwasse wêreld. As hy voortdurend aan dronkenskap en drankmisbruik blootgestel is, sal hy na verloop van tyd dit beskou as deel van die aanvaarbare navolgenswaardige normatiewe struktuur. Tereg sê die Theron-Kommissie:

> Kinders groei in omstandighede op wat daartoe lei dat dieselfde lewenspatroon gevolg word. (132)

Uit die ondersoeker se ondervinding as predikant en maatskaplike werker kan hy persoonlik getuig dat maatskaplik-gedisorganiseerde gesinne 'n betekenisvolle bydrae tot probleemdrinkery gelewer het in die gemeenskap waarvan hy persoonlik intensiewe kennis dra. Die afwesigheid van 'n sterk vaderfiguur het ongedissiplineerde kinders tot gevolg. Die moeder is dikwels nie in staat om beide die rolle suksesvol te vervul nie. Die minderwaardige vader gee hom totaal oor aan drank, terwyl die kinders vanweë die gemis aan emosionele steun en sekuriteit hulle ook tot die gebruik van alkoholiese drank wend. Gebrekkige kommunikasie veroorsaak vervreemding tussen ouers en kinders, wat laasgenoemde dwing om hul toevlug te neem tot hul portuurgroepe in 'n reeds swak-ontwikkelde normatiewe struktuur.

5.3.4.2.3 Sosio-Kulturele Faktore

In 'n studie oor probleemdrinkery by Jode en Iere deur Bales en Glad in 1947, is bevind dat, waar die norme van drankgebruik goed geïntegreer is met die algemene norme van die groep, die voorkoms van probleemdrinkery laag is. Waar die norme in verband met drankmisbruik nie spesifiek en geïntegreer is nie, kan 'n hoë voorkoms van probleemdrinkery verwag word. Die Joodse kind word van vroeg in sy lewe geleer om drank op 'n gekontroleerde, rituele wyse te gebruik. So ook die Italiaanse kind, waar drankgebruik in die gesin en groeplewe ingelyf is. Die Ier daarenteen gebruik drank bloot om sy aanpassings-behoeftes as individu te bevredig. (133)

Wanneer na probleemdrinkery by die Kleurling in die lig van die bogenoemde gekyk word, blyk dit dat kultuur 'n faktor is wat tot dié afwyking bydra. Die grootste persentasie probleemdrinkers kom by die werkersklas voor. Binne dié groep is daar gewoonlik baie swak ontwikkelde normatiewe strukture teenwoordig. Die norme in verband met drankmisbruik is nie spesifiek en geïntegreer nie vandaar die hoë voorkoms van probleemdrinkery. 'n Verdere feit wat nie uit die oog verloor moet word nie is die swak ekonomiese posisie waaraan die groep as geheel onderworpe is.

Gillis is van mening dat maatskaplike faktore in verband staan met drankmisbruik. Chroniese armoede en gepaardgaande omstandighede oefen druk uit op die Kleurling wat tot spanning en angstoestande lei. Alkohol word derhalwe gebruik om die lewe meer verdraagsaam te maak en om die spanning te verlig. (134)

Die Theron-Kommissie (135) meld dat drank vir die meerderheid manlike drankgebruikers as ontvlugtingsmiddel dien. 'n RGN (136) ondersoek (1969-1970) in die Kaapprovinsie en Transvaal) het vasgestel dat twee-derdes van die manlike drankgebruikers gerapporteer het dat hulle drank gebruik om moegheid en spanning te verlig terwyl meer as twee-vyfdes gerapporteer het dat hulle dit gebruik om maklik aan die slaap te raak. Vir bykans 'n derde van die drankgebruikers was drank 'n middel waardeur hulle van bekommernisse ontslae kon raak. Die meerderheid manlike Kleurling-drankgebruikers skyn dus om sosiaalsielkundige redes drank te gebruik.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat psigiese spanning veroorsaak deur sosio-ekonomiese druk 'n bydraende faktor is by die drankprobleem van die Kleurlingbevolking.

#### 5.3.4.2.4 Sielkundige Faktore

Sommige sielkundiges glo dat sekere persoonlikheidstrekke en kenmerke aanleiding kan gee tot verslaafdheid aan drank. Hulle noem persoonlikheidstrekke soos 'n lae frustrasie toleransie, 'n uitermatige minderwaardigheidsgevoel, angstigheid, afhanklikheid, oorsensitiwiteit en akute onvolwassenheid.

Du Toit, Steyn en Rip (137) is egter van mening dat daar geen persoonlikheidstipe is wat meer geneig is tot probleemdrinkery as andere nie.

Wat wel beweer kan word, is dat 'n persoon wat nie in staat is om sy probleem te kan hanteer nie en dit voortdurend probeer ontduik, kan leer dat alkohol as verdowingsmiddel wel verligting teweegbring.

Wiese (138) meen dat die oorsaak vir probleemdrinkery geleë is in die swak aanpassing van die persoonlikheid wat tot uiting kom in emosionele probleme, konflik en spanning. Aangesien so 'n persoonlikheid vatbaar is vir verslawing aan alkohol, doen dit iets aan hierdie tipe persoon wat dit nie aan ander mense doen nie, naamlik die **verligting van spanning.**

Pieterse (139) konstateer dat sommige persone 'n geestelike vatbaarheid vir drankmisbruik het vanweë 'n onvermoë om invloede wat vanuit die omgewing op hulle inwerk, te verwerk. Wanneer hulle ontdek dat alkohol spanning verlig, word drankgebruik 'n **gedragspatroon** wat uiteindelik tot verslawing lei.

Roux (140) voer aan dat daar grond is vir die vermoede van die bestaan van 'n pre-alkoholiese tipe persoonlikheid. Volgens hom ontwikkel so 'n persoonlikheid as gevolg van faktore wat gedurende die **kinder- en jeugjare frusterend** op die individu inwerk, byvoorbeld 'n onbestendige gesinslewe en uiterstes in opvoeding. So 'n **onvolwasse persoonlikheid** sal 'n lae weerstand teen frustrasies hê en sal spanning meer aanvoel as 'n beter aangepaste persoon. Wanneer die ontdekking eenmaal deur 'n persoon met 'n pre-alkoholiese persoonlikheid gemaak word dat alkohol sy spanning verlig, sal hy geneig wees om voortaan dikwels sy toevlug tot alkohol te neem. Die slotsom kan dus gemaak word dat na gewoontevorming verslawing intree.

Wiese (141) is egter van mening dat dit nie beteken dat 'n individu gebore word om 'n probleemdrinker te word nie. Dit is uiteindelik die omstandighede waarin sy opvoedingsproses in sy kinder- en jeugjare verloop wat 'n invloed op sy persoonlikheid uitoefen. Indien daar nie gedurende hierdie fase behoorlike geestelike verwerking plaasvind nie, ontwikkel hy 'n **wanaangepaste persoonlikheid** wat in alkohol verligting van spanning vind. Hierdie persoon is maklik vatbaar vir alkohol.

Ondersoeker verkies om eerder van 'n onvolwasse persoonlikheid in plaas van 'n pre-alkoholiese persoonlikheid te praat. 'n Emosionele onvolwasse persoon is iemand wat nie soos 'n "normale" volwassene teenoor terugslae en prikkels van die lewe kan reageer nie omdat hy nooit geleer het om selfstandig sy probleem te bowe te kom en verantwoordelikheid te aanvaar nie. Hy kan nie die werklikheid in die oë staar nie, kan kritiek nie aanvaar en konflik nie op sy eie hanteer nie. Die onvolwasse persoonlikheid het sy ontstaan vanweë gebrekkige opvoeding en gebrekkige sekuriteit en is nie in staat om omgewingsinvloede innerlik en psigies te verwerk nie. Dié tipe persoonlikheid is in 'n groot mate blootgestel aan die verskynsel van alkoholverslawing. Hy soek ontvlugting in die gebrek van alkohol om spanningsvolle situasies te verlig.

Faktore soos chroniese armoede, onvoldoende behuising, onbestendige gesinslewe en 'n gebrek aan sekuriteit, bied 'n vrugbare teelaarde tot die ontwikkeling van hierdie onvolwasse persoonlikheid. Vanweë 'n lae weerstand teen frustrasie is hy dus meer geneig om sy ontvlugting tot alkohol te neem ten einde verligting vir sy spanningstoestand te verkry.

Die Theron-Kommissie (142) het in sy ondersoek tot die slotsom gekom dat die swak sosio-ekonomiese omstandighede 'n aanleidende faktor is vir die probleem van drankmisbruik by die Kleurling. Kinders wat in sulke omstandighede opgroei, volg dieselfde lewenspatroon van hul ouers. Menige probleemdrinker is negatief geraak deur verskeie frustrerende faktore soos armoede, 'n onbestendige gesinslewe en gebrekkige sekuriteit tydens kinder- en jeugjare. Hierdie faktore gee aanleiding tot die ontwikkeling van emosioneel onvolwasse persoonlikhede. Vanweë hul onvermoë om op 'n selfstandige wyse hul probleme op te los en die werklikheid in die oë te staar, soek hulle verligting en ontvlugting in alkohol. Die herhaaldelike misbruik van alkohol lei uiteindelik tot 'n gewoonte en later tot verslawing.

### 5.4.3.3 Gevolge van Probleemdrinkery

#### 5.4.3.3.1 Die Uitwerking van Probleemdrinkery op die Gesin as Sisteem

Binne die gesin as sisteem vind interaksie en reaksie plaas. Die gesin reageer wanneer een van sy lede 'n probleem met drank het en ontwikkel sekere gedragspatrone wat weer op ander vlakke 'n negatiewe uitwerking het.

Die vrou moet dikwels die man se rol oorneem wanneer sy drankmisbruik sy werk sodanig beïnvloed dat hy nie meer as 'n bestendige werker funksioneer nie. Dit stel besondere hoë eise aan die vrou wanneer in ag geneem word dat sy ook 'n dubbele rol ten opsigte van die opvoeding van die kinders moet vervul.

Dit het tot gevolg dat die sober ouer dikwels die rol van beide die vader en moeder moet vervul en in baie gevalle nie daarin slaag nie. Die resultaat is dat dit ontoereikende sosialisering vir die kind tot gevolg het en die posisie word vererger wanneer beide ouers probleemdrinkers is.

Waar die vader 'n drankprobleem het, word die moeder gewoonlik die dominerende figuur in die Kleurling gesin. Sy mag verplig word om te gaan werk weens die feit dat die man 'n groot deel van sy inkomste aan drank bestee. Die vader beklee later 'n minderwaardige rol in die gesin en hy is tevrede om die verantwoordelikheid van sy gesin aan die vrou oor te laat.

Du Toit, Steyn en Rip verwys hierna soos volg:

> Wanneer 'n persoon se lewe alkohol-gesentreerd word, kan daar verwag word dat hy nie sy verpligting in verband met sy gesinslewe sal nakom nie en sal hy dus nie sy man/vaderrol effektief vervul nie. Die gesin sal dus deur die vrou gedomineer word in soverre dat die vrou/moeder ook man/vaderrol sal moet vervul. Hierdie dubbele rol wat die vrou moet vervul lei tot spanning en gesinsdisorganisasie en selfs egskeiding. (143)

Sosiale isolasie van 'n gesin kan intree wanneer hulle hul vanweë die onvoorspelbare gedrag van die probleemdrinker van die samelewing begin onttrek. Eerder as om telkens in die skande gesteek en verneder te word, bly die gesin van 'n probleemdrinker tuis. Kennisse en vriende asook familie onttrek hulle op hul beurt van hierdie gesin omdat dit vir hulle 'n verleentheid kan skep om in so 'n persoon se teenwoordigheid te wees. Dit lei dus daartoe dat die gesin se denke en gedrag al hoe meer alkoholgesentreerd raak en hulle emosionele probleme vererger terwyl daar min onderskraging in die gemeenskap gevind word.

**5.4.3.3.2 Probleemdrinkery en die Gesinslewe**

Oor die misbruik van alkohol en die gesin het Calitz die volgende te sê:

> Die pyn, lyding en ellende wat deur die misbruik van alkohol en alkoholisme in die gesin veroorsaak word, is moeilik bepaalbaar en haas onmeetbaar. Tog is daar talle aanduidings dat alkohol in die RSA verwoesting in honderde duisende lewens saai en dat miljoene ander mense hierdeur getref word. (144)

Gillis (145) het in sy studie gevind dat 90% van sy ondersoekgroep gerapporteer het dat drankmisbruik tot gesinsprobleme gelei het. Dit is nie altyd moontlik om te bepaal wanneer 'n faktor primêr of sekondêr vir sekere probleme verantwoordelik is nie, omdat daar dikwels veelvoudige oorsake geïdentifiseer kan word.

Genoemde ondersoek van skrywer het nie beoog om alkohol as die enigste oorsaak vir gesinsprobleme aan te dui nie, maar wou op probleme wys wat sterk

verband hou met oormatige alkoholgebruik. Probleemdrinkery gee aanleiding tot ontwrigting van gesonde gesinsverhoudings. Sekere aspekte van die verhoudingslewe word geraak in 'n gesin waar probleemdrinkery voorkom.

(i) **Gebrekkige Kommunikasie**

Sinvolle kommunikasie gaan verlore omdat daar nie met persone onder die invloed van drank gekommunikeer kan word nie. Hulle kan nie nugter dink en redeneer nie en raak maklik aggressief. Dikwels is die huisgenote van 'n probleemdrinker aan vloek- en skeltaal blootgestel, wat daartoe bydra dat gevoelens van ongelukkigheid en angstigheid toeneem. In sekere gevalle kan ernstige fisieke mishandeling voorkom wat selfs die dood van 'n gesinslid tot gevolg kan hê.

Volgens Calitz (146) is daar in navorsing, wat by die Cleveland-Sentrum uitgevoer is, gevind dat geweld dikwels voorkom in gesinne waar 'n probleemdrinker teenwoordig is, ongeag die sosio-ekonomiese status van die gesin. Ongelukkig is dit so dat die probleemdrinker gewoonlik die skuld vir sy probleem op ander plaas en nooit op sy alkohol nie, en daarom is dit moeilik om met hom oor sy drankprobleem te praat. Dit gee dikwels aanleiding tot konflik en swak kommunikasie in die gesin.

(ii) **Swak Huweliksverhouding**

Die huweliksverhouding word ernstig benadeel omdat swak kommunikasie, konflik en spanning ook die seksuele verhouding tussen man en vrou aantas. Daarby is die eggenoot wat onder die invloed van alkohol is nie in staat tot teerheid en begrip wat normaalweg hierdie verhouding kenmerk nie.

Wat die vroulike alkoholis betref, wys Kellerman (147) daarop dat navorsing van Kinsey (1966), Rip (1966) en Casselman (1971) bevind het dat daar geen kliniese bewyse is dat vroue met 'n drankprobleem seksueel losbandig is soos algemeen aanvaar word nie. Veel meer kom 'n buitengewone graad van onttrekking van mans, gebrekkige belangstelling, seksuele inhibisies by hulle voor. Wat wel waar is, is dat vroue met 'n drankprobleem meer kwesbaar is vir uitbuiting. So 'n vrou knoop dikwels verhoudings met mans aan om haar van alkohol te voorsien.

Kellerman (148) wys daarop dat alkohol 'n kalmeermiddel is wat die inhibisies van die brein kalmeer. Dit stimuleer nie die seksdrange nie, maar maak bande los. 'n Chroniese alkoholis kan selfs sy seksdrange verloor, want alkohol onderdruk nie slegs die funksies van die brein nie, maar ook die kliere, ingeslote die geslagskliere.

Vroue van probleemdrinkers voel dikwels dat hul mans hulle nie meer lief het nie omdat hulle onder die invloed van drank nie in staat is om tere

sentimente te openbaar nie. Teerheid ontbreek tydens seksuele kontak en laat die vrou dikwels soos "'n meubelstuk" voel. 'n Vrou voel dat haar man slegs toenadering soek wanneer hy sy seksuele behoeftes wil bevredig, andersins is hy meer in die drank as in haar geïnteresseerd.

Aangesien die geslagsdaad die intiemste koöperatiewe aktiwiteit in die huwelik is, sal die man en vrou geneigd wees om dit uit te skakel wanneer sterk antagonisme, vanweë probleemdrinkery, tussen hulle heers.

Na 'n langdurige reeks traumatiese ervaringe begin die vrou in haarself te twyfel en sy ontwikkel gevoelens van skuld en skaamte. In hierdie stadium tree emosionele veranderinge in en die vrou se liefde vir haar man begin kwyn. Sy is nie langer in staat om haar liefde deur middel van die seksdaad te toon nie. By meeste huweliksverhoudings is daar dan dikwels 'n permanente gebrek aan onderlinge vertroue wat 'n gesonde huweliksverhouding onmoontlik maak.

**(iii) Negatiewe Ouer-Kinderverhouding**

Gedrags-onvoorspelbaarheid by die probleemdrinker verwar die kinders. Hulle verloor respek en vertroue in die ouer en kan nie na hom opsien as identifikasiefiguur nie. Die gesagsverhouding gaan verlore omdat die probleemdrinker se gedrag so onvoorspelbaar is. Die kind se verwagting van sy ouer en die voorbeeld wat hy stel, is nie konsekwent nie.

Die gesin bly die belangrikste sosialiseringspunt in die gemeenskap. Kellerman (149) noem die gesin die wieg van die persoonlikheid. Nie alleen word die kind se persoonlikheid hier gevorm nie, maar die waarde en norme waarmee hy hom vereenselwig, word tot 'n groot mate in die gesin vasgelê.

Calitz (150) wys op enkele aspekte van die kind se sosialisering wat kan skade ly:

* Kinders van probleemdrinkers beleef gevoelens van verwerping en angs as gevolg van spanning en geweld tuis.

* Hulle beleef gevoelens van onveiligheid en gebrek aan sekuriteit. Die kind is onseker oor die gedrag wat hy van die ouer kan verwag en hoe hyself as kind moet optree. Kompliserende afwykings soos bednatmaak, en stokkiesdraai kan die gevolg hiervan wees.

* Hulle het 'n behoefte aan 'n ouer met 'n sterk sedelikheidsbesef, 'n standvastige karakter en eerbied vir wet en orde. Ongelukkig faal die ouer met 'n alkoholprobleem dikwels in hierdie opsig.

* Op die jong kind wie se moeder 'n probleemdrinker is, kan dit 'n verwoestende uitwerking hê aangesien dit fisieke en/of psigiese verwaarlosing tot gevolg het. In so 'n gesin is die huishouding koud en onpersoonlik.

Kinders soek elders vermaak en verloor belangstelling in die skool. Huislike onsekerheid veroorsaak dat kinders vroeg selfversorgend wil word en die eerste en die beste - dikwels verkeerde - betrekking aanvaar. Dogters gaan dikwels halsoorkop 'n ongewenste huwelik aan om aan die onaangename atmosfeer te ontsnap. By jonger kinders kom afwykings soos nagmerries, swak eetlus, gebrek aan selfvertroue, senuagtigheid, uithuisigheid en swak motivering vir skoolwerk, voor.

* Die kind se houding jeens drankmisbruik word beïnvloed deur die houding van sy ouers teenoor alkohol. Die gebruik van alkohol deur die vader kan 'n besonder betekenisvolle faktor wees in die onwettige gebruik van dwelmmiddels deur die kind.

* Daar is sterk aanduiding dat kinders wat uit huise kom waar 'n probleemdrinker is, maklik self probleemdrinkers kan word. In die verband is daar deur Jellinek, Roe en Burks gevind dat nabootsing en identifisering met die drinkpatroon van 'n ouer 'n aanleidende oorsaak tot probleemdrinkery by die kind kan wees.

* Kinders uit huise met 'n alkoholprobleem sal nie automaties probleemdrinkers word nie. Nogtans bestaan die risiko dat hulle in ongelukkige, swak aangepaste volwassenes sal ontwikkel. Dit gebeur wanneer die ouer (ook die sober een) so met sy eie probleem besig is dat daar te min tyd en aandag aan die kind se emosionele behoeftes gegee kan word.

'n Verder belangrike tendens wat by so 'n gesin gevind word, is dat kinders dikwels teenoor een ouer afgespeel word. Die persoon onder die invloed van drank kraak die ander huweliksmaat voor die kinders af, of ondermyn die ander se gesag, terwyl die sober een 'n bondgenootskap met die kinders teen die ander ouer sluit. Die kinders word gebruik as wapen teen die ander ouer, word verplig om kant te kies en word sodoende deur die ouer uitgebuit. Rip (151) wys byvoorbeeld daarop dat die sober ouer kan poog om die ouer met die drankprobleem by te kom deur die "favourite child" van laasgenoemde meer te straf. Dit kan geweldig destruktief vir die kind wees om aan sulke optrede blootgestel te word.

## (iv) Gesinsverbrokkeling en Egskeidings

Soos die kommunikasie- en verhoudingsprobleme in die gesin toeneem en daar nie 'n keerpunt kom ten opsigte van die drankprobleem nie, word die moontlikheid van gesinsverbrokkeling en egskeiding groter. Verswakkende ekonomiese faktore kan 'n bykomende rol speel tydens die Chroniese fase van probleemdrinkery. Dit bring 'n verlaging van lewenstandaard mee, plaas 'n hoë las op die skouers van die sober eglid en verskerp onrus en onsekerheid oor die toekoms.

Gebrekkige lewensmiddele, saam met die ernstige uitwerking van drankmisbruik op die funksionering van die gesin, kan die sober huweliksmaat tot egkseiding beweeg. 'n Ander moontlike gevolg kan wees dat die kinders vanweë fisiese en psigiese verwaarlosing sorgbehoewend bevind en uit die gesin verwyder word.
Volgens 'n studie gemaak deur Calitz (152) in Bloemfontein en Kroonstad (1979) was daar alkoholprobleme in die gesinne by die helfte van die kinders wat deur welsynsinstansies sorgbehoewend bevind was. Sy wys ook op 'n studie van Strydom en Smit wat bevind het dat 89,9% van die kinders in die ondersoekgroep sorgbehoewend bevind was vanweë die vader se drankprobleem en 44,3% vanweë dié van die moeder, wat impliseer dat daar 'n aansienlike persentasie moes gewees het waar beide die ouers in die gesin 'n drankprobleem openbaar het.
Probleemdrinkery was dus in haas nege uit tien van die gesinne 'n faktor wat tot sorgbehoewendheid aanleiding gegee het.

Wat egskeidings aanbetref, het Roux (153) bevind dat 44 uit 71 probleemdrinkers wat getroud was, geskei het. Volgens Du Toit, Steyn en Rip (154) het Cronje in 1959 bevind dat 18 uit 100 gevalle wat hy bestudeer het, weens drankmisbruik geskei het. Daar is dus 'n hoë voorkoms van egskeidings onder probleemdrinkers. Hierdie verskynsel is 'n duidelike simptoom van gesinsdisorganisasie, wat dus die risiko van egskeidings en of die verwydering van kinders uit 'n gesin verhoog.

(v) Die Godsdienstige lewe van die Gesin

Duvenga (155) wys daarop dat daar heelwat statistiese gegewens is wat aantoon dat daar diepgaande vervreemding van godsdiens by die probleemdrinker bestaan.
Eloff (156) het in sy ondersoek (1973 te Bloemfontein) gevind dat 75 uit die 79 ondervraagd-probleemdrinkers aan geen kerklike aktiwiteite deelgeneem het nie. Hy het verder bevind dat hulle in die kerklike lewe 'n meer negatiewe rol gespeel het as in hul gesinslewe.

Die probleemdrinker woon gewoonlik nie eredienste by nie en selfs die eggenote van die probleemdrinker verbreek dikwels alle bande met die kerk. Ook die gesin van die probleemdrinker neem dikwels nie aan godsdienstige aktiwiteite deel nie. Vanweë die vernedering wat probleemdrinkery vir die gesin inhou en die sterk emosionele verwerping en 'n afkeur aan die misbruik van alkohol deur die meeste kerke, onttrek die gesin hulle van die kerk. Dit lei daartoe dat hulle minder onderskraging van die kerk ontvang. Tuis word ook nie die nodige godsdienstige opvoeding ontvang waarop kinders geregtig is nie.

Probleemdrinkers verwag die sterkste veroordeling van persone soos die predikant of kerklidmaat. Hulle neiging is om kontak met sodanige persone te vermy of om hulself te verdedig met teenaanvalle, beskuldigings, verwyte, verskonings, selfbejammering of gemaakte onderdandigheid.

Die meeste probleemdrinkers worstel gewoonlik met oordrewe neurotiese en etiese skuldgevoelens wat deur psigoterapie en persoonlikheidsgroei uitgeskakel kan word, maar sulke terapie word dikwels vermy of verwerp. Die etiese skuldgevoelens gaan oor die werklike oortredings teenoor God en die medemens. Dikwels glo die probleemdrinker dat God hom vergewe het, maar hy kan homself nie vergewe nie. Die probleemdrinker se godsdiens word oorheers deur 'n selfstraffende, selfverwytende en selfkastydende super-ego.

**(vi) Die Finansiële Implikasies vir die Gesin**

Hoe meer alkoholgesentreerd 'n drinker raak, hoe waarskynliker is dit dat hy sy werk sal verwaarloos en dit uiteindelik ook sal verloor. Voordat hierdie kritieke situasie bereik word, is daar talle finansiële laste wat oor vele jare met alkoholgebruik verband hou en wat die gesin in 'n baie swak finansiële posisie plaas. In hierdie verband wys Calitz (157) op 'n studie van die Alcoholism Information Centre, Cincinatti, Ohio, waarin nege kategorieë aangedui word ten opsigte waarvan die probleemdrinker finansiële uitgawes het, naamlik:

* Direkte koste ten opsigte van die aankoop van drank;
* hof en boete onkoste;
* mediese koste;
* uitgawes vanweë ongelukke, byvoorbeeld motorherstelwerk;
* verlies of verkope van persoonlike besittings;
* verlies of verkope van die besittings van ander;
* onoordeelkundige besteding van finansies;
* verlies van huis en meubels;
* verlies aan salaris.

Bogenoemde sal 'n verswakkende invloed op die finansiële omstandighede van die gesin hê. Indien die man die probleemdrinker is en die vrou nie buitenshuis arbeid kan verrig nie, kan dit tot 'n toestand van afhanklikheid en sorgbehoewendheid lei. Die gesin staan soos bedelaars in die gemeenskap, hulle selfbeeld word afgetakel en die psigiese ontwikkeling van die kinders kan ernstig daardeur geskaad word.

Dit word algemeen aanvaar dat die vader met 'n drankprobleem 'n potensiële swak broodwinner is. Sy gesin ly as gevolg daarvan gebrek, en sy kinders word aan materiële verwaarlosing, veral gebrek aan goeie huisvesting, kos en klere, blootgestel. Namate drankmisbruik die beroepsgeskikt-

heid van die vader vernietig, neem verwaarlosing van die gesin toe totdat dit in 'n toestand van afhanklikheid verval.

Jordaan (158) het in 1978 'n oorsig gegee van die drankmark in die RSA en die volgende ten opsigte van die Kleurling bevind:

(i) Die Kleurling se hoof-uitgawes in geldterme tussen 1970 - 1975 het gestyg. Die styging in hul huishoudelike besteding aan drank per maand was tussen 1970 en 1977 soos volg:

1970 - R35,72 teen 1977 - R57,48: 'n styging van R20,76. (Volgens skrywer hou die syfer nie rekening met die verswakking van die koopkrag van die geldeenheid vanaf 1970 tot 1977 nie).

(ii) Die Kleurling spandeer nasionaal sowat 70% van hul totale drankbesteding aan wyn en brandewyn.

(iii) Die Kleurling het in die jare 1972, 1974 en 1977 onderskeidelik 41, 44 en 35 persent van die ongefortifiseerde wyn in die RSA verbruik.

Met inagneming van die swak sosio-ekonomiese posisie van die Kleurling, is dit duidelik dat die besteding aan drank verreikende implikasies vir sy gesin inhou. Die oormatige besteding aan drank en die talle ander uitgawes wat probleemdrinkery tot gevolg het, is dus 'n bydraende faktor tot ondervoeding, sorgbehoewendheid, onvoldoende behuising en 'n kroniese armoedetoestand onder Kleurlinge.

**5.4.3.4 Die Verband tussen Probleemdrinkery en Misdaad**

Alhoewel drankmisbruik in sekere omstandighede as misdaad getipeer kan word, kan dit 'n bydraende faktor in misdaadpleging wees, terwyl misdaad weer drankmisbruik kan stimuleer. Du Toit, Steyn en Rip (159) is van mening dat daar tussen alkohol en misdaad ten opsigte van onwettige drankhandel 'n direkte verband bestaan. Terwyl drankgebruik en die misbruik daarvan by ander soorte misdaad 'n meer ondergeskikte rol speel, kan dit wel 'n sterk aanleidende oorsaak wees.
Drank het 'n verdowende uitwerking op dié gedeelte van die brein wat te doen het met die morele beheer van die mens wat aan beïnvloeding blootgestel word. Dit tas die gedeeltes aan wat individuele oordeel, inhibisies en senuspanning beheer en versprei dan 'n laer orde spierkoördinasie-beheer.

Deur die verswakking van sy kortikale beheer, kom die primitiewe, sinlike drange en drifte in die mens na vore en kry dikwels die oorhand. Dit is dus waar dat heelwat misdaad gepleeg word terwyl die daders onder die invloed verkeer. Hiervan moet egter nie afgelei word dat alle drankgebruikers misdadigers is nie. Misdaad kom slegs voor by 'n probleemdrinker as die persoonlikheid hierdie vorm van gedrag toelaat.

Baie hang dus van die persoonlikheid af. Van Heerden onderskryf hierdie mening wanneer hy dit soos volg stel:

> Baie oortreders wat onder die invloed van drank 'n misdryf pleeg, sou dit in 'n nugter toestand waarskynlik ook gedoen het as hulle oor die nodige moed beskik het. (160)

So gesien, gee die drank dus nie werklik aanleiding tot die aanvanklike ontstaan van misdaadgedagtes en voornemens nie, maar wel tot die uitvoering daarvan.

Volgens Cilliers is daar 38 291 Kleurlinge in 1960 weens dronkenskap skuldig bevind :

> Almost one-fifth of all convictions of Coloureds in 1960 were for drunkenness. If other offences against liquor laws are added to this, almost one-third of all convictions of Coloureds are accounted for. (161)

In 'n studie (Stellenbosch 1956) oor die verband tussen drankmisbruik en misdaad onder Kleurlinge, het Olivier bevind dat ongeveer een tiende van alle misdaad deur Kleurlinge gepleeg is terwyl hulle onder die invloed van drank was. Hierdie moet as minimum syfer beskou word, aangesien die hofverslae nie altyd aandui of die persoon onder die invloed van drank was al dan nie.

Volgens 'n ontleding van onlangse misdaadstatistieke vir volwassenes deur Strijdom en Van der Colff (1975) is gevind dat in die tydperk 1969 tot 1970 die grootste persentasie van Kleurlingoortreders skuldig bevind is aan drank en dwelmmiddeloortredings (64,1%). Relatief meer manlike (64,8%) as vroulike oortreders (59,3%) is aan hierdie oortreding skuldig bevind, maar die verskil is nie groot nie. Meer oortreders was ongeletterd (of het slegs oor 'n laerskoolopleiding beskik) as oortreders met hoër kwalifikasies wat gevonnis is weens drank en dwelmmiddeloortredings. As dit met die ander bevolkingsgroepe vergelyk word, word die beeld duideliker, naamlik Blankes 23,6%; vroue 21,2%; Asiërs 25,3% (mans), 15% (vroue); Swartes: 26,2% (beide mans en vroue).

Fortuin (Kaapstad 1978) meen dat daar 'n korrelasie tussen die misbruik van alkohol en die Kleurling se sogenaamde predisposisie tot kriminele gedrag bestaan. (162)

### 5.4.3.5 Die Ekonomiese Implikasies

Behalwe die implikasies van probleemdrinkery op die gesin en die verband daarvan tot misdaad, gaan jaarliks astronomiese bedrae geld verlore weens die misbruik van alkohol. In 'n onlangse studie in die Verenigde State is daar na die ekonomiese uitwerking van alkohol en verwante probleme gekyk.

Dit is bereken dat die verlies in 1975 alleen meer as 5 biljoen dollars was. Daar behoort in so 'n studie gelet te word op aspekte soos die verlies aan produksie, gesondheid, mediese uitgawes, motorongelukke, alkoholbestrydingsprogramme, navorsing, die bekamping van misdaad en welsynsdienste.

Produksie, goedere en dienste word gewoonlik die swaarste getref weens die verlies aan produktiwiteit deur werkers met 'n drankprobleem. Skrywers soos Du Toit, Steyn en Rip (163) is van mening dat alhoewel die probleemdrinker nie noodwendig sy werk hoef te verloor nie, drankmisbruik vanselfsprekend 'n stremmende uitwerking op sy beroepsprestasie sal hê. In 'n groot organisasie kan hy soms met behulp van ander die werklike toedrag van sake vir 'n tyd lank wegsteek, dog mettertyd word dit wel openbaar. Dit word onderskryf deur Van Wyk, as hy dit soos volg stel:

> An organisation may be guilty of waste in the production process when available resources (especially labour) are not utilised, are developed inadequately, are utilised in a myopic manner, or when they are employed or combined incorrectly. Alcoholism may lead, for example, to absenteeism, friction, a decrease in the illness record, erratic performance, mistakes and dismissals. (164)

Bogenoemde skrywer wys voorts daarop dat die jaarlikse gemiddelde verlies in 1979 in produktiwiteit vir werkers van alle kategorieë van Blanke- en Kleurling probleemdrinkers R202 079 672 beloop. Hy verwys ook na die Derde Verslag van die Nasionale Adviesraad insake Rehabilitasie (van die periode 1 Januarie 1975 tot 6 Desember 1976), waarin aangetoon word dat probleemdrinkers afwesig was vir 'n totaal van 7 800 000 uur per jaar en die verlies bereken word op R7 800 000 per jaar. (165)

Die moontlike verlies aan produktiwiteit en gepaardgaande geldelike verlies, kan volgens Van Wyk (166) bereken word as aanvaar word dat 6% van die ekonomiese bevolking probleemdrinkers is en dat 25% van die lone wat aan hulle betaal word, verlore gaan vir die ekonomie, vanweë die stremmende uitwerking op hul beroepsprestasie en produksie.

Wat die Kleurling betref, gaan Louw (Kaapstad 1978) op dieselfde wyse te werk om die verlies weens probleemdrinkery te bereken. Hy som dit soos volg op:

> Turning to the Coloured population, it is calculated that there were 177 388 males economically active of which 10 000 (6%) were alcoholics. 25% of an average annual income of R1 890 multiplied by the total number of alcoholics, adds up to a total annual loss of (sic) ± 5.2 million rand to entrepeneurs.
>
> If the number of Coloureds in the so-called pre-addicted phase of alcoholism is included in this calculation (± 22%)

(sic) a grand total of 18,4 million rand is reached. (167)

Die koste verbonde aan die rehabilitasie van probleemdrinkers in die RSA beloop jaarliks beslis etlike duisende rande.

## 5.3.5 Werkloosheid

### 5.3.5.1 Omvang van Werkloosheid

'n Werklose is 'n persoon wat in staat is om te werk ten einde sy afhanklikes te onderhou en wat ook graag wil werk, maar nie werk vind nie.

Sedert 1983 heers daar in Suid-Afrika 'n ernstige werkloosheidsprobleem. Veral in die verarmde Kleurlinggemeenskap word die uitwerking skerp gevoel. Op 'n vraag aan die Minister van Mannekrag in die Parlement aan die begin van 1985 is onderstaande gegewens oor werkloosheid verstrek.

TABEL 4.17

Die Werkloosheidsyfer in Suid-Afrika: 1984/1985

| | | |
|---|---|---|
| Blankes | - | 15 623 |
| Kleurlinge | - | 15 307 |
| Asiërs | - | 5 530 |
| Swartes | - | 25 346 |
| TOTAAL | | 61 806 |

Kaapstad het die meeste geregistreerde werklose Kleurlinge gehad (4 738), gevolg deur Port Elizabeth (3 763) en Johannesburg (3 009). (168)

'n Berig in **Die Burger** (24 April 1985) oor die werkloosheid by Atlantis wys op 'n verskynsel wat al wyer uitkring:

> Altesame 1 174 werkers het volgens amptelike statistiek sedert September verlede jaar op Atlantis hul werk verloor, terwyl die ware werkloosheidsyfer waarskynlik heelwat hoër is. Die amptelike syfer maak amper 12 persent van die arbeidsmark van sowat 10 000 uit. Die dorp se inwonertal word op 35 000 bereken. (169)

**Die Beeld** van 1 April 1985 skryf onder andere in sy hoofartikel oor die probleem:

> Tussen 50 000 en 60 000 mense in die private sektor het reeds hul werk verloor in die ekonomiese insinking, raam dr Fred du Plessis van Sanlam .... Werkloses is nie meer 'n skelwoord vir onbevoegdes of lui mense nie. Mense uit alle vlakke van die samelewing bevind hulle skielik in hierdie krisis waarop min mense voorberei en waarteen min emosioneel bestand is. (170)

Die omvang en toename van werkloosheid ten opsigte van die Kleurling word baie duidelik verkry uit syfers vir 1985 soos verstrek deur die Sentrale

Statistiekdiens, Pretoria.

TABEL 4.18

Aantal Werkloses Onder Kleurlinge in Suid-Afrika: 1975 - 1985

8.4.5.1

| JAAR | MANS | VROUENS |
|---|---|---|
| 1975 | 3 060 | 1 283 |
| 1976 | 4 535 | 1 865 |
| 1977 | 9 140 | 4 117 |
| 1978 | 9 915 | 4 249 |
| 1979 | 8 860 | 3 712 |
| 1980 | 6 786 | 3 089 |
| 1981 | 4 796 | 2 331 |
| 1982 | 6 942 | 3 327 |
| 1983 | 11 243 | 4 769 |
| 1984 | 8 817 | 4 202 |
| 1985 | 17 465 | 8 782 |

TABEL 4.19

Aantal Werkloses Onder Kleurlinge in Suid-Afrika: 1985 Per Maand

| MAAND | MANS | VROUENS |
|---|---|---|
| JANUARIE | 11 680 | 5 346 |
| FEBRUARIE | 14 189 | 6 677 |
| MAART | 15 059 | 7 664 |
| APRIL | 15 526 | 7 944 |
| MEI | 16 960 | 8 733 |
| JUNIE | 17 124 | 9 794 |
| JULIE | 18 251 | 9 862 |
| AUGUSTUS | 19 608 | 9 717 |
| SEPTEMBER | 20 411 | 10 071 |
| OKTOBER | 19 886 | 9 847 |
| NOVEMBER | 21 447 | 10 494 |
| DESEMBER | 19 342 | 9 227 |

Uit bostaande twee tabelle blyk dit duidelik dat werkloosheid geweldig toegeneem het. (171) In 1975 was die totaal 4 340. In 1980 het dit toegeneem tot 26 247. In Januarie 1985 was daar 17 026 en in Desember 28 570 -- 'n toename van 11 543. Waar dit die dekade 1975-1985 aangaan, behoort in bostaande vergelyking die invloed van bevolkingsaanwas nie uit die oog verloor te

word nie, maar dit kan onmoontlik so 'n geweldige toename in werkloosheid verklaar.

Die probleem het veral verreikende gevolge vir talle gesinne en gemeenskappe in die Kleurlinggemeenskap.

### 5.3.5.2 Oorsaak van Werkloosheid

Werkloosheid, soos reeds gesê, tref die Kleurlingbevolking swaar. Die faktore wat daartoe bydra, kan as eksterne en interne geklassifiseer word. Die twee stelle faktore word vervolgens bespreek:

#### 5.3.5.2.1 Eksterne Faktore

**(i) Seisoenwerk**

Daar is etlike soorte werk wat van die seisoene van die jaar afhang en wat dus 'n bydrae lewer tot werkloosheid by die Kleurling. Talle Kleurlinge werk slegs as seisoenwerkers op vrugteplase (soos plukkers of pakkers), by die inlegfabrieke, as skeerders op skaapplase en as vissermanne aan die Weskus. Buite seisoene is die meeste van die werkers, wat meestal ongeskool is, werkloos.

**(ii) Ekonomiese Resessie en Boikotte**

Huidige werkloosheid word in Suid-Afrika veral toegeskryf aan die swak ekonomiese posisie waarmee die land tans worstel. Die werker het hieroor geen beheer nie. Nie alleen het die land buitelandse skuld nie, maar goud, (die grootste uitvoerproduk) het die afgelope jare merkwaardig gedaal op die oorsese markte. Dit, en die toenemende onsekerheid vanweë die onluste probleem, het buitelandse beleggers afgeskrik. Daarby kom die internasionale druk om sankies op Suid-Afrika toe te pas, vanweë sy binnelandse beleid en diskriminerende wetgewing. Etlike fabrieke en maatskappye was die afgelope tyd verplig om hul personeel te verminder deur mense af te dank terwyl talle heeltemal gesluit het. Produksies is ingekort en mense is ontslaan. Dit lyk nie asof die internasionale beeld van Suid-Afrika aan die verbeter is nie en verdere ekonomiese aksie moet teen die land verwag word.

Vinnig het die werkloosheidsprobleem ongekende afmetings aangeneem en (soos in ander lande) word Suid-Afrika se werkers uit die laer groep die swaarste getref. Hulle het geen aandeel in die hele probleem nie en ook geen beheer daaroor nie.

5.3.5.2.2 Persoonlike Faktore

(i) Gebrekkige Opvoeding en Opleiding

Dit is nie alleen moeilik vir 'n persoon sonder opvoeding en opleiding om seker te wees van sy werk nie, maar sou hy werkloos word, is dit vir hom baie moeilik om nuwe werk te bekom. Die onderste groep word natuurlik die eerste getref. Hulle toon dikwels vanweë hulle omstandighede min inisiatief en motivering en het 'n gebrek aan beroeps- en verbale vermoëns, terwyl leierskapshoedanigheid omtrent heeltemal afwesig is. Beskikbare statistiek dui aan dat by die ongeskoolde Kleurlingwerkers 'n baie hoër persentasie werkloses te vind is as by die professionele en semi-professionele werkers.

(ii) Die Werker en Drankmisbruik

Drankmisbruik is 'n wesenlike probleem onder die laagste groep in die Kleurlinggemeenskap. Hoe meer alkoholgesentreerd 'n persoon raak, hoe waarskynliker is dit dat hy sy werk sal verwaarloos en uiteindelik verloor. Nie alleen verrig die persoon wat alkohol gebruik sy werk op 'n onbetroubare en oneffektiewe wyse nie, maar is hy dikwels van die werk afwesig. Daarom word hy makliker afgedank. Werkgewers oor die algemeen het min simpatie met 'n werker met 'n geskiedenis van drankmisbruik. Talle broodwinners wat deel uitmaak van diegene wat in gemeenskapsarmoede verkeer, het werkloos geword vanweë hul drankprobleem.

(iii) Swak Fisiese en Geestesgesondheid

Die gesondheidstoestand van die armste deel van die Kleurlinggemeenskap hang ten nouste saam met hul sosio-ekonomiese omstandighede. Soos reeds aangedui, word die gesondheidspeil beïnvloed deur lae inkomste, swak eetgewoontes, karige kleding en uiters swak behuising. Swak werksomstandighede en lang werksure takel ook die liggaam af. Die ongeskoolde werker is blootgestel aan stof, geraas en chemiese en ander gifstowwe wat die liggaam met verloop van tyd ernstig benadeel. Spanningstoestande dra ook by. Dit is die werker wat weens sy siektetoestand dikwels afwesig is van die werk en uiteindelik afgedank word.

5.3.5.3 Die Gevolge van Werkloosheid

(i) Verlies aan Inkomste

Wanneer die broodwinner werkloos word, is onmiddelike verlies aan inkomste (die eerste belangrikste) gevolg. Baie Kleurlinggemeenskappe leef reeds in haglike omstandighede en is nou verplig om hul lewenstandaard meer drasties te verander. Swak loon het hulle nie in staat gestel om iets te spaar vir die dag van nood nie en dus verkeer hulle dadelik in die grootste ellende. Daar is geen voedsel nie, die huishuur is agterstallig en die kleding word karig.

Die enigste uitweg is om in bedelaarsgestalte hul te wend tot staatsdepartemente of tot welsynsorganisasies en kerke om net in hul basiese behoeftes te kan voorsien.

(ii) Verlies van Status

Die status van 'n gesin word bepaal deur die beroep van die broodwinner en sy inkomste. Indien hy werkloos word, raak dit onmiddellik die status van die gesin. Die gesin moet miskien na 'n armer woongebied verhuis. Talle gesinne verloor hulle huise en is verplig om by familie of vriende te gaan inwoon. Dit lei tot oorbewoning, wat die sielkundige en emosionele eenheid van die gesin aantas.

(iii) Verlies aan Maatskaplike Kontak

Werkloosheid veroorsaak dat 'n gesin dikwels na 'n vreemde woongebied moet trek -- weg van hul bekende omgewing, hul kerk, vriende, skool, ensovoorts. Maatskaplike kontak word geaffekteer. Dit het meermale tot gevolg dat gesinne hulself isoleer. Hulle weier om by die nuwe omgewing in te skakel en word vereensaam. Dit kom veral in die Kaapse Skiereiland voor waar 'n gesin in 'n goeie buurt gewoon het. Hulle moet wegtrek. Omdat hulle steeds 'n hoër statusbeeld van hulself het, weier hulle om in te skakel by mense met 'n laer status in die swakker woongebied.

(iv) Verlies aan Selfrespek

In gevalle waar die werklose 'n broodwinner is en sy gesin nie langer kan onderhou nie, word sy selfbeeld ernstig geraak. Trouens, dit is sy werk wat hom 'n status in die samelewing gee en as hy dit verloor, verloor hy nie alleen

sy inkomste nie, maar sy selfrespek. Talle werkloses in die Kleurlinggemeenskap toon tekens van mense met 'n swak selfbeeld en het geen selfvertroue om werk te vind nie.

**(v) Verlies aan Gesin-stabiliteit**

In die meeste gevalle in die Kleurlinggemeenskap waar die broodwinner sy werk verloor, is die vrou verplig om te gaan werk ten einde die pot aan die kook te hou. Dit het 'n rollekrisis in die gesin tot gevolg, wat tot spanning in die huwelik kan lei. Kinders is ook verplig om die skool vroeg te verlaat ten einde die gesinsinkomste aan te vul. Die vader neig dan om sy posisie as gesagsfiguur te verloor. As hy vir 'n lang periode werkloos bly, begin die vrou en kinders hom blameer vir die feit dat hy geen bydrae lewer tot die inkomste van die gesin nie. Die vader begin skuldig voel teenoor sy vrou en hulle seksuele en emosionele verhouding word nadelig geraak. Spanning in die gesin neem toe en gesinsverbrokkeling is dikwels die uiteindelike gevolg.

**(vi) Verlies aan Integriteit**

Daar is beslis 'n verband tussen werkloosheid en verskillende gedragsafwykings. Omstandighede het 'n invloed op die tipe misdaad wat gepleeg word. Werkloses word makliker verbitterd, gefrustreerd en gespanne wat aanleiding tot gewelddadigheid gee.

'n Toename in alkoholgebruik is dikwels teenwoordig by die werklose om spanning en frustrasie teë te werk. Die Burger van 14 Mei 1985 noem onder andere die volgende:

* Drankmisbruik weens die spanning en frustrasie van werkloosheid neem toe. By die Toevlug Rehabilitasie-Sentrum te Worcester waar daar baie min pasiënte was, is nou 'n waglys.
* Kinderverwaarlosing neem toe -- meer kinders is by die Steinthal Kinderhuis opgeneem weens verwaarlosing en verbrokkelde gesinne.
* Prostitusie wat voorheen beperk is, het ongekende

afmetings in Mitchell's Plain aangeneem. Dit hou regstreeks verband met die feit dat werk vir vroue al skaarser word.

* Talle het weens die spanning, veroorsaak deur omstandighede, siek geword.

* Talle mense het kerkloos begin word en op godsdienstige gebied aan hulle geloof begin twyfel. (172)

Volgens 'n berig in **Die Burger** van 4 Maart 1985, is werkloses ondersoek en is gevind dat hulle veral geestelike klagtes het en meer neerslagtig is as werkende mense. Hulle het ook meestal liggaamlike ongesteldheid. Hulle is senuagtig, prikkelbaar, moedeloos, vergeetagtig en hulle slaap slegter as werkendes. Werkloosheid raak nie net die werklose persoon en sy gesin nie, maar het implikasies vir die gemeenskap, sowel as die land in die algemeen.

### 5.3.6 Gemeenskapsgeriewe

In die meeste van die nuut-ontwikkelde gebiede waar die Kleurling gevestig is weens die Wet op Groepsgebiede, bestaan daar 'n groot gebrek aan gemeenskapsgeriewe. Strate is swak verlig en baie huise is nie van elektrisiteit voorsien nie. Die gevallestudie van die Tweede Carnegie Ondersoek wat oor armoede by woonbuurtes in die Kaapse Skiereiland gaan, toon duidelik dat daar in die gebied 'n baie groot gebrek aan gemeenskapsgeriewe is. Voorbeelde van hierdie gebrek word vervolgens kortliks genoem.

**(a) Kinderbewaarskole**

* **Elsiesrivier**

Volgens 'n vyfjaar plan van die Afdelingsraad is 'n behoefte aan die oprigting van 19 bewaarskole geïdentifiseer, maar tans is daar slegs 5. As in aanmerking geneem word dat daar in Elsiesrivier 9 000 kinders onder 5½ jaar is, kan 'n idee aan die behoefte aan voorskoolse fasiliteite gevorm word. Meer as die helfte van getroude vroue moet tuis bly omdat hulle geen versorgingsoord vir hulle kinders het nie. Volgens bogenoemde studie soek etlike moeders desperaat na 'n plek om hul kinders te plaas omdat hulle verplig is om te gaan werk. Dit is uiters gevaarlik om in sulke woonbuurtes kinders sonder behoorlike versorging tuis te laat.(173)

* **Philippi**

In die hele Phillippi area is daar geen voorskoolse fasiliteite nie. Moeders neem hulle kinders saam werk toe waar hulle op die ver-

skillende plase werk. Daar is ook gevalle waar die kinders in die sorg van ouer kinders gelaat word, wat uit die skool vir die doel gehaal word. (174)

* Lavender Hill

'n Crêche is in 1977 by die huis van 'n sekere vrou begin nadat sy bedags kinders gevind het wat besig was om kos uit vullisdromme te eet. Sy het in die eerste week 31 kinders ingeneem; haar waglys is tans meer as 280. Die fooi is maar R1,50 per week. Sy neem die kinders in groepe na die Lavender Hill kliniek. Volgens haar het die gesondheidsinspekteur haar in kennis gestel dat die huis heeltemal te klein is vir die aantal kinders. Die verslag verwys na die omstandighede soos volg:

> Mrs C says the children have nowhere to play in the streets. There are no swings, no swimming pools, no libraries. Outside the flats you have concrete slabs with washing lines and rubbish bins. Because the Council was not responding to community demands the Lavender Hill Residents Association came into being. (175)

**Bejaardesorgprogramme**

In Elsiesrivier is daar ongeveer 3 700 bejaardes. Daar is geen programme of fasiliteite vir hulle nie. Bejaardes het ook groot probleme om hulle pensioene te kry omdat die poskantoor ver geleë is. Skollies beroof gereeld die bejaardes van hul geld wanneer hulle hul pensioene gaan trek. In Clarke Estate is daar geen publieke telefoon, geen poskantoor, bioskoop, sportvelde, parke of swembad nie. Daar is geen gemeenskapsentrum vir bejaardes nie. As gevolg van gebrekkige fasiliteite kom ledigheid en bendevorming in die gebied voor.
Clarke Estate en Elsiesrivier is geensins uniek nie. Wat in die twee woongebiede voorkom is dikwels die geval in die meeste woonbuurtes waar die laagste groep uit die Kleurlinggemeenskap woon.

Gillis rapporteer uit sy opname:

> This survey has shown that there is a generally low participation in socially integrating activities such as sports clubs, educational groups, church organisations and musical societies particularly amongst the lower class, and the individual has therefore a diminished opportunity for support from the community. (176)

Gemeenskapsbande in hierdie gemeenskappe is swak en gesinne is grootliks op hulself aangewese. Dikwels ontwikkel daar binne sulke gesinne 'n wye reeks afwykende gedragspatrone, insluitende drankmisbruik.

In 'n ondersoek na die probleem van drankmisbruik onder Kleurlinge te Newtown, Durbanville, het Louw (177) gevind dat afwesigheid van ontspanningsgeriewe in verband gebring moet word met die hoë voorkoms van drankmisbruik oor die naweke. Ontspanning het hoofsaaklik bestaan uit kerkaktiwiteite, die radio, sportbywoning en besoeke aan vriende. Ook die Theron-Kommissie het bevind dat vryetydsbestedingsfasiliteite vir Kleurlinge onvoldoende was. Volgens hierdie verslag moet die aard van vryetydsaktiwiteite gesien word teen die agtergrond van swak fisieke maatskaplike lewensomstandighede soos armoede, oorbewoning en 'n gebrek aan ruimte en fasiliteite. (178)

Gebrekkige behuising en onvoldoende gemeenskapsgeriewe, gepaardgaande met lae besoldiging weens lae opvoedkundige standaarde en armoede in 'n gemeenskap, kan aanleiding gee tot die ontstaan van geestelike armoede-toestande, wat gekenmerk word deur 'n gebrek aan stabiele toekomsverwagtings. 'n Fatalistiese ingesteldheid, wat primêr sentreer om onmiddellike behoeftes, ontstaan dikwels waar 'n geestelike sindroom vorm. In die sosiaal-onaantreklike toestande waarin 'n groot deel van die Kleurlinge hulle bevind, raak oormatige drankgebruik as ontvlugtingsmiddel 'n voorspelbare vorm van maatskaplike gedrag.

## 5.4 Onderwys

Dat Kleurling-onderwys in 'n krisis is, is nie te betwyfel nie. In 1976, 1980 en veral 1985 het die onluste in die land ook skoolboikotte ingesluit. Oor die onderwyskrisis van 1985 spreek Van den Heever, Adjunk-President van die Kaaplandse Professionele Onderwysunie (KPO),hom soos volg uit:

> Die afgelope 8 maande was seker die moeilikste tydperk wat ons nog ooit in ons onderwysgeskiedenis beleef het. In 1985 is tot op hede die jaar waar daar die naaste gekom is aan die totale heengaan van die opvoeding van 'n hele geslag jongmense in die Wes-Kaap en omstreke. Dat daardie krisis gepaard gegaan het met die dood, fisieke verminking en verknegting van honderdtalle jongmense, het slegs 'n meer skrikwekkende dimensie verleen aan die grusame verlies wat die gemeenskap moes ly in die voltrekking van wat baie as die "bevrydingstryd" van die verdruktes beskou het. (179)

Daar is noue verband tussen 'n minderwaardige opvoedingstelsel, armoede en politieke onderdrukking.

Dit is treffend dat toe die President van die KPO, mnr Franklin Sonn, tydens 'n Kongres te Paarl op 4 November 1978 gepraat het oor die onderwyser en sy gemeenskapsband, het hy na die Kleurlinggemeenskap soos volg verwys:

> Die Kleurlinggemeenskap is grotendeels 'n verarmde werkersklas, wat hom in 'n ontwikkelde geïndustrialiseerde land bevind en uit die aard van sy oorsprong, oriëntasie, kultuur en **Weltanschauung** ten nouste Suid-Afrikaans is.

## TABEL 4.20

## BEVOLKING VAN KLEURLINGSKOLE IN DIE RSA, 1964 - 1980

| Jaar | Aan-passingsklasse | STANDERD A | B | 1 | 2 | STANDERD 3 | 4 | 5 | Totaal | STANDERD 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1964 | - | 85 089 | 63 737 | 57 352 | 47 652 | 40 209 | 31 727 | 23 702 | 349 468 | 18 305 | 9 163 | 6 138 | 2 280 | 1 378 | 37 264 |
| 1965 | 180 | 78 906 | 66 510 | 56 827 | 46 876 | 38 598 | 30 240 | 22 622 | 340 935 | 16 240 | 9 204 | 5 765 | 1 987 | 1 466 | 34 662 |
| 1966 | 376 | 79 187 | 67 889 | 62 226 | 49 203 | 40 263 | 31 938 | 23 440 | 354 532 | 17 168 | 9 446 | 5 999 | 2 072 | 1 383 | 36 068 |
| 1967 | 688 | 82 730 | 68 168 | 63 680 | 53 925 | 42 049 | 33 263 | 25 002 | 369 505 | 17 675 | 10 420 | 6 354 | 2 439 | 1 496 | 38 384 |
| 1968 | 1 116 | 89 823 | 74 428 | 67 142 | 59 203 | 49 014 | 37 294 | 27 856 | 405 876 | 21 181 | 11 861 | 7 194 | 3 115 | 1 644 | 44 995 |
| 1969 | 1 337 | 93 289 | 77 111 | 70 076 | 60 266 | 51 694 | 41 924 | 30 471 | 426 168 | 22 908 | 13 654 | 8 294 | 3 298 | 1 955 | 50 109 |
| 1970 | 1 507 | 95 065 | 81 076 | 71 212 | 60 278 | 53 020 | 42 598 | 32 449 | 437 205 | 24 098 | 14 331 | 9 275 | 3 494 | 1 948 | 53 146 |
| 1971 | 1 891 | 99 231 | 82 133 | 74 020 | 61 705 | 53 829 | 44 882 | 34 220 | 451 911 | 26 587 | 15 639 | 10 183 | 3 783 | 2 088 | 58 280 |
| 1972 | 2 193 | 100 827 | 86 212 | 76 673 | 64 729 | 56 356 | 47 209 | 37 291 | 471 489 | 28 115 | 17 091 | 11 102 | 4 468 | 2 348 | 63 124 |
| 1973 | 2 377 | 104 954 | 88 944 | 80 592 | 68 048 | 59 868 | 49 073 | 38 740 | 492 596 | 31 533 | 18 870 | 12 954 | 5 078 | 2 758 | 71 193 |
| 1974 | 2 786 | 107 386 | 92 495 | 83 685 | 71 678 | 62 401 | 52 683 | 40 390 | 513 504 | 32 070 | 23 169 | 14 181 | 5 777 | 3 149 | 78 346 |
| 1975 | 3 333 | 108 560 | 92 832 | 87 073 | 72 832 | 65 094 | 54 832 | 43 461 | 528 017 | 32 696 | 25 024 | 15 823 | 6 515 | 3 719 | 83 777 |
| 1976 | 3 782 | 108 741 | 95 703 | 88 148 | 76 146 | 66 748 | 58 019 | 46 450 | 543 737 | 34 887 | 25 908 | 16 783 | 8 516 | 3 800 | 89 894 |
| 1977 | 4 215 | 112 445 | 96 023 | 90 505 | 78 244 | 69 728 | 60 405 | 19 548 | 561 113 | 38 284 | 28 995 | 16 815 | 10 111 | 5 602 | 99 807 |
| 1978 | 4 454 | 113 448 | 99 079 | 91 159 | 80 837 | 71 948 | 62 607 | 52 260 | 575 792 | 40 699 | 32 591 | 20 472 | 11 297 | 6 991 | 112 050 |
| 1979 | 4 910 | 111 756 | 100 519 | 93 631 | 82 427 | 74 425 | 64 847 | 54 617 | 587 132 | 42 076 | 34 786 | 22 442 | 13 497 | 7 727 | 120 526 |
| 1980 | 5 424 | 109 876 | 100 324 | 95 187 | 84 023 | 76 682 | 66 872 | 56 022 | 594 410 | 43 206 | 35 515 | 22 751 | 15 938 | 8 720 | 126 180 |
| 1981* | 5 296 | 108 543 | 99 526 | 96 754 | 87 367 | 80 737 | 72 024 | 61 266 | 611 513 | 49 290 | 40 115 | 26 698 | 16 474 | 9 772 | 142 349 |

* Die syfers vir 1981 reflekteer die inskrywings vir die Eerste Kwartaal

> Die uitstaande kenmerk omtrent hierdie gemeenskap is seker sy armoede. HIerdie probleem van armoede manifesteer hom in sy verskeie gedaantes wat aanleiding gee tot 'n eie benadering. Daar word tewens na die gemeenskap verwys as synde agtergeblewendes, benadeel en verarm. (180)

In onderwysverband is dit nodig om veral te let op die problematiek rondom vroeë skoolverlating en hoë druipsyfer in die Kleurlingskole asook die moontlike redes vir die ontevredenheid by die jeug oor die onderwysstelsel.

### 5.4.1 Die Problematiek rondom Vroeë Skoolverlating en hoë Druiping

Die aangehegte tabel 4.20(bladsy 200 ) oor die bevolking van Kleurlingskole in die RSA van 1964 - 1980 bevat gegewens wat kommer wek.

In 1968 was daar byvoorbeeld 89 823 ingeskrewe leerlinge in Sub st. A, maar twaalf jaar later was daar slegs 8 770 in Matriek. Tussen Sub st A en st 5 het 'n totaal van 55% langs die pad die skool verlaat of gedruip. Tussen st 5 en st 10 het 'n verdere 35% in die slag gebly. Slegs 9% het uiteindelik Matriek bereik.
In 1985 was daar 17 006 leerlinge in Matriek. Hulle was die oorblyfsels van 107 500 Sub. st A leerlinge wat in 1974 ingeskryf het; 90 500 het dus nie in Matriek uitgekom nie.

In onderstaande tabel 4.21 word die uitvalsyfer tussen Sub st A en st 4 getoon. In 1984 het slegs 74% van die leerlinge st 4 gehaal. Die afleiding kan gemaak word dat 26 uit elke 100 skoolverlaters as funksioneel ongeletterd beskou kan word. Dit is 'n uiters ongewenste situasie vir 'n gemeenskap om met duisende ongeletterdes te sit.

TABEL 4.21 (181)
**Persentasie Leerlinge wat St 4 (dws funksionele geletterdheid) en St 10 bereik in die Verskillende Rassegroepe: 1973 - 1990**

| | 1973 | | 1984 | | 1990 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| GROEPE | ST 4 | ST 10 | ST 4 | ST 10 | ST 4 | ST 10 |
| | % | % | % | % | % | % |
| BLANK | 88 | 56 | 95 | 73 | 97 | 79 |
| ASIëR | 83 | 25 | 100 | 58 | 96 | 79 |
| KLEURLING | 56 | 5 | 74 | 22 | 86 | 29 |
| SWART | 43 | 4 | 55 | 16 | 62 | 23 |

Die posisie wat tabel 4.21 weerspieël, veral waar dit die hoë voorkoms van funksionele ongeletterdheid impliseer, is wel ongunstig. Tog moet daar op gewys word dat daar in die 17 jaar wat die syfers dek, ongetwyfelde vooruitgang op onderwysgebied behaal sal wees. Die persentasie Kleurlingleerlinge wat Matriek behaal, sal in 1990 met so-te-sê ses vermenigvuldig het. Drie uit tien Kleurlingkinders wat skoolgaan, bereik dan die boonste klas. Sewentien jaar tevore in 1973 was dit maar een uit twintig.

**5.4.1.1 Die Samelewing in Sy Wydste Konteks**

Volgens Vergotine, lid van die Hoofbestuur van KPO, is druiping en vroeë skoolverlating toe te skryf aan sosio-ekonomiese, en politiek-ontberende faktore vanweë die heterogene samelewing waarin die gemeenskap hom bevind. Hy stel dit soos volg:

> Ons skoolverlaters is kinders van ons agterblewendes, en as sulks voel hulle, net soos hul ouers, 'n magtelose en armoedige minderheid -- met die gevolg dat ons kinders optree soos hulle voel: 'n doodnormale verskynsel vir mense sonder toekomsvisie, wat impliseer dat dit vir ons kinders "normaal" is om onder hierdie druk te ontaard in vroeë skoolverlaters. (183)

**5.4.1.2 Huislike Probleme**

Die huis en die gesin het volgens Vergotine 'n sekere basiese funksie om te vervul. Wanneer die funksie verwaarloos word, word die kind benadeel. Faktore soos armoede, werkloosheid, gebroke gesinne, drankmisbruik en vele ander menslike ontberings speel 'n rol om die toekomsverwagtinge dood te smoor. Skoolverlating is die tragiese gevolg van die bose kringloop.

**5.4.1.3 Die Uitwerking van Ongelyke Beregtiging in die Onderwysstelsel**

Vergotine (184) wys daarop dat etniese onderwys groot frustrasie, haat en verbittering by die "Kleurling" skoolgaande jeug tot gevolg het. Volgens hom is die vernietigende uitwerking van die 1985 skole-onrus ontleed en dit blyk dat die kinders nie meer tevrede is met die huidige toedrag van sake nie. Dit is die rede waarom duisende kinders in die stede tussen St 6 en St 10 nie meer in 1986 na die skole teruggekeer het nie. Hy voorsien 'n rampspoedige toekoms indien iets drasties nie aan die saak gedoen word nie.

Hy wys verder op die geweldige groot agterstand van die Kleurlingkind ten opsigte van die Blanke skoolgaande kind met betrekking tot die voorsiening van fisiese skoolgeriewe. Akkommodasie bly reeds jare lank 'n knellende probleem. Hy druk dit soos volg uit:

> Oorvol klasse, boeke en voorraadtekorte, dubbelskofklasse, lae monitêre toekennings, onderbetaalde onderwysers, ontoereikende skoolsielkundiges en maatskaplike dienste en nog vele ander probleme het al 'n "aanvaarde" deel van ons onderwysopset geword. Die negatiewe uitwerking van hierdie neerdrukkende toestande op die skolastiese vordering van ons kinders word dikwels hopeloos onderskat. (185)

5.4.1.4 Gebrekkige en Ongelyke Onderwysfinansiering

TABEL 4.22 (186)

Per Capita Besteding aan Leerling in Rand Per Jaar

| JAAR | SWARTES | KLEURLINGE | ASIëRS | BLANKES |
|---|---|---|---|---|
| | RPA | RPA | RPA | RPA |
| 1979 - 1980 | 71 | 234 | 390 | 1 169 |
| 1981 - 1982 | 111 | 419 | 798 | 1 221 |
| 1982 - 1983 | 126 | 593 | 871 | 1 385 |

TABEL 4.23 (187)

Beraamde Onderwysbesteding aan Skole in Miljoen Rand

| | 1983/84 | 1990/91 |
|---|---|---|
| BLANK | 1 168 | 1 543 |
| ASIëR | 228 | 317 |
| KLEURLING | 501 | 842 |
| SWART | 1 076 | 1 228 |
| TOTAAL | 2 973 | 4 930 |

Bostaande syfers toon die verskil tussen die besteding aan onderwys van die onderskeie bevolkingsgroepe. Besteding aan die Blanke groep is aansienlik hoër as die aan ander groepe. Die grootste gedeelte uitgawe op onderwysgebied is egter vir salarisse, wat verband hou met kwalifikasies. Dit is 'n belangrike rede vir die verskille, want onderwysers in blanke skole is in die algemeen aansienlik beter gekwalifiseerd.
Die <u>per capita</u> besteding aan Blanke leerlinge was byvoorbeeld in 1979 - 1980 62,71% van die totale besteding, teenoor die van die Asiërs met 20,92%, Kleurlinge met 12,55%, en die Swartes 3,80%. Die Asiërs se besteding was 33% van die Blanke besteding en die van die Kleurling 20% terwyl die Swartes maar 6% van die Blanke se besteding ontvang het.
Vir 1981 - 1982 was die Blankes 47,90%; Asiërs 31,30%; Kleurlinge 16,43% en Swartes 4,35% van die totale per capita besteding aan leerlinge in

Rand per jaar.

Wat die beraamde onderwysbesteding aan die verskillende skole betref, is daar ook 'n groot verskil in besteding aan die Blanke groep. Vir die jaar 1983/84 in persentasies uitgedruk, lyk dit soos volg: Blankes 39,28%; Asiërs 7,60%; Kleurlinge 16,85% en Swartes 36,9%. Volgens projeksies vir 1990/91 sal verskille steeds bestaan en lyk dit soos volg: Blankes 31,29%; Asiërs 6,43%; Kleurlinge 17,07% en Swartes 24,90%.

Dit is die staat se verantwoordelikheid om die fondse vir die onderwys te voorsien en dit is slegs die staat wat kan voldoen aan die hoë eise wat onderwysfinansiering stel.

Die bostaande tabelle lig die geweldige agterstand wat die Kleurling-onderwys teenoor die wit onderwys ervaar, uit. Volgens Vergotine (188) het die navorsing getoon dat die onderwysbegroting sedert die 1973/74 boekjaar van R69 miljoen gestyg het tot R133 miljoen in 1977/78. Dit is 'n styging van 92,4%. Ten spyte van die verbeteringe steek die Kleurling-onderwys nog steeds sleg af by dié van die Blanke groep.

Die ongelykheid word duidelik weergegee deur Franklin Sonn (189). Volgens hom was die monitêre uitgawe per capita (vir Kleurlinge) vir die fiskaaljaar 1971-72 R91,04; vir die primêre skool gemiddeld R94,91; terwyl die beraamde uitgawe vir dieselfde tydperk vir Blankes gemiddeld R461 was. In Maart 1975 maak die Minister van Statistiek in die Parlement bekend dat die staat in die boekjaar 1974/75 R628 miljoen aan Blanke leerlinge bestee het teenoor R108 miljoen aan Kleurlinge. As in aanmerking geneem word dat daar toe, volgens Sonn, bykans 650 000 Kleurlingkinders op skool was teenoor die om en by 250 000 Blankes, spreek die syfers vir hulself. Net om die akkommodasie-tekort uit te skakel, sal omstreeks R35 miljoen benodig word.
Die suksesvolle implementering van gedifferensieerde onderwys kan nie in die onderwysstelsel deurgevoer word nie, as gevolg van gebrekkige finansiering. Dit loop uit op 'n swak skolastiese vordering en die uiteindelike uitsaksyfer.

**5.4.1.5 Gebrekkige Skoolsielkundige Dienste**

Volgens Vergotine bestaan daar skoolsielkundige dienste, maar dit steek baie sleg af by dié van Blankes. In 1980 is aanpassings en remediërende onderwys aan slegs 6 510 leerlinge in 407 klasse by 168 primêre skole aangebied. Die Kleurlingonderwysstelsel beskik slegs oor EEN skoolkliniek vir die hele Republiek, terwyl vir die Blankes op haas elke groot dorp so 'n diens bestaan. Daar is 'n tekort aan vakinspekteurs (sielkunde) terwyl die voorligtingsprogramme by sekondêre skole nie na wense funksioneer nie.

Die tekort aan personeel verklaar waarom sielkundige dienste so ontoereikend is en waarom leerlinge, veral in die platteland, nog nie bereik kon word nie. (190)

Met so 'n ontoereikende diens kan uitvoering nie verleen word aan die universele pedagogiese beginsel nie, naamlik dat ELKE kind, ongeag sy aanlegte, fisiese en verstandelike vermoëns, belangstellings en talente, die tipe onderrig en fasiliteite moet geniet wat hom in staat stel om maksimaal te ontplooi en tot ware lewensvervulling te kom nie. Dit is dus nie vreemd as daar 'n hoë druip-en uitsaksyfer voorkom nie.

**5.4.1.6 Die Gevolge van Vroeë Skoolverlating**

Vergotine beskryf die gevolge van vroeë skoolverlating treffend soos volg:

> Vroeë skoolverlating is die kragopwekker van 'n heillose en bose kringloop van armoede en ontbering, en is in die proses 'n menslike verspoelingsaksie wat sy onooglike werke op die individu, die gesin en die gemeenskap laat. (191)

Die vroeë skoolverlatende kind maak dikwels vanweë sy ledigheid kontak met slegte elemente in die gemeenskap en is 'n potensiële jeugmisdadiger. Volgens 'n studie deur Slabbert (1980) by die Instituut vir Kriminologie aan die Universiteit van Kaapstad, het 58% van die stokkiesdraaiers by bendes aangesluit en hulle aan misdadigheid skuldig gemaak. Hulle ontwikkel dikwels tot volwasse misdadigers. (192)

Vergotine wys daarop dat die vroeë skoolverlater ook deur die gemeenskap ge-etiketteer/gebrandmerk word, wat baie skadelik is vir die gesonde ontwikkeling van die kind se selfbeeld. Hy voel verworpe en openbaar vyandige, gewelddadige en aggressiewe gedragsafwykings.

Binne die gesinsverband veroorsaak so 'n kind steuring en spanning. Die kind se optrede het 'n invloed op die jonger gesinslede en dit plaas 'n stigma op die hele gesin.

Die vroeë skoolverlater beroof die gemeenskap van 'n potensiële produktiewe en denkende jongmens wat 'n opbouende bydrae kon lewer tot die ontwikkeling van sy gemeenskap. Hy ontwikkel dikwels in 'n gewelddadige wettelose persoon wat vir die gemeenskap 'n groot las is en met sy negatiewe gedragspatrone die gemeenskap benadeel.

Die probleem kan alleen suksesvol opgelos word as die gemeenskap bevry kan word van armoede. Daadwerklike maatskaplike, politieke, ekonomiese en sosiale hervorming is nodig. Gelyke onderwysfinansiering en 'n een onderwysstelsel moet kom. Vergotine se oplossing is die volgende:

> Die oplossing van die probleem lê veral en hoofsaaklik in die omskepping van "mense wat nie het nie" in "mense wat het", met ander woorde 'n politieke oplossing. (193)

### 5.4.2 Moontlike Ontevredenheid by die Jeug oor die Onderwysstelsel

Watter verband is daar tussen die swak sosio-ekonomiese posisie van die Kleurling, sy politieke ongelykheid en die groot ontevredenheid by die jeug oor die huidige onderwysstelsel? Skrywer meen dat die skole-onluste en die vreeslose optrede van die jeug direk toegeskryf kan word aan 'n gevoel van magteloosheid en frustrasie wat veroorsaak word deur armoede, diskriminasie, en die ideologie van apartheid. Die ontevredenheid, oproerigheid, geweld, boikotte en onluste is maar net die jeug se boodskap dat hulle nie langer die ongelykheid en onderdrukking op grond van hul velkleur sal aanvaar nie.

Sonn noem 'n aantal interessante redes vir die optrede van skoolgaande jeugdiges:

**Possible reasons why young people revolt:**

1. **Young people's perception of the future in terms of the past:**

   Education is essentially about the future. Young people must want the future and must be prepared to work towards the future. There is, however, the perception among the youth that if the future is an extension of the unacceptable present then they must disrupt the present to make the future expendable. At best they will drag their heels into the future.

2. **The ambivalence of the youth about their parents**

   Young people feel ambivalent about their parents. They love them because they are their parents. They pity them because they have been shown up and emasculated by apartheid They are enraged that their parents did not resist when their legacy was estranged from them with the application of the Group Areas Act. When their parents admonish them they are inclined to retort: "If you had fought when you had to, it would not have been necessary for us to do so now." They also resent those who have diminished their parents in their eyes and want to settle scores with them.

3. **The lack of identification of the youth with society and its symbols**

   It is important for educators to be able to hold out national and other symbols to young people; symbols which signify the ethos and the deepest values of a nation or society which will inspire young people to qualify themselves to not only participate in the improvement of their country, but to live and die for it.

   Because of apartheid the symbols of identification and patriotism have become the symbols of oppression and violation. What therefore exists to unify and inspire now serves to divide and destroy.

3. **The ambivalence about authority**

> Underpinning the educational process must be an authority system in which the young believe, with which they identify, and from which they derive a sense of security. It is quite apparent that the young at the very least lack this identification with the structures and the authorities in control of the educational structures. This scepticism is exacerbated by the extent to which the authorities defend the apartheid structures. Where the educational authorities are seen to be resisting the apartheid structures the identification of young people increases. In a sense the identification is therefore for negative rather than positive reasons.
>
> **5. Young people have a pervading feeling that society is not offering them a fair opportunity to make it in life**
>
> Young people are generally aware of racist norms in the assessment of merit. They feel that the faults of Blacks are magnified while those of Whites are rationalised. They also feel that they are merely employed because there are no Whites available and that their presence is generally resented.
>
> **6. Young people have a strong identification with adults who fight the system and see nothing good in it**
>
> Young people generally approve of adults who are militant, damning and uncompromising. They are suspicious about adults who declare their opposition to apartheid, while at the same time demanding that matters like educational opportunity are non-negotiable. They consider this to be compromising. **(194)**

Dit is dus duidelik dat die jeug die opvoedingstelsel sien as die voortsetting van die beleid van onderdrukking en diskriminasie wat ook verantwoordelik is vir die toestand van armoede en agterstand wat hulle ervaar.

Alle vorms van gesag word deur die jeug uitgedaag omdat hulle van oordeel is dat hulle of meedoen aan die onaanvaarbare beleid of dit te gelate aanvaar. Selfs hul ouers word verwyt as medeverantwoordelik vir die huidige opset vanweë hul passiewe optrede. Alle instellings, onder andere die onderwys, word beskou as deel van die bestel van onderdrukking. Aan die wortel van dit alles lê apartheid.

Groenewald beskryf die verband tussen onderwys en apartheid treffend. Hy wys daarop dat die ideologiese doelwitte van onderwys-apartheid reeds in 1953 by die instelling van Bantoe-onderwys geblyk het. Hy haal die woorde van dr Verwoerd aan wat hom soos volg uitgelaat het:

> Wat help dit om matesis te leer aan 'n Bantoe-kind wat dit nie prakties kan gebruik nie? Dit is totaal onsinnig. [Onderwys] moet mense oplei en onderrig volgens hulle lewenskanse, volgens die sfeer waarin hulle leef. **(195)**

Volgens Verwoerd is die skeiding van onderwysdepartemente vir verskillende bevolkingsgroepe regverdig, aangesien daar volgens die beleid van apartheid vir Swartmense nie plek vir sekere vorme van arbeid in die Blanke same-

lewing was nie.

In 1963 en 1965 word Kleurling-onderwys en Indiër-onderwys onderskeidelik na afsonderlike staatsdepartemente oorgedra. Hieroor gaan Groenewald soos volg voort:

> Benewens die griewe wat voortgespruit het uit die geweldige verskille in owerheidsbesteding en in die gehalte van onderrig aan kinders van die verskillende bevolkingsgroepe, is die persepsie by die swart groepe gevoed dat onderwys-apartheid bedryf word met die doel om Blanke dominasie en welvaart in stand te hou - 'n persepsie wat strook met die ideologiese doelwitte hierbo en wat daarom ten grondslag lê van die krisis in Swart, Kleurling en Indiër-onderwys. (196)

Die ontevredenheid by die jeug is heeltemal te begrype as 'n mens let op staatsbesteding wat Groenewald volgens Mc Grath aantoon vir die bevolkingsgroep in die periode 1949 - 1976.

TABEL 4.24 (197)

PERSENTASIE VAN STAATSBESTEDING AAN BEVOLKINGSGROEPE 1949 - 1976

| GROEP | 1949/50 | 1959/60 | 1969/70 | 1975/76 |
|---|---|---|---|---|
| Swart | 25 | 26 | 25 | 28 |
| Kleurling | 11 | 12 | 13 | 12 |
| Asiër | 3 | 3 | 4 | 4 |
| Blank | 61 | 53 | 58 | 56 |
| TOTAAL | 100 | 100 | 100 | 100 |

Die besteding wat direk aan 'n bepaalde rassegroep gekoppel is, geld slegs ten opsigte van landboudienste en subsidie, onderwys, gesondheid, hospitale en oordragsbetalings (byvoorbeeld pensioene, onderhoudstoelae, werkloosheidsbetalings, ensovoorts.) Volgens Mc Grath is die Blanke per capita-inkomstebesteding in die omgewing van agt keer groter as vir die Swart groepe.

Die De Lange-kommissie (198) het in 1981 ten opsigte van die huidige onderwysbedeling daarop gewys dat daar in die bestaande distribusiestelsel voorbeelde is waar die verskillende rassegroepe op 'n opvallende ongelyke wyse behandel word in die distribusie van die onderwys in terme van <u>per capita</u> - besteding, proporsie gekwalifiseerde onderwysers, gehalte van geriewe soos geboue, toerusting, sportfasiliteite ens. 'n Verdere voorbeeld volgens die Kommissie is waar die toelating tot onderwysgeleenthede hoofsaaklik op 'n rassegrondslag gereguleer word. Die gevolg is dat 'n individu, vanweë die feit dat hy lid van 'n bepaalde rassegroep is, nie sy regmatige aandeel aan onderwys-

voorsiening ontvang of kan ontvang nie. Tereg kom die Kommissie tot die gevolgtrekking dat differensiasie wat op suiwer ras- of kleurverskille berus, nie as relevante gronde beskou kan word vir ongelyke behandeling nie en daarom in stryd is met die sosiaal-etiese eis van regverdigheid. Die Kommissie gaan verder deur daarop te wys dat indien voorsiening gemaak moet word vir 'n program van gelyke gehalte onderwys vir alle bevolkingsgroepe, sal die distribusie van onderwys so ingerig moet word dat elkeen 'n regmatige aandeel sal ontvang, ongeag ras, kleur, sosio-ekonomiese verband, etniese verband, geloof, geslag of geografiese ligging. Ten opsigte van die interpretasie van gelyke gehalte onderwys in terme van geleentheid is die Kommissie van oordeel dat dit beteken dat aan almal, ongeag ras, kleur, taal, sosio-ekonomiese status, geloof of geslag dieselfde kanse gebied word om 'n regmatige aandeel te bekom in die voordele wat die onderwys bied.

Die sosiologiese implikasies van apartheid was dat kontak tussen blank en nie-blank grootliks beperk is tot twee verhoudingstelsels, naamlik die ekonomiese en die magsverhoudingstelsels. In beide verhoudingstelsels het die nie-blankes meestal 'n ondergeskikte posisie beklee. Ten opsigte van alle ekonomiese handelinge (soos die soort werk wat mense mag doen, waar, vir wie, vir watter loon en hoe lank, met wie mense mag handel dryf, watter bedingingsvermoeë hulle het), kan aangetoon word dat die owerheid, dus die Blanke-beheerde staat in Suid-Afrika, ingegryp het op so 'n wyse dat die lewenskanse van groot getalle nie-blankes relatief tot Blankes benadeel is.

In die magsverhoudingstelsel is ongelykheid gekoppel aan bevolkingsgroepklassifikasie en dus aan afkoms, waaraan die oorgrote meerderheid niks kan verander nie. Met toegang tot **wettige mag** beperk tot een bevolkingsgroep, is aan die Nie-blanke minderheid getoon dat die Blanke bereid is om staatsgesag te gebruik selfs waar swart groepe se ondersteuning vir die beleid ontbreek. Bereidheid om die wettige gesag aan te wend beteken bereidheid om wettige geweld te gebruik om die gesag af te dwing wanneer onderdane nie met die reëlings van die staat inskiklik is nie.

Die jeugdiges en skoolgaande kinders uit die Swart-, Kleurling en Asiër gemeenskappe in Suid-Afrika is nie langer tevrede met die bevolkingsgroepklassifikasie, wat hul toegang tot wettige mag beperk

nie, of om hul kerke en skole of huise te ontruim omdat dit in 'n ander ras se groepsgebied val nie.

Hulle weier om te aanvaar dat hul keuse van woonplek, werk, klandisie, passasiers, onderwys, skool, kollege, universiteit, vakbond, politici, strand ens. op grond van hul ras beperk word. Hulle eis die reg tot vrye assosiasie, beweging, bedinging en besit van okkupasie van eiendom.

Die beperkings word met die gesag van die staat op hulle afgedwing. Enigeen wat hom nie na die bepalings of beperkings skik nie, kan wettig gearresteer en gestraf word, of fisiek verwyder word. Sy huis kan fisies vernietig word. Hy kan ingeperk of aangehou word, of, as hy te veel protesteer, kry hy te doen met honde, gas, sambokke, knuppels, koeëls, Casspirs, kanonne of welke magsmiddele die staat ook al gebruik.
Skrywer deel graag die volgende standpunt van Groenewald:

> In die geval van woonbuurtskeiding lê die koste in die verbittering en vervreemding wat deur die toepassing van die Groesgebiedewet meegebring is, en soos ook in die geval van onderwys-apartheid, in die vermindering en uitskakeling van geleenthede om medeburgers te leer ken. Pleks van die wrywing wat hierdie maatreëls gemeen het, uit te skakel, het die samelewing te kampe gekry met veel groter stremming in die struktuur. (199)

Dit word dus duidelik dat apartheid aan die wortel van die ontevredenheid van die jeug en skoolgaande kinders lê. Die onderwysstelsel word geïdentifiseer met die hele ideologie van apartheid. Die onluste by skole wat gepaard gaan met ontevredenheid, oproerigheid, geweld en boikotte is 'n boodskap van die jeug om hul magteloosheid en frustrasie teen die beleid uit te druk. Dit is die gevolg van 'n beleid wat nie alleen mense van hul menswaardigheid beroof nie, maar ook van hulle reg om te deel in die rykdom en voorspoed van hulle vaderland.

## SAMEVATTING

Die Kleurlinggemeenskap kan in drie hoof sosiale groepe verdeel word, nl:

1. Die boonste 20% wat reeds die middelklas-status bereik het. Hulle standaard van lewe kom ooreen met die gemiddelde Blankes in Suid-Afrika.
2. Die laagste 40% wat in 'n posisie van chroniese armoede leef. Die groep is in werklikheid vasgevang in 'n bose kringloop van armoede, of leef in 'n sogenaamde subkultuur van armoede.

3. Tussen die boonste en laagste groep is daar 'n wye spektrum waarin die oorblywende 40% gevind word. Die boonste deel van die middelgroep het ongeveer die middelklas-status van die boonste 20% bereik, terwyl die onderste deel van die middelgroep in 'n sekere sin ook onderworpe is aan die invloed van die subkultuur van armoede.

Dit beteken dus dat tussen 40% en 60% van die Kleurlingbevolking in gemeenskapsarmoede verkeer. Die betrokke groep se toestand van armoede moet nie alleen beoordeel word in die lig van **gebrekkige inkomste** (private bronne) nie, maar dit hou ook verband met die **hoeveelheid** en **kwaliteit** van **gemeenskapsgeriewe** en dienste (openbare bronne), wat opvallend ontoereikend is.

Die groep wat in die omstandighede van gemeenskapsarmoede verkeer, se **lewenstyl** en **houding** wyk in 'n groot mate af van die boonste groep wat meestal 'n middelstand leefwyse handhaaf.
Die onderste groep (of ten minste 'n groot deel daarvan) toon kenmerk soos:

* **gebrek** aan **motivering** en **dissipline** wat in 'n lang reeks mislukkings gesetel is;
* **geneigdheid** tot **kriminele gedrag** en **drankmisbruik** waarskynlik vanweë 'n negatiewe selfbeeld en 'n gevoel van aggressiwiteit teenoor die bevoorregtes in die samelewing;
* **'n sterk teenwoordigheid voorkeur** en **onvermoë** om vir die toekoms te beplan, wat moontlik veroorsaak word vanweë 'n gevoel van magteloosheid en nutteloosheid veroorsaak deur die armoedetoestand waarin hul vasgevang is;
* **'n onvermoë** en **onwilligheid** om **gemeenskapslewe** vir **meervoudige doeleindes te organiseer** vanweë lae aspirasies en mislukte resultate van georganiseerde optrede van die verlede wat gevoelens van frustrasie, fatalisme en magteloosheid verhoog het; en
* ten slotte 'n onvermoë om gesonde gesinslewe en gesinsbande in stand te hou. Dit gaan dikwels gepaard met losse seksverhoudings, buite-egtelike geboortes en matriargale gesinstrukture waar die vrou en moeder die dominante rol speel.

Skrywer huldig die standpunt dat sowel **ongunstige omstandighede** en die **sosialiseringsproses** verantwoordelik is vir die totstandkoming en voortplanting van chroniese gemeenskapsarmoede en die betrokke lewenstyl by die Kleurling. Daar is dus 'n wisselwerking tussen ongunstige om-

standighede en die sosialiseringsproses. Nóg die een nóg die ander in sowel die verlede as die hede, is alleen vir die armoedetoestand verantwoordelik. So 'n benadering gaan mank aan sowel eensydigheid as ekstremisme. Die biogenetiese benadering word verwerp as onwetenskaplik. Daar is bepaalde historiese, politieke en ekonomiese faktore wat 'n bydrae gelewer het tot die ontstaan, bestendiging en voortplanting van gemeenskapsarmoede by die Kleurling. Hierdie faktore is in mekaar vervleg. Hierop is reeds in die vorige hoofstuk ingegaan. Volledigheidshalwe word dit hier weer eens benadruk.

* Die relatiewe ongunstige posisie van die Kleurlinggemeenskap op maatskaplike gebied, strek ver terug in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Van vroeg af het die "Gekleurdes" die onderstand uitgemaak en het vaste tradisie in die Suid-Afrikaanse lewenspatroon geword. Daar is verskeie faktore wat hiertoe meegehelp het o.a. die stelsel van slawerny wat 'n meester-kneg-verhouding tot gevolg gehad het, 'n verhouding waar die Blanke die meerdere en die Kleurling die onderdanige is in die samelewing. Die bewustelike skeiding op maatskaplike gebied en die ongunstige posisie op die arbeidsterrein in die vroeë 20ste eeu, gepaardgaande met die armblanke-vraagstuk en "Beleid van Beskaafde Arbeid" wat tot verskerpte diskriminerende optrede en kleurvoordele gelei het, het bygedra tot die probleem van armoede by die Kleurling. Ander faktore wat in die periode die sosiaal-ekonomiese ontwrigting van die Kleurlinge aansienlik vererger het, is o.a. die Groot Depressie, die ontwrigting van die internasionale betalingsmeganisme en die agteruitgang van die boerdery en swaar droogtes aan die begin van die dertigerjare.

* Wat die politiek betref, is daar reeds in 1910 bewustelike pogings aangewend om die Kleurling van sy politieke regte te ontneem. Dit het die Kleurling se bedingingsmag ernstig benadeel en is sy reg tot inspraak en mede seggenskap in besluitnemingsliggame van hom ontneem. Dit is veral die "apartheidsbeleid" wat die posisie van die Kleurling verder benadeel het. Diskriminerende wette soos o.a. die Groepsgebiedewet en die arbeidswetgewing het nie alleen 'n bydrae gelewer om die Kleurling van sy demokratiese reg te ontneem nie, maar was direk veranwoordelik dat duisende gekleurdes verskuif is, van hulle besittings beroof en uitgeskakel is om deel te hê aan die rykdom en welvaart van die land. Dit het ook aanleiding gegee tot 'n relatiewe lae peil van openbare besteding ten opsigte van

die Kleurling. Die groep ly dus nie alleen aan armoede weens gebrekkige inkomste nie, maar die hele gemeenskap is verarm weens gebrekkige en ontoereikende gemeenskapsgeriewe en dienste. Die agterstand is vandag nog nie uitgewis nie. Die huidige drie-kamerstelsel in die Parlement wat ook op die fondamente van die apartheidsideologie gebou is, het ook sedert sy instelling geen fundamentele bydrae gelewer tot die opheffing van die groep Kleurlinge wat in chroniese gemeenskapsarmoede verkeer nie.

* Wat die ekonomiese posisie van die Kleurling betref, is daar talle faktore wat tot die armoedetoestand bydra. Faktore soos gebrek aan betekenisvolle arbeidsreëlings en owerheidsinstellings in die natuurlike arbeidsmark het gelei tot swak besoldiging, onsekere en wisselvallige werksgeleenthede, afdankings, drostery en werksafwesigheid. Die gebrekkige arbeidsgewilligheid by werkers in die natuurlike arbeidsmark kan toegeskryf word aan persoonlike, institusionele en omstandigheidsfaktore. Die indiensneming van Swartwerkers in die Wes-Kaap mag nadelige sosio-ekonomiese gevolge vir die Kleurling inhou. Dit is egter 'n aanklag teen die owerhede wat tuislande skep wat nie lewensvatbaar is nie en Swartes dwing om elders 'n bestaan te gaan maak. Die grootste persentasie Kleurlinge wat in chroniese armoede leef, is werksaam op plase. Die lone van die plaaswerkers is oor die algemeen swak en die groep is die mees uitgelewerde groep in die Kleurlinggemeenskap, omdat hulle oor geen geskrewe dienskontrak beskik nie. Hulle het geen beskikkingsreg nie en is vir hul voortbestaan van die Blanke afhanklik.

Die implikasies van die verskynsels wat met gemeenskapsarmoede in die Kleurlinggemeenskap verband hou, of 'n invloed daarop uitoefen is omvangryk.

Sonder om weer daarop in te gaan, is dit duidelik dat die verskynsels nie alleen verband hou met gebrekkige inkomste van die lede van die gemeenskap nie, maar ook met ontoereikende gemeenskapsfasiliteite, terwyl die groep se lewenstyl- en houding afwyk van 'n middelstand leefwyse. Dit word duidelik dat die groep wat onder die omstandighede van gemeenskapsarmoede verkeer, onderhewig is aan verskeie vorms van afwykende gedrag. Maatskaplike probleme soos verbrokkelde gesinslewe, buite-egtelikheid en hoë geboorte-aanwas, misdaad, drankmisbruik en werkloosheid, kom vry algemeen voor. Dit is skrywer se mening dat die probleme nie bloot aan persoonlikheidsfaktore toegeskryf kan word nie, maar dat die sosio-ekonomiese omstandighede waarin

so 'n groot persentasie hul bevind en waaroor hulle dikwels geen beheer het nie, vir talle van die probleme verantwoordelik is.

Die aard en omvang van die probleem van gemeenskapsarmoede by die Kleurlinggemeenskap het talle ooreenkomste met armoede in 'n Derde-wêreld-situasie. Ten einde die probleem te kan aanpak, word 'n omvattende strategie benodig wat nie alleen ten doel het om die lewenskwaliteit van die groep te verhoog nie, maar waarby alle lede van gemeenskappe betrek kan word.

In die volgende hoofstuk sal vasgestel word of die maatskaplikewerk-dienste van die NG Sendingkerk hom daartoe leen om die probleem van armoede aan te spreek. Daar moet in gedagte gehou word dat, van al die opgeleide maatskaplike werkers wat in Kleurlinggemeenskappe werksaam is, 'n groot persentasie in diens van die NG Sendingkerk is en bes moontlik deur dié Kerk opgelei is.

Gesien dat strategieë om die gemeenskapsarmoede onder Kleurlinge te bekamp op wydstrekkende gebiede van die samelewing toegepas sal moet word, moet die Kerk sy rol ook wyd interpreteer. Dit kan geensins slegs tot 'n herorganisasie van sy maatskaplikewerk-dienste beperk word nie. Maar aan die ander kant bied hierdie dienste 'n baie belangrike middel om gemeenskapsarmoede grondig en op veelvuldige wyse aan te pak.

---oOo---

## VERWYSINGS


1. Verslag van die Kommissie van Ondersoek Insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie. 1937. Unie van Suid-Afrika Staatsdrukker, Pretoria. UG no 54. p. 17.

2. Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep. 1976. Staatsdrukker, Pretoria. RP 38/1976, p. 463. (Genoem die Theron-verslag).

3. Loc. cit.

4. Ibid., p. 464.

5. Ibid., p. 466.

6. Ibid., p. 258.

7. Loc. cit.

8. Ibid., p. 259.

9. Ibid., p. 466.

10. Terreblanché, S.1977. Gemeenskapsarmoede Perspektief op Chroniese Armoede in die Kleurlinggemeenskap na Aanleiding van die Erika Theron-verslag. 1977. Tafelberg, Kaapstad. p. 66.

11. Ibid., p. 67.

12. Loc. cit.

13. Loc. cit.

14. Ibid., p. 68.

15. Loc. cit.

16. Theron-verslag, op.cit., p. 466.

17. Terreblanche p. 68.

18. Theron-verslag. p. 466.

19. Loc. cit.

20. Loc. cit.

21. Terreblanche, op.cit., p. 70.

22. Loc. cit.

23. Dickie-Clark, HF. 1966. The Marginal Situation. A Sociological Study of a Coloured Group. Routledge and Kegan Paul, London. p. 71.

24. Ibid., p. 72.

25. Ibid., p. 73.

26. Theron-verslag, op.cit., p. 467.

27. Terreblanche, op.cit., p. 72.

28. Loc. cit.

29. Theron-verslag, op.cit., p. 467.

30. Terreblanche, op.cit., pp. 73 - 76.

31. Theron-verslag, op.cit., p. 467.

32. Terreblanche, op.cit., p. 76.

33. Theron-verslag, op.cit., p. 467.

34. Terreblanche, op.cit., p. 76.

35. Theron-verslag, op.cit., p. 468.

36. Terreblanche, op.cit., p. 81.

37. Theron-verslag, op.cit., p. 468.

38. Ibid., p. 469.

39. Terreblanche, op.cit., pp. 88 - 89.

40. Theron-verslag, op.cit., pp. 87 88.

41. Ibid., p. 87.

42. Ibid., pp. 87 - 88.

43. Ibid., p. 88.

44. Theron-verslag, op.cit., p. 488.

45. Ibid., p. 92.

46. Terreblanche, op.cit., p. 96.

47. Loc. cit.

48. Groenewald, CJ: 1985. Loonpeile van Plaaswerkers. Ongepubliseerd. November 1985, Dept Sosiologie Universiteit van Stellenbosch. p.1.

49. Ibid., p. 2.

50. Ibid., p. 3.

51. Loc. cit.

52. Ibid., p. 6.

53. Kotze, GJ: 1983 "Die Plaaswerkersgemeenskap van Wes-Kaapland." Maatskaplike Werk/Social Work. Vol 19, no 1, p. 85 - 98.

54. Botha, DP: 1960. Opkoms van Ons Derde Stand. Human en Rousseau, Kaapstad, p. 86.

55. Edward, L: 1984. Area Study of Cape Town: Profile of Phillipi. Carnegie Conference no 10 (e). Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in South Africa, Cape Town: 13 - 19 April 1984. p. 10.

56. Theron-verslag, op.cit., pp. 56 - 59.

57. Ibid., p. 209.

58. Jansen, P; Du Plooy, A; Esau, F: 1984. Area Study of Cape Town, Elsies River. Carnegie Conference no 10 (c). Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in South Africa Cape Town: 13 - 19 April 1984, p. 5.

59. Ibid., p. 9.

60. Loc. cit.

61. Ibid., p. 12.

62. Loc. cit.

63. Yosslowitz, J: 1984. A Study of Poverty Among the "Coloured" Community: A General Analysis and a Case Study of Worcester. Carnegie Conference Paper no 32. Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in South Africa Cape Town, 13 - 19 April 1984. p. 11.

64. Naidoo, W and Dreyer, W. 1984. Area Study of Cape Town: Vrygrond and Lavender Hill. Carnegie Conference Paper no 10 (b). Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in Southern Africa Cape Town, 13 - 19 April 1984. p. 11.

65. Ibid., p. 12.

66. Edward, op.cit., pp. 8, 9.

67. Disler, P and Olver, C: 1984. Some Diseases Associated with Poverty. Carnegie Conference paper no 295. Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in Southern Africa Cape Town 13 - 19 April 1984. p. 9.

68. Ibid., p. 3.

69. Ibid., p. 5.

70. Ibid., p. 6.

71. Van Regenmortel, PJ and Van Harte, E: 1977. Family Planning in the Greater Cape Town Area: A Background Study. Institute for Social Development University of Western Cape. p. 10.

72. Disler and Olver, op.cit., p. 9.

73. Van Staden, DA: Alkohol en Gesondheid: Referaat gelewer tydens Seminaar oor Alkoholgebruik in die Suid-Afrikaanse Gemeenskap op 21 - 22 Mart 1980. p. 2.

74. Disler and Olver, op.cit., p. 21.

75. Loc. cit.

76. Ibid., p. 23.

77. Edward, op.cit., p. 19.

78. Ibid., p. 28.

79. Ibid., p. 29.

80. Jansen, Du Plooy and Esau, op.cit., p. 29.

81. Edward, op.cit., p. 19.

82. Yosslowitz, op.cit., p. 92.

83. Disler and Olver, op.cit., p. 39.

84. Ibid., p. 50.

85. Ibid., p. 61 - 62.

86. Ibid., p. 67.

87. Ibid., p. 68.

88. Theron-verslag, op.cit., p. 258.

89. Ibid., p. 258.

90. Jansen, Du Plooy and Esau, op.cit., p. 53.

91. Ibid., p. 34.

92. Ibid., p. 34 - 35.

93. Rip, op.cit., p. 23.

94. Terreblanche, op.cit., p. 79.

95. Loc. cit.

96. Scoombie, JC. 1976. 'n Pastorale-Psigologiese Studie van 'n Groep Inrigtingversorgde Ongehude Moeders. Ongepubliseerde MA Verhandeling, Universiteit van Pretoria. p. 2.

97. Van Regenmortel and Van Harte, op.cit., p. 44.

98. Loc. cit.,

99. Ibid., p. 45.

100. Ibid., p. 48.

101. Federale Raad van NG Kerke. Verslag insake Gesinsbeplanning. 25 Januarie 1978. p. 6.

102. Van Regenmortel and Van Harte, op.cit., p. 38.

103. Die Burger 9 September 1980.

104. Verslag insake Gesinsbeplanning, op.cit., p. 7.

105. Van Regenmortel and Van Harte, op.cit., pp. 38 - 39.

106. Ibid., p. 10 - 11.

107. Sentrale Statistiekdiens Pretoria.

108. Terreblanche, p. 66.

109. Du Toit, JB; Steyn, AF; Rip, C. 1956. Afwykende Gedrag. 'n Studie van enkele Maatskaplike Probleme. Nasionale Opvoedkundige Uitgewers Kaapstad. Tweede Uitgawe. p. 127.

110. Theron-verslag, op.cit., p. 260.

111. Fredericks, S and Van Zyl Smit, D. 1984. Criminological Statistics. Institute of Criminology University of Cape Town. p. 13.

112. Jansen, Du Plooy and Esau, op.cit., p. 10.

113. Fredericks, Van Zyl and Smith, op.cit., p. 23.

114. Terreblanche, op.cit., p. 77.

115. Theron-verslag, op. cit., p. 258.

116. Fredericks, Van Zyl and Smith. op. cit., p. 72.

117. Slabbert Mana. 1980. Repetitive Cycles: Analysis of Socialisation and Institutional Patterns and Discussion of Crime Prevention, Intervention and Diversion Strategies. Second Edition Institute of Criminology, University of Cape Town. pp. 3 - 4.

118. Ibid., p. 15.

119. Theron-verslag, op. cit., p. 260.

120. Slabbert, op. cit., p. 1.

121. Ibid., op.cit., p. 50.

122. Pick, SG. 1982. Die Rol van die Maatskaplike Werker tov die Gebruik van die Geïntegreerde Benadering in die Behandeling van die Probleemdrinker. MA Skripsie Universiteit van Stellenbosch. p. 7.

123. Ibid., p. 8.

124. Gillis, LS. 1965. Psychiatric Disturbance and Alcoholism in Coloured People of the Cape Peninsula. Groote Schuur Hospital and University of Cape Town Research, p. 60.

125. Loc. cit.,

126. Higgins, JB. 1979. Die Veroorsaking en Ontwikkeling van Alkoholisme." Volkswelsyn en Pensioene, 14 (1) 1979: 1 - 4, p. 1.

127. Keller, M. 1968. A Dictionary of Words about Alcohol. NJ Rutgers, Centre of Alcohol Studies, New Brunswick, p. 49.

128. Louw, JW: 1978. Die Inisiëring van Werkklasjeugdiges in Drankgebruik. Instituuut Sosiale Ontwikkeling. Universiteit van Wes-Kaapland. pp. 17-20.

129. Ibid., p. 25.

130. Gillis, op.cit., p. 77.

131. Louw, op. cit., p. 26 - 27.

132. Theron-verslag, op.cit., p. 285.

133. Rip, CM. 1966. The Alcoholic and the Group. Academica Pretoria: pp. 16 - 28.

134. Gillis, op.cit., p. 76.

135. Theron-verslag, op. cit., p. 285.

136. Van der Berg, C. 1979. Meerdoelige opname onder Kleurlinge, 1977. Die Drankpatroon van Kleurlinge in Kaapprovinsie en Transvaal. SA Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. pp. 18 en 19.

137. Du Toit, Steyn en Rip, op.cit., p. 138.

138. Wiese, PJ. 1977. Die Behandeling van Alkoholiste. 'n Ontleding van die beskikbare Dienste aan Blanke Alkoholisme in die RSA. Ongepubliseerde MA Skripsie, Universiteit van Pretoria. p. 28.

139. Pieterse, FP. 1953. "The Role of Social Worker in the Treatment of Alcoholism." Social Welfare. 34 (7). p. 191.

140. Roux, AS. 1956. Alkoholisme: Enkele Sosiologiese en Psigologiese Implikasies. H van Schalk Bpk, Pretoria, p. 20.

141. Wiese, op.cit., pp. 29 - 30.

142. Theron-verslag, op.cit., p. 285.

143. Du Toit, Steyn en Rip, op.cit., p. 131.

144. Calitz, E. 1980. Alkoholgebruik in die Suid-Afrikaanse Gemeenskap. Referaat gelewer Maart 1980. Staanvas Seminaar Pretoria. p. 1

145. Gillis, op.cit., p. 135.

146. Calitz, op. cit., p. 3.

147. Kellerman, FJS. 1976. Prestatutêre Behandeling van Alkoholiste en Dwelmafhanklikheid. D Phil Proefskrif Universiteit van Pretoria. p.70.

148. Ibid., p. 80.

149. Ibid., p. 18.

150. Calitz, op.cit., p. 10.

151. Rip, op.cit., p. 59.

152. Calitz, op.cit., p. 48.

153. Roux, op.cit.,

154. Du Toit, Steyn and Rip, op.cit., p. 132.

155. Duvenga, APC. 1975. "Die Christelike Godsdienstige Benadering van Alkoholisme." Rehabilitasie in Suid-Afrika: 19 (2). p. 10.

156. Eloff, SJ. 1973. Alkoholisme en die Bestryding daarvan in die RSA met Besondere verwysing na die Aandeel van die Kerk. D Phil Proefskrif. Universiteit van Oranje Vrystaat. pp. 134 - 143.

157. Calitz, op.cit., p. 12.

158. Jordaan, P. 1978. 'n Oorsig van die Drankmark in Suid-Afrika. Ongepuliseerde artikel van die KWV, Paarl. pp. 26 - 30.

159. Du Toit, Steyn and Rip, op.cit., p. 135.

160. Van Heerden, TJ. 1980. Alkohol en Misdaad. Referaat gelewer tydens Staanvas Seminaar. Pretoria. p. 74.

161. Cilliers, op.cit., pp. 35 - 36.

162. Fortuin, GJ. 1978. Alkoholisme: 'n Gemeenskapsbenadering. 'n Versameling van Referate gelewer tydens 'n kursus aangebied deur die Instituuut vir Sosiale Ontwikkeling, Universiteit van Wes-Kaapland. p.127.

163. Du Toit, et al, op.cit., p. 133.

164. Van Wyk, YH. 1979. "Some Sociological Aspects of Alcoholism." Volkswelsyn en Pensioene/Social Welfare and Pensions 14 (1) p. 12.

165. Ibid., p. 13.

166. Ibid., p. 4 & 5.

167. Louw, op.cit., p. 26.

168. Die Burger 6 Februarie 1985.

169. Die Burger 24 April 1985.

170. Die Beeld 1 April 1985.

171. Sentrale Statistiekdiens, Pretoria 1985.

172. Die Burger 14 Mei 1985.

173. Jansen, Du Plooy and Esau, op.cit.,p. 13.

174. Edward, op.cit., p. 10.

175. Naidoo, and Dreyer, op. cit., p. 29.

176. Gillis, op.cit., p. 76

177. Louw, 1978. op.cit., p. 22.

178. Theron-verslag, op.cit., pp. 134 - 324.

179. Van der Heever, R. 1986. KPO as Gelouterde Vereniging. Ongepubliseerde referaat gelewer vir Skakelbeamptes 6 Maart 1986. p. 1.

180. Sonn, F. 1986. A Decade of Struggle - A Selection of Speeches. Published by CTPA Kasselsvlei. Clyson Printers, Maitland and Cape Town. p. 164.

181. Vergotine. ARF. 1986. Die Problemtaiek rondom Druiping en Hoë Uitsaksyfer. Kaaplandse Professionele Onderwysers-Unie Streekskongres 1 Maart 1986. p. 1.

182. Ibid., p. 8.

183. Ibid., p. 2 - 3.

184. Ibid., p. 3.

185. Loc..cit.

186. Ibid., p. 4.

187. Loc. cit.

188. Vergotine, op.cit., p. 5.

189. Sonn, op.cit., p. 169.

190. Vergotine, op.cit., p.6.

191. Ibid., p. 7.

192. Slabbert, op.cit., p. 7.

193. Vergotine, op.cit., p. 7.

194. Sonn, op.cit., p. 262 - 263.

195. Groenewald, J. 1986. "Die Uitwerking van Apartheid: Sosiologiese Aspekte" uit Kinghorn, J. (Red). Die NG Kerk en Apartheid. MacMillan, Johannesburg. p. 29.

196. Ibid., p. 20.

197. Ibid., p. 36.

198. Verslag van die Hoofkomitee van die RGN Ondersoek na Onderwys. Onderwysvoorsiening in die RSA. Junie 1981. Pretoria. pp. 211 - 212. (genoem die De Lange-kommissie).

199. Groenewald, op.cit., p. 36.

---oOo--

# HOOFSTUK 5

# DIE WELSYNSDIENSTE VAN DIE NG SENDINGKERK

## INLEIDING

Die NG Sendingkerk in Suid-Afrika is een van die oudste en grootste kerkgenootskappe in die Kleurlinggemeenskap. Dit is in 1881 gestig en het vandag 271 gemeentes met 'n sieletal van meer as 545 000. Die Kerk beskik huidiglik oor uitgebreide welsynsdienste. Daar is tans 110 Diakonale Dienste-takke met 100 voltydse maatskaplike werkers en 15 senior maatskaplike werkers in voltydse diens, terwyl daar 8 kerklike inrigtings onder sy Sinodale beheer is. Naas dië is daar ook etlike tehuise vir bejaardes en bewaarskole vir kinders van werkende moeders wat deur plaaslike takke bedryf word.

Die NG Sendingkerk se welsynsdienste word vanuit 'n Bybelse perspektief gelewer. Dit is die Kerk se opvatting dat sy welsynsdienste (diens van barmhartigheid) gedoen moet word in gehoorsaamheid aan die Skrif en na die voorbeeld van Christus die "Groot Barmhartige". Dit is 'n diens wat aan alle noodlydendes, ongeag hul afkoms, kerklidmaatskap of geloofsoortuiging verskaf word. Sy hulpverlening is dus bedoel om alle mense wat in maatskaplike nood verkeer, te akkommodeer.

Die welsynsdienste van die Kerk staan nie los van sy historiese ontwikkeling nie. In hierdie hoofstuk sal gekyk word na die tydperk vóór die ontstaan van die NG Sendingkerk aan die Kaap en die redes vir die totstandkoming van 'n aparte kerk vir "gekleurdes". Die stigting van 'n aparte kerk het 'n proses van rasseskeiding begin wat later 'n ideologie geword het in die hele samelewingsisteem in Suid-Afrika.

Die NG Sendingkerk het in sy stigtingsjare grootliks bestaan uit vrygestelde slawe en inheemse Khoikhoi's aan die Kaap wat nie welkom was in die "wit" NG Kerk nie. Die eerste lidmate, vanweë hul agtergrond, was hoofsaaklik die armste lede van die destydse samelewing.

Die welsynsdienste van die Kerk het dus aan die begin grootliks gekonsentreer op die versorging van armes deur noodleniging. Daar is eers in die twintigerjare van die huidige eeu begin met die oprigting van kerklike inrigtings. Eers in die veertigerjare het maatskaplikewerkdienste momentum begin aanneem en dit toon tans ongekende groei.

Waar in hierdie hoofstuk aandag gegee sal word aan die ontwikkeling van die Kerk se welsynsdienste en sy struktuur, is dit hoofsaaklik

maatskaplikewerk-dienste en die opleiding van maatskaplike werkers wat behandel sal word.
Dit sal veral belangrik wees om te bepaal in hoe 'n mate gemeenskapsontwikkeling binne die welsynsdienste van die Kerk gebruik kan word in die bekamping van gemeenskapsarmoede.

## 1. HISTORIESE ONTWIKKELING

### 1.1 Vroeë Kerkgeskiedenis aan die Kaap

Die welsynsdienste van die NG Sendingkerk moet saam beoordeel word met die historiese ontwikkeling van die Kerk in Suid-Afrika. In hul Remonstrante ("'n Verslag aan die Nederlandse Oos-Indiese Kompanje") het Jansen en Proot (twee skipbreukelinge van die Haarlem wat in 1648 te Blaauwberg gestrand het) dit in die vooruitsig gestel dat die inheemse bevolking aan die Kaap onderrig sou word in die Christelike godsdiens en dat op dié wyse baie siele tot die Christelike Gereformeerde godsdiens gebring sou word. In Artikel 13 van die oktrooi van die NOIK is bepaal dat predikante en onderwysers op geskikte plekke geplaas moes word, onder meer om die heidene en hul kinders te onderrig sodat die Naam van Christus uitgebrei en die belange van die Kompanje bevorder kon word. (1)

Die eerste sieketroosters (nie-geordende geestelike werkers) aan die Kaap het geprobeer om die Hottentotte te leer lees en skryf. Hulle het min sukses gehad. Die uitsondering was 'n meisie wat by haar doop die naam Eva ontvang het.

In 1658 het daar twee vragte slawe aan die Kaap aangekom. Dit het 'n nuwe Sendingveld meegebring. Slawe-kinders is gedoop indien die eienaars belowe het om die kinders in die Christelike godsdiens te onderrig. Die sieketroosters en later ook sommige van die predikante was verantwoordelik vir die godsdiensonderrig en die onderwys op skool van die slawe-kinders. (2)

Daar was aanvanklik geen kleurskeidingslyn in die NG Kerk nie. In 1697 het ds Kalden bv aan die Kerk in Nederland geskryf van die "heidene" wat tot geloof gekom het en aan die tafel van die Here aanbid het.(3) Die vroeë Europeërs het geen rassegevoel gehad nie. Die slawe was deur die wet beskerm teen uitbuiting of mishandeling. Aangesien daar baie blanke mans (onder wie soldate) en min blanke vroue was, was daar heelwat buite-egtelike verkeer met slavinne en Hottentot-vroue.

Volgens Heese (4) was die verbintenisse tussen Europeërs en slawe van groot sosiale belang. Dit is opgevolg deur verhoudings tussen gemengde slawe en Khoikhoi's. Die omvang van die vermenging tussen Blankes en gekleurde groepe aan die Kaap het reeds van die vroegste tye belangstelling uitgelok. Reeds in 1666 het die kerkraad aan die Kaap 'n besluit geneem oor die doop van

die kinders wat Vryburgers by slavinne gehad het. Heese verwys verder na talle huwelike tussen blankes en slawe. Volgens hom was tot soveel as 24% van alle huwelike wat voltrek was, rasgemengde huwelike. In 1867 was daar volgens Heese 6.9% van die Afrikaner se voorsate van slawe- of gemengde afkoms. (5) Gedurende diē tydperk het 'n persoon wat in vryheid gebore is, al was hy swart, dieselfde status as enige blanke Vryburger of oud-amptenaar geniet. (6)

In die 18de eeu was daar min belangstelling in die geestelike heil van gekleurdes in die Kaap. Eers tydens die bediening van ds H R van Leer (1686 - 1793) is meer in Sendingwerk belanggestel. Gekleurde Christene is in die Kerk opgeneem en tussen 1665 - 1795 is meer as 2 012 slawe en slawe-kinders gedoop. (7)

In 1770 is bepaal dat Christene hul slawe in die Christendom moes onderrig en toelaat dat hulle gedoop word. Slawe wat belydenis van geloof afgelê het, mag nie verkoop word nie, maar die slawe-eienaar moes hulle vrylaat. Die gemeente Swartland was die eerste wat in 1761 'n aparte afdeling in hul doopregister gehad het vir basters en Hottentotte. Dit is in 1770 ten opsigte van slawe in Kaapstad gevolg. Daar was aanvanklik dus geen rassegevoelens nie en rassevermenging het op 'n redelike groot skaal voorgekom. Die sterk gevoelens van Afrikaners oor rasseskeiding het eers in die 18de eeu begin ontstaan.

### 1.2 **Stigting van die NG Sendingkerk as afsonderlike Kerk**

Tydens die dienstyd van ds H R van Leer (1686 - 1793) en later ds M C Voss, is gekleurdes sonder voorbehoud deur die Kerk bedien.

Daar is egter aanduidings dat veral ds Voss afsonderlike byeenkomste vir Nie-blankes gereël het. In 1799 is die "Zuid-Afrikaansche Zending Genootschap" gestig, wat naas die Kerk as selfstandige organisasie sendingwerk onder die gekleurdes gedoen het. Die genootskap, wie se werk toegespits was op die gekleurdes, het die gedagte by die NG Kerk versterk dat gekleurdes gespesialiseerde aandag vereis ten einde hulle vir die Christendom te wen. Baie gou het daar 'n nuwe bedieningspatroon ontwikkel. Aan die eenkant was die amptelike Kerk wat alle gelowiges ingesluit het en aan die ander kant 'n nie-amptelike bediening, hoofsaaklik gerig op nie-blankes in oefenhuise naas die Kerk (binne dieselfde gemeentelike grense). Met die opkoms van die sendinggenootskappe is sendelinge wat los van die NG Kerk gestaan het, aangestel. Afsonderlike gemeentes het tot stand gekom. Dit was die begin van 'n afsonderlike Kerk vir gekleurdes.

Op die Sinode van 1857 was die vraag van aparte bediening vir Blankes en Nie-blankes weer ter sprake. Reeds voor die sinodesitting is in die Kerkbode (lyfblad van die NG Kerk) gepleit vir afsonderlike Woord- en Sakramentebediening aan gekleurdes in afsonderlike geboue of oefenhuise. Tydens die Sinode is 'n beskrywingspunt van ds Brand van Tulbagh ter tafel gelê waarin hy die goedkeuring vra dat in gemeentes waar mense dit begeer gekleurdes in afsonderlike geboue godsdiens hou. Dit lei tot die bekende voorstel van ds A Murray (snr) van Graaff-Reinet wat uiteindelik tot 'n aparte kerk aanleiding gegee het. Die voorstel het met 'n groot meerderheid besluit van die Sinode geword.

> De Synode beskouwt het wenschenlijk en schriftmatig, dat onse ledematen uit die Heidenen, in onze bestaande gemeenten opgenomen en ingelijf worden, overal waar zulks geschieden kan; maar waar deze maatregel, ten gevolge van die zwakheid van sommigen, de bevordering van de zaak van Christus onder de Heidenen, in den weg zoude staan, de gemeente uit die Heidenen opgerigt, of nog op te rigten, hare Christelijke voorregten in een afzonderlike gebouw of gesticht genieten zal. (8)

In 1880 besluit die Sinode tot die oprigting van 'n afsonderlike NG Sendingkerk, en 'n afsonderlike Kerk is gebore. Op 5 Oktober 1881 is uitvoering aan die besluit gegee en het die NG Sendingkerk tot stand gekom. Teen 1891 was daar sestien gemeentes en in 1896 twintig wat by die Kerk aangesluit het. So het 'n toegewing van 1857 aan die "swakheid van sommige" in 1881 sonder diepgaande teologiese besinning gelei tot die stigting van 'n afsonderlike Kerk. Borchardt (9) meen dat die ontwikkeling hierbo genoem daarop dui dat daar reeds 'n "apartheidsgevoel" by die Blankes was. Die NG Sendingkerk was oorspronklik dus die kerk van die "gekleurdes" wat destyds bestaan het uit nasate van slawe en inheemse Khoikhoi en diegene wat ontstaan het vanweë vermenging tussen Blankes en Nie-blankes.

## 1.3 Die NG Sendingkerk en sy Welsynswerk

### 1.3.1 Armversorging

Aanvanklik het die klem in die NG Sendingkerk se welsynswerk hoofsaaklik op plaaslike armesorg geval. Die Kerk het hoofsaaklik uit arm mense bestaan. Ten spyte van die armoede waarmee die vroeë Kerk gekonfronteer was, het hy tog na sy armes omgesien. Op plaaslike terrein is veral aandag bestee aan noodleniging aan armes asook die versorging van lydendes, fisies gestremdes, die wese en weduwees. Kerkrade moes jaarliks verslag lewer aan die Ring oor wat vir armesorg gedoen is.

Eers in 1928, met die samestelling van die eerste Sinodale Armsorgkommissie, het die Kerk op 'n breë basis begin werk. Die Kommissie se eerste taak na buite was om vertoë tot die owerheid te rig in verband met behuising, mediese dienste en opleiding van verpleegsters. Kriel beskryf dit baie treffend soos volg:

> Hulle moes veral in belang van armes, noodlydendes en oues van dae optree, maar het opdrag ontvang om vertoë tot die owerheid te rig ten opsigte van behuising en fasiliteite vir die opleiding van verpleegsters. (10)

1.3.2 Noodleniging

In 1933 het 'n groot droogte die hele land geteister. 'n Swaar ekonomiese depressie het internasionaal geheers. Dit was veral die Noordweste en die Karoo wat baie swaar getref is en 'n ernstige gebrek aan voedsel en kleding het onder arm mense ontstaan. Noodroepe het tot die kerk gekom én dit het daartoe aanleiding gegee dat daar met 'n groot noodlenigingsveldtog begin is. Aan elf distrikte is hulp verleen. Groot hoeveelhede kos en klerasie is deur die Kerk byeengebring en per spoor na die noodlydende gemeentes in die land gestuur.

'n Bietjie meer as 'n dekade later, in 1944 - 1945, het die Armsorgkommissie weer 'n oproep ten behoewe van die noodtoestand in die Klein Karoo tot die Kerk gerig. Weer eens het die droogte enorme afmetings aangeneem. Met baie groot welslae is geld tot die noodlenigingsfonds bygedra. Groot verligting is in Oudtshoorn, De Hoop, Volmoed en Calitzdorp gebring. Gedurende die vyftigerjare het die werk van die Armsorgkommissie momentum gekry en is daar ook doeltreffend opgetree in verband met ouderdoms- en ongeskiktheidspensioene.

1.3.3 Inrigtingswese

Teen 1954 het kindersorgwerk die aandag van die Armsorgkommissie geniet. Daar was 'n groot toename van verwaarloosde kinders in die Kleurlinggemeenskap. Na die Tweede Wêreldoorlog met die toenemende industrialisasie van Suid-Afrika het groot getalle Kleurlinge na die stede verhuis. Behuising was swak en werkgeleenthede beperk. Dit het bygedra tot verwaarlosing van talle kinders en die aantal probleem- en afwykende kinders het toegeneem. Die Kerk was hieroor diep bekommers. Tereg merk Beets soos volg op:

> Kinderlyding en kinderverwaarlosing het die NG Sendingkerk baie diep aangegryp. Een van die belangrikste

vertakkinge van die Kerk was nog altyd die sorg van wees-en verwaarloosde kinders. (11)

1.3.3.1 **Uitkoms Tehuis**

In 1912 het die Ring van Kaapstad met die Moslem Sending in die Skiereiland begin. Die eerste predikant, ds G B A Gerdener, wat vir ses jaar onder die Moslems gewerk het, het dit pertinent onder die aandag van die NG Sendingkerk gebring watter groot gevaar en bedreiging die Islam vir die Kleurlinggemeenskap inhou. Hy het daarop gewys dat dit veral die verwaarloosde kindertjies is wat die prooi van die Moslems word.

In Mei 1916 koop hy 'n gebou waar verwaarloosde kinders versorg kan word. Op 27 September 1916 word die gebou in gebruik geneem en kry dit die naam: "Uitkoms Tehuis". Die gebou was geleë in Virginiastraat, Kaapstad. Vanaf 1916 tot 1924 is 34 verwaarloosde kinders binne die tehuis versorg. Eerw A J Liebenberg het ds Gerdener opgevolg. Weens swak ondersteuning van die NG- en NG Sendingkerk is die inrigting in 1928 gesluit.

1.3.3.2 **Skool vir Dowes (Nuwe Hoop-Sentrum vir** Gehoorgestremdes)

In 1928 het die Sinode van die NG Sendingkerk die noodsaaklikheid van 'n inrigting vir doofstommes, blindes en wese bespreek. 'n Sinodale Kommissie vir Dowes, Wese en Blindes is benoem. Die Kommissie kry opdrag om die stigting van 'n inrigting te ondersoek.

Op 1 Februarie 1933 bereik die Kerk een van sy grootste ideale. Op dié dag het mnr Izak Februarie met vier dowe leerlinge in 'n klein huurkamertjie in Parkerstraat, Worcester, met die eerste "Protestante Skool" vir dowes begin. Mnr Februarie was bestem om die fondament te lê van 'n groot en belangrike inrigting. Volgens Kriel (12) was daar geen geboue of uitrusting nie en ook geen vooruitsig van 'n vaste inkomste nie. Slegs 'n enkele bedraggie van £79 was beskikbaar. Hieruit moes al die nodige gekoop word, die huur van die kamertjie betaal word, die leerlinge geklee en gevoed word en die salaris van die onderwyser gevind word. Later is meer kamers bygehuur ook 'n saal in die Rynse Oefenskool, staatserkenning is verkry sowel as 'n staatlening vir die geboue is bekom.

'n Nuwe skool is op 20 Augustus 1938 ingewy nadat grond van die Munisipaliteit ontvang is en geboue met staatshulp opgerig is. In 1945 het 'n groot onderskeiding die inrigting te beurt geval toe die Staat die skool tot 'n opleidingsentrum vir onderwysers vir die onderrig van nie-blanke dowes verklaar het.

Die skool het met die tyd geweldig uitgebrei en in sy verslag aan die Sinode in 1986 rapporteer die bestuur van die skool dat daar 243 kinders

in die inrigting opgeneem is. In die Sinodeverslag van 1986 word die volgende statistieke aangedui:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kleuters | : | 60 | |
| Hardhorendes | : | 79 | |
| Standaarddowes | : | 229 | |
| TOTAAL | : | 368 | (13) |

Tans word deurgaans gebruik gemaak van die spraak- en spraakleermetode in die onderrig van dowe kinders. Gebruik word gemaak van die nuutste apparaat wat op die mark is, nl FM Groep-gehoorstelle en Infrarooi-groepstelle. Die skool het reeds sy eerste volwaardige st 7 klas en alles dui daarop dat binne afsienbare tyd onderwys tot by st 10 aangebied sal word. Leerlinge kan ook tans hul vakleerlingskap (nl die NTS-Kursus) in die skool verwerf. Dit het tot gevolg dat dowe leerlinge wat hul kursusse voltooi in die arbeidsmark met horendes kan kompeteer. Die meeste leerlinge het tans geen probleme om werk te vind nie. Die doel van die inrigting is om leerlinge beroepsgerig op te lei ten einde hulle in staat te stel om beter te vaar in die wêreld buite die inrigting. Aan die einde van 1986 kon leerlinge tussen die volgende beroepe kies: huishoudkunde, naaldwerk, haarkappery, leerwerk en stoffeerwerk, landbou, plaatmetaal- en sweiswerk, houtbewerking, duikklop, spreiverf, steen-, messel-, pleister-, verf- en letterskilderwerk.

Die inrigting maak voorsiening vir hardhorende kinders, standaarddowes en (vanaf 1985) vir kleuters wat hardhorend of heeltemal doof is. Die inrigting beskik oor die dienste van 'n voltydse maatskaplike werker wat deur die Nasionale Raad vir Dowes voorsien word.

### 1.3.3.3 **Steinthal Kinderhuis**

Die behoefte om 'n eie "weeshuis" tot stand te bring, is reeds by die Sinode van 1928 bespreek. Dit was na die sluiting van die "Uitkoms Tehuis" wat eintlik aan die NG Kerk behoort het. By die Sinode van 1932 is besluit om 'n wees-inrigting op te rig. (14) 'n Kommissie is benoem om aan die besluit uitvoering te gee.

Die eerste weeskinders is voorlopig by die Skool vir Dowes te Worcester opgeneem. Op 2 Mei 1953 koop die Kerk die plaas Steinthal buite Tulbagh. Steinthal is in 1844 deur die Rynse sendeling, eerw G A Zahn, aangekoop met die oog op die rehabilitasie van slawe. Die trustees van die Rynse Sending het die eiendom in 1885 vir 'n sendingstasie aangekoop. (15)

In 1954 is besluit om 'n kinderhuis te Steinthal op te rig. Om die daarstelling van die kinderhuis 'n werklikheid te kon maak, het die Sinode besluit om 'n heffing van twee pennies per lidmaat op al die gemeentes van die Kerk te hef. (16)

Op 9 Junie 1956 is die nuwe inrigting ingewy. In 1960 is 'n nuwe koshuis wat 60 kinders kon huisves, vir R42 000 opgerig. Die plegtige inwyding het op 3 Desember plaasgevind. In 1966 word 'n tweede koshuis in gebruik geneem wat 160 kinders kon huisves. Tydens 'n geweldige aardbewing op 23 September 1969 te Tulbagh, het Steinthal in 'n puinhoop verander. Nuwe geboue is opgerig wat op 4 Oktober 1971 ingewy is. Op 11 November 1978 word die nuwe koshuis en skool amptelik geopen. (17)

Steinthal Kinderhuis beskik tans oor 10 wooneenhede wat voorsiening maak vir 648 gekommitteerde kinders en 53 inwonende personeel. Die inrigting beskik oor 'n skool met 'n vierbaan-leergang. Die hoogste akademiese klas in die skool is st 10. Die kinderversorging staan onder die leiding van vyf maatskaplike werkers waarvan een 'n senior posisie beklee en veral aandag gee aan indiensopleiding. (18)

1.3.3.4 **Die Nanniehuis**

Die geskiedenis van die Nanniehuis vir ongehude moeders is onlosmaaklik verbonde aan Anna Tempo, 'n dogter van William en Magari Tempo wat as slawe na Suid-Afrika gekom het. (19)

Terwyl sy in 1912 matrone van die Stakesby-Lewis Hostelle was, het sy saans straatvroue besoek en na hul huise geneem. Sy het ook saans uitgegaan na die omgewing van die dokke om jongmeisies te probeer help wat hulle na "ontughuise" laat lok het. Sy het 'n klein saaltjie gehuur waarin sy die meisies snags versorg het. So het die Nanniehuis vir gevalle jong vroue ontstaan. (20)

Vanaf 1922 het die NG Kerk hierdie werk daadwerklik gesteun en is die inrigting opgerig, genoem die "Nannie Girls Rescue Home". (21) In 1937 is die Nanniehuis geregistreer as 'n inrigting vir ongehude meisies met 'n vaste toelaag van die Staat. In 1946 word die inrigting deur die Sinode oorgeneem. In 1960 is 'n nuwe gebou te Athlone opgerig ten koste van R25 282. Die inrigting het voorsiening gemaak vir 20 beddens, 2 hospitaalkamers, 2 kamers vir verpleegsters en woonkwartiere vir die huisouers.

Volgens die jongste verslag van die bestuur (Oktober 1986), is daar oor die afgelope vier jaar, 311 dogters opgeneem waarvan 180 jonger as 18 jaar was, 70 tussen 18 en 21 jaar, en 61 ouer as 21 jaar. Daar kan tussen 20 en 30 swanger jongdogters opgeneem word. Maatskaplikewerk-dienste word gelewer deur 'n voltydse maatskaplike werker, terwyl 'n sielkundige van UWK sielkundige onderskraging gee aan dogters met persoonlikheidsprobleme.

1.3.3.5 **Skool vir Epileptici (Bet-El-Sentrum)**

Na 'n ondersoek in 1945 deur 'n Departementele Kommissie na liggaamlike

afwykendes is gegewens oor Kleurling-epilepsie onder die aandag van die NG Sendingkerk gebring. Volgens die verslag het epilepsie by 3 uit elke 1000 van die Kleurlingskoolbevolking voorgekom. Daar was geen onderwysgeriewe vir die epileptiese kind nie. Tydens die Sinode van 1958 is besluit om die versorging van Kleurling-epileptici te aanvaar.

Op 30 Oktober 1962 word die hoeksteen van die skool vir Kleurling-epileptici deur die Minister van Kleurlingsake, mnr PW Botha, gelê. (22) Op 22 Januarie 1963 is die skool geopen met 28 leerlinge. Baie gou is vasgestel dat daar 'n groot behoefte is vir meer fasiliteite vir epileptiese leerlinge in die gemeenskap. Die inrigting wat slegs 52 leerlinge kon akkommodeer, het 'n gemiddelde inskrywing van 70 leerlinge gehad. Daar is ernstig beplan om voorsiening te maak vir noodsaaklike akkommodasie vir die groterwordende leerlingtal en onderwyspersoneel.

Na baie gesoek, is 'n stuk grond naby Kuilsrivier aangekoop. 'n Nuwe geboue-kompleks van R 7 miljoen is op 20 September 1985 in gebruik geneem. Die nuwe geboue maak voorsiening vir 300 epileptiese kinders. (23)

Epileptiese aanvalle het meermale 'n nadelige uitwerking op die breinfunksie. Dit bring mee dat leerlinge wat in die Bet-El-Sentrum opgeneem word, akademies moeiliker vorder. Die opvoeding en opleiding in die sentrum het toenemend beroepsgerig geword. Sodoende word maksimale insette gemaak om te verseker dat die leerlinge so ver as moontlik toegerus word om in die volwasse lewe 'n selfstandige bestaan te maak. Die inrigting beskik oor die dienste van 'n voltydse maatskaplike werker.

### 1.3.3.6 **Christine Revell-Kinderhuis**

Gedurende die Sinode in 1966 sê die bestuur van die Nanniehuis onder andere die volgende in hul verslag:

> Indien dit blyk dat daar behoefte bestaan vir 'n Kinderhuis waar wees- en sorgbehoewende kindertjies onder twee jaar gehuisves en versorg kan word, sal die bestuur moontlik die bestaande geboue uitbrei om in sodanige behoeftes te voorsien. Ondersoek word tans ingestel na die wenslikheid van so 'n kinderhuis. (24)

By die 1970 Sinode word vervolgens gerapporteer dat die behoefte aan 'n Kinderhuis deur 'n ondersoek bevestig is en dat die bestuur derhalwe besig is met die beplanning vir die oprigting van so 'n inrigting. Op 1 Februarie 1975 is die Christine Revell-Kinderhuis in Athlone (Kaapstad) geopen. Die inrigting is vernoem na mev Christine Revell wat haar vir baie jare beywer het om die lot van ongehude moeders en hulle babatjies te verlig.

Die Kinderhuis maak voorsiening vir 50 kleuters en kleuters tot vier jaar oud kan deesdae daar opgeneem word.

Volgens die verslag van die bestuur aan die Sinode van 1986 word gerapporteer dat, vanaf 1982 - 1986, 138 babas en kleuters in die inrigting opgeneem en 135 ontslaan is. Van die babas is in pleegsorg geplaas, sommige is aangeneem, en 'n hele aantal is in die sorg van hul ouers geplaas of na 'n ander inrigting oorgeplaas.(25)

1.3.3.7 **Toevlug Rehabilitasie-Sentrum**

Tydens die Sinode van 1970 is op voorstel van die Kommissie vir die Bestryding van Maatskaplike Euwels, besluit om 'n inrigting vir dranksugtiges op te rig. Vanaf 1975 tot die begin van 1978 het die vordering soms snel en soms frustrerend stadig verloop. Vanweë die gebrek aan finansies is die projek vertraag.

'n Aanbod van die Munisipaliteit van Worcester ten opsigte van 'n ontruimde hospitaal op 'n perseel van 4 hektaar teen R12 500, het die hoop laat opvlam. Entoesiastiese medewerking van kerkrade van die NG Sendingkerk en die NG Kerk oor die hele land, deur die opneem van kollektes, het fondse teen 'n redelike stroom laat inkom.

Die gevolg was dat daar op 20 April 1977 besluit is om 'n tender toe te ken vir die afhandeling van twee fases van ontwikkeling van bestaande geboue en terrein. Die hele projek het R112 000 gekos. Op 12 April 1978 word die Toevlug Rehabilitasiesentrum in gebruik geneem. Dit is die enigste kerklike rehabilitasiesentrum vir Kleurling-alkoholiste in die land.

Die behandeling by Toevlug is multi-dissiplinêr van aard, d i deur 'n span bestaande uit 'n pastorale sielkundige, geneesheer, sielkundige en maatskaplike werkers. Dit neem gewoonlik tyd om die pasiënt te diagnoseer en 'n plan van behandeling vir elke individuele pasiënt voor te skryf. In die krisisperiode van onttrekking moet die pasiënte baie intensiewe mediese behandeling ontvang. Daarna kan met sielkundige, maatskaplike en pastorale dienslewering voortgegaan word.

Die inrigting is geregisteer vir 57 pasiënte — 45 mans en 12 vroue. Vir die eerste opname word vereis dat pasiënte 38 dae en met hertoelating 28 dae by die inrigting bly. Die aantal pasiënte wat reeds by die inrigting behandel is, het met die jare toegeneem.

Die aantal pasiënte opgeneem, sien soos volg daaruit:

Tabel 5.1

Aantal Pasiënte in die Toevlug Rehabilitasie Sentrum opgeneem. 1978 - 1986

| Jaar | Mans | Vroue | Totaal |
|---|---|---|---|
| 1978 | 99 | 32 | 131 |
| 1979 | 173 | 60 | 233 |
| 1980 | 213 | 39 | 252 |
| 1981 | 179 | 45 | 224 |
| 1982 | 193 | 31 | 224 |
| 1983 | 264 | 63 | 327 |
| 1984 | 341 | 65 | 406 |
| 1985 | 307 | 78 | 385 |
| 1986(10mde) | 218 | 75 | 293 |

(26)

Nasorg is 'n beslissende faktor in die behandeling van die alkoholis. Vanuit die Sentrum word vir 'n tydperk van twee jaar drie-maandelikse nasorgverslae van die verwysende maatskaplike werker of predikant verlang. Pasiënte word aangemoedig om telefonies of by wyse van korrespondensie en besoeke met Toevlug kontak te hou. Sober oudpasiënte kan ook aansoek doen om vir 'n nasorgopname opgeneem te word. Die Christelike Alkoholiste Bond speel 'n belangrike rol in die nasorg van pasiënte.

Kinderhuise Pofadder en Kamieskroon

Daar is ook 'n hele aantal ander inrigtings wat op gemeentelike vlak bedryf word. In Namakwaland is daar veral twee Kinderhuise wat vermeld moet word, naamlik by Pofadder en Kamieskroon. Pofadder Herberg is in 1936 deur eerw CJJ Visagie begin. Aanvanklik is daar 20 kinders versorg - vandag maak die inrigting voorsiening vir 132 gekommitteerde kinders.

Die Kamieskroon Herberg is in 1940 begin en in 1952 geregistreer as 'n Kinderhuis. Die inrigting maak voorsiening vir 100 gekommitteerde kinders. Naas die twee kinderhuise wat deur plaaslike gemeentes bestuur word, is daar vyf ouetehuise.

1.3.4 Maatskaplikewerk-dienste

1.3.4.1 Vroeë Geskiedenis

Vanweë die groot volksverhuising van die Kleurlinge van die platteland na die Kaapse Skiereiland veral vanaf 1930, het geweldige probleme op ekonomiese, maatskaplike en geestelike gebied voorgekom. Daar is bereken dat vir elke vyf Blankes daar agt Kleurlinge na Kaapstad gekom het in 1930.

Die gevaar van ontworteling was vir die Kleurling groter as vir die Blankes omdat hulle 'n groter gebrek aan lewensmiddele gehad het.

Die bestaande gemeentes in die Skiereiland was in 1930 maar drie in getal en meestal afhanklik van die blanke NG Kerk.

Met die enkele uitsondering van Wynberg, was daar nie een gemeente wat meer as een leraar kon bekostig nie en van kapitaal vir kerksale was daar geen sprake nie. Trouens, die meeste gemeentes het op die grens van hulpbehoewendheid beweeg. (27)

Baie van die lidmate van die kerk het in die stad 'n prooi geword van sektes, skeurkerke en kerkloosheid daarom is die Skiereilandse Sendingraad in 1954 gestig, wat bestaan het uit predikante van die NG Kerk en NG Sendingkerk. Naas die geestelike versorging van die Kleurlinggemeenskap, het die Raad hom veral beywer vir die maatskaplike sorg.

Op die Sinode van 1954 spreek ds Klopper, voorsitter van die CMR onder Nie-Blankes, die Sinode toe. Die CMR wat voorheen ook die maatskaplike versorging van die Kleurling behartig het, het nie hul weg oopgesien om met die werk voort te gaan nie. Ds Klopper doen 'n beroep op die NG Sendingkerk om die werk oor te neem. (28)

Volgens die Handelinge van die Sinode van 1954 word die volgende besluit geneem:

> Hierdie vergadering besluit om die oorname van die Kindersorgwerk onder die nie-blankes wat deur die Christelike Maatskaplike Raad begin en uitgebou is, te verwys na die Skakelkommissie wat in die lig daarvan sal besluit. (29)

Weens 'n tekort aan fondse het die Sinode van 1958 nie sy weg oopgesien om die werk oor te neem nie.

Op die vergadering van 13 Februarie 1959 neem die Skiereilandse Sendingraad 'n betekenisvolle besluit:

> Die Raad verklaar hom in beginsel bereid om Kinder- en gesinsorgwerk in die Skiereiland te onderneem. (30)

Die uitvoerende bestuur kry opdrag om met die Vroue Sendingbond en die Welsynskommissie van die NG Sendingkerk te skakel ten opsigte van fondse en registrasie. Op 27 Februarie 1959 word 'n reglement opgestel wat die volgende funksies uitlig:

(a) Hy ondersoek en bestudeer vraagstukke op maatskaplike gebied.

(b) Hy stel maatskaplike werkers aan in sy diens, bepaal die gebied waarin hul moet werk, ontvang en behandel hul verslae in verband met hul werk; en gee leiding insake hul werksaamhede.

(c) Hy is Kerkrade behulpsaam, wanneer daartoe versoek, met hul armsorgwerksaamhede en maatskaplike probleme;

(d) Hy stel subkomitees aan, indien nodig, om namens hom op te tree en neem hul verslae en bevindings in ontvangs;

(e) Hy onderneem self, waar nodig bevind, opheffingswerk en barmhartigheidsdienste;

(f) Hy voer namens die Kerk onderhandelings met publieke en ander liggame en soek hul samewerking in die gemeenskaplike belang;

(g) Hy samel fondse in om sy werksaamhede voort te sit;

(h) Hy verrig sy taak met die oog op die uitbreiding van Gods Koninkryk, die heil van siele en die opbouing van die Kleurlinggemeenskap. (31)

In 1959 besluit die CMR om sy dienste onder Kleurlinge in die Noordelike Voorstede te staak. Die werk word nou gedoen deur die Skiereilandse Sendingraad met die hulp van die Vroue Sendingbond. Laasgenoemde dra R1 500 by vir die vier maatskaplike werkers wat die gebied met twee fietse moet bedien.

Na aanleiding van 'n onderhoud met die Departement van Kleurlingsake deur verteenwoordigers van die Vroue Sendingbond en die Skiereilandse Sendingraad oor moontlike subsidiëring van maatskaplikewerk-poste, besluit die Welsynskommissie op 5 Februarie 1963 om 'n memorandum op te stel vir voorlegging aan die Sekretaris van Volkswelsyn. (32)

Op 15 April 1964 vergader die Dagbestuur van die Welsynskommissie saam met die Komitee van die VSB. By dié geleentheid word dit meegedeel dat die Departement van Volkswelsyn so pas 60% subsidie toegeken het vir 6 maatskaplike werkers van die Barmhartigheidsdienste (Skiereiland). Die vergadering stel dit nou in die vooruitsig om 'n landswye Welsynsvereniging met 'n sentrale kantoor te organiseer, maar om eers ses maande te wag op ontwikkelinge. (33)

Op sy vergadering van 17 Februarie 1965 bring die Welsynskommissie wysigings in sy eie reglement aan waardeur barmhartigheidsdiens-takke in gemeentes gestig kan word as filiale van die Welsynskommissie. Ook word die subreglement vir Barmhartigheidsdienste gewysig om dit moontlik te maak.(34) Die wysiging word onmiddellik aan die Departement van Volkswelsyn vir goedkeuring voorgelê en ook aan die Sinode van 1966.

Op 17 Mei 1965 word daar by 'n Welsynskommissie-vergadering kennis geneem dat die Welsynsraad die reglement vir Barmhartigheidsdiens-takke aanvaar het en

dat daar voortgegaan word met die stigting van filiale in die verskillende gemeentes. Volgens die notule van die Welsynskommissie is vanaf die jare 1965 etlike nuwe takke in gemeentes gestig en deur die Kommissie geregistreer. (35) Die gewysigde reglement vir die Barmhartigheidsdienstakke is by die Sinode van 1966 goedgekeur. Dit was die heel eerste maal dat daar duidelike leiding aan die Kerk gegee is ten opsigte van welsynsdienste. Twee baie belangrike sake dien voor die Sinode van 1966, naamlik die subsidiëring van maatskaplike werkers en die reglement van die Barmhartigheidsdienste van die NG Sendingkerk. Aangesien die twee sake van soveel belang was ten opsigte van die ontwikkeling van die welsynsdienste van die NG Sendingkerk, word hulle voorts kortliks toegelig.

Subsidiëring - Maatskaplike Werkers

Ten opsigte van die subsidiëring van maatskaplikewerk-poste rapporteer die Kommissie dat die Departement van Volkswelsyn en Pensioene die betaling van subsidie aan maatskaplike werkers oorweeg waar:

(1) die dienste van die werker onder Barmhartigheidsdienste as filiaal van die Welsynskommissie gelewer word;

(2) die Volkswelsynbeampte deur ondersoek bepaal dat die werksgebied die aanstelling van 'n werker regverdig;

(3) die aansoek soos bepaal deur die leidraad van die Departement Volkswelsyn en Pensioene (omsendbrief no 14 van 1963) ingedien word. (36)

Vir die eerste maal is daarin geslaag om staatsfondse te beding vir die lewering van maatskaplikewerk-dienste deur die Kerk. Voorheen moes die Kerk (wat meestal uit baie arm lidmate bestaan) met hulp van die Vroue Sendingbond die salarisse en kostes van maatskaplikewerk-dienste dra. Die feit dat die Staat nou 'n bydrae lewer, het ook daartoe aanleiding gegee dat die standaard van dienslewering verhoog moet word. Voorheen kon maatskaplike werkers sonder enige supervisie of inspeksie dienste lewer. Daar was niemand wat die aard en omvang van dienslewering van 'n maatskaplike werker geëvalueer het nie. Subsidie sou alleen oorweeg kon word indien die maatskaplike werker se dienslewering dit regverdig.

Die takke in die gemeentes word nou filiale van 'n moederliggaam wat al die dienste van die Kerk koördineer en beheer. Dit het daartoe gelei dat veel groter beheer uitgeoefen word oor dienslewering in die Kerk in die algemeen.

Doelstellings is verder geformuleer wat 'n duidelike rigting en koers

wat bereik behoort te word. Dit is voorts duidelik dat die Kerk 'n gesinsorgdiens van stapel wou stuur.

Die samestelling en funksionering van die barmhartigheidskomitees van die takke dui verder aan dat weg beweeg word van 'n suiwere kerklike hulpverleningsaksie. Die ondersoek en bestudering van maatskaplike vraagstukke en die skepping van maatskaplikewerk-poste dui duidelik aan dat daar na 'n vakkundige terrein beweeg word.

Dié reglement het aan die Kerk rigting gegee hoedanig hy maatskaplikewerk-dienste in die gemeenskap moet lewer. Dit het 'n duidelike koers aangedui wat tot gevolg gehad het dat die Kerk se dienste vandag landwyd uitgebrei het.

By dieselfde Sinode van 1966 is daar op versoek van die Skiereilandse Sendingraad die volgende besluit geneem ten opsigte van werk in die Kaapse Skiereiland:

> Die Sinode besluit om die werksaamhede van die Barmhartigheidsdienste in die Kaapse Skiereiland oor te neem en dit onder die beheer van die Welsynskommissie te plaas. (37)

Die tak van die barmhartigheidsdienste van die Skiereiland wat voorheen deur die Skiereilandse Sendingraad in samewerking met die Vroue Sendingbond se beheer was, is nou deur die NG Sendingkerk oorgeneem. Die diens het 'n filiaalnommer gekry, maar dit was die enigste tak wat direk onder die beheer en bestuur van die Welsynskommissie van die Sinode gestel is. Die ander takke was werksaamhede van die gemeentes waar hulle gewerk het.

Die Welsynskommissie het op 1 April 1967 die eerste bestuurskomitee, bestaande uit 7 lede, vir die Skiereilandse Barmhartigheidsdienste benoem. Hierdie komitee moes aan die Welsynskomitee verslag doen. Die Welsynskomitee se taak ten opsigte van alle vakkundige welsynsdienste is eers na die Kommissie vir Diens van Barmhartigheid oorgeskakel en later na die huidige Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste.

By die Sinode van 1970 rapporteer die Welsynskommissie dat daar sedert die vorige Sinode van 1966 vyftien Barmhartigheidsdiens-takke gestig is. Die aantal takke was toe 30. Kerkrade is gevra om Barmhartigheidsdiens-takke te stig. Volgens die verslag ontvang, het slegs 5 takke staatsubsidies vir hulle maatskaplikewerk-poste ontvang. (38)

Die aantal takke en maatskaplike werkers in die Kerk het vanaf die Sinode van 1970 tot 1974 aansienlik uitgebrei. Volgens die verslag

van die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid, ingedien by die Sinode van 1974, was die posisie soos volg:

TABEL 5.2

AANTAL TAKKE EN MAATSKAPLIKE WERKERS 1970 - 1974

| Aantal | 1970 | 1974 |
|---|---|---|
| Geaffilieerde takke | 30 | 55 |
| Poste geskep | - | 55 |
| Poste gevul | - | 39 |
| Kerklike gefinansierde poste | - | 37 |
| Staat gesubsidieerde poste | 10 | 18 |
| Supervisorsposte | - | 1 |

(39)

Die salarisbegroting vir maatskaplikewerk-poste vir 1974/75 was R72 000. Hiervan was R28 000 staatsubsidies terwyl R2 784 van die VSB-Hoofkantoor ontvang is. Die takke moes R41 216 self vind. (40)

By die Sinode van 1978 word gerapporteer dat daar 73 geaffilieerde takke in die Kerk is. Die getal gesubsidieerde poste het ook tot 38 toegeneem, terwyl twee nuwe supervisorsposte bygevoeg is. Die totale goedgekeurde subsidie vir 1978/79 was R105 000. Die Skiereilandse Barmhartigheidsdienste se maatskaplikewerk-poste tydens 1978 was 12. (41)

By die Sinode van 1982 word verslag gedoen dat daar 105 takke in die Kerk is, waarvan 57 maatskaplikewerk-poste het.

In daardie stadium was 80 uit 'n totaal van 95 maatskaplikewerk-poste gevul. Intussen het die supervisiedienste uitgebrei met 6 supervisors en een beheerbeampte. Die Kerk het intussen in Mei 1981 'n Sekretaris aangestel wat verantwoordelik sou wees vir die koördinering en organisering van die maatskaplikewerk-dienste in die plaaslike takke. (42)

Die werksgebied van die takke strek tans oor die vier provinsies van die land. Dit is interessant dat die swaartepunt van die NG Sendingkerk se welsynsdienste hoofsaaklik in Kaapland geleë is. Die volgende statistiek toon dit baie duidelik:

TABEL 5.3

AANTAL TAKKE IN PROVINSIES 1982 - 1986

| Provinsie | 1982/83 | 1983/84 | 1984/85 | 1985/86 |
|---|---|---|---|---|
| Kaapprovinsie | 99 | 101 | 91 | 91 |
| OVS | 1 | 2 | 2 | 2 |
| Transvaal | 5 | 6 | 6 | 6 |
| Natal | 1 | 1 | 1 | 1 |
| TOTAAL | 106 | 110 | 100 | 100 |

(43)

Sedert 1966 het die takke van 30 na 106 in 1982 uitgebrei. Die huidige swak finansiële posisie in die land het takke egter baie swaar getref en die jongste aantal is slegs 100. Sedert 1984 moes meer as 10 takke ontbind en hul werksaamhede staak. Takke vind dit tans ook baie moeilik om die 25% ten opsigte van die bekostiging van maatskaplikewerk-poste by te bring. Die sluiting van 'n maatskaplikewerk-pos hou ernstige implikasies in vir 'n gemeenskap. In talle klein plattelandse dorpies is die tak die enigste welsyninstansie wat dienste lewer. Wanneer 'n tak se werksaamhede dus gestaak word, is dit 'n baie groot leemte in 'n gemeenskap.

As daar 'n terugblik gewerp word op die historiese ontwikkeling van die NG Sendingkerk en bepaald na die ontwikkeling van sy welsynsdienste, word dit duidelik dat dit eintlik eers in die laat vyftigerjare begin het en in die sestigerjare momentum aangeneem het. Aangesien die NG Sendingkerk 'n kerk van die armes is, het die Kerk ook geen kans gehad om aandag te gee aan die hulpverlening van sovele agterblywendes in sy midde nie. Aanvanklik is daar slegs aandag bestee aan noodleniging aan armes, minderbevoorregtes en behoeftiges, maar heel gou moes daar op 'n baie breër grondslag dienste ontwikkel word. Die inrigtingwese wat klein begin het, het in die laaste jare geweldige ontwikkeling getoon.

Behalwe die vier kinderhuise wat met die jare uitgebrei het en ongeveer 1000 gekommitteerde kinders akkommodeer, het die twee spesiale skole, dië vir dowe- en epileptiese kinders, as van die modernste, akademiese en tegniese gerigte inrigtings vir gestremde kinders ontwikkel. Die inrigting vir die rehabilitering van alkoholiste voorsien in 'n baie groot behoefte veral omdat probleemdrinkery die afgelope jare sorgwekkende afmetings aangeneem het. Die feit dat die behandeling multi-dissiplinêr van aard is, toon duidelik dat die Kerk alkoholisme as 'n siekte- en

verslawingstoestand beskou.

Die maatskaplikewerk-dienslewering het die afgelope twee dekades ongekende groei geken. Die aantal takke het binne die tyd bykans vervierdubbel van 30 na 110. Gedurende dié tyd is daarin geslaag om staatsubsidie te bekom vir die meer as 77 voltydse maatskaplike werkers. Die getal maatskaplike werkers wat tans in diens van die Kerk is, het binne dieselfde tyd vanaf 55 in 1970 tot 91 toegeneem. Oornag het die supervisorsposte ook toegeneem. In 1981 was daar slegs 5 supervisors en een beheerbeampte. In 1986 is daar reeds 13 supervisors, 2 voltydse beheerbeamptes (Direkteurs supervisiedienste) en 'n hoofdirekteur vir maatskaplike dienste. (44) Die maatskaplikewerk-dienste van die NG Sendingkerk is vandag een van die grootste partikuliere welsynsorganisasies in die Kleurlinggemeenskap in die land. Die welsynsdienste van die NG Sendingkerk is vir alle bevolkingsgroepe oop.

Gedurende die Sinode van 1982 is 'n baie belangrike besluit geneem ten opsigte van die dienslewering van die Kerk. Die Sinode besluit om sy diens van barmhartigheid nie net aan een bepaalde bevolkingsgroep te lewer nie, maar aan almal wat noodlydend is, daar sodanige optrede op een lyn is met die Sinode se besluit insake "eiesoortige ontwikkeling" wat in 1978 afgewys is. (45)

By dieselfde sitting word 'n verdere belangrike besluit geneem, naamlik:

> Die Sinode besluit om alle inrigtings van die NG Sendingkerk vir alle rassegroepe oop te stel en dit so in die openbaar bekend te stel. (46)

Volgens die reglement kon die Kerk voorheen slegs diens lewer aan "behoeftige en minderbevoorregte Kleurlinggesinne, kinders en volwassenes". Die belangwekkende besluit het daartoe aanleiding gegee dat die woord "Kleurling" geskrap is en dat dienste aan alle bevolkingsgroepe ongeag ras en kleur of godsdiens, gelewer word. Die besluit is na die Sinodesitting aan die Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste (SKDD) vir implementering deurgegee.

Die SKDD het hierna onderhoude met die betrokke Ministers gevoer veral ten opsigte van die oopstelling van die Kerklike inrigtings.

Die eerste onderhoud is gevoer met adjunk-minister PJ Badenhorst op 5 September 1983 en daarna op 12 Maart 1984 met Minister FW de Klerk, Minister van Binnelandse Aangeleenthede. In die Memorandum aan die Minister en tydens die onderhoud stel die afvaardiging van die SKDD die volgende punte:

(1) Die deure van die Kerk staan reeds vir alle rasse oop en waar die Kerk hom tans beywer vir eenwording met kerke in die NG-familie wat ander rassegroepe bedien, sal dié oopheid en eenwording ook in die karakter van die inrigtings van die Kerk gereflekteer moet word — die inrigtings is verlengstukke van die Kerk.

(2) Daar word nie verwag dat die oopstelling van die inrigtings 'n drastiese invloei van anderskleuriges tot gevolg sal hê nie. Die individu moet egter 'n vrye keuse hê ten opsigte van sy toelating tot 'n inrigting. Dit gaan prinsipieel oor lidmate van die Kerk.

(3) Die Kerk bevind hom in die dilemma dat, terwyl hy 'n oop kerk is, hy hom in vennootskap met die Staat bevind wat die bedryf van die inrigtings aanbetref. Die Staat stel beperkings, maar die Kerk vra dat daar soepelheid aan die kant van die Staat moet wees om die Kerk se dilemma te akkommodeer.

(4) Die Sinode het besluit oor die oopstelling van die inrigtings van die Kerk wetende dat hy die subsidies van die Staat mag verbeur- sal die Staat toetree en sy subsidies weerhou as die sinodale besluit geïmplementeer word ?

(5) Die NG Sendingkerk is 'n onafhanklike Kerk met sy eie Sinode soos wat die ander kerke in die NG-familie onafhanklik is en hulle eie sinodes het. Daar bestaan tans ook nie kanale waardeur daar oor die betrokke saak (die oopstel van kerk-inrigtings) met daardie kerke oorleg gepleeg kan word nie. (Dié punt is gestel na aanleiding van 'n vraag van Minister De Klerk of die Kerk ander kerke in die NG-familie geraadpleeg het om sodoende met 'n gemeenskaplike saak na die Regering te kom.) Die NG Sendingkerk het hom losgemaak van die NG Kerk en huldig 'n totaal ander standpunt oor die betrokke saak as die Kerk "waaruit hy kom". (47)

Die Minister het daarop gewys dat die inrigtings van die Kerk binne die orde van die Suid-Afrikaanse samelewing ontwikkel het en dat die Regering poog om vir al die groepe gelykmatige behandeling ten opsigte van inrigtingsorg daar te stel.

Hy sou byvoorbeeld verwag dat 'n Indiër liewer na 'n inrigting vir Indiërs sou wou gaan as na 'n inrigting wat ander groepe akkommodeer. Die Regering is oortuig dat almal in Suid-Afrika se belange die beste gedien kan word binne eie geledere. Die Regering het 'n ordeningsopdrag en daaruit vloei die volgende beleidstellings:

(1) Die Regering beweeg weg van diskriminasie en van dominasie van een groep oor 'n ander. Daarvoor is nuwe strukture nodig en die Regering worstel tans daarmee om op staatkundige gebied gemeenskaplike belange, maar ook die betrokkenheid van gemeenskappe by hulle eie sake, te bevorder. Hy is daarvan bewus dat die kerke ook met sekere sake worstel.

(2) Oop Kerk en oop inrigtings veronderstel in wese ook oop woongebiede en die Regering het oor laasgenoemde saak duidelik standpunt ingeneem. Die Blanke kiesers is ook nie vir oop woongebiede te vinde nie.

(3) Die Staat help alle kerke in hulle welsynsaksies - hy diskrimineer teen geen kerk nie. Daarom kan hy ook nie die optrede van een kerk in afsondering kondoneer nie. Lê dit nie in die weg van die NG Sendingkerk om eers met die ander kerke in die NG-familie te onderhandel en dan met die gemeenskaplike vertoë na die Regering te kom nie ? Verskillende kerke kan verskillende sieninge oor die onderhawige saak hê en die kerke behoort die saak eers onder mekaar uit te maak voordat die Regering genader word. Sou elke kerk sy standpunt afsonderlik stel, word die Regering die koördinator van botsende standpunte en dit is nie die Regering se funksie nie.

(4) Die beginsel wat betrokke is raak ook ander Ministers en hul departemente en hy sal met daardie Ministers oorleg moet pleeg. As die kerke hulle saak gemeenskaplike kan stel, sal dit ook die taak van daardie Ministers vergemaklik.

(5) Die Regering verwag nie dat bevolkingsgroepe in waterdigte kompartemente moet opereer nie. Dit het die Regering bewys deur die manier waarop hy die toelating van studente tot universiteite gereël het. Die maatstaf bly egter dat elke inrigting sy groepskarakter moet behou.

(6) Daar is ook geen beswaar dat die NG Sendingkerk betrokke raak by die welsynswerk van ander bevolkingsgroepe nie, maar so 'n betrokkenheid moet nie ontwikkel in 'n negering van die Regering se beleid van eie instellings nie.

Die regering is ook bereid om simpatiek na uitsonderlike gevalle te kyk.

(7) Soos sake tans staan, sal die regering die subsidiëring van die inrigtings van die Kerk moet re-evalueer sou die Kerk die basis waarop die subsidie toegestaan word en die voorwaardes waarop die inrigtings geregistreer is, ignoreer. Die regering wil nie die Kerk in sy diens van barmhartigheid teenstaan nie, maar hy verwag ook van die Kerk dat hy in die lewering van sy

> dienste van barmhartigheid nie so protesterend optree dat hy hom in die politieke arena bevind nie. (48)

Die Minister het onderneem om die saak na die Kabinet te neem en weer met die Kommissie te skakel.

Geen amptelike reaksie is intussen van die Staat ontvang nie. By 'n vergadering van die Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste op 24 Oktober 1984 neem die vergadering kennis dat die kommunikasielyne met die Staat vanweë die nuwe staatkundige bestel verander is. 'n Onderhoud met die nuwe Minister by die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn (Huis van Verteenwoordigers) is aangevra. Die onderhoud vind plaas op 27 November 1984 met Minister CJ April. Laasgenoemde reageer meer positief op die vertoë van die Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste. Tydens die vergadering van die Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste op 19 November 1985 word met dank kennis geneem van die positiewe reaksie van die Minister ten opsigte van die oopstelling van inrigtings vir alle bevolkingsgroepe. Die besluit is die volgende:

> Dat goedkeuring in beginsel verleen word vir die oopstelling van die inrigtings onder beheer van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika (Diakonale Dienste) aan ander bevolkingsgroepe, met dien verstande dat betaling van subsidies van ander bevolkingskomponente die verantwoordelikheid van die betrokke Huis/Instansie sal wees. (49)

Die besluit het ook die deur oopgemaak vir die lewering van maatskaplikewerk-dienste aan ander groepe in die breë Suid-Afrikaanse samelewing. Die saak word nou administratief afgehandel sodat uitvoering gegee kan word aan die besluit van die Sinode.

Met die besluit en onderhandelinge het die Kerk daarin geslaag om op Bybelse gronde die hele apartheidsideologie van afsonderlikheid wat ook op die welsynsterrein gevind was, die nek in te slaan. Die Kerk is 'n oop kerk vir alle mense van alle bevolkingsgroepe en as sulks moet sy welsynsdienste op een lyn wees met die beskouing.

In sy memorandum aan die Staat het die Kerk dit baie duidelik gestel dat die Kerk in gehoorsaamheid en na die voorbeeld van die Koning van die Kerk, Christus, hom ontferm oor die mens in nood. Die Kerk sien sy taak as hulpbetoning aan alle mense en wil dit nie net beperk tot

sy eie lidmate en mense van een bepaalde bevolkingsgroep nie. Christus het nooit mense in nood na hulle afkoms of ras gevra nie, maar Hom oor almal ontferm, of dit nou 'n Jood, Romein of Samaritaan was. Die Kerk se hele uitgangspunt wat sy welsynsdienste betref, word gesien as 'n Bybelse opdrag en na die voorbeeld van Christus.

Maatskaplike welsynsdienste in Suid-Afrika word egter steeds op 'n rassegrondslag bedryf. Die driekamerstelsel het geen fundamentele verandering tot stand gebring nie. Aangesien welsyn as 'n eie saak beskou word, het elke bevolkingsgroep 'n welsynsdepartement met sy eie ministerie. Die besluit van die NG Sendingkerk het duidelik die nuwe konstitusionele voorstelle verwerp.

Ten opsigte van voorgestelde Riglyne van die Regering aangaande die nuwe bedeling asook die Presidentsraadvoorstelle, spreek die Algemene Sinodale Kommissie hom soos volg uit:

1. Dat enige staatsbestel wat die meerderheid of enige deel van die bevolking van Suid-Afrika uitsluit, en die grondbeginsels van die beleid van apartheid herbevestig, soos gesien kan word in die voorstelle van die Presidentsraad en/of die nuwe riglyne (nuwe konstitusionele bedeling) soos aanvaar deur die Regering, nie beantwoord aan die eise van die Koninkryk van God nie, en daarom word hierdie voorstelle deur die Algemene Sinodale Kommissie (Sinode) verwerp;

2. Dat rigoristiese etnisiteit ingebou is in die riglyne vir 'n nuwe bedeling van die regering wat nie net die grondbeginsels van die beleid van apartheid herbevestig nie, maar ook in sy samestelling die indruk wek dat daar 'n politieke mobilisasie teen die swart burgers van die land is;

3. Dat dit ons oortuiging is dat die regering alles in sy vermoë moet doen om 'n klimaat te skep waarin 'n nasionale konvensie van alle outentieke en verkose verteenwoordigers van die inwoners van Suid-Afrika gebou kan word om die bydrae van alle bevolkingsgroepe te verkry in die soeke na 'n meer regverdige staatsbestel in Suid-Afrika. (50)

Die rigting waarin die Kerk se welsynsdienste dus beweeg het, is om weg te kom van 'n aparte en afsonderlike georiënteerde dienslewering. Toe die Kerk sy inrigtings oopgestel het vir alle bevolkingsgroepe het dit lynreg gebots met die Groepsgebiedewet. Die NG Sendingkerk is 'n oop Kerk wat ook glo in 'n oop gemeenskap, in oop woongebiede waar mense vryheid van keuse assosiasie geniet. Die besluit van die Kerk dat sy deure en lidmaatskap oop is vir enige gelowige, ongeag taal, kleur en ras, dat sy teologiese opleiding oop is vir enige persoon

wat kwalifiseer en dat hy apartheid verwerp, het daartoe gelei dat sy maatskaplike welsynsdienste ook vir alle bevolkingsgroepe oop is.

## 2. DIE WELSYNSTRUKTUUR

Dit is belangrik om naas die historiese ontwikkeling van die Kerk in die algemeen en die welsynsdienste in die besonder ook die fokus te laat val op die welsynstruktuur van die NG Sendingkerk. Dit sal bepaal of die huidige struktuur voorsiening maak vir groter gemeenskapsbetrokkenheid en gemeenskapsverteenwoordiging. Ten einde die huidige struktuur te kan evalueer, is dit nodig om aandag te gee aan die ontwikkeling daarvan.

### 2.1 Ontwikkeling van die Welsynstruktuur van die NG Sendingkerk

#### 2.1.1 Vanaf 1958 - 1970

Voor 1958 het die Armesorgkommissie hom grootliks besig gehou met noodleniging. Gedurende dié tyd was daar twee ander Kommissies wat kerklike inrigtings bestuur het, naamlik die Kommissie vir die Skool vir Dowes en die Nanniehuis. Die Weeshuiskommissie is in 1958 saamgestel om 'n "weeshuis" op te rig. By dieselfde Sinode word gerapporteer dat die Weeshuiskommissie nie aan die eis van die Nasionale Behuisingswet van 1957 voldoen nie, en derhalwe nie kwalifiseer vir staatshulp vir die oprigting van inrigtings nie. 'n Reglement is opgestel en die Weeshuiskommissie het die Welsynskommissie van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika geword. Dit was die begin van die lewering van welsynsdienste van die Kerk. Die Welsynskommissie het hom ten doel gestel:

> ... om die belange, bevordering, redding en welsyn van sorgbehoewende Kleurlingkinders en volwasse sorgbehoewende Kleurlinge te behartig. (51)

Vir die heel eerste maal is daar 'n struktuur geskep om welsynsdienste op 'n georganiseerde en gekoördineerde wyse in die Kerk van stapel te stuur. Die Kommissie het ook die reg ontvang om onder-afdelings daar te stel ten einde sy doelstellings te kon bereik.

Volgens die Verslag van die Welsynskommissie gelewer by die Sinode van 1962, was hy verantwoordelik vir die bestuur van die Steinthal Kinderhuis en die oprigting van 'n spesiale skool vir Kleurling Epileptici. Voorts was die Kommissie ook verantwoordelik vir die onderhandelinge met die Staat vir subsidies van maatskaplikewerk-poste. Hy het hom ook beywer vir die daarstelling van Skoolkoshuise vir Kleurlingkinders, die verhoging van ouderdomspensioene en die oprigting van Herberge vir Sorgbehoewende Kinders.

Tydens die Sinode van 1970 is besluit om die Armesorgkommissie met die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid te vervang. Laasgenoemde sou onder andere verantwoordelik wees om navorsing te doen ten opsigte van die sosio-ekonomiese toestand in gemeenskappe en dit aan die Kerk beskikbaar te stel. Hy moet verder die Diakonie aktiveer deur voorligting en skoling asook die geestelike versorging van die siekes in hospitale en inrigtings. Voorts moet hy toesig hou oor die opleiding van maatskaplike werkers en hul indiensneming in gemeentes. Hy was ook verantwoordelik vir die beheer van die verskillende welsynstakke in die Kerk. Die organiserende Sekretaris vir die Diens van Barmhartigheid moes die Kerk aktiveer, organiseer en met inligting voorsien ten einde welsynsdienste daar te stel. (52)

Dit was 'n belangrike deurbraak omdat die Kerk vir die eerste keer geaktiveer is om op 'n georganiseerde wyse welsynsdienste te lewer. Die sosio-ekonomiese omstandighede van gemeenskappe is wetenskaplik nagevors en die inligting is aan die Kerk deurgegee. Die Kerk was ook vir die eerste keer direk betrokke by die opleiding van maatskaplike werkers.

Met die nuwe klemverskuiwing het maatskaplike hulpverlening 'n integrale deel van die Kerk se diens van barmhartigheid geword. Die Kerk het maatskaplike werk as vakkundige verlengstuk van sy diens van barmhartigheid gesien.

2.1.2 **1970 - 1978**

Vanaf 1970 was daar nou twee Kommissies wat die welsynsdienste van die Kerk gekoördineer en beheer het, naamlik die Welsynskommissie en die Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid. Die Welsynskommissie het die bestuur van die verskillende kerklike inrigtings behartig terwyl die Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid die plaaslike takke behartig het.

Tydens die Sinode van 1974 rapporteer die Welsynskommissie dat die twee Kommissies met 'n tergende probleem van oorvleueling worstel. Die Welsynskommissie is die geregistreerde moederwelsynsorganisasie, waarby inrigtings en takke moet affilieer. Die affiliasie van takke kan dus nie deur die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid afgehandel word nie, maar deur die Welsynskommissie.

Geen volledige skeiding kon ook gemaak word tussen inrigtingsorg en die werk van takke nie aangesien takke in 'n toenemende mate inrigtings tot stand bring. Daar is gepleit vir een departement met die nodige onder-afdelings wat al die welsynsdienste van die Kerk kon koördineer. (53)


SINODE
SINODALE DIENS-VAN-BARMHARTIGHEID-KOMMISSIE – W.O. 2012
1. Bestaan uit minstens 8 lede deur die Sinode benoem plus Sekretaris(se) vir Diens van Barmhartigheid.
2. Vergader normaalweg een maal per jaar.
3. Dien as beleidmakende liggaam; deligeer sy magte, pligte en verantwoordelikhede aan 2 of meer sub-kommissies.
4. Doen verslag aan Sinode.
SUB.-KOMMISSIE VIR INRIGTINGSFILIAAL
1. Bestaan uit 1 lid uit elke inrigting of groep van inrigtings, 2 lede van Sinodale Diens-van-Barmhartigheid-kommissie, plus Uitvoerende Amptenaar.
2. Word benoem deur Sinodale Diens-van-Barmhartigheid-kommissie.
3. Vergader normaalweg twee maal per jaar.
4. Dien as koördinerende liggaam ten opsigte van alle Inrigtings in Kerk.
5. Doen verslag aan Sinodale Diens-van-Barmhartigheid-Kommissie.
6. Kan onderverdeel word indien die groei van werksaamhede dit vereis.
HELPENDE HAND FILIAAL
SUB-KOMMISSIE VIR PLAASLIKE BARMHARTIGHEIDSDIENSFILIAAL
1. Bestaan uit hoogstens 8 lede (minstens 1 uit elke Supervisors area) plus Uitvoerende Amptenaar.
2. Word benoem deur Sinodale Diens-van-Barmhartigheid-kommissie.
3. Vergader normaalweg 2 maal per jaar.
4. Dien as koördinerende liggaam ten opsigte van alle Barmhartigheidsdiens filiale.
5. Doen verslag aan Sinodale Diens-van-Barmhartigheid-kommissie.
6. Kan onderverdeel word.
RING
RINGS-DIENS-VAN-BARMHARTIGHEIDSKOMMISSIE
1. Bestaan uit soveel lede as wat nodig is.
2. Word deur Ring benoem.
3. Vergader so dikwels nodig.
4. Dien as koördinerende liggaam in ringsressort.
5. Doen verslag aan sub-kommissie(s) en Ring.
KERKRAAD
DIAKONIE/DIENS-VAN-BARMHARTIGHEID-KOMMISSIE
1. Bestaan uit Diakonie en ander soos nodig.
2. Word benoem deur Kerkraad
3. Vergader so dikwels nodig.
4. Dien as uitvoerende bestuur van plaaslike Barmhartigheids-werksaamhede.
5. Doen verslag aan Rings-Diens-van-Barmhartigheid-kommissie en Kerkraad.
INRIGTINGSFILIAAL
SKOOL VIR DOWES
SKOOL VIR EPILEPTICI
STEINTHAL KINDERHUIS
NANNIE-HUIS
INRIGTING VIR ALKOHOLISTE
OUETEHUIS
Die Bestuur
1. Bestaan uit soveel lede as nodig – soveel moontlik uit plaaslike omgewing.
2. Word benoem deur Sinodale Diens-van-Barmhartigheid-kommissie, Staat, Kerkraad.
3. Vergader so dikwels nodig; Dien as beheerliggaam van Inrigting.
4. Doen verslag aan Kerkraad en Sub-kommissie.
C.A.B.
BARMHARTIGHEIDSDIENSFILIAAL (W.O. 2012/.....)
1. Bestaan uit benoemdes uit Diakonie en ander.
2. Word benoem deur Kerkraad.
3. Vergader so dikwels nodig.
4. Dien as hulparm van diakonie.
5. Doen verslag aan Diakonie (kerkraad) en Sub-kommissie.

Die Sinode van 1974 besluit egter om die <u>status quo</u> te handhaaf.

By die Sinode van 1978 is die hele aangeleentheid weer behandel. Dit is gerapporteer dat die werksaamhede van die twee Kommissies steeds mekaar oorvleuel en dat daar geen koördinering in die welsynsdienste van die Kerk is nie. Die Welsyns- en Barmhartigheidskommissies het intussen onderhandel en eenstemmigheid is bereik oor die wenslikheid om een welsynsdepartement tot stand te bring. (54) Die voorstelle vir die algehele rekonstruksie van die werksaamhede van die NG Sendingkerk is aan die Sinode voorgelê.

Die voorstelle is deur die Sinode aanvaar en 'n nuwe Kommissie, bekend as die Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste, is saamgestel. Die Kommissie sou uit 8 lede bestaan wat deur die Sinode benoem word, met 'n voltydse Sekretaris.

Op die tweede bestuursvlak is twee subkomitees, die subkomitee vir Inrigtings Filiale en die subkomitee vir Plaaslike Barmhartigheidsdiensfiliale wat elk uit hoogstens 8 lede bestaan. Twee lede uit elke subkomitee dien op die oorkoepelende liggaam. Op die derde bestuursvlak is die besture van die verskillende kerklike inrigtings en van die gemeentelike barmhartigheidstakke. Sorg word gedra dat daar direkte verteenwoordiging van die derde bestuursvlak in die tweede bestuursvlak is, of so nie, goedbeplande skakeling. Voorts is aanbeveel dat die naam van die Kommissie verander word van die Sinodale Diens van Barmhartigheids-Kommissie (SKDB) na die Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste (SKDD). (55) (Diagrammatiese voorstelle van die nuwe struktuur, bladsy 247, verwys.)

2.2 **Huidige Struktuur** (Diagrammatiese voorstelle,bladsy 252)

Vanaf 1978 het die Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste volgens die nuwe struktuur gefunksioneer wat al die welsynsdienste van die Kerk gekoördineer het. Die werksaamhede van die SKDD het vinnig uitgebrei en gou is talle knelpunte geïdentifiseer. Die SKDD het 'n Ad-Hoc Komitee in 1982 benoem wat na die knelpunte moes gaan kyk. Dit het gou duidelik geword dat die grootste probleem gesetel was in die personeelstruktuur en kontrole-meganisme van die organisasie. Intussen het die nuwe afdelings tot stand gekom, naamlik die aksieprogram: "Voorkoming van Gemeenskapsarmoede" en "Aksie Alkoholiste Sorg". Verder is besef dat die hele kwessie van opleiding en navorsing ook meer pertinente aandag behoort te kry. Om tred te hou met die nuwe organisatoriese en bestuurseise van die veranderde situasie (wat gepaard gaan met groei en ontwikkeling) is daar besluit om die hulp van die Bestuurskool van die Universiteit van Stellenbosch in te roep om 'n nuwe struktuur uit te werk.

### 2.2.1 **Werkswinkel 16 & 17 Augustus 1982**

Op die 16de en 17de Augustus 1982 is 'n werkswinkel by die Bestuurskool van die Universiteit van Stellenbosch gereël. Daarheen is mense uit alle vlakke van die vertakking van Diakonale Dienste genooi, naamlik:

(a) Lede van die SKDD
(b) Personeel van die Hoofkantoor van SKDD (Sekretarisse vir Diakonale Dienste, Saakgelastigde, Beheerbeampte);
(c) Maatskaplike werkers in die veld;
(d) Supervisors
(e) Gemeenskapswerkers
(f) Voorsitters van Diakonale Dienste takke
(g) Direkteure van Inrigtings
(h) Direkteur van Christelike Alkoholiste Bond
(i) 'n Hospitaalleraar
(j) Hoof van die Minnie Hofmeyr Kollege
(k) Die Sekretaris van Getuienisaksie

Na twee dae van worsteling is verskillende konsepvoorstelle gemaak. Die verskillende voorstelle is teenoor mekaar opgeweeg en uiteindelik is konsensus bereik.

### 2.2.2 **Die Huidige Struktuur**

Na die werkswinkel het die SKDD sy nuwe struktuur daargestel. Die Sinode van die NG Sendingkerk is die verantwoordelike liggaam van wie die hele welsynsaksie uitgaan. Die Sinode benoem 'n Kommissie wat verantwoordelik is vir die hele aksie. Die Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste (SKDD) as die beleidmakende liggaam, sal namens die Sinode alle welsynsdienste in die Kerk koördineer, stimuleer en organiseer. In die diens van die SKDD is twee hoof Uitvoerende Amptenare of Sekretarisse vir Diakonale Dienste.

Die SKDD bestaan uit lede van die Sinode, gewoonlik predikante.

<u>Tweede Vlak Bestuur</u>

Op die tweede bestuursvlak is daar drie sub-kommissies, te wete:

Die Subkommissie vir Diakonale Ampsbediening (SKDA);
Kommissie vir Finansies;
Die Subkommissie vir Vakkundige Diakonale Dienste.

### 2.2.3 **Subkommissie vir Diakonale Ampsbediening (SKDA)**

Die SKDA behartig alle kerklike barmhartigheidsdienste wat deur die lidmate en ampsdraers op Sinodale gemeentelike- en ringsvlak gedoen word.

Die hoof uitvoerende beampte is een van die Sekretarisse vir Diakonale Dienste. Onder die SKDA is die volgende:

2.2.3.1 **Komitee vir Hospitaalpastoraat:**

Die Komitee beplan en koördineer alle pastorale dienste in hospitale en beheer ook die hospitaalleraars.

2.2.3.2 Komitee vir Alkoholistesorg:

Die Komitee hanteer die voorligting en behandelingsaksie met betrekking tot alkoholiste wat lidmate van die kerk is, asook maatreëls om alkoholisme te voorkom. Hy werk baie nou saam met die CAB en die Rehabilitasiesentrum van die Kerk.

2.2.3.3 **Komitee vir Bekamping van Gemeenskapsarmoede:**

Die Komitee behartig die hele aksie vir die bekamping van gemeenskapsarmoede in die Kerk. Hy koördineer en gee leiding ten opsigte van die verskillende aksies wat van stapel gestuur kan word op rings- en gemeentelike vlak om armoede te bekamp.

2.2.3.4 **Redaksie vir Helpende Hand:**

Die SKDA is verder verantwoordelik vir die redaksie en besorging van die nuusblad: "Helpende Hand" aan gemeentes en donateurs. Die blad bevat inligting oor die verskillende werksaamhede van die Kerk op die welsynsterrein.

2.2.3.5 **Ringskommissie vir Diakonale Dienste (RDD):**

In die verskillende Ringe van die Kerk is daar 'n Kommissie vir Diakonale Dienste. Die taak van die Ringskommissie vir Diakonale Dienste is om te koördineer en leiding te gee in verband met die barmhartigheid binne Ringsverband en behartig aspekte van die taak wat gemeentes afsonderlik nie kan bekostig nie.

2.2.3.6 **Kerkraadskommissie vir Diakonale Dienste (KRDD):**

Elke gemeente of Kerkraad benoem 'n Kommissie vir Diakonale Dienste wat op plaaslike vlak verantwoordelik is vir die diens van barmhartigheid (ampsbediening) asook die vakkundige diakonale dienste. Die vakkundige diakonale diens word gedoen deur middel van diakonale dienste-tak (vakkundig) waarop diakens saam met verteenwoordigers van ander verenigings en instansies dien. In die struktuur dien die maatskaplike werkers as vakkundige raadgewers op die KRDD. Die Kommissie doen in verband met alle aspekte van die diens van barmhartigheid (welsyn) die nodige beplanning, gee leiding aan die Kerkraad, voer opdragte van die Kerkraad uit en doen verslag aan die Kerkraad en via die Kerkraad aan die Ring.

2.2.4 **Kommissie vir Finansies:**

Die Kommissie vir Finansies van die SKDD is op dieselfde bestuursvlak as die ander twee subkomitees. Die hoof-uitvoerende beampte op die Kommissie is die Saakgelastigde. Verder bestaan die Kommissie uit die dagbestuur van die SKDD asook die twee Sekretarisse van SKDD. Alle begrotings van die verskillende subkommissies en ander werksaamhede van die SKDD asook ander finansiële sake, word deur die Kommissie gehanteer.

2.2.5 **Subkommissie vir Vakkundige Diakonale Dienste (SKVD):**

Die SKVD is verantwoordelik vir die beheer, organisering en koördinering van alle vakkundige dienste. Die Kommissie behartig die volgende vakkundige dienste, naamlik die supervisiedienste, inrigtingsorg en die plaaslike diakonale dienste-takke. Die Kommissie doen verslag aan die SKDD en adviseer laasgenoemde in verband met beleid rakende alle vakkundige dienste. Aan die hoof van die afdeling is 'n Sekretaris vir Vakkundige Dienste.

2.2.5.1 **Raad vir Supervisiedienste:**

Die Raad is saamgestel deur twee lede van die Subkommissie vir Vakkundige Diakonale Dienste, Direkteur vir Supervisiedienste en die verskillende Streeksupervisors. Die doel van die Raad is om toe te sien dat doelstellings van die SKDD effektief in die praktyk geïmplementeer word deur middel van supervisiedienste. Die raad adviseer die Kommissie vir Vakkundige Diakonale Dienste in verband met die beleid en praktyk rakende supervisiedienste asook die indiensopleiding van vakkundige personeel. Die Direktrise vir Supervisiedienste is die hoof uitvoerende beampte.

2.2.5.2 **Komitee vir Inrigtingsorg (KIF):**

Die Komitee word saamgestel uit verteenwoordigers van die verskillende inrigtings (gewoonlik die hoofde) asook verteenwoordigers van die SKDD. Die Sekretaris vir Vakkundige Dienste is die hoof uitvoerende beampte. Die Komitee dien as skakel tussen die SKDD aan die een kant en die verskillende inrigtings aan die ander kant asook as koördineringsliggaam tussen die verskillende inrigtings in sinodale en plaaslike verband. Hy verken verder die hele veld van inrigtingsorg ten einde die SKDD te adviseer ten opsigte van die Sendingkerk op hierdie terrein.

2.2.5.3 **Komitee vir Plaaslike Filiale (KPF):**

Die Komitee bestaan uit verteenwoordigers van verskillende plaaslike diakonale dienste-takke. Die Komitee dien as skakelliggaam tussen die SKDD aan die een kant en die verskillende plaaslike Diakonale Dienste-takke aan

DIAGRAMMATIESE VOORSTELLING VAN DIE SKDD-STRUKTUUR



die ander kant en as koördineringsliggaam tussen die verskillende Plaaslike Filiale van SKDD. Verder stel die Komitee hom ten doel om die vakkundige diakonale dienste in die plaaslike gemeente te bevorder en die SKDD van advies te voorsien ten opsigte van beplanning en die rol wat die NG Sendingkerk op die terrein kan speel.

2.2.5.3.1 **Streekstakke/Streeksinode:**

Die huidige struktuur maak voorsiening vir die skepping van 'n streekstak. Dit beteken dat 'n aantal plaaslike takke in 'n streek in een tak verenig word. Dit kan gebeur in 'n gebied waar 'n aantal klein gemeentes in een streekstak saamgevoeg word. So 'n streekstak kan ook 'n direkteur aanstel wat alle administrasie hanteer.

2.2.5.3.2 **Streeksraad:**

'n Aantal takke in 'n streek kan ook 'n streekraad vorm wat die werksaamhede van takke in die betrokke streek koördineer.

2.2.5.3.3 **Plaaslike Tak:**

Die plaaslike Diakonale Dienste-tak is 'n diensaksie van 'n Kerkraad. Die bestuur word saamgestel uit lede van die Kerkraad (gewoonlik uit die diakonie) en verteenwoordigers van plaaslike liggame en verenigings. Die wortels van 'n tak se diens moet in die gemeenskap wees vandaar dat soveel instansies as moontlik by die bestuur betrek word. Die tak beheer, bestuur en inisieer alle welsynsdienste in 'n bepaalde gemeenskap. Hy stel vakkundige en ander administratiewe personeel aan om sy doelstellings te bereik en omdat hy geaffilieer is by die moederliggaam (SKDD) doen hy jaarliks verslag aan al die afdelings van sy werksaamhede.

**2.3 Huidige Personeelstruktuur van Vakkundige Diakonale Dienste**

2.3.1 Diagrammatiese Voorstelling van die Personeelstruktuur



2.3.2 **Bespreking van Personeelbestuur:**

2.3.2.1 **Sekretaris Vakkundige Dienste (Hoofbeampte):**

Aan die hoof van die SKDD se vakkundige dienste is 'n Hoofbeampte. Die huidige pos word beklee deur 'n geordende predikant wat ook 'n gekwalifiseerde maatskaplike werker is. Die beampte is in beheer van alle vakkundige dienslewering wat Supervisiedienste, maatskaplikewerk-dienste en vakkundige dienste by inrigtings insluit. Die twee beheerbeamptes (Direkteur Supervisiedienste) doen direk verslag aan die Hoofbeampte. Hy is verantwoordelik vir die daarstelling van pligtestate vir die supervisors en ontvang maandeliks alle vakkundige verslae.

2.3.2.2 **Direkteur Supervisiedienste (Beheerbeampte):**

Daar is twee Beheerbeampteposte met gelyke aantal supervisors aan elke beheerbeampte. Die Beheerbeampte gee vakkundige leiding aan supervisors in hul areas en is direk verantwoordelik aan die Sekretaris vir Vakkundige Dienste. Hulle is ook lede van die Komitee vir Inrigtingsfiliale en Plaaslike takke.

2.3.2.3 **Streeksupervisors:**

Die hele land is in 13 Supervisorstreke verdeel. Die Streeksupervisors bedien 'n afgebakende geografiese gebied met 10 - 14 maatskaplike werkers. Hulle is verantwoordelik vir die vakkundige begeleiding aan die maatskaplike werkers in die streek. Hulle doen maandeliks aan die Sekretaris vir Vakkundige Dienste en die Beheerbeampte verslag.

2.3.2.4 **Maatskaplike Werkers:**

Die maatskaplike werkers is in diens van plaaslike takke of streekstakke en ontvang vakkundige leiding van die Streeksupervisor. Die maandverslae en dagboekstelsel stel die supervisors in staat om die maatskaplike werkers te evalueer en die nodige leiding te gee ten einde professionele groei te bevorder.

## 3. MAATSKAPLIKEWERK-DIENSTE

Soos reeds aangetoon, het die welsynsdienste van die NG Sendingkerk in die algemeen, maar veral die maatskaplikewerk-dienste, die afgelope twee dekades ongekende groei ervaar. Nie alleen het die aantal plaaslike takke in getalle toegeneem nie, maar die getal maatskaplikewerk-poste het vinnig toegeneem. In 1966 was daar 30 en teen 1986 het dit gegroei tot 106 takke. Vanaf 1970 tot 1986 het die getal maatskaplike werkers van 55 tot 91 toegeneem. Die supervisieposte het ook vanaf 1980 tot 1986 vanaf 5 tot 13 toegeneem, terwyl die Beheerbeampteposte verdubbel het.

Dit is nodig om die omvang van vakkundige dienste onder oë te neem ten einde dit te evalueer.

### 3.1 **Omvang van Maatskaplikewerk-dienste:** (56)

TABEL 5.4

AANTAL MAATSKAPLIKEWERK-POSTE VANAF 1982 - 1986

| Aantal | 1982/83 | 1983/84 | 1984/85 | 1985/86 |
|---|---|---|---|---|
| Takke | 106 | 110 | 100 | 100 |
| Takke met m/werk-poste | 61 | 57 | 51 | 61 |
| Maatskaplikewerk-poste | 66 | 75 | 77 | 77 |
| Maatskaplikewerk-poste gevul | 62 | 70 | 73 | 73 |
| Toesighouersposte | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Toesighouersposte gevul | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Supervisieposte | 10 | 11 | 11 | 13 |
| Supervisieposte gevul | 10 | 11 | 9 | 11 |
| Beheerposte | 2 | 2 | 2 | 2 |
| Beheerposte gevul | 1 | 2 | 2 | 1 |
| Staatsgesubsidieerde poste | 86 | 88 | 76 | 76 |
| Staatsgesubsidieerde poste gevul | 86 | 88 | 75 | 72 |

TABEL 5.5

AANTAL POSTE BY INRIGTINGS 1986

| Naam van Inrigting | Aantal Poste |
|---|---|
| Steinthal | 5 |
| Toevlug Rehabilitasiesentrum | 4 |
| Herberg Kamieskroon | 1 |
| Herberg Pofadder | 1 |
| Bet-El-Sentrum | 1 |
| Nanniehuis en Christine Revell Kinderhuis | 1 |
| Steintkopf Ouetehuis | 1 |
| TOTAAL | 14 |

Uit bogenoemde statistiek is dit duidelik dat 61 takke oor maatskaplike werkersposte beskik met 77 maatskaplike werkers in diens. Die organisasie het gedurende 1985/86 slegs vier vakante maatskaplike werkersposte en twee supervisorsposte gehad. Die meeste kerklike inrigtings beskik tans oor 'n maatskaplike werker.

Dit is 'n positiewe toedrag van sake dat die organisasie nie met groot omvang van vakatures te doen het nie, as in aanmerking geneem word dat ander welsynsorganisasies 'n tekort aan personeel ervaar.

TABEL 5.6

GEVALLE BEHANDEL IN 1984/85

| Gevalle | Aantal |
|---|---|
| Langtermyngevalle | 19 220 |
| Nuwe gevalle | 3 011 |
| Gevalle afgehandel | 4 644 |
| Tans onder behandeling | 6 264 |
| Korttermyngevalle | 4 007 |
| Gevalle afgehandel | 3 612 |
| Nuwe gevalle | 3 622 |
| Tans onder behandeling | 3 602 |

TABEL 5.7

AANTAL GEVALLEWERKVERSLAE 1984/85

| Verslae | Aantal |
|---|---|
| Prosesverslae | 45 620 |
| Kinderhofverslae | 382 |
| Rekonstruksieverslae | 316 |
| Art 46- verslae | 1 286 |
| Art 48 - verslae | 50 |
| Art 49 - verslae | 41 |
| Art 50 - verslae | 135 |
| Vrylating met vergunning | 80 |
| Aannemingsverslae | 166 |
| Maatskaplike omstandighede-verslae | 570 |
| Vorderingsverslae | 1 250 |
| Regshulpverslae | 592 |

TABEL 5.8

AANTAL ONDERHOUDE GEVOER 1984/85

| Onderhoude | Aantal |
|---|---|
| Kantoor | 34 687 |
| Elders | 19 056 |

TABEL 5.9

KLASSIFIKASIE VAN GEVALLE BEHANDEL 1984/85

| Soort Gevalle | Aantal |
|---|---|
| Kinderverwaarlosing en Sorgbehoewendheid | 1 653 |
| Drankmisbruik/Dwelmverslaafdheid/Alkoholisme | 2 503 |
| Huweliksprobleme | 1 732 |
| Misdaad/Jeugoortredings | 150 |
| Pleegsorgtoesig | 2 678 |
| Ongehude moeders/aannemings | 202 |
| Nie-onderhoud van beweerde vader | 410 |
| Administrasie van toelaes | 1 914 |
| Bejaardesorg | 175 |
| Materiële of stoflike hulpverlening | 634 |
| Fisiese - of geestelike gestremdheid | 292 |
| Verwysings na inrigtings | 189 |

TABEL 5.10

AANTAL VERGADERINGS GEREËL EN BYGEWOON 1984/85

| Vergaderings | Aantal |
|---|---|
| Bygewoon | 735 |
| Gereël | 147 |

TABEL 5.11

AANTAL GROEPE EN GROEPWERKSESSIES GEHANTEER IN GROEPWERK 1984/85

| Soort Groepe | Aantal |
|---|---|
| Jeuggroepe/Klubs | 101 |
| Pleegouergroepe | 46 |
| Bejaarde groepe | 16 |
| Alkoholiste/Probleemdrinkers | 79 |
| Werkklasse | 35 |
| Aantal groepwerksessies per maand | 193 |
| Aantal groepwerkverslae | 280 |

(57)

**Gemeenskapswerk:**

Volgens die jaarverslae van die takke vir 1984/85 meld die takke die volgende belangrike inligting:

(a) **Gemeenskapsbehoeftes en Fasiliteite Geïdentifiseer:**

TABEL 5.12

GEMEENSKAPSBEHOEFTES EN - FASILITEITE DEUR TAKKE GEÏDENTIFISEER 1984/85

| Gemeenskapsbehoeftes | Persentasie |
|---|---|
| Behuisingsnood | 85% |
| Armoede | 87% |
| Gemeenskapsfasiliteite | |
| Gemeenskapsale | 52% |
| Sport en Ontspanning | 60% |
| Kleuterskole, Créches | 76% |
| Ouetehuise | 93% |
| Gestremdes | 32% |
| Dienssentrums vir Bejaardes | 56% |
| Biblioteekdienste | 60% |
| Bioskope | 15% |
| Werkloosheid (Voorsiening van werksgeleenthede en beskutte arbeid.) | 84% |
| Alkohol-en Dwelmbekamping en behandeling | 92% |

(b) **Gemeenskapsprojekte aangepak:**

Takke wat geen gemeenskapsprojekte aangepak het nie : 45%
Takke wat gemeenskapsprojekte aangepak het wat verband hou met geïdentifiseerde behoeftes : 10%

(c) **Gemeenskapsprojekte in vooruitsig:**

Takke wat gemeenskapsprojekte in die vooruitsig stel: 23%

In die evaluering van die Kerk se welsynsdienste sal daar later teruggekom word na die omvang van die professionele dienste op grond van die data verkry uit die jaarverslae vir 1984/85. Die evaluering sal ook die riglyne bied vir die ondersoek na 'n nuwe benadering en aanbevelings wat uit die ondersoek sal voortvloei.

## 4. OPLEIDING VAN MAATSKAPLIKE WERKERS

Die aanvoorwerk vir die opleiding van Christelike maatskaplike werkers het op 11 Februarie 1927 begin. Die inisiatief het van die Vroue Sendingbond (vandag die Vrouediensaksie van die NG Kerk) uitgegaan. 'n Kommissie bestaande uit lede van die Moderatuur van die NG Sendingkerk en die VSB is in die lewe geroep. Die vrug van genoemde Kommissie se werk het daartoe gelei dat 'n gebou in die begin van 1931 in Harringtonstraat Kaapstad, gehuur is. Op 3 Maart 1931 is die skool met nege leerlinge geopen. Mej A M McGregor was die eerste hoof.

In die daaropvolgende jare het die inrigting bestendig ontwikkel. Maatskaplike werkers is met groot welslae in gemeentes geplaas en die kursus is uitgebrei om by omstandighede aan te pas.

Na sewentien jaar in Kaapstad is 'n nuwe opleidingskool vir Kerklike maatskaplike werkers op 30 September 1948 te Worcester in gebruik geneem.

### Leerplanne en Kursusse: 1931 - 1948

Die opleiding vanaf 1931 - 1958 het twee jaar geduur. Maatskaplike werkers sowel as verpleegsters is opgelei. Met die kwarteeufees word daar byvoorbeeld gemeld dat die inrigting 120 maatskaplike werkers opgelei het waarvan 102 diplomas ontvang het (16 het na hierdie opleiding ook gekwalifiseer as kraamverpleegsters).

Die ander is uitgeplaas as: werksters in bewaarskole; by die Burgerlike Blindes, Kaapstad; by die Sosiale Dienste; as Welsynswerksters van die SAS; as assistent matrone by die Skool vir Dowes, Worcester; maar die grootste getal as werksters in sendinggemeentes. (58)

Die kurrikulum van 1931 - 1948 het soos volg daar uitgesien:

'n Tweejarige kursus in Bybelstudie; Godsdiensonderwys; Kinderwelvaart; Huishoudkunde; Naaldwerk; Noodhulp; Verpleging en Praktiese Christelike welvaart.

**1948 - 1974**

Die Kursus vir die opleiding van maatskaplike werk het aansienlik verbeter vanaf 1948. Die toelatingsvereistes is verhoog van st VI tot st VIII. Die leerplan het soos volg daar uitgesien:

Eerstejaar Kursusse

| | |
|---|---|
| Kerkgeskiedenis | Sektewese |
| Kerkleer | |
| Voorbereiding van Boodskappe | |
| Huishouding | Was en Stryk |
| Voedingsleer | Kookkuns |
| Fisiologie | Volksgesondheid |
| Moederkunde | |

Tweedejaarkursusse

Godsdiensonderwys
Sielearbeid

Derdejaarkursusse

Bybelkunde
Naaldwerk
Sosiologie
Maatskaplike Werk
Sielkunde

**Ondersoekkommissie 1962**

In 1962 is 'n ondersoekkommissie aangestel om ondersoek in te stel na die opleiding. Volgens die verslag van die Kommissie was hul opdrag om inligting te bekom oor kursusse vir maatskaplike werkers aan die Universiteitskollege Wes-Kaapland. Onder andere moes vasgestel word of Wes-Kaapland geestelike onderrig aanbied.

Dit wil skyn asof dit die gedagte was dat die opleiding by die Minnie Hofmeyr Kollege beëindig moes word en dat die opleiding by Universiteitskollege Wes-Kaapland moes plaasvind. Die ondersoekkommissie het na hul ondersoek die volgende aanbevelings gemaak:

(a) Met die oog op die aangekondigde plan insake sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Kleurling en die uitvoering van die plan sal die ontwikkeling van maatskaplike dienste onder Kleurlinge en, wat ons betref, Christelike Maatskaplike Dienste 'n noodsaaklike deel van hierdie plan wees.

(b) In hierdie ontwikkeling van maatskaplike dienste sal die verbetering van die maatskaplike standaard en die opknapping van leergange ten einde te voldoen aan hedendaagse vereistes, besondere aandag moet kry.

(c) Met die oog op die finansiële implikasies en die klein getal studente wat die matrikulasiestandaard bereik, sal hierdie verhoging van standaard by Minnie Hofmeyr geleidelik moet geskied.

(d) Die Universiteitskollege Wes-Kaapland bied graad- en diploma-kursusse aan, maar tans is die getal studente klein, slegs 6 of 7, wat die diplomakursus volg en 1 die graad-kursus sodat Wes-Kaapland ook nie in die huidige behoefte kan voorsien nie.

(e) In hierdie stadium bestaan die drang nie by Kleurlinge om hulle eie sorgbehoewende rasgenote op Christelike Maatskaplike terrein te dien nie.

(f) Daar sal baie groot kompetisie wees met indiensneming van opgeleide persone vir verskillende dienste en gevolglik sal die aanbieding vir maatskaplike dienste aanvanklik klein bly.

(g) Indien ons gebruik maak vir Christelike Maatskaplike werk van studente van Wes-Kaaplandse Universiteitskollege, ons graag daar voorsiening wou hê vir 'n aanvullende geestelike kursus (vergelyk Universiteit Stellenbosch), en hierin sal amptenare van die Departement van Kleurlingsake ons ondersteun indien ons verdere onderhandelinge met die Raad vir Kleurlingsake voer.

(h) Daar sal met Wes-Kaaplandse Universiteitskollege en die Departement van Kleurlingsake onderhandel moet word in verband met vergunnings of vrystellings vir studente wat staatsbeurse en ook

studente wat ander beurse gekry het en aan die bepalings daaraan verbonde wanneer hulle hulle wil aanbied vir diens vir die Sendingkerk.

Finale aanbevelings kan nie nou gemaak word nie omdat daar nog verder onderhandelings met die betrokke Regeringsinstansies moet wees om meer duidelikheid te kry oor die verskillende aspekte van die saak.

Vir die huidige word aanbeveel dat die standaard vir toelating by Minnie Hofmeyr geleidelik verhoog word.

In 1972 het die Kommissie vir Maatskaplike Werk die Kollegeraad dringend versoek om die opleiding so spoedig moontlik tot Kollegevlak te verhoog.

In 1974 is daar in onderhandelings met verskeie instansies geskakel met die oog op die verkryging van kollege status. Lede van die personeel het kontak gemaak met die Hugenote Kollege, die Teologiese Skool te Bellville en Universiteitskollege Wes-Kaapland. Die uitvloeisel was dat nuwe leerplanne opgestel is.

Gedurende Augustus 1979 met die uitvaardiging van Wet nr. R12491 (iv) is oud-studente van die Minnie Hofmeyr Opleidingskool toegelaat om as maatskaplike werkers te registreer.

Vanaf 1975 is die standaard verhoog en word die toelatingsvereistes Senior Sertifikaat. Die leerplanne is in ooreenstemming met die bepalings van die Nasionale Welsynswet van 1965 gebring, naamlik: Maatskaplike Werk III, Sosiologie III en Sielkunde II en Bybelkunde II en Toegepaste Naaldwerk en Huishoudkunde as byvakke. Die opleiding was nou gelykwaardig aan dié van universiteite, terwyl die Kollege sy besondere karakter behou het. Die opleiding is ingestel op die Christelike wetenskaplike beskouing en die voorgeskrewe vakke is deurgaans vanuit die Bybel toegelig, sonder dat enigiets van die wetenskaplike standaard prysgegee word. In 1977 het die eerste 5 studente van die Kollege-bedeling hul diplomas in Maatskaplike Werk ontvang. Vanaf 1985 is Maatskaplike werk uitgebou tot 'n vierjarige kursus. Toegepaste Huishoudkunde en Naaldwerk is in 1985 vervang met Praktiese Gesinsversorging.

**Huidige Kursus:**

Maatskaplike Werk IV, Sosiologie III, Bybelkunde II en Praktiese Gesinsversorging.

Kursus I:

Vraestel 1: Afd. 1: Begripsomskrywing en terminologie; aard en funksies van maatskaplike sorg en maatskaplike werk; inleiding tot die metodiek van maatskaplike werk.

Afd. 2: Die verskillende diensvertakkinge van welsynswerk in die RSA.

Vraestel 2 : Afd. 1: Ontwikkeling van maatskaplike sorg en maatskaplike werk in die RSA; welsynsdienste.

Afd. 2: Diakonale Dienste van die NG Sendingkerk

Kursus II:

Vraestel 1 : Afd. 1: Die maatskaplike gevallewerk-metode

Afd. 2: Die maatskaplike groepwerk-metode

Vraestel 2 : Afd. 1: Menslike groei in sy maatskaplike omgewing met verwysing na die ontwikkeling van sekere maatskaplike probleme.

Afd. 2: Ondersteunende dienste en wetgewing

Kursus III:

Vraestel 1 : Afd. 1: Die gemeenskapswerk-metode

Afd. 2: Maatskaplikesorg-administrasie

Vraestel 2 : Spesifieke maatskaplike probleme en dienste ter voorkoming en behandeling daarvan.

Vraestel 3 : Afd. 1: Die gevorderde teorie van gevallewerk met betrekking tot spesifieke probleme.

Afd. 2: Die groepwerk-metode en toepassing daarvan

Kursus IV:

Vraestel 1: Geskiedenis van en huidige tendense in Maatskaplike Werk

Vraestel 2 : Maatskaplikewerk-navorsing

Vraestel 3 : Afd. 1: Die geïntegreerde benadering in Maatskaplike Werk; Kommunikasie

Afd.2: Spesialiseringsterreine in Maatskaplike Werk

Praktiese oriëntering met die veld van die Maatskaplike Werk word deur al vier studiejare gedoen deur studente in te skakel by welsynsorganisasies en -inrigtings:

Eerste Jaar: Een week waarneming by 'n welsynsorganisasie aan die einde van die akademiese jaar.

Tweede Jaar:
1. Vier weke blokpraktika in die Junievakansie.
2. Twee weke inrigtingspraktika aan die einde van die akademiese jaar.
3. Die hantering van gevallewerk en groepwerk deur die jaar.

Derde Jaar:
1. Praktiese inskakeling by 'n plaaslike organisasie een dag elke week.
2. Vier weke blokpraktika in die Junievakansie.
3. Die hantering van 'n gemeenskapswerkprojek.

Vierde Jaar: Hierdie jaar is 'n afrondingsjaar vir die praktyk. Ongeveer 20 weke inskakeling by 'n welsynsorganisasie vir die praktiese werk. (59)

**GEMEENSKAPSWERK AS VAK BY DIE OPLEIDING VAN KERKLIKE MAATSKAPLIKE WERKERS**

Die inlywing van Gemeenskapswerk as onder-afdeling van die kursus in maatskaplike werk is eers in 1975, toe die Minnie Hofmeyr-Kollege Kollegestatus gekry het, op een lyn gebring met ander opleidingsinrigtings. Vanaf 1976 tot 1977 – volgens een van die oud-dosente – was gemeenskapswerk 'n baie klein afdeling van die kursus in maatskaplike werk. Daar is relatief oppervlakkig gekyk na aspekte van die gemeenskapsproses en gemeenskapsorganisasie as metode in maatskaplike werk. Studente het ook geen gemeenskapswerkpraktika by die Minnie Hofmeyr-Kollege ontvang nie. In daardie stadium was daar reeds 257 maatskaplike werkers deur die Kollege opgelei.

Sedert 1975 - 1982 is daar weer na die kursus in maatskaplike werk gaan kyk en is dit soos volg saamgestel:

**Maatskaplike Werk: Kursus I (Eerste Jaar)**

1. Gemeenskapswerk
1.1 Historiese oorsig
1.2 Die aspekte van gemeenskapswerk-proses
1.3 Hulpmiddels

Laasgenoemde is 'n onder-afdeling van die afdeling - "Inleiding tot maatskaplike sorg en die maatskaplike werk".

In die tweede jaar is daar geen kursus in gemeenskapswerk aangebied nie, maar wel in die derde jaar.

In Maatskaplike Werk III is die volgende kursus in maatskaplike werk aangebied:

1. Gemeenskapswerk:
   - 1.1 Die ontwikkeling van gemeenskapswerk as metode in maatskaplike werk.
   - 1.2 Begripsomskrywinge.
   - 1.3 Die doelstellings van gemeenskapswerk.
   - 1.4 Die gemeenskapswerk-proses:
     - 1.4.1 Feite-insameling
     - 1.4.2 Ontleding
     - 1.4.3 Evaluasie
     - 1.4.4 Beplanning
   - 1.5 Belangrike vaardighede van die gemeenskapswerker
   - 1.6 Hulpmiddels:
     - 1.6.1 Plaaslike en Nasionale organisasies
     - 1.6.2 Internasionale koördinasie
     - 1.6.3 Fondsinsameling
   - 1.7 Riglyne in gemeenskapswerk:
     - 1.7.1 Demokrasie
     - 1.7.2 Gemeenskap en Staat
     - 1.7.3 Samewerking, konflik en maatskaplike aksie
     - 1.7.4 Doeltreffendheid, verspreiding en organisasie van welsynsdienste
     - 1.7.5 Voorkoming
   - 1.8 Die verhouding tussen die Staat en partikuliere welsynsorganisasies:
     - 1.8.1 Koördinasie van welsynsdienste
     - 1.8.2 Subsidiëring van welsynsdienste deur die Staat

Bogenoemde kursus het 5 lesure per week beslaan.
Vanaf 1982 is die kursus in Maatskaplike Werk verder aangepas.

GEMEENSKAPSWERK-METODE:

Geskiedkundige ontwikkeling van gemeenskapswerk as metode

Gemeenskapsontwikkelingsmodel

Maatskaplike Aksie

Leidrade vir die skryf van gemeenskapswerkverslae.

Die dosent verantwoordelik vir die praktika in gemeenskapswerk by die Minnie Hofmeyr Kollege het onderstaande inligting verstrek.

**Gemeenskapswerk Praktika by Minnie Hofmeyr-Kollege**

Gemeenskapswerk is 'n lang en tydsame proses. Op kollegevlak, waar studente in werklikheid net 12 - 15 dae het om gemeenskapswerkprojekte te begin en doelstellings te bereik, kan ware gemeenskapswerk nooit naastenby tot sy reg kom nie.

Daarom is Gemeenskapswerkpraktika op kollegevlak slegs 'n blootstelling vir die studente oor 'n wye spektrum van die proses van gemeenskapswerk, ten einde die teorie ietwat beter te verstaan.

Hierdié blootstelling is ook maar beperk, tog word daar gepoog dat studente ten minste iets van elke stap van die gemeenskapswerkproses ervaar om die uitgangspunte en rigtings van die proses te verstaan. Dit stel studente in staat om later, as maatskaplike werkers, die basiese kennis en ervaring wat hulle as studente opgedoen het, te gebruik om gemeenskapswerk op 'n gesonde voet te begin en voort te sit.

**Bewusmaking/Gemeenskapsopvoeding**

As eerste fase in gemeenskapswerk, speel bewusmaking of gemeenskapsopvoeding 'n besonder belangrike rol, veral in die gemeenskap wat ons studente bedien, weens die apatie en belangeloosheid wat oor die jare ontwikkel het en die gebrekkige geleenthede en onderdrukte inisiatief. Die gemeenskap moet geloof in sy eie vermoëns herstel sodat hy 'n aktiewe rol kan speel in sy ontwikkeling en dit geskied deur middel van gemeenskapsopvoeding. Die beginsel is dat mense hulself ontwikkel en nie ontwikkel deur eksterne invloed nie. Dr Julius Nyerere se siening hou hiermee nou verband. "The truth is that development of people means development of people. Roads, buildings, the increase of crop output and other things of nature are not development; they are only tools of development. Development brings freedom, provided it is development of people. But people cannot be developed; they can only develop themselves."

**Kennis van hoe Gemeenskappe Funksioneer**

Die student se behoeftebepaling in die gemeenskap is daarop gerig om 'n geheelbeeld van die gemeenskap, sy sisteme en werkinge, sy leemtes en versteurde verhoudinge te verstaan.

Hierdie totaalbeeld van die gemeenskap is onontbeerlik om effektief en doelgerig te beplan vir projekte in die gemeenskap en heelwat tyd word hieraan bestee voordat die student tot die werklike implementering van beplande aktiwiteite oorgaan.

**Kennis van die Student se Plek in die Gemeenskapswerk-program**

'n Onsekere student kan nie leiding bied nie en studente moet weet wat van hulle verwag word en toegerus wees met die nodige kennis oor hul rolle en rolverwagtings. Dit bied die student selfvertroue en moed om inisiatief te neem en leiding te gee. Hieraan word in die teorie, maar veral in laboratoriumsessies en praktykbegeleiding, aandag gegee. (60)

## 5. KRITIESE EVALUERING VAN DIE NG SENDINGKERK SE WELSYNSDIENSTE

Die NG Sendingkerk betrek ongeveer 25% van die Kleurlingbevolking in Suid-Afrika. As die historiese ontwikkeling van die Kerk in ag geneem word, nl dat dit grootliks bestaan uit nasate van slawe en inheemse Khoikhoi, kan die Kerk met reg die "Kerk van die armes" genoem word. Die swak finansiële drakrag van etlike gemeentes en die feit dat 'n groot aantal op die platteland finansieel afhanklik is van die blanke NG Kerk, is genoeg bewys dat die deursneelidmaat van die Kerk grootliks uit arm mense bestaan. Dit is dan ook nodig om te bepaal hoe effektief die huidige maatskaplikewerk-dienste is om die probleem van gemeenskapsarmoede in die gemeenskap suksesvol te bekamp. Voorts behoort ook vasgestel te word in hoe 'n mate gemeenskapsontwikkeling as strategie aangewend kan word om armoede aan te spreek. Drie fasette van die NG Sendingkerk se welsynsdienste sal beoordeel word, naamlik: die huidige welsynstruktuur, die maatskaplikewerk-dienste en die opleiding van maatskaplike werkers deur die Kerk by die Minnie Hofmeyr-Kollege.

### 5.1 Huidige Welsynstruktuur

Die welsynstruktuur van die Kerk is ontwerp vir tipiese Eerste-wêreld-

gemeenskappe. Die hoofklem van die dienslewering binne die struktuur is klinies van aard en konsentreer grootliks op individuele gevalle en gesinne. Die huidige dienslewering is grootliks toegespits op gevallewerk.

Tereg sê Orcutt hieroor:

> Casework will not eliminate poverty though it has historically addressed itself to the troubles of the poor people. The elimination of poverty requires a national commitment with multi-dimensional strategies for intervention. It is an economic and social complexity fiber of its people, and the transfer of income.
>
> (61)

Dieselfde waarheid is ook deur Midgley (62) oorgedra toe hy ten opsigte van armoede in Derde-wêreldlande beweer het dat die konvensionele benadering in maatskaplike werk nie die probleem van armoede effektief kan hanteer nie. Die probleem van armoede het sy oorsprong in politieke, ekonomiese en maatskaplike faktore en is nie alleen by die mense wat in armoede verkeer, geleë nie. Dit is dus nie genoeg om mense te help om hulle probleem rondom die armoede te verstaan en daarby aan te pas nie. Die mense worstel met basiese behoeftes soos voedseltekorte en ontoereikende gemeenskapsfasiliteite en geriewe soos behuising, gesondheid- en onderwysfasiliteite. Die welsynstruktuur moet dit dus moontlik maak dat die organisasie in sy dienslewering nie alleen maatskaplike faktore aanspreek nie, maar ook samelewingstrukture wat mense in die gemeenskap van hul politieke en ekonomiese regte ontneem.

As aanvaar word dat die gemeenskap, wat deur die Kerk bedien word, in gemeenskapsarmoede verkeer, sal daar nie alleen gefokusseer moet word op 'n individu en gesinne met gebrekkige inkomstes nie, maar op die totale gemeenskap, veral waar die gemeenskap worstel met ontoereikende gemeenskapsdienste en geriewe. Om dit te kan doen, moet die welsynstruktuur voorsiening maak vir groter gemeenskapsbetrokkenheid en verteenwoordiging uit die gemeenskap. Dit is juis die grootste leemte in die huidige struktuur. Die Kerk se welsynstruktuur is te kerkgerig en sluit belangrike sisteme in die gemeenskap uit. 'n Ander belangrike punt van kritiek is dat die gewone lid van die gemeenskap op die "grassroots level" dikwels uitgesluit is in die hele proses van ontwikkeling binne die gemeenskap. Talle kerke in die gemeenskap wat 'n baie sinvolle bydrae kan lewer, word bewustelik uitgesluit. Een van die belangrikste beginsels van gemeenskapsontwikkeling, nl demokrasie, deelname en samewerking van die gemeenskap op grondvlak, word deur die huidige struktuur

in 'n groot mate verontagsaam.

Dit is ondersoeker se oorwoë mening dat armoede en aanverwante maatskaplike probleme alleen suksesvol uitgeskakel word deur die samewerking en koördinering van aksiesisteme in die gemeenskap. Die gemeenskap moet gehelp word om sy eie kragte te ontdek, te ontwikkel en aan te wend.

Slegs deur aktiewe deelname in die gemeenskapswerk-proses kan die maatskaplike funksionering van 'n gemeenskap bestendig word. Om gemeenskapsontwikkeling te kan gebruik, moet die struktuur dit moontlik maak dat gemeenskappe meer verteenwoordiging kry en betrokke raak by ontwikkelingsaksies wat daarop gemik is om armoede te bekamp.

## 5.2 Maatskaplikewerk-dienste

Onder punt 3.1 is daar 'n uittreksel van die omvang van professionele dienste vir 1984/85 en word dit duidelik dat gevallewerk die oorwegende metode is wat by Diakonale Dienste beoefen word. Die aantal langtermyngevalle wat vir die periode behandel is, is 19 220, terwyl 45 620 prosesverslae geskryf en 34 687 kantooronderhoude gevoer is. (Dit is interessant ). Hierteenoor was daar baie minder tyd bestee aan groepwerk. Daar is altesaam 277 groepe, terwyl daar 193 groepwerk-sessies per maand gehou word en vir die verslagperiode 280 groepwerk-verslae geskryf is.

Dit is veral gemeenskapswerk wat binne die Kerk se struktuur nie tot sy reg kom nie. Die meeste takke het verskeie gemeenskapsbehoeftes geïdentifiseer. Behuisingsnood (85%) en Armoede (87%), is die grootste gemeenskapsprobleme wat die 100 takke in die Kerk geïdentifiseer het. Verskeie gemeenskapsfasiliteite word deur die takke geïdentifiseer. Dit is interessant dat die meeste gemeenskapsprobleme en behoeftes wat geïdentifiseer is 'n direkte verband het met armoede (bv werkloosheid 84%; alkohol- en dwelmbekamping 92%).

Ten opsigte van die feit dat die behoeftes deur takke in die gemeenskap geïdentifiseer is, is daar 45% van die takke wat geen gemeenskapsprojekte aangepak het nie en slegs 10% wat gemeenskapsprojekte aangepak het wat verband hou met hul geïdentifiseerde behoeftes. Dit kom dus daarop neer dat bo en behalwe die 45% wat geen projekte beplan en gemeenskapswerk beoefen het nie, 45% met projekte besig was wat nie verband hou met geïdentifiseerde behoeftes en probleme nie. Dit wil dus daarop neerkom dat maatskaplike werkers projekte beplan en aanpak sonder om

na die behoeftes van die gemeenskap te gaan kyk en hulle daarby te betrek. Volgens die verslag is daar slegs 23% (van die 45% wat geen gemeenskapsprojekte aangepak het nie) wat projekte in die vooruitsig stel.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat gevallewerk oorwegend gedoen word ten koste van die ander metodes. Gemeenskapswerk kom glad nie tot sy reg nie. In minder as die helfte van die verskillende takke word geen gemeenskapswerk gedoen nie, terwyl net soveel met projekte besig is wat nie in behoeftes voorsien nie. As in aanmerking geneem word dat 87% van die takke armoede as die belangrikste probleem geïdentifiseer het en die grootste persentasie gevalle wat behandel is noue verband het met armoede, is daar beslis ruimte vir gemeenskapsontwikkeling vir die hele opset van die Kerk se maatskaplikewerk-dienslewering. Dit is dus duidelik dat in die ondersoek gekyk moet word na 'n nuwe benadering in die dienslewering. Gevallewerk alleen is nie meer toereikend om die probleem van armoede van die gemeenskap aan wie dienste gelewer word, te bekamp nie.

Aangesien die huidige welsynstruktuur nie genoeg voorsiening maak vir groter gemeenskapsbetrokkenheid en verteenwoordiging nie en daar grootliks volgens 'n Eerste-wêreld model gewerk word, is dit verstaanbaar dat gevallewerk ten koste van die ander metodes soos veral gemeenskapswerk voorkeur geniet. Die situasie sal alleen verander as die Kerk besef dat die probleem van armoede so gekompliseerd en groot is dat dit deur 'n veel omvattender strategie as gevallewerk suksesvol aangepak kan word. Die Kerk sal dit vir homself moet uitmaak dat hy 'n benadering nodig het wat op alle vlakke van die gemeenskapslewe kan ingryp om die probleem van armoede aan te pak. Die benadering behoort daarop ingestel te wees om alle sisteme wat deur die slagoffer van gemeenskaps-armoede geraak word, by die strategie te betrek. Gemeenskapsontwikkeling binne die maatskaplikewerk-perspektief behoort vir die doel oorweeg te word.

In die geval van die oorwegende gebruik van gevallewerk deur die Kerk, wil skrywer saamstem met die kritiek van Jones en Mayo soos aangehaal deur Lund en Van Harte, wat dit op drie basiese punte kritiseer.

> Pragmatic critique: limited resources:
>
> The argument runs that, while casework is a legitimate method of social work, it is not effectively reaching enough of its client population. The social services are overburdened, resources are taxed to the full, and

casework on a one-to-one client-worker basis is simply too expensive. This argument is particularly pertinent in the developing countries where resources for social services are comparatively limited. In this situation, intensive therapeutic casework services are considered a luxury which these countries can ill-afford.

The preventive versus curative social services debate:

Casework is essentially a curative method in that clients are seen and counselled once the problem is serious enough to come to the attention of the social services. It is thus criticised for being "band-aid" work. Community work is seen in this context as having a role to play in preventing the problems occurring in the first place.

The "radical" critique:

An increasingly vocal group of radical social workers and community organisers is expressing the view that casework is essentially a subtle form of social control: it is a vehicle of socialisation whereby clients are pressured into conforming to the status quo. Middle-class norms of behaviour, job patterns, and family patterns are given to the clients as a model for normality.

The following quotation summarizes the critique:

"Social workers are substantially concerned to fit people into the established ideology which aims to find private solutions to public problems. They confirm a person's position of inadequacy and need for help, and thus help perpetuate an ideology of inequality. The predominant casework approach serves as a major impediment to the collectivisation of the poor." (63)

## 5.3 Opleiding van Maatskaplike Werkers

Waar daar in 1931 reeds begin is met die opleiding van maatskaplike werkers, is die standaard eers in 1985 in een lyn gebring met dié van ander opleidingsinrigtings. Voor 1974 was die opleiding ten opsigte van die metode van gemeenskapswerk baie oppervlakkig. Die aanbieding van gemeenskapswerk as onderafdeling van die kursus in maatskaplike werk het eers in 1975 begin. Maatskaplike werkers voor 1975 het dus eintlik geen opleiding ten opsigte van gemeenskapswerk gehad nie. Selfs vanaf 1976 tot 1982 was gemeenskapswerk 'n baie klein afdeling van die kursus in maatskaplike werk. Dit is eintlik vanaf 1982 dat die kursus aangepas is en die standaard aansienlik verhoog is. Gemeenskapswerkpraktika wat ook vanaf 1982 ingestel is, is eintlik ook te oppervlakkig. Dit het slegs ten doel om die

student bloot te stel aan die verskillende sisteme in die gemeenskap ten einde die teorie beter te begryp. Volgens die Kollege is die blootstelling aan gemeenskapswerk in die praktyk baie beperk. Daar word egter gepoog om so ver moontlik studente te laat deel in die gemeenskapswerk-proses. In die vierde jaar kry studente egter geleentheid om die verskillende metodes te integreer.

Sedert 1982 is daar slegs 17 studente wat die nuutste kursus in gemeenskapswerk deurloop het. Die 257 studente wat voor dié tyd aan die Minnie Hofmeyr-Kollege afgestudeer het se opleiding in gemeenskapswerk is dus van 'n veel laer standaard. Hulle het ook geen praktykopleiding in gemeenskapswerk ontvang nie.

Die huidige maatskaplike werkers in diens van die Kerk is grootliks opgelei aan die Minnie Hofmeyr-Kollege. Dit is duidelik dat die hele opleiding grootliks gekonsentreer het op gevallewerk. 'n Groot aantal het geen of 'n baie geringe opleiding in gemeenskapswerk ontvang. Die huidige kursus aan die Kollege bied gemeenskapswerk slegs in die derde jaar aan. Die opleiding is volgens ondersoeker se mening geheel en al te beperk om die toekomstige maatskaplike werker deeglik genoeg voor te berei om betrokke te wees by gemeenskapsontwikkelingsprojekte om armoede te bekamp. Ten einde armoede suksesvol te bekamp, moet die professionele persoon, in dié geval die maatskaplike werker, oor die kennis en vaardigheid beskik om alle aksiesisteme in die gemeenskap deur samewerking en koördinering betrokke te kry in ontwikkelingsprojekte. Dit is baie belangrik dat studente intensief geskool en voorberei word vir die praktyk. Die Kerk sal dus baie ernstig moet besin oor die hele benadering in die opleiding van sy toekomstige werkkragte.

Verder is dit belangrik dat, indien die Kerk gemeenskapsontwikkeling as metode wil aanwend om armoede te bekamp daar ernstig aandag gegee sal moet word aan indiensopleiding van maatskaplike werkers wat tans in diens van die Kerk is. In die ondersoek sal daar dus op hierdie faset ingegaan moet word.

## 6. SAMEVATTING

Die NG Sendingkerk is reeds van sy ontstaan met die probleem van armoede gekonfronteer. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat sy lidmate grootliks afstammelinge is van vrygestelde slawe en inheemse Khoikhoi wat hoofsaaklik in armoede verkeer het. Die armoede en aanverwante maatskaplike probleme het dan ook daartoe aanleiding gegee

dat 'n groot en uitgebreide welsynsdiens deur die jare ontwikkel het.

Die welsynsdienste het die laaste twee dekades aansienlik gegroei en 'n meer vakkundige inslag gekry. Die welsynstruktuur en (daarmee samehangend) die welsynsdienste het egter nie rekening gehou met die probleem van armoede van 'n groot deel van die gemeenskap nie. Die struktuur en dienste is grootliks geskoei op 'n Eerste-wêreld gemeenskap waar gevallewerk meestal gebruik word.

Met die verloop van tyd is die dienslewering van die Kerk grotendeels op gevallewerk toegespits en kon dit nie eintlik 'n betekenisvolle bydrae lewer tot die bekamping van armoede in die gemeenskap nie. Die benadering het dan ook daartoe aanleiding gegee dat belangrike sisteme in die gemeenskap, wat 'n bydrae kon lewer tot ontwikkelings- en opheffingsprogramme, in die proses nie betrek is nie. Die deelname en samewerking van die totale gemeenskap was in die totale benadering afwesig.

Wat die posisie verder negatief raak, is dat 'n groot persentasie maatskaplike werkers wat tans in diens van die Kerk is geen, of slegs 'n oppervlakkige, opleiding in gemeenskapswerk gehad het en dus baie moeilik betrokke kon raak by 'n gemeenskapsontwikkelingsgerigte benadering.

Selfs die huidige opleiding van kerklike maatskaplike werkers by die Minnie Hofmeyr-Kollege maak nie genoeg voorsiening vir deeglike opleiding in gemeenskapswerk nie. Indien die Kerk gemeenskapsontwikkeling as nuwe benadering en strategie beoog om armoede te bekamp, sal daar baie ernstig besin moet word oor die opleiding en toerusting van sy maatskaplike werkers.

In die opname wat onder andere die aktiwiteite van die Kerk se maatskaplike werkers gedek het en wat in Hoofstuk 8 in detail bespreek word, is daar spesifiek na die drie fasette van die NG Sendingkerk se welsynsdienste gekyk, naamlik sy welsynstruktuur, sy maatskaplike dienste en die opleiding van kerklike maatskaplike werkers.

In die hoofstuk wat nou volg, nl Hoofstuk 6, sal die soeklig bepaald val op gemeenskapsontwikkeling as benadering binne 'n maatskaplikewerk-perspektief ten einde vas te stel hoe die Kerk daarvan gebruik kan maak in sy pogings om armoede te bekamp. Een van die struikelblokke is dat, om studente deeglik vir gemeenskapswerk op te lei, bestaande gemeenskapswerkopsette en -projekte nodig is waarby hulle ingeskakel kan word. Om egter goedverlopende gemeenskapsprojekte en dies meer te bewerkstellig, is onder andere relevant-opgeleide maatskaplike werkers nodig.

---oOo---

# VERWYSINGS


1. Kinghorn, J., et al: 1986. Die NG Kerk en Apartheid. MacMillan SA, Braamfontein. p. 70.

2. Kriel, CJ: 1981. Die Eerste Eeu: Geskiedenis van die NG Sendingkerk. Nasionale Boekhandel, Goodwood. pp. 5 - 6.

3. Kinghorn, et al; op.cit., p. 71.

4. Heese, HF. 1984. Groep sonder Grense (die Rol en Status van die Gemengde Bevolking aan die Kaap 1652 - 1769). Wes-Kaaplandse Instituut vir Historiese Navorsing, Universiteit Wes-Kaapland, Bellville. pp. 5 - 10.

5. Ibid., p. 5.

6. Kinghorn, et al; op.cit., p. 71.

7. Ibid., p. 71.

8. Ibid., p. 76.

9. Loc. cit.

10. Kriel, CJ: 1963. Geskiedenis van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika (1881 - 1956). Paarlse Drukpers, Paarl. p. 103.

11. Beets, HM. 1983. Die Diakonale Taak van die Gemeentes in die NG Sendingkerk in Suid-Afrika, M Th Skripsie, Universiteit van Stellenbosch. p. 123.

12. Kriel, CJ. 1981. op.cit., p. 105.

13. Sinode van NG Sendingkerk 1986; Skema. p. 109.

14. Beets, op.cit., p. 124.

15. Ibid., p. 126.

16. Ibid., pp. 127 - 129.

17. Sinode van NG Sendingkerk 1986; Handelinge. pp. 401 - 402.

18. Ibid, p. 401.

19. Kriel, 1981. op.cit., p. 114.

20. Loc. cit.

21. Beets, op.cit., p. 132.

22. Ibid., p. 139.

23. Sinode van NG Sendingkerk 1986; Skema. p. 406.

24. Kriel, 1981. op.cit., p. 116.

25. Sinode van NG Sendingkerk, Skema. p. 413.

26. Ibid., p. 404.

27. Skiereilandse Sendingraad van die NG Sendingkerk, 1930. Sendingnood aan die Voet van Tafelberg. Nasionale Drukpers, Elsiesrivier. p. 2.

28. Beets, op.cit., p. 170.

29. Sinode NG Sendingkerk 1954, Handelinge. p. 312.

30. Skiereilandse Sendingraad, Notule 59/02/13, p. 15.

31. Reglement van Barmhartigheidsdienste van Skiereilandse Sendingraad. Notule 27 Februarie 1959. p. 6.

32. Welsynskommissie van NG Sendingkerk. Notule 63/02/05. p. 2.

33. Ibid., 64/04/15., p. 3.

34. Ibid., 65/02/17, p. 2.

35. Ibid., 65/05/17, p. 17.

36. Sinode NG Sendingkerk 1966. Handelinge. pp. 77 en 250.

37. Ibid., p. 76.

38. Sinode NG Sendingkerk 1970. Handelinge. p. 220.

39. Sinode NG Sendingkerk 1974. Handelinge. pp. 130 - 131.

40. Ibid., p. 131.

41. Sinode NG Sendingkerk 1978. Handelinge. p. 220.

42. Sinode NG Sendingkerk 1982. Handelinge. p. 247.

43. Sinode NG Sendingkerk 1986. Handelinge. p. 417.

44. Ibid., pp. 418 - 419.

45. Sinode NG Sendingkerk 1982. Handelinge. p. 579.

46. Ibid., p. 586.

47. Dagbestuur van SKDD 1984. Notule van Samespreking met Minister FW De Klerk oor oopstelling van kerklike Inrigtings alle Bevolkingsgroepe. 84/03/12 te Kaapstad. pp. 3 en 4.

48. Ibid., p. 5.

49. SKDD: Notule 19 November 1984. p. 827.

50. Algemene Sinodale Kommissie: Verslag aan Sinode van NG Sendingkerk 1986; pp. 79 - 80.

51. Sinode NG Sendingkerk 1958, p. 79.

52. Sinode NG Sendingkerk 1958, Handelinge. pp. 284 - 285.

53. Sinode NG Sendingkerk 1974, Handelinge. pp. 122 - 123.

54. Sinode NG Sendingkerk 1978, Handelinge. pp. 191 - 192.

55. Ibid., p. 192.

56. Sinode NG Sendingkerk 1986, Skema. pp. 418 - 419.

57. Ibid., p. 419 - 420.

58. NG Sendingkerk in Suid-Afrika: Gedenkskrif 1881 - 1956 Driekwarteeu-feesviering. Uitgegee deur Nasionale Boekhandel, Elsiesrivier: 1956. p. 53.

59. Minnie Hofmeyr-Kollege, Worcester: 1985. Prospektus.

60. Uittreksel gesprek Mnr C Beukes, Dosent Maatskaplike Werk, Minnie Hofmeyr Kollege.

61. Orcutt, B. 1974. Poverty and Social Casework Services. Selected Papers. The Scarecrow Press, New York. p. 1.

62. Midgley, J. 1981. Professional Imperialism: Social Work in the Third World. Heineman Educational Books, London. p. 116.

63. Lund, FJ and Van Harte, EL. 1980. Community Work for Development and Change: Discussions with South African Community Workers. Institute for Social Development, University Western Cape, pp. 7 - 8.

---oOo---

AFDELING B

HOOFSTUK 6

# GEMEENSKAPSONTWIKKELING BINNE 'N MAATSKAPLIKEWERK-PERSPEKTIEF

Gemeenskapsontwikkeling is tans 'n baie aktuele saak in Suid-Afrika. Dit geniet wye belangstelling by staatsdepartemente, die private sektor en veral welsynsorganisasies ten opsigte van ontwikkeling van gemeenskappe. Verskeie vakdissiplines het die afgelope dekades 'n bydrae gelewer tot die groei en vestiging van gemeenskapsontwikkeling as wetenskaplike studie.

'n Groot gedeelte van die swart gemeenskap in Suid-Afrika verkeer tans in 'n toestand van grootskaalse armoede en onderontwikkeling.

Die maatskaplikewerk-beroep is nie die enigste wat met die ontwikkeling van dié gemeenskappe te doen het nie. In Suid-Afrika het veral landboukundiges, gesondheidswerkers, opvoedkundiges en ekonome hulle bydraes te maak. In hierdie hoofstuk word daar egter spesifiek na gemeenskapsontwikkeling binne die maatskaplikewerk-perspektief gekyk.

Aangesien met die studie onder andere gepoog word om die Kerk te oortuig dat gemeenskapsontwikkeling as nuwe benadering en strategie 'n betekenisvolle bydrae kan lewer om armoede te bekamp, word dit nodig geag om breedvoerig in te gaan op gemeenskapsontwikkeling binne 'n maatskaplikewerk-perspektief.

Omdat gemeenskapsontwikkeling as proses altyd binne die raamwerk van 'n gemeenskap verloop, word eerstens geprobeer om te bepaal wat 'n gemeenskap is; hierna word aandag gegee aan gemeenskapsontwikkeling as omvattende strategie. Voorts word gepoog om die begrip "gemeenskapsontwikkeling" te omskryf. Die beginsels waarop gemeenskapsontwikkeling berus, word hierna bespreek en dan val die soeklig op die doelstellings van gemeenskapsontwikkeling. Die doelstellings word in twee kategorieë, nl primêre en sekondêre doelstellings, gegroepeer.

Ten opsigte van die benaderings in gemeenskapsontwikkeling word gefokusseer op die direktiewe en nie-direktiewe benadering. Dit word duidelik dat albei voor- en nadele het en die een benadering kan nie noodwendig uitsluitend tot die ander gebruik word nie.

Vir die doel van die studie was dit belangrik om te gaan kyk na die verband tussen die beroep maatskaplike werk en gemeenskapsontwikke-

ling en die bydrae wat eersgenoemde tot gemeenskapsontwikkeling lewer. Dunham en Rothman se drie modelle in gemeenskapswerk het veel lig op die saak gewerp. Aangesien gemeenskapswerk, gemeenskapsorganisasie en gemeenskapsaksie 'n belangrike en integrale plek in gemeenskapsontwikkeling inneem, word dit volledigheidshalwe ook onder oë geneem.
Dit het ewe noodsaaklik geblyk te wees om te gaan kyk na die inisiatiewe wat van die Staat uitgaan ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling. Die Streeksontwikkelingstrategie en die Bevolkingsontwikkelingsprogram het derhalwe aandag gekry.

Omskrywing van 'n Gemeenskap as Entiteit binne die Gemeenskapsontwikkelingsproses

Ten einde die konsep van gemeenskapsontwikkeling in die regte perspektief te plaas, sal dit nodig wees om vooraf te bepaal wat 'n gemeenskap is. Dit is 'n komplekse en uiters dinamiese entiteit. Verskillende skrywers benader en omskryf dit op hul eie manier. Ferrinho gee byvoorbeeld die volgende uiteensetting van 'n gemeenskap:

> (a) A way of life defined by a set of common values and interests around which institutions are developed and with which residents identify themselves (cultural approach);
>
> (b) A network of social interaction within which people relate to one another (sociological approach);
>
> (c) A system of reference for a set of common individual identifications (psychological approach);
>
> (d) A place from which a human population obtains the energy it needs to live and survive (ecological approach). (1)

Die benaderings wat Ferrinho suggereer dui daarop dat gemeenskappe onderling verskil en onderhewig is aan beïnvloeding en verandering. 'n Gemeenskap moet teen die agtergrond van tyd en sy spesifieke omstandighede gesien word. Sentimente, waardes, norme en maatskaplike omstandighede speel 'n belangrike rol. Twee kenmerke is altyd in 'n gemeenskap teenwoordig, nl 'n geografiese gebied en 'n patroon (of patrone) van maatskaplike interaksie.

Trecker omskryf 'n gemeenskap soos volg:

> .....a convenient term to refer to a group of people gathered together in any geographical area, large or small, who have common interests... Just as "person" describes a class within which are all types, sizes, ages and so forth, so "community" is

a general "term". (2)

Die Woordeboek vir Maatskaplike Werk omskryf 'n gemeenskap soos volg:

> Funksionele verwante versameling van mense wat op 'n bepaalde tydstip in 'n bepaalde geografiese gebied woon, in 'n sosiale struktuur georden is en 'n bewustheid van hulle eiesoortige en eie identiteit as groep openbaar. (3)

Ferrinho gee 'n baie omvattende en bruikbare omskrywing van 'n gemeenskap waardeur die praktisyn in staat gestel word om die elemente van 'n gemeenskap te kan identifiseer. Gevolglik is sy omskrywing vir beplanning en evaluering van ontwikkeling van uiterste belang.

> Community is the specific system of action which arises (theory system) when a human population, (demography) settled in a given territory, establishes (geography) structural arrangements for adaptiveness to it in order to live and survive as a group, (economics) developing interactive relationships amongst its components, which not only define an order kept off equilibrium by some kind of stress but also (sociology) originate shared ways of thinking, feeling and eating which are (cultural anthropology) internalized by all the population and with which each individual identifies himself in a particular degree according to his personal living experience and inherited characteristic (psychology). (4)

Uit bogenoemde beskrywings van 'n gemeenskap is dit vir ontwikkelingdoeleindes belangrik om daarop te let dat 'n gemeenskap in twee dele onderverdeel word, naamlik:

> Eerstens, 'n geografiese gemeenskap wat te make het met 'n groep mense wat in 'n spesifieke omlynde gebied woon wat hulle tot 'n mindere of meerdere mate tot mekaar verbind. Hierdie grense kan van toepassing gemaak word op 'n land, 'n streek, 'n distrik, 'n stad, 'n voorstad of 'n dorp.
>
> Tweedens, 'n funksionele gemeenskap waardeur mense aan mekaar verbind is, nie soseer deur geografiese grense nie, maar wel deur sekere uitgangspunte of doelstellings wat nagestreef word. In hierdie verband kan byvoorbeeld kultuurorganisasies, sportorganisasies en kerke as funksionele gemeenskappe gesien word.

Vir die praktyk van gemeenskapsontwikkeling is dit noodsaaklik om 'n gemeenskap te ken, 'n begrip te ontwikkel vir die onderskeie onderdele waaruit dit bestaan asook die onderlinge kragtespel wat aan die

orde van die dag is en waardeur mense nader of verder van mekaar beweeg. Kennis en begrip van die agtergrond, kragtespel en interaksie van 'n spesifieke gemeenskap, is 'n voorvereiste indien die proses van gemeenskapsontwikkeling op 'n sinvolle wyse georden, gerig en gestuur wil word.

GEMEENSKAPSONTWIKKELING AS 'N OMVATTENDE STRATEGIE

Ten einde die doelstellings van gemeenskapsontwikkeling te begryp en om 'n idee te kry van die plek en taak van gemeenskapswerk, gemeenskapsorganisasie asook gemeenskapsaksie binne dié omvattende konsep, is dit nodig om te let op die verskillende soorte gemeenskapsontwikkeling.

Sanders (5) sien gemeenskapsontwikkeling as 'n proses; 'n metode, 'n program of 'n beweging. Sehnert (6) vat Sanders se siening oor gemeenskapsontwikkeling as proses soos volg saam:

> ... a process for changing communities toward desired goals. Included in this process are study, training, education, planning, organising and action that bring about the cognitive purposeful change toward the community goals.

Alhoewel Sanders toegee dat die begrippe "process" en "method" dikwels in die literatuur afwisselend gebruik word binne die konteks van gemeenskapsontwikkeling, kom hy tot die volgende gevolgtrekking:

> ... many community practitioners who actually regard community development as a process, when they are urging its benefits with government officials and others who have not yet been won over, argue its merits as a method of economic as well as social development. (7)

Gemeenskapsontwikkeling as metode word dus gesien as 'n middel tot 'n doel en nie 'n doel op sigself nie.

Dunham (8) sien beplande programme as een van die vier basiese elemente in gemeenskapsontwikkeling.

Dit is veral TR Batten wat gemeenskapsontwikkeling as 'n reeks programme beskou en tot die volgende gevolgtrekking kom:

> ... one of the principal problems in using democratic methods in community development is that the central government puts pressure on village level workers to achieve national goals within a given period of time.

> As a result, village workers attempt to speed up the programmes with less democratic methods. (9)

Dit word dus duidelik dat gemeenskapsontwikkeling tog as 'n program gesien kan word. Die gevaar bestaan egter in geval van bv 'n vyfjaarprogram dat die fokus te veel op die program self val, instede daarvan moet daar gefokus word op die mense betrokke by die program en dié wat moet baat by die ontwikkeling.

Vir voorstanders van die siening dat gemeenskapsontwikkeling 'n beweging is, gaan dit om hul emosionele betrokkenheid en toewyding en dus nie soseer om 'n neutrale of wetenskaplike, objektiewe beoordeling nie.

Uit voorafgaande word dit duidelik dat gemeenskapsontwikkeling al vier die komponente bevat, naamlik proses, metode, program en beweging. Die gekompliseerde aard van gemeenskapsontwikkeling vra wetenskaplike denke, metodiese werkswyse, ordelike programme en ten slotte, maar nie die minste nie, betrokkenheid en toewyding.

**Griffiths se beskouing oor die verskillende soorte gemeenskapsontwikkeling (10)**

Griffiths se verwysing na die verskillende soorte gemeenskapsontwikkeling wat gebaseer is op hul spesifieke doelstelling bied 'n belangrike perspektief. Hy bespreek die volgende:

**(a) Politieke Aktivistiese of Idealistiese Siening van Gemeenskapsontwikkeling (11)**

Dië benadering word dikwels by die jonger geslag gevind wat die oortuiging huldig dat die wêreld in 'n skrikwekkende toestand verkeer en dat iets daadwerkliks daaraan gedoen behoort te word:

> ...others more politically motivated... engage in community action directly with the aim of becoming leading participants of disadvantaged groups in taking militant action against what appears to be an unyielding bureaucracy. (12)

(b) Institusionele Benadering

Hierdie benadering het hoofsaaklik sy ontstaan gehad in jeugwerk en veral in die werk van sekere kerke. By die institusionele benadering val die klem hoofsaaklik op gemeenskapswerk wat gemeenskapsdienste lewer en die lede van die gemeenskap ondersteun; en nie soseer op 'n kerk wat van sy lede verwag om na 'n spesifieke gebou en sentrum te kom nie.

> Recognising the interrelatedness of community life

> and also that problems and functions of life cannot be abstracted to be dealt with separately from the whole, this type of approach has as its objective the encouragement of those, for whom a service would formally have been provided, to take action on their own behalf and in addition to accept a responsibility for others. (13)

(c) Volwasse Onderwys Benadering

Die tradisionele opvatting oor volwasse onderwys, nl om in sekere programme in gemeenskapsontwikkeling die minderbevoorregtes en agtergeblewendes in die gemeenskap op 'n demokratiese wyse te help om hul agterstand uit te wis en hul lewensomstandighede te verbeter, is vervang deur 'n nuwe benadering.

Michael Foot beskryf dit soos volg:

> Instead we see today, in addition to a wide range of conventional adult education provision, experimental forms of adult education designed to inform and develop local leadership. We also see an increasing interest in such objectives as town planning, consumer affairs, conservation, development of organisational skills, regional development, social welfare and citizens rights, etc. **(14)**

(d) Stedelike Vernuwingsbenadering

Verskillende faktore het na vore gekom ten opsigte van die sogenaamde stedelike vernuwingsbenadering in gemeenskapsontwikkeling wat bv met die grootskaalse en dikwels gedwonge verskuiwing van mense van een gebied na 'n ander gepaard gaan. Die skepping van nuwe woongebiede na die Tweede Wêreldoorlog het aan die een kant behuisingsprobleme opgelos, maar aan die ander kant ernstige maatskaplike probleme veroorsaak. So kan vernietiging van plakkerskampe en die hervestiging van die inwoners behuising en fisiese probleme oplos, maar terselfdertyd kan dit maatskaplike sisteme waarop mense vertrou het en waarsonder sommige nie kan funksioneer nie, vernietig.

Die taak van gemeenskapsontwikkeling ten opsigte van stedelike vernuwing, gaan dus nie slegs om die voorsiening van behuising nie, maar is ook verantwoordelik vir die daarstelling van ondersteuningsdienste aan die inwoners. Die klem val veral op ontwikkeling van gemeenskapsbetrokkenheid, gemeenskapsinteraksie en 'n ondersteunende struktuur.

(e) Die Gemeenskapswerk Benadering

'n Relatiewe onlangse uitbreiding tot die maatskaplikewerk-metodiek is die sogenaamde professionele benadering tot gemeenskapsontwikkeling.

Die benadering is 'n klemverskuiwing van die tyd toe maatskaplike werk grootliks gedomineer was deur die gevallewerkmetode.

Griffiths beskryf dit soos volg:

> ... indeed the true significance of community work is that it represents a fundamental shift in the concept of social work... the realisation that the demand for social services is far in excess of what could be provided on a professional one-to-one basis, certain doubts about the value of institutionalization as a means of dealing with certain social problems and, certainly in recent years, the stringent criticism of younger social workers who have tended to reject what they regard as symptom treatment. (15)

## 1. DEFINIëRING VAN GEMEENSKAPSONTWIKKELING

Die eerste en mees omvattende definisie van gemeenskapsontwikkeling is diê van die Verenigde Volke Organisasie se Ad Hoc Group of Experts on Community Development.

> ... the processes by which the efforts of the people themselves are united to improve the economic, social and cultural conditions of communities, to integrate these communities into the life of the nation, and to enable them to contribute fully to national progress. This complex of processes is, therefore, made up of two essential elements: The participation by the people themselves in efforts to improve their level of living, with as much reliance as possible on their own initiative and the provision of technical and other services in ways which encourage initiative, selfhelp and mutual help and make these more effective. It is expressed in programmes designed to achieve a wide variety of specific improvements. (16).

In die definisie word sekere aspekte beklemtoon wat baie belangrik ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling is, nl selfhelp of gemeenskapsbetrokkenheid.

Rothman stel die doel duidelik:

> ...to create conditions of economic and social progress for the whole community with its active participation and the fullest possible reliance on the community's initiative. (17)

Dunham beskryf dit soos volg:

> Community development seeks to work primarily through the enlistment and organization of self help and cooperative methods on the part of the residents of the community. (18)

Dit word dus duidelik dat die gemeenskap aktief betrokke moet wees

in die nastrewing van ontwikkeling binne die gemeenskap. 'n Tweede aspek in die definisie is die hulp van owerheidsinstansies aan die gemeenskap. Sinvolle verandering en ontwikkeling op ekonomiese, maatskaplike en politieke vlak kan alleen bewerkstellig word waar die gemeenskap deur die owerheid daartoe ondersteun word. Lategan vat dit soos volg saam:

> Selfwerksaamheid op plaaslike vlak moet aangevul word deur beplanning en die beskikbaarstelling van tegniese en fisiese hulpbronne op streeks- en nasionale vlak. Ten einde beskikbare bronne vir ontwikkeling maksimaal te benut, is dit belangrik dat gemeenskapsontwikkeling nie net in 'n plaaslike gemeenskap toepassing vind nie, maar dat daar op streeks- en nasionale vlak hiervoor beplan word. (19)

Die doelstelling van gemeenskapsontwikkeling is dus "to improve the economic, social and cultural conditions of the community." Taylor stel dit soos volg:

> ...the participation of the people who live in local communities is the prime essential, not only to the development of their own communities, but to the economic, social and political development of the national society. (20)

Dunham beaam dit soos volg:

> In this discussion, community development is regarded as organized efforts of people to improve the conditions of community life and the capacity of the people for participation self direction, and integrated effort in community affairs. (21)

In die definisie van die Verenigde Volke word ook verwys na "national progress, improving their level of living", ens. Gemeenskapsontwikkeling is dus 'n metode of proses met die doel om maatskaplike, ekonomiese en politieke ontwikkeling te bewerkstellig. Dit impliseer nie slegs vooruitgang en verbetering van 'n gemeenskap nie, dit geskied op 'n verskeidenheid van terreine en is multidissiplinêr van aard. Hulp van buite moet nie die pogings van die gemeenskap vervang nie, maar aanvul en versterk.

Gemeenskapsontwikkeling is dus 'n metode en proses waarby 'n bepaalde gemeenskap aktief betrokke moet wees en 'n aandeel moet hê aan die beplanning en implementering van ontwikkelingsprojekte. Die gemeenskap se eie behoeftes en nood moet die primêre motivering vir ontwikkeling ten grondslag lê. Die selfwerksaamheid

van die gemeenskap moet ondersteun word met behulp van plaaslike streeks- en nasionale owerhede. Die ontwikkelingsprogram moet met ander woorde in ooreenstemming gebring word met dié van die breë of nasionale of staatsontwikkelingsbeleid.

## 2. DIE FILISOFIE EN BEGINSEL WAAROP GEMEENSKAPSONTWIKKELING BERUS

Vanuit die maatskaplikewerk-perspektief, berus gemeenskapsontwikkeling op dieselfde filosofie waaruit maatskaplike werk voortspruit en die vertrekpunt van die maatskaplike werk en die gemeenskapsontwikkeling is gegrond op dieselfde veronderstelling, naamlik dat die mens, ten einde as mens te kan bestaan, op sy medemens aangewese is. Hierdie aangewesenheid impliseer ook verantwoordelikheid, dit wil sê teenoor die naaste sowel as teenoor dié self. Daar is 'n aantal beginsels wat binne die filosofie gevind word. Die beginsels in dié verband word kortliks bespreek.

### 2.1 Eerbied en Agting

Elke mens is eerbiedwaardig omdat hy in die eerste plek skepsel van God is. Hugo (22) meen dat dié feit die verantwoordelikheid op elke mens plaas om in sy handeling met die medemens aan hom of haar eerbied of agting te betoon. Die belangrike implikasies wat hierdie beginsel vir die maatskaplike werker in die algemeen en vir gemeenskapsontwikkeling in die besonder het, is die feit dat hulpverlenings- en ontwikkelingsprogramme nie maar net op gemeenskappe toegepas of afgedwing kan word nie. Die individu en daarom ook die gemeenskap, behoort in enige poging tot ontwikkeling geken te word.

Hugo verklaar hieroor soos volg:

> Die gemeenskap moet die geleentheid kry om self te besin, te beplan en te werk aan ontwikkelingsprogramme. Die miskenning van hierdie belangrike beginsel dui nie alleen op oneerbiedigheid teenoor en minagting van die individu nie, maar het in die verlede die mislukking van baie "goed bedoelde" ontwikkelingsprogramme tot gevolg gehad. (23)

Ferrinho (25) stel dit as basiese beginsel van gemeenskapsontwikkeling en beweer tereg dat hieruit voortvloei die beginsel van selfbeskikkingsreg, selfhelp en die erkenning van inherente vermoëns van die mens.

### 2.2 Selfbeskikkingsreg

Op grond van die menswaardigheid van elke mens, beskik hy oor die

reg om sy eie keuse te maak en besluite te neem in ooreenstemming met sy waarde-rangordes. Namate 'n gemeenskap tot groter selfstandigheid en onafhanklikheid groei en dus meer verantwoordelike besluite kan neem wat in aanvaarbare gedrag en handelinge tot uiting kom, dermate geniet die gemeenskap meer vryheid.

Die beginsel van selfbeskikking weerhou die gemeenskapsontwikkelaar om namens die gemeenskap besluite te neem. Enige besluit wat geneem word, moet deur die gemeenskap self (of sy verteenwoordiger in uiterste gevalle) in oorleg met die maatskaplike werker geneem word. Daar moet gewaak word om 'n betrokke gemeenskap se leefwyse en ontwikkeling na willekeur te probeer beïnvloed.

Beide Hugo (25) en Lategan (26) wys daarop dat dit van wesenlike belang is dat, wanneer daar oor gemeenskapsontwikkeling gepraat word, dit nie uit die oog verloor moet word dat hierdie reg nie losgemaak kan word van die verpligting om verantwoordelikheid te aanvaar nie.

**2.3 Selfhelp of Eie Hulp**

Gemeenskapsontwikkeling het ten grondslag dat meer ontwikkelde volke, gemeenskappe of individue die minder of onderontwikkelde gemeenskap help.

Die hulp is daarop ingestel om die onderontwikkelde gemeenskap op ekonomiese, maatskaplike en politieke gebied te help ontwikkel en te verbeter.

Die beginsel van selfhelp is in gemeenskapsontwikkeling net so belangrik as in maatskaplike werk. 'n Gemeenskap wat tot 'n selfstandige werkswyse en vryheid aangespoor word, behoort die geleentheid te kry om homself te help en van eie hulp gebruik te maak.

In samewerking met dié beginsel moet ook gelet word op die beginsel dat ontwikkeling moet geskied in ooreenstemming met die aangevoelde behoeftes in die gemeenskap.

**2.4 Demokrasie, Deelname en Samewerking**

Demokrasie impliseer in hierdie verband dat mense vanaf die grondvlak deelneem in die sake van die gemeenskap.

Lategan stel dit soos volg:

> Dit is een van die belangrikste beginsels van gemeenskapsontwikkeling; ook omdat dit die implikasies in die praktyk het dat deelname en samewerking noodwendig lei tot die ontplooiing en versterking van menslike vermoëns en die aanvaarding van verantwoordelikheid in die gemeenskap wat van

> die belangrike doelstellings van gemeenskapsontwikkeling is. (27)

Volgens Lategan (28) gaan demokrasie terug na die beginsel dat die reg op selfbeskikking gepaard gaan met verantwoordelikheid en verpligting om 'n sinvolle bydrae tot die gemeenskap te lewer. Gemeenskapsontwikkeling se belangrikste funksie is nie om 'n gemeenskap se probleme vir hom op te los nie, maar om 'n gemeenskap en sy mense in staat te stel om self te werk aan die oplossing van hul probleme.

Genoemde skrywer gaan soos volg voort:

> Die deurvoering van die demokratiese beginsel lei daartoe dat 'n betrokke gemeenskap tot stand gebring word, 'n gemeenskap van verantwoordelike burgers. Demokrasie is dus terselfdertyd 'n beginsel en 'n doelstelling van gemeenskapsontwikkeling. (29)

### 2.5 Ontmoeting op Eie Vlak

Die gemeenskapsontwikkelaar se sukses sal afhang van sy kennis en begrip van die unieke gemeenskap waarin hy gaan werk. Die grondslag van die nie-direktiewe benadering in gemeenskapsontwikkeling is geleë in die beginsel van ontmoeting op eie vlak.

Dit is dus belangrik om te begin op die vlak van die gemeenskap en van daar af te beweeg. As dit as praktykbeginsel aanvaar word, word aan die een kant aansluiting gevind by behoeftes wat in die gemeenskap leef en aan die ander kant word die deskundigheid wat nodig is om verandering te bewerkstellig, ook gebruik.

### 2.6 Vennootskap

Vennootskap in die hulpverleningsprogram van die maatskaplike werker en die gemeenskapsontwikkelaar dui op 'n verstandhouding tussen die een wat hulp verleen en die een wat hulp ontvang.

In die vennootskap waarin sekere doelstellings nagestreef word, is dit duidelik dat elke vennoot sekere pligte, regte en verantwoordelikhede het. Die gemeenskapsontwikkelaar mag nie 'n paternalistiese houding in die ontwikkelingsprogram inneem nie.
Namate die gemeenskap sy ontwikkeling ewewigtig en toenemend selfstandig deurloop, tree die gemeenskapsontwikkelaar op die agtergrond. Die vennootskap kom ten einde wanneer die gemeenskap sonder hulp van die gemeenskapsontwikkelaar kan funksioneer.

## 3. DOELSTELLINGS VAN GEMEENSKAPSONTWIKKELING

Doelstellings in gemeenskapsontwikkeling word in twee kategorieë,

nl primêre en sekondêre doelstellings, gegroepeer:

### 3.1 Primêre Doelstellings: Gemeenskapsaktivering

Die primêre doelstelling van gemeenskapsontwikkeling beteken dat die gemeenskap geleer word om te dink, te beplan, te organiseer en te implementeer. Gepaard hiermee word die gemeenskap bewus van sy plek in die netwerk van ekonomiese en maatskaplike verhoudinge waaruit die breëre volkslewe bestaan.

Volgens Du Preez:

> ...beoog gemeenskapsaktivering die betrekking en motivering van die gemeenskap tot toenemende beskawingsmondigheid. (30)

Gemeenskapsaktivering as primêre doelstelling omvat die volgende doelstellings, nl sosialisering, waardevorming en vermoënsontwikkeling.

#### 3.1.1 Sosialisering

Sosialisering, in die sin van maatskaplike ontwikkeling, beoog om sosiale strukture te vorm.

Volgens Du Preez (31) word maatskaplike ontwikkeling bereik deurdat gemeenskapslede betrokke raak by en deelneem aan gemeenskapsaktiwiteite. Ten einde volledige betrokkenheid by gemeenskapsontwikkeling te verseker, behoort die gemeenskapslede ook toenemend betrokke te raak by die besluitneming en uitvoeringfases.

'n Verdere oogmerk van sosialisering is om die gemeenskap tot selfstandigheid te lei. Dit beteken dat die gemeenskap die vermoë ontwikkel om hulle self te help. Die doel is om 'n gemeenskap tot uiteindelike onafhanklikheid van eksterne hulp te lei.

Sosialisering, in hierdie verband, impliseer die ontwikkeling van waardes soos lojaliteit, verantwoordelikheid, betroubaarheid en moraliteit.

#### 3.1.2 Waardevorming

Die vorming van suksesvolle sosiale strukture (sosialisering) berus op sosiale waardes wat as motiewe dien vir die nastrewing van sekere doelstellings.

##### 3.1.2. 1 Lojaliteit

Lojaliteit van die gemeenskap, ten opsigte van die sekere groep waaraan hulle behoort, is noodsaaklik vir deelname en betrokkenheid by gemeenskapsontwikkeling. Lojaliteit begin by die laagste vlak, nl by die

familie en groep en behoort by hoër vlakke soos 'n dorp en distrik gekweek te word sodat dit uiteindelik kulmineer in volkslojaliteit. Lojaliteit word gemotiveer deur gesamentlike doelstellings en identiteit.

#### 3.1.2.2 Verantwoordelikheid

Die onvermoë en menigmaal onwilligheid om verantwoordelikheid te aanvaar vir eie vooruitgang, is 'n oorsaak sowel as 'n gevolg van onderontwikkeling.

'n Voorwaarde vir vooruitgang is die aanvaarding van verantwoordelikheid omdat dit die basis vorm vir enige ondernemingsaktiwiteit.

#### 3.1.2.3 Integriteit

Integriteit behoort nagestreef te word omdat dit die samevatting is van beskaafde waardes soos betroubaarheid, lojaliteit en verantwoordelikheid.

### 3.1.3 Vermoënsontwikkeling

In enige gemeenskap is daar sekere latente potensiaal, hoe gering ook, wat deur middel van gemeenskapsontwikkeling ontdek en tot ontwikkeling gestimuleer behoort te word.
Menslike vermoëns wat hier van belang is, is bv die vermoë om o.a. probleme en leemtes in die omgewing waar hy woon waar te neem, by die omstandighede aan te pas, interne of eksterne hulpbronne wat beskikbaar is, te verkry en aan te wend en om sodanige probleme of leemtes die hoof te bied.

Die mens het verder die vermoë om op 'n beplande en georganiseerde wyse ander te betrek, ten einde hulle bewus te maak van nood en behoefte en hulle van die bestaan van, of behoefte aan, hulpbronne bewus te maak. Hierdie vermoë is in elke mens latent teenwoordig en kan tot ontwikkeling en groei gestimuleer word.

Volgens Du Preez (32) behels die primêre doelstellings die basis waarop sekondêre doelstellings gegrond is, nl institusionele ontwikkeling, politieke, ekonomiese, fisiese en maatskaplike ontwikkeling.

## 3.2 Sekondêre Doelstellings

Sekondêre doelstellings verwys na die ontwikkeling van die besondere terreine van 'n gemeenskap. Die implikasies is dat hoewel ontwikkeling op elke afsonderlike terrein teen sy eie tempo voortgaan, daar altyd gepoog word om die hele ontwikkelingstrategie in samewerking te laat verloop. Die konsep van multi-dissiplinêre betrokkenheid en interdissiplinêre spanwerk kom hier na vore.

### 3.2.1 Institusionele Ontwikkeling

Met institusionele ontwikkeling word bedoel daardie netwerk van instellings en strukture wat in enige gemeenskap nodig is om te verseker dat ekonomiese, maatskaplike en politieke vooruitgang gehandhaaf en uitgebou sal word.

Die volgende strukture in die institusionele netwerk verseker dat elke lid van 'n gemeenskap sy verantwoordelikheid teenoor sy land kan nakom en sy demokratiese reg kan uitoefen.

#### 3.2.1.1 Owerheidstrukture

Owerheidstrukture, soos staatsdepartemente en provinsiale en plaaslike besture is verantwoordelik vir die handhawing van wet en orde en die beskerming van die gemeenskap teen binne- en buitelandse bedreiging. Owerheidstrukture , wat ook as formele strukture in die samelewing beskou kan word, word in gemeenskapsontwikkeling aangevul deur die sogenaamde informele strukture.

#### 3.2.1.2 Informele Strukture

Informele strukture soos skoolkomitees, sportklubs en private welsyninstellings lewer op hul besondere wyse 'n bydrae tot die ontwikkeling van die gemeenskap.

### 3.2.2 Politieke Ontwikkeling

Met politieke ontwikkeling word verwys na die ontwikkeling van administratiewe en bestuursvaardighede soos benodig word binne die stelsel van demokratiese burokrasie.

Schoeman stel dit soos volg:

> Die bemeestering van politieke kundigheid is 'n noodsaaklike voorvereiste vir die ordelike hantering van politieke aspirasies van die sisteem (gemeenskap). (33)

Lombard beweer verder:

> Freedom without political order and welfare without economic stability is impossible. (34)

In die hele gemeenskapsontwikkelingstrategie is dit noodsaaklik dat politieke ontwikkeling sy regmatige plek saam met maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling sal kry, ten einde 'n stabiele, ordelike, menswaardige en vooruitstrewende samelewing te vestig.

### 3.2.3 Ekonomiese Ontwikkeling

Ekonomiese ontwikkeling is van kardinale belang en kan nie ter wille van politieke en maatskaplike ontwikkeling nagelaat word nie. Sonder ekonomiese ontwikkeling is politieke en maatskaplike ontwikkeling onmoontlik. Die hoofdoelstelling van ekonomiese ontwikkeling is die bevordering van landbou, nywerhede en die handel.

#### 3.2.3.1 Landbou

Die produsering van voedsel is vir enige gemeenskap van belang. In die onderontwikkelde lande is landbou die belangrikste sektor in die ekonomie. Veral in Afrika het gemeenskapsontwikkeling tot dusver hom hoofsaaklik tot die landbou gerig.

#### 3.2.3.2 Nywerheid

Gemeenskapsontwikkeling het as taak die stimulering van nywerheidsontwikkeling. Die verkryging van kundiges om behulpsaam te wees met die beplanning, opleiding, ontwikkeling, vervoer en bemarking is belangrik. 'n Kenmerk van onderontwikkelde gemeenskappe is juis die afwesigheid van goed gevestigde nywerheidsaktiwiteite.

#### 3.2.3.3 Handel

'n Sekondêre doelstelling van gemeenskapsontwikkeling is om binne die totale strategie ondernemers te stimuleer om op groter skaal handel te dryf. Dit is nodig omdat die handel nie net beperk sal bly tot plaaslike vlak nie, maar later nasionale- en internasionale mededinging kan verg.

### 3.2.4 Fisiese Ontwikkeling

Fisiese ontwikkeling verwys na spesifieke aktiwiteite soos bv die bou van 'n dam, strate of 'n skool. Dit kan ook groter afmetings aanneem by die fisiese beplanning en ontwikkeling van 'n hele gebied.

Volgens Du Preez is die aandeel van gemeenskapsontwikkeling in omgewingsontwikkeling daarin geleë dat:

> ...die aanvanklike stadiums en begin van omgewingsontwikkelings op baie plekke en gemeenskappe volgens gemeenskapsontwikkelingsbeginsels en deur die gemeenskapsontwikkelaar begin en gestimuleer en self beplan en georganiseer moet word. (35)

By fisiese ontwikkeling onderskei Du Preez die volgende:

* Ruimtelike ontwikkeling of streeksbeplanning waarby die bevolking deur middel van infrastrukture betrek behoort te word;
* Voorsiening van infrastrukture wat die ontwikkeling van paaie, 'n spoorvervoerstelsel, water- en elektrisiteitsvoorsiening insluit;
* Omgewingsbewaring en verbetering. Hiermee word bedoel dat elke lid van die besondere gemeenskap sy deel sal doen om sy omgewing skoon te hou en esteties te verbeter. Ontspanningsfasiliteite en ontwikkeling van parke word hierby ingesluit. (36)

### 3.2.5 Maatskaplike Ontwikkeling

Maatskaplike ontwikkeling omsluit die breë welsyn van 'n totale gemeenskap en is gerig op die ontwikkeling van gesondheidsdienste, welsynsdienste, opvoeding en onderrig, ontspanningsdienste, behuisingsdienste, kultuur, godsdiens en ook die ontwikkeling van leierskap, mensepotensiaal en die nastrewing van gemeenskapsbetrokkenheid.

Pavia (37) meen dat die doel en kern van maatskaplike ontwikkeling die welsyn van die mense is soos deur die mense self bepaal. As primêre doelstelling van gemeenskapsontwikkeling kan vermoënsontwikkeling (bv goeie onderlinge menseverhoudinge, leierskap en organiseringsvermoë) egter nooit van maatskaplike ontwikkeling losgemaak word nie. Die onderliggende doel met maatskaplike ontwikkeling is primêre mensontwikkeling en sekondêre ontwikkeling van dienste.

Pavia sien maatskaplike ontwikkeling soos volg:

> The consequent creation or alteration of institutions (including people's values; individual behavior, and motivation) so as to create a capacity for meeting human needs at all levels (especially those at lower levels) and for improving the quality of human relationships and relationships between people and social institutions. (38)

Dit gaan dus in maatskaplike ontwikkeling beslis om die vestiging van goeie onderliggende menseverhoudings en interaksiesisteme tussen mense en formele instellings. Dit gaan tot dieselfde mate om die nastrewe van maatskaplike stabiliteit.

Ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling as 'n interdissiplinêre metode laat Schoeman hom soos volg uit:

> In gemeenskapsontwikkeling behoort daar 'n balans in die ontwikkeling van hierdie drie terreine (verwysend na die maatskaplike ontwikkeling, ekonomiese en politieke ontwikkeling) te wees. Daar kan bv nie net gekonsentreer word op die daarstelling van fisiese strukture nie. Die mense-

> potensiaal, die ekonomiese en politieke strukture behoort terselfdertyd en tot 'n sekere mate ontwikkel te word om die fisiese strukture ten volle en suksesvol te kan beman, benut en te kan hanteer. Tot dieselfde mate kan daar nie net gekonsentreer word op die ekonomiese ontwikkeling van 'n gebied nie. Die mensepotensiaal (maatskaplike ontwikkeling) moet terselfdertyd ook ontwikkel word om die ekonomiese struktuur suksesvol te kan hanteer. Dit sal dan ook verkeerd wees om slegs te konsentreer op maatskaplike ontwikkeling en om die ekonomiese en politieke ontwikkeling van die gebied te negeer. (39)

Gemeenskapsontwikkeling behoort enersyds 'n omvattende gekoördineerde ontwikkelingsbenadering te hê en andersyds 'n omvattende ontwikkelingsplan wat vir die totale ontwikkeling (maatskaplike, ekonomiese en polities) van 'n gemeenskap voorsiening maak. 'n Ontwikkelingsplan behoort dus in samewerking met die gemeenskap deur 'n interdissiplinêre span ontwerp te word. Die maatskaplike werker is deel van die span.

## 4. BENADERINGS IN GEMEENSKAPSONTWIKKELING

Die meeste outeurs verwys na twee benaderings wat in gemeenskapsontwikkeling gebruik word, nl die direktiewe en nie-direktiewe benadering. Albei het voor- en nadele en die een benadering kan nie noodwendig uitsluitend tot die ander gebruik word nie. Dikwels word die direktiewe benadering gekoppel aan probleem-oplossende hulp en word die nie-direktiewe benadering met groei-georiënteerde hulpverlening geassosieer.

Vervolgens sal kortliks aangedui word wat met die twee benaderings bedoel word en ook wat elkeen se voor- en nadele is.

### 4.1 Direktiewe en Probleem-georiënteerde Benadering

In hierdie benadering is gemeenskapsontwikkeling daarop ingestel om duidelik geïdentifiseerde probleme in 'n gemeenskap die hoof te bied. Deur middel van een of ander program word daarop gekonsentreer om byvoorbeeld ongeletterdheid uit die weg te ruim. Die klem val in die benadering baie sterk op die hantering van die probleem en is dus probleem-georiënteerd. Die omgewing word gemanupileer deur bv beskikbaarstelling van fasiliteite en middele aan 'n gemeenskap vir gebruik, terwyl lg gemotiveer word om die dienste en fasiliteite aan te wend ten einde die probleem op te los.

Die gemeenskap word op 'n direkte wyse gehelp en daar word van die veronderstelling uitgegaan dat hulle die aangebiede program of projek tot hul eie voordeel moet benut.

Persone buite die gemeenskap identifiseer die probleem binne die gemeenskap, besluit watter prioriteite die probleme en behoeftes behoort te geniet en voorsien dan in die behoeftes of hanteer die probleem sonder aktiewe deelname, betrokkenheid of inspraak van die gemeenskap.

Verskillende outeurs wys daarop dat hierdie benadering voor- en nadele het.

* Voordele

** Die besondere probleme of behoeftes word gehanteer. Die veroorsakende faktore tot die probleme of behoeftes word nagevors en beskryf en op dié wyse onder die aandag van die gemeenskap gebring. Indirek word die gemeenskap bewus van die probleem en die faktore daarvoor verantwoordelik.

** Taakdoelwitte soos bv die oplossing van die probleem, die voorsiening in die behoeftes en die lewering van dienste, word gefinaliseer. Taakdoelwitte word beskryf as die identifisering en afhandeling van duidelike geïdentifiseerde konkrete take, oplossing van bepaalde probleme, die voorsiening in geïdentifiseerde behoeftes, lewering van bepaalde dienste of totstandkoming van nuwe dienste.

** Direktiewe wyse van hulpverlening bied dikwels die stimulus aan onderontwikkelde gemeenskappe om self 'n begin te maak met ontwikkelingsprojekte. In onderontwikkelde en selfontwikkelde gemeenskappe beskik die inwoners nie altyd oor die motivering en kennis om in die gemeenskap se behoeftes te voorsien nie. Direktiewe hulp kan die gemeenskap stimuleer om self 'n begin te maak met ontwikkelingsprojekte.

* **Nadele**

** Die benadering ontlok dikwels 'n negatiewe reaksie by 'n gemeenskap omdat hulle mag voel hulle is oor die hoof gesien en nie van die begin daarby betrek nie daar persone van buite die gemeenskap die behoeftes geïdentifiseer en oor die ontwikkelingshulp besluit het. Gemeenskappe kan maklik standpunt inneem teen die ontwikkelingsprojek en onbetrokke bly omdat hulle voel dat die prioriteit wat deur buitepersone bepaal is nie noodwendig dié van die inwoners is nie.

** Die benadering is verder nadelig omdat dit 'n afhanklikheidsgroei van die gemeenskap teenoor die buite-persone bevorder. 'n Passiewe gees ontstaan dikwels by 'n onderontwikkelde gemeenskap wat direkte

** hulp ontvang en nie gehelp is om hulself te help nie.

** Aangesien gemeenskapsontwikkeling hom ten doel stel om die plaaslike inwoners tot groei en ontwikkeling te stimuleer sodat hulle hulself kan help en onafhanklik kan word, ontneem die direkte benadering juis 'n gemeenskap die geleentheid tot positiewe groei. Die benadering werk dus stremmend in op die groei en ontwikkeling van mensepotensiaal.

** In die direktiewe en probleem-georiënteerde benadering kan die situasie ontwikkel dat die bereiking van die taakdoelwit 'n doel op sigself word. Die mense wat daarby betrokke behoort te wees en vir die taakdoelwit beplan, word dus in die proses genegeer.

Schoeman verwys hier na die reaksie van die inwoners van Nottingdale ('n voorstad van Londen) op die direktiewe werkswyse van buite-persone wat met 'n gemeenskapsontwikkelingsprojek besig was en die nadele van die benadering onderskei as hy Milton Rogers en Morrison, (1972, p. 83) aanhaal:

> ... they do not have the interest of children at heart but only work for such projects to gain admiration of people high up the social scale. (40)

Hugo onderskryf die standpunt as hy hom soos volg uitlaat:

> Die mense wat dikwels voorstanders van die direktiewe benadering is, se motiewe is ook nie altyd suiwer nie.
>
> ... publisiteit wat daarmee gepaard gaan is dikwels vir hulle 'n groter prioriteit as die werklike ontwikkeling van die plaaslike bevolking en die voordeel wat laasgenoemde daaruit sal kry. (41)

4.2 Nie-direktiewe en Groei-georiënteerde Benadering

Dië benadering is daarop gemik om die mense in die gemeenskap die ervaring te laat besef ten opsigte van groei en ontplooiing van hul eie vermoëns en moontlikhede. Verder word gemik op die daarstelling van onderlinge verhoudinge en samewerking met die oog op vervulling van eie hulp en verantwoordelikheid binne die gemeenskapsverband.

Rothman (42) beskryf die groei-georiënteerde doelwitte as aksies ter instandhouding en ontwikkeling van die gemeenskap, koördinasie en samewerking van dienste, verbetering van die gesagsbasis van die gemeenskap, asook die ontwikkeling van mensepotensiaal, leierskap, en so meer.

Dit is dus duidelik dat die nie-direktiewe benadering meer op die interaksie-

patrone in die sisteem, verhoudingsnetwerke, algemene mensepotensiaal en leierskap konsentreer, eerder as probleemoplossing.

* Voordele

In teenstelling tot die direktiewe benadering het die gemeenskapsontwikkelaar met die nie-direktiewe benadering ten doel om by gemeenskappe selfverwesenliking en selfhelp te stimuleer. Instede van om aan die gemeenskap voor te skryf, word laasgenoemde geleenthede gegee om self die behoeftes en prioriteite te bepaal, dit is self te besluit en te beplan watter programme aangewend sal word om nood te verlig of ontwikkeling te stimuleer. Die gemeenskap is dus in elke stap ten volle betrokke en aanvaar die verantwoordelikheid vir die implementering van die ontwikkelingsprogram. Die gemeenskapswerker vervul die rol van instaatsteller, gids, bemiddelaar, advokaat, vakkundige, deskundige en organiseerder.

Schoeman (43) wys daarop dat daar ook na die benadering as die "grass-roots"-benadering verwys word. Die gemeenskap word geaktiveer om op hulle eie wyse, binne hul eie struktuur, met die hulp en begeleiding van die gemeenskapswerker aan hulle eie probleme te werk. Dit verseker dat die werklike probleme en behoeftes van die gemeenskap aandag geniet, nie soos buitestaanders dit mag sien nie. Die skrywer verwys na Batten soos aangehaal deur Warnich:

> The worker who uses the non-directive approach does not attempt to decide for people, or to lead, guide or persuade them to accept any of his own specific conclusions about what is good for them. He tries to get them to decide for themselves what their needs are, what if anything, they are willing to do to meet them, and how they can best organize, plan and act to carry their project through. (44)

* Nadele

Die nadele tot die nie-direktiewe benadering is die volgende:

** Die benadering is 'n tydsame proses. Weens die feit dat die gemeenskapsontwikkelaar nie direktief mag voorskryf en rigting gee nie en dus nie sy meerdere kennis en ervaring hier direk tot beskikking van die gemeenskap kan stel nie, bestaan die moontlikheid dat 'n gemeenskap langsaam en rigtingloos kan voort ploeter.

'n Gemeenskap wat gehelp word om 'n probleemtoestand te identifiseer en gemotiveer word om daaraan te werk, wil positiewe, konkrete en waarneembare resultate binne 'n kort tydsbestek sien. Indien daar nie waarneembare resultate bereik word nie, kan die gemeenskap

belangstelling en motivering verloor.

** Dit is nie altyd maklik om die "grass-roots" in 'n gemeenskap by die proses betrokke te kry nie. Hulle beskou soms 'n situasie nie as 'n probleem nie en die wil om te verander ontbreek dikwels. Omdat dit nie prakties moontlik is om in enige gemeenskap al die "grass-roots" in 'n ontwikkelingsprojek te betrek nie, behoort daar eerder pogings aangewend te word om die "grass-roots" in 'n ontwikkelingsprojek verteenwoordig te kry wat dan die hele gemeenskap indirek betrek.

Watter benadering moet in gemeenskapsontwikkeling gekies word? Ten eerste behoort enige benadering buigsaam en ewewigtig te wees; met ander woorde in enige gemeenskap bestaan die moontlikheid dat beide die benaderings gevolg kan word. Die onus berus by die gemeenskapsontwikkelaar. Die meeste sukses word behaal wanneer 'n goeie balans tussen die direktiewe en nie-direktiewe benadering gehandhaaf word. Die inagneming van die selfbeskikkingsbeginsel is egter van wesenlike belang. Indien 'n situasie 'n direktiewe benadering vereis, kan goeie samewerking van die gemeenskap verkry en steeds sukses behaal word indien die gemeenskapswerker die gemeenskap individualiseer, op hulle vlak aansluiting vind en hulle geleentheid bied tot selfbeskikking.

Dit word dus duidelik dat 'n balans tussen die direktiewe en indirekte benadering noodsaaklik is. 'n Gemeenskap kan nie net op groei-georiënteerde doelstellings werk nie. Dunham spreek hom baie sterk daareenoor uit. Hy stel sy oortuiging soos volg:

> However, processes without concrete objectives are like faith without works—dead. What is the purpose of helping people to grow and to develop strength and ability to work together? Obviously, so that they can practise these qualities and apply them to real life situations and problems. (45)

## 5. GEMEENSKAPSONTWIKKELING EN MAATSKAPLIKE WERK

### 5.1 Inleiding

Gemeenskapsontwikkeling het te doen met die totale gemeenskapslewe en behoeftes. Dit sluit in ontwikkeling op ekonomiese, maatskaplike, opvoedkundige, kulturele en staatkundige terrein. Dat maatskaplike werk 'n baie belangrike bydrae te lewer het tot verandering en ontwikkeling kan nie betwyfel word nie.

Die maatskaplikewerk-professie is egter nie die enigste wat 'n bydrae te

lewer het nie. Ten einde die verband tussen gemeenskapsontwikkeling en maatskaplike werk te beoordeel, word vervolgens aandag gegee aan die siening van Dunham en Rothman oor gemeenskapsontwikkeling en die onderskeiding tussen gemeenskapswerk, gemeenskapsontwikkeling en gemeenskapsaksie.

5.2 Dunham se siening van Maatskaplike Werk en Gemeenskapsontwikkeling

Dunham wys daarop dat gemeenskapsontwikkeling te doen het met spanwerk en vra die vraag, watter rol moet die maatskaplike werker in die span vervul? Sy persoonlike standpunt is dat maatskaplike werk as geheel waarskynlik 'n kleiner bydrae te lewer het as wat verwag word, maar dan dui hy nogtans die volgende ooreenkoms aan tussen maatskaplike werk en gemeenskapsontwikkeling: (46)

Die filosofie basis van albei het heelwat met mekaar in gemeen. Albei het daarmee te doen om mense in staat te stel om in beter omstandighede te leef. Op albei terreine word die klem laat val op die gewone mens en die gemeenskap. Die selfbeskikkingsreg as basiese mensereg, is 'n gemeenskaplike faktor. Beide laat die klem val op selfhelp. Baie van die maatskaplike werker se kennis asook bedrewenheid en beginsels kan op gemeenskapsontwikkeling van toepassing gemaak word.

Die ooreenkoms in die proses van maatskaplike werk en gemeenskapsontwikkeling word verder deur Dunham uitgelig en hy noem die volgende:

Die insameling van kennis oor die gemeenskap, identifisering van leiers, stimulering van die gemeenskap om bewus te word van sy probleme; opstel opstel van 'n plan van aksie en die instaatstelling van mense om dit self te implementeer. (47)

Dunham (48) meen ook dat daar 'n verwantskap is tussen gemeenskapsontwikkeling en gemeenskapswerk. Volgens hom is daar sekere ooreenkomste, maar ook verskille, tussen die twee. Onder die ooreenkomste noem hy die volgende:

(a) Albei het betrekking op gemeenskapsbehoeftes

(b) Albei streef probleemoplossing na

(c) Beide verwys na werk met mense, op individuele vlak, in groepverband sowel as inter-groepverhoudings

(d) Sommige van die metodes wat in gemeenskapswerk gebruik word, word ook in gemeenskapsontwikkeling aangewend.

(e) Sommige van die rolle wat die maatskaplike werker vervul, stem ooreen op alle terreine.

(f) Gewoonlik maak albei gebruik van tegnieke en/of professionele hulp.

(g) Albei is gewoonlik geskoei (veral in die VSA) op 'n soortgelyke filosofiese basis en waardesisteem. (49)

Ten opsigte van die verskille tussen gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling meld hy die volgende: (50)

(a) Gemeenskapsontwikkeling het te make met die totale gemeenskapslewe en -behoeftes, terwyl gemeenskapswerk hoofsaaklik betrekking het op behoeftes van 'n gesondheids- en welsynsraad op die gebiede wat nou verwant is hieraan soos behuising en opvoeding.

(b) Gemeenskapsontwikkeling vind gewoonlik plaas in die totale plaaslike gemeenskap (waarby alle mense ingesluit word) teenoor gemeenskapswerk wat op groter of kleiner skaal aangewend word (soms word alle mense betrek, maar somtyds ook net sekere groepe).

(c) Gemeenskapsontwikkeling het altyd te doen met maatskaplike verandering, maar van gemeenskapswerk kan slegs gesê word dat dit gewoonlik (dus nie altyd nie) maatskaplike verandering nastreef.

(d) Selfhelp en demokrasie word aanvaar as basiese vereistes in gemeenskapsontwikkeling. Hierdie beginsel behoort ook van toepassing te wees op gemeenskapswerk, maar dit gebeur nie altyd in die praktyk nie.

(e) Gemeenskapsontwikkeling is inherent inter-dissiplinêr georiënteerd, maar by gemeenskapswerk is dit nie altyd die geval nie.

(f) Gemeenskapsontwikkeling maak van 'n wyer reeks metodes en bedrewenhede gebruik as gemeenskapswerk.

(g) Gemeenskapsontwikkeling is normaalweg gebaseer op die aangevoelde behoeftes van 'n gemeenskap, terwyl dit met gemeenskapswerk nie noodwendig die geval hoef te wees nie.

(h) Gemeenskapsontwikkeling laat die klem swaar op konsensus val, terwyl konflik nie as 'n bepalende faktor van die proses geag word nie. In gemeenskapswerk word die waarde van konsensus nie onderskat nie, terwyl konflik beskou word as 'n logiese uitvloeisel van die demokrasie.

(i) In gemeenskapsontwikkeling is direkte deelname oop vir elke

inwoner van die gemeenskap. In gemeenskapswerk is dit nie altyd die geval nie omdat deelname soms geskied deur middel van verteenwoordigers, soos die bestuur van 'n organisasie.

'n Beter begrip van die verskille wat deur Dunham uitgewys word tussen gemeenskapsontwikkeling en gemeenskapswerk, kan gevorm word deur te let op die **kenmerkende eienskappe** wat gemeenskapsontwikkeling openbaar. (51)

(a) In gemeenskapsontwikkeling word 'n inter-dissiplinêre benadering gevolg. Dit sluit in fasette van natuurwetenskappe soos landboukunde openbare gesondheid, stads- en streeksbeplanning en ook elemente van die sosiale wetenskappe soos maatskaplike werk.

(b) Gemeenskapsontwikkeling maak gebruik van tegniese bystand in die vorm van personeel, toerusting, konsultasie en fondse van sowel vrywilliges as staatsbronne — binnelands en buitelands.

(c) Gemeenskapsontwikkeling is eerder 'n **proses** as 'n program en strek oor 'n taamlike periode.

(d) Dit word gebaseer op die **behoeftes** wat in 'n spesifieke gemeenskap aangevoel word.

(e) **Konsensus** of algemene aanvaarding ten opsigte van die neem van besluite, is in gemeenskapsontwikkeling meer aanvaarbaar as meningsverskille of botsende opinies.

(f) Gemeenskapsontwikkeling is van toepassing op al **die mense** van 'n bepaalde gemeenskap, in plaas daarvan dat slegs 'n uitgesonderde segment of groep betrek word.

(g) Dit verwys na die **totale gemeenskapslewe** en **behoeftes** en nie slegs na een of meer aspekte daarvan nie, soos landbou, ekonomie of gesondheid.

(h) Gemeenskapsontwikkeling streef **probleemoplossing** na.

(i) Die filosofie van **selfhelp** in **deelname** geld vir soveel lede van die gemeenskap as wat enigsins moontlik is.

(j) In gemeenskapsontwikkeling word **maatskaplike verandering** altyd in die vooruitsig gestel.

(k) Gemeenskapsontwikkeling het te doen met sowel **taakdoelstellings** as **prosesdoelstellings**.

(l) Gemeenskapsontwikkeling sluit ook 'n **opvoedkundige proses** in.

(m) Gemeenskapsontwikkeling is basies **demokraties** in filosofie en benadering.

(n) Direkte deelname, in plaas van deelname deur verteenwoordiging, is in gemeenskapsontwikkeling as reël oop vir elke individuele inwoner van die gemeenskap wat graag daaraan wil deelneem.

Lategan (52) se beoordeling van Dunham se siening oor die verskille tussen gemeenskapsontwikkeling en gemeenskapswerk, is dat dit te skraal is om dit as aparte prosesse of metodes te onderskei. Volgens haar sien Dunham dit hoofsaaklik as 'n metode wat in minder ontwikkelde Derde Wêreldgemeenskappe toegepas word en gee toe dat die skeidslyn tussen gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling vervaag, veral as dit by die werk in stedelike gemeenskappe kom.

Dunham definieër gemeenskapswerk soos volg:

> A conscious process of social work concerned with any or all of the following objectives:
>
> 1. The meeting of broad needs and bringing about and maintaining adjustment between needs and resources in a community or other area.
> 2. Helping people to deal more effectively with their problems and objectives by helping them to develop, strengthen and maintain qualities of participation, self-direction and co-operation.
> 3. Bringing about changes in community and group relationships and in the distribution of decisionmaking power. (53)

As genoemde outeur Dunham se definisie van gemeenskapswerk ontleed, kom sy tot die gevolgtrekking:

> Dat gemeenskapswerk op verskillende vlakke plaasvind en dus om groter teoretiese verfyning vra. (54)

Skrywer deel die siening van Lategan (55) dat gemeenskapswerk op verskillende vlakke plaasvind en dus om groter verfyning vra omdat die eerste aspek op gemeenskapsorganisasie-take dui waar die klem op beplanning en koördinasie val, die tweede aspek met gemeenskapsontwikkeling ooreenkom in die sin dat selfwerksaamheid en selfhelp beklemtoon word en die derde aspek maatskaplike aksie beklemtoon omdat dit die verskuiwing van die beslissingsmag as doelstelling daarstel.

## 5.3 Rothman se bydrae tot die teorie van Gemeenskapswerk - Die Drie Modelle in Gemeenskapswerk

Rothman (56) het met die probleem te doen gekry dat skrywers oor gemeenskapswerk slegs een model of teoretiese sisteem wou ontwerp wat allesomvattend sou wees vir wat in gemeenskapswerk in die praktyk gebeur. Hy gaan soos volg voort:

> Often these models were actually disparate, touched on different aspects of practice, or made discrepant assumptions about goals, methods, or values. The position advanced here holds that, in empirical reality, there are different forms of community intervention and that at this stage in the development of practice theory it would be better to capture and describe these rather than to attempt to establish a grand, all-embracing theory of conception. (57)

Dit is vir hom dus sinvol om verskillende modelle te ontwerp wat na gelang van omstandighede afgewissel kan word. Hy onderskei voorts tussen drie modelle: A, B en C, wat kan bekend staan as "Locality Development, Social Planning en Social Action."

Model A gaan van die veronderstelling uit dat maatskaplike verandering maksimaal bereik kan word deur breë deelname van 'n wye spektrum mense van die plaaslike gemeenskap wat betrokke is by die bepaling van doelstellings en die uitvoering van aksie. Die model word normaalweg as gemeenskapsontwikkeling bestempel. Model B beklemtoon 'n tegniese proses van probleemoplossing met betrekking tot omvattende maatskaplike probleme soos misdaad, behuising en gesondheid. Berekende deelname van die gemeenskap aan die beplanning om verandering, het 'n sentrale plek in die model. Die gemeenskap se deelname kan wissel tussen veel of min, afhangende hoe die probleem na vore tree en watter hulpbronne beskikbaar is. Die belangrike doel van die model in hierdie geval is konkrete resultate in die vorm van dienste en fasiliteite.

Model C gaan van die veronderstelling uit dat daar 'n minderbevoorregte groep in die groter gemeenskap is wat georganiseer moet word, miskien in alliansie met ander, om 'n sterker aanspraak te maak op sekere regte en voorregte in ooreenkoms met maatskaplike geregtigheid en demokrasie. Die doel is om basiese veranderings in strukture en instellings te bewerk. Dit gaan om die verdeling van mag, bronne en besluitneming in 'n gemeenskap en/of die verandering van basiese beleid en instellings.

Alhoewel Rothman die drie modelle onderskei, wys hy daarop dat dit nie te eng beskou moet word nie, omdat die modelle dikwels in die praktyk mekaar oorvleuel. Die modelle moet dikwels mekaar aanvul en ondersteun. Hy wys egter op die noodsaaklikheid om gemeenskapswerk teoreties so te ontleed, omdat hy ervaar dat die praktyk van gemeenskapswerk soveel variasies toon.

Rothman ontleed sy modelle aan die hand van 'n stel veranderlikes, nl 'n definiëring van die gemeenskap, 'n beskrywing van die kliëntsisteem, doelstellings, opvatting oor die algemene welsyn, tegnieke vir optrede,

rol van die werker, oriëntasie ten opsigte van gesagstruktuur,ens.

Tabel 5.1

Ontleding van Drie Modelle

| | MODEL A | MODEL B | MODEL C |
|---|---|---|---|
| Doelstellings van gemeenskapsoptrede | Selfhelpkapasiteit van gemeenskap verbeter (prosesdoelsellings). | Probleemoplossing mbt konkrete probleme (taakdoelstelling). | Verskuiwing van magsverhoudinge en basiese instellingsveranderinge - taakof prosesdoelstelling). |
| Veronderstellings mbt gemeenskapstruktuur en probleemtoestand. | Statiese, tradisionele gemeenskap. Gebrek aan verhoudings en aan demokratiese probleemoplossing. | Substansiële maatskaplike probleme; geestelike en fisiese gesondheid; behuising, ontspanning. | Minderheidsgroepe, maatskaplike ongeregtigheid, deprivasie, ongelykheid. |
| Basiese veranderingstegnieke | Breë deursneeseksie van gemeenskapsbetrokkenheid in bepaling en oplossing van hul eie probleme. | Feite-insameling ivm probleme en besluite oor die mees rasionele wyse van optrede. | Probleme sō definieer en mense sō organiseer dat opgetree word teen vyandelike teikens. |
| Strategieë van verandering | Konsensus, Kommunikasie gemeenskapsgroepe. Groepsbesprekings. | Konsensus/konflik | Konflik; konfrontasie; onderhandeling. |
| Rol van werker | Instaatsteller; tussenganger koördineerder opvoeder. | Feite-insamelaar; programimplementeerder bevorderaar. | Aktivis-advokaat; agitator; onderhandelaar; partisaan. |
| Medium van verandering | Manipulering van klein taakgeoriënteerde groepe | Manipulering van formele organisasies en inligting | Manipulering van massa-organisasies en politieke prosesse. |
| Oriëntasie tov gesagstruktuur | Lede as medewerkers in gemeenskaplike optrede. | Gesagstruktuur en werkgewers en borge. | Gesagstruktuur teiken van aksie |

| | MODEL A | MODEL B | MODEL C |
|---|---|---|---|
| Definisie van grense van kliëntsisteem | Totale geografiese gemeenskap | Totale gemeenskap/segment van gemeenskap | Segment van gemeenskap |
| Veronderstellings i/s belange van subsisteme van gemeenskap | Gemeenskaplike belange/versoenbare verskille | Belange versoenbaar of in konflik | Skaars bronne. Moeilik-versoenbare verskille |
| Opvatting oor openbare belang | Rasioneel-eenheid | verbruikers | Slagoffers |
| Opvatting oor rol van kliëntsisteem | Deelnemers in probleemoplossende proses | Verbruikers/ ontvangers | werknemers, lede, ondersteuners |

(58)

Die ontleding toon duidelik dat gemeenskapsontwikkeling binne die raamwerk van gemeenskapswerk gerig is op 'n gemeenskap wat deur sekere geografiese grense gedefinieer word. Dit stel hom ten doel om die probleemoplossende vermoëns van die gemeenskap te verbeter. Rothman sien die gemeenskap waarop die gemeenskapsontwikkeling-benadering gerig word as tradisioneel van aard. Die probleemoplossende vermoëns van gemeenskappe hang saam met die ontwikkeling van selfvertroue wat 'n belangrike doelstelling in gemeenskapsontwikkeling is.

Volgens die drie modelle van Rothman word dit duidelik dat die betrokkenheid van die gemeenskap belangrik is.

Wat Model A (Locality Development) betref, stel Rothman dit soos volg:

> In local development clients are viewed as active participants in an interactional action process with one another and with the practitioner. Considerable stress is placed on groups in the community as the media through which learning and growth take place. Clients engage in an intensive group process of expressing their needs. (59)

Ten opsigte van Model B (Social Planning) is die gemeenskap as verbruiker betrokke. Hulle bepaal nie die beleid of doelstellings nie en is slegs in 'n geringe of in geen mate betrokke nie.

Rothman haal Morrisen en Binstock aan:

> Opportunities for members and concumers to determine policy are severely limited because they are not usually organized for this purpose. If they are organized and if the central issue which brings them together is sufficiently strong, they are likely to withdraw to form a separate organization. If the issue is weak the opportunity to control policy is short-lived because the coalition will fall apart, taking sufficient incentive to bind together the otherwise diverse constituent elements. (60)

Die beleid word dus bepaal deur die ontwikkelaar in samewerking met 'n sekere groep uit die gemeenskap. Hierdie groep bestaan gewoonlik uit leiers uit die gemeenskap wat veronderstel is om die breë gemeenskap, of 'n kliëntgroep uit die gemeenskap, te verteenwoordig.

In Model C (Social Action) word kliënte as "slagoffers" bestempel. Rothman meen egter die kliëntsisteem

> ... is in the position of determining broad goals and policies. Those not in continual or central participatory roles may participate more sporadically in mass action and pressure group activities, such as marches or boycotts. (61)

Lategan (62) beskou die siening van die kliëntsisteem as "slagoffer" as 'n belemmering van die doelstelling in gemeenskapsontwikkeling, nl om die gemeenskap se selfvertroue te ontwikkel.

Genoemde skrywer verwys na Kramer en Specht (63) wat Rothman se siening ondersteun dat daar duidelike verskille is tussen die verskillende gemeenskapswerkbenaderings met belangrike implikasies vir die praktyk. Die ontleding kan op verskillende wyses geskied byvoorbeeld volgens die aard van die aksiesisteme, die doelwitstelsel, die tipe probleem wat beklemtoon word, die organisatoriese struktuur wat ontwikkel word, ens. Hulle noem selfs die volgende twee breë kategorieë van gemeenskapswerk wat hulle onderskei volgens die aard van die aksiesisteem.

(a) Gemeenskapsontwikkeling, waar die aksiesisteem bestaan uit individue wat direk geraak word deur die probleme waarop die proses gemik is - dikwels die ongeorganiseerdes, die nie-deelnemers, die "slagoffers" van 'n situasie. Hulle oordeel dat Modelle A en C van Rothman onder een metode tuishoort, nl gemeenskapsontwikkeling.

(b) Maatskaplike beplanning, wat die integrasie en koördinasie van die werk van verskillende instansies in 'n gemeenskap ten doel stel, sowel as tussen instansies binne en buite 'n gemeenskap.

'n Belangrike eienskap van hierdie model is dat die aksiesisteem uit mense bestaan wat wetlik en struktureel gebonde is aan gevestigde instellings waardeur hulle optrede in 'n groot mate bepaal word.

Volgens Lategan (64) beklemtoon Kramer en Specht twee belangrike punte met betrekking tot hierdie onderskeiding van gemeenskapswerk in die twee modelle. Genoemde skrywers beweer dat die kennisbasis wat nodig is vir funksionering op die verskillende vlakke basies dieselfde is, hoewel daar variasie in die toepassing daarvan mag wees. In albei modelle mag dit bv 'n prosesdoelstelling wees om mense te help om vaardigheid te ontwikkel en deel te neem aan die beplanning van verandering. In gemeenskapsontwikkeling kan dit beteken dat die direkteur van 'n groot aanstelling gehelp moet word om 'n plan vir verandering van die organisatoriese struktuur op te stel. Vanselfsprekend sal faktore soos die vermoëns van die persone, in die aksiesisteem en maatskaplike klas, klemverskuiwings in die benaderings van die werker vereis. Die basiese kennis, bv van organisatoriese strukture en groepsdinamiek, bly egter dieselfde. Die skrywers kom ten slotte tot die gevolgtrekking dat die benadering probleemoplossend is, organisasies gehelp word om te ontwikkel en mense op "grass-roots"-vlak te ondersteun om programme vir verandering en ontwikkeling daar te stel. Die werker kan sy eie rol wysig afhangend van die gemeenskap se bepaalde behoefte.

## 5.4 Gemeenskapswerk/Gemeenskapsorganisasie/Gemeenskapsaksie

Volledigheidshalwe moet duidelikheid verkry word oor gemeenskapswerk as maatskaplikewerk-metode, gemeenskapsorganisasie en gemeenskapsaksie, aangesien dit 'n belangrike en integrale plek in gemeenskapsontwikkeling inneem.

### 5.4.1 Gemeenskapswerk as Maatskaplikewerk-metode

Gemeenskapswerk is 'n maatskaplikewerk-metode waardeur gemeenskappe langs die weg van 'n wetenskaplike proses gehelp word om maatskaplike probleme uit te skakel en te voorkom, om maatskaplike behoeftes te bevredig en om die integrering, samewerking en koördinering van aksiesisteme in die gemeenskap tot voordeel van die gemeenskap te bewerkstellig. Die gemeenskap word gehelp om kragte en potensiaal te ontdek, te ontwikkel en aan te wend. Deur aktiewe deelname in die gemeenskapswerkproses kan hy sy maatskaplike funksionering bestendig en verbeter en sy eie maatskaplike ontwikkeling daardeur bevorder. (65)

Dit word dus duidelik dat gemeenskapswerk ten doel het die uitskakeling van probleme, voorsiening in behoeftes, asook die integrering, koördinering en samewerking van sisteme in die gemeenskap. Die proses van gemeenskapswerk, wat in 'n latere hoofstuk breedvoerig bespreek word, bevat die volgende stappe, nl die identifisering van probleme of behoeftes in 'n gemeenskap; die daarstelling van verteenwoordiging uit die gemeenskap om betrokkenheid te verkry; die analisering van die geïdentifiseerde inligting oor die gemeenskap, sy probleme en behoeftes; die beplanning van 'n aksie; die ontwikkeling van gereedheid onder die gemeenskap om aan die probleem te werk; die soek en benutting van hulpbronne; die implementering vandie beplande aksie en ten slotte die evaluering van die hele proses wat plaasgevind het. (66)

### 5.4.2 Gemeenskapsorganisasie

Gemeenskapsorganisasie verwys na die handeling waar formele of informele strukture in 'n gemeenskap doelbewus die gemeenskap organiseer. Dit het ten doel die beheer, bestuur, koördinering en administrasie van 'n gemeenskap.

Die gemeenskapswerker het dit as doelstelling om verskillende subsisteme, groepe en organisasies in 'n gemeenskap te verbind.

Harper en Dunham vat dit soos volg saam:

> ... community organization is a process dealing primarily with program relationship and is thus to be distinquished in its social work setting from those other basic processes, casework and groupwork, which deal with people. These relationships of agency to community, and of community to agency, reach in all directions from any focal point in the social work picture. (67)

Gemeenskapsorganisasie het drie komponente, nl organisasie, inter-organisasie en intra-organisasie.

(a) Organisasie

"Organisasie" sê Engelbrecht, impliseer dat 'n groep mense of ander elemente, soos die organisasie, kliënt-, aksie- en doelwitsisteme, op so 'n wyse gerangskik word dat hulle saam funksioneer om een of meer gesamentlike doele te bereik. (68)

Hy haal Spergel soos volg aan:

> Organizing is a method of stimulation, focussing and mobilizing local citizen, client, elite leadership or particular agency interest and concern toward problem solving. (69)

Die professionele verhouding is dus van uiterste belang in gemeenskapswerk aangesien dit die organisasie, kliëntaksie- en doelwitsisteem verbind. Deur 'n gesonde verhouding daar te stel, kan die werker samewerking en vennootskap tussen betrokke sisteme in 'n gemeenskap tot stand bring om probleme uit te skakel en in behoeftes te voorsien.

(b) **Inter-organisasie**

Een van die grootste probleme waarmee maatskaplike werkers, wat by gemeenskapswerk betrokke is, te make het, is die geïsoleerde wyse waarop welsynsorganisasies, kerke en selfs staatsinstellings werk.

Hugo verwys hierna soos volg:

> This so-called autonomous approach to social problems, which are also communal issues, cannot really be explained. It does, however, give rise to the uncoordinated occurrence of a rendition, planning, research and development, with the inevitable misapplication of manpower, of funds and eventually with inefficient provision of services. (70)

Die gemeenskapswerker, binne die gemeenskapsontwikkelingskonteks, het dus 'n belangrike taak om sinvolle kommunikasie tussen groepe en organisasies in 'n gemeenskap daar te stel. Die verhouding wat tussen die betrokkenes tot stand gebring word, moet samewerking, integrasie en koördinasie bewerkstellig ten einde die gemeenskapsprobleem die hoof te bied. Die doel van inter-organisering impliseer dan die volgende: die ontwikkeling van verhoudingstrukture, bevordering van gemeenskapsverantwoordelikheid, bevordering van gemeenskapsbetrokkenheid en die ontwikkeling van leierskap.

(c) **Intra-organisering**

Die gemeenskapswerker het as organiseerder ook die verantwoordelikheid om met 'n kritiese oog te kyk na die organisasie in wie se diens hy is.

Volgens Compton en Galaway:

> Intraorganizational change refers to the systematic efforts of practitioners to effect changes in policies or programs from within their agencies, when they have no administrative sanction for these activities. The legimation for these efforts is derived from the practitioner's ethical obligation to place professional values above organisational allegiance; i.e. he has

> the responsibility to become actively engaged in promoting an organisational environment that enhances the welfare of the agency's clients and staff. (71)

Intra-organisering het dus te make met veranderings binne die organisasie self sodat die gemeenskap wat bedien word, groter waarde en nut by die dienste kan vind. Die maatskaplike werker moet in staat wees om die spesifieke probleme wat in die organisasie is, te identifiseer en vervolgens doelstellings te formuleer wat tot die verandering of oplossing van die probleem kan lei.

Volgens Hugo is intra-organisasie verantwoordelik vir een van die basiese en terselfdertyd mees belangrike take.

> It would be a pity if this approach were seen in the wrong light, because this amounts to the professional person's involvement in his organisation, his profession and in the welfare of the community. (72)

Gemeenskapsorganisasie kan derhalwe beskou word as 'n metode wat gevolg kan word in 'n meer ontwikkelde gemeenskap of gemeenskappe, waar die nodige maatskaplike infrastrukture reeds bestaan. Dit kan veral gebruik word waar probleme ontstaan het as gevolg van gebrekkige funksionering tussen organisasies en die wanfunksionering in 'n organisasie self.

**5.4.3 Maatskaplike Aksie**

Gemeenskapsaksie is die mees fundamentele vorm wat ontwikkeling van gemeenskappe tot gevolg het. Die Woordeboek van Maatskaplike Werk omskryf maatskaplike aksie soos volg:

> Gesamentlike optrede om openbare mening te beïnvloed met die oog op die formulering of verandering van maatskaplike beleid. (73)

Maatskaplike aksie kan sy ontstaan hê in 'n gemeenskapsaksie, dit wil sê vanuit 'n spontane, natuurlike proses as gevolg van die nood of behoefte wat uitgeken is en waaraan die nodige aandag deur die inwoners gegee word. Maatskaplike aksie kan ook van meet af aan op landswye vlak georganiseer word of net op hoë vlak gerig word teen die owerheid of beleidmakers.

Hugo verwys na die geskiedenis van maatskaplike werk in Suid-Afrika wat eintlik met gemeenskapsaksie begin het. Die N G Kerk het die leiding geneem in maatskaplike- en gemeenskapsaksie ten einde die armblanke-vraagstuk aan te pak na die ontdekking van goud en diamante.

Na die Anglo Boereoorlog het vrywilliges kinder- en gesinsorganisasies in die lewe geroep ten einde die omstandighede van die gesinne wat oorgebly het, te verbeter. (74)

Die Volkskongres wat in 1934 gehou is en die depressie van die laat twintigerjare en vroeë dertigerjare, was eventueel verantwoordelik vir die stigting van 'n afsonderlike staatsdepartement wat verantwoordelik was vir alle welsynsaangeleenthede in Suid-Afrika.

Hugo kom tot die gevolgtrekking:

> Even today it is possible that the spontaneous identification and reporting of a problem or need can lead to a situation where the need of individuals may be provided by means of aid programmes. (75)

Gemeenskapsaksie is in die beginfase 'n kleinskaalse betrokkenheid van die inwoners van 'n bepaalde gemeenskap by 'n aksieproses wat spruit uit ontevredenheid oor sake van gemeenskaplike belang. Hierdie ontevredenheid kan van maatskaplike, politieke of ekonomiese aard wees of dit kan 'n kombinasie van gemelde terreine wees. Dit is dan ook aanvanklik 'n spontane selfgeleide proses wat nie deur 'n opgeleide persoon geïnisieer of gerig word nie. Dit kan aangewend word om 'n bepaalde probleem wat in die gemeenskap na vore kom en maatskaplike funksionering belemmer, uit te skakel, soos bv grootskaalse werkloosheid, behuisingsnood of toenemende jeugmisdaad.

Op politieke terrein kan gemeenskapsaksie aangewend word om bv groter seggenskap in die besluitnemingsproses te bekom.

Gemeenskapsaksie wat spontaan begin het, kon egter meer effektief en betekenisvol aangewend word as gebruik gemaak word van 'n opgeleide persoon wat deskundige leiding gee. Wanneer gemeenskapsaksie mense op nasionale vlak betrek, word dit maatskaplike aksie. Die doel van die aksie is dan om verandering tot stand te bring deur middel van verskillende metodes en strategieë om probleme uit te skakel wat verantwoordelik is vir die stremming van gesonde maatskaplike funksionering.

Gemeenskapsaksie as 'n spontane proses vorm 'n deel van gemeenskapsontwikkeling en het as omvattende konsep 'n definitiewe plek binne die wye doelstellings van gemeenskapsontwikkeling.

Die proses in gemeenskapsaksie kan soos volg omskryf word:

* 'n Inwoner of iemand buite 'n bepaalde gemeenskap raak van 'n behoefte of probleem bewus.

* Hierdie behoefte word aan meer inwoners uitgewys en 'n invloedryke leier in die gemeenskap word betrek om die inwoners van die werklikheid van die probleem te oortuig.

* Die groep wat reeds van die nood oortuig is, wend doelgerigte pogings aan om die breëre leiersvlak of owerheidsvlak van die probleem bewus te maak. Die doel is om deur middel van die leiersfigure die breëre publiek van die probleem bewus te maak.

* Mense wat invloed in die gemeenskap het, word by die aksie betrek met die doel om 'n betreklike vinnige oplossing vir die probleem te vind.

* Verskillende oplossings vir die probleem sal uiteraard deur verskillende groepe ondersteun word. Meningsverskille gee egter aanleiding tot aktiewe denke oor en betrokkenheid by die oplossing van die probleem wat positiewe resultate tot gevolg het.

* Benutting van deskundige advies is in hierdie stadium van die proses aangewese en van belang vir die probleemoplossing.

* 'n Openbare vergadering kan hierna gereël word waar die hele aangeleentheid openhartig bespreek word. Feitlike gegewens oor die projek word ter tafel gelê en die groep wat die meeste invloed het, sal pogings aanwend om steun van die meerderheid te kry ten einde die probleem op te los.

* Indien nodig, word sekere aspekte van die verskillende oplossings saamgevoeg ten einde die mees praktiese oplossings te vind.

* 'n Kompromie tussen die verskillende groepe kan bereik word om te verseker dat minderheidsgroepe nie heeltemal uitgeskakel of onbetrokke raak nie.

* Die natuurlike gemeenskapsaksie-proses kan ook deur 'n maatskaplike werker gerig en begelei word om doeltreffendheid te verseker en spesifieke doelstellings te bereik. Die maatskaplike werker word alleen betrokke wanneer maatskaplikewerk-doelstellings ter sprake is en so word die hele gemeenskapsaksie-proses in 'n gemeenskapswerk-proses omskep.

Die rol van die maatskaplike werker verskil van die plaaslike leier in dië sin dat eersgenoemde as professionele persoon meer die rol vervul van 'n hulpbron of raadgewer wat dienste en inligting voorsien wat normaalweg nie beskikbaar en toeganklik is vir plaaslike groepe nie.

## 6. 'N GEMEENSKAPSONTWIKKELINGSTRATEGIE IN SUID-AFRIKA

### 6.1 Inleiding

Dit is noodsaaklik dat die beroep maatskaplike werk, wat 'n belangrike rol by gemeenskapsontwikkeling speel, kennis sal neem en op hoogte sal bly van die ontwikkeling van die strategie wat van die Staat uitgaan ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling.

Dit is belangrik om na die streeksontwikkelingstrategie van die Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning asook na die Bevolkingsontwikkelingsprogram (BOP) van die Departement van Gesondheid en Welsyn te gaan kyk.

### 6.2 Streeksontwikkelingstrategie

Volgens die inligtingstuk getiteld "Agtergrond, doel en funksionering van die Streeksontwikkelings-advieskomitees", (72) het die voormalige Eerste Minister Mnr PW Botha tydens die Carltonberaad in November 1979 die Regering se vaste voorneme bekend gemaak om die vrye-ondernemingstelsel in die Republiek van Suid-Afrika uit te bou en om die samewerking tussen die private- en owerheidsektor te bevorder. Tydens die Goeie Hoopberaad wat in November 1981 plaasgevind het, het die Eerste Minister verder gegaan en 'n nuwe benadering tot streeksontwikkeling aangekondig. Die behoefte het by die Regering ontstaan om plaaslike gemeenskaps- en private sektor-betrokkenheid by die formulering van die ontwikkelingsbeleid te verseker.

Die benadering is dat daar nie vir streke nie, maar saam met streke gedink, beplan en 'n ontwikkelingsbeleid oorweeg en geformuleer moet word met die oog op die optimale benutting van sowel menslike as natuurlike hulpbronne.

### 6.3 Motivering vir die Afbakening van Ontwikkelingstreke

Die Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan (NFO) van 1975 is ietwat gewysig om die geografiese basis te vorm van die nuwe streeksontwikkelingstrategieë. Alhoewel dit wil voorkom asof die RSA 'n welvarende land is, is daar sekere streke in Suid-Afrika wat tipies "Derde Wêreld" is terwyl ander gebiede ernstige ontwikkelingsprobleme ondervind. Mense trek in groot getalle van die onderontwikkelde gebiede na die stede, wat aanleiding gee tot sosiale, ekonomiese en ruimtelike ontwikkelingsprobleme wat tipies van nywerheidslande is.

Die streeksbenadering hou twee belangrike voordele in. Dit kan die multi-nasionale struktuur van Suid-Afrika akkommodeer en bevolkings-

konsentrasie en ekonomiese aktiwiteite beïnvloed om in lokaliteite wat nasionale en streeksvoordele inhou, te vestig.

Die belangrikste enkele eienskap van die nuwe benadering tot streeksbeplanning en -ontwikkeling is die erkenning van die feit dat daar slegs een Suid-Afrikaanse ekonomie is en dat die volle potensiaal van dié ekonomie slegs ontwikkel kan word wanneer ontwikkelingsbeplanning nie deur die staatkundige of administratiewe grense aan bande gelê word nie. (77)

Die streeksontwikkelingsinisiatiewe vorm nie die basis van 'n nuwe staatkundige raamwerk nie. Dit word van stapel gestuur binne die bestaande staatkundige raamwerk, nl van die pluraliteit van Suid-Afrikaanse state met nasionale state op pad na onafhanklikheid.

Suid-Afrika is in agt ontwikkelingstreke afgebaken, met inagneming van behoeftes, potensiaal, funksionele verwantskappe en fisiese eienskappe. Die agt ontwikkelingstreke is op hul beurt opgebou uit beplanningstreke wat afgebaken is op grond van die nodaliteitsbeginsel waarin die volgende kriteria verreken is.

Belangrike nodusse en hul invloedsfeer:

* Epogeografiese verspreiding van bevolking;
* Natuurlike hulpbronne;
* Bestaande infrastruktuur;
* Fisiese eienskappe en veral topografiese eienskappe;
* Ekonomiese aktiwiteite;
* Statistiese en politieke grense. (78)

Met die oog op prioriteitsbepaling vir ontwikkeling is die agt streke geëvalueer in terreine van die volgende kriteria:

* Die behoefte aan werksgeleenthede soos gemeet aan die werkloosheidkoers;
* Die behoefte aan hoër lewenstandaarde , soos uitgedruk deur die huidige gemiddelde inkomste en verspreiding daarvan onder die inwoners van die streek;
* Die potensiaal van 'n streek om in die toekoms aan sy eie indiensnemingsbehoeftes te voldoen met inagneming van die ekonomiese groeiverwagtings. (79)

**6.4 Doel en Funksie**

Die algemene doel met die streeksontwikkelingsadvieskomitee is dus om deur middel van hulle advies aan die Regering, streeksontwikke-

ling in die RSA te bevorder; om 'n meer eweredige verspreiding van ekonomiese aktiwiteite te verkry en sodoende 'n beter kwaliteit van lewer vir al sy inwoners te voorsien.

Die multi-dimensionele karakter van ontwikkeling het 'n reeds subdoelwitte tot gevolg wat onderskei kan word en wat almal verband hou met die verhoging van welvaart.

Die volgende doelwitte word onderskei:

* Ekonomiese doelwitte;
* Maatskaplike doelwitte;
* Fisiese doelwitte.

Die SOAK se funksie ten opsigte van die owerheid word soos volg saamgevat:

* Om die Regering van advies te bedien oor alle streeksontwikkelingsaangeleenthede waarvoor die Staat verantwoordelikheid moet aanvaar. (80)

Die funksie van die SOAK word soos volg saamgevat:

* Die versameling en ordening van kennis oor die ontwikkelingspotensiaal en -vraagstukke van die streek met die oog op die optimale benutting van dit wat eie aan die streek is en die periodieke bywerking daarvan wanneer veranderde omstandighede dit noodsaak.
* Om 'n bydrae te maak tot formulering en koördinering van streeksontwikkelingsprogramme en -projekte.
* Die voorsiening van ontwikkelingsadvies aan die gemeenskap of aan enige belanghebbende instansie wat daarvan gebruik wil maak, bv deur die reël van plaaslike byeenkomste, ens.
* Die kweking van 'n streeksbewussyn en -identiteit in samewerking met die streeksontwikkelingsverenigings, met die oog op 'n ontwikkelingsgeoriënteerdheid en die aansporing van plaaslike inisiatief.
* Die algemene bekendstelling van ontwikkelingsmoontlikhede.
* Oorlegpleging en koördinering met soortgelyke instellings in ander state in dieselfde ontwikkelingstreek met die oog op advieslewering oor ontwikkelingsbevordering en nasionalisasie van hulpbronne.
* Om as 'n doeltreffende kommunikasiekanaal die owerhede te dien met die oog op sy adviesfunksie betreffende ontwikkelingsbehoeftes, ontwikkelingsmoontlikhede en ontwikkelingsprioriteite binne die betrokke streek, vir sover dit die verantwoordelikheid van die owerheid is. (81)

## 6.5 Samestelling van die Streeksontwikkelings-advieskomitee (SOAK)

Daar is van die standpunt uitgegaan dat die samestelling van SOAK's so demokraties en verteenwoordigend moontlik moet wees sodat die hele ontwikkelingsterrein – (ekonomies; maatskaplik of fisies) gedek word.

Die volgende groepe is dan ook genooi om nominasies voor te lê met die oog op die aanstelling van die Streeksontwikkelings-advieskomitees, streeksontwikkelingsverenigings, plaaslike owerheidsliggame vir alle bevolkingsgroepe, private organisasies wat op 'n nasionale sowel as 'n streeksgrondslag georganiseer is, provinsiale administrasies wat almal regstreeks gemoeid is met streeksontwikkeling en sentrale owerheids-instellings, vir sover as wat hulle betrokke is by streeksontwikkeling. (82)

Die samestelling verseker 'n vennootskapsverhouding tussen die owerheidsfaktor, (sentraal; provinsiaal en plaaslik) en die private sektor. Dit is belangrik om daarop te let dat die SOAK's geen wetgewende en uitvoerende gesag besit nie en ook nie bestaande departemente of plaaslike instansies wil vervang nie, maar bloot daar is om te dien as 'n enkelkanaal van streeksadvies met die oog op sy streeksontwikkelingsfunksie.

## 6.6. Skakeling binne RSA

Die SOAK skakel regstreeks met staatsdepartemente en provinsiale owerhede via hul verteenwoordigers in die komitee.

In gevalle waar die SOAK die Regering wil adviseer oor sake wat slegs die bepaalde streek raak, sal die advies via die betrokke kabinetslede na die Regering deurgevoer word.

Die Kabinetskomitee het 'n interdepartementele werkgroep waar aanbevelings en advies op meriete oorweeg word. Aanbevelings oor aangeleenthede wat meer as een streek raak, sal vir evaluering en prioriteitsbepaling gekanaliseer word deur die Nasionale Streeksontwikkelingsraad waarop die SOAK's natuurlik ook verteenwoordiging het. Op die NSOAR dien gespesialiseerde kundiges uit die owerheid- en privaatsektor.

Die SOAK's is egter onafhanklike adviesliggame wat sowel owerheid-, semi-owerheid- en privaat instansies adviseer sover hulle daartoe versoek word. Plaaslike sowel as provinsiale owerhede kan van tyd tot tyd van die SOAK's gebruik maak om projekte of programme te evalueer en hulle daaroor uit te spreek.

## 6.7 Die Multi-dissiplinêre Aard van die Advies

Advies van die SOAK's moet die hele ontwikkelingsterrein in 'n streek dek, met ander woorde ekonomiese, fisiese en maatskaplike ontwikkeling.

Ekonomiese ontwikkeling dek terreine soos die nywerheid; landbou; mynbou en toerisme. Die SOAK's kan geraadpleeg word oor streeksekonomie en oor ontwikkelingsprogrammering met die spesifieke doel om programme en strategieë op te stel wat sal lei tot die optimale benutting van die streekpotensiaal.

Ontwikkeling gaan in die eerste plek om die mens in wisselwerking met sy omgewing. Die strategieë moet 'n balans vind tussen maatskaplike, ekonomiese en fisiese ontwikkeling; advies behoort doelbewus daarop gemik te wees om die balans te verseker. Maatskaplike ontwikkeling is 'n voorvereiste en dien as onderbou vir ekonomiese, fisiese en selfs institusionele ontwikkeling.

In die maatskaplike ontwikkeling gaan dit om die algemene verhoging van die lewenskwaliteit van alle mense; om die vroeë identifisering en voorkoming van maatskaplike probleme en om die bevordering van die maatskaplike bestendigheid van die individue, gesinne en gemeenskappe.

Die beoogde strategieë hou rekening daarmee dat die maatskaplike terrein wyd strek en omsluit onder meer die volgende fasette: gesondheid, welsyn, ontspanning, kultuur en sport. Maatskaplike ontwikkeling is dus onlosmaaklik verweef met sowel die fisiese as die ekonomiese komponente van ontwikkeling. Dit is essensieel dat 'n Streeksontwikkelings-advieskomitee met Streekswelsynsrade sal skakel.

## 6.8 Die Rol van die Streeksontwikkelingsverenigings

Volgens die Gemeenskapsontwikkelingstrategieë vervul die SOV's 'n belangrike plaaslike koördinerings- en skakelingsfunksie, enersyds om die plaaslike aspirasies te artikuleer, te evalueer en te orden en andersyds om as die nodige skakel te dien met die ontwikkelingsagentskappe veral ten opsigte van die owerheidsfaktor.

Streeksontwikkelingsverenigings (SOV's) kry nou groter betekenis in dié sin dat hul 'n formele kanaal het deur die Streeksontwikkelings-advieskomitees (SOAK's) na die Regering. As vrywillige outonome liggame, kan SOV's sinvolle streekinsette na die SOAK's deurvoer. Die basiese funksie van die SOV's bly egter om ontwikkeling in hul streke te help bevorder.

SOV's behoort alle streeksbelangegroepe te konsolideer. Indien 'n SOV , so 'n samestelling tot stand kan bring, sal dit 'n multidissiplinêre karakter verwerf.

## 6.9 Skakeling tussen Nasionale Ontwikkelingstruktuur en die Nasionale Welsynstruktuur

### 6.9.1 Diagrammatiese voorstelling van die Skakeling tussen die Strukture

Die Departement van Staatkundige Ontwikkeling wat verantwoordelik is vir die daarstelling van die Nasionale Ontwikkelingstrategie, het die volgende skakeling tussen die Nasionale Ontwikkelingstruktuur en die Nasionale Welsynstruktuur in die vooruitsig gestel.



6.9.1.1 Plaaslike Komitee vir Gemeenskapsontwikkeling (PK vir GO)

Die PK vir GO word saamgestel uit al die belangegroepe in 'n betrokke gemeenskap, bv die sakekamer, welsynsorganisasies, onderwysinstansies, gesondheidsdienste, plaaslike owerheid, landbousektor en kerke. Die PK vir GO stel hom ten doel om op 'n georganiseerde en gekoördineerde wyse ontwikkelingsprogramme in 'n betrokke gemeenskap te stimuleer, te beplan en te bevorder. Die hoofdoelstelling van die PK vir GO is die bevordering van gemeenskapsbetrokkenheid en gemeenskapsdeelname ten opsigte van die verbetering van 'n gemeenskap se eie sosio-ekonomiese omstandighede. Vanaf die grondslag (die gemeenskap) moet op 'n gekoördineerde wyse gewerk word om die maatskaplike, ekonomiese en fisiese omgewing van 'n gemeenskap te verbeter. Die PK vir GO is 'n outonome en vrywillige liggaam wat multi-dissiplinêre belange op 'n gemeenskapsbasis saamsnoer. Die struktuurlyn van die PK vir GO gaan verder op in twee rigtings, nl na die Streeksontwikkelingsverenigings (SOV's) en die Welsynskomitees.

6.9.1.2 Streeksontwikkelingsverenigings (SOV's) en Welsynskomitees

Om die beoogde skakeling tussen die Nasionale Ontwikkelingstruktuur en die welsynstruktuur te bewerkstellig, word op die grondvlak begin, nl tussen die Streeksontwikkelings-advieskomitees (SOV's - reeds bespreek onder 6.8) en die Welsynskomitees van Streekswelsynsrade.

Die Welsynskomitee word kragtens Wet no 100 van 1978, Bepaling 11.5 deur die Streekswelsynsraad vir 'n bepaalde gebied binne sy streek aangestel. Werksaamhede word deur die Streekswelsynsraad aan hom opgedra, en hy moet die raad van advies bedien oor maatskaplike welsynsdienste en -geriewe vir 'n bepaalde gebied. Die werksaamhede van die Welsynskomitee is onder andere om maatskaplike vraagstukke in 'n streek te ondersoek, maatreëls vir die oplossing daarvan te oorweeg, welsynsbehoeftes in die streek te bepaal asook samewerking en 'n gekoördineerde optrede tussen welsynsinstansies te bewerkstellig.

Die Welsynskomitee in 'n bepaalde streek sal dus verteenwoordiging kry op die SOV's ten einde te verseker dat maatskaplike welsynsontwikkeling bevorder word en tot sy reg kom. Die balans tussen ekonomiese, fisiese en maatskaplike ontwikkeling moet behou word.

6.9.1.3 Streeksontwikkelings-advieskomitees (SOAK's) en Streekswelsynsrade

Binne die nasionale ontwikkelingstruktuur is die Streeksontwikkelings-

advieskomitees die volgende skakel na bo, vanaf die Streeksontwikkelingsverenigings (SOV's). SOV's skakel met die SOAK's wanneer sake van streeksbelang onder die owerhede se aandag moet kom. Net so adviseer Welsynskomitees die Streekswelsynsrade oor welsynsake in hulle bepaalde streke. Die Streekswelsynsrade word weer verteenwoordig op die Streeksontwikkelings-advieskomitees ten einde te verseker dat sake wat met maatskaplike ontwikkeling te make het, aandag sal ontvang. Die Streekswelsynsrade skakel weer met die Suid-Afrikaanse Welsynsraad en ondersoek maatskaplike vraagstukke om maatreëls vir die oplossing daarvan aan die hand te doen, welsynsbehoeftes in hul streke te identifiseer, welsynsprogramme daar te stel en koördinasie en samewerking tussen welsynsorganisasies te verkry. Die skakeling tussen die SOAK's en Streekwelsynsrade is tweedoelig, nl om te verseker dat maatskaplike ontwikkeling binne 'n streek tot sy reg kom en om verder te verseker dat daar 'n balans is tussen maatskaplike, ekonomiese en fisiese ontwikkeling binne 'n gebied en die een nie ten koste van die ander beklemtoon word nie.

#### 6.9.1.4 Nasionale Streeksontwikkelingsraad (NSOAR) en Suid-Afrikaanse Welsynsraad

Die NSOAR is die instansie wat direk met die kabinet skakel ten einde die Regering te adviseer ten opsigte van die ontwikkelingsaksies op nasionale vlak. Die NSOAR bestaan uit kundiges uit die owerheid- en privaatsektor. Die SOAK's is natuurlik verteenwoordig op die NSOAR ten einde te verseker dat aangeleenthede wat die verskillende streke raak vir evaluering en prioriteitsbepaling na die kabinet gekanaliseer word. Die Suid-Afrikaanse Welsynsraad word ook op die NSOAR verteenwoordig om aangeleenthede van nasionale belang wat met maatskaplike welsynsontwikkeling te make het onder die aandag van die kabinet te bring. Alhoewel die SA Welsynsraad 'n verslag van sy werksaamhede aan die betrokke Minister gee, word hy ook die geleentheid gebied om deur die NSOAR te verseker dat die maatskaplike welsynsontwikkeling op nasionale vlak tot sy reg kom en dat ekonomiese, staatkundige en fisiese ontwikkeling nie ten koste van maatskaplike welsynsontwikkeling beklemtoon word nie.

#### 6.9.1.5 Samevatting

Die Nasionale Gemeenskapsontwikkeling van die Regering is dus daarop gerig om, aanvullend tot ander formele en direkte ontwikkelingsaksies van die owerheidsektor, mense en gemeenskappe betrokke te kry en te hou in grondvlak-ontwikkeling ter verhoging van lewenskwaliteit.

Die hoof-doelwitte van die Gemeenskapsontwikkelingstrategie is die volgende:

6.9.1.5.1 Die bevordering van **gemeenskapsbetrokkenheid** en **gemeenskapsdeelname** ten opsigte van die verbetering van eie sosio-ekonomiese omstandighede;

6.9.1.5.2 Die aanmoediging van **selfhelp-programme** waar gemeenskapsverantwoordelikheid en -inisiatief gestimuleer moet word;

6.9.1.5.3 Die **ontwikkeling** van **mensepotensiaal** en **mobilisering** van **hulpbronne** en **moontlikhede** wat in en om gemeenskappe geleë is tot voordeel van gemeenskappe;

6.9.1.5.4 Die erkenning en beskerming van die menswaardigheid van mense;

6.9.1.5.5 Die bevordering van **voorkomings-** en **ontwikkelingsprogramme**;

6.9.1.5.6 Die **koördinering** van talle welsynsaksies en ander diensgerigte programme wat op plaaslike en streeksvlak aan die gang is;

6.9.1.5.7 Om op plaaslike vlak **dienste en organisasies na behoefte te ontwikkel** waardeur vooruitgang gehandhaaf en uitgebou kan word; en

6.9.1.5.8 die verbetering van die **gesagsbasisse** van gemeenskappe om in die proses 'n balans tussen maatskaplike, ekonomiese en fisiese ontwikkeling op plaaslike vlak te bewerkstellig.

## 7. DIE BEVOLKINGSONTWIKKELINGSPROGRAM (BOP) BINNE DIE RAAMWERK VAN DIE STREEKSONTWIKKELINGSTRATEGIE (83)

### 7.1 Aanleidende Faktore tot die daarstelling van die BOP

Daar is verskillende redes deur die Regering aangetoon vir die daarstelling van bevolkingsontwikkelingsprogramme — enkeles word genoem.

**BALANS TUSSEN BEVOLKINGSGROOTTE EN BESTAANSBRONNE**

Die uitgangspunt van die Regering is dat die vermoë van 'n land om 'n aanvaarde lewenstandaard en lewenskwaliteit vir al sy mense te verseker, ten nouste saamhang met die **balans** wat tussen die grootte van die bevolking en die omvang, vervangbaarheid en hernubaarheid van die beskikbare bestaansbronne gehandhaaf kan word. Die lewenstandaard sal noodwendig daal indien die bevolkingsaanwas groter is as dit waarvoor natuurlike en ander hulpbronne voorsiening kan maak.

Die Suid-Afrikaanse bevolking groei tans (1982) teen 'n gemiddelde koers van 2.3% per jaar (Blankes 1,55% – immigrasie ingereken; Kleurlinge 1,80%; Asiërs 1,76% en Swartmense 'n geraamde 2,80%). Indien die groeitempo sou voortduur, sal dit die balans tussen bevolkingsgetalle en beskikbare bestaansbronne waaroor die RSA beskik, versteur en kan dit verreikende maatskaplike- en ekonomiese gevolge vir die RSA en ook Suider-Afrika hê wat die stabiliteit en vooruitgang ernstig sal bedreig. **(84)**

Ter stawing vir bogenoemde argument is die volgende projeksie vir die Suid-Afrikaanse bevolking gemaak indien die huidige bevolkingsgroei sou voortduur (in miljoene).

Tabel **6.1**

BEVOLKINGSGETALLE IN MILJOENE

| | Huidige Groei-koers per jaar | 1980 | 2000 | 2020 | 2040 |
|---|---|---|---|---|---|
| Blankes | 1,55% | 4,40 | 5,81 | 6,64 | 7,03 |
| Kleurlinge | 1,80% | 2,53 | 3,79 | 5,40 | 7,57 |
| Asiërs | 1,76% | 0,81 | 1,16 | 1,55 | 1,99 |
| Swartes | 2,80% | 20,70 | 36,40 | 65,60 | 121,60 |
| | | 28,44 | 47,16 | 79,19 | 138,19 |

**(85)**

**Beperkte Bestaansbronne**

Deur slegs na enkele bestaansbronne te kyk, sal die werklike omvang van die probleem besef en begryp word.

Die Departement van Omgewingsake bereken bv dat uit die oogpunt van benutbare konvensionele waterbronne, dws ondergrondse en oppervlakwater, 'n bevolkingsgrootte van nie meer as 80 miljoen van die RSA nagestreef moet word nie.

Tabel 6.2

OPTIMALE BEVOLKINGSGETALLE IN VERHOUDING TOT BESKIKBARE WATER-HULPBRONNE

| | Bevolkingsgetalle (in miljoene) | |
|---|---|---|
| | Sonder Waterinvoere | Met Waterinvoere |
| Met volle besproeiing | 68 | 74 |
| Met verminderde besproeiing | 75 | 81 |

(86)

Volgens die beskouing van die Regering is dit dus van wesenlike belang dat daar doelgerig gestreef moet word om die bevolkingsgroei van die Suid-Afrikaanse bevolking sodanig te beïnvloed dat die totale Suid-Afrikaanse bevolking teen die einde van die eeu sal ophou groei en op sowat 80 miljoen te staan kom. Dit impliseer egter dat 'n gemiddelde kindertal van twee kinders per vrou (TFS van 2,1 - 'n gemiddelde kindertal van 2,1 kinders per vrou word die vervangingspeil genoem) vir alle bevolkingsgroepe reeds voor die jaar 2020 bereik moet word. Die Regering is die mening toegedaan dat dit alleenlik bereik kan word indien 'n omvattende bevolkingsprogram suksesvol geïmplementeer word.

Tabel 6.3 (87) bied 'n uiteensetting van 'n geprojekteerde bevolking indien die TFS van 2,1 kinders per vrou teen die jaar 2020 bereik word teenoor 'n geprojekteerde bevolking indien die TFS van 2,1 van die Swart bevolkingsgroepe eers teen 2080 - 2085 bereik word, soos die algemene verwagting is. Die verskil tussen die twee projeksies kan deur die suksesvolle implementering van 'n bevolkingsontwikkelingsprogram bewerkstellig word.

Tabel 6.3

HOë EN LAE PROJEKSIES VIR DIE SUID-AFRIKAANSE BEVOLKING (IN MILJOENE)

| Projeksies | Jaar waarin TFS van 2,1 bereik word | Bevolkingsgetalle | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | 2000 | 2020 | 2050 | 2100 |
| Asiërs | 1992 | 1,108 | 1,345 | 1,518 | 1,582 |
| Blankes | 1982 | 5,817 | 6,652 | 7,141 | 8,633 |
| Kleurlinge | 2000 | 3,601 | 4,443 | 5,210 | 5,546 |
| Swartes | - | - | - | - | - |
| (Hoë) | 2080-85 | 34,913 | 55,700 | 100,582 | 168,640 |
| (Lae) | 2010 | 33,718 | 46,125 | 60,052 | 66,184 |
| Totaal (Hoë) | | 45,439 | 68,140 | 114,451 | 183,401 |
| (Lae) | | 44,244 | 58,565 | 73,921 | 80,945 |
| Verskil tussen hoë en lae projeksies | | 1,195 | 9,575 | 40,530 | 102,456 |

(88)

Die besteding van bv onderwys- en gesondheids- en behuisingsbehoeftes ten opsigte van slegs die verskil tussen die hoë en lae projeksies is soos volg:

Tabel 6.4

BESTEDING ONDERWYS, GESONDHEID EN BEHUISING

IN MILJOENE RAND PER JAAR

| | Jaar 2020 | Jaar 2050 |
|---|---|---|
| Onderwys | 2000 | 8470 |
| Gesondheid | 670 | 2800 |
| Behuising | 780 | 1916 |

(Almal teen 1981 pryse)

(89)

Die bevolkingsontwikkelingsprogram is primêr gerig op die bereiking van die lae projekte. Om dit te bereik, het die owerheid dit duidelik gestel, sal die samewerking van die private sektor verkry moet word. Die program moet dus op 'n gekoördineede wyse deur die owerheid- en die private sektor aangepak word. Die samewerking van die Nasionale Streeksontwikkelingsraad (NSOAR). Streeksontwikkelings-advieskomitees (SOAK's) en die verskillende Streeksontwikkelingsverenigings (SOV's) word as baie belangrik in die program beskou.

## 7.2 Die Bevolkingsontwikkelingsprogram (BOP)

Volgens die Hoofdirekteur (90) van die program is die hoofdoelwit van BOP die verhoging van lewenstandaarde en die lewenskwaliteit van alle mense in Suid-Afrika. Volgens hom wys die praktyk en navorsing baie duidelik dat sodra lewenskwaliteite van mense sinvol verhoog word, daal fertiliteit.
Bevolkingsontwikkeling is omvattend en vind neerslag op maatskaplike, ekonomiese, fisies-ruimtelike en staatkundige terreine.

Die program beoog in die eerste plek versnelling van maatskaplike, ekonomiese en fisiese ontwikkeling veral op die terreine van:

* Gesondheid
* Onderwys
* Ekonomiese programme
* Behuisingsprojekte
* Verstedeliking en
* landelike ontwikkeling

Die Bevolkingsontwikkelingsprogram konsentreer op spesifieke doelwitte wat binne hierdie breëre terreine, sy doelstellings die beste sal dien.

In die eerste plek beoog die program die implementering van **gemeenskapsontwikkeling** as metode en proses, wat daarop gerig is om mense en gemeenskappe op plaaslike vlak (elke dorp) aan te moedig, te ondersteun en in die geleentheid te stel om volgens eie norme, op eie inisiatief en of in noue samewerking met die owerheid deur selfhelp-programme verantwoordelikheid te aanvaar vir pogings om eie lewensomstandighede te verbeter.

Die derde belangrike komponent is die uitbreiding en onderskraging van die **gesinsbeplanningsprogram** om ook die gesinne in die verafgeleë landelike gebiede suksesvol te bereik.

Die vierde komponent is die instelling van 'n dinamiese IOK-program (inligting, opvoeding en kommunikasie) ter bevordering van die breë doelstellings van die Bevolkingsontwikkelingsprogram.

Verskeie Staatsdepartemente is dus direk en indirek by die program betrokke. Maatreëls word reeds deur uitvoerende departemente geïmplementeer wat tot voordeel van die program kan strek. 'n Interdepartementele komitee vir die Bevolkingsprogram onder die voorsitterskap van die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn op senior vlak, is ingestel. Die Komitee is daargestel om te verseker dat die doelstellings van die Bevolkingsontwikkelingsprogram in die ontwikkelingsprogramme van departemente geïntegreer word. Die doelstellings van die Bevolkingsontwikkelingsprogram moet ingedien word en die implementering van die program moet op nasionale vlak gekoördineer word.

'n Tak van Bevolkingsontwikkeling is in die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn gestig wat onder andere as Sekretariaat vir die Inderdepartementele Komitee sal dien.

## 7.3 Gemeenskapsontwikkeling binne Bevolkingsontwikkelingsprogram

Volgens die Hoofdirekteur (91) vir die BOP is dit, vanuit die bevolkingsprogram-perspektief, baie belangrik dat ontwikkeling in alle landelike en stedelike gemeenskappe moet plaasvind en dat die lewensomstandighede van mense moet verbeter.

Die BOP (92) wil dat daar 'n balans tussen maatskaplike, ekonomiese, fisiese en staatkundige ontwikkeling gehandhaaf moet word. Een terrein moet nie ten koste van 'n ander oorbeklemtoon word nie. Verder sal gepoog word dat die mens en sy ordelike funksionering die sentrale fokuspunt in die ontwikkelingsprogram moet bly en dat die ontwikkeling gerig moet wees op die werklike probleme van mense, groepe en gemeenskappe soos deur hul self geïdentifiseer. Die ontwikkelingsprogram sal verder realisties rekening moet hou met die kultuur en tradisies van mense en daarop moet konsentreer om natuurlike hulpbronne en die maatskaplike, ekonomiese en fisiese potensiaal van die gebied te ontgin en uit te bou.

Die BOP (93) beoog verder dat daar koördinering op plaaslike- en streeksvlak moet wees tussen die talle ontwikkelingsprogramme en -aksies van owerheid- en nie-owerheidsinstansies om, in terme van die beskikbare mannekrag, fondse en tyd, op die mees doeltreffende wyse dienste te verseker ter bereiking van die doelstellings van die Bevolkingsontwikkelingsprogram.

Die Staat beskou gemeenskapsontwikkeling nie as die alleen-verantwoordelikheid van slegs een dissipline nie. Verskeie staatsdepartemente en ook nie-owerheidsinstansies is sektoraal besig met gemeenskapsontwikkeling tot op grondvlak. Dit is egter aan die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn opgedra om gemeenskapsontwikkelingsprogramme vanuit die raamwerk van die Bevolkingsontwikkelingsprogram te laat implementeer; die gemeenskapsontwikkelingstrategie op nasionale vlak te koördineer; te verseker dat sektorale programme van verskillende owerheidsinstansies die doelwitte van die Nasionale Gemeenskapsontwikkelingstrategie dien; en te verseker dat die doelwitte van die Bevolkingsontwikkelingsprogram direk en indirek ook in sektorale gemeenskapsontwikkelingsprojekte geïntegreer word.

'n Interdepartementele Komitee vir Gemeenskapsontwikkeling is reeds onder voorsitterskap van die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn binne die owerheidsektor gestig om koördinering en samewerking tussen staatsdepartemente en provinsiale owerhede wat gemeenskapsontwikkeling bedryf, te bewerkstellig. Die Interdepartementele Komitee streef ook daarna om departementele ontwikkelingsprogramme op streeks- en plaaslike vlak aansluiting te laat vind met mekaar, sodat die doelwitte van die Bevolkingsontwikkelingsprogram die beste gedien kan word.

## 7.4 Gemeenskapsontwikkeling binne die raamwerk van die Streeksontwikkelingstrategie

Die implementering van die gemeenskapsontwikkelingstrategie vind plaas binne die raamwerk van eerstens, die streekstrukture van die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn en tweedens, die reeds bestaande streeksontwikkelingstrukture van die Streeksontwikkelingsverenigings (SOV's) en die Streeksontwikkelings-advieskomitees (SOAK's).

Volgens die Hoofdirekteur (94) vir die Bevolkingsontwikkelingsprogram is daar veral drie belangrike sake in die implementeringsaksie wat vir die NSOAR en die SOAK's van belang is, nl die samewerking van die SOAK's en SOV's in die Bevolkingsontwikkelingsprogram en Gemeenskapsontwikkelingstrategie, die werksaamhede van gemeenskapskakelbeamptes wat as amptenare van die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn die doelstellings van die Bevolkingsontwikkelingsprogram en Gemeenskapsontwikkelingstrategie binne die SOV-gebiede moet bevorder en wat die nodige koördinering en samewerking op plaaslike en streeksvlak moet bewerkstellig; die stigting van Plaaslike Komitees vir Gemeenskapsontwikkeling in dorpe binne SOV-gebiede.

Die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn besef terdeë die belangrike rol wat die NSOAR, SOAK en SOV's kan speel in die ontwikkeling van streke en substreke in die bereiking van die doelstellings van die Bevolkingsontwikkelings- en Gemeenskapsontwikkelingstrategie. Die instellings word dus as die belangrikste vennote in die Bevolkingsontwikkelingsprogram beskou.

Gemeenskapskakelbeamptes (Gemeenskapsontwikkeling)

Dit word deur die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn beplan om 'n gemeenskapskakelbeampte (opgeleide geesteswetenskaplike) vanuit sy streekkantore aan elke SOV-gebied toe te wys. Die primêre verantwoordelikheid van die gemeenskapskakelbeampte sal wees om die doelstellings van die Bevolkingsontwikkelingsprogram en Gemeenskapsontwikkeling in die streek te bevorder. Daar word 'n baie noue skakeling tussen die SOV's en die gemeenskapskakelbeampte beoog, aangesien lg vanuit die raamwerk van die Bevolkingsontwikkelingsprogram leiding aan die SOV's sal kan gee.

7.5 Plaaslike Komitees vir Gemeeenskapsontwikkeling

Aangesien gemeenskapsontwikkeling tot op die grondvlak moet plaasvind, word dit beplan dat die gemeenskapskakelbeampte met die SOV en elke gemeenskap of groepering 'n Plaaslike Komitee vir Gemeenskapsontwikkeling sal stig. Laasgenoemde sal gebruik word om die Bevolkingsontwikkelingsprogram en Gemeenskapsontwikkelingstrategie te bevorder.

Die funksies van die Plaaslike Komitee vir Gemeenskapsontwikkeling is vanuit die raamwerk van die Bevolkingsontwikkelingsprogram die volgende: (95) (1) Om die maatskaplike en ekonomiese vraagstukke en fisiese tekortkominge wat stabiliteit en ontwikkeling strem, te identifiseer, te ondersoek en ontwikkelingsprioriteite te bepaal. (2) Die aanwysing van promotors (soos welsynsorganisasies) om spesifieke vraagstukke te hanteer en selfhelp-programme te stimuleer. (3) Die verkryging van tegniese en finansiële bystand deur owerheid- en private instansies in plaaslike ontwikkeling en die evaluering van gemeenskapsontwikkelingsprogramme. (4) Die effektiewe bekendstelling van gemeenskapsontwikkelingsprogramme. (5) Die doelmatige skakeling met belanghebbendes ten opsigte van projekte en programme wat onderneem word. (6) Advieslewering aan plaaslike owerhede/gemeenskapsrade, SOV's en welsynskomitees en departemente ten opsigte van probleme wat in streeksverband gehanteer moet word.

Die gemeenskapskakelbeampte sal as vakkundige op die gebied van gemeenskapsontwikkeling en bevolkingsontwikkeling die plaaslike komitee adviseer en ondersteun in sy werksaamhede. Hy sal ook na gelang van die behoeftes, probleme en prioriteite tussen die Plaaslike Komitee en ander instansies wat spesifieke hulp aan die Plaaslike Komitee kan bied.

Na aanleiding van die verslag van die Wetenskapkomitee van die Presidentsraad oor Demografiese Tendense in Suid-Afrika is tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n kringloop tussen armoede en hoë fertiliteit is wat al hoe moeiliker verbreek word hoe langer die hoë groeikoers gehandhaaf word. Volgens genoemde verslag blyk dit dat die Suid-Afrikaanse bevolking reeds in die kringloop beland het en dat die probleem progressief gaan toeneem hoe langer huidige demografiese tendense voortduur. Om die algemene lewenstandaard van die bevolking te kan verhoog, moet 'n metode gevind word om die kringloop te breek. As dit nie gebreek kan word nie, word gevrees kan die hele land en sy mense daarin ingetrek word.

Met die Bevolkingsontwikkelingstrategie, so glo die Regering, kan 'n belangrike bydrae gelewer word en die lewenskwaliteit van die land en sy mense verhoog word om stabiele ontwikkeling te verseker.

As daar na die nuwe inisiatiewe van die Staat met betrekking tot gemeenskapsontwikkeling gekyk word, word sekere leemtes waargeneem. Vervolgens word dit krities beoordeel.

* Die lede van Streeksontwikkelingsadvieskomitees en verenigings binne die struktuur van die Streeksontwikkelingstrategie bestaan grootliks uit Blankes. Die eintlike groepe wat ontwikkeling nodig het en by wie daar op 'n gemeenskapsvlak 'n groot agterstand is, het geen of weinig inspraak. Dit op sigself is in stryd met die filosofie van gemeenskapsontwikkeling wat selfbeskikkingsreg, selfhelp en demokratiese betrokkenheid insluit. Dit is natuurlik in Suid-Afrika 'n algemene tendens dat 'n klein minderheid in die samelewing oor die politieke en ekonomiese mag beskik om vir die groot meerderheid te besluit. In die geval van nie-blanke groepe word hulle leefwyse en ontwikkeling na willekeur beïnvloed deur besluite wat deur die blanke groep geneem word. Die argitekte van dié ontwikkelingstrategie verloor dikwels uit die oog dat dit nie hulle funksie is om 'n gemeenskap of groep se probleme vir hulle op te los nie, maar om hulle in staat te stel om self te werk aan die oplossing van hul probleme.

'n Gemeenskap wat tot selfstandigheid en vryheid aangespoor word, behoort die geleentheid te kry om homself te help en dit kan alleen gedoen word as sy lede aktief betrokke is. Mense van buite kan nooit die probleme en behoeftes van 'n gemeenskap beter ken as die gemeenskap self nie.

* Die uitgangspunt van die ontwikkelingstrategie hou verband met die bestaande politieke ideologie van apartheid van die huidige regering. Die hele welsynstruktuur is gebou op die fondamente van die "drie kamer" of "Huis stelsel". Daar is bv afsonderlike ministeries vir maatskaplike welsyn vir die onderskeie bevolkingsgroepe. Aangesien welsyn as 'n "eie saak" beskou word, bedien elke departement slegs sy bepaalde groep en administreer sy eie begroting. Die afsonderlike groepe het dan ook hulle onderskeie welsynskomitees en streekswelsynsrade wat uit lede van die bepaalde groep bestaan en net oor die sake van die bepaalde groep besluite mag neem. In die jongste verlede het die Dept Gesondheidsdienste en Welsyn van die Huis van Verteenwoordigers sy eie welsynswet, bekend as die "Gemeenskapswelsynswet", vir die Kleurlinggroep gemaak. Welsynsorganisasies wat alle bevolkingsgroepe bedien, ondervind hiermee ernstige probleme omdat hulle by alle Streekswelsynsrade moet registreer ten einde die dienste te kan lewer of op staatsubsidie aanspraak te kan maak. Elkeen van die afsonderlike staatsdepartemente vir die verskillende bevolkingsgroepe het hulle eie beleid en werkswyse ten opsigte van welsynsdienste en ontwikkelingsprogramme. Solank as hierdie werkswyse, wat geskoei is op die skeiding van mense op grond van hul velkleur en afkoms bestaan, sal dit met die grootste wantroue deur nie-blanke groepe bejeën word.

* Die uitgesproke doelstellings van die hele Bevolkingsontwikkelingsprogram, nl dat mense en gemeenskappe in die geleentheid gestel word om op eie inisiatief en volgens eie norme te ontwikkel, word van die staanspoor af verydel deur die gekompliseerde, verkwistende, lomp en basies onuitvoerbare raamwerk waarin die program uitgevoer moet word. Die doelstellings van die BOP is lofwaardig in die sin dat dit homself ten doel stel om die lewenstandaard en lewenskwaliteit van alle mense in die land te verhoog. Daar hang egter 'n groot vraagteken oor die filosofie van BOP in die sin dat 'n program van dié aard deur die Staat geïnisieer word. Dit kom ter sprake wanneer na die gesinsbeplanningsprogram, een van die belangrikste komponente van die BOP, gekyk word. Swart gemeenskappe huldig die mening dat die owerheid met die gesinsbeplanningsprogramme poog om die aanwas van nie-blanke groepe te verlaag

uit vrees vir die getalle oormag. Die programme word meer aggressief onder nie-blankes as by blankes in landelike gebiede veral van stapel gestuur. Eersgenoemde groepe voel dat gesinbeplanning oorbeklemtoon word ten koste van fisiese en politieke ontwikkeling. Die opregtheid van die program word dus ernstig bevraagteken. Dit word met die grootste wantroue bejeën, juis omdat dit direk van die owerheid kom, wat in die verlede nie veel gedoen het om hul omstandighede fundamenteel te verbeter nie. Die gemeenskappe of groepe het nooit enige inspraak gehad in die programme nie. Dit is weer 'n geval waar 'n program van bo af uitgewerk is en wat op die gemeenskap afgedwing is en waarin hulle geen aandeel het nie. Die programme sal baie meer geloofwaardigheid gehad het as dit deur privaatwelsynsorganisasies van stapel gestuur is. Laasgenoemde kan as "agente" vir die Staat optree en met die gemeenskappe, wat hulle vertrou, die ontwikkelingsprogramme aanpak. Dit is die privaatwelsynsorganisasies wat die nood en behoeftes van gemeenskappe waarbinne hulle funksioneer, die beste ken. Kennis en begrip van die agtergrond en interaksie van 'n spesifieke gemeenskap, is 'n voorvereiste indien die proses van gemeenskapsontwikkeling op 'n sinvolle wyse georden, gerig en gestuur moet word.

* 'n Verdere punt van kritiek teen BOP is dat sy ontwikkelaars, wat die programme in die gemeenskap moet inisieer, volgens getuienis, meermale met projekte begin sonder om bestaande welsynsorganisasies wat dikwels jare in die gemeenskap werk, te erken of samewerking te soek. Dit het tot gevolg dat die terrein van bestaande welsynsorganisasies betree word, gemeenskappe verwar en dienste versnipper word. Hulle kom van buite en met die wyse van funksionering bevorder hulle nie samewerking en koördinering van welsynsdienste in 'n gemeenskap nie, maar skep verdeeldheid by aksiesisteme en hulpbronne.

* 'n Verdere punt van kritiek teen BOP is dat maatskaplike ontwikkeling oorbeklemtoon word ten koste bv van politieke ontwikkeling. Om balans tussen maatskaplike, ekonomiese, fisiese en staatkundige ontwikkeling te handhaaf, word as 'n doelstelling van BOP aangegee. Daar kan met reg gevra word of die program bv by politieke ontwikkeling uitkom en of dit nie maar daarop neerkom dat dit die huidige politieke bestel, wat op afsonderlikheid en skeiding op grond van afkoms en velkleur berus, sal propageer nie.

* Skrywer is nie 'n demograaf nie. Uit sy lang ervaring van werk in Kleurlinggemeenskappe twyfel hy oor die projeksies van bevolkings-

aanwas soos in Tabel 6.1 aangegee en wat uit Schoeman se Bevolkingsprogram (waarna reeds meermale verwys is) aangehaal is. Om huidige bevolkingsgroeikoerse tot die jaar 2040 te projekteer is onrealisties. Die waardesisteme onder die Kleurlinge (en, so glo die skrywer ook onder die swartes) is reeds vinnig aan die verander en 'n groot aantal kinders is nie meer gewens nie. Daar bestaan miskien die ironiese moontlikheid dat die kragdadige intervensie "van bo af" soos deur geboortbeperkingsaksies verteenwoordig, die gemeenskap se eie trant (as gevolg van hulle teenkanting teen owerheidsmaatreëls) mag teëwerk.

SAMEVATTING

Gemeenskapsontwikkeling as proses verloop altyd binne die raamwerk van 'n gemeenskap. Vir ontwikkelingsdoeleindes is dit belangrik om daarop te let dat 'n gemeenskap in twee dele onderverdeel kan word, naamlik 'n **geografiese eenheid** (wat te make het met 'n groep mense wat in 'n spesifieke omlynde gebied woon wat hulle tot 'n mindere of meerdere mate verbind) en 'n **funksionele eenheid** (waardeur mense aan mekaar verbind is, nie soseer deur geografiese grense nie, maar deur sekere uitgangspunte of doelstellings wat nagestreef word). Eersgenoemde kan van toepassing gemaak word op 'n streek, stad of dorp, terwyl laasgenoemde na kultuurorganisasies en kerke verwys.

Gemeenskapsontwikkeling as omvattende stratgie kan onder andere gesien word as (i) 'n **proses** wat daarop ingestel is om verandering in 'n gemeenskap tot stand te bring; (ii) 'n **metode** wat 'n middel tot 'n doel is en nie 'n doel op sigself nie; (iii) 'n **program** waardeur ontwikkeling binne 'n bepaalde tyd tot stand gebring word; en (iv) 'n **beweging** waarby mense in 'n gemeenskap emosioneel betrokke raak ten einde verandering en ontwikkeling te bewerkstellig.

Gemeenskapsontwikkeling is een van die **metodes** waarlangs gemeenskappe se vooruitgang op wetenskaplike wyse beplan en georden word. Hy stel hom ten doel om **maatskaplike, ekonomiese** en **politieke** ontwikkeling te bewerkstellig. Die proses binne sy gemeenskapsontwikkeling verwys na die **gesamentlike** aksies, funksies en pogings van 'n gemeenskap om veral op eie inisiatief in sy behoeftes te voorsien. In hierdie opsig speel onder andere die genering van selfhelp, eie verantwoordelikheid en aanvaarding van die gemeenskap 'n bepalende rol in die bereiking van die doelstellings. Hulp wat dus aan 'n gemeenskap aangebied word, moet nie die pogings van die gemeenskap vervang nie, maar aanvul en ver-

sterk. Gemeenskapsontwikkeling geskied op 'n verskeidenheid van terreine en is multi-dissiplinêr van aard.

Vanuit die maatskaplikewerk-perspektief berus gemeenskapsontwikkeling op dieselfde filisofie waaruit maatskaplike werk voortspruit. Die beginsel sluit die volgende in, nl eerbied en agting, die reg van die gemeenskap om sy eie keuse te maak en besluite te neem (selfbeskikkingsreg); aansporing van die gemeenskap tot selfstandigheid en vryheid om homself te help en van eie hulp gebruik te maak (selfhelp); die bevordering van demokrasie, deelname en samewerking, die ontmoeting van die gemeenskap op sy eie vlak en die daarstelling van 'n vennootskap met die gemeenskap. Binne dië beginsel dui gemeenskapsontwikkeling dus op die verloop van 'n proses en kan dit gevolglik gesien word as daardie aksies waarby die gemeenskap as dinamiese entiteit self betrokke gemaak word om sy lewenskwaliteit te verbeter.

Die doelstellings van gemeenskapsontwikkeling kan in twee kategorieë verdeel word, nl primêre en sekondêre doelstellings. Gemeenskapsaktivering as primêre doelstelling het te make met die sosialisering van gemeenskapslede om betrokke te raak en deel te neem aan gemeenskapsaktiwiteite; met waardevorming wat as motiewe dien vir die nastrewing van doelstellings soos lojaliteit, verantwoordelikheid, integriteit en die ontwikkeling van vermoëns om probleme in die gemeenskap waar te neem en bronne te skep om dit die hoof te bied. Sekondêre doelstellings verwys na die ontwikkeling van besondere terreine van 'n gemeenskap onder andere institusionele-, politieke-, ekonomiese-, fisiese- en maatskaplike ontwikkeling.

In gemeenskapsontwikkeling word veral van twee benaderings gebruik gemaak. Hierdie benaderings is die direktiewe en nie-direktiewe benadering. Eersgenoemde beperk in 'n groot mate die gemeenskap se betrokkenheid tot die proses van gemeenskapsontwikkeling en is grootliks probleemgeoriënteerd in sy uitgangspunt. Die nie-direktiewe benadering is juis daarop ingestel om die gemeenskap ten volle betrokke te maak by die gemeenskapsontwikkelingsproses en is gevolglik veral op groeigeoriënteerde uitgangspunte gebaseer.

Rothman se bydrae tot die ontleding van gemeenskapswerk bevat drie modelle wat nuwe perspektiewe open vir gemeenskapswerk. Die modelle toon bv die rigting aan hoe die plaaslike gemeenskap betrokke kan raak by sy eie ontwikkeling (local development), deelname kan hê in die beplanning om verandering te bewerkstellig (social planning) en geaktiveer kan word om basiese veranderings in strukture en instellings in die

gemeenskap te kan bewerkstellig om maatskaplike geregtigheid en demokrasie te verkry (social action).

Gemeenskapswerk, gemeenskapsontwikkeling en gemeenskapsaksie neem op die breë terrein van ontwikkeling 'n belangrike en integrale plek in. Eersgenoemde is 'n maatskaplikewerk-metode waardeur gemeenskappe se kragte en bronne geïntegreer en gekoördineer word ten einde maatskaplike ontwikkeling te bevorder. Gemeenskapsorganisasie verwys na die handeling waardeur strukture in die gemeenskap doelbewus georganiseer word tot voordeel van die gemeenskap, terwyl maatskaplike aksie die gesamentlike optrede is om menings te beïnvloed met die oog op die verandering van maatskaplike beleid.
In Suid-Afrika toon die inisiatiewe van die Staat met betrekking tot gemeenskapsarmoede bepaalde leemtes; onder andere dat dit die basiese filisofie van gemeenskapsontwikkeling soos selfbeskikkingsreg, demokrasie en selfhelp verontagsaam. Die uitgangspunt van die strategie en welsynstruktuur hou verband met die bestaande politieke ideologie van apartheid. Dit is gebou op die beleid van afsonderlike dienste vir bepaalde groepe volgens hul afkoms en kleur. Alhoewel die doelstellings van die bevolkingsontwikkelingsprogram (BOP) lofwaardig is in dië sin dat dit hom ten doel stel om die lewenstandaard en lewenskwaliteit van die inwoners van die land te verhoog, hang daaroor 'n groot vraagteken. Die gesinsbeplanningsprogram, wat een van die belangrikste komponente van die BOP is, word met wantroue as 'n politieke set, deur Swart gemeenskappe bejeën. Dit word ook oorbeklemtoon ten koste van ander ontwikkeling. Ontwikkelaars van BOP ignoreer dikwels bestaande welsynsorganisasies en ontwikkel programme in gemeenskappe wat tot spanning en verwarring aanleiding gee en dienste en bronne verder verskraal en versnipper. Die koördinering en integrering van dienste in die gemeenskap kon dus nie tot sy reg nie.

Maatskaplike ontwikkeling word in 'n groot mate oorbeklemtoon ten koste van bv politieke ontwikkeling wat volgens skrywer net so belangrik is. Of politieke ontwikkeling binne die bestaande "apartheidsbeleid" kan plaasvind, is 'n groot vraag. Skrywer beantwoord hierdie vraag negatief en glo dat hy daarvoor goeie redes het.

Die lesse wat uit die verlede geleer behoort te word, lesse waartoe die inhoud van Hoofstuk 3 van die onderhawige studie as agtergrond en motivering dien, word skynbaar totaal oor die hoof gesien. Kan daar dan werklik geglo word dat die totale maatskaplike ervaringe van

baie generasies soos mis voor die son verdwyn wanneer 'n regering (wie se beeld nie net tuis nie, maar wêreldwyd so skrikwekkend negatief is) sê: Dis nou tyd dat julle ontwikkel! Die BOP is nie bereik as gevolg van konsultasie en dialoog op grondvlak met alle bevolkingsgroepe nie. Dit vra juis nie na 'n plan wat in kantore van grootbase gebore word nie, maar in mensegemoedere. Selfs die maatskaplike werkers en aanverwante beroepslui is byeengeroep en gesê: So lyk die Bevolkingsontwikkelingsprogram.

In die volgende hoofstuk sal bepaald gekyk word na die bydrae wat die maatskaplike werker deur middel van die gemeenskapswerk-metode kan lewer tot die ontwikkeling van 'n gemeenskap.

---oOo---

## VERWYSINGS


1. Ferrinho, H. 1980. Toward a Theory of Community Development. Juta & Company. Cape Town. p. 1.

2. Trecker, B. 1967. Social Group Work: Principles and Practice. Associated Press. New York. p. 226.

3. Definiërende Woordeboek van Maatskaplike Werk 1984. Staatsdrukkers, Pretoria. p. 14.

4. Ferrinho, 1980. op.cit., p. 5.

5. Carry, LJ (Ed) 1976. Community Development as a Process. Columbia, University of Missouri Press. p. 71.

6. Loc. cit.

7. Ibid., p. 22.

8. Dunham, A. 1966. "The Outlook of Community Development. An International Symposium." International Review of Community Development. Volume 5, pp. 33 - 35.

9. Carry, op.cit., pp. 23 - 35.

10. Griffiths, H. 1974. "The Aims and Objectives of Community Development." Community Development Journal. Volume 9, no. 4. pp. 88 - 95.

11. Ibid., p. 91.

12. Loc. cit.

13. Loc. cit.

14. Loc. cit.

15. Loc. cit.

16. Lategan, E. 1982. Die Bydrae van Maatskaplike Werk tot Gemeenskapsontwikkeling met Verwysing na Gemeenskapswerk in die Kaapse Skiereiland. Ongepubliseerde D Phil Tesis. Universiteit van Stellenbosch. p. 18.

17. Rothman, J. 1974. Three Models of Community Organization by Cox, Elrich, Rothman and Tropman, PE Peacock Publishers Inc, Itaxa Illinios. p. 23.

18. Dunham, A: 1966. op. cit., p. 33.

19. Lategan, E, op.cit., pp. 22.

20. Taylor, CC: 1967. "The Local Worker in Community Development Programmes." Community Development Journal. Volume 2, no 5. p. 16.

21. Dunham, A. 1970. The New Community Organization. Thomas Y Crowell, New York. pp. 140 - 193.

22. Hugo, EAK. 1975. "Die Aard, Doel, Taak en Beginsels van Maatskaplike Werk" uit Pieterse, JE (Red). Maatskaplike Werk - 'n Algemene Inleiding. Academica, Pretoria en Kaapstad. p. 15.

23. Hugo, EAK. 1980. "Gemeenskapsontwikkeling" uit Hugo, EAK, Schoeman, JH en Engelbrecht, JIP: Gemeenskapswerk. Heer Drukker, Pretoria. p. 160.

24. Ferrinho, H:. 1975. Community Development as an Agent of Social Change in Undeveloped Rural Societies. Unpublished D Phil Thesis. University of Pretoria. p. 127.

25. Hugo, EAK, 1980. op.cit., p. 16.

26. Lategan, E. op.cit., p. 27.

27. Ibid., p. 29.

28. Loc. cit.

29. Ibid., pp. 29 - 30.

30. Du Preez, PH. 1970. Inleiding tot die Teorie van Gemeenskapsontwikkeling. Benko, Pretoria. p. 70.

31. Ibid., p. 71.

32. Ibid., p. 72.

33. Schoeman, JH. 1979. Die Taak van Gemeenskapswerk in 'n Swart- en Stedelike Gebied. Ongepubliseerde D Phil Tesis, Universiteit van Pretoria.

34. Lombaard, JA. Freedom, Welfare and Order: Benko, Pretoria. 1978. p. 15.

35. Du Preez, PH. op.cit., p. 78.

36. Loc. cit.

37. Pavia, JFX. 1979. "A Conception of Social Development." Social Service Review. University of Chicago. p. 329.

38. Loc. cit.

39. Schoeman, JH. 1980. "Gemeenskapsontwikkelingsmodel" uit Hugo, EAK, Schoeman, JH & Engelbrecht, JIP. Gemeenskapswerk. Heer Drukker, Pretoria. p. 25.

40. Ibid., p. 28.

41. Hugo, EAK. 1980. op.cit., p. 170

42. Rothman, J. op.cit., p. 2.

43. Schoeman, JH. 1980. op.cit., p.29

44. Loc. cit.

45. Dunham, A. 1970. op.cit., p. 90.

46. Loc. cit.

47. Ibid., p. 176.

48. Loc. cit.

49. Ibid., pp. 176 - 177.

50. Ibid., pp. 177 - 178.

51. Ibid., pp. 172 - 175.

52. Lategan, E. 1982. Gemeenskapsontwikkeling deur Maatskaplike Werk Akademika Uitgewers Kaapstad. p. 36.

53. Dunham, A. 1970. op.cit., p. 4.

54. Lategan, 1982, op. cit., p.36.

55. Lategan, E. 1982. op cit., p. 4.

56. Rothman, J. op.cit., p. 36.

57. Ibid., p. 26.

58. Ibid., pp. 30, 31. (Die modelle is 'n vertaling van Rothman se modelle uit die oorspronklike.)

59. Ibid., p. 40.

60. Ibid., p. 40.

61. Loc. cit.

62. Lategan, E. 1982. op.cit., p. 40

63. Loc. cit.

64. Loc. cit.

65. Schoeman, JH. 1980. op.cit., p.31.

66. Loc. cit.

67. Harper, EB, Dunham, A. 1966. Community Organization Action. Praeger Publisher, New York. p. 72.

68. Engelbrecht, JIP. 1980. "Die Organiseringsverantwoordelikheid van die Gemeenskapswerker, "uit Hugo, EAK, Schoeman, JH en Engelbrecht, JIP. Gemeenskapswerk. Heer Drukker, Pretoria. p. 143.

69. Ibid., pp. 143 - 144.

70. Hugo, EAK. 1984. "Community Work as Integral Part of Community Development." Social Work/Maatskaplike Werk. Jg 20, no 14, p. 214.

71. Compton, BR and Galaway, B. 1975. Social Work Processes. Homewood Illinois, Dorsey Press. p. 499.

72. Hugo, EAK. "Community Work as Integral Part of Community Development." op.cit., p. 215.

73. Definiërende Woordeboek van Maatskaplike Werk. Staatsdrukkers, Pretoria. 1984. p. 28.

74. Hugo, EAK. 1984. op.cit., p.215.

75. Loc. cit.

76. Departement van Staatkundige Ontwikkeling: Agtergrond, Doel en Funksie van Streeksontwikkelingsadvieskomitees. p. 1.

77. Ibid., p. 2.

78. Loc. cit.

79. Loc. cit.

80. Loc. cit.

81. Ibid., pp. 3 - 4.

82. Ibid., p. 4.

83. Schoeman, JH. 1984. Bevolkingsprogram binne Raamwerk van Streeksontwikkelingstrategie. Ongepubliseerde Referaat van Hoofdirekteur van Bevolkingsontwikkelingsprogram gelewer 1984 by Streeksontwikkelingsadvieskomitee in Kaapstad. p. 1.

84. Loc. cit.

85. Ibid., p. 2.

86. Loc. cit.

87. Ibid., p. 3.

88. Loc. cit.

89. Ibid., p. 4.

90. Ibid., p. 6.

91. Loc. cit.

92. Loc. cit.

93. Ibid., p. 7.

94. Ibid., p. 10.

95. Ibid., p. 12.

---oOo---

# HOOFSTUK 7

## DIE ROL VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER IN GEMEENSKAPSONTWIKKELING

### INLEIDING

Daar gemeenskapsontwikkeling alle aspekte van die menslike samelewing insluit, is 'n groot verskeidenheid van vakdissiplines by gemeenskapsontwikkeling betrokke. Die sukses van 'n gemeenskapsontwikkelingsprojek word dus onder meer bepaal deur 'n multi-dissiplinêre span wat op 'n inter-dissiplinêre grondslag saamwerk. Die maatskaplike werker is in 'n groot mate betrokke en het belang by die ontwikkeling van menslike gemeenskappe en die samelewing in sy geheel. Alhoewel ander dissiplines en beroepe se rol erken word in gemeenskapsontwikkeling, bly gemeenskapswerk 'n belangrike metode in die beoefening van maatskaplike werk en het dit steeds 'n belangrike rol te speel binne die omvangryke konsep van gemeenskapsontwikkeling.

Daar is 'n noue ooreenkoms tussen gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling. Albei pas die probleemoplossende proses in die praktyk toe. Die belangrikste enkele bydrae wat maatskaplike werk kan lewer tot gemeenskapsontwikkeling is om by professionele mense en leke die insig en vermoë te kweek om die probleemoplossende-proses op die problematiek van die gemeenskap toe te pas.

Schoeman definieer gemeenskapswerk soos volg:

> Gemeenskapswerk is 'n maatskaplikewerk-metode waardeur gemeenskappe langs die weg van 'n wetenskaplike proses gehelp word om maatskaplike probleme uit te skakel en te voorkom, om maatskaplike behoeftes te bevredig en om die integrering, samewerking en koördinering van **aksiesisteme** in die gemeenskap tot voordeel van die gemeenskap te bewerkstellig. Die gemeenskap word gehelp om kragte en potensiaal te ontdek, te **ontwikkel** en aan te wend en deur aktiewe deelname in die gemeenskapswerk-proses sy maatskaplike funksionering te bestendig en te verbeter en sy maatskaplike ontwikkeling te bevorder. (1)

Volgens dié definisie, het gemeenskapswerk die volgende doelstellings, nl **probleemoplossing** om maatskaplike **behoeftes te bevredig,** om **kragte en bronne** binne 'n gemeenskap te **integreer**, te **koördineer** en deur **samewerking** aan te wend ten einde maatskaplike ontwikkeling te bevorder. Die ooreenkomste tussen gemeenskapswerk as maatskaplikewerk-metode en gemeenskapsontwikkeling as multi-dissiplinêre metode kom duidelik na vore. Die plek en rol van die maatskaplike werker binne die multi-dissiplinêre gemeenskapsontwikkelingspan word ook duidelik.

In hierdie hoofstuk word gekyk na die rol van die maatskaplike werker binne die gemeenskapsontwikkelingsproses. Daar word ten eerste aandag gegee aan verskillende fases binne die probleemoplossende-proses.

* Die identifisering van die probleem of behoefte en potensiaal in die gemeenskap.
* Verteenwoordiging vanuit die gemeenskap.
* Ordening en rangskikking van geïdentifiseerde besonderhede en prioriteitsbepaling.
* Beplanning.
* Ontwikkeling van 'n gereedheid om aan die probleem te werk.
* Soek en benutting van hulpbronne.
* Implementering van beplande aksie.
* Evaluering.

Ten slotte word gekyk na die verskillende rolle wat die maatskaplike werker binne die proses vervul.

## 1. DIE GEBRUIK VAN DIE PROBLEEMOPLOSSENDE-PROSES IN GEMEENSKAPSWERK TEN OPSIGTE VAN GEMEENSKAPSONTWIKKELING

Die fases in die probleemoplossende-proses, soos dit in gemeenskapswerk in die praktyk toegepas word, kan nie in waterdigte kompartemente afgebaken word nie -- dit vloei in mekaar. Evaluasie vind bv nie net aan die einde van die proses plaas nie, maar is 'n voortdurende handeling van die begin tot die einde. Alhoewel die stappe in die proses van gemeenskapsontwikkeling nie altyd kronologies onderskeibaar is nie, kan hulle tog logiesgesproke duidelik geïdentifiseer word.

Gedurende die hele proses het die gemeenskapswerker 'n belangrike inter-organiseringsverantwoordelikheid. Hy moet die verskillende sisteme op mekaar afstem en behoort skakeling tussen hulle te bewerkstellig. Gedurende die proses het die gemeenskapswerker ook besliste rolle te vertolk.

### 1.1 Die Identifisering van Probleme of Behoeftes in die Gemeenskap

Dit is belangrik dat die probleem of behoefte (met ander woorde die stremming in die gemeenskap) duidelik geïdentifiseer moet word. Die fase in die proses is baie belangrik in dié sin dat dit die hele hulpverleningsproses bepaal. Dit beïnvloed nie alleen die inligting wat ingesamel word of die doelstellings wat bereik wil word nie, maar veral die behandeling wat daarop gemik is om die probleem op te los.

Warren meen dat die volgende drie vrae in 'n groot mate die antwoord sal gee op watter wyse 'n probleem of behoefte in die gemeenskap geïdentifiseer moet word.

* Are the facts you need already available in useable form?
* Is the survey likely to be a substitute for action?
* Is yourgroup an "action group"? (2)

Genoemde skrywer is van mening dat opnames so aangepak moet word dat dit nie te lank uitgerek word nie. Opnames kan egter wissel van 'n gedetaileerde, maandelange, intensiewe ondersoek tot 'n kort oppervlakkige opname oor 'n enkele aspek van belang.

Hy wys veral op die belangrikheid van menslike verhoudings tydens 'n opname deur 'n gemeenskap self. Ten einde te verseker dat die identifisering van 'n probleem of behoefte deur 'n gemeenskap self suksesvol sal wees, noem hy die volgende wenke:

* Verkry breë verteenwoordiging uit die gemeenskap op die Ondersoekkomitee.
* Gebruik die beginsel van deelname en betrokkenheid.
* Die rol van die leierskap moet begryp word — moenie mense in leiersposisies plaas wat nie in staat is om leiding te gee met die ondersoek nie.
* Wees geduldig en toon begrip vir diegene in die gemeenskap wat weerstand het teen die ondersoek.
* Betrek mense uit informele groepe in die gemeenskap — maw die gewone natuurlike leierspotensiaal moet betrek word.
* Gebruik mense waar hulle die beste dienste kan lewer, bv sommige kan beter onderhoude voer en ander kan behulpsaam wees met verwerking van data.
* Maak seker dat elkeen weet waar hy inskakel in die hele proses van dataversameling.
* Hou die kommunikasiekanale tussen die lede van die ondersoekspan oop.
* Wees goed voorbereid vir die geleenthede wanneer die groepe vergader.
* Pas aan by die gemeenskap. (3)

Lategan gee die volgende as riglyne met betrekking tot die identifisering van probleme en behoeftes in 'n gemeenskap.

(i) **Informele kontak** deur die maatskaplike werker met die mense in die gemeenskap. Dit stel die werker in staat om die gemeenskap te leer ken

en deur hul aanvaar te word, maar is egter nie voldoende om duidelike doelwitte te formuleer en 'n plan van aksie te bepaal nie.

(ii) **Kontak met sleutelpersone** in die gemeenskap is belangrik, veral predikante, onderwysers, lede van sekere komitees of persone wat toepaslike inligting oor bepaalde sake kan voorsien of belangrike meningsvormers in die gemeenskap is.

(iii) **'n Opname deur die gemeenskap** self kan onderneem word.

(iv) **'n Informele behoeftebepaling** deur die invul van vraelyste, 'n steekproef van inwoners uit die gemeenskap, of die totale universum van inwoners is 'n ander moontlikheid.

(v) **Ander bronne** soos kaarte, nuusblaaie, data-bande en navorsingsmateriaal moet gebruik word om so volledig moontlik 'n beeld van die gemeenskap te verkry.

(vi) **Bestaande strukture** in die gemeenskap, soos bv kerke en skole, verenigings, ens kan 'n sinvolle bydrae maak om te sorg dat die perspektief van die werker verskillende aspekte insluit.

(vii) In gevalle waar 'n **probleem vanselfsprekend** en ooglopend is en die gemeenskap dit ook as 'n behoefte ervaar, maak dit sin om 'n projek te loods en deur aksienavorsing die behoefte te bewys. (4)

Ten opsigte van die identifisering van die probleem of behoefte het dit beslis waarde as die **gemeenskap self bewus raak** van probleemtoestande of behoeftes wat sy maatskaplike funksionering strem. Dit gebeur egter selde in die praktyk. Mense erken nie altyd 'n probleemtoestand nie en is dikwels nie in staat om die bron van die stremming korrek te diagnoseer nie. Hulle sien meestal nie die situasie as 'n probleem nie en leef saam met die gevolge en implikasies daarvan. Dit gebeur ook dat indien 'n gemeenskap die probleemsituasie erken, hy dikwels nie oor die kragte en potensialiteite, die geleentheid en die motivering beskik om skeppend te handel en aktief te werk nie.

Heel gepas verwys Ferrinho na die maatskaplike werker en die gemeenskap se betrokkenheid by die identifisering van die probleem deur middel van 'n opname soos volg:

> In fact through the survey and the self-study you are demonstrating to people your interest in their problems and the way they think would be best to solve them. The greater the poverty or the oppression of the people by reason of these problems the less they will be interested to co-operate in this kind of exercise except if they see it as holding out hope for improvements. (5)

Die maatskaplike werker is in 'n gunstige posisie om maatskaplike probleemsituasies en behoeftes te identifiseer en kan veral gebruik maak van die ontevredenheid wat in 'n gemeenskap oor 'n bepaalde probleemtoestand of behoeftes heers om probleme te identifiseer. Hoe sterker die gevoel van ontevredenheid of ongemak, hoe meer gemotiveerd sal die gemeenskap wees in die ondersoek en identifisering van die probleem. Die ontevredenheid moet egter spesifiek wees en die oplossing daarvan moet op bereikbare doelstellings gerig wees. Die ontevredenheid behoort by die meerderheid van die gemeenskap aanwesig te wees.

Die gevaar bestaan dikwels dat die maatskaplike werker 'n probleem of behoefte mag identifiseer wat nie vir die gemeenskap 'n behoefte of 'n probleem is nie. Tereg sê Compton en Galaway:

> The client should be the primary source of information.
> (6)

Die eerste taak in die hele proses is dus om die probleem of behoefte duidelik te identifiseer en te beskryf. Sonder 'n duidelike geïdentifiseerde doelwit, kan geen aksie beplan en geïmplementeer word nie. Die ervaring en intensiteit van die studie kan wissel van 'n in-diepte navorsingsprojek, behoeftebepaling deur middel van vraelyste, of slegs 'n waarnemingstudie. Die regverdiging van 'n deeglike in-diepte identifikasie word dikwels bevraagteken en as onnodig beskou. Alleen egter wanneer die funksioneringsvlak, verwagtinge, waardes en norme ten volle begryp word kan 'n gemeenskapswerk-projek wat op die doelwitsisteem gerig is, beplan en geïmplementeer word. (7)

Gedurende die identifiseringsfase is dit belangrik dat daar na die hele gemeenskap gekyk word. Die maatskaplike werker moet die gemeenskap ken ten einde vas te stel waar die bronne en potensialiteite geleë is wat benut kan word ten einde die probleem te elimineer of in die behoefte te voorsien. Die maatskaplike werker moet dus oor 'n deeglike kennis van die gemeenskap beskik. Dit is dikwels nie vir die maatskaplike werker moontlik om die gemeenskap ten volle te ken alvorens met die gemeenskapswerk-proses begin word nie. Die bestudering en kennis van die gemeenskap behoort egter 'n deurlopende aksie te wees. Die kwaliteit van inligting bepaal in 'n groot mate op welke wyse die maatskaplike werker tot die gemeenskap gaan toetree. Ten einde maksimum inligting oor 'n gemeenskap te bekom en 'n volledige beeld van 'n gemeenskap te kry, is die opstel van 'n gemeenskapsprofiel nodig.

Ten opsigte van die gemeenskapsprofiel bespreek Ferrinho die volgende feite:

> **Geografiese Feite:** Dit verwys na feite oor die gemeenskap soos bv klimaat, behuising, gebiede beskikbaar vir ontspanning, paaie, spoorweë, winkelsentrums, ens. Die geografiese feite is belangrik aangesien dit rigting en betekenis van veranderings in die gemeenskap en die tempo van verandering kan bepaal.
>
> **Demografiese Feite:** Verwys na getal en soorte van mense in die gemeenskap en hul beweging. Aspekte soos die grootte van die bevolking, geslag, ouderdomsgroepe, groei en vertrek uit die gemeenskap asook die minderheidsgroepe is belangrik aangesien dit ekonomiese aktiwiteite, soort ontspanning en maatskaplike verhoudings bepaal.
>
> **Ekonomiese Feite:** Verwys na feite soos bv werksgeleentheid in en buite die gemeenskap, grootte, geslag en ouderdomsgroepe wat in en buite die gemeenskap werk, gemiddelde inkomste van die werkers in die gemeenskap, besighede in die gemeenskap wat deur die plaaslike inwoners besit word, dienste, koste en pryse van goedere; of werksgeleenthede in die praktyk wat gegrond is op bevooroordeling gebaseer op godsdiens, ras of geslag. Die aspekte bepaal die ontwikkelingsmoontlikhede van 'n gemeenskap.
>
> **Sosiologiese Feite:** Verwys na (a) **Plaaslike groepe**: hul bestaan, doelstellings, is hul formeel of informeel en hul inter-verhoudings: (b) **Gesinne**: hul struktuur, funksie, aktiwiteite,ens. (c) **Opvoedkundige instellings** (d) **Ekonomiese instellings.**
>
> **Kulturele Feite:** Verwys na feite-waardes, norme en tradisies in 'n gemeenskap. Waardes verwys na die idees van 'n gemeenskap wat hulle meen is werd om voor te lewe soos bv opvoeding, tegnologiese ontwikkeling.
>
> **Sielkunde Feite:** Verwys na feite soos die gemeenskap se houding teenoor situasies, mense en idees. Dit is belangrik om te weet hoe mense voel teenoor verandering en ontwikkeling.

Ten slotte wys genoemde skrywer op die volgende:

> A community is a system i.e. an organized whole whose characteristic and evolution depends on the interaction not only between its elements but also with other systems. So, the improvement of the capacity for social functioning of the community does not involve a chain-like mechanical connection of cause-effect but rather a systematic interaction between the elements of the community and between the community and the larger social system. (8)

**Gemeenskapsprofiel**

Schoeman wys op die volgende aspekte en strukture in die gemeenskap wat belangrik is vir die gemeenskapswerk-proses:

* **Die Geskiedenis van die Gemeenskap**

  Die ontstaan en ontwikkeling van die gemeenskap. Watter fisiese faktore het sy groei beïnvloed? Wat is beduidende faktore in sy politieke, ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling?

* **Samestelling van die Gemeenskap**

  Demografiese faktore soos getalleposisie, kultuurverspreiding, ouderdomverspreiding, etniese verspreiding, geslagsverspreiding, gesinsgroottes en aanwassyfer in die gemeenskap.

* **Plaaslike Bestuur** (Owerheidsinstansies)

  Die samestelling van plaaslike bestuur, die wyse van verkiesing, hul verantwoordelikheid en doeltreffendheid, asook belastingbetalings. (Lategan oordeel dat na alle owerheidsinstansies en verenigings wat 'n rol in die gemeenskap speel, gekyk moet word, maw plaaslik, provinsiaal en nasionaal).

* **Politieke Strukture**

  Politieke verteenwoordigers en politieke partye in die gemeenskap. Die verantwoordelikhede van die politieke leiers en die werking van die politieke proses.

* **Kulturele Strukture**

  Kultuurorganisasies in die gemeenskap. Hulle doelstellings en doeltreffendheid. Kulturele leiers en die kultuurbetrokkenheid van die gemeenskap.

* **Ekonomiese Strukture**

  Aard van die ekonomiese instellings in die gemeenskap. Ekonomiese leiers, ekonomiese organisasies, professionele en nie-professionele en ongeskoolde beroepe teenwoordig. Die omvang van werkende vrouens. Die inkomste verspreiding van die gemeenskap en die werksgeleenthede vir die inwoners van die gebied.

* **Gesondheidstrukture**

  Gesondheisprogramme en gesondheidsvoorkomingsdienste. Die omvang van gesinsbeplanningsdienste, die algemene gesondheidstoestand.

* **Godsdienstige Strukture**

  Kerkgenootskappe en kerkgroepe. Kerkleiers, vroueverenigings, jeugaksie, kerkbetrokkenheid en jeugbetrokkenheid in die gemeenskap.

* **Opvoedkundige Strukture**

  Laer- en hoërskole en ouerkomitees, kleuterskole en beheerinstansies, naskoolsentrums en dagversorgingsoorde in die gemeenskap. Biblioteke beskikbaar. Is die skoolgeboue voldoende en toereikend? Die geletterdheid van die gemeenskap en die algemene opvoedingspeil.

* **Ontspanningsfasiliteite en Sportklubs**

  Sportklubs en die jeug se betrokkenheid daarby.

Aandag moet gegee word aan die doeltreffendheid van die klubs en veral of dit die jeug konstruktief betrek. Van belang is om te let op ontspanningsgeriewe soos gemeenskapsentrums, speelparke en kampterreine en die aktiwiteite wat dit aanbied.

* **Welsynstrukture**

  In die profiel moet aandag gegee word aan die verskillende welsynsorganisasies in die gemeenskap (staat, vrywillig en kerkorganisasie) hul werksaamhede en die betrokkenheid van die gemeenskap by hul programme.

* **Behuising en Vervoerreëlings**

  Die volgende vrae behoort beantwoord te word:

  ** Voorsien die behuising in die behoeftes van die gemeenskap?
  ** Is die bestaande behuising voldoende?
  ** Wie maak voorsiening vir die behuising (staat, hulpskemas, privaatsektor)?
  ** Wat is die bestaande behuisingsbeleid?
  ** Is daar 'n voldoende vervoerstelsel?

* **Gemeenskapsprobleme en Behoeftes**

  Duidelikheid moet verkry word oor:

  ** Watter gemeenskapsprobleme aanwesig is en wat die omvang en intensiteit daarvan is?
  ** Probleemtoestande soos bv onvoldoende behuising, armoede, jeugbendes, verwaarloosdes, alkoholisme, werkloosheid, gebrekkige en onvoldoende ontspanningsfasiliteite en gebrekkige diensorganisasies mag geïdentifiseer word.

(9)

Nadat die profiel opgestel en die inligting oor 'n gemeenskap verkry is, behoort die **gemeenskap geëvalueer** te word aan die hand van die geïdentifiseerde inligting. Belangrik is om eerstens te bepaal wat die **potensiaal en bronne** is wat tot voordeel van die gemeenskap aangewend kan word en tweedens watter **negatiewe faktore** in die gemeenskap waargeneem is.

Die potensiaal en bronne in die gemeenskap sluit die volgende in:

** Leiers en potensiële leiers

** Aksie/Formele Strukture

** Kommunikasienetwerke tussen formele en informele sisteme

** Die gemotiveerdheid van die gemeenskap om aan die probleem te werk

** Waarde en normestelsel van die gemeenskap

** Groeps- en gemeenskapsgebondenheid en lojaliteit

** Hulpbronne en potensiële hulpbronne

Negatiewe faktore in die gemeenskap verwys na aspekte soos:

- ** Onvoldoende en gebrekkige strukture in die gemeenskap
- ** Swak samewerking tussen aksiesisteme
- ** Swak skakeling en kommunikasie tussen formele strukture
- ** Onbetrokkenheid van en dislojaliteit in die gemeenskap
- ** Weerstand van die gemeenskap teen verandering en ontwikkeling
- ** Struikelblokke soos maatskaplike, ekonomiese en politieke beleidsbepalings. Algemene standaard van ontwikkeling van die gemeenskap
- ** Kultuur, waardes en norme, gebruike en gewoontes en noodtoestande wat in die gemeenskap mag heers.

Om saam te vat die volgende:

Die identifisering van 'n probleem of behoefte is die **belangrikste fase** in die hele probleemoplossende-proses aangesien dit 'n invloed het op die **doelstellings** wat geformuleer word asook die **plan van behandeling** wat daaruit voortvloei.

Dit is belangrik om aandag te gee aan die **menslike verhoudings** tydens 'n opname aangesien dit die sukses van die identifisiering van die probleem bepaal. Die **deelname en betrokkenheid** van die **gemeenskap is essensieel.** Aspekte soos die rol van leierskap, moontlike weerstand uit die gemeenskap, betrokkenheid vir informele groepe en administratiewe aangeleenthede moet in dié fase aandag geniet.

Ten opsigte van die identifisering van probleme en behoeftes in 'n gemeenskap kan die volgende riglyne oorweeg word, nl informele kontak met mense in die gemeenskap deur die maatskaplike werker, kontak met sleutelpersone, opname deur die gemeenskap self, formele behoeftebepaling deur vraelyste, gebruik van ander bronne soos kaarte, nuusblaaie,ens asook die aanwending van bestaande strukture.

Die maatskaplike werker kan in die fase veel sukses behaal deur die gemeenskap **self bewus** te maak van hul probleem of behoefte. Daar moet egter gewaak word om nie 'n probleem of behoefte te identifiseer wat **nie vir die gemeenskap 'n behoefte of probleem** is nie. Die fase kan alleen suksesvol verloop indien die maatskaplike werker oor 'n **deeglike kennis** van die gemeenskap beskik. Die **kwaliteit** van die inligting oor die gemeenskap bepaal in 'n groot mate op welke wyse die maatskaplike werker tot die gemeenskap gaan toetree.

Die maksimum inligting oor die gemeenskap, sy behoeftes, probleme en potensiaal kan egter verkry word uit die opstel van 'n **gemeenskapsprofiel**.

**1.2 Verteenwoordiging uit die Gemeenskap**

In die gemeenskapswerk-proses is daar twee benaderings, te wete: die **direktiewe** of **probleem-georiënteerde** benadering en die **nie-direktiewe** of **groei-georiënteerde** benadering. Eersgenoemde verwys na die inisiatief wat van die welsynsorganisasie uitgaan ten opsigte van beplanning en die daarstelling van fasiliteite. In 'n stadium onttrek die organisasie en laat die gemeenskap toe om op sy eie voort te gaan. Die nie-direktiewe benadering daarenteen impliseer dat die gemeenskap ("grass roots") deur die verloop van die hele gemeenskapswerk-proses betrek moet word.

Die nie-direktiewe benadering beskou die **deelname** en **betrokkenheid** van die gemeenskap as belangrik, aangesien dit gebou is op die beginsel van **vennootskap** en uiteindelik **selfhelp**. Weerstand mag maklik na vore kom in 'n geval waar 'n gemeenskap deelname ontneem word. Dit op sy beurt kan aanleiding gee tot die mislukking van 'n gemeenskapsprojek. Die resultate van die projekte waaraan die gemeenskap deel het, blyk meer blywend van aard te wees.

Tereg merk Lategan op:

> Uit die perspektief van ontwikkeling is die hele doel van die oefening egter om mense self betrokke te kry by dit wat in die gemeenskap gebeur. Die ontwikkeling van selfvertroue by mense in 'n oorgangsgemeenskap is die hoofdoelstelling. Mense ontwikkel selfvertroue as hul 'n invloed kan hê op wat met hulle in hulle gemeenskap gebeur; as hulle die huis besit waarin hulle woon, beheer het oor die versorging van hul kinders, kan kies waar hulle wil werk en self iets kan doen aan die ontwikkeling van fasiliteite vir sport en ontspanning. (10)

Volgens Schoeman behoort die fase soos volg te verloop.

* 'n Welsynsorganisasie, 'n maatskaplike werker, 'n persoon of 'n bestaande aksiesisteem in die gemeenskap raak bewus van 'n stremming in die sisteem wat die maatskaplike funksionering of stabiliteit van die gemeenskap belemmer of bedreig. 'n Maatskaplike werker word versoek of deur 'n welsynsorganisasie aangewys om die stremming te elimineer, op te los, of om verdere gevolge te voorkom.

* Die maatskaplike werker beweeg vanuit die welsynsorganisasie na die betrokke gemeenskap as die kliëntsisteem en identifiseer die probleem

of behoefte en die potensialiteite in die sisteem. Terselfdertyd word leiers en bestaande aksiesisteme (ekonomies, politieke, kulturele, godsdienstige, opvoedkundige, welsyns-, sport-, ontspannings- en diensorganisasies) geïdentifiseer. Die maatskaplike werker moet ook poog om die afstande tussen hierdie aksiesisteme te bepaal en te evalueer tot watter mate hy hierdie aksiesisteme in die gemeenskapswerk-proses kan benut. Die maatskaplike werker besluit dan watter van die bestaande aksiesisteme hy in die proses gaan betrek. Die beslissing word tot 'n groot mate bepaal deur die kulturele, godsdienstige, ekonomiese en politieke afstande wat tussen aksiesisteme bestaan en die waarde wat 'n betrokke aksiesisteem vir die projek kan inhou.

* Die maatskaplike werker maak persoonlike kontak met hierdie leiers, potensiële leiers en aksiesisteme in die gemeenskap en bespreek die probleem of behoefte met hulle. Die doel van hierdie persoonlike kontak is om die persone of groepe te versoek en te oorreed om aktief te deel in die beplande projek. Die maatskaplike werker kan ook van meningsvormers in die gemeenskap gebruik maak om hom in hierdie proses te help.

* Die maatskaplike werker reël 'n formele vergadering waarna die verteenwoordigers van die aksiesisteme en die inidividuele persone wat reeds persoonlik gekontak is, uitgenooi word. Die doel van die vergadering is om 'n nuwe aksiekomitee te stig wat verantwoordelikheid vir die hantering van die probleem of behoefte sal aanvaar. Dit is belangrik dat die benaderings, motiverings en oortuigings van die verteenwoordigers by die vergadering ten opsigte van die probleem of behoefte tot 'n eenheidsgevoel geïntegreer behoort te word. Konsensus oor die breë doelstellings van die aksie behoort in hierdie stadium reeds bereik te word. Die vergadering kies hul eie komitee en wys die voorsitter en ander bestuurslede aan.

* Die maatskaplike werker maak hom vir die duur van die gemeenskapswerk-proses nooit heeltemal van die aksiekomitee los nie. Hy het 'n besliste ondersteunende en rigtinggewende rol te speel in die verdere verloop van die proses. Die stig van 'n aksiekomitee verloop oor 'n tydperk en eis geduld en deursettingsvermoë. Die maatskaplike werker moet met groot kundigheid en oortuiging hierdie fase afhandel. Hierdie fase moet dus op 'n stewige fondament geplaas word om enigsins 'n blywende stabiliteit te verseker. Die suksesvolle afhandeling van hierdie fase is 'n voorvereiste vir die verdere suksesvolle verloop van die gemeenskapswerk-proses en kan nie genoeg beklemtoon word nie. (11)

Die bestaande aksiesisteme (diensorganisasie), welsynsorganisasies, potensiële leiers uit die gemeenskap behoort betrokke te wees by die stigting en samestelling van die nuwe aksiekomitee wat met die probleme of behoeftes gaan werk. Die betrokke komitee is saam met die maatskaplike werker verantwoordelik vir die ontleding van die probleem; vir die beplanning, implementering, koördinering en evaluering van die projek van die begin tot die einde.

## 2.2 Betrokkenheid van die Gemeenskap

Wat van belang is, is dat die verteenwoordiging uit die "grass roots" sterk moet wees om te verseker dat daar voldoende inspraak in die aktiwiteite van die aksiekomitee is. Die voordeel wat betrokkenheid van die gemeenskap vir enige gemeenskapsontwikkelingsprojek inhou, is is soos volg:

* 'n Meer betrokke identifikasie met die maatskaplike probleme en 'n maatskaplike behoefte in die gemeenskap kan bewerkstellig word. 'n Sensitiewe bewusmaak van die verantwoordelikheid van die gemeenskap vir maatskaplike probleme in sy geledere is belangrik.

* Gemeenskapsbetrokkenheid verseker 'n terugvoer vanaf die gemeenskap oor die sukses of tekortkominge van die aksies of programme. Dit stel die maatskaplike werker in staat om die verwagtinge, behoeftes en houdings van die gemeenskap op te vang. Die gemeenskap se kritiese beoordeling stel die werker in staat om te bepaal of die strategie wat gevolg word, herbeplan of gewysig moet word om die vooropgestelde doel te bereik.

* Gemeenskapsbetrokkenheid het 'n groei-georiënteerde doel. Die gemeenskapsleiers en verteenwoordigers uit die gemeenskap kry geleentheid om met die maatskaplike werker saam te beplan met die oog op selfhelp en aanvaarding van verantwoordelikheidsvervulling binne gemeenskapsverband.

* Die welsynsorganisasie poog om deur gemeenskapsbetrokkenheid die samewerking en ondersteuning van bestaande aksiesisteme te verbeter, kommunikasiekanale te skep, te verbeter en te verstewig. Die gemeenskap word verder gehelp om op bepaalde probleemareas te fokus, individuele en groepsbevoegdhede te ontwikkel en om leierskap te ontwikkel.

(12)

Om saam te vat word die volgende hoofpunte beklemtoon.

(a) Dit is belangrik dat daar 'n maatskaplike sisteem in die gemeenskap geskep word waardeur die gemeenskap kan optree. Die komitee of aksiekomitee moet verteenwoordigend van die gemeenskap wees en goeie kommunikasie met die gemeenskap behou.

(b) Leiers uit die gemeenskap moet nie net uit die "elite" groepe kom nie. Die groei-georiënteerde benadering is belangrik omdat die ontwikkeling van mense juis geskied deur hulle betrokke te maak en verantwoordelik te maak by hul eie sake.

(c) 'n Aksiekomitee uit 'n gemeenskap behoort saam met die maatskaplike werker aan die oplossing van die probleem of die bevrediging van die behoefte te werk; dit kan verseker dat 'n gemeenskap betrokke raak en uiteindelik groei en ontwikkel in hul eie vermoëns en moontlikhede. Dit kan daartoe aanleiding gee dat die gemeenskap in die toekoms in 'n beter posisie sal wees om op 'n selfstandige manier homself te help en van eie hulp gebruik te maak.

(d) 'n Belangrike funksie van die maatskaplike werker gedurende die fase is om aksiekomiteelede behoorlik op te lei vir hul taak. Die werker vervul verder verskillende rolle soos dié van tussenganger om die gemeenskap in verbinding te stel met hulpbronne; as instaatsteller om die komiteelede en potensiële leiers te onderskraag en as organiseerder met die reël van vergaderings.

**1.3 Ordening en Rangskikking van Geïdentifiseerde Besonderhede en Prioriteitsbepaling**

Volgens Compton en Galaway sluit die proses in die vasstelling van die probleem; die kliënt, individu, groep, gemeenskap se siening daarvan; die doelstelling met betrekking tot die probleem en die gesamentlike beplanning om die doelstellings te bereik. Gedurende dié fase word die inligting wat geïdentifiseer is en wat betrekking het op die probleem geanaliseer om die verskillende faktore wat 'n rol speel te identifiseer.

Analise vereis 'n volgehoue deskundige seleksie van inligting. In dié fase is die fokus op die kliënt (gemeenskap); die probleem en die situasie wat in 'n sistematiese interaksie met mekaar is. (13)

Tereg merk genoemde skrywers op:

> The process is not focussed on the client alone; it is focussed on the client, the problem and the situation in a systematic interaction.
>
> ... so our aim is not to come up with an answer in terms of labels or categories, but to order the understanding of the client-situation-problem for the purpose of decisionmaking concerning goals and action. (14)

Dunham noem hierdie fase ook die **analise of ontledingsfase** met die

doel om insig en begrip in die funksionering van die gemeenskap te verkry. Volgens hom word die geïdentifiseerde inligting gedurende die fase ontleed, bestudeer en in onderlinge verband geplaas. (15)

Volgens Dunham kan ses basiese vrae baie hulp bied tot die diagnose en ordening van die probleem. Die vrae is die volgende:

* Wat is die probleem, behoeftes en verwagtinge?
* Wie is die persone of groepe betrokke by die probleem?
* Waar is die probleem, behoeftes en verwagtinge?
* Watter gebiede is betrokke by die probleem?
* Wanneer is die probleem —
  ** is dit onmiddellik of in die toekoms?
  ** is dit 'n tydelike of uitgerekte probleem?
  ** is daar 'n tydsbeperking vir die hantering daarvan?
* Hoekom is hierdie situasie vir die mense 'n probleem of behoefte?
  ** Wat sal gebeur as niks aan die situasie gedoen word nie?
* Hoe sal die probleem die beste benader word?
* Wie moet die inisiatief neem? (16)

Lauffer wys daarop dat daar in hierdie fase op drie komponente gekonsentreer behoort te word om werklik die situasie te verstaan en om tot 'n realistiese prioriteitsbepaling te kan kom.

* Fokus eerstens op die gemeenskap as verbruiker;
* Tweedens op die welsynsorganisasie en
* derdens behoort daar op die wisselwerking tussen en koördinering van die welsynsorganisasie en die gemeenskap gekonsentreer te word.
* Voortvloeiend uit hierdie analise behoort die aksiekomitee proses-doelwitte en kort en lang doelwitte te identifiseer. (17)

Schoeman verwys na Engelbrecht wat oordeel dat daar in hierdie fase ook op die aksiesisteme in die gemeenskap gefokus moet word. (18)

Volgens genoemde skrywer moet die fokus gedurende die fase op die volgende val:

* **Die Gemeenskap as Verbruiker**

  Die aksiekomitee behoort te let op die houding en gesindheid van die gemeenskap teenoor die probleem. Beskou die gemeenskap dit as 'n werklike probleem wat georganiseerde optrede regverdig? Daar behoort antwoorde gesoek te word op vrae soos:

  ** Waarom is daar 'n onvermoë by die gemeenskap om

self te organiseer of om die intensiteit aan ander persone of aksiesisteme te stel?

** Hoekom is die gemeenskap onbewus of gebrekkig bewus van bestaande dienste?

** Waaraan kan die maatskaplike en ekonomiese onvermoë van die gemeenskap toegeskryf word? (19)

* **Die Welsynsorganisasie**

Ten opsigte van die welsynsorganisasie wat die welsynsdienste aan die gemeenskap gaan lewer, behoort die aksiekomitee op die volgende antwoorde te kry:

** Tot watter mate is die organisasie se programme en dienste aan die gemeenskap beskikbaar?

** Tot watter mate is hul dienste aan die gemeenskap en die bepaalde deel van die gemeenskap wat die hulp nodig het toeganklik? Kan lg die dienste tot eie voordeel gebruik en is dit bereikbaar in terme van afstand en vervoer?

** Is die diens vir die gemeenskap aanvaarbaar in ooreenstemming met die behoeftes, probleme en verwagtinge van die gemeenskap?

** Tot watter mate het die welsynsorganisasie 'n verantwoordelikheid en toerekenbaarheid tot die gemeenskap?

** Hoe doeltreffend is die dienslewering van die welsynsorganisasie? (20)

* **Die Hulpbronne (aksiesisteme) in die Gemeenskap**

Die bestaande hulpbronne (aksiesisteme) moet eerstens duidelik geïdentifiseer word waarna hul doeltreffendheid geëvalueer word en ten laaste moet bepaal word tot watter mate die hulpbronne tot voordeel van die gemeenskap benut kan word. Dit gaan in hierdie fase dus om die **koördinering en integrering** van bestaande hulpbronne tot voordeel van die gemeenskap. (21)

* **Wisselwerking tussen die Welsynsorganisasie, die Gemeenskap en die Mense in die Gemeenskap wat bereik moet word, en die Hulpbronne in die Gemeenskap**

Gedurende die fase moet daar duidelikheid gekry word oor aspekte soos kommunikasie en wisselwerking tussen die welsynsorganisasie, die gemeenskap en diegene wat bereik wil word, asook die hulpbronne in die gemeenskap.

Omdat die bepaalde probleme op al bogenoemde instansies 'n uitwerking het, kan die beste oplossing daarvoor alleen by hulle gevind word deur koördinering, samewerking, vennootskap en kommunikasie. Deur inter-organisering kan die maatskaplike werker 'n verbindingsnetwerk tussen hulle

tot stand bring. (22)

* **Die Groep in die Gemeenskap wat bereik wil word (doelwitsisteem)**

Dit is belangrik dat die verwagtinge, gesindheid en waardes van die mense in die gemeenskap aan wie die diens gelewer gaan word, begryp en verstaan moet word. Dit is noodsaaklik om oor kennis te beskik ten opsigte van aspekte soos samewerking en weerstand by dié groep, hul vermoëns en potensialiteit. (23)

Die hele fase is daarop ingestel om die geïdentifiseerde inligting te analiseer en in onderlinge verband met mekaar te bring. Vanuit hierdie feite word doelstellings geïdentifiseer en geformuleer. Volgens Compton en Galaway moet doelstelling twee kenmerke hê, nl: dat dit spesifiek en konkreet moet wees.

> Only in this way can the client and worker know whether the goals have been accomlished, and only in this way can the profession of social work establish its accountability. (24)

Verskillende ontwikkelingspogings het in die verlede misluk omdat gemeenskappe self nie betrokke was en nie verantwoordelikheid daarvoor aanvaar het nie. Die maatskaplike werker moet dus, om te verseker dat die gemeenskap self 'n aandeel sal hê in die proses, verteenwoordigers uit die gemeenskap bekom. Dit sal verseker dat die gemeenskap saam met die maatskaplike werker aan die oplossing van die probleem of bevrediging van die behoefte gaan werk en verseker dat die gemeenskap ten opsigte van die bepaalde gemeenskapsprojek betrokke sal wees.

Lategan wys daarop dat al die inwoners nie normaalweg tegelykertyd by 'n projek betrek word nie; gebruik word gemaak van verteenwoordigende groepe. Sy maak aan die hand van Biddle en Biddle (1965: 110) 'n onderskeid tussen "primêre kerngroepe" en "groter groepe." 'n Primêre groep is dikwels klein genoeg om te verseker dat die lede mekaar ken, leer vertrou en verseker dat hulle besorgd is oor die behoeftes en probleme van die gmeeenskap en sekere standaarde vir ontwikkeling daarstel. Uit die verskillende primêre groepe in 'n gemeenskap ontstaan 'n groter kerngroep wat met meer gekompliseerde probleme werk en die inisiatiewe van die klein groepe verder kan voer.

Die groter kerngroep is nodig om die maatskaplike ontwikkelingsproses in die gemeenskap, wat op plaaslike vlak begin, verder te voer op 'n ander vlak waar dit by meer formele maatskaplike strukture ingeskakel kan word. (25)

## 1.4 Aksiekomitee

Schoeman verwys na 'n aksiekomitee wat vanuit die gemeenskap gestig word, wat dan saam met die maatskaplike werker aan die probleem gaan werk of na die bevrediging van die behoefte in die gemeenskap gaan soek. (26)

Die aksiekomitee kan tot stand gebring word vanuit bestaande diensorganisasies in 'n gemeenskap. 'n Nuwe groep kom tot stand wat in die gemeenskapswerk-proses gaan deel. Individue (leiers of potensiële leiers) in 'n gemeenskap wat nie by bestaande diensorganisasies ingeskakel en betrokke is nie en die belange van die gemeenskap op die hart dra, behoort geaktiveer te word om verdere verantwoordelikheid vir die probleem of behoefte te aanvaar.

> Tweedens moet daar 'n redelike kans wees dat die doelstellings bereik sal word. Hier moet dus rekening gehou word met aspekte soos die gemeenskap se houding en vermoëns om die doelstellings te bereik, en die hulpbronne wat beskikbaar is. (27)
>
> Ten opsigte van prioriteitsbepaling kan die volgende kriteria aangewend word:
>
> ** Die relatiewe dringendheid van behoeftes en verwagtinge
>
> ** Die behoeftes en verwagtinge wat die waarskynlikste deur bestaande of potensiële hulpbronne in die gemeenskap ontmoet kan word
>
> ** Daardie behoeftes en verwagtinge waaromtrent daar 'n toestand van gereedheid by die deel van die gemeenskap aan wie die diens gelewer moet word, moet geskep word. (28)

## 1.5 Beplanning

### 1.5.1 Omskrywing van Beplanning

Wat word met beplanning verstaan?

Dunham oordeel dat beplanning die volgende ten doel het:

> Planning means determining a proposed future action or course of action. This may include choosing methods, procedures, forms of organisation, or instruments to be used in the future. Planning has been described as "going through a job in imagination" beforehand. (29)

Beplanning impliseer dus 'n reeks stappe om die doelwit te benader.

Compton en Galaway stel dit soos volg:

> The development of an intervention consists of decisions, again jointly made by the client and the worker, as to the steps which will be taken to solve the problem, that is, reach the goals. (30)

**Gesamentlike besluitneming** tussen die werker en kliënt ten opsigte van die stappe wat gedoen moet word om die probleem op te los en die doelstelling te bereik, is belangrik.

Perlman en Gurin definieer beplanning soos volg:

> Planning is a deliberate, rational process that involves the choice of actions that are calculated to achieve specified objectives at some future time. (31)

Dunham beklemtoon die volgende ten opsigte van die beplanningsfase:

> Planning is one of the most crucial aspects of community organization. It requires knowledge of the facts; analyses of problems and difficulties; experience, imagination and inventiveness. Planning is essentialy creative — it projects something new in the future. Imagination is one of the prime requirements of planning. Planning is not an obvious or routine procedure; it should never be a dull, mechanical type of activity; it calls for insight, invention, a sense of values, and degree of artistry. The good planner must be a realist with a knowledge of the past but he must also be an adventurer with a spirit that breaks new trails, ventures into the unexplored, and occasionally accomplishes the impossible. (32)

### 1.5.2 Die Beplanningsproses

#### 1.5.2.1 Identifisering en Definiëring van die Probleem

Reeds met die eerste stap in die gemeenskapswerk-proses, nl die identifisering van die probleem of behoefte en die potensialiteite in die gemeenskap, is die maatskaplike werker met beplanning besig.

Dit is dus belangrik dat die **probleem** of **behoefte duidelik** geïdentifiseer en die **doelstellings duidelik** geformuleer moet word, aangesien dit die **plan van aksie** bepaal.

Wanneer daar bv na die probleem rondom armoede in 'n gemeenskap gekyk word, is dit eerstens belangrik dat die probleem **wetenskaplik** bestudeer word. Dit is nodig dat antwoorde op die volgende vrae gevind moet word:

* Wat is die **oorsake** wat tot die probleem aanleiding gegee het?
* Wat is die **omvang** en **intensiteit** van die probleem?
* Waar is die probleem?
* Wie word deur die probleem **geaffekteer?**

* Wat is die gevolge van die probleem?
* Is daar al vorige pogings aangewend om die probleem op te los?
* Indien ja, deur wie? Hoe doeltreffend was die pogings en waaraan kan die sukses of mislukkings van die pogings toegeskryf word? Hoe beleef die gemeenskap die probleem?

Voortvloeiend uit hierdie inligting moet die probleem geïdentifiseer word. Dit is belangrik dat die oorsake van die toestande in die gemeenskap bepaal word.

### 1.5.2.2 Bestudering van die Potensiaal in die Gemeenskap

Die toekomstige positiewe faktore in die gemeenskap moet geïdentifiseer word. Die potensiaal is kragte wat tot voordeel van die gemeenskap aangewend word in die hantering van die probleem. Voorbeelde van potensiaal kan die volgende wees:

* Leiers en potensiële leiers in die gemeenskap asook goed-funksionerende formele strukture
* Die wil en gemotiveerdheid van die inwoners om aan die probleem te werk
* Die waardes, normestelsels, groepsgebondenheid van die gemeenskap
* Hulpbronne en potensiële hulpbronne en hul bereidheid om op 'n gekoördineerde en geïntegreerde wyse saam te werk.

### 1.5.2.3 Bestudering van die Gegewe en Toekomstige Negatiewe Faktore in die Gemeenskap

Dit is belangrik om ook aandag te gee aan die negatiewe faktore in die gemeenskap. Voorbeelde kan die volgende wees:

* Onvoldoende en gebrekkige strukture in die gemeenskap.
* Swak samewerking tussen bestaande aksiesisteme en hul onwilligheid om gekoördineerd en geïntegreerd aan die gemeenskapsprobleem te werk.
* Aanwesigheid van onbetrokkenheid en onrealistiese weerstand teen verandering en ontwikkeling.
* Die teenwoordigheid van ander maatskaplike probleme en maatskaplike behoeftes wat stremmend op die funksionering van die gemeenskap kan inwerk.

Struikelblokke wat die beplanning of implementering van beplanning kan bemoeilik, behoort ook as negatiewe faktore geïdentifiseer te word. Harper en Dunham is van mening dat bestaande gesagstrukture op politieke, ekonomiese en maatskaplike gebied wat moontlik stremmend op die beplanningsproses mag inwerk, soms struikelblokke kan wees. (33)

### 1.5.2.4 Bepaling van Doelstellings en Prioriteite

Die inligting wat geïdentifiseer is, asook die bepaling van die positiewe en negatiewe faktore, sal die doelstellings en prioriteite bepaal. Die formulering van die doelstellings impliseer sorgvuldige oorweging en analisering van alle beskikbare feite.

Dit impliseer verder 'n deeglike bereddering van voor- en nadele van elke beslissing en 'n realisme wat op die werklikheid gebou word. Pincus en Minahan verwys na Lindeblom wat oor prioriteitsbepaling die volgende te sê het:

> ...in complex social problems this is often an impossible task. Not only is there likely to be a conflict in values between different people related to a change effort, but also a conflict among the various values held by one individual. (34)

Dit is duidelik dat om tot 'n prioriteitsbepaling te kom moet daar terselfdertyd rekening gehou word met die feit dat daar 'n veelheid van komplekse maatskaplike faktore is wat tot die probleem aanleiding kan gee. Formulering van doelstellings en prioriteitsbepaling kan dus beïnvloed word deur maatskaplike faktore soos waardes, norme, kultuur, lewenswyse, houdings en gesindhede, godsdiens en die opvoedkundige peil van 'n gemeenskap. Politieke aspekte soos beleidsbepalings, reëls en regulasies, wette en ordonnansies speel dieselfde mate as maatskaplike faktore 'n rol. Ekonomiese faktore soos die ekonomiese vermoëns van die gemeenskap, ekonomiese strukture in die gemeenskap en die staat of privaatsektor se gewilligheid om finansiële hulp aan te bied ten opsigte van 'n bepaalde projek, kan die doelstelformulering en prioriteitsbepaling beïnvloed.

Tegniese faktore speel volgens Spergel ook 'n rol. Hy is van mening dat

> ...the technical process involves the selection and use of the most efficient means of achieving the objectives. (35)

In die beplanningsproses sal dus voorsiening gemaak moet word vir materiële behoeftes soos bv kantore, meubels, vervoer, tegniese en opleidingsmiddele.

Gedurende die beplanningsfase is dit van wesenlike belang om die maatskaplike, ekonomiese, politieke en tegniese faktore te identifiseer aangesien dié faktore die formulering van die doelstelling en die prioriteite sal bepaal.

**1.5.2.5 Beplanning om die Doel te bereik**

Nadat die doelstellings geformuleer en prioriteite bepaal is, volg die formele beplanning om die geformuleerde doelstellings te bereik. Dit is van belang om vir elke plan ook 'n alternatiewe plan daar te stel indien die oorspronklike plan misluk of voorkombare probleme ondervind word.

Die fase is meer op die praktyk gerig en gee veral aandag aan die bronne

wat **benodig** word om die beplanning te laat slaag. Schoeman verwys hier na die twee belangrike aspekte nl die **middele** wat benodig word en die aktiwiteite wat gevolg moet word om die doel te bereik. Wat die middele betref, maak hy onderskeid tussen **menslike behoeftes en materiële behoeftes.**

**Menslike Behoeftes**

Die plan is gerig op mense en behoort mense te betrek. Die mense by die projek betrokke, behoort geïdentifiseer te word. Lategan verwys hierna as beskikbare mannekrag en gaan soos volg voort:

> Hoeveel vakkundige inset is nodig? Watter soort vakkundigheid? Watter administratiewe werkkrag sal nodig wees? Hoeveel hulp van vrywilliges en van watter aard? Watter kontak moet daar gemaak word met ander professionele persone werksaam in die gemeenskap en op watter stadium? Menslike kontak is dus baie belangrik; veral waar met ander professionele persone gewerk word, is dit essensieel dat elkeen se rol en bydrae erken word. (36)

Dit is verder belangrik dat beplanning vir gemeenskapsontwikkeling plaasvind in samewerking en in oorleg met instansies soos nywerheidsinstansies om vas te stel watter ontwikkeling beplan word; ander welsynsorganisasies om vas te stel watter dienste reeds gelewer word en instansies soos kerke, sportklubs, skole en kultuurinstellings.

**Materiële Behoeftes**

Die koste verbonde aan fisiese behoeftes, soos bv kantoorruimte, meubels, skryfbehoeftes, opleidingsapparaat, films, projektors en vervoer behoort begroot te word.

**Aktiwiteitsplan**

Dit behels beplanning van die praktiese aktiwiteite. Die aktiwiteitsplan behoort aan 'n **tydskedule** gekoppel te wees. Tyd is nie 'n maklike bepaalde aspek nie, tog is dit essensieel. Die waarde van die tydskedule is dat groei en ontwikkeling van die ontwikkelingsprojek gemeet en geëvalueer kan word. Daar kan ook deur 'n tydskedule bepaal word hoe lank die projek gaan duur.

Beplanning is 'n **bewustelike intellektuele** proses wat kundigheid en praktiese reaksies verg. Dit verg kennis van feite, ontleding van probleme, ervaring, verbeelding en vindingrykheid. Ferrinho som die taak van die werker ten opsigte van beplanning treffend op as hy hom soos volg uitlaat:

> At all levels and in all forms of social planning

the community social worker's direct or indirect intervention aims at:

* introducing social considerations into planning change of community life;
* translating social values into effective action i.e. placing values at the heart of each phase of planning;
* defining major social problems, and how to cope with them through redesigning services to respond to gaps, fragmentation and failure in service programmes;
* allocation of scarce resources and absorbing new technology in order to influence the change in a specific direction. (37)

**1.6 Ontwikkeling van 'n Gereedheid om aan die Probleem te werk**

Voordat die beplanning geïmplementeer kan word, is dit nodig dat die gemeenskap gereed moet wees om aan die probleem te werk. Dit is ook die taak van die maatskaplike werker om aan die probleem te werk. Die gemeenskap moet saamgebind word en kommunikasie bewerkstellig word.

**Die Maatskaplike Bewuswording van die Gemeenskap**

Die maatskaplike bewussyn van die gemeenskap word bepaal deur die navorsingsbevindinge, die waarneming van die gemeenskapswerker en die terugvoer en reaksie van die gemeenskap tydens die vergaderings.

Daar kan van verskillende metodes gebruik gemaak word om die gemeenskap bewus te maak van die probleem.

* Leiers in die gemeenskap kan die boodskap uitdra en op so 'n wyse die **bewusmakingsproses** bevorder.
* Daar kan ook gebruik gemaak word van **massamedia** soos die radio, televisie en nuusblaaie om die boodskap na die gemeenskap oor te dra.
* **Vergaderings en Simposiums** kan met vrug gereël word sodat die probleem of behoefte aan die gemeenskap oorgedra kan word.
* **Vrywilliges** kan met groot sukses gebruik word om skakeling en betrokkenheid tussen die gemeenskap en die spesifieke organisasie te probeer bewerkstellig.

**Volwassenheid van die Gemeenskap**

Die gemeenskap se volwassenheid hang in 'n groot mate saam met sy emosionele en geestelike rypheid, die insig wat hy in die probleem openbaar en sy bereidheid om aan die probleem te werk. Deur die gemeenskap bewus te maak van die probleem, hom by die oplossing van die

probleem te betrek en medeverantwoordelik te maak in die beplanning, kan die gemeenskap se volwassenheid bevorder word.

**Kennis van die Probleem**

Kennis van die feite van die probleem of behoefte sal in 'n groot mate die gereedheid van die gemeenskap om aan die probleem te werk, bepaal.

Dit kan nie van die gemeenskap verwag word om enigsins gereed te wees om aan die probleem te werk as die gemeenskap oor geen kennis van die feite oor die probleem of die behoefte beskik nie. Alle pogings moet dus aangewend word om soveel kennis as wat moontlik kan aan die gemeenskap oor te dra.

**1.7 Soek en Benutting van Hulpbronne**

'n Hulpbron is 'n middel of diens in die werker se eie organisasie of in die gemeenskap wat aangewend kan word om die gemeenskap se maatskaplike funksionering te verbeter. Hulpbronne in 'n gemeenskap is dikwels onontwikkel en moet dus opgespoor en ontwikkel word.

Hulpbronne is dikwels intern of ekstern, van materiële of menslike aard en sluit dus bestaande potensiële leiers in 'n gemeenskap in. Formele en informele strukture, welsynsorganisasies, fisiese fasiliteite en finansiële instellings is belangrike hulpbronne.

Die identifisering van hulpbronne is 'n voortdurende proses in gemeenskapswerk en neem reeds 'n aanvang vanaf die eerste stap in die hele proses. Dit is egter nodig dat daar 'n kritiese evaluering moet wees oor welke wyse en in watter mate die bronne benut kan word om die doelstellings te bereik.

Interne hulpbronne verwys na die middele waaroor die welsynsorganisasie en die aksiekomitee in die gemeenskap beskik en sluit die volgende in: beskikbare mannekrag; kennis van die probleem of behoefte, potensialiteite en kragte van die gemeenskap. Ten opsigte van die kennis oor die gemeenskap, meld Schoeman die volgende:

> Die Aksiekomitee beskik oor die kennis van die kwalitatiewe funksionering van sisteme betrokke en tot watter mate die aksiesisteme bereid is om gekoördineerd saam te werk aan die oplossing van die probleem of voorsiening in die behoeftes. (38)

Interne materiële hulpbronne wat van nut en waarde kan wees en die taak van die aksiekomitee in 'n gemeenskapswerk-projek kan vergemaklik, is fondse en fasiliteite.

Eksterne hulpbronne verwys na strukture en fasiliteite wat buite die welsynsorganisasie of aksiekomitee is en wat benut kan word om die doelstellings te bereik. Reeds tydens die aanvang van die gemeenskapswerk-proses moet na die eksterne hulpbronne begin soek word.

Die maatskaplike werker as tussenganger moet goeie kennis van die hulpbronne in die gemeenskap hê en die aksiekomitee in kontak met die bronne bring. As organiseerder moet die maatskaplike werker in die gemeenskap 'n kommunikasiekanaal skep tussen die gemeenskap en die bronne in die gemeenskap.

In gemeenskapswerk is die vrywillige 'n baie belangrike hulpbron. Vrywilliges behoort gemobiliseer te word om die aksiekomitee by te staan met die implementering van die beplande aksie. Dit is egter belangrik dat vrywilliges duidelik geïdentifiseer moet word, gekeur en opgelei word en dat hulle onder beheer en supervisie by die aktiwiteite van 'n gemeenskapsprojek betrek word.

## 1.8 Implementering van die Beplande Aksie

Gedurende dië fase word beplanning geïmplementeer. Die gemeenskap raak betrokke by die program van aksie en is gerig om die gemeenskap en die hulpbronne op mekaar in te stel. Die uitvoering van die beplande aksie moet volgens 'n plan verloop en moet voortdurend gekontroleer en beheer word. Net so uniek soos wat elke plan en program is, so eiesoortig is elke uitvoeringsfase en aksie. Met die implementering van die beplanning behoort daar by 'n tydskedule gehou te word. Die gemeenskap word tydens dië fase geaktiveer om dit wat aan hulle gebied word, te benut. Dit is belangrik om die tempo en groeimoontlikhede van die betrokke gemeenskap in ag te neem tydens die implementeringsfase en nie te veel druk uit te oefen nie. Die aksiekomitee en aksiesisteme in die gemeenskap behoort 'n meer ondersteunende en onderskragende rol teenoor die gemeenskap te speel om die nut en waarde van die beplande aksie te implementeer.

Gedurende die fase word veral aandag gegee aan toewysing van take, bronne en dienste wat gebruik word en die metode wat aangewend word in die gemeenskap asook die rolle wat elkeen betrokke by die projek moet uitvoer. Vir die doel van die studie sal later besondere aandag bestee word aan die verskillende rolle van die maatskaplike werker, (wat later breedvoerig aandag sal kry).

## 1.9 Evaluasie

## 1.9 Evaluasie

Compton en Galaway definieer evaluering soos volg:

> We consider evaluation to be the application of scientifically sound research methodology to measure both change process and the result or outcomes of change efforts. (39)

Siporin sê van evaluering:

> Evaluation is aimed at appraising performance and merit, by answering questions about what was accomplished, and whether it was worth accomplishing. (40)

Volgens eersgenoemde outeurs behoort evaluering op twee vlakke te wees, nl die program wat beplan is en die betrokkenheid van die verskillende sisteme om die beplande verandering te weeg te bring; met ander woorde of daar **groei** en **ontwikkeling** in die gemeenskap is. (41)

Beide Pincus en Minahan (42) en Compton en Galaway (43) beskou evaluering as 'n **voortdurende aktiwiteit** dwarsdeur die maatskaplikewerk-proses. Nadat elke taak uitgevoer is, moet die maatskaplike werker en die gemeenskap bepaal of die **program** van **aksie geslaag** het in die **geformuleerde doelstellings.** Dit bied verder geleentheid om te besluit of die **metode** of die **doelstellings** van die veranderingspoging **gewysig** of **skerper** omlyn moet word.

'n Baie belangrike aspek wat hier beklemtoon moet word, is dat evaluering in die probleemoplossende proses 'n **gesamentlike poging** van die maatskaplike werker, die aksiekomitee en ander sisteme in die gemeenskap is, ten einde te bepaal of die doelstellings wat geformuleer is, bereik is en in watter mate groei en ontwikkeling in die gemeenskap plaasgevind het.

Pick verwys na die inhoud van evaluering ten opsigte van die behandeling van probleemdrinkers in die gemeenskapswerk-proses.

> Of die program van aksie geslaag het in sy doel? Hier word gelet op die effektiwiteit van die program bv in die geval van 'n program wat ten doel het om die gerehabiliteerde probleemdrinker na ontslag uit 'n inrigting, sinvol te help inskakel by sy gemeenskap.
>
> Herformulering van die nuwe situasie nadat verandering ingetree het van die rol wat suksesvolle gerehabiliteerde probleemdrinkers kan speel in die behandeling van andere in die gemeenskap met dieselfde probleem.
>
> Bewustelike soeke na moontlike nuwe behoeftes, verwagtinge en probleme wat uit die vorige behoeftes ontstaan het bv om die vroue van suksesvolle gerehabiliteerdes te help om 'n

> minder dominante rol in die huwelik te speel ten einde hul mans te help om die verwagte rol as hoof van die gesin te vervul.
>
> Beslissing of daar onveranderd voortgegaan moet word met aksie en of die aksie gewysig moet word. Die beslissing sal afhang in hoeverre die doelstellings bereik is en of die program van aksie en take meegewerk het om die verwagte doelstellings te bereik. In die geval sal daar gelet word of daar leemtes in die program van aksie was en of die take en rolle wat die onderskeie sisteme moes vervul, nagekom is. (44)

Evaluering fokus dus op wat gebeur het, hoe dit gebeur het en of dit moes gebeur het. Deurlopende evaluering hou dië voordeel in dat die nodige aanpassings voortdurend en op die regte tyd gedoen kan word, soos in die geval van 'n beslissing, waar bepaal moet word of daar onveranderd voortgegaan moet word met die aksie en of die aksie gewysig moet word.

Schoeman verwys na Lauffer wat van inset-, deurset- en uitset-evaluasie praat. **Inset-evaluasie** behels volgens genoemde outeur evaluasie van die insette in die **proses** met spesifieke verwysing na die **bronne** en die aksies wat aangewend is om die doel te bereik. Die stappe word krities geëvalueer, met ander woorde daar word gekyk na presies **wat** gedoen is en **hoe** dit gedoen is. **Deurset-evaluasie** konsentreer daarenteen weer op **wat** in die proses gebeur het, hoe dit gebeur het en **hoekom** dit gebeur het. Dit gaan dus hier oor die uitvoering van wat beplan is. Daar word veral krities gekyk op watter wyse die **probleem geïdentifiseer** is, hoe die **doelwitte bepaal** is, wat tydens die **beplanningsproses** gebeur het en wat tydens die **implementeringsfase** gebeur het. Wat **uitset-evaluasie** betref, word die **resultate** van nader beskou. Die **suksesse** en **mislukkings** word ontleed en antwoorde word daarvoor gesoek. (45)

Ten opsigte van die tegnieke van evaluering kan die volgende gebruik word, nl: vraelyste, waarnemings, onderhoude, metingskale, toetse, eie verslae en feite. **Verslagskrywing** word as die mees algemene basis in die praktyk gebruik vir evaluering. Lategan het in haar navorsing die volgende aanbevelings gemaak ten opsigte van die gebruik van verslagskrywing.

> 'n **Aparte** lêer moet gehou word vir elke projek, met 'n voorblad wat die volgende **identifiserende besonderhede** bevat: naam van projek, area waarin dit geloods word, datum van inisiëring, langtermyndoelstellings, name, adresse en telefoonnommers van ampsdraers en lede van die komitee, gewone vergaderplekke en tyd van ver-

> gaderings. Die betrokke lêer bevat verder proses- en opsommende verslae. Wanneer die projek afgesluit word, word 'n afsluitingsverslag bygevoeg.
>
> 'n Aparte lêer wat in hoofsaak 'n weergawe is van die **eerste stadium** van die **proses**, nl die identifisering van die probleem, word gehou. Hierdie lêer oor die gemeenskap word gereeld aangevul met **nuwe inligting**. Enige nuwe navorsing wat verband hou met 'n betrokke gemeenskap, behoort in die lêer aangeteken te word.
>
> 'n Lêer oor **beskikbare bronne** vir verskillende doeleindes, is ook 'n nuttige hulpmiddel. 'n Kaartstelsel kan ook opgebou word met tersaaklike inligting op elke kaart. Die kaartstelsel kan ook **gekombineer** word met 'n lêerstelsel. (46)

Samevattend kan gesê word dat evaluasie 'n deurlopende aktiwiteit is waarby die gemeenskapswerker, aksiekomitee en die gemeenskap betrokke is. Evaluering geskied op twee vlakke, nl: die program wat beplan is en die betrokkenheid van die verskillende sisteme om verandering te bewerkstellig. Na elke taak wat afgehandel is, moet bepaal word of 'n aksie geslaag het om die doelstellings wat geformuleer is, te bereik. Dit bied die geleentheid dat die nodige aanpassing voortdurend en op die regte tyd gedoen kan word.

## 2. DIE ROLLE VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER BINNE DIE GEMEENSKAPSONTWIKKELINGSPROSES

### 2.1 Inleiding

Binne die gemeenskapswerk-proses vervul die maatskaplike werker en die gemeenskap sekere rolle ten einde die doelstellings te bereik. Compton en Galaway beskryf dit soos volg:

> ...interventive roles will refer to the behaviour by means of which both client — an individual, a family, a group or a community — and the worker expect the worker to accomplish goals specified in the service contract. (47)

Die rol van die maatskaplike werker is 'n **aktiewe onderneming** wat lei tot die totstandkoming van 'n dienskontrak en tot die bereiking van die doelstellings wat in die kontrak gespesifiseer is.

Die rolle verwys na die **verwagte gedrag** van die maatskaplike werker in die gemeenskapswerk-proses. Daar is verskillende rolle wat, soos die **gemeenskap** se **behoeftes** dit vereis, **afwisselend** toegepas word. Die maatskaplike werker moet dikwels meer as een rol vervul en is verplig om die elemente van die **verskillende rolle te kombineer** ten einde suksesvolle hulpverlening te verseker. Die rolle wissel volgens die **situasie**

waarin die maatskaplike werker hom bevind en dit is dus belangrik dat hy die situasie korrek analiseer.

Ten einde die rolle suksesvol te kan vervul, is dit nodig dat die maatskaplike werker 'n goeie en gesonde vertrouensverhouding met die bepaalde gemeenskap waar hy werk, opbou. Die daarstelling van die verhouding behoort reeds by die aanvanklike kontak uit die gemeenskap begin te word ten einde te verseker dat die latere verhouding gesond sal wees. Binne die verhouding is dit belangrik dat die maatskaplike werker hom met die gemeenskap identifiseer. Daar moet egter gewaak word dat die identifikasie met die gemeenskap nie die objektiewe perspektief van die werker beïnvloed nie.

Lategan beskryf die vertrouensverhouding soos volg:

> 'n Vertrouensverhouding word nie gebaseer op die beginsel dat die werker net so dink soos die gemeenskap nie, maar op die oortuiging by die gemeenskap dat hulle die werker kan vertrou om die regte inligting aan hulle oor te dra, om feite objektief te interpreteer en om die belange van die gemeenskap op die hart te dra as hy voorspraak moet doen vir die gemeenskap. (48)

Genoemde skrywer beklemtoon ook dat die benadering van die maatskaplike werker teenoor die gemeenskap belangrik is. Sy wys op die houding van die maatskaplike werker om die gemeenskap te oortuig dat hy in hul vermoë glo om aan hul probleem te werk en om te ontwikkel. Dit is verder belangrik dat die maatskaplike werker die gemeenskap kan aanvaar, onpartydig en geduldig bly, terwyl hy sensitief is vir hul frustrasies en verwagtinge. (49)

Die houding van die maatskaplike werker het 'n belangrike bydrae te lewer in die ontwikkeling van die selfrespek van die gemeenskap wat so belangrik is in die proses van die gemeenskapsontwikkeling. In die bou van 'n gesonde vertrouensverhouding is dit belangrik dat die werker die gemeenskap laat voel dat hulle gedagtes belangrik is, dat hulle reg is om aan hulle probleme te werk en te beplan om aan die probleem te werk.

Vervolgens word gekyk na die verskillende rolle wat die maatskaplike werker behoort te speel ten einde te verseker dat die gemeenskapswerkproses suksesvol kan verloop.

## 2.2 Die Verskillende Rolle van die Maatskaplike Werker

### 2.2.1 Tussenganger ("Social Broker")

As tussenganger is die maatskaplike werker se aktiwiteite daarop

gemik om sy kliënt (gemeenskap) te **verbind** met die hulpbronne wat benodig word ten einde die doelstellings te bereik wat gespesifiseer is. Dit is dus sy taak om die gemeenskap in verbinding te stel met bestaande bronne wat benodig word.

Dikwels is die gemeenskap nie bewus van die bestaande bronne nie en is dit die taak van die maatskaplike werker om hom te lei om van die hulpbronne gebruik te maak. Om die rol suksesvol te kan vervul, is **uitgebreide kennis** van bestaande bronne en die funksionering daarvan 'n vereiste. Dit is verder essensieel dat die maatskaplike werker 'n **positiewe verhouding** met die **hulpbronne** moet opbou en instandhou.

'n Verdere funksie van die tussenganger is om die gemeenskap te **ondersteun** om die hulpbronne wat nodig is te vind en as kontakpersoon op te tree tussen die gemeenskap en die bron wat benodig word.

Compton en Galaway beskryf die rol van tussenganger soos volg:

> ...to steer people toward the existing service that can be of benefit to them. Its focus is on enabling or helping people to use the system and to negotiate its pathways. A further objective is to link elements of the service system with one another. The essential benefit of this objective is the physical hook-up of the person with the source of help and the physical connection of elements of the service system with one another. (50)

Dit word duidelik dat die maatskaplike werker as tussenganger poog om sodanige verhoudinge tussen groepe en organisasies (hulpbronne) te bewerkstellig dat daar gesamentlik aan die oplossing van die probleem gewerk kan word. Dit kan bereik word deur kommunikasie, samewerking, koördinasie en integrasie tussen die verskillende sisteme te vestig.

Engelbrecht wys na die **weerstand** wat dikwels voorkom in die proses van skakeling tussen hulpbronne. Dit word dikwels toegeskryf aan die moontlike verlies van outonomie, verlies van dienste, onduidelikheid oor verpligtinge en onduidelike doestellings. Ten einde die weerstand af te breek, kan die maatskaplike werker gebruik maak van sy eie **kennis, vaardigheid** en **insig** wat aangewend kan word om die nodige insig te bewerkstellig. In dié verband is dit nodig om te let op aspekte soos die aantal organisasies (sisteme) betrokke by skakeling, inter-afhanklikheid tussen organisasies en die mate waartoe hulle daarvan bewus is, die hoeveelheid hulpbronne beskikbaar en die verdeling daarvan asook die soort van organisasies wat by die skakeling betrokke is. Organisasies met dieselfde doelstellings se fondse en personeel kan uitgeruil word ten einde sinvolle **skakeling en samewerking** te vergemaklik.

Die behoefte aan dienslewering aan die gemeenskap en die aansprake wat vanuit die gemeenskap op hulpbronne gemaak word, kan direk aanleiding gee dat samewerking en koördinasie ontstaan. (51)

Skakeling tussen hulpbronne het tot gevolg dat die beskikbaarheid van dienste verhoog, toeganklikheid tot dienste of hulp uitbrei, die effektiwiteit van dienste toeneem en besparing aan tyd, mannekrag en geld plaasvind. As tussenganger is dit dus die taak van die maatskaplike werker om op grond van sy vakkundige kennis en vaardigheid verskillende hulpbronne in 'n proses van samewerking, koördinasie en integrasie te betrek, waardeur daar op 'n gemeenskaplike basis na die bereiking van vooropgestelde doelstellings gestreef word.

2.2.2 Instaatsteller

Hierdie rol word vervul wanneer die maatskaplike werker die gemeenskap help om **kragte en bronne** wat in **homself** geleë is, te vind ten einde die nodige verandering te bewerkstellig. Die belangrikste onderskeidende element van dié rol is dat verandering plaasvind vanweë die gemeenskap se pogings. Dit is dus die werker se verantwoordelikheid om die gemeenskap te help om die verwagte veranderings te bereik. Die gemeenskap **self** is egter aktief in hierdie proses van verandering betrokke.

Die rol van instaatsteller is nie alleen daarop gemik om die gemeenskap te help om sy eie kragte te ontdek nie (met ander woorde 'n verandering in homself te ondergaan nie), maar om weë te vind ten einde verandering in sy omgewing te bewerkstellig. Die gemeenskapswerker tree op as **bewusmaker** van onbevredigende toestande wat in die gemeenskap heers en wat die **maatskaplike funksionering** van die gemeenskap negatief beïnvloed. Die verandering in die gemeenskap moet eintlik deur homself bewerkstellig word met die maatskaplike werker in 'n **ondersteunende en onderskragende** funksie.

Die instaatstellende rol behels dic aanmoediging om op verbale wyse te kommunikeer, om gevoelens uit te spreek, ondersoek na verhoudingspatrone in te stel en om die gemeenskap te betrek by logiese bespreking en rasionale besluitneming. (52)

In sy rol as instaatsteller is die maatskaplike werker by uitstek in staat om sy leiereienskappe te toon, want dit sal van hom verwag word om persone sodanig te beïnvloed dat daar voortdurend gesamentlik aan die bereiking van sekere doelstellings gewerk word. In aansluiting hierby het hy as instaatsteller ook 'n onderrigfunksie wat daarop neerkom dat hy informasie en advies kan gee.

Die instaatsteller is veral betrokke in die hele gemeenskapswerk-proses om nie net die gemeenskap van die ongemak bewus te maak wat beleef word vanweë die onbevredigende toestand nie, maar om die gemeenskap konstruktief by die hele proses te betrek (soos in die eerste deel van die hoofstuk bespreek).

Die maatskaplike werker as instaatsteller gee aandag aan onderskraging, ontwikkeling van vaardighede en ontwikkeling van leierskap. Die gemeenskapswerker is voortdurend in kontak met individue en kleiner groepe wat onderskraging in die vorm van erkenning, gerusstelling en aanvaarding vir hul bydrae soek. Die selfvertroue en motivering word verhoog, wat groter insette in die toekoms verseker. Die maatskaplike werker help die gemeenskap verder om sekere bedrewenhede uit te bou of te ontwikkel wat onontbeerlik vir die gemeenskapswerk-proses is. Sodanige vaardighede kan o.a. kommunikasie, beplanning (koördinasie en samewerking) en die benutting en ontsluiting van nuwe hulpbronne insluit. Die maatskaplike werker vervul verder die funksie as instaatsteller om toe te sien dat geskikte persone in die aksiesisteme opgeneem word om as leiers op te tree. Dit is die taak van die maatskaplike werker om leiers uit die gemeenskap te betrek en om saam met die gemeenskap self aan die oplossing van hul probleem te werk.

**2.2.3 Advokaat ("Advocate")**

Compton en Galaway beskryf die rol van die maatskaplike werker as advokaat soos volg:

> ... one who argues for, defends, maintains or recommends a cause or a proposal. (53)

Dië rol van die gemeenskapswerker tree in werking as dit blyk dat die rol van tussenganger nie die nodige uitwerking in 'n sekere aangeleentheid het nie. Die rol van advokaat is baie meer direktief van aard as dië van tussenganger.

As advokaat tree die maatskaplike werker as segsman op om die gemeenskap se saak te stel. Hy is nie neutraal nie, maar argumenteer en onderhandel met of manipuleer die omgewing namens die gemeenskap. As advokaat is die maatskaplike werker daarop gerig om in belang van die kliënt se regte en waardes op te tree.

Die maatskaplike werker moet egter waak om nie as advokaat op te tree sonder die direkte betrokkenheid van die gemeenskap en sonder

die magtiging van die gemeenskap nie. Indien daar situasies opduik en omstandighede die gemeenskap verhinder om dienste te verkry, sal die maatskaplike werker namens die gemeenskap optree. Dit is dan die bedoeling om hindernisse te verwyder wat in die weg staan sodat die gemeenskap van sekere dienste en bronne gebruik kan maak.

Ten einde die rol van advokaat te kan vervul, is dit nodig dat die maatskaplike werker 'n deeglike kennis het van die onderhawige situasie (probleem) van die organisasie wat by die dispuut betrokke is en oor die regswese beskik.

Daar word met die siening van Dunham (54) en Cox et al (55) saamgestem dat die maatskaplike werker as advokaat soms tot 'n militante vorm deurgevoer moet word. Die maatskaplike werker het geen keuse nie as hy aan die gemeenskap wil wys dat hy hom ten volle met hulle identifiseer en hul belange wil beskerm. Hy moet bereid wees om op 'n georganiseerde wyse aan militante optredes mee te doen. In die Suid-Afrikaanse opset, waar die regte van sekere groepe hulle ontneem is, het die werkers beslis 'n taak om hul te beywer om die gemeenskap te mobiliseer om die regte te bekom, anders kan geen noemenswaardige ontwikkeling tot sy reg kom nie.

As advokaat sal die werker hom dus moet beywer vir die verkryging van sekere regte en voorregte vir die gemeenskap ten einde effektiewe ontwikkeling tot stand te bring. Maar hy is verder ook verantwoordelik om bestaande regte, voorregte en dienste van die gemeenskap te beskerm. Hy is die voorspraak- en segsman wat in belang van die gemeenskap optree en hy sal bereid moet wees om homself midde in 'n maatskaplike konflik-situasie te bevind.

Ten einde die rol suksesvol te vervul, is dit nodig om hom voldoende te oriënteer ten opsigte van sekere wetlike aspekte sodat hy die rol sinvol kan vertolk. Alhoewel 'n strategie van konflik dus nie uitgesluit word nie, is dit nodig om eers op 'n konsensus-basis te opereer.

Die maatskaplike werker mag egter nie terugdeins vir konflik nie. Tereg sê Compton en Galaway:

> The worker is, in fact, a partisan in a social conflict, and the worker's expertise is available exclusively to service client interests. (56)

Genoemde skrywer wys verder daarop dat die verpligting op die maatskaplike werker om die rol van advokaat te vervul, voortvloei

uit die maatskaplike werker se "code of ethics." Hulle stel vervolgens die vraag:

> Therefore why should it be difficult for a profession that is "based on humanitarian, democratic ideals" and "dedicated to service for the welfare of mankind" to act on behalf of those whose human rights are in jeopardy? (57)

Hulle gaan voort en verwys na Wickenden (1964) wat hom soos volg uitgelaat het:

> In the relationship of individuals to the society in which they live, dignity, freedom and security rest upon a maximum range of objectively defined rights and entitlement. (58)

Samevattend behels die rol van advokaat dat die maatskaplike werker op 'n meer direkte wyse die gemeenskap se saak sal hanteer. Hy tree as segsman op en alhoewel daar nie vir 'n strategie van konflik teruggedeins moet word nie, moet daar eers op 'n konsensusbasis geopereer word om die beoogde doelstellings vir die gemeenskap te bereik.

## 3. SAMEVATTING

3.1 Dit is duidelik dat gemeenskapswerk baie **noue aansluiting** vind by gemeenskapsontwikkeling omdat albei die probleemoplossende proses in die pryktyk toepas. Alhoewel die maatskaplike werker ander vakdissiplines se rol in gemeenskapsontwikkeling erken, is dit duidelik dat gemeenskapswerk (as 'n erkende metode in die maatskaplike werk) hom uitstekend leen om binne die omvangryke konsep van gemeenskapsontwikkeling 'n rol te speel.

3.2 Binne die gemeenskapsontwikkelingsproses kan die maatskaplike werker gebruik maak van die verskillende fases binne die probleemoplossende-proses. Dit sluit o.a. die volgende in:

* Die **identifisering van probleme** of behoeftes in die gemeenskap. Gedurende die fase is dit baie belangrik dat die gemeenskap self bewus raak van probleemtoestande of behoeftes wat sy maatskaplike funksionering strem. Ten einde maksimum inligting oor die gemeenskap en sy probleme te bekom, is die opstel van 'n gemeenskapsprofiel essensieel.

* Deelname en betrokkenheid van die gemeenskap of die **nie-direktiewe benadering** is baie belangrik aangesien dit gebou is op die beginsel van vennootskap en uiteindelik selfhelp.

* **Gesamentlike besluitneming** tussen die maatskaplike werker en

die gemeenskap, in die beplanningsfase, ten einde te bepaal wat gedoen moet word om probleme op te los en die doelstellings te bereik, is van wesenlike belang.

* Dit is noodsaaklik dat die gemeenskap tot **gereedheid moet ontwikkel** om aan die probleem te werk. Dit is die taak van die maatskaplike werker om die bewuswordingsproses te bevorder.

* Die soek en benutting van hulpbronne en die gemeenskap se betrokkenheid by die **program van aksie** verloop volgens 'n plan waarbinne die maatskaplike werker 'n ondersteunende en onderskragende rol vervul.

* **Evaluering** is nie alleen 'n gesamentlike poging tussen die maatskaplike werker en die aksiesisteme in die gemeenskap nie, maar 'n deurlopende proses.

3.3 Binne die hele proses vervul die maatskaplike werker rolle ten einde die gemeenskap in staat te stel om doelstellings van die beplande aksie te kan bereik. Die rolle wissel van dië van tussenganger, wat daarop gemik is om die gemeenskap met hulpbronne te verbind tot dië van instaatsteller wat die gemeenskap onderskraag om sy eie kragte en bronne te vind om die nodige veranderings te bewerkstellig en as advokaat waar as segsman in belang van die gemeenskap opgetree word.

Die maatskaplike werker kan dus in 'n groot mate betrokke raak en 'n bydrae lewer tot die ontwikkelikng van gemeenskappe. Die plek en rol van die maatskaplike werker binne 'n multi-dissiplinêre gemeenskapsontwikkelingsbenadering word uit bogenoemde bespreking duidelik.

3.4 Die literatuur wat in hierdie hoofstuk bestudeer is, toon duidelik dat die gebruik van gemeenskapswerk met sy verskillende fases, 'n belangrike bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van gemeenskappe en die samelewing as 'n geheel. 'n Groot leemte in genoemde literatuur is egter die aspek van konflik wat tussen verskillende sisteme ontstaan gedurende die gemeenskapswerk-proses, en feitlik geen aandag ontvang nie. Skrywer se ervaring is dat daar nie alleen weerstand by gemeenskappe voorkom wanneer verandering en ontwikkeling beoog word nie, maar dat daar dikwels spanning en konflik ontstaan. Vyandigheid wat reeds bestaan tussen lede of faksies in 'n gemeenskap neig om na vore te kom wanneer die demokratiese kenmerke van vry gesprek deur die gemeenskaps-

werker aangemoedig word. Die maatskaplike werker moet daarmee rekening hou en daarop bedag wees dat dié konflik die sukses van 'n beoogde ontwikkelingsprojek kan kelder. Maatskaplike werkers, wat gemeenskapswerk doen, is dikwels te idealisties en verloor te maklik uit die oog dat weerstand vanuit die gemeenskap en 'n gebrek aan konsensus, skakeling en kommunikasie tussen verskillende sisteme vir die mislukking van 'n gemeenskapsprojek verantwoordelik kan wees.

Konflik en weerstand teen ontwikkelingsprojekte by Nie-blanke gemeenskappe in Suid-Afrika, hou in 'n groot mate verband met die hele beleid van apartheid waarbinne geopereer word. Ervarings van die verlede ten opsigte van ontwikkeling op maatskaplike, politieke en ekonomiese vlak, was grootliks kosmeties en het geen fundamentele verandering tot stand gebring nie. Mense is dus nie alleen sinies en wantrouerig oor beoogde ontwikkeling nie, maar bevraagteken die geloofwaardigheid van die inisieërders daarvan, vanweë programme van die verlede wat nooit gerealiseer het nie. Bowendien lê frustrasies en gevoelens van onreg wat in so baie Kleurlinggemeenskappe teenwoordig is, gewoonlik latent, maar baie naby aan die oppervlakte. 'n Mens hoef nie diep te roer nie of dit begin kook. Die gemeenskapswerker mag ondervind dat dit wat goed bedoel is nou soos 'n swerm bye om hom gons.

Die literatuur in die hoofstuk het as vertrekpunt dat gemeenskapswerk verrig word in 'n milieu waar hulpbronne en die potensiaal wat tot voordeel aangewend kan word, beskikbaar is. Die deel van die Kleurlinggemeenskap wat in gemeenskapsarmoede verkeer, is grootliks woonagtig in landelike gebiede. Soos in hoofstuk 2 aangedui, het hulle nie alleen 'n gebrek aan inkomste nie, maar ook aan gemeenskapsfasiliteite en dienste. Die situasie is nie (soos wel in die lande waarvandaan literatuur oor gemeenskapswerk meestal kom) dat die hulpbronne en geleenthede daar is nie, maar die gemeenskap, in sy onderbevoorregte status, het nóg die kennis nóg die motivering om hulle te gebruik.

Die situasie is eerder dat die hulpbronne en geleenthede glad nie bestaan nie, of, as hulle wel bestaan, is hulle vir Blankes gereserveer sodat by die amptelike klassifikasie "Kleurling" nie verby te kom is nie.

Daar is bevind dat die Kleurling ten opsigte van sy armoedetoestand 'n tipiese Derde-wêreldsituasie verteenwoordig. Enige maatskaplike werker wat dus gemeenskapswerk in dié bepaalde gemeenskap wil doen, sal moet rekening hou met talle negatiewe faktore wat enige aksie betekenisvol kan beïnvloed. Die kanse op sukses is derhalwe nie uitgemaak nie.

Vir baie maatskaplike werkers (onder wie skrywer homself tel) het dit reeds duidelik geword dat gevalle- en groepwerk (alhoewel hulle steeds in bepaalde situasies met uitstekende gevolge aangewend kan word) nie deug om gemeenskapsarmoede te bekamp nie. Onder sulke werkers bestaan die neiging om gemeenskapswerk as enigste heilmiddel te beskou vir álle maatskaplike kwale, hierdie verwagtinge is egter te onrealisties hoog.

Indien die Kerk dus gemeenskapsontwikkeling as nuwe strategie en benadering beoog, sal bogenoemde aspekte in gedagte gehou moet word sodat die planne wat gemaak word in die praktyk uitvoerbaar is.

In die volgende hoofstuk val die soeklig bepaald op die opname wat gedoen is by die maatskaplike werkers in diens van die Kerk ten einde te bepaal in watter mate gemeenskapsontwikkeling gebruik kan word om gemeenskapsarmoede te bekamp.

---oOo---

## VERWYSINGS


1. Schoeman, JH: 1980. "Gemeenskapswerk as Maatskaplikewerk-metode." uit Hugo, EAK, Schoeman, JH en Engelbrecht, JFP. Gemeenskapswerk. Heer Drukkers, Pretoria. p. 80.
2. Cox, FM; Erich, JL; Rothman, J and Tropman, J: 1977. Tactics and Techniques of Community Practice. Peacock, Itasca Illinois,pp. 23 - 25.
3. Ibid, pp. 33 - 35.
4. Lategan. E. 1982. Gemeenskapsontwikkeling deur Maatskaplike Werk Akademika Uitgewers Kaapstad. p. 48.
5. Ferrinho, H: 1981. Toward a Theory of Community Social Work. Juta, Cape Town, p. 62.
6. Compton, BR and Galaway, B. 1979. Social Work Processes. The Dorsey Press, Illinois. p. 278.
7. Dunham, A; 1970. The New Community Organization. Thomas Crowell, New York. p. 291.
8. Ferrinho, H. op.cit.,pp. 56 - 58.
9. Schoeman, JH: 1980. "Die Gemeenskapswerk-proses" uit Hugo, EAK, Schoeman, JH en Engelbrecht, JFP. Gemeenskapswerk. Heer Drukkers Pretoria. pp. 91 - 93.
10. Lategan, E. op.cit. pp. 52 - 53.
11. Schoeman, JH: 1980. op.cit., pp. 94 - 95.
12. Ibid., pp. 97 - 98.
13. Compton and Galaway, op.cit., p. 319.
14. Loc. cit.
15. Dunham, op.cit., p. 300.
16. Ibid., p. 301.
17. Lauffer, A; 1978. A Social Planning at Community Level. Prentice Hall, Englewood Cliffs New Jersey. pp. 72 - 77.
18. Schoeman, 1980. op.cit., pp.98 - 101.
19. Ibid., pp. 98 - 99.
20. Ibid., p. 99.
21. Ibid., pp. 99 - 100.
22. Ibid., p. 100.
23. Ibid., pp.100 - 101.

24. Compton & Galaway, op.cit., p. 320.

25. Lategan, op.cit., p. 53.

26. Schoeman, 1980. op.cit., p. 94.

27. Ibid., p. 100.

28. Loc. cit.

29. Dunham, op.cit., p. 303.

30. Compton & Galaway, op.cit., p. 321.

31. Perlman, R & Gurin, A: 1972. Community Organization and Social Planning, John Wiley, (National Council for Social Work Education), New York, p. 49.

32. Dunham, op.cit., p. 306.

33. Harper, E & Dunham, A: 1966. Community Organization in Action. Association Press, New York. p. 98.

34. Pincus, A and Minahan, A: 1981. Social Work Practice: Model and Methods. Peacock, Illinois. p. 111.

35. Spergel, A: 1979. Community Problem Solving: The Delinquency Example. University of Chicago Press, Chicago and London. p. 237.

36. Lategan, op.cit., p. 61.

37. Ferrinho, op.cit., p. 75

38. Schoeman, 1980. op.cit., p.116.

39. Compton & Galaway, op.cit., p. 404.

40. Sipiron, M: 1975. Introduction to Social Work Practice. MacMillan New York, p. 328.

41. Compton & Galaway, op.cit., p. 404.

42. Pincus and Minahan, op.cit. p. 273.

43. Compton & Galaway, op.cit., p. 407.

44. Pick, SG: 1982. Die Rol van die Maatskaplike Werker tov die Gebruik van die Geïntegreerde Benadering in Behandeling van die Probleemdrinker. Ongepubliseer MA Skripsie, Universiteit van Stellenbosch. p. 146.

45. Schoeman, 1980. op.cit., pp. 122 - 123.

46. Lategan, op.cit., pp. 73 - 74.

47. Compton & Galaway, op.cit., p. 338.

48. Lategan, E. 1981. Die Bydrae van Maatskaplike Werk tot Gemeenskapsontwikkeling met Verwysing na Gemeenskapswerk in die Kaapse Skiereiland. Ongepubliseerd D Phil Tesis Universiteit van Stellenbosch. p.167.

49. Ibid, p. 168.

50. Compton & Galaway, op.cit., p. 339.

51. Engelbrecht, JFP: "Die Rolle van die Gemeenskapswerker" uit Hugo, EAK, Schoeman, JH en Engelbrecht, JFP. Gemeenskapswerk. Heer Drukkers, Pretoria. pp. 134 - 135.

52. Compton & Galaway, op.cit., p. 340.

53. Ibid., p. 360.

54. Dunham, 1970. op.cit., p. 112.

55. Cox et al 1974, op.cit., p. 209.

56. Compton & Galaway, op.cit., p. 348.

57. Ibid., p. 361.

58. Ibid., p. 361.

---oOo---

AFDELING C

HOOFSTUK 8

# OPNAME VAN MAATSKAPLIKE WERKERS IN DIENS VAN DIE KERK

Aangesien dit die doel van die ondersoek is om te bepaal in watter mate maatskaplike werkers in diens van die Kerk van gemeenskapsontwikkeling gebruik kan maak ten einde gemeenskapsarmoede te bekamp, is besluit om 'n opname onder die Kerk se werkers te onderneem. 'n Onderhoudskedule is opgestel om inligting in te samel wat kan aandui in hoeverre werkkragte reeds bekwaam is om die benodigde gemeenskapswerk aan te durf en wat die praktiese implikasies van so 'n nuwe werksbenadering sal wees.

Tydens die opname was 77 maatskaplike werkers landwyd in diens van die Kerk. Daar is egter besluit om die studie te beperk tot maatskaplike werkers wat in die Wes-Kaap werksaam is. Die gebied waar die opname plaasgevind het, is die Kaapse Skiereiland, Boland, Weskus en Breërivier.

Daar is verder besluit om slegs maatskaplike werkers wat veldwerk doen by die ondersoek te betrek. Diegene in diens van Kerklike inrigtings en wat in keuringsposte is, is uitgesluit. Binne die gebied waar die opname plaasgevind het, was 52 maatskaplike werkers werksaam, waarvan 30 veldwerk gedoen het.

In hierdie hoofstuk word dan eers aandag gegee aan 'n kort bespreking van die opname daarna word die bevindings en gevolgtrekking waartoe geraak is breedvoerig bespreek.

## 1. DIE ONDERSOEK OF OPNAME

### 1.1 Vooronderso ek

'n Vooronderso ek met 'n aantal maatskaplike werkers wat met gemeenskapswerk besig is, is gedoen. Die onderhoudskedule is met hulle bespreek ten einde vas te stel of dit aan die doel van die ondersoek sou beantwoord. Uit die vooronderso ek het dit duidelik geword dat dit veral nodig is om twee aspekte wat ontbreek het, by te voeg.

Die betrokke maatskaplike werkers het aanbeveel dat die hele kwessie rondom indiensopleiding en supervisie oor gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling in die onderhoudskedule bygewerk moet word. 'n Ander aspek wat volgens hulle belangrik was, is die skakeling met ander kerke en hulle betrokkenheid by die werksaamhede van plaaslike Diakonale Dienste-takke. Bogenoemde voorstelle is aanvaar.

## 1.2 Voorbereiding vir die Opname

Nadat die ontwerp van die opname bepaal is, is 'n vergadering met die supervisors van die NG Sendingkerk se welsynsdienste (SKDD) gereël om hul samewerking te kry om die ondersoek met die verskillende maatskaplike werkers te loods. Supervisors van verafgeleë gebiede is genader om behulpsaam te wees met die voer van onderhoude en versameling van die nodige inligting. Aangesien van die maatskaplike werkers in die ondersoekgebied in verafgeleë gebiede werk, is die hulp van die streeksupervisors in die Breërivier- en Weskusgebiede gebruik met die voer van onderhoude en die voltooiing van vraelyste. Die Skiereiland en Boland gebied is deur die ondersoeker self behartig. Die supervisors wat by die ondersoek betrek is, is vooraf ontmoet. Die onderhoudskedule is breedvoerig met hulle bespreek ten einde hulle in te lig oor die inhoud en doel van die vrae. Daar is met hulle ooreengekom dat die vraelyste op 'n bepaalde tyd by die ondersoeker terugbesorg moet word. Dit het later geblyk dat die samewerking van die supervisors die taak van die ondersoeker aansienlik vergemaklik het.

## 1.3 Opstel van Onderhoudskedule

Voordat die skedule opgestel is, het die ondersoeker eers duidelikheid gekry oor die plan en doel van die opname en homself deeglik georiënteer. Aangesien daar na drie fasette van die NG Sendingkerk se welsynsdienste gekyk sou word, naamlik die welsynstruktuur, die maatskaplikewerkdienste en die opleiding en toerusting van Kerklike maatskaplike werkers, is dié drie fasette in die skedule opgeneem.

Sorgvuldige aandag is bestee aan die uitwerk en die opstel van die skedule en die volgende afdelings is afgebaken, naamlik:

(i) 'n profiel van die maatskaplike werkers;

(ii) die maatskaplikewerk-diens met klem op gemeenskapsontwikkeling en gemeenskapswerk en

(iii) die welsynstruktuur van die Kerk.

Die opstel van die skedule het voortgevloei uit die literatuurstudie. Hierdie skedule het hom op die verskynsel van gemeenskapsarmoede, soos dit by die Kleurling voorkom toegelê asook op die gebruik van die gemeenskapsontwikkelingsproses binne die maatskaplikewerk-opset. Die skedule is dus ontwerp om inligting in te win wat as basis kon dien vir 'n struktuur waarbinne die maatskaplike werkers deur middel van gemeenskapsontwikkeling die probleem van armoede kon aanspreek.

Daar is met die opstel van die skedule gepoog om vas te stel hoe die maatskaplikewerkerskorps daar uitsien. Dit is belangrik om te weet oor watter akademiese kwalifikasies die maatskaplike werkers beskik en of hulle praktykervaring gemeenskapsontwikkeling ingesluit het. Indien wel, hoe ver is dit gevoer?

Voorts is gepoog om maatskaplikewerk-diens te evalueer. Die fokus het veral geval op die gemeenskapswerkproses ten einde te bepaal tot watter mate die maatskaplike werkers oor die kennis en vaardigheid beskik om in die behoefte van die gemeenskap te voorsien.

Die vrae in die skedule is eenvoudig en duidelik gestel. Direkte antwoorde is gesoek. Vrae is so geformuleer dat dit aan die respondent die geleentheid gebied het om volgens eie keuse en formulering te antwoord. In gevalle waar die respondente nie genoeg of bevredigende inligting verskaf het nie, is hulle deur ondersoeker geleentheid gebied om dieper te delf. Daar is deurgaans verseker dat antwoorde nie aan die respondente gesuggereer is nie.

Nadat die onderhoude voltooi is, is die inligting verwerk, geanaliseer en is die bevindings geformuleer.

## 2. BEVINDINGS VAN DIE OPNAME

Die bevindings van die opname is drievoudig.

(i) ŉ profiel van die maatskaplike werkers wat aan die ondersoek deelgeneem het;

(ii) die maatskaplikewerk-dienste wat deur die betrokke maatskaplike werkers gelewer word; en

(iii) die welsynstruktuur van die plaaslike en sinodale welsynsorganisasies.

### 2.1 Profiel van die Maatskaplike Werkers

#### 2.1.1 Geslag van die Maatskaplike Werkers

TABEL 8.1

Geslag van Maatskaplike Werkers

| Geslag | Aantal Werkers | % |
|---|---|---|
| Manlik | 1 | 3.3 |
| Vroulik | 29 | 96.7 |
| Totaal | 30 | 100.0 |

'n Akute tekort aan manlike maatskaplike werkers skyn 'n algemene tendens by die meeste welsynsorganisasies in Suid-Afrika te wees. Gemeenskapswerk vereis dikwels abnormale werksure, wat baie hoë eise aan 'n vroulike getroude maatskaplike werker kan stel. 'n Tekort aan manlike maatskaplike werkers kan 'n remmende invloed hê op die werksaamhede van 'n welsynsorganisasie wat gemeenskapsontwikkelingsprojekte aandurf. Indien die Kerk dus meer gemeenskapsontwikkelingsgerig wil werk, sal daar rekening gehou moet word met die tekort aan manlike maatskaplike werkers en sal stappe nodig wees om hulle geledere te sterk.

**2.1.2 Akademiese Agtergrond van Maatskaplike Werkers**

TABEL 8.2

**Opleidingsinrigting waar Maatskaplike Werkers Kwalifikasies Verwerf het**

| Opleidingsinrigting | Aantal Werkers | % |
|---|---|---|
| Minnie Hofmeyr-Kollege | 21 | 70.0 |
| Huguenote Kollege | 3 | 10.0 |
| Universiteit van Wes-Kaapland | 4 | 13.4 |
| Universiteit van Stellenbosch | 1 | 3.3 |
| Universiteit van die Vrystaat | 1 | 3.3 |
| Totaal | 30 | 100.0 |

2.1.3

TABEL 8.3

**Basiese Akademiese Kwalifikasies wat Verwerf is**

| Kwalifikasies | Aantal Werkers | % |
|---|---|---|
| Diploma in Maatskaplike Werk | 26 | 86.7 |
| BA in Maatskaplike Werk | 3 | 10.0 |
| B S.W. | 1 | 3.3 |
| Totaal | 30 | 100.0 |

2.1.4

TABEL 8.4

Jaar Waarin Kwalifikasies Verwerf is

| Periode | Aantal Werkers | % |
|---|---|---|
| - 1960 | 8 | 26.7 |
| 1961 - 65 | 5 | 16.7 |
| 1966 - 70 | 3 | 10.0 |
| 1971 - 75 | 2 | 6.6 |
| 1976 - 80 | - | - |
| 1981 - 85 | 9 | 30.0 |
| 1986 - | 3 | 10.0 |
| Totaal | 30 | 100.0 |

(1) Volgens Tabel 8.2 het die meeste maatskaplike werkers aan die Minnie Hofmeyr-Kollege (70%) afgestudeer. Dit is te verwagte as in aanmerking geneem word dat die Minnie Hofmeyr-Kollege 'n kerklike inrigting is wat daarop ingestel is om maatskaplike werkers vir die welsynsdienste van die NG Sendingkerk op te lei. Naas die Minnie Hofmeyr-Kollege, het die Universiteit van Wes-Kaapland (13.4%) die tweede meeste werkers gelewer. Omdat die Minnie Hofmeyr-Kollege spesifiek maatskaplike werkers vir die Kerk oplei, impliseer dit dat die opleiding op die behoefte van die Kerk sal konsentreer. As die kerk sou besluit dat sy dienslewering meer gemeenskapsgerig moet wees, sal die Minnie Hofmeyr-Kollege vermoedelik daarby moet aanpas.

(11) Die grootste persentasie (86.7%) maatskaplike werkers se basiese akademiese kwalifikasies is 'n diploma in maatskaplike werk. Slegs 'n klein persentasie (13.35) beskik oor 'n Baccalaureus graad. Weer eens is die rede by die Minnie Hofmeyr-Kollege te soek. Die hoogste kwalifikasie wat by die inrigting verwerf kan word, is 'n diploma. Slegs twee van die respondente het na voltooiing van hul studies hul kwalifikasies verbeter. Een het 'n BA (Hon) in Maatskaplike Werk verwerf en die tweede 'n BA (Hon) in Sosiologie. Die basiese akademiese kwalifikasies van die grootste persentasie van maatskaplike werkers in diens van die Kerk is dus laag.

(111) Ongeveer 60% van die ondersoekgroep het hulle studies voor 1981 voltooi. 'n Bietjie meer as 'n kwart het hul studies voor 1960 voltooi. Soos in hoofstuk 5 (punt 4) aangetoon, is die toelatingsvereistes by die Minnie Hofmeyr-Kollege eers in 1975 verhoog tot Senior

Sertifikaatstatus. Die leerplanne is toe ooreenkomstig met die bepaling van die Nasionale Welsynswet van 1965 gebring.

Vir die eerste maal is Maatskaplike Werk III, Sosiologie III en Sielkunde II in die opleidingskursus ingesluit, wat die gaping tussen die Kollege se opleiding en dié van die universiteite verminder het. Die eerste vyf studente van die nuwe Kollege-bedeling het in 1977 hul diploma's verwerf. Vanaf 1976 is gemeenskapswerk vir die eerste maal in die kursus ingesluit. Dit het egter 'n baie klein afdeling van die kursus gevorm. Vanaf 1982 word gemeenskapswerk meer volledig in die kursus gedek.

**2.1.5 Omvang van die Kursus in Gemeenskapswerk tydens Opleiding**

Volgens 50% (15) van die ondersoekgroep, was daar geen gemeenskapswerk in hul opleiding ingesluit nie. Vir 5 was slegs 'n inleiding tot gemeenskapswerk aangebied. Die hoof klem was op gevallewerk en groepwerkmetodes.

Wat die inhoud van die kursus in gemeenskapswerk betref (sien bladsy 265), het 30% maatskaplike werkers wat na 1984 by Minnie Hofmeyr-Kollege afgestudeer het, die volgende aspekte van gemeenskapswerk bestudeer:

Die geskiedkundige ontwikkeling van gemeenskapswerk as metode.
Die gemeenskapsontwikkelingsmodel.
Werksterreine van gemeenskapswerk (vier sisteme).
Gemeenskapswerk as maatskaplikewerk-metode.
Gemeenskapswerkproses.
Rolle van die gemeenskapswerkers.
Organiseringsverantwoordelikhede van die gemeenskapswerker.
Gemeenskapsontwikkeling.
Maatskaplike aksie.
Leidrade vir die skryf van gemeenskapswerkverslae.

Prakties: Inskakeling by 'n gemeenskapsprojek een dag per week vir een semester.

**2.1.6 Tydperk van Huidige Pos**

In Suid-Afrika bly maatskaplike werkers oor die algemeen nie lank in een pos nie. Dr Brian McKendrick, hoof van die Departement Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Witwatersrand, stel die gemiddelde periode as 14 maande. Die posisie by die ondersoekgroep word in Tabel 8.5 gereflekteer.

TABEL 8.5

Tydperk van Bekleding van Huidige Pos

| Tydperk | Aantal Werkers | % |
|---|---|---|
| 0 - 6 maande | 4 | 13.3 |
| 7 - 12 maande | 4 | 13.3 |
| meer as 1 jaar - minder as 3 jaar | 14 | 46.7 |
| 3 - 6 jaar | 3 | 10.0 |
| 7 - 10 jaar | 2 | 6.7 |
| meer as 10 jaar | 3 | 10.0 |
| Totaal | 30 | 100.0 |

Dit is interessant dat byna die helfte (14) meer as 1 jaar en minder as 3 jaar in hulle huidige pos is. Dit wil egter nie sê dat dit die eerste pos is wat die bepaalde maatskaplike werkers beklee het nie, want volgens Tabel 8.4 het 60% hulle studies voor 1981 voltooi en 'n bietjie meer as 'n kwart reeds voor 1960.

### 2.1.7 Inhoud van Simposia of Kursusse in Gemeenskapswerk bygewoon of voltooi

Veertig persent (12) van die ondersoekgroep het gerapporteer dat hulle geen kursus of simposium oor gemeenskapswerk na afloop van hul studies voltooi of bygewoon het nie. Dertig persent (9) het wel een kursus in 1983 bygewoon wat deur die Hoofkantoor van Diakonale Dienste van die NG Sendingkerk aangebied is. Die kursus het die volgende oor gemeenskapswerk ingesluit:

Die direktiewe en nie-direktiewe benadering in gemeenskapswerk.

Navorsing en praktiese implementering in gemeenskapswerk.

Gemeenskapsontwikkeling op plase.

Die rol van die gemeenskapswerker in die voorkoming en behandeling van huweliksverbrokkeling.

Die rol van die gemeenskapswerker in die voorkoming en behandeling van alkohol en dwelmverslawing asook kinderverwaarlosing en mishandeling.

Die rol van die gemeenskapswerker in die bekamping van gemeenskapsarmoede.

Ander simposia wat bygewoon was deur lede van die ondersoekgroep was o.a. "Kontak as antwoord op gemeenskapskonflik" 20 Maart 1986 te Bellville.

### 2.1.8 Die Omvang en Inhoud van Indiensopleiding/Supervisie oor Gemeenskapswerk

Sestig persent (18) het gerapporteer dat hulle geen indiensopleiding of supervisie oor gemeenskapswerk of gemeenskapsontwikkeling ontvang het nie. Die ander 40% meld dat hulle onderskeidelik oor die volgende sake

supervisie ontvang het:

Faktore wat gemeenskapswerk kan kortwiek.
Gemeenskapswerk in Engeland en Europa.
Die toepassing van gemeenskapswerk as metode.
Opstel van 'n welsynsprogram.
Die projek: "Gee die kind 'n kans."
Kleuterskoolprogramme
Vakansieprojekte.
'n Geïntegreerde benadering tot probleemdrinkery.
Die opstel en interpretering van 'n gemeenskapsprofiel.
Hoe leer jy jou gemeenskapsbronne ken.
Die praktiese implikasies by die inisiëring van 'n gemeenskapsprojek.
Die boek Gemeenskapswerk van Hugo, Schoeman en Engelbrecht.

**2.1.9 Vakliteratuur Gebruik in Selfontwikkeling**

Van die respondente was daar 40% (12) wat geen vakliteratuur gebruik het om hul selfontwikkeling ten opsigte van gemeenskapswerk/gemeenskapsontwikkeling te stimuleer nie. Die ander 60% (18) het van die volgende literatuur gebruik:

Gemeenskapswerk Hugo EHA, Schoeman JH en Engelbrecht.
Lategan E 'n Reeks sosiaal wetenskaplike Monografieë.
Rothman J Three Models of Community Organization.
Dunham A The New Community Organization.
Welsynsfokus
Maatskaplike Werk/Social Work

(Sien bronnelys vir besonderhede oor genoemde werke).

**2.2 Maatskaplikewerk-dienste**

**2.2.1 Gevallewerk**

**2.2.1.1 Gevallelading**

Die gemiddelde aantal gevalle per jaar van die ondersoekgroep wissel tussen 80 en 150 gevalle per maatskaplike werker. Onderstaande tabel toon watter aandeel van die maatskaplike werker se dagtaak oor die algemeen aan gevallewerk bestee word.

2.2.1.2

TABEL 8.6

**Aandeel Persentasie van Tyd Bestee aan Gevallewerk**

| Tyd in % uitgedruk | Aantal Werkers | % |
|---|---|---|
| 20 - 50 | 1 | 3.3 |
| 51 - 60 | 3 | 10.0 |
| 61 - 70 | 4 | 13.3 |
| 71 - 80 | 12 | 40.0 |
| 81 - 90 | 8 | 26.7 |
| 91 - 100 | 2 | 6.8 |
| Totaal | 30 | 100.0 |

Byna driekwart van die respondente bestee tussen 71 en 100% van hul tyd aan gevallewerk. Net een werker het die helfte van die tyd aan gevallewerk bestee. Dit kan dus gesê word dat, met één uitsondering, die maatskaplike werkers oorwegend gevallewerkers is.

2.2.1.3 Verband Tussen die Voorkoms van Armoede in die Gemeenskap en Tipe Gevalle wat Hanteer word

Volgens 13.3% (4) van die respondente was daar geen verband tussen armoede en die tipe gevalle wat deur hulle gehanteer word nie.

Twintig persent (6) was onseker of daar 'n verband is tussen armoede en die tipe gevalle deur hulle behandel. Die grootste persentasie 66.7% (20) het egter aangedui dat daar wel so 'n direkte verband bestaan. Die volgende interessante stellings is gemaak :

> "Daar kan te Bonnievale nie gepraat word van wesenlike armoede nie, waar mense honger ly nie, maar van 'n armoede-kultuur, en dan is die kringloop duidelik sigbaar." (Bonnievale)

> "Feitlik alle probleme, onder andere swak behuising, en swak besoldiging, hou verband met armoede in die gemeenskap." (Villiersdorp)

> "Armoede gaan gepaard met drankmisbruik, oorbewoonde huise, buite-egtelikheid en werkloosheid." (Kaapse Skiereiland)

> "Vorige armoede toestande het 'n agterstand veroorsaak. Dit lei meer daartoe dat persone in die laer klasse moeilik insig in hul eie probleme toon. As gevolg van "onvermoë" sink hulle verder en wend hulle dikwels tot drankmisbruik. Dit weer lei tot 'n verdere graad van armoede." (Atlantis)

> "Daar is 'n sterk ooreenkoms tussen armoede en die tipe gevalle in die gebied aangesien die meeste mense in die gebied tans onder die broodlyn leef. Die gebied is ook verval in misdaad wat 'n kenmerk is van armoede." (Elsiesrivier)

Volgens die maatskaplike werker van Wellington hou 60% van haar gevalle 'n direkte verband met armoede terwyl dié van Paarl 75% aantoon.

2.2.2 **Groepwerk**

Sewentig persent (21) van die ondersoekgroep doen groepwerk. Gesamentlik behartig hulle 110 groepe en 57 groepsessies per week. Gemiddeld hanteer elke maatskaplike werker dus ongeveer drie groepe en hou hulle ongeveer twee sessies per week.

2.2.2.1 **Tyd Bestee aan Groepwerk per Maand**

Onderstaande tabel dui die deel van die maatskaplike werkers se tyd wat aan groepwerk bestee word, aan.

TABEL 8.7

Aandeel Persentasie van Tyd aan Groepwerk Bestee

| Tyd in % uitgedruk | Aantal Werkers | % |
|---|---|---|
| 0 | 9 | 30.0 |
| 5 - 10 | 9 | 30.0 |
| 11 - 15 | 4 | 13.4 |
| 16 - 20 | 4 | 13.4 |
| 21 - 30 | 2 | 6.6 |
| 31 - 40 | 2 | 6.6 |
| Totaal | 30 | 100.0 |

Terwyl alle respondente gevallewerk gedoen het, doen slegs 70% (21) groepwerk. Van die aantal wat groepwerk doen, bestee 30% (9) tussen 5 tot 10% van hul tyd maandeliks aan groepwerk. 'n Verdere 26.8% (8) bestee slegs tussen 11 en 20% van hul tyd aan groepwerk. Die aandag wat aan groepwerk bestee word, is dus aansienlik minder as dit wat aan gevallewerk bestee word.

Beide die aktiwiteits- en terapeutiese groepe word gehanteer. Voorbeelde van eersgenoemde is kleutergroepe en groepe vir bejaardes. Voorbeelde van laasgenoemde groepe is vir pleegkinders, pleegouers en alkoholiste. Huweliksvoorligting word ook soms deur middel van groepwerk gehanteer.

2.2.3 **Gemeenskapswerk/Gemeenskapsontwikkeling**

2.2.3.1 **Aantal gemeenskapsprojekte onder aandag**

Van die dertig lede van die ondersoekgroep was daar 40% wat geen gemeenskapswerk doen nie. Die ander 60% (18) het 64 projekte onder aandag, dit is ongeveer 3,5 per maatskaplike werker.

2.2.3.2 **Tipe Projekte**

Die volgende tipe gemeenskapsontwikkelingsprojekte word gehanteer, naamlik: Kleuterskole, bejaarde-dienste soos outehuise en dienssentrums, ouerleiding, huweliksvoorbereiding, gesinsbou, alkoholistesorg, speelgroepe vir voorskoolse kinders, sportklubs, skoolbywoningsprojekte, gemeenskapstuine, koöperatiewe, lees en skryfprojekte, meubelfabrieke en omgewingsverfraaiingsprojekte.

2.2.3.3 **Tyd Bestee aan Gemeenskapsontwikkeling**

In verhouding met gevallewerk en groepwerk doen 'n veel kleiner aantal maatskaplike werkers (18) van die ondersoekgroep gemeenskapswerk. Van die 18 maatskaplike werkers wat gemeenskapswerk doen, bestee 26.6% (8) minder as 5% van hul tyd per maand aan gemeenskapsprojekte. 'n Verdere 23.2% (7) bestee tussen 6% en 20% van hul tyd aan gemeenskapswerk. Daar is slegs een lid van die ondersoekgroep wat voltyds gemeenskapswerk doen. Dit is dus duidelik dat gemeenskapswerk binne die maatskaplikewerk- dienslewering nie tot sy reg kom as dit beoordeel word aan die hoeveel tyd wat daaraan gespandeer word nie.

Selfs in gevalle waar maatskaplike werkers wel gemeenskapswerk doen, is daar geen versekering dat hulle oor die vaardighede beskik om dit suksesvol te beoefen of dat hul dienslewering van 'n goeie kwaliteit is nie. Die evaluering wat hierna volg, moet dus in dië lig gesien word.

2.2.3.4 **Evaluering van die Proses in Gemeenskapsontwikkeling**

2.2.3.4.1 **Identifisering van Gemeenskapsbehoeftes**

2.2.3.4.1.1 **Gebruik van Informele Kontak**

Met die uitsondering van twee respondente, rapporteer die ander almal dat hulle van informele kontakte gebruik maak by die identifisering van behoeftes in 'n gemeenskap. Volgens dië respondente is die resultaat van die informele kontak oorwegend geslaagd.

Die meerderheid van die ondersoekgroep maak gebruik van lede van die plaaslike Kerkraad, vroue van verskillende vroueverenigings in die onderskeie gemeenskappe en van die lede van die plaaslike Bestuurskomitee van die munisipalteit. Die meerderheid respondente ag dit as belangrik dat daar op 'n informele wyse in die gemeenskap beweeg word ten einde die gemeenskap goed te leer ken en deur die gemeenskap aanvaar te word.

2.2.3.4.1.2 **Skakeling met Sleutelpersone**

Die skakeling met sleutelpersone in die gemeenskap is volgens die respondente oor die algemeen positief. Daar word met die volgende sleutelpersone geskakel: predikante, onderwysers, gesondheidsinspekteurs, gesinsbeplanners en lede van die Bestuurskomitees.

Een maatskaplike werker noem dat verskeie pogings reeds aangewend is om projekte aan te pak, maar dat swak samewerking, veral van die plaaslike predikant, verkry is. 'n Ander maatskaplike werker meld dat vrywilligers "skaars" is, terwyl sommige gemeenskapsleiers swak samewerking bied. Klinieksusters en distriksverpleegsters word allerweë as belangrike inligtingsbronne beskou.

2.2.3.4.1.3 **Betrokkenheid van die Gemeenskap by Behoeftebepaling**

Die ondersoekgroep meld dat hulle oorwegend gebruik maak van onderhoude, informele gesprekke en vraelyste om die gemeenskap te betrek by die bepaling van behoeftes. In vier gevalle word Kerkraadslede gebruik om vraelyste in die gemeenskap te voltooi. 'n Aansienlike aantal maatskaplike werkers meld dat hulle die Bestuurskomitee van die Munisipaliteit gebruik om die gemeenskap te betrek by die identifisering van probleme en die bepaling van behoeftes. Een maatskaplike werker meld dat die organisasie in wie se diens sy is, oor 'n subkomitee beskik wat gereeld met lede van die gemeenskap skakel om hulle te betrek by gemeenskapsprojekte.

2.2.3.4.1.4 **Evaluering van Gemeenskapsprofiele**

Twaalf (40%) van die 30 lede van die ondersoekgroep het nie oor 'n gemeenskapsprofiel beskik nie. Slegs 26% (8) van die gemeenskapsprofiele wat ontvang is, was volledig bygehou. Die groot tekortkoming by die meerderheid profiele was dat hulle nie volledig was nie. Belangrike inligting soos bronne in die gemeenskap was dikwels onvolledig terwyl talle profiele geen evaluering van die inligting van die gemeenskap toon nie. In baie gevalle is gebruik gemaak van 'n afgerolde voorbeeld (of konsepprofiel) wat die Supervisors aan maatskaplike werkers tydens supervisie gee. Maatskaplike werkers gebruik dan die afgerolde voorbeeld sonder om dit aan te pas vir hul besondere gemeenskappe. Maatskaplike werkers moes aan ondersoeker 'n afskrif van hul bepaalde gemeenskapsprofiel voorsien.

Toe die profiele geëvalueer is, is vasgestel dat in die meeste gevalle dit 'n identiese profiel was. Die bedoeling was nie dat dit net so gebruik moes word nie. Elke profiel behoort afsonderlik opgestel te gewees het. 'n Ander groot leemte is dat die meeste profiele verouderd is en nie bygehou was nie. Geen gemeenskap is staties nie, maar ontwikkel en groei gedurig. Sy probleme en behoeftes verander met die tyd en dit is belangrik dat enige gemeenskapsprofiel voortdurend aangepas moet word.

2.2.3.4.2 **Verteenwoordiging uit die Gemeenskap**

2.2.3.4.2.1 **Aksiegroepe**

Die meeste maatskaplike werkers met gemeenskapsprojekte beskik oor aksiegroepe. Om lede van die aksiegroepe geleentheid tot ontwikkeling te gee, word gebruik gemaak van geskrewe en visuele materiaal, indiensopleidingsprogramme, samesprekings, skoling, leiding en vergaderings. Die ontwikkeling van die aksiegroepe word in die meeste gevalle deur die betrokke maatskaplike werkers self behartig. Geen instansies van buite is by die ontwikkeling betrek nie.

2.2.3.4.2.2 **Skakeling tussen Aksiegroepe en die Breë Struktuur van die Diakonale-Dienstak**

Volgens die meeste maatskaplike werkers is die skakeling tussen die verskillende aksiegroepe en die breë struktuur van die plaaslike Diakonale Dienstak, in wie se diens hulle is, nie na wense nie. Dit wil voorkom asof die aksiegroepe in 'n groot mate op hul eie funksioneer, los van die welsynsorganisasie. Dit het tot gevolg dat daar geen koördinasie tussen die aksiegroepe en die breë struktuur bestaan nie.

### 2.2.3.4.3 Die Beplanningsproses

#### 2.2.3.4.3.1 Identifisering en Definiëring van Probleme

Daar is verskillende uiteenlopende wyses waarop die maatskaplike werkers tydens die beplanningsproses te werk gaan om probleme in die gemeenskap te identifiseer en te definieer. Baie meld dat die identifisering van probleme plaasvind in gesprekke met lede van die gemeenskap, met die evaluering van die gemeenskapsprofiel, met groepe tydens diagnostiese evaluering of deur middel van vraelyste en onderhoude.

Die meerderheid van die respondente meld dat hulle die probleem of behoefte in die gemeenskap identifiseer nadat alle inligting versamel en geëvalueer is, daarna word 'n plan om daaraan te werk geformuleer. Die plan moet realisties en uitvoerbaar wees. Een respondent identifiseer die probleme in die gemeenskap deur bestaande gevallewerk-gevalle te evalueer.

Slegs een respondent meld dat sy die feite evalueer soos dit verkry is na 'n noukeurige behoeftebepaling. Daarna word gekyk na die oorsake, omvang en intensiteit van die probleem en hoe dit die gemeenskap affekteer. Aandag word dan gegee aan watter pogings aangewend kan word om die probleem te bekamp of in die behoefte te voorsien.
Behalwe laasgenoemde respondent, was die meeste ander lede van die ondersoekgroep se reaksie op die identifisering en definiëring van die probleme vaag. Ondersoeker kry die indruk dat die meeste lede van die ondersoekgroep nie presies die analistiese of ontledingsfase verstaan of reg aanwend nie. Die saak sal verder bespreek word in die gevolgtrekkinge wat voortvloei uit die bevindings.

#### 2.2.3.4.3.2 Potensiaal van die Gemeenskap

Die volgende positiewe en negatiewe faktore in die gemeenskap is tydens die beplanningsproses geïdentifiseer.

Positiewe Faktore

Leierspotensiaal, geografiese nabyheid, beskikbare bronne, belangstellingsveld, gesindhede, beskikbare tyd, kennis, gemotiveerde persone en betroubaarheid.

Negatiewe Faktore

Werkloosheid, drankmisbruik, ongemotiveerdheid, onbetrokkenheid, oorheersende persoonlikhede, statusbewustheid, 'n onvermoë om saam te werk, lae intellektuele peil, gebrek aan tyd, gebrek aan akkommo-

dasie, negatiewe kritiese persone vir wie dit om 'n "persoon" gaan, leiers, finansiële tekorte en onvoldoende hulpbronne.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die meeste respondente veel meer negatiewe faktore as positiewes identifiseer. Dit kan aansienlik negatief op enige gemeenskapsprojekte inwerk.

2.2.3.4.3.3 Bepaling van Doelstellings

Volgens die respondente is daar 'n wyse reeks aspekte wat in aanmerking geneem word in die bepaling van die doelstellings in gemeenskapsontwikkeling. Die volgende is genoem:

> "Doen net vir die gemeenskap wat hulle nie self kan doen nie."
>
> Volgens een respondent moet eerstens bepaal word of die doelstellings kort- of langtermyn is en of dit rekening hou met die vermoëns van die gemeenskap, bv die sosio-ekonomiese toestand van die gemeenskap.
>
> 'n Ander respondent meen dat dit belangrik is om aspekte soos houdings, behoeftes, gesindhede en ekonomiese faktore in die gemeenskap in aanmerking te neem wanneer doelstellings bepaal word.

Alhoewel dit belangrike aspekte is wat in aanmerking geneem moet word by die bepaling van doelstellings is daar egter nagelaat om ander aspekte, soos die inligting wat geïdentifiseer is asook die negatiewe en positiewe faktore in die gemeenskap in aanmerking te neem. Die formulering van doelstellings word ook in 'n groot mate beïnvloed deur maatskaplike faktore soos waardes, norme, kultuur, lewenswyse, houdings en gesindhede asook die godsdiens en die opvoedkundige peil van 'n gemeenskap. Politieke aspekte soos beleidsbepalings, reëls en regulasies, wette en ordonnansies speel ook 'n rol. Faktore soos die ekonomiese vermoëns van die gemeenskap, ekonomiese strukture in die gemeenskap en die staat of privaatsektor se gewilligheid om finansiële hulp aan te bied ten opsigte van 'n bepaalde projek beïnvloed ook die formulering van doelstellings.

2.2.3.4.3.4 Ontwikkeling van 'n Gereedheid om aan die Probleem te werk

Volgens die respondente word die volgende gedoen om die gemeenskap gereed te maak om aan die probleem te werk:

> Kommunikasie geskied deur middel van individuele kontak, informele gesprekke, kanselafkondiging, koerante en nuusbriewe van die welsynsorganisasie, vergaderings, die radio en vraelyste.

Leiers in die gemeenskap word betrek by die deurgee van inligting.

Naas bogenoemde kan ook van simposia gebruik gemaak word. Vrywilliges kan met groot sukses gebruik word om skakeling en betrokkenheid tussen die gemeenskap en die spesifieke welsynsorganisasie te bewerkstellig.

2.2.3.4.4 **Implementering**

2.2.3.4.4.1 **Tydskedule**

Volgens die lede van die ondersoekgroep, is daar 'n hele aantal faktore wat in aanmerking geneem word wanneer daar volgens 'n tydskedule gewerk word. Die meeste van die faktore hou verband met praktiese omstandighede in die bepaalde gemeenskappe. Hulle meld faktore soos werksomstandighede, seisoenwerkers, werkende vroue, gereedheid van die gemeenskap, fondse, koste verbonde aan die projek die vermoëns en die beleid van die welsynsorganisasie.

'n Baie belangrike faktor wat nie genoem is nie, is die groeimoontlikhede van die betrokke gemeenskap. As die gemeenskap nog nie gereed is en daartoe ontwikkel het om aan 'n projek te werk nie, sal dit onproduktief wees om te veel druk toe te pas.

2.2.3.4.4.2 **Toewysing van Take**

Oor die toewysing van take aan diegene wat betrokke is by gemeenskapsprojekte is opmerkinge soos volg van respondente ontvang:

"Poog om almal te betrek, nie net die leiers nie, stimuleer leiereienskappe."

"Let op persone se vermoëns, persoonlikheid, beskikbaarheid, bereidwilligheid en belangstelling."

"Gee die gemeenskap geleentheid om self 'n projekbestuur uit hul geledere te kies wat die leiding neem."

Sulke aanhalings verteenwoordig die opinies van die meeste respondente.

Wat die toewysing van take betref, moet nie nagelaat word om ook take aan die maatskaplike werker self op te dra nie. Die maatskaplike werker moet egter waak om nie te veel take op homself te neem nie. As vakkundige is dit deurgaans sy taak om in die gemeenskapswerkproses die gemeenskap te lei en te begelei om sy eie kragte en potensiaal te ontdek en te ontwikkel. Dit stel die gemeenskap in staat om self sy maatskaplike probleme uit te skakel en in sy behoeftes te voorsien.

**Advokaat**

In die advokaat-rol meld die maatskaplike werkers dat dit dikwels nodig is dat hulle as pleitbesorgers vir die saak van die gemeenskap moet intree. Die meeste respondente rapporteer dat hulle as pleitbesorgers optree ten einde fasiliteite vir die gemeenskap te bekom. Een maatskaplike werker meld dat sy in belang van bejaardes vir die opgradering van die behuisingskema vir bejaardes met die plaaslike owerhede onderhandel. 'n Ander maatskaplike werker het ten opsigte van akkommodasie vir 'n kleuterskool met die Bestuurskomitee onderhandel.

2.3 **Welsynstruktuur**

2.3.1 **Plaaslike Vlak**

Wat die verteenwoordiging en betrokkenheid van die gemeenskap by die werksaamhede van Diakonale Dienste-takke betref, rapporteer ongeveer driekwart (22) van die respondente dat dit swak is, terwyl die res dit goed vind.

Daar blyk dus groot ruimte te wees vir verbetering ten opsigte van verteenwoordiging en betrokkenheid van die gemeenskap by werksaamhede van plaaslike Diakonale Diens-takke.

Die swak deelname word aan verskillende faktore toegeskryf, onder andere dat die dienste onbekend is, daar onkunde bestaan ten opsigte van die dienste, die onvermoë van gemeenskappe om werklik betrokke te raak, die organisasie te "geslote" beskou word en dat die dienste nie in al die behoeftes van die gemeenskap voldoen nie.

2.3.1.1 **Skakeling met ander Kerkgenootskappe**

Wat die skakel met ander kerkgenootskappe betref, rapporteer twee-derdes (20) van die respondente dat ander kerke nie goed verteenwoordig en betrokke is by die werksaamhede van Diakonale Dienste nie. Die ander derde (10) meld dat ander kerkgenootskappe goed skakel en betrokke is.

Voorts noem een werker dat die lidmate goed skakel, maar dat dit nie van hul predikante gesê kan word nie. Talle lidmate van ander kerke oordeel dat die dienste slegs vir lidmate van die NG Sendingkerk is. Een maatskaplike werker meld dat ander kerkgenootskappe nie betrokke wil raak nie, want dit mag finansiële laste vir hulle tot gevolg hê.

Volgens 'n hele aantal respondente heers daar groot onkunde by ander kerkgenootskappe oor die rol en funksionering van Diakonale Dienste.

2.2.3.4.5 **Evaluasie**

2.2.3.4.5.1 **Vorm van Verslagskrywing en Tegnieke van Evaluering**

Die meeste maatskaplike werkers gebruik die volgende vorms en verslagskrywing naamlik: prosesverslae, evalueringsverslae, vorderingsverslae en opsommende verslae.

Wat die tegnieke van evaluering betref, word van vraelyste, waarneming, onderhoude en verslagskrywing gebruik gemaak. Slegs een maatskaplike werker maak van metingskale gebruik.

2.2.3.4.6 Rolle van die Maatskaplike Werker

Tydens die onderhoude het dit duidelik geword dat 'n groot persentasie van die respondente nie verstaan presies wat die verskillende rolle behels nie. Alhoewel die meeste verskillende rolle in die gemeenskapontwikkelingproses vervul het, was hulle nie in staat om duidelik uit te lig wanneer hulle die rolle gebruik nie.

**Tussenganger**

Die meeste respondente meld dat hulle in die praktyk dit nodig gevind het om as tussenganger op te tree in onderhandelings tussen die gemeenskap en ander instansies soos bv om beter begrip te bewerkstellig tussen die ouers van kleuters en die werksaamhede van die Kleuterskool of bv 'n owerheidsinstansie vir finansiële bronne vir 'n dienssentrum. Die maatskaplike werkers moes soms ook die tussenganger-rol tussen 'n groep in 'n bepaalde projek en die groter gemeenskap vervul om aan laasgenoemde die doelstellings en die werkswyse van die projek te verduidelik, bv 'n voedingskemaprojek.

**Instaatsteller**

Maatskaplike werkers het aangedui dat hulle die gemeenskap tydens 'n projek moes lei, adviseer en ondersteun. As instaatsteller is hulle betrokke by die daarstelling van kleuterskole, dienssentra en pleegouerprojekte.

Een respondent sien haar rol as instaatsteller soos volg:

> Om deur middel van leiding, advies en raadgewing die gemeenskap die kans te bied om te verbeter, te groei, te ontwikkel en te versterk; om dit te kan doen word bronne binne bereik van die gemeenskap gebring.

2.3.1.2 **Betrokkenheid van Ander Sisteme**

Aksiesisteme wat tans betrokke is by die verskillende gemeenskapsontwikkelingsprojekte van Diakonale Dienste sluit in die sakekamer en plaaslike besighede vir advertensies en finansiële ondersteuning, die gesondheidsdepartment van die Munisipaliteit vir behuising, sportliggame vir ontspanningsfasiliteite, kerke en vroueaksiegroepe, huisvroueklubs, industrieë, fabrieke en boereverenigings.

2.3.1.3 **Voorstelle vir 'n Struktuur met groter Gemeenskapsverteenwoordiging**

Die respondente het nie daarin geslaag om 'n struktuur voor te stel wat in 'n groter mate gemeenskapsverteenwoordigend sou wees nie. Die grootste meerderheid het egter voorgestel dat sisteme soos die volgende direk betrek moet word by die werksaamhede van plaaslike Diakonale Diens-takke:

- Ander kerkgenootskappe in die gemeenskap
- Bestuurskomitees of munisipaliteite (Plaaslike Owerhede)
- Verhoudingskomitees
- Sakekamer of sakemanne in die gemeenskap
- Verteenwoordigers van opvoedkundige inrigtings
- Gesondheidsdepartement van die plaaslike owerheid
- Ander welsynsorganisasies in die gemeenskap
- Santa
- Vroueaksiegroepe
- Verteenwoordigers uit die breë gemeenskap soos lede van sportklubs, jeuggroepe en kultuurverenigings.

2.3.2 **Sinodale Vlak**

2.3.2.1 **Welsynstruktuur van die NG Sendingkerk**

Die grootste persentasie van die ondersoekgroep was van mening dat die huidige welsynstruktuur van die NG Sendingkerk nie genoegsaam gemeenskapsontwikkelingsgerig is nie. Die volgende redes word genoem:

- Daar is 'n gebrek aan koördinasie tussen die takke en die moederliggaam (SKDD).
- Die struktuur en dienslewering is té kerkgerig en nie gemeenskapsgerig nie.
- Die welsynstruktuur en die dienslewering wat daarmee gepaardgaan, is te veel gerig op gevallewerk, met ander woorde op die individu en die gesin en nie op die gemeenskap in die breë nie.
- Daar is te veel predikante en te min vakkundiges en lede van die gemeenskap by die topstruktuur van die SKDD betrokke.

2.3.2.2 **Die Betrokkenheid van ander Instellings op Sinodale Vlak**

Die respondente stel voor dat die Kerk met die volgende instellings nouer samewerking soek:

- Kerkgenootskappe
- Gesondheidsdienste
- Welsynsorganisasies met soortgelyke doelstellings as die Kerk
- Onderwysinstellings soos die Administrasie van Onderwys en Kultuur en die Kaaplandse Professionele Onderwysersvereniging.
- Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn
- Plaaslike owerhede
- Sakekamer en Industrieë
- Akademiese instellings en opleidingsinrigtings vir maatskaplike werkers
- Landbouverenigings en Landelike Stigting
- Behuisingsbonde en Stedelike Stigting.

Aandag word gegee aan die gevolgtrekkings waartoe ondersoeker gekom het.

## 3. GEVOLGTREKKINGS VAN OPNAME

### 3.1 Profiel van die Maatskaplike Werkers

#### 3.1.1 Geslag van Maatskaplike Werkers

Gemeenskapswerk word deurgaans in die **praktyk** as baie **veeleisend** beskou omdat dit **abnormale werksure** vereis. Die meeste lede van 'n gemeenskap is bedags in die werk en is hoofsaaklik slegs saans beskikbaar om aan gemeenskapsprojekte deel te neem. Vir 'n **vroulike getroude maatskaplike werker** is dit dus **moeilik** om gemeenskapswerk te doen.

Die groot **tekort** aan **manlike maatskaplike werkers** in diens van die Kerk sal 'n betekenisvolle invloed hê op die Kerk se dienslewering veral as daar meer gemeenskapsontwikkelingsgerig gewerk wil word.

#### 3.1.2 Akademiese Agtergrond

##### 3.1.2.1 Opleiding

Aangesien die grootste persentasie maatskaplike werkers in diens van die Kerk hul opleiding aan die Minnie Hofmeyr-Kollege ontvang, is dit duidelik dat daar 'n baie **noue skakeling** tussen die **opleidingsinrigting as voedingsbron**, en die **Kerk as toekomstige werkgewer**, behoort te wees. Die opleiding van maatskaplike werkers deur die Minnie Hofmeyr-Kollege moet dus **rekening** hou met die **Kerk** se **benadering, beleid en doelstelling** ten opsigte van sy dienslewering. Indien die Kerk sou wou wegbeweeg van die

tradisionele gevallewerkgerigte- na 'n meer gemeenskapsontwikkelingsgerigte dienslewering sal die Kollege sy leerplanne daarna moet skik. Dië maatskaplike werkers sal in die toekoms oor die kennis en vaardigheid moet beskik om onder andere gemeenskapstonwikkeling te kan gebruik om gemeenskapsarmoede te bekamp.

### 3.1.2.2 Akademiese Kwalifikasies

Die feit dat die grootste persentasie van maatskaplike werkers in diens van die Kerk slegs oor 'n diploma in Maatskaplike Werk beskik, is te begrype as in aanmerking geneem word dat die meeste aan die Minnie Hofmeyr-Kollege afgestudeer het. Dit is die hoogste kwalifikasie wat aan die betrokke inrigting verwerf kan word. Dit werk egter stremmend in op maatskaplike werkers wat van voornemens is om hul kwalifikasies aan 'n universiteit te verbeter. Soortgelyke inrigtings soos die Minnie Hofmeyr-Kollege maak egter voorsiening vir studente om hul kwalifikasies te verbeter deur voltooiing van 'n Baccalaureus graad in Maatskaplike Werk. Die Huguenote Kollege bied bv in samewerking met UNISA 'n Baccalaureus graad in Maatskaplike Werk aan en maak dit moontlik vir studente om daarna hul kwalifikasies te verhoog. Volgens prof Helm, voormalige hoof van die Departement van Maatskaplike Werk aan UK is in samewerking met die hoof van Minnie Hofmeyr-Kollege gereël dat die UK die Kollege se studente (wat reeds hulle drie jaar diploma na matriek verwerf het) in sekere omstandighede vir die Honneurskursus by UK ingeskryf kon word. Dië reëling wat in beginsel goedgekeur is, behoort aandag te kry.

### 3.1.2.3 Jaar Kwalifikasies Verwerf

Die toelatingsvereistes by die Minnie Hofmeyr-Kollege is in 1975 verhoog tot 'n senior sertifikaat. Vir die eerste maal is Maatskaplike Werk III, Sosiologie III en Sielkunde II aangebied. Die leerplan stem dus nou nader ooreen met dië van ander opleidingsinrigtings. Gemeenskapswerk is ook in 1975 vir die eerste maal by die kursus in Maatskaplike Werk ingesluit, maar het slegs 'n klein afdeling daarvan gevorm. Eers in 1982 is aan gemeenskapswerk in die leerplan volwaardig erkenning gegee.

Die feit dat meer as die helfte van die respondente vőőr 1981 hul studies voltooi het en omtrent 'n kwart voor 1960, toon duidelik dat hulle geen of 'n baie beperkte opleiding in gemeenskapswerk ontvang het. Aangesien so weinig van die Kerk se maatskaplike werkers nie by Minnie-Hofmeyr-

Kollege opgelei is nie, het die relatiewe gebrek aan kennis van gemeenskapswerk ernstige implikasies vir die Kerk se welsynsdienste, veral as die Kerk sy welsynsdienste meer gemeenskapsontwikkelend wil rig.

**3.1.2.4 Kursus in Gemeenskapswerk Tydens Opleiding**

Soos reeds aangetoon, is die opleiding in gemeenskapswerk by die Minnie Hofmeyr-Kollege eers sedert 1982 aangepas om dit toereikender te maak. Slegs 30 persent van die respondente wat by die Minnie Hofmeyr-Kollege afgestudeer het, het bogenoemde kursus voltooi. Dit beteken egter nie dat hierdie 30 persent werklik in gemeenskapswerk bedrewe sal wees nie.

Tans word gemeenskapswerk slegs in die derde jaar aangebied. Die Kollege gee toe dat die praktika tydens die kursus ook nie tot sy reg kom nie omdat studente slegs ongeveer twee weke betrokke is by 'n gemeenskapsprojek. Dit moet onthou word dat gemeenskapswerk 'n lang en tydsame proses is. Studente word dus tydens gemeenskapswerkpraktika slegs blootgestel aan 'n deeltjie van die proses van gemeenskapswerk ten einde die teorie ietwat beter te verstaan.

Ondersoeker kom tot die gevolgtrekking dat die blootstelling van studente tydens die praktika en 'n teoretiese onderrig te beperk is om hulle deeglik voor te berei vir gemeenskapswerk in die praktyk. Meer intensiewe opleiding in gemeenskapswerk sal nodig wees indien die Kerk sy dienste meer gemeenskapsontwikkelingsgerig wil aanbied.

**3.1.3 Skoling, Indiensopleiding en Supervisie in die Praktyk**

**3.1.3.1 Skoling en Indiensopleiding**

Die feit dt 40% van die ondersoekgroep geen kursus of simposium oor gemeenskapswerk voltooi of bygewoon het na voltooiing van hul studies nie, en 30% slegs één kursus bygewoon het, suggereer dat daar grootliks in die dienslewering (gekonsentreer word) op gevalle- en groepwerk soos wat deur die bevindings bewys word -- vergelyk tabelle 8.6 en 8.7.
Indien meer gemeenskapswerk gedoen was, sou daar 'n groter behoefte en belangstelling by maatskaplike werkers gewees het om hul kennis en vaardigheid op dié gebied te ontwikkel. Solank die organisasie in sy dienslewering besonderlik die klem op gevallewerk laat val, sal die maatskaplike werkers nie veel moeite doen om hulle ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling te oriënteer nie.

Die feit dat die Kerk in 1983 'n simposium in gemeenskapsontwikkeling vir sy maatskaplike werkerskorps aangebied het, is lofwaardig, maar tot dusver was die simposium enig in sy soort. Dit behoort 'n voortdurende aksie te wees om maatskaplike werkers by indiensopleidingsprogramme oor gemeenskapsontwikkeling te betrek. Die Kerk is bewus daarvan dat 'n groot persentasie van sy maatskaplike werkers geen of beperkte opleiding in gemeenskapswerk ontvang het. Daar behoort dus meer doelgerigte indiensopleidingsprogramme geloods te word. Maatskaplike werkers sal moeilik gemotiveerd word om gemeenskapswerk te doen as hulle nie geleentheid kry om hul kennis en vaardigheid op dié gebied te ontwikkel nie. Ten einde gemeenskapsontwikkelingsgerig te kan werk, sal die Kerk sy maatskaplike werkerskorps dienooreenkomstig moet toerus.

### 3.1.3.2 Supervisie

In Suid-Afrika is gevallewerk die metode in maatskaplike werk wat die opleiding en die maatskaplikewerk-praktyk oorheers. Gevallewerkers vind dus supervisors wat die opleiding en ondervinding het om hulle te lei en te onderskraag in die gevallewerk-situasie. Wanneer dit egter by gemeenskapswerk of gemeenskapsontwikkeling kom, is dit 'n ander saak. Die feit dat gemeenskapswerk so lank in die opleiding van maatskaplike werkers verwaarloos was, het ernstige gevolge wanneer dit by supervisie kom. Die tendens word duidelik deur die bevindings van die ondersoek getoon. Slegs 40% van die respondente kon meld dat hulle supervisie oor gemeenskapswerk ontvang. Dit kan redelik afgelei word dat die supervisors self nie toegerus is om die maatskaplike werkers te help ontwikkel ten opsigte van die gebruik van gemeenskapswerk nie. 'n Maatskaplike werker sal moeilik gemotiveerd raak om gemeenskapswerk te doen as hy nie die nodige leiding en onderskraging van sy supervisor ontvang nie. Die Kerk sal dus moet gaan kyk na sy supervisiedienste indien hy sy dienste gemeenskapsontwikkelingsgerig wil maak. Duidelikheid sal verkry moet word oor die supervisors se kennis, vaardigheid en ingesteldheid ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling.

### 3.1.4 Vakliteratuur

Alhoewel die respondente van vakliteratuur gebruik maak om hul selfontwikkeling te stimuleer ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling, is die tipe literatuur nie altyd werklik van toepassing op die maatskaplike toestande van die gemeenskappe waarmee hulle te doen kry nie. Die feit dat 'n groot aantal respondente laat blyk het dat hulle geen vakliteratuur gebruik nie,

dui weer eens op 'n ernstige leemte in supervisie en opleidingsprogramme. Dit bly een van die take van die supervisor om op hoogte te bly van die jongste literatuur oor die beroep en om dit aan maatskaplike werkers beskikbaar te stel om hulle te help om binne die beroep te ontwikkel. Waar werkers in relatief verafgeleë situasies werksaam is, sal die Kerk planne moet beraam om vakliteratuur beskikbaar te stel.

### 3.2 Maatskaplikewerk-Dienste

#### 3.2.1 Gemeenskapsontwikkeling en Bekamping van Gemeenskapsarmoede

In die ondersoek rondom gemeenskapsarmoede by die Kleurling het dit duidelik geword dat 'n groot persentasie van die gemeenskap arm is. Die verskynsel van armoede is ook gekoppel aan 'n wye reeks maatskaplike probleme. Die uitgangspunt is bevestig deur die meerderheid van respondente wat aangedui het dat daar 'n direkte verband is tussen die voorkoms van armoede in die gemeenskap en die tipe gevalle deur hulle behandel.

Die talle maatskaplike probleme wat by individue en gesinne binne gemeenskappe voorkom, kan nie bloot aan persoonlikheidsfaktore toegeskryf word nie. Swak sosio-ekonomiese omstandighede, grootliks buite die beheer van dié mense, is in 'n groot mate by hulle maatskaplike probleme en gedragsafwykings betrokke.

Gemeenskapsarmoede by die Kleurling is egter uiters gekompliseerd van aard omdat dit negatiewe implikasies nie slegs vir individue en gesinne het nie, maar eweneens vir alle sisteme met wie hulle verbind is. Die probleem werk dus stremmend in op die maatskaplike funksionering van die hele gemeenskap.

Ten einde die probleem suksesvol te bekamp, word 'n benadering in maatskaplike werk benodig wat op alle vlakke van die gemeenskapslewe kan ingryp en dit in sy totaliteit benader. Gemeenskapsontwikkeling leen hom ten beste vir die behandeling van gemeenskapsarmoede.

Uit die ondersoek blyk duidelik dat die maatskaplikewerk-dienste van die Kerk oorwegend gevallewerkgerig is. Indien die Kerk die probleem van armoede suksesvol wil aanpak, sal daar 'n klemverskuiwing moet kom in sy benadering tot dienslewering. Armoede kan nie suksesvol uitgeskakel word sonder die samewerking en koördinering van aksiesisteme in 'n gemeenskap nie. Die gemeenskap moet gehelp word om sy kragte te ontdek, te ontwikkel en aan te wend. Die gevallewerk-metode wat gebaseer is op 'n een-tot-een verhouding tussen 'n maatskaplike werker en sy kliënt is 'n duur diens waarmee nie veel bereik kan word in die behandeling van gemeenskapsarmoede nie.

### 3.2.2 Die Rol van die Maatskaplike Werker in die Gebruik van Gemeenskapsontwikkeling - Evaluering van die Gemeenskpasontwikkeling

#### 3.2.2.1 Identifisering van Gemeenskapsbehoeftes

##### 3.2.2.1.1 Gebruik van Informele Kontak

Die meerderheid van die respondente het getoon dat hulle van informele kontakpersone gebruik maak by die identifisering van probleme en behoeftes in 'n gemeenskap. Dit is belangrik dat enige persoon wat van buite 'n gemeenskap binnekom, pogings moet aanwend om vertrou en aanvaar te word. Informele kontak het dus 'n tweeledige doel. Dit stel die maatskaplike werker in staat om sy kennis van die gemeenskap uit te brei, maar ook in die proses 'n vertrouensverhouding met lede van die gemeenskap op te bou.

##### 3.2.2.1.2 Skakeling met Sleutelpersone

Die kontak met sleutelpersone soos predikante, onderwysers en lede van die bestuurskomitee skyn belangrik te wees. Hulle is die persone wat die maatskaplike werker van toepaslike inligting oor bepaalde sake in die gemeenskap kan voorsien of wat belangrike meningsvormers is.

Indien die samewerking van die kant van sulke persone nie goed is nie, kan dit belemmerend inwerk op die proses van gemeenskapsontwikkeling. Dit moet egter nie aanvaar word dat sulke "informele leiers" noodwendig die enigste, of selfs die beste, sleutelpersone sal wees nie. Daar is byna altyd ander figure wat groot geloofwaardigheid besit. Die daarstelling van 'n gesonde vertrouensverhouding met sleutelpersone in 'n gemeenskap, van watter aard ookal, verseker 'n maatskaplike werker van 'n gesonde kommunikasiekanaal wat essensieël is vir suksesvolle gemeenskapsontwikkeling.

##### 3.2.2.1.3 Betrokkenheid van die Gemeenskap by Behoeftebepaling

Die betrokkenheid van die gemeenskap by die bepaling van sy behoeftes bring mee dat lede van die gemeenskap sensitief en bewus word van die aard en omvang van hulle probleme en behoeftes. Die gemeenskap word ook direk daarmee gekonfronteer asook met sy verantwoordelikheid om dit aan te pak. Daar is verskillende tegnieke wat gebruik kan word om die gemeenskap te betrek by die aksie, soos die voer van onderhoude met lede van die gemeenskap, informele gesprekke, die gebruik van vraelyste, en die aanmoediging van byeenkomste.

Die gemeenskap moet 'n inset lewer tot die identifisering van probleemsituasies. Daar moet gewaak word om slegs van "bo af" te besluit watter probleme in die gemeenskap bestaan en watter van die probleme die belang-

rikste geag moet word. Die gemeenskap moet reeds van die vraelystestadium deel vorm van die proses van gemeenskapsontwikkeling.

Hierdie benadering, alhoewel ryklik in vakliteratuur ondersteun, is egter nie sonder sy kritici nie. As slegs ag geslaan word op "wat die gemeenskap sê" kom professionele insig miskien nie tot sy reg nie. Daar moet 'n balans gesoek word. en skrywer gee nie voor dat dit maklik te vinde is nie.

### 3.2.2.1.4 Gemeenskapsprofiel

Ten einde maksimum inligting oor 'n gemeenskap te bekom en 'n volledige beeld van 'n gemeenskap te kry, is die opstel van 'n gemeenskapsprofiel nodig wat die gemeenskap in sy totaliteit reflekteer. Die gemeenskapswerker moet sy gemeenskap ken en moet kan vasstel waar die bronne en potensiaal geleë is wat benut kan word om die probleem te elimineer of om in die behoeftes te voorsien. Die kwaliteit van die inligting vervat in die profiel bepaal in 'n groot mate op welke wyse die maatskaplike werker tot die gemeenskap gaan toetree. Die profiel moet deurlopend aangepas word soos die gemeenskap ontwikkel en verander.

Die feit dat talle maatskaplike werkers van die Kerk nie oor 'n gemeenskapsprofiel beskik nie, en 'n hele aantal profiele wat geëvalueer was, onvolledig en verouderd gevind is, beteken dat die betrokke maatskaplike werkers nie hul gemeenskap behoorlik ken nie en dus onbewus mag wees van die gemeenskap se behoeftes, probleme en potensiaal. Dit beïnvloed nie alleen die kwaliteit van inligting wat ingesamel word of die doelstellings wat bereik wil word nie, maar veral die behandeling wat daarop gemik is om probleme op te los.

## 3.2.3 Verteenwoordiging uit die Gemeenskap

### 3.2.3.1 Aksiekomitees

Die stap om verteenwoordiging vanuit die gemeenskap te verkry, vorm die kern van die proses in gemeenskapsontwikkeling. Dit verseker motivering vir verandering en die ontwikkeling van selfvertroue by die gemeenskap.
Gewoonlik kan begin word by die vorm van 'n aksiekomitee gekoppel aan spesifieke projekte waardeur die gemeenskapsontwikkelingsprogram uitgevoer word.

Die feit dat die meeste respondente met gemeenskapsprojekte aksiekomitees tot stand gebring het, dui daarop dat hulle die deelname en betrokkenheid van die gemeenskap belangrik beskou. Hierdie deelname en betrokkenheid word gebou op die beginsel van vennootskap en uiteindelik selfhelp.

Die gemeenskap moet sy aandeel kan aanvoel in die oplossing van sy probleme en dit geskied deur middel van betrokkenheid by bepaalde projekte.

Suksesvolle deurvoer hiervan gaan gepaard met opleiding van die lede van die aksiekomitee. Daarvoor is geskrewe en visuele materiaal asook samesprekings en indiensopleiding nodig.

### 3.2.3.2 Skakeling tussen Aksiekomitees en die Breë Struktuur van Plaaslike Diakonale Dienste-takke

'n Nuwe groep kan gevorm word uit individue in die gemeenskap wat nie by die bestaande diensorganisasie ingeskakel of betrokke is nie. Die groep kan dan verantwoordelik gehou word vir die bepaalde behoefte wat geïdentifiseer is en die projek wat beplan word om in die behoefte te voorsien.

'n Aksiekomitee of groep behoort deel te bly van die groter organisasie waaruit dit oorspronklik tot stand gebring is ten einde koördinering te verseker. Alhoewel 'n aksiegroep in 'n posisie moet wees om outonome besluite te kan neem, is dit verkieslik dat dit deel bly van die breë struktuur van die bepaalde welsynsorganisasie. 'n Organisasie kan dus meer as een aksiekomitee daarstel wat vir 'n bepaalde gemeenskapsprojek verantwoordelik is. Deur deel te bly van die breë struktuur van 'n bepaalde organisasie kan die verskillende aksiekomitees deel in bestaande infrastruktuur en bronne wat die koördinasie van dienste in 'n bepaalde gemeenskap kan verseker.

Die feit dat aksiekomitees van die verskillende Diakonale Dienstetakke op hulle eie funksioneer en hul skakeling met die breë struktuur nie na wense is nie, kan tot gevolg hê dat daar gebrekkige kommunikasie èn swak koördinasie tussen dié komitees ontstaan wat effektiewe dienslewering belemmer.

### 3.2.4 Beplanningsproses

### 3.2.4.1 Identifisering en Definiëring van die Probleem

Die duidelike identifisering van probleme of behoeftes tydens die beplanningsfase is belangrik omdat dit 'n invloed het op doelstellings wat bereik moet word en die plan van aksie wat daaruit voortvloei.
Die probleem kan alleen duidelik geïdentifiseer word as alle inligting daaroor versamel en geëvalueer word. In die proses van identifisering moet gekyk word na die oorsake, omvang en intensiteit van die probleem, wie daardeur geraak word en wat die gevolge daarvan is asook die vorige pogings wat aangewend is om dit op te los. Dit is veral belangrik

om te bepaal hoe die **gemeenskap die probleem beleef.** Die identifisering kan op **verskillende wyses** gedoen word, soos bv om gesprekke met lede van die gemeenskap daaroor te voer, die gemeenskapsprofiel te evalueer en deur van vraelyste of onderhoude gebruik te maak.

Indien die probleem nie noukeurig en duidelik geïdentifiseer en gedefinieer word nie, kan dit daartoe lei dat verkeerde doelstellings geformuleer word en dus die hele plan van behandeling of aksie in 'n verkeerde rigting stuur.

Wat gemeenskapsarmoede aanbetref, is daar 'n **veelvuldige reeks probleme** wat daarmee gepaardgaan. Dit sal nodig wees om op **spesifieke probleme** te fokus vanweë die gekompliseerdheid en veel dimensionele aard daarvan. So sal bv gefokus word op werkloosheid of alkoholisme wat met armoede geassosieer is. Deur dus aan een spesifieke probleem te werk, sal daar uiteindelik by die primêre probleem (dit is gemeenskapsarmoede) uitgekom word.

'n Baie belangrike beginsel, wat gedurende dié fase nie uit die oog verloor mag word nie, is dat probleemidentifisering in die gemeenskapsontwikkelingsproses 'n **gesamentlike poging** tussen die gemeenskap en die maatskaplike werker moet wees. Dié faset word gemis by die maatskaplike werkers in diens van die Kerk. Deur die gemeenskap ten volle by die probleemidentifiseringsproses te betrek, word die gemeenskap **indirek gemotiveer** om saam te werk in die oplossing daarvan, maar word die **selfbeskikkingsreg** van die gemeenskap terselfdertyd erken wat **betekenisvolle samewerking** kan bevorder.

### 3.2.4.2 Bestudering van die Potensiaal in die Gemeenskap

Dit is belangrik om die **vermoëns** en **beperkings** van die gemeenskap in aanmerking te neem tydens die bepaling van doelstellings in die beplanningsfase. Dit verhoed dat daar **onrealistiese eise** aan 'n gemeenskap gestel word.

Die feit dat die maatskaplike werkers, in diens van die Kerk, meer negatiewe as positiewe faktore in hulle onderskeie gemeenskappe geïdentifiseer het, kan die gemeenskapsontwikkelingsproses aansienlik bemoeilik. Dit is dus belangrik dat die gemeenskappe gehelp moet word om hul **kragte en potensiaal** te **ontdek**, te **ontwikkel** en **aan te wend** en deur aktiewe deelname maatskaplike funksionering te bestendig, te verbeter en maatskaplike ontwikkeling te bevorder.

Ten opsigte van die bekamping van gemeenskapsarmoede by die Kleurling het dit in die ondersoek duidelik geword dat bestaande gesagstrukture op politieke, ekonomiese en maatskaplike gebied stremmend inwerk en struikelblokke is in die beplanning of implementering van gemeenskapsontwikkelingsprojekte.

### 3.2.4.3 Bepaling van Doelstelling

Die formulering van doelstellings in die beplanningsfase impliseer sorgvuldige oorweging en analisering van alle beskikbare feite. Daar is verskeie aspekte wat tydens dié fase in aanmerking geneem moet word, soos bv dat die maatskaplike werker moet begin waar die gemeenskap is en volgens sy tempo beweeg, net vir die gemeenskap doen wat hy vir homself nie kan doen nie en rekening hou met die vermoëns, houdings, behoeftes en gesindhede van die gemeenskap.
Dit is verder nodig om rekening te hou met die positiewe en negatiewe faktore wat in die gemeenskap geïdentifiseer is. Dit sal verhoed dat daar onrealisitese eise aan die gemeenskap gestel word. Maatskaplike faktore soos waardes, norme, kultuur, lewenswyse, houdings, godsdiens en die opvoedkundige peil van 'n gemeenskap kan ook die formulering van doelstellings beïnvloed. Politieke aspekte soos beleidsbepalings, reëls en regulasies, wette en ordonnansies speel ook in dieselfde mate as maatskaplike faktore 'n rol. Wanneer dit gaan om die bekamping van gemeenskapsarmoede, speel ekonomiese faktore soos die ekonomiese vermoëns van die gemeenskap, ekonomiese strukture in die gemeenskap en die staat (en privaatsektor) se gewilligheid om finansiële hulp aan te bied tov bepaalde projekte, 'n belangrike ril in die bepaling van doelstellings.

### 3.2.4.4 Ontwikkeling van 'n Gereedheid om aan die Probleem te werk

Dit is belangrik om die gemeenskap gereed te maak om aan die probleem in die gemeenskapsontwikkelingsproses te werk. As 'n positiewe gevolg, word die lede van die gemeenskap saamgebind en kommunikasiekanale bewerkstellig.

Die bewuswording kan bevorder word deur gebruik te maak van leiers in die gemeenskap om die boodskap uit te dra; die massamedia soos die radio, televisie en nuusblaaie te gebruik en om die probleem of behoefte aan die gemeenskap oor te dra deur vergaderings en simposia te reël. Skakeling en betrokkenheid tussen die gemeenskap en spesifieke organisasies word ook bevorder deur gebruik te maak van vrywilliges.

### 3.2.5 Implementering

#### 3.2.5.1 Tydskedule

Verskeie faktore moet in ag geneem word wanneer van 'n tydskedule gebruik gemaak word. Die meeste faktore hou gewoonlik verband met praktiese omstandighede in gemeenskappe. Die faktore sluit die volgende in:
Die **werksomstandighede** van die lede van die gemeenskap, **seisoenwerkers, werkende vroue,** die **finansiële bekostiging** van projekte en die **vermoëns** en **beleid** van die betrokke welsynsorganisasie.
Die **groeimoontlikheid** van 'n betrokke gemeenskap skyn ook 'n belangrike faktor te wees omdat dit sal bepaal of 'n gemeenskap gereed is, of daartoe kan ontwikkel, om aan 'n bepaalde projek te werk.

#### 3.2.5.2 Toewysing van Take

As gevolg van die ondersoek het skrywer tot die gevolgtrekking gekom dat alle betrokkenes by 'n bepaalde gemeenskapsprojek sekere take toegewys behoort te word. Elke lid van 'n aksiekomitee moet duidelikheid hê wat sy onderskeie **verantwoordelikheid** is. Dit stimuleer nie net leiereienskappe nie, maar **motiveer** die betrokkenes en skep 'n **eenheidsgevoel** ten opsigte van die doelstellings wat bereik wil word.
Ook moet daar duidelikheid wees ten opsigte van die **take en rolle van die maatskaplike werker.** Dit lê veral opgesluit in die ontleding, diagnosering en navorsing van die probleem, die soek na en benutting van hulpbronne, die versekering van betrokkenheid van die gemeenskap by die projek en die gee van leiding ten opsigte van die beplanning, implementering van die beplanning en die meedeling van informasie. Sy taak lê dus daarin om die **kragte en potensiaal** van die gemeenskap te **ontdek** en te **ontwikkel** om aan sy **eie probleem te kan werk.**

### 3.2.6 Evaluasie: Vorm van Verslagskrywing en Tegnieke van Evaluering

Evaluering moet noukeurig gedoen word om die effektiwiteit van die projek te kan bevorder en om vas te stel of die geformuleerde doelstellings bereik is.

**Verslagskrywing** word in die praktyk as die mees algemene basis vir evaluering gebruik. As effektiewe **evalueringstegnieke** dien die verskillende **vorms** van verslagskrywing waarvolgens die vordering van gemeenskapsprojekte gemeet word, as kriteria.

Die volgende **tegnieke** van evaluering word in die algemeen in die praktyk gebruik, naamlik: vraelyste, waarnemings, onderhoude en (in 'n mindere mate) metingskale.

### 3.2.7 Rolle van die Maatskaplike Werker

In die algemeen vervul die werker die verskillende rolle van tussenganger, instaatsteller en advokaat in die gemeenskapsontwikkelingsproses.

As **tussenganger** stel die maatskaplike werker die gemeenskap in verbinding met interne en eksterne bronne waarby projekte kan baat vind. Ten opsigte van die **instaatsteller** het Kleurlinggemeenskappe groot behoefte aan ondersteuning en motivering om projekte van stapel te stuur. Dit wil voorkom asof maatskaplike werkers meermale as **advokaat** en voorspraak moet optree om die belange van gemeenskappe te beskerm en veral met plaaslike owerhede te onderhandel.

### 3.2.8 Sosioteater as Benadering in die Gemeenskapsontwikkelingspraktyk

In 'n ongepubliseerde doktorale verhandeling, wat in 1987 by die Universiteit van Wes-Kaapland aangebied is, met die titel "Sosioteater as 'n Benadering in Maatskaplike Werk: 'n Teoretiese Uiteensetting en Praktiese Toepassing" wys MB van Huyssteen oortuigend uit hoe sosioteater aangewend kan word in maatskaplike werk as 'n heel effektiewe metode om gemeenskapsgewaarwordinge en gemeenskapsprobleme helder uit te lig. Hierdie werk van Van Huyssteen is in 'n groot mate beïnvloed deur baanbrekerswerk in sosiodrama wat die Universiteit van Kaapstad se Skool vir Maatskaplike Werk in die laat sewentiger jare onder leiding van professor H Ferrinho begin het.

Volgens Van Huyssteen word wêreldwyd klem geplaas op teater wat werklik kontak maak met mense en betrokke kan wees by die probleme, belange en strewes van gemeenskappe. Die dramabenadering, aldus genoemde skryfster, moet met verhale en kognitiewe benaderings in maatskaplike werk geïntegreer word. Sy dui aan dat die dramabenadering die maatskaplike werker toelaat om op 'n eerlike manier die rolafstand tussen homself en die benadeelde persoon te verminder en daarby om die kultuur van die armoedemens "van binne af" te leer ken.

Ten opsigte van die mobilisering tot maatskaplike aksie en maatskaplike verandering in gemeenskapsontwikkeling, verwys die ondersoek na sukses wat reeds behaal is met die dramabenadering. Dit het as katalisator gedien ter bereiking van die volgende:

- die bevryding van apatie en mobilisering tot aksie,
- die ontwikkeling van gemeenskapsgees en gemeenskapsselfvertroue; en
- die identifisering van gemeenskaplike probleme en skeppende probleemoplossing.

Ondersoeker is van mening dat dié benadering met sukses binne die gemeenskapsontwikkelingsbenadering, met die oog op die bekamping van gemeenskapsarmoede, geïntegreer kan word. Doelstellings wat nagestreef kan word, behels die volgende:

- die saambind van die gehoor in 'n gemeenskaplikheid wat sterk en kollektiewe aksie kan voortbring omdat beide die intellek en gevoelens gemobiliseer word;
- die gevolglike verkryging van groter betrokkenheid deur hierdie vorm van kommunikasie as wat moontlik is deur enige ander vorm van kommunikasie;
- die voorsiening van gepaste leierskap wat veral in vinnig veranderde gemeenskappe belangrik is; en
- die stimulering tot ondersoek, analise en die vind van oplossings vir maatskaplike, ekonomiese en politieke probleme deur die groep sêlf, in plaas van deur "kenners".

Die studie oor sosioteater as benadering in maatskaplike werk het heel onlangs onder die aandag van ondersoeker gekom. Dit word derhalwe aanbeveel dat die senior vakkundige personeel van die Kerk se welsynsdienste 'n studie daarvan sal maak ten einde te bepaal in watter mate dit tot die maatskaplikewerk-dienslewering geïntegreer kan word.

Die gebruik van sosioteater as benadering in die maatskaplike werkpraktyk moet egter met die grootste omsigtigheid gebruik word om te verhoed dat dit, veral in konserwatiewe gemeenskappe, aanstoot gee.
Die benadering kan dus eers op 'n proefbasis met skoolgaande kinders getoets word terwyl dit gemeenskappe voorberei om dit te aanvaar.

Daar is duidelike ooreenkomste en raakpunte tussen die doelstellings van die dramabenadering en gemeenskapsontwikkeling daarom moet weë gevind word om die benadering aan te wend in die bekamping van gemeenskapsarmoede.

### 3.3 Welsynstruktuur

### 3.3.1 Plaaslike Vlak

#### 3.3.1.1 Gemeenskapsbetrokkenheid

Ondersoeker het tot die gevolgtrekking gekom dat die swak verteenwoordiging en gebrekkige betrokkenheid wat by die meeste plaaslike Diakonale Dienste gevind word deur hulself veroorsaak is. Lede van 'n gemeenskap sal nie maklik betrokke raak by 'n diensorganisasie wie se dienste onbekend

is en wat hom nie werklik met die gemeenskap **identifiseer** nie. Uit die ondersoek het dit geblyk dat die organisasie nie genoeg **na die gemeenskap beweeg** nie, wat meebring dat lede van die gemeenskap nie maklik naderkom en betrokke raak nie. Die aantyging dat die organisasie nie aan die **behoeftes** van die gemeenskap **voldoen** nie is 'n verdere bewys dat daar 'n **gaping** tussen die organisasie en die gemeenskappe, waarbinne hy hom bevind, voorkom. Dit mag die hele gemeenskapsontwikkelingsproses benadeel en die bekamping van gemeenskapsarmoede affekteer.

### 3.3.1.2 Skakeling met ander Kerkgenootskappe

Die **swak skakeling en samewerking** met ander kerkgenootskappe by die werksaamhede van plaaslike Diakonale Dienste-takke, soos blyk uit die ondersoek, hou verband met die feit dat die **dienste onbekend** is en dat die organisasie **nie genoeg** na die gemeenskap **beweeg nie.**
Kerkgenootskappe sal alleen betrokke raak indien hulle **inspraak** kan kry by die hele diensleweringsaksie. Dit beteken dat 'n **vertrouensverhouding** met ander kerkleiers en lede van ander kerke geskep moet word, om hulle direk te **betrek** by die **bepaling van behoeftes** en hulle bewus te maak van hulle **verantwoordelikheid** by die oplossing van gemeenskapsprobleme en in die **voorsiening van behoeftes.** Dit kom daarop neer dat die ander kerkgenootskappe in die vroegste stadium betrek moet word by die gemeenskapsontwikkelingsproses en inspraak kry by projekte.

### 3.3.1.3 Betrokkenheid van Ander Sisteme

Die feit dat daar 'n hele aantal aksiesisteme by die verskillende gemeenskapsontwikkelingsprojekte van Diakonale Dienste-takke betrokke is, toon duidelik dat geen welsynsorganisasie in isolasie kan werk nie. Indien 'n welsynsorganisasie op sy eie wil werk of op 'n paternalistiese wyse sy doelstellings en werkswyse op 'n gemeenskap wil afdwing, sal sy pogings om verandering tot stand te bring nie baie suksesvol wees nie. In die meeste gemeenskappe is daar aksiesisteme wat formeel, vrywillig en spontaan bedrywig is soos bv huisvroue- en sportklubs. Dië aksiesisteme is belangrike hulpbronne in die gemeenskapsontwikkelingsproses. In 'n projek wat daarop gemik is om gemeenskapsarmoede te bekamp, behoort die aksiesisteme geïdentifiseer te word om te bepaal in watter mate 'n betrokke aksiesisteem vir betrokke projekte van waarde kan wees.

### 3.3.1.4 'n Groter Gemeenskapsverteenwoordigende Struktuur

Uit die ondersoek het geblyk dat by die meeste plaaslike Diakonale Dienste-takke swak gemeenskapsverteenwoordiging en gebrekkige betrokkenheid

voorkom. Daar is ook voorgestel dat meer sisteme in die gemeenskap op direkte wyse betrek moet word by die werksaamhede van plaaslike Diakonale Dienste-takke. Hierop word in hoofstuk 9, Seksie B (onderstaande) wat oor aanbevelings handel, ingegaan.

Die welsynsdienste van die NG Sendingkerk is nie voldoende gemeenskapsverteenwoordigend nie. Solank as dié toedrag van sake voortduur en aksiesisteme nie by die dienste betrek word nie, sal 'n benadering wat gemeenskapsontwikkelingsgerig is nie slaag nie.

### 3.3.2 Sinodale Vlak

#### 3.3.2.1 Die Welsynstruktuur van die Kerk op Sinodale Vlak

Die huidige welsynstruktuur van die NG Sendingkerk is nie genoegsaam gemeenskapsontwikkelingsgerig nie. Die struktuur is te kerkgerig en fokus meer op individue en gesinne (met ander woorde gevallewerkgerig). Die bestuur word oorheers deur predikante. Indien die Kerk 'n gemeenskapsontwikkelingsbenadering wil volg, om sodoende gemeenskapsarmoede aan te spreek, sal daar 'n wysiging binne die struktuur moet kom.

#### 3.3.2.2 Skakeling met ander Instellings op Sinodale Vlak

Net so belangrik en noodsaaklik as wat dit is dat aksiesisteme op die plaaslike vlak by die werksaamhede van die plaaslike Diakonale Dienste-tak betrek moet word, net so nodig is dit dat die Kerk se nasionale welsynsliggaam (Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste) nie in isolasie sal funksioneer nie, maar samewerking met ander sistem soek.

In die breë gemeenskap is daar talle aksiesisteme wat dieselfde of soortgelyke doelstellings op welsyns- en ander terreine het. Aangesien gemeenskapsontwikkeling 'n omvattende strategie is en die ontwikkeling van die gemeenskap ten doel het deur die aktivering van alle moontlike instellings in die gemeenskap, sal die Kerk beslis nouer skakeling met dié instellings moet soek.

Die voorstelle wat deur maatskaplike werkers tydens die ondersoek gedoen is ten opsigte van die welsynstruktuur van die Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste ontvang nader aandag in die volgende hoofstuk.

## SAMEVATTING

Die bevindings van die opname en die gevolgtrekking wat daaruit voortvloei, toon duidelik dat die maatskaplike werkers wat huidiglik in diens van die Kerk is geen of 'n baie beperkte opleiding in gemeenskapswerk ontvang het. Die relatiewe gebrek aan kennis van gemeenskaps-

werk kan ernstige implikasies vir die Kerk se welsynsdienste inhou, veral as dit meer gemeenskapsontwikkelingsgerig wil werk. Die Minnie Hofmeyr-Kollege, as opleidingsinrigting en hoof-voedingsbron van maatskaplike werkers vir die Kerk, sal beslis rekening moet hou met die Kerk se benadering ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling wanneer maatskaplike werkers opgelei word. Tans word baie beperkte tyd in die leerplanne aan gemeenskapswerk bestee.

Uit die ondersoek word dit verder duidelik dat die Kerk se huidige dienslewering oorwegend gevallewerkgerig is. Indien die probleem van armoede suksesvol bekamp moet word, is 'n benadering nodig wat op alle vlakke van die gemeenskapslewe kan ingryp en dit in sy totaliteit benader. In gevalle waar gemeenskapswerk wil beoefen word, is die gemeenskap ook nie volledig betrokke nie. Die huidige welsynstruktuur laat ook nie genoegsame ruimte vir groter verteenwoordiging en betrokkenheid van die gemeenskap nie.

In die laaste hoofstuk sal daar meer bepaald aandag gegee word aan die gevolgtrekking van die studie as geheel wat opgevolg word deur aanbevelings en 'n finale oorsig.

---oOo---

AFDELING D

HOOFSTUK 9

# GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS EN FINALE OORSIG

In hierdie hoofstuk word die gevolgtrekkings waartoe geraak is op grond van die bevindings uiteengesit. Hierdie gevolgtrekkings is op die studie as geheel gebaseer en die bevindings van die individuele dele van die studie word saamgevat. Dit word opgevolg met enkele aanbevelings wat uit die bevindings en gevolgtrekkings voortspruit, en 'n finale oorsig wat die verhandeling voltooi.

## 1. GEVOLGTREKKINGS

Die literatuurstudie veral laat blyk dat armoede nie alleen veeldimensioneel van aard is nie, maar fundamenteel 'n relatiewe toestand is waarin 'n persoon of groep verkeer vanweë 'n gebrek aan voldoende inkomste. Dit het tot gevolg dat daar nie in basiese behoeftes voorsien kan word nie. Samelewingstrukture kan vir 'n proses van verarming verantwoordelik wees, veral wanneer dit mense van noodsaaklike lewensbronne ontneem. Die proses van verarming word in baie gevalle van een geslag na 'n ander oorgedra.

Die toestand van armoede moet nie alleen beoordeel word in die lig van gebrekkige inkomste nie, maar hou ook verband met die hoeveelheid en kwaliteit van gemeenskapsgeriewe en dienste. Waar die geriewe en dienste ontoereikend is, word almal wat in die bepaalde gemeenskap woon as arm beskou en nie alleen diegene wat onder die "broodlyn" leef nie.

Daar is inderdaad 'n groot persentasie in die Kleurlinggemeenskap wat in armoede verkeer. Die toestand hou verband met 'n proses van verarming wat reeds ver terug strek in die Suid-Afrikaanse geskiedenis en wat van die een geslag na die ander oorgedra is (verwys hoofstuk 3). Samelewingstrukture wat grootliks teen "gekleurdes" gediskrimineer het en hulle van basiese politieke en ekonomiese regte ontneem of weerhou het, kan grootliks verantwoordelik gehou word vir die proses van verarming wat oor die jare ontwikkel het. Dit het veral die groep verhinder om regstreeks politieke verteenwoordiging te verkry, wat hom gestrem het om op ekonomiese gebied te beding. Dit het ook tot gevolg gehad dat daar van owerheidsweë 'n relatiewe lae peil van openbare besteding ten opsigte van die Kleurling gedoen is. Die toestand van armoede wat van geslag tot geslag bly voortbestaan het, het die Kleurling haas op elke lewensterrein geraak.

Soos bereken word, verkeer tussen 50% en 60% in die gemeenskap in armoede. Dit hou verband met opvallende ontoereikendheid van geriewe en dienste. Daar kan dus met reg beweer word dat die Kleurling in gemeenskapsarmoede verkeer. Die gevolgtrekking word bevestig (in hoofstuk 4) met die bevindings wat gemaak is ten opsigte van die aard en omvang van gebrekkige gemeenskapsfasiliteite en dienste asook die betekenisvolle invloed wat dit op die armoedetoestand het. Armoede onder die Kleurlinge in Suid-Afrika toon duidelike ooreenkomste met armoede wat in die Derde-wêreld voorkom. Dus kan gesê word dat ons binne die Kleurlinggemeenskap, ten opsigte van die probleem van armoede, met 'n Derde-wêreldsituasie te make het.

Hierdie toestand van armoede kan toegeskryf word aan 'n wisselwerking van ongunstige omstandighede wat sedertdien deur 'n interne proses van sosialisering voortgeplant en bestendig is. Wat eersgenoemde betref, is daar bepaalde historiese, politieke en ekonomiese faktore wat 'n wesenlike bydrae gelewer het tot die probleem van armoede (vergelyk hoofstuk 3). Dit is duidelik dat die nadelige posisie van die Kleurling in die verlede en die hede primêre gehandhaaf is deur die gedrag van bevoorregte Blankes en die werking van 'n ekonomiese en politieke stelsel. Die gedrag van die Blankes was deurgaans daarop ingestel om hul bevoorregte posisie te beveilig en met dié doel voor oë het hulle gesorg dat die politiek stelsel en kapitalistiese ekonomiese stelsel deur hulle gekontroleer is. Dit het daartoe gelei dat die Blanke sy eie posisie verskans het wat 'n regverdige verdeling van mag, bronne en geleenthede belemmer het. Die Kleurling was deur die jare verhinder om volledig deel te neem aan die politieke en ekonomiese lewe in die land en het dus 'n baie geringe sê gehad in die besluitnemingsproses.

Mense wat so lank in die omstandighede van armoede verkeer, het dus 'n lewenstyl- en houding (armoedementaliteit) aangeneem wat in 'n groot mate afwyk van die gewone middelstand. Bogenoemde bevindings lei tot die gevolgtrekking dat die armoedetoestand van die Kleurlinggemeenskap grootliks uitgeskakel kan word indien daar 'n ingrypende verandering in die land voorkom. In dié proses sal 'n beter verdeling van sosiale en ekonomiese bronne vir die Kleurling bewerkstellig kan word.

Die omvang van die verskynsels wat met gemeenskapsarmoede in die Kleurlinggemeenskap geïdentifiseer is (vergelyk hoofstuk 4 punt 5), het verreikende negatiewe implikasies vir die groep. Ontoereikende

en swak behuising, wat een van die knellendste probleme is, lei byvoorbeeld nie alleen tot oorbewoning en fisiese ongerief nie, maar veroorsaak ernstige gesondheidsprobleme en tas die sielkundige en emosionele eenheid van gesinne aan. Die groot verskeidenheid van gesondheids- en siektetoestande waarmee die groep te make het, hang ten nouste saam met hulle swak sosio-ekonomiese toestand. Die groot verskeidenheid van maatskaplike probleme en gedragsafwykings wat binne die gemeenskap voorkom, kan derhalwe nie bloot aan persoonlikheidsfaktore toegeskryf word nie, maar hou verband met sosio-ekonomiese omstandighede. (Soos reeds in die studie gemeld, moet egter nie vergeet word dat 'n aansienlike minderheid van die Kleurlinge nie arm is nie).

Die omvang van die probleem van armoede in die Kleurlinggemeenskap raak feitlik alle sisteme in die gemeenskap negatief. Die probleem het dus nie alleen ongunstige implikasies vir hulle wat daarin vasgevang is nie, maar het 'n wyer trefkrag. Ten einde die probleem te kan aanpak, word 'n omvattende strategie benodig waar alle sisteme in die samelewing betrek kan word.

Volgens die kritiese beoordeling wat gemaak is van die NG Sendingkerk se maatskaplikewerk-dienste (hoofstuk 5) en op grond van die opname wat onder maatskaplike werkers van die Kerk gemaak is (hoofstuk 8), is bevind dat die huidige dienste gemeenskapsarmoede nie effektief kan bekamp nie. Tot dié bevinding is gekom op grond van die feit dat die huidige opleiding van maatskaplike werkers en hulle dienslewering binne die bestaande struktuur grootliks konsentreer op individuele gevalle en gesinne. Daar word oorwegend toegespits op gevallewerk en (in 'n mindere mate) op groepwerk. Die huidige struktuur waarbinne maatskaplike dienste gelewer word, is duidelik té kerkgerig. Die struktuur maak nie genoeg voorsiening vir groter gemeenskapsbetrokkenheid en verteenwoordiging nie. Belangrike instansies soos ander kerke, kultuurorganisasies en opvoedkundige instellings behoort meer direk betrek te word.

As aanvaar word dat die gemeenskap wat deur die Kerk bedien word in gemeenskapsarmoede verkeer, het die Kerk 'n strategie nodig wat nie alleen konsentreer op individuele gevalle en gesinne nie, maar veral sal fokus op die totale gemeenskap. In besonder waar gebrekkige inkomste en ontoereikende gemeenskapsdienste en geriewe bestaan is veral 'n meer omvattende benadering nodig. Die benadering (of strategie) moet nie alleen groter gemeenskapsbetrokkenheid en verteenwoordiging moont-

lik maak nie, maar ook aandag gee aan die opleiding en toerusting van maatskaplike werkers om die strategie te kan gebruik in die dienslewering. Die aanvaarde teorie en bevinding van die beroep maatskaplike werk (hoofstukke 6 en 7) is dat die huidige dienste alleen armoede en aanverwante probleme kan aanspreek as die gemeenskap gehelp word om sy eie kragte en potensiaal te ontdek, te ontwikkel en te benut. Hy moet aktief betrokke wees by die voorkoming en uitskakeling van probleme en by sy eie maatskaplike ontwikkeling. Gemeenskapsontwikkeling binne 'n maatskaplikewerk-perspektief kan besonder bruikbaar, nuttig en waardevol vir die Kerk wees om gemeenskapsarmoede te voorkom en te bekamp. Die maatskaplikewerk-beroep is nie die enigste wat met die ontwikkeling van gemeenskappe te doen het nie. Naas maatskaplike werkers is daar ook landboukundiges, gesondheidswerkers, opvoedkundiges en ekonome wat grootliks bydraes maak. Die beroep maatskaplike werk is egter in die gelukkige posisie dat dit op dieselfde filosofie berus as gemeenskapsontwikkeling en dat dit veral baie nou aansluiting vind by gemeenskapswerk -- een van die drie metodes in maatskaplike werk. Albei verloop altyd binne die raamwerk van 'n gemeenskap en het ten doel om verandering tot stand te bring en 'n beweging aan die gang te sit waarby mense se dade sowel as emosies betrokke sal wees ten einde verandering en ontwikkeling te bewerkstellig.

Gemeenskapsontwikkeling impliseer naas maatskaplike ontwikkeling ook ekonomiese en politieke ontwikkeling.

Ondersoeker kan die gevolgtrekking nie vermy dat die armoede van die Kleurlinggemeenskap nie alleen op maatskaplike gebied aangespreek moet word nie, maar ook op politieke en ekonomiese gebied aangepak moet word. Soos vroeër aangedui, kan die armoedeprobleem by 'n groot deel van die Kleurlingbevolking toegeskryf word aan 'n interne proses van sosialisering, maar veral ook aan ongunstige omstandighede soos die verhindering om volledig deel te neem aan die politieke en ekonomiese lewe in die land. Gemeenskapsontwikkeling is 'n omvattende strategie wat hom ten doel stel om maatskaplike, ekonomiese en politieke ontwikkeling te bewerkstellig. Dit maak gesamentlike aksies, funksies en pogings moontlik sodat 'n gemeenskap op eie inisiatief in hul eie behoeftes kan voorsien. Dié benadering kan hom baie goed daartoe leen om gemeenskapsarmoede, wat talle sisteme in die Kleurlinggemeenskap se maatskaplike funksionering negatief raak, aan te spreek.

Gemeenskapswerk vind baie noue aansluiting by gemeenskapsontwikkeling,

veral omdat albei die probleem-oplossende proses in die praktyk toepas. Die literatuurstudie het bevestig dat gemeenskapswerk (as 'n erkende metode in maatskaplike werk) hom uitstekend leen om binne die omvangryke konsep van gemeenskapsontwikkeling 'n rol te speel (sien hoofstuk 7). Soos aangetoon in die bespreking van die rol van die maatskaplike werker in gemeenskapsontwikkeling (met sy verskillende fases binne die probleem-oplossende proses) kan die gemeenskap volledig betrek word by die identifisering van die probleem en die behandeling daarvan. Binne die hele proses vervul die maatskaplike werker bepaalde rolle waardeur die gemeenskap ondersteun, gelei en geaktiveer word met die doel om (i) maatskaplike probleme uit te skakel en te voorkom, (ii) kragte en potensiaal te ontdek en (iii) dit aan te wend ten einde maatskaplike ontwikkeling te bevorder. Dus kan die maatskaplike werker deur middel van gemeenskapswerk mense help om probleme op te los en om maatskaplike behoeftes te bevredig. Dit vind deur middel van 'n proses plaas deur die kragte en bronne binne gemeenskap te integreer en te koördineer. Gemeenskapsontwikkeling behoort multi-dissiplinêr te wees, maar maatskaplike werkers kan inderdaad van die benadering gebruik maak. Dit sal bepaald uitdagings aan hulle stel, maar ook die moontlikhede skep om die probleem van armoede, wat volgens aanduidings honderde duisende persone en gesinne raak, aan te spreek.

## 2. AANBEVELINGS

Soos in die doel van die ondersoek aangetoon, is met die studie gepoog om te bewys dat gemeenskapsontwikkeling binne 'n maatskaplikewerk-perspektief hom goed leen vir die bekamping en behandeling van gemeenskapsarmoede. Die studie is onderneem teen die agtergrond van die NG Sendingkerk se huidige maatskaplikewerk-dienste wat grootliks op gevallewerk toegespits is en volgens ondersoeker nie effektief genoeg is om die probleem van armoede suksesvol te bekamp nie. Die aanbevelings sal in 'n groot mate rekening wil hou met die huidige welsynsdienste van die Kerk. Ondersoeker is egter van oordeel dat die studie ook behoort ag te slaan op welsynsorganisasies en ander instellings wat daarby baat kan vind. Die aanbevelings sal eers van 'n algemene aard wees, waarna dit spesifiek op die Kerk gerig sal word.

### 2.1 Algemene Aanbevelings

2.1.1 Dit word aanbeveel dat gemeenskapsontwikkeling as omvattende strategie deur welsynsorganisasies wat in gemeenskappe werk

waar gemeenskapsarmoede voorkom, erken, aanvaar en gebruik word en dat dit op alle toepaslike terreine (maatskaplike, ekonomiese, politieke en opvoedkundige) geïmplementeer word.

2.1.2 Inrigtings wat maatskaplike werkers oplei om in gemeenskappe te gaan werk waar gemeenskapsarmoede voorkom, behoort voldoende aandag te wy aan die ontwikkelingstaak van die maatskaplike werker. Dit sal veral nodig wees dat studente sal kennis bekom oor relevante vakdissiplines en interdissiplinêre samewerking binne die gemeenskapsontwikkelingsproses. Welsynsorganisasies behoort verder die behoeftes van die praktyk ten opsigte van die rol wat die maatskaplike werker kan speel en die eise wat aan die beroep gestel word, onder die aandag van die opleidingsinrigtings te bring, sodat die opleiding dienooreenkomstig aangepas kan word.

2.1.3 Waar meer as een welsynsorganisasie in 'n gemeenskap met ontwikkelingsprogramme besig is, moet koördinasie en samewerking bewerkstellig word om te verhoed dat bronne en dienste versnipper en die gemeenskap verwar word. Hier word bepaald aan die BOP gedink wat met projekte begin het sonder welsynsorganisasies, wat dikwels reeds jare in die gemeenskap gewerk het, te erken of hul samewerking te soek. Samewerking en koördinering is 'n belangrike vereiste waar meer as een organisasie met gemeenskapsontwikkeling binne 'n bepaalde gemeenskap hulle besiggehou. Daar behoort nouer skakeling tussen privaat welsynsorganisasies en staatsdepartemente te wees veral op plaaslike vlak waar ontwikkelingsprogramme geïnisieer word.

2.1.4 Die rol wat die maatskaplike werker binne die gemeenskapsontwikkelingsproses speel, moet op 'n wetenskaplike en professionele wyse vervul word. In hierdie verband geld die volgende aanbevelings:

(i) Die proses benodig as basis 'n deeglike wetenskaplike ondersoek na die probleem en behoeftes in die gemeenskap. In die ondersoek word eerstens met skakelpersone, wat belangrike meningvormers is, kontak gemaak. Aangesien gemeenskapsarmoede die totale gemeenskap affekteer, is dit belangrik dat die mense reeds van die begin direk betrokke moet wees by die bepaling van behoeftes

en die omvang van die probleem. Dit maak die gemeenskap bewus van die dimensies van armoede en gee hom 'n besef van sy verantwoordelikheid om aan die probleem te werk.

(ii) Die ondersoek moet aandag skenk aan die sosio-ekonomiese vlak van die gemeenskap ten einde die bronne (mense en materiële bronne) te bepaal.

(iii) Opleiding in die vorm van leierskapontwikkeling en die ontwikkeling van bestuursvaardighede moet aandag kry ten einde mense in staat te stel om hulself te help.

(iv) Die toewysing van take tydens die beplanningsfase is belangrik omdat dit alle sisteme in staat stel om duidelikheid te bekom oor hulle onderskeie verantwoordelikhede.

**2.2 Aanbevelings ten opsigte van die Kerk se Welsynsdienste**

**2.2.1 Gemeenskapsontwikkeling as Benadering in die Kerk se Welsynsdienste**

As aanvaar word dat die meerderheid van die kliënte van die Kerk se maatskaplikewerk-dienste arm is, is dit duidelik dat die Kerk 'n nuwe strategie moet daarstel wat op die totale gemeenskap kan fokus. Die strategie moet voorsiening maak vir groter gemeenskapsbetrokkenheid en verteenwoordiging. Dit word dus aanbeveel dat die Kerk gemeenskapsontwikkeling as omvattende strategie binne sy welsynsdienste sal gebruik. Dit sal egter tot gevolg hê dat aanpassings ten opsigte van die Kerk se struktuur en die opleiding en toerusting van maatskaplike werkers gemaak moet word.

**2.2.2 Welsynstruktuur van die Kerk**

Ten opsigte van die struktuur, word aanbeveel dat dit so aangepas word dat die gemeenskapsontwikkeling as nuwe benadering gebruik kan word. Dit beteken dat die struktuur op plaaslike sowel as op sinodale vlak voorsiening moet maak vir groter gemeenskapsbetrokkenheid en verteenwoordiging. Die werksaamhede van die Kerk se welsynsdienste sal beter bekendgestel moet word aan die breë publiek. Vir dié doel kan 'n skakelpersoon of reklamekomitee gebruik word om die werksaamhede beter bekend te stel en die sisteme in die gemeenskap te oorreed om in te skakel. Instansies soos kerkgenootskappe, plaaslike owerhede, sakemanne en industrieë kultuur- en sportorganisasies en opvoedkundige instellings behoort betrek te word.

Die huidige grondwet van die Kerk se welsynsdienste sal aangepas moet word sodat genoemde instansie volle inspraak kan bekom. Voorts word aanbeveel dat die huidige naam Diakonale Dienste vervang moet word met 'n meer neutrale naam soos bv Gemeenskapsdienste of Gemeenskapswelsynsdienste. Dit sal nie alleen meer beskrywend wees vir die dienslewering van die organisasie nie, maar sal ook die stigma (wat daaraan mag kleef) van 'n diens wat net vir 'n bepaalde Kerk bedoel is, verwyder. Die doel van hierdie aanbeveling is nie bloot om groter gemeenskapsbetrokkenheid te bevorder nie, dit kan ook bydra dat mense in bepaalde gemeenskappe groter verantwoordelikheid kry by die oplossing van gemeenskapsprobleme wat hulle in staat stel om 'n sterker greep op hulle eie toekoms te kry. Dit bevorder nie alleen menslike ontwikkeling nie, maar dra ook by tot maatskaplike stabiliteit.

Aangesien dit uit die ondersoek duidelik geword het dat die huidige sinodale struktuur van Diakonale Dienste nie genoegsaam gemeenskapsontwikkelingsgerig is nie, word aanbeveel dat 'n studie gemaak word met die oog op skakeling met instansies wat reeds betrokke is by die bekamping van gemeenskapsarmoede. Dit kan koördinasie van die aksies bevorder en samewerking daarstel. In die voorgestelde studie moet met die volgende instellings skakeling gesoek word; Kerkgenootskappe (Westelike Provinsie Raad van Kerke; welsynsorganisasies van die Rooms-Katolieke, Anglikaans en Apostoliese Geloofsending); Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn; welsynsorganisasies met soortgelyke doelstellings; akademiese instellings; ander opleidingsinrigtings vir maatskaplike werkers; Departement van Onderwys en Kultuur; Kaaplandse Professionele Onderwysunie (KPO); Landelike Stigting en Landbouverenigings; Behuisingsbonde; die Stedelike Stigting; Sakekamers; Industrieë en Vakbondunies.

'n Struktuur sal nodig wees wat genoemde instellings almal kan betrek om saam met die Kerk 'n omvattende strategie daar te stel.

**2.2.3 Die Maatskaplike Werkers in Diens van die Kerk**

**2.2.3.1 Werwing van Manlike Maatskaplike Werkers**

Gemeenskapswerk met sy abnormale werksure stel hoë eise aan getroude vroulike maatskaplike werkers met gesinne. Aangesien daar tans 'n groot tekort aan manlike maatskaplike werkers is wat makliker sou kon aanpas by die eise wat gemeenskapswerk stel, word aanbeveel dat die Kerk, in noue skakeling met die Minnie

Hofmeyr-Kollege, manlike maatskaplikewerk-studente probeer werf.

Die Kerk behoort 'n werwingsveldtog te stimuleer deur bv studiebeurse en/of lenings aan manlike studente beskikbaar te stel en aantreklike salarisse te betaal. Terselfdertyd behoort pogings verskerp te word om manlike maatskaplike werkers, wat in gemeenskapsontwikkeling belangstel, aan te stel.

2.2.3.2 **Opleiding en Toerusting van Maatskaplike Werkers**

Aangesien die Minnie Hofmeyr-Kollege die hoof-voedingsbron van werkers vir die Kerk se maatskaplikewerk-dienste is, word aanbeveel dat daar 'n duidelike kommunikasiekanaal geskep word tussen die Kerk, as toekomstige werkgewer, en die Kollege as opleidingsinrigting.

Die inrigting sal moet kennis dra van die Kerk se benadering, beleid en doelstellings ten opsigte van die gebruik van gemeenskapsontwikkeling as metode in die bekamping van armoede. Die kursus en opleiding van maatskaplike werkers sal by die nuwe benadering van die Kerk se welsynsdienslewering moet aanpas. Die maatskaplike werkers wat opgelei word, moet in die behoeftes van die Kerk se dienslewering kan voorsien.

Dit word verder aanbeveel dat die Minnie Hofmeyr-Kollege met UNISA, UWK en UK sal onderhandel met die doel om sy huidige opleidingskwalifikasies na 'n Baccalaureus graad te verhoog. As een van hierdie universiteite sal meewerk, sal voornemende studente in staat gestel word om nā voltooiing van 'n B-graad in maatskaplike werk hul kwalifikasies te verhoog by 'n universiteit wat nagraadse opleiding aanbied. Onderhandeling met UK oor die Honneurskursus moet weer ondersoek en gerealiseer word. Die algemene akademiese kwalifikasies van maatskaplike werkers in diens van die Kerk sal dus verhoog word. Dit is veral belangrik met die oog op vulling van seniorposte soos diē van supervisors.

Aangesien 'n groot aantal maatskaplike werkers in diens van die Kerk geen of 'n beperkte opleiding in gemeenskapswerk ontvang het, word aanbeveel dat die Kerk se supervisiedienste, in oorleg met opleidingsinrigtings vir maatskaplike

werkers, 'n hernuwingskursus in gemeenskapswerk sal opstel. Die kursus moet ten doel hê die uitbreiding van die kennis en vaardigheid van die bepaalde maatskaplike werkers. Die Kerk sal nie daarin slaag om gemeenskapsontwikkeling as nuwe strategie te kan gebruik indien sy vakkundige personeel nie voldoende toegerus is om dit in die praktyk toe te pas nie. Die kursus kan deur middel van simposia op nasionale of streeksvlak aangebied word en personeel van universiteite behoort genader te word om behulpsaam te wees.

Indiensopleidingsprogramme en supervisie aan maatskaplike werkers moet gekoördineerd wees met die kursusse in gemeenskapswerk (soos hierbo aanbeveel). Supervisors behoort direk betrek te word ten einde leiding te gee in die toepassing van die teorie van gemeenskapsontwikkeling in die praktyk. Die dienslewering sal dus wegbeweeg van gevallewerk na 'n benadering waarby die gemeenskap betrek word om aan armoede en aanverwante maatskaplike probleme te werk.

Supervisors sal baie duideliker leiding aan maatskaplike werkers in hul areas moet gee ten opsigte van vakliteratuur wat gebruik kan word om selfontwikkeling te stimuleer. Dosente in maatskaplike werk by opleidingsinrigtings kan betrek word om behulpsaam te wees met die keuse van vakliteratuur. Die plaaslike Diakonale Dienste-takke behoort betrek te word by die aankoop van vakliteratuur vir indiensopleidingsprogramme.

## 3. FINALE OORSIG

'n Studie van dië aard stel hom bloot aan kritiek uit die Kerk omdat mense in die Kerk verskillende beskouinge huldig ten opsigte van die Kerk se rol en funksie. Selfs vandag is daar mense wat oortuig is dat die geestelike ontwikkeling van die lede van die Kerk die primêre funksie van die kerk is. Die Kerk moet hom volgens hulle net besighou met sy geestelike taak. Dit is nie die Kerk se taak om hom met die "wêreldse" besig te hou nie, maar moet hom liewers weerhou van sosiaal-politieke aangeleenthede. Sodra die Kerk hom op dië terrein begewe, sou hy van sy oorspronklike taak afwyk en betree hy die terrein van die filantroop en adem die gees van liberalisme wat eintlik die gesag

van die Heilige Skrif verwerp. Dié konserwatiewe beskouing in die Kerk verontagsaam die sosiaal-politieke werklikheid.

Hierteenoor het in die jongste verlede 'n ander meer "liberale" beskouing oor die rol van die Kerk te voorskyn gekom. Voorstanders van dié beskouing huldig die mening dat dit veral die verantwoordelikheid van die Kerk is om sosiaal-polities betrokke te wees in die wêreld. Die beskouing hou hom veral besig met sosiaal-maatskaplike teenstellings soos armoede en rykdom, gelyke besteding en bevryding uit onderdrukkende strukture.

Skrywer is egter van mening dat die Kerk beide die rolle soos hierbo uiteengesit, in die gemeenskap moet vervul. Die funksie en rol van die Kerk wat verband hou met die verhouding tussen God en mens en tussen mens en medemens, vorm deel van die wesenstaak van die Kerk van Jesus Christus. Die Kerk is diensbaar teenoor die Opperwese, maar het terselfdertyd 'n uiters belangrike verantwoordelikheid teenoor God se mense in die wêreld. Die oorsprong van die Kerk se taak is geleë in die Heilige Skrif. In gehoorsaamheid aan die Skrif en na die voorbeeld van Christus, moet die Kerk hom dus ontferm oor die geestelike sowel as die tydelike nood van sy medemens. Christus het naas Sy lerende arbeid, Hom grootliks aan hulpverlening gewy. Hy spysig hongeres, genees blindes, dowes en fisiese gestremdes en identifiseer Hom met die armes en onderdruktes in die gemeenskap. Daar is dus genoeg Skriftuurlike gronde dat die Kerk 'n taak en roeping het teenoor die totale mens, sy geestelike en tydelike behoeftes. Die Kerk mag nooit slegs besorg wees oor die mens se gees nie, maar het ook 'n taak ten opsigte van sy liggaam. Die Kerk behoort hom dus besig te hou met die geestelike, maatskaplike, ekonomiese en politieke ontwikkeling van die gemeenskap.

Met hierdie ondersoek is gepoog om aan te toon watter rol die N G Sendingkerk deur sy welsynsdienste kan vervul in die ontwikkeling van 'n gemeenskap wat vasgeknel is in 'n greep van armoede, 'n maatskaplike verskynsel wat die totale mens wat daarin verkeer, raak. Die menswaardigheid van die slagoffers van armoede word deur die toestand geaffekteer.

Met die ondersoek is gepoog om aan te toon hoedat die Kerk, deur middel van gemeenskapsontwikkeling binne 'n maatskaplikewerk-perspektief met die hoop op sukses, armoede en aanverwante maatskaplike probleme kan bekamp en uitskakel.

Soos reeds aangedui, is daar sommige wat nie graag sou wou hê dat die Kerk tot so 'n breë terrein moet toetree nie. Skrywer se daaglikse kontakte met gemeenskappe wat die kerk moet dien, toon egter onteenseglik dat die huidige politieke en maatskaplike bedeling nie hierdie gemeenskappe in staat stel om in hulle menslike behoeftes te voorsien nie. Veral die jong geslag is vinnig besig om die Kerk te verlaat en die rede hiervoor is (ten dele ten minste) die toenemende vervreemding wat deur hulle minderwaardige posisie in die samelewing veroorsaak word. As die Kerk nie betrokke raak nie, wie sal die taak aanpak? Van regeringsweë, soos veral in Hoofstuk 6 uitgewys, kan kwalik iets konstruktief verwag word. Stel die Kerk belang in die uitbou van Christelike deugde en geestelike waardes, kan hy nie anders as om die wydkringende taak, wat voor die hand lê, aan te durf nie.

---o0o---

# BIBLIOGRAFIE

## BOEKE


Aron, R
1965 Main Currents in Sociological Thought. Penguin Books, Middelsex, Engeland.

Boëseken, A
1952 Drie Eeue: Die Verhaal van Ons Vaderland. Nasionale Boekhandel, Kaapstad.

Botha, DP
1960 Die Opkoms van Ons Derde Stand. Human en Rosseau, Kaapstad.

Brandt, W.
1980 North and South. A program of Survival Independent Commission of International Development. MIT Press, Cambridge (Mass).

Bromley, R and Gerry, C
1979 Casual Work and Poverty in Third World Cities. John Wiley and Sons, Toronto.

Carry, LJ
1976 Community Development as a Process. Columbia University of Missouri Press.

Cilliers, SP
1963 The Coloureds of South Africa. A Factual Study. Banier Publishers, Cape Town.

Coates, K and Silburn, R
1970 Poverty: The Forgotten Englishman. Penguin Books, Harmondsworth, Middlesex.

Coertze, PJ
1982 Die Afrikanervolk en die Kleurling. HAUM, Pretoria.

Coetzee, JH
1942 Verarming en Oorheersing. (Tweede Druk.) Nasionale Pers, Kaapstad.

Compton, BR and Galaway, B
1975 Social Work Processes. The Dorsey Press, Homewood, Illinois.

Cox, FM; Elrich, JH;
Rothman, J and Tropman, J
1977 Tactics and Techniques of Community Practice. Peacock Itasca Illinois.

Definiërende Woordeboek vir Maatskaplike Werk
1984 Staatsdrukkers, Pretoria.

De Santa, A (Ed)
1982 Towards a Church of The Poor. World Council of Churches, Geneva.

Dickie-Clark, HF
1966 The Marginal Situation: A Sociological Study of a Coloured Group. Routledge and Kegan Paul, London.

Du Plessis, PH
1970 Inleiding tot die Teorie van Gemeenskapsontwikkeling. Benso, Pretoria.

Du Toit, JB; Steyn, AF
en Rip, C
1965 Afwykende Gedrag: 'n Studie van Enkele Maatskaplike Probleme. (Tweede Uitgawe.) Nasionale Opvoedkundige Uitgewers, Kaapstad.

Elphick, R and Giliomee, H
1979 The Shaping of South Africa 1652 - 1820. Longman Penguin, South Africa, Cape Town.

Ferman, LA; Kornbluh, JL
and Harper, A
1966 Poverty in America. A Book of Readings. University of Michigan Press.

Ferrinho, H
1980 Towards a Theory of Community Development. Juta, Cape Town.

Ferrinho, H
1981 — Towards a Theory of Community Social Work. Juta, Cape Town.

Gillen, JL
1970 — Social Pathology. Appleton, New York and London.

Gillis, JL
1965 — Psychiatric Disturbance and Alcoholism in Coloured People of the Cape Peninsula. Groote Schuur Hospital and University of Cape Town Research.

NG Sendingkerk in Suid-Afrika
1956 — Gedenkskrif 1881 - 1956 Driekwart-Eeufees. Nasionale Boekhandel Elsiesrivier, Kaapstad.

Harper, EB and Dunham A
1966 — Community Organization Action. Praeger Publishers, New York.

Harrison, P
1979 — Inside the Third World. The Anatomy of Poverty. Harvester Press. London.

Heese, HF
1984 — Groep sonder Grense: (Die rol en status van die gemengde bevolking aan die Kaap 1652 - 1795). Wes-Kaaplandse Instituut vir Historiese Navorsing, Universiteit Wes-Kaapland, Bellville, Kaapstad.

Helm, B
1962 — Social Work in a South African City. Board of Sociological Research, University of Cape Town. Cape and Transvaal Printers, Cape Town.

Hugo, EAK; Schoeman, JH en Engelbrecht, JFP
1980 Gemeenskapswerk. Heer Drukkers, Pretoria.

Keller, M
1968 A Dictionary of Words about Alcohol. Rutgers Centre of Alcohol Studies, New Brunswich.

Kinghorn, J (Red)
1986 Die NG Kerk en Apartheid. MacMillan Suid-Afrika, Johannesburg.

Kriel, CJ
1963 Die Geskiedenis van die NG Sendingkerk in in Suid-Afrika (1881 - 1956). Paarlse Drukpers, Paarl.

Kriel, CJ
1981 Die Eerste Eeu: Die Geskiedenis van die NG Sendingkerk. Nasionale Boekhandel, Goodwood, Kaapstad.

Lategan, E
1982 Gemeenskapsontwikkeling deur Maatskaplike Werk. Akademika Uitgewers. Kaapstad.

Lauffer, A
1978 Social Planning at Community Level. Prentice-Hall, New Jersey.

Lewis, O
1973 "The Culture of Poverty" To See Ourselves. Anthropology and Modern Social Issues. Thomas Weaver (Edit), Scott Foresman, Glenview.

Lombaard, JA
1978 Freedom, Welfare and Order. Benko, Pretoria.

Louw, JA
1978 Die Inisiëring van Werkklasjeugdiges in Drankgebruik. Instituut van Sosiale Ontwikkeling. Universiteit van Wes-Kaapland.

Lund, FJ and Van Harte, EL
1980 Community Work for Development and Change. Institute for Social Development, University of the Western Cape, Bellville.

MacMillan, WM
1927 The Cape Coloured People 1652 - 1937. Witwatersrand University Press, Johannesburg.

Merton, R and Nisbet, R
1971 Contemporary Social Problems. Third Edition. Harcourt Brace Jovanovich, New York.

Midgley, J
1981 Professionale Imperialism: Social work in the Third World. Heineman Educational Books, London.

Moynihan, DP
1969 On Understanding Poverty. Perspectives From the Social Sciences. Basic Books Inc. Publishers, New York.

Orcutt, B
1974 Poverty and Social Casework Services. The Scarecrow Press, New York.

Oster, SM
1978 Definition and Measurement of Poverty. Volume 1 Westview Press, Boulder, Colorado.

Patterson, S
1963 — Colour and Culture in South Africa: A Study of the Status of the Cape Coloured People within the Social Structure of the Union of South Africa. Routledge and Kegan Paul, London.

Pietersen, J (Red)
1975 — Maatskaplike Werk - Algemene Inleiding. Academica, Pretoria.

Perlman, R and Guvin, A
1972 — Social Work Practice, Model and Methods. Peacock Publishers, Inc. Illinois.

Rip, CM
1966 — The Alcoholic and the Group. Academica, Pretoria.

Rip, CM
1970 — Contemporary Social Pathology. Academica, Pretoria.

Roux, AS
1956 — Alkoholisme: Enkele Sosiologiese en Psigologiese Implikasies. Van Schaik, Pretoria.

Sen, A
1982 — Poverty and Famines. An Essay on Entitlement and Deprivation. Claredon Press, Oxford.

Schiller, B
1980 — Economics of Poverty and Discrimination. Third Edition, Prentice Hall Inc Englewood.

Sills, DL
1968 International Encyclopedia of Social Science. Vol. 15. The MacMillan Company, New York.

Skiereilandse Sendingraad van NG Kerk
1930 Sending aan die Voet van Tafelberg. 1930 Nasionale Drukpers, Elsiesrivier, Kaapstad.

Sonn, F
1986 A Decade of Struggle. A Selection of Speeches. Clyson Printers, Maitland, Cape Town.

Spergel, IA
1969 Community Problem Solving. The Delinquency Example. The University of Chicago Press, Chicago and London.

Spiron, M
1975 Introduction of Social Work Practice. MacMillan Publishers, Inc. New York.

Suid-Afrika
1985 Republiek van Suid-Afrika. Amptelike Jaarboek van die RSA 1985. Chris van Rensburg Uitgewers, Johannesburg.

Terreblanche, S
1977 Gemeenskapsarmoede. Perspektief op Chroniese Armoede in die Kleurlinggemeenskap na Aanleiding van die Erika Theron-Verslag. Tafelberg, Kaapstad.

Theal, GM
1902 The Beginning of South African History I. Maskew Miller, Cape Town.

Theal, GM
1915 History of South Africa since 1795, I and II. Allen and Unwin, London.

Theron, E en Swart, MJ
1964 Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika. Universiteit Uitgewers en Boekhandel, Stellenbosch.

Townsend, P
1973 The Social Minority. Allen Lane, London.

Townsend, P
1977 The Concept of Poverty. Heineman Educational Books, London.

Van Regenmortel, PJ and Van Harte, EL
1977 Family Planning in the Greater Cape Town Area: A Background Study. Institute for Social Development, University of the Western Cape, Bellville.

Van der Ross, RE
1973 The Political and Social History of The Cape Coloured 1880 - 1970. Part 2 and 3, University of The Western Cape, Bellville.

Van der Ross, RE
1986 The Rise and Decline of Apartheid. A Study of Political Movements among the Coloured People of South Africa 1880 - 1985. Tafelberg Publishers, Cape Town.

Wilczynski, J
1981 An Encyclopedia Dictionary of Marxism, Socialism and Communism. MacMillan Press, London.

Wilkes, R
1981 Social Work with Undervalued Groups. Tavistock Publications. London and New York.

TYDSKRIF-ARTIKELS

Du Toit, JB
1977 Armoede as Subkultuur. **Maatskaplike Werk/ Social Work.** Jaargang 13, no. 1 pp. 32 - 39.

Duvenga, APC
1975 Die Christelike Godsdienstige Benadering van Alkoholisme. **Rehabilitasie in Suid-Afrika.** 19 (2) pp. 10 - 13.

Dunham, A
1960 The Outlook of Community Development. An International Symposium. International Review of Community Development. Volume 5. pp. 33 - 35.

Griffiths, H
1974 The Aim and Objective of Community Development. **Community Development Journal.** Vol. 9, no. 2, pp. 88-95.

Higgins, JB
1979 Die Veroorsaking en Ontwikkeling van Alkoholisme. **Volkswelsyn en Pensioen.** 14(1) pp.1-4

Hugo, EAK
1984 Community Work as an Integral Part of Community Development. **Social Work/ Maatskaplike Werk.** Vol. 20 Nr. 4, pp. 206-215.

Kotze, GJ
1983

Die Plaaswerker van Wes-Kaapland. **Maatskaplike Werk/Social work.** Jaargang 19 nr. 1 pp. 10 - 23.

Kotze, FG
1985

Problems and Potentialities of using Associated Work in Community Organization. **Social Work/Maatskaplike werk.** Vol. 21 nr. 1. pp. 32-35

McGrath, M
1984

Global Poverty in the South Africa Economy. **Social Dynamics.** Vol 10, nr 2. pp 38-48

Pavia, JFX
1977

A Conception of Social Development. **Social Service Review.** Chicago, Chicago University Press.

Pieterse, FP
1970

The Role of the Social Worker in the Treatment of Alcoholism. **Social Welfare and Pensions.** Vol. 5(2).

Rothman, J
1964

An Analysis of Goals and Roles in Community Organization Practice. **Social Work.** 9:2 pp. 23-31.

Rothman, J
1968

Three Models of Community Organization. **Social Work Practice.** pp. 16-47.

Wilson, F
1984

South African Poverty: Major Issues. **Social Dynamics.** Vol. 10, No. 2 pp. 61-69.

## ONGEPUBLISEERDE PROEFSKRIFTE


Beets, HM
1983 — Die Diakonale Taak van die Gemeentes in die NG Sendingkerk in Suid-Afrika. Ongepubliseerde M Th Tesis, Universiteit van Stellenbosch.

Eloff, SJ
1973 — Alkoholisme en die Bestryding daarvan in die RSA met Besondere Verwysing na die Aandeel van die Kerk. Ongepubliseerde D.Phil Tesis Universiteit van Oranje-Vrystaat.

Ferrinho, H
1975 — Community Development as an Agent of Social Change in Underdeveloped Rural Societies. Unpublished D.Phil Thesis, University of Pretoria.

Kellerman
1976 — Pre-statutêre Behandeling van Alkoholiste en Dwelmafhanklikheid. Ongepubliseerde D.Phil Tesis, Universiteit van Pretoria.

Lategan, E
1982 — Die Bydrae van Maatskaplike Werk tot Gemeenskapsontwikkeling met Verwysing na Gemeenskapswerk in die Kaapse Skiereiland. Ongepubliseerde D.Phil Tesis, Universiteit van Stellenbosch.

Louw, L
1983 — The Anatomy of Underdevelopment: Implications for Social Work Training in South-Africa. Unpublished M.Soc. Science Thesis. University of Cape Town.

Pick, SG
1982

Die Rol van die Maatskaplike werker ten Opsigte van die Gebruik van die Geïntegreerde Benadering in die Behandeling van die Probleemdrinker. Ongepubliseerde MA Maatskaplike Werk Tesis, Universiteit van Stellenbosch.

Schoombie, JC
1976

'n Pastoraal-Psigologiese Studie van 'n Groep Inrigtingsversorgde Ongehude Moeders. Ongepubliseerde MA Tesis, Universiteit Van Pretoria.

Schoeman, JH

Die Taak van Gemeenskapswerk in 'n Swarten Stedelike Gebied. Ongepubliseerde D.Phil Tesis, Universiteit van Pretoria.

Van Huysteen, MB
1987

Sosio-teater as 'n Benadering in Maatskaplike Werk: 'n Teoretiese Uiteensetting en Praktiese Toepassing. Ongepubliseerde D Phil Tesis, Universiteit van Wes-Kaapland.

NAVORSINGSVERSLAE

Batson, E
1941

The Poverty Datum Line. Social Survey of Cape Town. Report No. 55.3.

Batson, E
1941

Poverty among Coloured Homes. Social Survey of Cape Town. Report No. 55.4 Inquiry and Development in Southern Africa.

Batson, E
1942 A Contribution to the Study of Urban Coloured Poverty. Race Relations Vol. IX, No. 1

Budlender, D
1985 A Critique of the Poverty Datum Line. South-Africa Labour and Development Research Unit. Saldru Working Paper, No. 63.

Dister, P and Olver, C
1984 Some Diseases Associated with Poverty. Carnegie Conference Paper No. 295, Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in South-Africa, Cape Town.

Edward, L
1984 Area Study of Cape Town: Profile of Phillipi. Carnegie Conference, Paper No. 10 (c), Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in Southern Africa.

Ellis, GFR
1984 The Dimensions of Poverty. Carnegie Conference, Paper No. 4. Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in Southern Africa.

Fredericks, S and Van Zyl Smith, D
1984 Criminological Statistics. Institute of Criminology. University of Cape Town.

Gentle, R
1984 Crime and Poverty. Carnegie Conference Paper No. 93. Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in Southern Africa.

Groenewald, J
1985 Loonplek van Plaaswerkers. Ongepubliseer. Departement van Sosiologie, Universiteit van Stellenbosch.

Jansen, P; Du Plooy, A and Esau, F
1984 Area Study of Cape Town, Elsiesrivier. Carnegie Conference Paper No. 10(c), Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in Southern Africa.

Jordaan, P
1978 'n Oorsig van die Drankmark in Suid-Afrika. Ongepubliseerde Artikel van KWV, Paarl.

Naidoo, W and Dreyer, W
1984 Area Study of Cape Town, Vrygrond and Lavender Hill. Carnegie Conference Paper No. 10 (b), Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in Southern Africa.

Olver, CG
Poverty, Health and Health Care in South-Africa. Carnegie Conference Paper No. 166. Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in Southern Africa.

Randall, P (Ed)
1972 Power, Privilege and Poverty. Report of Economics Commission of the Study Project on Christianity in Apartheid Society, Sprocas Publication No. 7, Johannesburg.

Slabbert, M
1980 Repetitive Cycles: Analysis of Socialisation and Institutional Patterns and Discussion of Crime Prevention, Intervention and Diversion Strategies. Second Edition. Institute of Criminology, University of Cape Town.

Yosslowitz, J
1984 A Study of Poverty among the "Coloured" Community: A General Analysis and a Case Study of Worcester. Carnegie Conference Paper No. 32. Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in Southern Africa.

REFERATE

Boesak, AA
1983 A Christian Response to the Constitutional Proposal. Unpublished, Cape Town.

Calitz, E
1980 Alkoholgebruik in die Suid-Afrikaanse Gemeenskap. Referaat gelewer Maart 1980, Staanvas, Pretoria.

Fortuin, CJ
1978 Alkoholisme: 'n Gemeenskapsbenadering. Versameling referate gelewer tydens 'n kursus aangebied deur die Instituut vir Sosiale Ontwikkeling, Universiteit van Wes-Kaapland.

Schoeman, JH
1984 Bevolkingsontwikkelingsprogram binne die Raamwerk van die Streeksontwikkelingstrategie. Ongepubliseerd, Kaapstad.

Suid-Afrikaanse Welsynsraad
en Dept. Gesondheidsdienste
en Welsyn
1983 Gemeenskapsontwikkeling in die Welsynswêreld 31 Augustus - 2 September 1983. Pretoria.

Van der Heever, R
1986 KPO as Gelouterde Vereniging. Ongepubliseerde referaat gelewer vir Skakelbeamptes 6 Maart 1986.

Vergotine, ARF
1986 Die Problematiek rondom Druiping en Hoë Uitsaksyfer. KPO Streekskongres 1 Maart 1986.

## REGERINGS- EN ANDER VERSLAE

Departement van Binnelandse
Aangeleenthede.
1985 Jaarverslag. Republiek van Suid-Afrika (RP 38/1985)

Streeksontwikkelings-
advieskomitee
1982 Agtergrond, Doel en Funksie van die Streeksontwikkelingskomitee - Publikasie van Dept. Staatkundige Ontwikkeling.

Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurling
1938 Verslag. Staatsdrukker, Pretoria. UG no. 54.

Kommissie van Ondersoek na Aangeleenthede Rakende die Kleurlingbevolkingsgroep.
1976 Verslag. Staatsdrukker, Pretoria. RP 38/1976.

Wetenskaplike Komitee van die Presidentsraad oor Demografiese Tendense in Suid-Afrika
1982 Verslag. Pretoria. PR 1/1983.

Hoofkomitee van die RGN. Ondersoek na Onderwysvoorsiening in die RSA.
1981 RGN Pretoria.

Independent Commission on International Development. Issues. North and South : A Program for Survival.
1980 (Willy Brandt, Chairman.) Cambridge, Massachusetts, The MIT Press.

KERKLIKE VERSLAE EN DOKUMENTE

Sinode van die NG Sendingkerk Handelinge van die Sinode
1946
1954
1958
1966
1970
1974
1978
1982
1986

Skiereilandse Sendingraad van die NG Kerk
Notule van 13 Februarie 1959

Welsynskommissie van die NG Sendingkerk
Notule van 5 Februarie 1959

Dagbestuur van die Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste
Notule van Samespreking met Minister FW De Klerk 12 Maart 1984.

Moderatuur van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika
Memorandum insake Geldelike Skade aan Kerke vir Verlies gely as gevolg van Verskuiwings onder die Wet op Groepsgebiede. Aangebied aan Minister van Gemeenskapsbou 1958.

RIGLYNE VIR 'n ONDERHOUD MET MAATSKAPLIKE WERKERS BY DIE DIAKONALE DIENSTE VAN DIE N G SENDINGKERK IN WES-KAAP

## 1. PROFIEL VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER

1.1 NAAM VAN MAATSKAPLIKE WERKER: ..........................................

1.2 GESLAG: Manlik [ ] Vroulik [ ]

1.3 NAAM VAN DIAKONALE DIENS-TAK: ..........................................

1.4 AKADEMIESE AGTERGROND:

1.4.1 Opleidingsinrigting waar u u studies voltooi het:

* Minnie Hofmeyr Kollege [ ]
* Huguenote Kollege [ ]
* Universiteit van Wes-Kaap [ ]
* Universiteit van Kaapstad [ ]
* Ander Universiteite [ ]

1.4.2 Wat was die basiese akademiese kwalifikasie wat u behaal het? (bv. Dipl. M/W; B.A.; B.A. Hon.; B. Soc. Sc; B. Soc. Sc. Hon.):

..........................................................................

1.4.3 Jaar waarin u bogemelde kwalifikasie behaal het:

..........................................................................

1.4.4 Wat was die omvang (of inhoud) van die Kursus in gemeenskapswerk aan die opleidingsinrigting waar u u studies voltooi het?

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

1.4.5 Watter verhoogde kwalifikasies (indien enige) het u na voltooiing van u studies as maatskaplike werker behaal?

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

2.2 GROEPWERK:

2.2.1 Aantal groepe ..................

2.2.2 Aantal groepwerksessies per week ..................

2.2.3 Watter proporsie van tyd word maandeliks aan groepwerk bestee? ..................

2.2.4 Noem die tipe groep wat u hanteer (bv. alkoholiste, bejaardes, tieners):

..........................................................................

..........................................................................

2.3 GEMEENSKAPSONTWIKKELING/GEMEENSKAPSWERK:

2.3.1 Aantal Gemeenskapsontwikkelingsprojekte onder aandag: ..................

2.3.2 Noem die projekte en dui die aard aan:

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

2.3.3 Watter proporsie van tyd word maandeliks aan gemeenskapsontwikkelingsprojekte bestee? ..................

2.3.4 Evaluering van die proses in Gemeenskapsontwikkeling:

2.3.4.1 Identifisering van Gemeenskapsbehoeftes:

2.3.4.1.1 Indien u gebruik maak van informele kontak, wat is die resultaat?

..........................................................................

..........................................................................

2.3.4.1.2 Indien u gebruik maak van sleutelpersone (soos predikante, onderwysers en gemeenskapsleiers) watter samewerking verkry u?

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

/...

1.4.8 Hoe lank is u in u huidige pos?

0 - 6 maande ☐

7 - 12 maande ☐

Meer as 1 jaar, maar minder as 3 ☐

3 - 6 jaar ☐

7 - 10 jaar ☐

Meer as 10 jaar ☐

1.4.9 Gee 'n kort oorsig van die inhoud en omvang van enige simposium of Kursus in gemeenskapswerk/gemeenskapsontwikkeling wat u na afloop van Universiteits- of Kollegejare voltooi het.

.....................................................................................

.....................................................................................

.....................................................................................

.....................................................................................

.....................................................................................

1.4.10 Omlyn die omvang en inhoud van enige indiensopleiding/supervisie oor gemeenskapsontwikkeling/gemeenskapswerk wat u ontvang:

.....................................................................................

.....................................................................................

1.4.11 Watter vakliteratuur (indien enige) gebruik u om u selfontwikkeling ten opsigte van gemeenskapswerk/gemeenskapsontwikkeling te stimuleer?

.....................................................................................

.....................................................................................

## 2. MAATSKAPLIKEWERK-DIENS

2.1 GEVALLEWERK:

2.1.1 Gevallelading (gemiddelde aantal per jaar) .................

2.1.2 Watter proporsie van u tyd word maandeliks aan gevallewerk bestee (insluitend onderhoudvoering, skryf van verslae, ens.? .................

2.1.3 Watter verband sien u tussen die voorkoms van armoede in die gemeenskap en die tipe gevalle wat u behandel?

.....................................................................................

.....................................................................................

/...

2.3.4.1.3 Hoe betrek u die gemeenskap by die bepaling van sy behoeftes?

..............................................................................

..............................................................................

..............................................................................

..............................................................................

..............................................................................

2.3.4.1.4 Indien u 'n gemeenskapsprofiel opgestel het, gee 'n voorbeeld.

..............................................................................

2.3.4.2 Verteenwoordiging uit die Gemeenskap:

2.3.4.2.1 Is daar 'n aksiegroep in die gemeenskap aangestel? .................

2.3.4.2.2 Wat doen u om die lede van die aksiegroep die geleentheid tot ontwikkeling te gee?

..............................................................................

..............................................................................

..............................................................................

2.3.4.2.3 Hoe verteenwoordigend is die groepe wat in die gemeenskap betrokke is, by ontwikkelingsprojekte?

..............................................................................

..............................................................................

..............................................................................

2.3.4.2.4 Hoe skakel die verskillende groepe in by die breë struktuur van die Diakonale Diens-tak waar u werksaam is?

..............................................................................

..............................................................................

..............................................................................

2.3.4.3 Beplanningsproses:

2.3.4.3.1 Hoe gaan u te werk om die probleme in die beplanningsproses te identifiseer en te definieer?

..............................................................................

..............................................................................

..............................................................................

..............................................................................

2.3.4.3.2 Waarop let u en die aksiegroepe tydens die beplanningsproses as u die positiewe en negatiewe faktore in die gemeenskap identifiseer? (bv. Positief: Leierspotensiaal, gemotiveerde gemeenskap, beskikbare bronne; Negatief: onvoldoende en gebrekkige strukture, swak samewerking van bestaande strukture).

....................................................................................

....................................................................................

....................................................................................

....................................................................................

....................................................................................

2.3.4.3.3 Watter belangrike aspekte neem u in aanmerking tydens die beplanningsproses in die bepaling van die doelstellings in gemeenskapsontwikkeling?

....................................................................................

....................................................................................

....................................................................................

....................................................................................

....................................................................................

2.3.4.3.4 Wat doen u om die gemeenskap gereed te maak om saam aan die probleem te werk?

....................................................................................

....................................................................................

....................................................................................

....................................................................................

....................................................................................

2.3.4.4 Implementering:

2.3.4.4.1 Indien daar volgens 'n tydskedule gewerk word tydens die implementering van die beplanning, watter faktore neem u in aanmerking as u volgens hierdie tydskedule werk?

....................................................................................

....................................................................................

....................................................................................

....................................................................................

....................................................................................

2.3.4.4.2 Hoe gaan u te werke in die toewysing van take aan diegene wat betrokke is by die projek?

/...

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

2.3.4.5 Evaluasie:

2.3.4.5.1 Van watter metode van verslagskrywing maak u gebruik?

..........................................................................

..........................................................................

2.3.4.5.2 Maak u van ander tegnieke van evaluering gebruik (bv. vraelyste, waarnemings, onderhoude, metingskale, ens.)?

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

2.3.4.6 Rolle van die Maatskaplike Werker:

2.3.4.6.1 Indien u van die volgende rolle beklee in die gemeenskapsontwikkelingsproses, wanneer gebruik u die rolle?

* Tussenganger: ..........................................................

..........................................................................

..........................................................................

* Instaatsteller: ........................................................

..........................................................................

..........................................................................

* Advokaat: ..............................................................

..........................................................................

..........................................................................

3. **WELSYNSTRUKTUUR:**

3.1 PLAASLIKE VLAK:

3.1.1 Hoe verteenwoordigend en betrokke is die gemeenskap by die werksaamhede van die tak in wie se diens u is?

/...

..............................................................

..............................................................

..............................................................

3.1.2 Indien die deelname en betrokkenheid swak is, waaraan word dit toegeskryf?

..............................................................

..............................................................

..............................................................

3.1.3 Hoe skakel die ander kerkgenootskappe in by die werksaamhede van u tak?

..............................................................

..............................................................

..............................................................

3.1.4 Indien ander aksiesisteme (uit ekonomiese, politieke, kulturele, godsdienstige, sport- en ontspanningsorganisasies) betrek word by u gemeenskapsontwikkelingsprojekte, gee besonderhede:

..............................................................

..............................................................

..............................................................

3.1.5 Watter struktuur sal u voorstel vir u tak om voorsiening te maak vir groter gemeenskapsbetrokkenheid en gemeenskapsverteenwoordiging?

..............................................................

..............................................................

..............................................................

..............................................................

..............................................................

3.2 SINODALE VLAK:

3.2.1 Aangesien gemeenskapsontwikkeling die heel breë spektrum van gemeenskapslewe omvat, meen u dat die huidige welsynstruktuur van die N G Sendingkerk genoegsaam gemeenskapsontwikkelingsgerig is?

..............................................................

..............................................................

..............................................................

..............................................................

..............................................................

/...

3.2.1.1 Met watter instellings in die gemeenskap (indien enige) behoort die Kerk nouer samewerking te soek?

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

*******************

15 AUG 1988